DIE GESKIEDENIS VAN DIE BURGERKOMMANDO'S IN DIE KAAPKOLONIE (1652 - 1878).

'n Proefskrif vir die Graad

Dr. Phil.,

aan die Universiteit van

Stellenbosch

deur

Pieter E. Roux M.A.

1946.

INLEIDING.

Sedert die jaar 1916 toe ek my Magister Artium met die proefskrif, „Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollandse-Oosindiese Kompanjie (1652 - 1795)", afgelê het, was dit nog altyd die begeerte van my hart om die kommandostelsel verder te bestudeer en af te rond, ten minste sover as wat dit die Kaapkolonie betref. Gedagtig aan die woorde van my onvergeetlike professor in geskiedenis, Dr. W. Blommaert, wat my vermaan het om tog nie op my louere te gaan rus nie, het ek in 1938 weer begin om navorsing te doen in verband met hierdie uiters belangrike en interessante onderwerp.

Die Skrywer maak nie daarop aanspraak dat hy die laaste woord oor hierdie onderwerp gesê het nie; daarvoor is die tydperk veels te lank en die taak te veeleisend, Graag sou ek sien dat skrywers, wat na my kom, op 'n meer intensiewe wyse onderdele van die burgerkommando's aanpak en grondig uitpluis. Met hierdie verhandeling het ek die rigting wat gevolg kan word duidelik probeer aandui.

Uit die aard van die saak kon ek nie anders nie as om die burgerkommando's telkens weer teen 'n agtergrond van 'n wisselende grenspolitiek in te messel. Dit mag soms vir die buitestaander non ad rem skyn, maar was onvermydelik as die draad van die saak bloot gelê moes word.

Dit was vir my nie uitvoerbaar om met die kronologiese volgorde van die geskiedenis te breek nie; ek het met 'n paar hoofstukke van hierdie prosedure los gekom maar origens kon dit nie gebeur nie.

Die feit dat vir die M.A. graad etlike hoofstukke aan die kommandostelsel gewy was het die taak vir my nie vergemaklik nie daar dit ongewens was om te veel van die ou stof weer hier in te voeg; daarom is die periode vóór 1795 nie op nuut in die Argief deurgesnuffel nie en het ek volstaan met 'n vlugtige oorsig daarvan wat as inleiding sou dien tot hierdie verdere ontplooiing.

Die argivalewerk het ook sy probleme gehad. Oor hierdie onderwerp het daar min of niks in druk verskyn nie; ook was daar geen leidraad om op te werk nie en moes die Skrywer baie rondval om iets oor die kommando's, te midde van die menigvuldige dokumente, te vind. In die jaar 1939, toe ek in die Kaapse Argief werksaam was, was die outoriteite aldaar juis besig met 'n nuwe indeling en nommer van die stukke met die gevolg dat die opstel van 'n bronnelys heelwat moeite en verwarring vir die Skrywer geskep het.

Ek wil my innige dank betuig aan Dr. Venter en sy vriendelike en hulpvaardige personeel van die Staatsargief te Kaapstad vir hulle bydrae tot die voltooiing van my taak. Ek dank ook Dr. Beyers van die Pretoria Argief met sy personeel vir hulle gewaardeerde hulp in die tyd toe ek daar gewerk het. Dan wil ek ook eindelik my promotor, Dr. J. A. Wiid, van die Stellenbosse Universiteit, baie dankie sê vir die welwillende raadgewings en hulpbetonings wat ek in al die jare van sy kant ondervind het.

DIE SKRYWER.

Villiersdorp.
30 Junie, 1945.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE BURGERKOMMANDO'S IN DIE KAAP-KOLONIE (1652 - 1879).

INHOUD.

Eerste Afdeling: Die Stryd teen die Boesmans.

Hoofstuk I: Boesmans en hulle gewoontes.

1. Die lae peil van ontwikkeling van die Boesman.
2. Die Boesman se roofsug.
3. Die Boesman op jag.
4. Die Boesman se vrou en kinders.
5. Die Boesman se wreedheid besôre vir hom baie vyande.
6. Die Boesman en sy wapens.
7. Die kraaltjies en hutte van die Boesman.
8. Die groot vernuf van die Boesman.
9. Die Boesman se stryd tot die dood.

Hoofstuk II: Blanke-uitbreiding word deur die militêre in die Binneland gerugsteun.

1. Die handels-beleid van die H.O.I.K. en veeboerdery.
2. Die Vryburgers word veeboere.
3. Die H.O.I.K. handhaaf sy handelsmonopolie.
4. Bewakingsposte in die binneland.
5. Die perd se waarde in die stryd teen die inboorlinge.
6. Die burgers maak self 'n plan om die Boesmans te bekamp.

Hoofstuk III: Die kommando-stelsel se geboorte en ontwikkeling

1. Regerings- of offisiële kommando's.
2. Die burgers was verplig hulleself te beskerm en stig hulle eie kommando's. (1715 - 1773).
3. Algemene of generale kommando's in die veld. (1774 - 1795).
4. Die behandeling van Boesman-vroue en -kinders deur die kommando's.
5. Klein of plaaslike kommando's wissel die algemene kommando's af.
6. Die burgers se wyse van storm van 'n Boesman vesting.

Hoofstuk IV: Die kommersiële beleid van die H.O.I.K. was nie bereken om die Boesman gevaar te verwyder nie.

1. Die onbeskermde toestand van die burgers.
2. Belonings vir dienste deur die burgers gelewer.
3. Onwillige burgers.
4. Kleurlinge as deel van die burger-kommando's.
5. Die ~~Segrosie~~ segregasie-idee word ingelei.

Hoofstuk V: Die kommando's en menslikwendheid wissel mekaar af in die stryd teen die Boesmans (1796 - 1836).

1. Afskeiding as oplossing ter hand geneem.
2. Vee word aan die Boesmans gegee.
3. Die uitdeel van snuisterye.
4. Wild-skiet vir die Boesmans.
5. Sendingwerk onder die Boesmans.
6. Behandeling van gevangenes.
7. Wat word van die gekweste Boesmans?

Hoofstuk VI: Die kommandostelsel in aksie teen die Boesmans (1796 - 1836).

1. Die regeringsbeleid bly hoofsaaklik menslikwend.
2. Die onmisbaarheid van die kommando in sy oorspronklike vorm.
3. Die van Ryneveld-kommando van 1829.
4. Die omvang van verliese deur die burgers gely.
5. Kommando-statistiek: dood, gewond, gevang.
6. Ammunisie - voorsiening.
7. Belonings vir dienste.
8. Weieraars en verlof van afwesigheid.

Hoofstuk VII: Die Afrikanerboer se stryd teen die Boesmans onder die soeklig.

1. Collins en Lichtenstein tree vir die burgers in die bres.
2. Dr. Philip en Bannister gésel die regering en burgers.
3. Howison, Stout en Reynolds belaster die burgers.
4. Stow, Bigge en Justus beweer dat die Boesmans uit hulle land verdrywe is.
5. Cole, Cory, Steadman, Stockenström, Lucas,

Napier e.a. neem die handskoen vir die Boer en sy kommandostelsel op.

Tweede Afdeling: Die stryd teen die Kaffers.

Hoofstuk VIII Boer en barbaar ontmoet mekaar op die Oosgrens.

1. Die noordwaartse beweging van die Boernasie.
2. Die suidwaartse stroom van die Bantoestamme.
3. Die Bantoe se konsepsie van besit-reg.
4. Kaffer-kommunisme.
5. Die Bantoe se begrip van diefstal en ander misdade.
6. Beeste-besit 'n teken van aristokrasie by die Bantoe.
7. Grond- en beeste-honger die oorsaak van die stryd teen die blankes.
8. Die kaffersoldaat en sy wapens.

Hoofstuk IX: Die Burgerkommando's in onguns tydens 'n vloedgolf van Filantropie. (1778 - 1795).

1. Die H.O.I.K. lê sy kafferbeleid neer in 1780.
2. Die eerste Engelse goewerneurs bestendig hierdie beleid.
3. Die filantrope bemoeilik die werk van die kommando's.
4. Die eerste botsings en algemene kommando's.
5. Onsimpatieke behandelinge van die grensboere werk opstande in die hand.

Hoofstuk X: Die Eerste Britse Bewind (1795 - 1803).

Die Stellenbosse kommando na die Frontiere in 1799.

1. Die rede vir Stellenbosch se optrek na die grense.
2. Mobilisasie van burgers en verskonings.
3. Die kommissariat van die Kommando.
4. Die kommando op reis. Klagtes.
5. Gebrek aan dissipline by lede van die kommando.
6. Demobilisasie van die kommando.
7. Ammunisie Reëlings.

Hoofstuk XI: Die Eerste Britse Bewind (1795 - 1803) vv. Verdere botsing met die Kaffers.

1. Die regering was verplig om weereens die toevlug te neem tot burgeroffisiere en algemene kommando's.

2. Kommandant-generaal Botha geniet nie die vertroue van die burgers nie.

3. Stellenbossers word nie vertrou nie.

4. Toestand op die grense vererger deur Maynier se optree.

5. Die burgers het die aantygings van die owerheid nie verdien nie.

Hoofstuk XII: Die burgerkommando's in die tyd van die Bataafse Interregnum aan die Kaap (1803 - 1806)

1. Die vryheidsidees beheers die politiek van die regeerders.

2. Militêre kommando's in hierdie tydperk.

3. Kommunikasie met die binneland.

4. Die Landsmilisia en 'n Hottentotkorps.

5. Veldkornette en hulle voorgangers.

Hoofstuk XIII: Burgerkommando's en die Vierde Kafferoorlog. (1807 - 1814).

1. Die Kafferbeleid van Caledon en Cradock.

2. Mobilisasie van die burgers.

3. Mobilisasie van voorrade.

4. Die veldtog, patrollies en wagposte.

5. Die burgers en die kommandostelsel bly hoog aangeskrywe.

6. Die Kommdandotaks word ingevoer in die plek van persoonlike diens.

Hoofstuk XIV: Burgerkommando's en die Vyfde Kafferoorlog. (1815 - 1820).

1. Lord Charles Somerset se Kafferbeleid.

2. Algemene mobilisasie van manskappe vir kommandodiens.

3. Die kommissariat van die kommando's.

4. Die veldtog en die aandeel wat die burgers daar aan geneem het.

5. Dissipline op kommando's.

Hoofstuk XV: Na 'n periode van weifeling en proefneming word die kommandostelsel andermaal deur goewerneur Cole in ere herstel. (1821 - 1833).

1. Dapper burgers word met ondank beloon.
2. Die instelling van 'n Kaffermark.
3. Die Bourke-stelsel.
4. Inmenging met kaffertwiste: Oorlog teen Fetcani e. a.
5. Makomo en ander kafferkapteins word uit die Nutrale Gebied verdryf.
6. Kommissaris-generaal Stockenström en patrollies.
7. Sir Lowry Cole herstel die kammandostelsel in sy beste vorm.

Hoofstuk XVI: Die kommando's tree weer op tydens die Sesde Kafferoorlog.

1. Die land gord hom andermaal aan tot die stryd.
2. Die burgermagte neem 'n leidende aandeel aan die stryd en oorlaai hulleself met roem.
3. Het die burgers Fingoe-kinders en kaffervee na hulle huise meegevoer?
4. Die mediese-korps en die kommando's.
5. Die vervoermiddels van die burgerkommando's.
6. Die laerstelsel as 'n vesting teen die vyand.
7. Sentrale veekrale deur Durban bepleit.

Hoofstuk XVII: Die afskaffing van die kommandostelsel en die vrees vir verpligte militêrediens een van die vernaamste oorsake van die Groot Trek.

1. Die burgers voel gegrief en verneder na die Sesde Kaffer oorlog.
2. Die kommandostelsel word nie langer geduld nie.
3. Durban wil die burgers nes soldate in die veld hou.
4. Die burgers antwoord op Durban se voorstelle.
5. Die burgeroffisiere dien die goewerneur met wenke hoe om die grens-moeilikhede op te los.
6. Britse militarisme laat die burgers wegtrek oor die Oranjerivier.

Hoofstuk XVIII: Die aandeel wat die Britse troepe en die Britse siviele bevolking aan die stryd teen die Kaffers geneem het (1795 - 1836).

1. Wat die troepe gedoen het tydens die Eerste Britse bewind.
2. Britse offisiere voer die hoogste gesag in

die stryd teen die Kaffers op die Oosgrens.

3. Wrywing tussen burger- en militêre bevelvoerders.

4. Het die Brits siviele bevolking ook aan die kommando's deelgeneem?

Hoofstuk XIX: Die aandeel wat die kleurling-elemente gehad het aan die stryd van die kommando's teen die inboorlinge van die land. (1795 - 1878).

1. Die Britte neem die beleid van die H.O.I.K. oor en gaan voort om kleurling-elemente te besig. (1795 - 1803).

2. Die Bataafse regering handhaaf die beleid om van Hottentotte vir militêrediens gebruik te maak.

3. Die Britse regering aan die Kaap sien ook die nut daarvan in om Hottentotte en Basters in die vuurlinie te stoot (1806 - 1836).

4. Hottentotte en Basters neem gereëld deel aan die burgerkommando's.

5. Kaffers word gewapen om teen Kaffers te veg.

Hoofstuk XX: Die Burgerkommando's in die Kaap-Kolonie loop dood op die Oosgrens (1836 - 1878).

1. Die Verdragstelsel van Stockenström en Glenelg word in die lewe geroep om die werk van die kommando's te verrig.

2. Kommandant-generaal Stockenström en die burgerkommando's tree op die voorgrond tydens die Sewende Kafferoorlog.

3. Sir George Cathcart probeer die kommandostelsel weer op die been bring (1852 - 1854).

4. Die laaste botsing met die Kaffers op die Oosgrens lei tot 'n hewige stryd tussen die militêre- en siviele-owerhede.

LITTERATUUR EN BRONNELYS.

I. ARGIVALE BRONNE:

A. ONGEDRUKTE

ARGIEF KAAPSTAD en

ARGIEF PRETORIA.

(a) Hollandse Oosindiese Kompanjie.

Rapporten der Commissarissen, 1657 - 1664.

Resolutien van Politieke Raad.

Bylagen en Generale Monsterrollen.

Notulen van Cabo Krygsraad.

Notulen van Burger Krygsraad, Stellenbosch.

Dagregister van Stellenbosch en Drakenstein.

Reglement, Ordre en Instructien, waarnaar de Burger Krygsraad van Stellenbosch zig sal hebben te gedragen, 1780.

Extract Resolutien, 1686 - 1800: 1759.

Uitgaande Brieven.

Inkomende Brieven.

Resolutien van Burger Krygsraad van Stellenbosch en Drakenstein.

Notulen van Burger Krygsraad van Graaffreinet in 1792.

Brieven en Papieren van A. Sluysken aan de Gecommiteerden, I.

Afschriften Rapporten enz. 1756 - 1788.

Attestatien, 1779, en Eedboeken.

Veldwagtmeesters Rapporten.

Kommando Papieren, 1776 - 1846, Stellenbosch.

Instructien.

Notulen en Bylagen van Krygsraad Vergadering Graaff-Reinet, 1789-1795.

Nota: Bovermelde rangskikking van bronne is volgens Argivale indeling van die jaar 1916 toe die Skrywer hom vir sy M.A. Graad voorberei het.

UNIVERSITEITS... 5 APR 1959 UNIVERSITY OF ST...

(b) Eerste Britse Okkupasie (B.O.)

B.O.	25.	Revolt at Swellendam.
"	26.	Disturbances in the Interior of the Colony. 1795 - 1802.
"	27-28.	Letters Received by Government from Graaff-Reinet in 1802.
"	32-34.	Miscellaneous Document (Memorials).
"	35-39.	Memorials (for land) mixed. 1795 - 1801.
"	40.	Letters Received from various Individuals. 1801 - 1802.
"	41.	Memorials.
"	43.	Memorials for Land.
"	44.	Memorials for Land.
"	49-55	Letters Despatched within the Colony 1796 - 1803.
"	60.	Proceedings of Landdrost and Heemraden of Stellenbosch. 1795 - 1802.
"	61-62	Original Placcaat Boek. 1795 - 1802.
"	63-64.	Proclamations. 1795 - 1803.
"	65.	Instructions to several Public Departments of Government 1796 - 1801.
"	77	Answers to Petitions Received 1799 - 1802.
"	78	Answers to Petitions Received 1800 - 1804.
"	86	Letters and Copies Received 1795 - 1804.

(c) Bataafse Republiek (B.R.)

B.R.	1-14.	Resolution.
"	33-74	Bylagen.
"	86	Kaapsch Rapport 1802.
"	87	Inkomende Brieven 1803.
"	88-92	Uitgaande Brieven 1803-1806.
"	93	Brieven van Gov. Janssens op zyn Landreizen ens. 1803.
"	114	Instructien 1802 - 1805.
"	116	Ordonnantie rakende het Bestuur der Buiten Districten enz.
"	117	Instructien voor den Raad van Politie; Raad van Justitie; Landdrosten; Heemraden; Veldcornets enz.

(d) Colonial Office (C.O.)

C.O.	1.	Letters Received at C.O. from Sec. of State (Despatches). Vol. 1298 - 1311; Duplicate Despatches Vol. 1904 - 1912.
"	2.	Letters Received from Governor Vol. 1611 - 1618.
"	4.	Letters Received from Parliament, Council of Advice and Legislative Council 1826 - 1840. Vol. 469, 527, 570, 623, 677, 897, 1800.
"	6.	Native Affairs & Emigrant Farmers etc. (1826 - 1846). Vol. 496, 535, 587, 617, 648, 1011, 1017.
"	7.	Eastern Province (Commissioner-General) 1828 - 1832 Vol. 586, 619, 647, 654, 686. Lieutenant Governor. 1836 - 1844. Vols. 825, 846, 862, 905, 1352 - 1355. Correspondence from Colonel H.G. Smith from Frontier. 1835 - 1836. Vols. 1597 - 1598.

C.O. 33. Military. 1807 - 1836. Vols. 14, 27, 403, 56, 72, 78, 83, 210, 224, 245, 704, 738, 761, 781.

" 36 A% Memorials 1811 - 1835. Vols. 84, 85, 103 - 107, 241 - 242, 772 - 776.

" 41, 43, 50, 59, 60, 62, 104, 107. Lett. Desp. & Miscellaneous volumes.

" 41. Enclosures to Lett. Desp. to officials in the colony. Dec. 1811 - Sept. 1813. Vol. 1434.

" 43. Country Districts. 6.3.26 - 5.2.27. Vol. 1493.

" 50. Military. 1.4.26 - 6.9.28. Vol. 1500.

" 59. Lieutenant Governor. 1.8.36 - 6.5.56. Vols. 1594 - 1596.

" 60. Frontier Letter Books 27.7.35. Vols. 1597 - 1598.

" 62. Summary Lett. Rec. by Governor while at Frontier & Governor's Instructions. 1835. Vol. 1600.

" 104. Moodie's Lists of Documents. Vol. 5873.

" 107. Proclamations. 1806 - 1825. Vols. 5897, 5898, 5899, 5900.

(e) Swellendam Argief. (S.W.)

Dagregisters: 10/3. Jan. 1810 - Des. 1812.
10/6. Jan. 1819 - Mei 1819.
10/7. Mei 1819 - Aug. 1822.
10/11. Bylae tot Register. Junie 1819 tot Maart 1825.

Inkomende Brieven:
11/5. Van Goew. & Sekr. Aug. 1795 - Nov. 1797.
11/6 Van Goew. & Sekr. Des. 1797 - 1801.
11/7 Van Goew. & Sekr. 1804 - 1814.
11/8 Koloniale Kantoor. 1815, 1826, 1835.
11/13 Van Gow. Huis 1820 - 1904.
11/35 Van Landdrost. 1764, 1789, 1808 - 1827.
11/36 Van Res. Mag. en CC. 1830 - 1846.
11/43 Van Veldkornette. 1802.

Gemengde Dokumente:
12/3 Kennisgewings & Plakkate. Sept. - Julie 1795.
12/5 Ekstrak Res. van Raad v. Justisie Jan. 1823 - Mei 1824.
12/89 Gemengde dokumente ens.

Uitgaande Briewe:
Van Landdros & Heemrade. Mei 1804 - Maart 1823. 14/2, 14/3, 14/4, 14/5, 14/6, 14/7, 16/32 (Mrt. 1828 - Aug. 1833).
16/33 (Sept. 1833 - Aug. 1841).

(f) Graaff Reinet Argief. (G.R.)

Minutes of Meetings 1786 - 1827.
1/1, 1/2, 1/3, 1/4.
Annexures to Minutes 1787 - 1827.
1/6, 1/7, 1/8.
1/9 (Minutes of Krygsraad & Annexures) 1787 - 1795.
Inkomende Brieven 8/1 (Lett. Rec.) 1785 - 1803.
8/2 (C.O.) 1811 - 1853.
8/3 (Lett. Rec.) 1804 - 1806, 1806 - 1825.

8/4 (Lett. from C.O.) 1806 - 1811.
Letters from C.O. 8/5, 8/6, 8/7, 8/8, 8/9, 8/10, 8/11, 8/12, 8/13, 8/14, 8/15, 8/16, 8/17, 8/18, 8/19, 8/20, 8/21, 8/22, 8/23, 8/24, 8/25, 8/26.
9/1 Lett. from Govt. Dept. A-N; Lett. from Govt. Dept. P-T; 9/3 Lett. from Res. Domm. Maynier; 9/4 Lett. from Comm. Genl. East. Prov. 1828 - 1830; 9/5 Lett. from Comm. Genl. 1828 - 30; 9/6 Lett. from Lieut. Gov. 1836 - 1855.

Military Papers: 1787 - 1850.
9/68 Lett. & other documents Rec. 1787 - 1850.
9/70 Lett. from Commanding Officers, Frontier, 1813 - 1814;
9/71 Lett. from Commanding Officers, 1817 - 1820.

Lett. Rec. from Landdrosts and Heemraden, Resident Magistrates and Civil Commissioners, 1813 - 1884.
11/2 tot 11/17 Beaufort, 1818 - 1842.
11/18 Colesberg, 1837 - 1884.
11/19 tot 11/22, 1819 - 1884.
11/25 George, 1816 - 1825.
11/26 Graaff Reinet, 1789 - 1867; 11/27 Grahamstad, 1827 - 1885;
11/29 - 11/30 Uitenhage 1804 - 120;
11/31 - 11/35 Landdrosts, C.C. & R.M., 1816 - 1884.

Letters and Reports from Field Cornets, Veldwagtmeesters, Veld Kommandants, and Private individuals 1781 - 1884.
12/1 - 12/16; 1781 - 1841; 12/18 - 12/20; 1835 - 1884.

Miscellaneous Documents 1786 - 1905:
14/116 Generale Monsterrolle 1804 - 1820;
14/108 Opgaaflysten, Recognitie en Boeten, 1823 - 1826; 14/85 Arms & Ammunition 1788 - 1905;
14/2 Extracts from Resolutions of Council of Policy, 1803 - 1805;
14/3 Ordinances, Placcaten and Instructions 1570 - 1798;
14/4 Publications, Notices and Warnings 1786 - 1819;
14/5 Publications, Notices and Warnings 1793 - 1855;
14/6 Bushmen and Kaffirs, Deprendation Lists and stock collected and distributed among Bushmen, 1793 - 1842;
14/11 Ordinances, Placaten and Instructions 1570 - 1798;

Letters Despatched by Landdrost and Secretary:
16/1 - 16/21; 1786 - 1827;
16/22 Lett. Desp. by R.M. 1828 - 1848;
16/24 Lett. Desp. by C.C. (1828 - 1902) 16/43 - 16/56; 1828 - 1848;

(g) Beaufort Wes Argief: (B.W.)

Letters Received from C.O.:
9/1 1818, 1820 - 1835;
9/24 Military, 1819 - 1882;
9/29 Landdros G.R. 1818, 1819;
9/37 C.C. en Res. Magistr. of G.R. (1834 - 1835);
9/39 Landdrosts 1819 - 1827;
9/40 C.C. en Res. Magr. 1828 - 1855;
9/45 Field Cornets 1819 - 1820;
9/51 Field Cornets 1830 - 1846.

(h) Stellenbosch Argief:

No. 22 - 39 Resolutien van Collegie van Landdrost en Heemraden - 1795 - 1820;
No. 81 - 106 Bylagen Heemraads Vergaderingen 1804 - 1827.
No. 136 - 139 Inkomende Brieven 1795 - 1801; 140 Eed van Getrouheid; 144 Aan den Landdrost 1802 - 1808;
No. 146 - 168 Inkomende Brieven Diverse 1804 - 1819;
No. 169 - 183 Inkomende Brieven 1819 - 1823;
No. 208 - 214 Uitgaande Brieven en Memorien 1796 - 1817;
No. 701 Krygsraad Resolutien 1793 - 1798;
No. 718 Papieren rakende het Generaal Opontbod ens. 1805;
No. 719 Diverse Rapp. en Br. aan Landdr. en H. 1780 - 1797;
No. 720 Diverse Burger Lysten 1731 - 1835;
No. 725 Diverse Instructien 1685 - 1811;
No. 726 Commando Papieren 1776 - 1846;
No. 729 Opgaaflysten 1806 - 1807;
No. 731 Geteekende Instructien voor de Veld-Cornetten ens. 1803, 1818, 1824, 1838;
No. 730 Veldcornets Brieven 1822 - 1825;
No. 733 Veld Wachtmeesters Rapporten 1733 - 1795;
No. 734 Rapporten van Veld-Kornetten enz. 1815;
No. 735 Veldkornets Lysten 1813;
No. 736 Lysten van Wykmeesters en Veldkornet voor 1819;
No. 737 Waterloo, Lyders, Veldkornets, Collectie Lysten 1816;
No. 738 Opgaaf Lysten Diverse Jaren;

(i) Worcester Argief:

1/1 - 1/6 Notule van Landdros en Heemrade 1804 - 1827.
1/15 - 1/18 Bylae tot Notule 1815 - 1822.
11/1 - 11/13 Inkomende Briewe 1805 - 1838.
12/4 - 12/28 Inkomende Brieven van Amtenare 1808 - 1836.
12/50 Ink. Br. van Adjunk Landdros, Clanwilliam & George, 1808 - 1815;
12/52 Ink. Br. van Adjunk Landdros, Clanwilliam, Jan. 1818 tot Des. 1819;
12/53 Van Landdros van St. Des. 1806 - Aug. 1814;
12/54 Van Landdros van G.R. Nov. 1806 - Junie 1814;
12/55 Van Landdros van Swellendam Mrt. 1808 - Mei 1814;
12/56 Van Landdroste Junie 1815 - Nov. 1818;
12/57 Van Landdroste 1819;
12/80 Inkomende Briewe Feb. 1833 - Des. 1934.
12/81 Inkomende Briewe. 1835.
13/4 - 13/5 Briewe ontvang van Veldkornette Jan. 1810-Des. 1811.
13/12 Briewe ontvang van Veldkornette Jan. 1818 - Des. 1819.
13/24 - 13/26 Briewe ontvang van Veldkornette 1833 - 1839.

Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissarisse

17/1 AanGoewerneur 1810 Feb. - 1814 Julie.
17/4 Aan Fiskaal, V.C. en private persone 1810 Jan. - 1815 Des.
17/5 Aan Veldkornet e.a. 1810 Feb. - 1838 Okt.
17/14
17/25 Br. aan Sekr. van Goew. en aan Kol. Kantoor 1833 Okt. - 1842 Des.
17/34 Uitg. Br. van Sekr. van Landdros en Heemrade 1812 Jul. - 1820 Jan.;

17/38 (met Register) Uitg. Br. van Res. Magistr. 1828 Jan. - 1836 Mei;
17/39 (met Register) Uitg. Br. van Res. Magistr. 1836 Mei - 1848 Nov.
Adjunk Landdros Worcester:
19/1 Notule van Adj. L & H. 1821 Mrt. - 1822 Aug;
19/3 Bylae tot Notule 1821 Mei - 1822 Julie.
19/10 Ink. Br. van Veldcornette 1821 Jan. - 1822 Sept.
19/12 Uitg. Br. 1819 Des. - 1822 Sept.

(j) Pretoria Argief:
1. Statutes of the Cape of Good Hope. 1652 - 1886. Vol. 1. Cape Town 1887.
2. Statute Law of the Cape of Good Hope comprising the Placcaats, Proclamations, and Ordinances. Vol. 1. Cape Town 1862.

LITTERATUUR EN BRONNELYS

I. ARGIVALE BRONNE.

B. GEDRUKTE

1. Cathcart Sir George K.B.B.
Correspondence of Lieut.-General the Hon. Sir George Cathcart, K.C.B. London, 1852.

2. Eybers, G.W.
„Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795 - 1910." Selected and edited with an introduction by G.W. Eybers, M.A. London, 1918.

3. Fairbridge C.A.
Cape Pamphlets Kafir War. 1846.

4. Leibbrandt A.C.V.
(Journals, Letters Received, Letters Despatched).
„Precis of the Archives of the Cape of Good Hope." Kaapstad 1897.

5. Ibidem.
„Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope, 1688 - 1700." Kaapstad, 1887.

6. Moodie D. Lieut. R. N.
The Record of a series of Official Papers etc. Part V. Cape Town 1838.

7. Preller Gustaf S.
Voortrekkermense, dele I tot IV. Kaapstad 1918.

8. Ibidem.
Dagboek van Louis Trichardt (1836 - 1838). Kaapstad, 1938.

9. Wetboek van den Oranjevrystaat 1891. Bloemfontein. 1892.

10. Memorandum of Commissary J.A. de Mist. Van Riebeeck Society, Cape Town. 1920.

11. The Reports of Chavonnes and his Council, and of van Imhoff on the Cape. Van Riebeeck Society, I, Cape Town. 1918.

II. LITTERATUUR.

1. Agar-Hamilton, J.A.I. M.A. B.Litt.
The Native Policy of the Voortrekkers etc.
1836 - 1858. Maskew Miller, Ltd. Cape Town.

2. Allaman, Klockner en Hop.
Nieuwste en beknopte beschryving van de Kaap der
Goede Hope, enz. Amsterdam. 1778.

3. Bannister S.
Humane Policy of Justice to the Aborigines etc.
London. 1830.

4. Backhouse James.
A narrative of a visit to the Mauritius and South
Africa. London. 1844.

5. Barrow John.
An account of the travels into the interior of
Southern Africa - the years 1797 and 1798. 2 Vols.
London 1806.

6. Bird W.W.
State of the Cape of Good Hope in 1822. London 1829.

7. Baynes C.R.
Notes and Reflections during a Ramble in the East etc.
London. 1843.

8. Brookes Edgar H. M.A. D.Litt.
The History of Native Policy in South Africa from 1830
to the Present Day. Nasionale Pers Cape Town. 1924.

9. Bunbury F.L.S. Charles J.F.
Journal of a Residence at the Cape of Good Hope; with
excursions into the interior etc. London. 1848.

10. Botha C. Graham.
The Dispersion of the Stock Farmer in Cape Colony.
in the Eighteenth Century. 1923.

11. Burchell W. J.
Travels in the Interior of Southern Africa, I and II,
London. 1822.

12. Bisset Major-General, C.B.
Sport and War. London. 1875.

13. Cunynhame General Sir Arthur Thurlow K.C.B.
My Command in South Africa. 1874 - 1878. London. 1880.

14. Cory G.E.
The rise of South Africa. In four volumes. London. 1910.

15. Campbell John.
Travels in South Africa. London. 1815.

16. Cana Frank R. F.R.G.S.
South Africa from the Great Trek to Union. London. 1909.

17. Cloete Hon. Henry L.L.D.
The History of the Great Trek etc. London. 1900.

18. Chase John Centilivres Esq.
The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa
Bay. London. 1843.

19. Cowper Rose.
Four Years in South Africa. London. 1829.

20. Du Plessis Kommandant J.D. Weilbach, en C.N.J. du Plessis.
Geschiedenis van de Emigranten - Boeren en van den Vryheidsoorlog. Kaapstad. 1882.

21. De Jong Cornelius.
Reize naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 - 1797. 3 Dele. Haarlem. 1802 - 1803.

22. De Herain Henri.
Etudes sur I' Afrique; Le Cap de Bonne Esperance au XVIIe Siecle. Parys. 1909.

23. Freeman Rev. J.J.
A Tour in South Africa with notices of Natal etc. London. 1857.

24. Fouche Leo.
Die Evolutie van die Trekboer. Nov. 1909.

25. Fawcett John.
Account of an Eighteen Months Residence at the Cape of Good Hope in 1835 - 6. Cape Town. 1836.

26. Gie S.F.N.
Geschiedenis van Zuid-Afrika, of ons verlede, Deel I tot 1795. Twede druk. Deel II, 1795 - 1928. Stellenbosch. 1928.

27. Harris Captain W.C.
Sketch of the Emigration of the Border Colonists. London. 1837.

28. Howison John.
European Colonies in various parts of the World etc. in two volumes. London. 1834.

29. Justus.
The Wrongs of the Caffre Nation; A Narative. London. 1837.

30. Kay Stephen.
Travels and Researches in Caffraria. London. 1833.

31. Ibidem.
A Succinct Statement of the Kaffer's Case etc. London. 1837.

32. Kidd Dudley.
Kafir Socialism and the Dawn of Individualism. London. 1908.

33. Kling Eerw. H.
Onder die Kinders van Cham. Kaapstad. 1932.

34. Kolbe Peter.
Nauwkeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop. 2 dele. Amsterdam. 1727.

35. Lichtenstein Henry.
Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, 1806. The van Riebeeck Society. Cape Town. 1928.

36. leVaillant M.C.
Reize in de Binnenlanden van Afrika in de jaren 1780 - 1785. 5 Dele. Leiden en Amsterdam. 1790 - 1798.

37. Lucas Sir Charles.
Historical Geography of the British Colonies. Vol. IV. South Africa. Part I History to 1895. Oxford. 1913.

38. Mac Millan W.A.
The Cape Colour Question, A historical Survey. London.

39. Mac Crone I.D. M.A. D.Phil.
Race Attitudes in South Africa, Historical, Experimental & Psychological Studies. London etc. 1937.

40. Methuen Henry H.
Life in the Wilderness or Wanderings in South Africa. London. 1846.

41. Moodie Lieut. J.W.D.
Ten Years in South Africa, in two volumes. London. 1835.

42. Napier Lt.-Colonel E. Elers.
Excursions in Southern Africa including A History of the Cape Colony etc. In two volumes. London. 1850.

43. Nathan Manfred K.C. L.L.D.
The Voortrekkers of South Africa etc. South Africa & London. 1937.

44. Nicholson George Jun. Esq.
The Cape and its Colonists with hints to Settlers in 1848. London 1849.

45. Noble John.
South Africa, Past and Present; A short History of the European Settlements at the Cape. London etc. 1877.

46. Ode G.A.
De Geschiedenis van Zuid-Afrika. Ie deel. Pretoria. 1892.

47. Preller Gustaf S.
Piet Retief 9e druk. Pretoria 1917.

48. Ibidem.
Historiese Opstelle. Pretoria. 1925.

49. Ibidem.
Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal. 1937.

50. Percival Captain Robert.
An Account of the Cape of Good Hope. London. 1804.

51. Prior James.
Voyage in the Indian Seas in the Nisus Frigate. London. 1820.

52. Reynolds J.N.
Voyage of the United States Frigate Potomac under the Command of Commodore John Downes.

53. Schapera I. M.A. Ph. D.
The Khoisan Peoples of South Africa, Bushmen and Hottentots. London. 1930.

54. Schoeman Agatha Elizabeth.
Coenraad de Buys, the First Transvaler. J.H. de Bussy, Pretoria. 1938.

55. Spoelstra B.
Ons Volkslewe Kultuur-Historiese Leesboek. Pretoria. 1922.

56. Statham Reginald.
Blacks, Boers and British - A three cornered Problem. London. 1881.

57. Stavorinus John Splinter.
Voyages to the East Indies 1768 - 1778. 3 Vols. London. 1798.

58. Steedman Andrew.
Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa in two vols. London. 1835.

59. Stout Captain Benjamin.
Cape of Good Hope and its Dependencies. London. 1820.

60. Stuart J.
De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika. Amsterdam. 1854.

61. Stow Geo. W.
Races of South Africa. London 1880.

62. Sutherland Lieut.- Col.
Memoir respecting the Kaffers, Hottentots, and Bosjesmans of South Africa. Vol. I - II. Cape Town. 1845.

63. Teenstra M.D.
De Vruchten myner Werkzaamheden, gedurende myner Reize over de Kaap de Goede Hoop, naar Java en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden. Groningen. 1830.

64. Theal G. Mc Call.
The Story of South Africa told in 800 pictures. Pretoria. 1913.

65. Ibidem.
History and Ethnography of South Africa before 1795. 3 Vols. London 1910.

66. Ibidem.
History of South Africa from 1795 to 1872. 7 Vols. London 1915.

67. Theunissen J.B.N.
Aantekeningen eener reis door de Binnenlanden van Zuid-Afrika van Port-Elizabeth naar de Kaap gedaan in 1823. Oostende 1824.

68. Thunberg Karl Peter.
Travels in Europe, Africa and Asia performed between the years 1770 and 1779. 3 Vols. London. 1793.

69. Thompson George Esq.
Travels and Adventures in Southern Africa. 2nd Ed. In 2 Vols. London. 1827.

70. Tilby A. Wyatt.
The English Peoples Overseas. Vol. VI. South Africa. (1486 - 1913). London 1914.

71. Valentyn F.
Beschryving van Oud en Nieuw Oost-Indien. Amsterdam. 1726.

72. Van Oordt J.F. B.A.
Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam en Kaapstad.

73. Van Pallandt Baron A.
General Remarks on the Cape of Good Hope.
(translate from the French). Cape Town. 1917.

74. Van Rooyen G.H.
Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk. Deel I
Bloemfontein. 1938.

75. Walker Eric A. M.A.
The Frontier Tradition in South Africa. London. 1930.

76. Ibidem.
The Great Trek. London. 1834.

77. Ward Harriet.
The Cape and the Kaffirs. Third Edition.
London. 1851.

78. Ibidem.
Five Years in Kaffirland. In two Vols. London. 1848.

79. Willoughby the Rev. W.C.
Race Problems in the New Africa. Oxford. 1923.

80. Wilmot Honourable Alexander K.S.G.
The History of our own Times in South Africa.
In 3 vols. London. 1898.

81. Wilmot and Chase.
History of the Colony of the Cape of Good Hope from
the discovery to 1819. Cape Town. 1869.

82. Vulliamy C.E.
Outlanders, A Study of Imperial Expansion in South
Africa. 1877 - 1902. London. 1938.

83. The Cambridge History of the British Empire.
Vol. VIII. Cambridge. 1936.

84. Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen in Zuid-
Afrika. Zesde Uitgaaf. Kaapstad. 1880.

85. Reizen in Zuid-Afrika in den Hollandse Tyd. Vier dele.
(Uitgegeven door Dr. E.C. Godee Molsbergen). Gravens-
hage. 1932.

III. LETTERKUNDIGE BRONNE.

1. Alexander Sir James Edward K.L.S.
Excursions in Western Africa and narrative of a Cam-
paign in Kaffirland. 2 Vols. Second Edition.
London. 1840.

2. Boyce William.
Notes on South African Affairs from 1834 to 1838.
Grahamstown. 1838.

3. Beyers Coenraad M.S. DR.Phil.
Die Kaapse Patriotte. 1779 - 1791. Juta & Kie Bpk.
Kaapstad en Johannesburg. Okt. 1929.

4. Borcherds Petrus Borchardus.
Bladen uit de Memoirs van Petrus Borchardus. Uit het
Engelsch door Fred H. Olland. Jacques Dusseau & Co.
Amsterdam - Kaapstad. 1907.

5. Cole Alfred W.
The Cape and the Kaffirs. London. 1852.

6. Coetser P.P.J.
Gebeurtenisse uit de Kafferoorloge van 1850 tot 1953, 1846 en 1834 en 1835. Paarl.

7. Fairbridge C.A.
A narrative of the Irruption of the Kafir Hordes into the Eastern Province of the Cape of Good Hope. 1834 - 1835. Grahamstown. 1836.

8. Godee-Molsberge N.
Jan van Riebeeck; de Stichter van Hollandsch Zuid-Afrika. 1618 - 1677. Amsterdam. 1912.

9. King Capt. W.R.
Campaigning in Kaffirland or Scenes and Adventures in the Kaffir War of 1851 - 1852. London. 1853.

10. Leyds Dr. W.J.
De Eerste Annexatie van Transvaal. Amsterdam. 1906.

11. Moodie Duncan Campbell Francis.
The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers and the Zulu's etc. in Southern Africa. Vol. I. Cape Town. 1880.

12. Pringle Thomas.
African Sketches. London. 1834.

13. Philip The Rev. John D.D.
Researches in South Africa. In 2 Vols. London. 1828.

14. Roux P.E.
Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie. 1652 - 1795. Stellenbosch. 1925.

15. Shaw Barnabas.
Memorials of South Africa. London. 1840.

16. Smith C.C. Moore M.A.
The Autobiography of Lieutenant-General Sir Harry Smith. In two volumes. London. 1902.

17. Theal G. Mc Call
The Kaffir War of 1835. London. 1912.

18. Ibidem.
19 Records of the Cape Colony from 1796. London. 1898.

19. Van der Merw J.P. Dr.
Die Kaap onder die Bataafse Republiek. 1803 - 1806. Amsterdam. 1926.

20. Van der Merwe Dr. P.J.
Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770 - 1842). Den Haag, 1937.

21. Ibidem.
Van der Merwe Dr. P.J.
Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. 1657 - 1842. Kaapstad. 1938.

22. Wypteka Dr. A.
De Invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881. Pretoria. 1939.

IV. ONUITGEGEWE PROEFSKRIFTE.

1. Boeseken Anna J.
Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap. ('n Proefskrif vir die Graad Dr. Phil., aan die Universiteit van Stellenbosch. 1943).

2. Dowley E.D.A.
An Investigation into the circumstances relating to the Cattle Killing in Kaffraria, 1856 - 1857. (M.A. Tesis 1932). Unie Onderwys Buro. Pretoria.

3. Myburgh A.J. M.A.
Die Stigting van Graff Reinet en Verwikkeling aldaar tot 1795. Unie Onderwys Buro. Pretoria. 1936.

4. Strydom C.J.S. M.A.
Die Verdediging van die Noord-westelike grens van die Kolonie (M.S. Dissertasie). Unie Onderwys Buro. Pretoria.

5. Van Biljon Dr. F.
Historiese Ontwikkeling van Grensbeleid van Grondtoekenning aan die Naturel in Suid-Afrika. Unie Onderwys Buro. Pretoria.

6. Venter Dr. P.J.
Landdros en Heemrade. Universiteit. Stellenbosch.

7. Vorster Jan Daniel M.A.
Die Verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864. Pretoria. 1939.

V. KOERANTE EN TYDSKRIFTE.

1. The South African Commercial Advertiser 1842. Cape Town.

2. Gedenkuitgawe van Die Transvaler. Desember, 1938.

3. Voortrekker Gendenkboek van die Universiteit van Pretoria. 1938. Pretoria.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE BURGERKOMMANDO'S IN DIE KAAPKOLONIE (1652 - 1878).

EERSTE AFDELING:

DIE STRYD TEEN DIE BOESMANS.

HOOFSTUK I.

BOESMANS EN HULLE GEWOONTES.

Dit sal onmoontlik wees om die stryd teen die Boesmans in al sy fase te volg en te begryp sonder 'n inleidende hoofstuk oor hierdie eienaardige menseras met wie ons voorouers vir ongeveer twee eeue in 'n stryd om lewe en dood gewikkel was. Dit was juis uit hierdie langdurige oorlog dat die Kommandostelsel noodwendig moes ontwikkel en vandaar die behoefte om 'n korte skets te gee van die Boesmangewoontes en eienaardighede, wat in die worstelstryd tussen beskawing en barbarisme so gedurig op die voorgrond tree.

Daar is bewyse ten oorvloed dat in die oertyd die Boesmans oor die ganse vasteland van Afrika verspreid moes gewees het. Vir een of ander rede, moontlik daartoe geforseer deur die Bantoe- of Hottentot-rasse, het die Boesmans al hoe verder na die suide vir hulle begewe totdat hulle uiteindelik in klein groepies of families oor die hele suidelike Afrika aangetref word. Toe Van Riebeeck voet aan wal gesit het in 1652 was die Boesmans een van die wilde nasies in die omgewing van die Kaap wat voortaan die blankes die voet gaan dwars sit wanneer hulle sou probeer om die jagreserwes van die mense binne te dring. Hulle staan ook bekend in die geskiedenis as „Vismanne", „Ubiquas", „Sonquas" en word deur die Hottentots met die gepaste naam „Struykrowers" bestempel. Omdat die eerste witmense hulle ook maar hoofsaaklik as Hottentotte beskou het, en hulle in die eerste instansie nie as 'n aparte ras geëien het nie, kry hulle die naam „Bosjesman Hottentots" om hulle van die gewone Hottentots te onderskei.

1. Die lae peil van ontwikkeling van die Boesman.

Die Boesman staan op 'n baie lae peil van ontwikkeling. Hy bewerk nie die grond soos die Bantoe en ook besit hy geen vee soos die Hottentot nie. Die hond is die enigste huisdier wat hy ooit die moeite werd geag het om aan te hou. Hulle gehoorsaam net die natuurwette en word deur die dwang van die

honger voortgedrywe en hierdie drang bepaal dan ook meesal hulle optree teenoor ander lewende wesens, hetsy mens of dier. Omdat die Boesman niks besit kan hy ook niks verloor behalwe sy eie lewe nie. Hulle verkeer in 'n totale staat van woestheid en het geen konsepsie van maatskaplike eenheid nie. Geen verstandhouding of verbond kan met hulle aangegaan word nie, want hulle besit geen nasionale gevoel nie. Vir alle volke wat iets besit was die Boesman dus 'n baie lastige buurman en 'n nimmer eindigende bedreiging. „...fierce love of independence, their almost unalterable determination to maintain and die in their primitive mode of life - utter comtempt - for all pastoral or agricultural pursuits, made them to be looked upon by all the larger and more robust of the African races as a species of wild animal which it was praiseworthy to exterminate whenever an opportunity offered."(1)

2. Die Boesman se Roofsug.

Reeds in die tyd van Van Riebeeck het die blanke reisigers met hulle nader kennisgemaak en uitgevind dat hulle niks besit nie en alles roof wat maar vir hulle die moeite werd skyn. Die land van die Boesman was baie arm aan lewensmiddels en moes derhalwe geforseer word om hierdie armsalige skepsels aan die lewe te hou. Uintjies, bolletjies en ander gewasse word met steengereedskap uit die grond gegrawe, maar in tye van droogte gaan dit selfs moeilik om hierdie kossies op te spoor. Die Boesman maak jag op wild en wend alle moontlike vernuftige middels aan om sy doel te bereik. „...and the variety of inventions which he employs in the capture of game, and in carrying off cattle, equally proves his intelligence, and contributes to the supply of his wants." (2) Selfs insekte, koggelmaanders, slange en andere weersinwekkende goggas het op sy spyskaart verskyn wanneer daar niks anders te aas was nie. Verder was roof en steel van die kuddes van sy naaste buurman aan die orde van die dag.

(1) Stow: Native Races of South Africa, p. 215.
(2) Howison: European Colonies in various parts of the World, vol. 1, pp. 275 - 276.

Die Boesman moes noodgedwonge 'n swerwende lewe lei en kon dus nie vir hom 'n permanente woning oprig nie. Hy het natuurlik gebruik gemaak van spelonke en gate om in te woon wanneer dit hom te pas kom. Origens egter was 'n bos of struik, met 'n paar velle of matte daaroor getrek, vir hom 'n voldoende skuiling teen wind en reën. Wanneer die Boesman skielik moes vertrek was daar vir hom geen aardse goed wat hom aan sy standplek vasbind nie. Hy het ook geen beslommernis van 'n kleredrag gehad nie, want 'n karos of vel om die lyf het in al sy behoeftes voorsiening gemaak. Die Boesman kon dusonbelemmerd en na willekeur vinnig beweeg oor die uitgestrekte vlaktes van die land. Rondswerwe van plek tot plek, al jagtende en rowende, besiel met 'n rustelose gees, was tweede natuur by hierdie ou volkie gewees.

3. Die Boesman op Jag.

Geen volk is so onbeskaaf dat hy heeltemal sonder wette of vaste gewoontes kan bestaan nie, en dit is veral op die terrein, waar so 'n volk hom die meeste beweeg, dat die behoefte hom laat geld. Die Boesman is hier geen uitsondering nie, want, hoe eenvoudig hy in andere opsigte mag wees, kon hy sonder sy veld- en jag-wette dit nie klaar speel nie. Langs die voetpad het hy soms ronde gate op die rotse gegraveer; hierdie gate was omtrent 'n half duim diep en word van tyd tot tyd hernuut. „Dit dui aan, dat geen Boesman van 'n ander stam enige veldkos in die rondte mag grawe nie. Wee 'n ander Boesman, as hy daarop betrap word. Sulke soort wilde diere as wat op die klippe gegraveer is, het aangedui dat die soort wild nie mag gedood word nie. Dit was hul veld- en jagwette".(1) Die Boesman se skilderye of tekeninge was dus nie maar net kunsuitings as sulks nie, maar het meesal 'n diepere betekenis en doel gehad. Gaan die Boesmans op die jag uit dan splits hulle gewoonlik in kleinere groepe op; om nie in mekaar se vaarwater te kom nie word elke groep sy besondere

(1) Eerw. H. Kling: Onder die Kinders van Cham. pp. 11 - 12.

jagterrein aangewys. Al het die Boesmans hulle nie juis op bepaalde plekke metterwoon gevestig nie, tog het hulle hulle in min of meer vaste streke opgehou en elke stam respekteer die monopolie van 'n ander op sekere jagvelde. Hulle bebou nie die land of boer met vee nie. „But because it provided them with roots, honey, game, berries and whatever else they wanted, they claimed the country as their own."(1) Die Boesman het min redeneer vermoë besit, en wat hy kon verstaan wou hy nie verstaan nie, en tog, te oordeel na die wyse waarop hy sy jagtogte georganiseer het, was hy gladnie so misdeel van verstand as wat ons beskaafde mense soms mag dink nie.

4. Die Boesman se Vrou en Kinders:

Die lot van die Boesmanvrou was seker nie baie benydenswaardig nie. In tye van teenspoed en honger was dit sy wat die spit moes afbyt met haar kroos wat roep om kos. Dit het dus dikwels gebeur dat in sulke haglike omstandighede sy vir haar twee mans aanskaf ten einde des te beter vir haar te kan kos uitgrawe en wild vang of skiet. Net die oudste dogters en al die seuns word in die lewe behou; die ander word eenvoudig by hulle geboorte vankant gemaak. Veral in tye van droogte vermeerder die sorge van die moeder, want dan is daar geen melk vir die kinders nie. „Word 'n kind gebore voordat die laaste een op veld- en vleiskos kan lewe, dan word so 'n te vroeg gebore kind om die lewe gebring deur dit in die sand te versmoor, omdat daar geen moedermelk of ander melk of geskikte voedsel vir so 'n arm wurmpie te vinde is nie."(2) Bring sy 'n tweeling ter wêreld dan word die een dadelik gedood; sterwe die moeder as gevolg van die geboorte, dan word die kind saam met haar begrawe. Hierdie oënskynlike wrede wyse van geboortebeperking mag vreeslik klink, dog hoe sou sulke kinders sonder melk in so 'n arm land groot gebring kon word? Hulle sou tog maar 'n stadige hongerdood sterwe. Hulle het

(1) Willoughby, Rev. W.C.: Race Problems in the New Africa p. 164.
(2) Kling. Op. Cit. p. 2.

dus min kinders gehad en die het dikwels jonk die lewe ingeskiet. As ons al hierdie faktore in ag neem dan sien ons duidelik dat die Boesmans as volk geen groot toekoms gehad het al het hulle nooit met die blanke en inboorlinge rasse slaags geraak nie.

Die Boesman vrou was voorwaar niks meer as die lasdier van die man nie. Sy vorm die kommissariat en dra by die rondtrek, behalwe die kinders, ook nog die lewensvoorrade. Op die rusplek gekom, moes sy water, vuur en voedsel daar stel. Kortom sôre sy vir alles wat nie met die jag in verband staan nie. As die bende Boesmans op 'n strooptog uit is, word die vroue vooruit gestuur om op bepaalde afstande van mekaar volstruiseierdoppe, met water gevul, te begrawe. Die plekke waar hulle begrawe word het hulle met sekere tekens gemerk wat alleen aan die lede van die bende bekend is; so kan hy uithou waar andere die stryd sal moet staak.(1) In die langdurige stryd teen die blanke het die Boesmanvrou ook haar deel gedoen en vir haar volk nuttige werk gelewer. Die Boesman se seuns leer reeds baie vroeg in hulle lewe om met die pyl en boog te skiet, heuning te soek en wild op te spoor. 'n Klein bogie en houtpyle word aan die kind gegee om mee op jag te gaan en voëls, muise, akkedisse, slange en sprinkane te skiet. Hy moet verder gaan soek na brame en uintjies; dis egter alles „armoedige en ongeskikte kos vir 'n kind."(2) In hierdie harde skool van die lewe word die Boesmantjie van kindsbeen af geleer om homself te handhaaf temidde van die reuse lewenstryd wat hom eendag wag wanneer hy groot sou wees. Die taaie volharding en uithouvermoë, wat so 'n treffende eienskap van hierdie ras uitmaak, en wat hom instand gehou het waar ander volke lang al sou beswyk het, sit die Boesman in merg en been van sy prilste jeug af.

5. Die Boesman se wreedheid besôre vir hom baie vyande.

Die feit dat die Boesman so oneindig wreed en vraat-

(1) Ode: De Geschiedenis van Zuid-Afrika, I, p. 46.
(2) Kling: Op. Cit. p. 2.

sugtig was, was oorsaak dat hy deur al die eienaars van vee, hetsy Hottentot, Kaffer of blanke, as vyand nommer een beskou geword is. Indien die Boesmans agtervolg word, en hulle vrees dat hulle in hande sal kom, vernietig hulle eenvoudig die vee en laat hulle halfdood agter. Later kom hulle dan terug om die buit te haal, wat natuurlik vir die eienaar in hierdie toestand van nul en gene waarde is nie. „The Dutch Boer, the Grigua, the Bechuana, the Kaffir, all entertain the same dread of, and aversion to, these dwarfish hordes; who, armed with their diminutive bows, and poisoned arrows, recklessly plunder and devastate, without regard either to nation or colour; and are in their turn hunted and destroyed like beasts of prey, which in many respects they so nearly resemble."(1) Dis geen wonder dat die blanke in sy stryd teen hierdie wilde mense soms deur wraaksug oormeester word by die aanskou van sy redelose diere wat daar verwronge van pyn in hope aangetref word met afgesnyde senings of op ander onmenslike wyse vermink.

Boesmans was vrate in die breedste sin van die woord. Hulle was nie tevrede om vee te roof om net die honger van die dag te stil nie; nee, hulle meen alles moet op voor sy vyand hom weer die buit ontneem. Daarom word meer vee gedood as wat hulle in dae, of miskien in weke, kan verorber. Dis eet en slaap, en nog eens eet en slaap, tot die laaste stukkie in die maag verdwyn; ~~as~~ 'n begrip soos matigheid kom nie in hulle lewe voor nie. Hulle eet tot die ou verrimpelde vel later styf en blink om die liggaam span om in skaars tye weer weg te krimp totdat dit lossies en in voue die wese omsluit.

6. Die Boesman en sy Wapens.

Die pyl en boog en die „werpknods" maak die Boesman se Nasionale wapens uit. Die boog was ongeveer 5 vt. lank en

---

(1) Napier: Excursions in Southern Africa ..." I, p. 126.

het bestaan uit een stuk taai hout of horing en 'n pees gevleg van wildekatderms. Die pylkoker, gemaak van die bas van die kokerboom, het deurgaans 30 vergiftigde pyle bevat.[1] Dan was daar ook die klein pyl en boog waarmee die Boesman hom op kort afstand verdedig het. „Die rewolwer of boog is uit horing gemaak, is met dun senings en met koperringetjies voorsien. Die pyle is uit sterk grashalms en die punte is uit horing, is skerp of baie spits gemaak..... en wanneer die horingpunte in gif gesteek is, dan het dit 'n dodelike uitwerking op die persoon wat dit tref."[2] Die punt van die pyl was gewoonlik van yster, been of horing gemaak en driehoekig in vorm. Dan was daar 'n ander soort pylpunt met beenhakies wat moeilik uit die vlees getrek kan word. Hierdie hakies het gewoonlik afgebreek wanneer die voorwerp getref word en in die vlees bly steek terwyl die hout handvatsel afval.[3] Die gif deur die Boesman gebruik om die pylpunte mee te bestryk was dodelik. Die kwaaiste gif het hulle gebesig by die aanval op mense. Spinnekoppe, slange, 'n soort wurm en gifbolle is gebruik om die gif te verkry.

7. <u>Die Kraaltjies en Hutte van die Boesman.</u>

Boesmans het gewoonlik <u>kraaltjies</u> gemaak waar die familie of geselskap saamwoon. Hulle het hiervoor 'n baie geskikte terrein uitgesoek, want as rowers moes hulle steeds wagstaan teen diegene wat hulle besteel het en wat miskien enige oomblik kon opdaag om rekenskap te eis. Dit spreek ~~dus~~ vanself dat die kraal op 'n ope, kaal en hoog geleë plekkie moes wees sodat hulle maklik kon sien en nie skielik oorrompel kon word nie. „The top of a hill which stands separately on a plain, is therefore an approved site; because, with eyes little inferior in optical power to small telescopes, they can, while they themselves remain unobserved watch every

(1) Ode: De Geschiedenis van Z.A. Op. Cit. I, p. 44.
(2) Kling: Op. Cit. p. 10.
(3) Brownlee: Reminiscences of Kaffir Life and History, p. 197; Howison's: European Colonies, I, Op. Cit., p. 262.

movement around to a great distance."[1] Die kraal word so gebou dat die hutte se deure na die binnesirkel van die kraal wys, want hier word die geroofde vee gehou sodat almal kan sien wat gaande is. Die pyle word regop by die slaapplek in die grond gesteek, „while their quivers, arrows and bows, as being their principal weapon, lay by their side, ready at hand for the first moment of alarm.[2] Die Boesman was in sy stroop-togte nie net gesteun deur sy fyn reukorgane en skerp oog nie, maar hy kon ook geweldig vinnig hardloop. As hy moord of diefstal gepleeg het dan trek hy met sy buit vinnig na die berge se kant toe, want geen genade was vir hom te wagte nie. Daar was egter min hoop om die diewe te vang behalwe met vinnige perde. Die Boesman het dit geweet en daarom word perde in die reël deur hom van kant gemaak waar hy ook maar die kans kry. Op die hooggeleë plekke, waarheen die Boer dikwels sy perde stuur uit vrees vir perdesiekte, word soms 'n groot slagting onder die rydiere aangerig. Andersins was die Boesman geen vriend van 'n perd nie en het maar selde perde gesteel. „In stealing cattle Mercury himself could not have been more expert or more cunning than the Bushmen."„... These men displayed all that beautiful ease of motion and flexibility of joint."[3]

6. <u>Die groot vernuf van die Boesman.</u>

Die <u>aanvalle</u> deur Boesmans georganiseer het bewys dat hierdie veragtelike nasie gladnie so dom was as wat ons ons mag verbeel nie. Hulle het graag in die herfs aangeval want hulle het geweet dat die perdevrekte dan aan die gang was; die Boesman se grootste vrees was die perderuiter wat sy moses was in vlugheid van beweging. Dit skyn of hy selfs geweet het wanneer die grensbewoner kort was van kruit en lood, want die geskiedenis is vol bewyse dat hy sulke tye die

---

(1) Burchell: Travels in the interior of Southern Africa II, p. 55.
(2) Burchell: Op. cit. II, p. 55.
(3) Burchell: Op. cit. II, p. 71.

Boesmans baie astrant optree. Die Boesmans het hulle nie op een plek gevestig nie, maar so rondgeswerwe dat die koloniste nie altyd seker was uit watter oord die volgende aanval sou plaasvind nie. „Het is dus zeer moeilyk te zeggen of men met de Bosjesmans in vrede of in oorlog is, zy leven voor een tyd lang stil en rustig, zo dat men van hun niets hoort, dog komen op het onverwachtst zonder dat men eenige reden of oorzaak gissen kan, te voorschyn, alles rovende en vernielende wat onder hun bereik komt, ..."[1] In hierdie aanvalle word niks en niemand gespaar nie. Hulle moor, steek aan brand, roof en plunder en rig die verskriklikste verwoestinge aan om dan net so snel te verdwyn as wat hulle verskyn het. Boesmans was fyn spioene en het hulle tyd van aanval baie goed gekieë; met hulle oorrompelingtaktiek was hulle gewoonlik baie suksesvol. Naby die Boer se woning hou hulle die beweging van die mense dop om helder oordag 'n slag te slaan. Die Hottentotwagter lê en slaap op die middag, miskien as gevolg van sy daggapyp, terwyl die baas se vee rustig in die draai van die rivier wei of lê. Dit is die kans vir die vyand; in 'n oogmenk storm die Boesmans, die wagter word met die gifpyl op sy rusplek vasgepen en die Boer se kudde met alle moontlike spoed die berg in geja. Die wagter, wat die tyding van die ramp kon bring, lê dood en dis miskien eers laat in die aand dat die baas onraad merk en dan is die vyand wie weet hoever gevlug met sy buit. „Lurking in krantzes, in the bush or wherever they could find concealment, this wily enemy, alway hungry, and ever on the watch for an opportunity, would pounce down and seize, not only an occasional sheep or ox, but as may as possible of the whole herd."[2] Na die diefstal splits die bende Boesmans in kleinere groepe op om die agtervolging makliker te kan ontkom. In die berge klouter hulle op kranse

---

(1) Worcester Argief 11/2: Rapport van Strubberg en Cloete oor Boesmans in 1813.
(2) Cory: The Rise of South Africa, I, p. 14.

en rol klippe af op hulle agtervolgers. In baie gevalle was dit laaste sien van die boer se vee; die Boesmans vier groot fees met aankoms by die kraal of spelonk, en die hele kudde is verwoes. In ander gevalle was die boer betyds gewaarsku, maar O wee! hy kry die kudde langs die pad lê, verniel op 'n wrede wyse, en sy vee is hy kwyt.

Die Boesman was 'n uithaler spioen. Sy reuk en oog was so skerp dat hy baie maklik soos 'n jaghond die spoor van die vee kon volg. Dis geen wonder dat in later jare selfs die kommando's van Boesmansspioene gebruik gemaak het nie om rowers op te spoor en te vang. Die Boesmans klim op 'n heuweltop en vandaar bespied hy die wêreld in die rondte om met sy skerp oog sy vyand, of die wild se bewegings, dop te hou. Die seindiens van die wilde Boesman het op 'n hoë peil gestaan. „Zy verzekerden daarby, dat de Boschjesmannen, door middel hunner vuurseinen, eene onafgebrokene verstandhouding hadden met elkander en daardoor alles, wat zelfs ver in de omstreke van het land voorviel, veel vroeger en beter wisten, dan eenige andere natie."(1) Met die optrek van die generale kommando's in die jare van stryd teen hierdie vyand was die seinvure van die Boesmans snags duidelik op die bergtoppe van die Karoo te sien. Die blanke het nie altyd die sleutel van hierdie seine geken nie en dit soms tot hulle eie skade.

9. <u>Die Boesman se stryd tot die dood.</u>

Alle skrywers kom ooreen dat die Boesmans as volk uiters dapper was. Is 'n geveg eenmaal aangeknoop het die Boesman nie opgehou met die afskiet van sy gifpyle so lank daar nog 'n enkele pyl in sy koker was nie en hierdeur was bloedvergieting onvermydelik. Dit het soms gebeur dat die Boesman sy vredesteken, naamlik die stert van 'n jakkals, in die lug geswaai het. Die Boesman het geweet dat daar geen genade vir hom wag nie en daarom verweer hy hom dapper tot

(1) Linschoten: Reizan in Zuid Afrika II, op. cit. p. 203.

die bitter einde. Die skrywer Stow gee die volgende treffende beskrywing van die Boesmans se dapperheid en uithouvermoë: „..... the Bushman seldom or never asked for mercy from his hated foes. Wounded and bleeding as he might be, he continued obstinately fighting to the last.... Shot through one arm,, he would instantly use his knee or foot to enable him to draw his bow with the one remaining uninjured. If his last arrow was gone, he still struggled as best he might, until finding death remorselessly upon him, he hastened to cover his head that no enemy might see the expression of death agony upon his face."(1) Daar was dus net twee weë oop, of die Boesman moet hom aan die blanke onderwerp en sy lewenswyse verander, of algehele uitdelging staan hom voor die deur. Die verloop van hierdie bittere worstelling tussen Boer en Barbaar word in die volgende hoofstukke behandel.

---

(1) Stow: Native Races of S.A., op. cit. pp. 215 - 216.

HOOFSTUK 2.

Blanke uitbreiding word deur die militêre in die binneland gerugsteun.

1. Die handelsbeleid van die H.O.I.K. en veeboerdery.

Die ontwikkeling van Suid-Afrika as 'n land vir witmense was, en is nog, 'n uiters langsame proses. Die redes hiervoor lê voor die hand en kan met 'n diepere studie van die verlede maklik uitgepluis word. Dis nie die doel om hier in besonderhede die kwessie te bespreek nie en tog is dit nodig om by wyse van inleiding tot die studie van die Kommandostelsel 'n paar feite te noem. Die Hollandse Oosindiese Kompanjie was 'n handelskompanjie wat na die belange van die aandeelhouers omgesien en ander konsiderasies links laat lê het. Noodgedwonge moes die regering aan die Kaap toelaat dat die permanente burgers van die land voetjie vir voetjie voortgaan om die land te bewoon en al verder van die setel van regering wegtrek. Eers word gedink aan landbou as 'n middel om die Kompanjie gedurig van vars produkte te voorsien, en word dan ook die sogenaamde Vryburgers op die land geplaas. Hierdie mense het baie gou met hulle monopolistiese owerheid in botsing gekom; die handelsgees het ook by hulle in die bloed genestel en hulle sou nie stilsit om as slawe vertrap te word nie. Die valse beginsels, waarop die Kolonie gefondeer was, om 'n handelspolitiek met die van kolonisasie te verenig, was van uit die staanspoor tot mislukking gedoem. Immers sonder 'n vrye mark was dit moeilik vir die landsburgers om uit die landbou 'n bestaan te maak. Die meeste koloniste het weldra die regering vir al hulle moeilikhede verantwoordelik gehou; hoe verder van die Kasteel, so het hulle gemeen, hoe meer vrede en geluk is hulle te wagte.

Die H.O.I.K. word teen wil en dank tot veeboerdery gedrywe. Daar was moeilikheid met die Gonnema Hottentotte, wat gewoon was met vee Kaapwaarts te trek om daar met Van

Riebeeck te gaan handel drywe. Die sakie word met die Hottentotte in die Tweede Hottentotoorlog uitgespook, maar die Kompanjie het 'n les geleer. Die Bewindhebbers kon dit nie langer waag om hulle ekonomiese belange aan die wispelturigheid van die Hottentotte ondergeskik te laat bly nie. Daarom word die vleisvraagstuk met warme hande aangepak en het die owerheid weldra sy eie veestapel daar gestel en orals in die binneland veeposte opgerig. Van regeringsweë word gedurig ekspedisies na die Hottentotte gestuur om die veestapel met ruilhandel aan te vul; hoe meer vee, hoe meer weiveld, en hoe meer weiveld in beslag geneem word, hoe meer was die volk-planting tot uitbreiding gedwing. Die sorge van die regering word by die dag groter, want sonder behoorlike beskerming kan sy veeboerdery ook nie uitbrei en 'n sukses wees nie.

2. Die Vryburgers word Veevoere.

En nou kry die Regering konkurrensie uit 'n oord wat hy nie verwag het nie. Die H.O.I.K. was op 'n streng monopolistiese grondslag gebou en alle konkurensie, selfs aan die Kaap, was iets uit die bose wat met wortel en tak uitgeroei moet word. Toe die klompie Vryburgers aan die Liesbeek gevestig word, is daar seker nie aan gedink dat hierdie kiemplantjie van 'n vryheidliewende volkie in die aarde geplaas was nie. Deur die restriksies in die handel en op die mark gemartel, het die burgers allerhande uitvluggies terhand geneem om 'n stukkie van die mark te verower. Met die vreemdelinge word in die geheim handel gedrywe. Koring word tot meel gemaal en brood gebak vir verkoop. Die moeilikheid word vir die boer egter nie hierdeur opgelos nie en 'n hele ommekeer in die wyse van bestaan was nodig om vry te kan asemhaal. Die boer gryp weldra na die enigste middel wat hom gelaat was. Hy gaan net soos sy baas, vir hom ook op die veeboerdery toelê. Veeboerdery was oneindig makliker as landbou wat slegs met behulp van duur slawearbeid in stand gehou kon word. Die Hottentotte was die burgers goedgesind want laasgenoemde het dikwels beter pryse betaal, in die vorm van snuisterye, as die wat die

dienaars van die Kompanjie gereed was om te betaal. Gedurig organiseer die burgers nou ook hulle eie vee-ekspedisies en hulle word ~~weldra~~ bedrewe in hierdie soort smokkelhandel. Daar was weldra op Suidafrikaanse bodem die veeboer, wat bestemd was om te word die trekboer. Die verversingspos het gelei tot 'n landboukolonie en uit laas genoemde ontwikkel ~~weldra~~ weer die veeboer, wat soek na ruimte en nogeens ruimte vir sy vee. Regeringsplakkate wou die boer dwing om „op die land" te bly, dog ekonomiese druk dwing hom al verder die land in, al verder weg van Jan Kompanjie se oorheersing. Die trekboer met sy kakebeenwa en sy lange spanne osse oorkruis berg en dal weg van die „Boland", al langs die oewers van die Sonderend en Breë-riviere, - na die onderste loop van hierdie riviere - en dus na die sogenoemde „Onderland". Hierdie benaming „Onderland" het die Trekboer en die latere Voortrekker al verder saam met hom gevoer tot in die verre Transvaal en Oranje Vrystaat. Wild was volop, vee maklik te ruil en plaasgrond kon orals vir die uitsoek verkry word. Hierdie veeposte van die jong boer was die voorlopers van die latere leningsplaas, van 3,000 morge elk, en waarvoor £2-10-0 rekognisie per jaar betaal word. Die veeboere het met hulle rondtrek spoedig heeltemal handuit geruk, en eenmaal oor die eerste bergreekse was hulle eenvoudig nie te keer nie. Met verloop van tyd het die veeboer sy eie gang gegaan en die regeringgesag met sy plakkate eenvoudig verwerp.

Dit spreek van self dat hierdie pioneers, 'n sterk <u>selfstandige karakter</u> moes ontwikkel. „In a frontier society, relatively isolated and therefore free, to a large extent, from external authority, there is a tendency towards the development of individualism. Where all are equal and every one as good as his neighbour, the individual becomes unwilling to defer to any kind of authority. Such authority, in fact, becomes to be regarded as tyranny and its representatives as oppression ...."(1) Die mense was gedurig in stryd

(1) Mc Crone: „Race Attitudes in South Africa ..." p. 108.

gewikkel met wilde diere en onbeskaafde barbare; hulle moes hulle eie pad vind oor ongebaande paaie, diep riviere en hoë berge. Hulle eie planne moes hulle maak om die moeilikhede en probleme van die lewe op te los. Suid-Afrika se uitgestrekte vlaktes, met sy baie wildsoorte, het hom so bekoor dat hy nie anders kon as om voort te trek oor berg en dal om te soek na nuwe weivelde vir sy vee, en algaande te stry die stryd van 'n blanke beskawing. Dit was nie die stedeling en 'n regering wat 'n eie kultuur daar gestel het nie, maar wel hierdie eenvoudige boerenasie wat nie teruggedeins het nie vir die vermoeienis en opoffererings van 'n swerwerslewe.

3. Die H.O.I.K. handhaaf sy handelmonopolie.

Oogluikend moes die Kompanjie toesien dat die boerevolk sy eie bestaan uitwerk en hom deur geen plakkaat van stryk laat bring nie. Sonder 'n hewige stryd was die regering aan die Kaap egter nie van plan om sy handelsmonopolie prys te gee nie. Die Kompanjie het alle moontlike pogings aangewend om die teuels in eie hande te hou en beheer uit te oefen oor hierdie rustelose deel van die bevolking. Handel was die regering se prerogatief waarmee selfs die trekboer hom nie durf inlaat nie. Met papierbomme kon hierdie mense nie in die binnelande weerhou word om met die naaste naturellestam handel te dryf nie en het die smokkelary lustig voort gewoeker. Die handel word gesluit of weer oopgesit na mate sake reg of verkeerd geloop het. Hierdie handelsmonopolie het niks gedoen om die naturelle te beskaaf of te evangeliseer nie en vir die blanke element was dit in menig opsig 'n vloek gewees. Die regering se oes was net naturelle oorloë, opstande, bandeloosheid en 'n skrale blanke bevolking in Suid-Afrika. In die beleid teenoor die naturelle van die land het die Kompanjie probeer die hef stewig in hande hou. Hierdie nasies moes onder geen omstandighede gehinder of gepla word nie. Trouens kon net met bevriende Hottentotte handel gedrywe word en daarom 'n vredespolitiek teen elke prys. Verder sou,

wanneer onluste uitbreek, die regering koste moet maak om troepe te stuur ten einde opstande die kop in te slaan. Hieroor sou die aandeelhouers weer 'n woordjie mee te praat hê. Dis dus te verstaan dat aan die Landdroste en Heemrade baie groot magte verleen word om namens die sentrale bewind die burgers in toom te hou. Die militêre-element moes verder 'n deel uitmaak van alle ekspedisies teen binnelandse vyande; die burgers was in hierdie sake nie te vertrou nie, want deur hulle voortvarendheid kon hulle so maklik die Kompanjie se beleid en finansies in die war stuur. Ook moes sulke ekspedisies, of kommando's, behoorlik in toom gehou word deur die benoeming van offisiere uit die garnisoen of burgery. Vir alle strafekspedisies moes vooraf behoorlik verlof aangevra word. Deur al hierdie pogings word druk uitgeoefen om, al was dit maar nominaal, die Kompanjie se lamlendige politiek in die land uit te voer.

4. Bewakingsposte in die Binneland. (1)

Die H.O.I.K. het, soos ons reeds gesien het, 'n gereelde toevoer van vleis uit die binnelande nodig gehad om in die skeepvaart se behoeftes voorsiening te maak. Op geskikte plekke in die land word veeposte ingerig om na die veestapel van die Here Bewindhebbers om te sien. Vir hierdie doel word berede troepe, die Dragonders, by die Poste geplaas. 'n Ander plig van hierdie lui was om die burgers teen die vyandige inboorlinge te beskerm of om weggelope slawe, bandiete, matrose of soldate weer op te pik en na die Kaap terug te stuur. Maar die grootste werk van die Bewakingsposte was om die burgers in die binneland, wat in belang van die Kompanjie begin het om met vee te boer, te beskerm teen vyandige aanvalle. So byvoorbeeld was daar mettertyd bewakingsposte aangebring by Waveren, Elandskloof, Honigberg, Vogelvallei, Groenekloof, Hexse Rivier, Witsenberg, Picquenierskloof Ziekenhuis, ens. Die burgers was nog baie swak en weinig in getal en sou sonder hierdie steunpunte, nie in staat gewees het om hulle self te handhaaf nie. Aan die ander kant sien

(1) Vir 'n volledige beskrywing deur Raux: Die Verdedigingstelsel van die Kaap onder H.O.I.K. 1652-1795.

die Bewindhebbers hier in 'n middel om oor die onstuimige en steeds rondtrekkende burgers 'n wakende oog te hou. Hierdie steunpunte word veral op strategiese plekke aangebring soos by voorbeeld by bergpasse, rivierdriwwe en ander stratogiese punte. Strenge dissipline moes hier gehandhaaf word en sposiale instruksies word aan die bemanning gegee, wat meesal bestaan het uit 'n korporaal en 'n aantal gewone soldate, meesal berede. Die korporaal moes toesien dat sy manskappe altyd op hulle poste en dat hulle gewere skoon is, dat geen onreg die inboorlinge aangedoen word nie, dat gestole eiendom deur die rowers terug gegee word en die oortreders gestraf word. Die Korporaal moet elke drie maande aan die Kaap verskyn om in eie persoon rapport te doen. Vervolgens, soos in die geval van die drie poste in die land van Waveren, moes die poste steeds met mekaar in verbinding bly om in tyd van nood mekaar te steun en die Kolonie, in die afwesigheid van ekspedisies teen die vyand, te help verdedig. In die geval van die drie poste, Hexe Rivier, Witsenberg en Picquenierskloof, wat in 1715 gestig was, het die garnisoen bestaan uit 'n sersant, twee korporaals en 18 soldate; die sersant voer bevel oor die drie poste en was persoonlik vir die middelste een met sy ses soldate verantwoordelik. Dit blyk dat die bedoeling met die stigting hier was om o.a. die grense af te baken. Persone wat geen besittings anderkant die poste het nie, mog sonder skriftelike verlof hierdie poste nie verby trek nie. Ons vind reeds hier dat die burgers met hierdie militêre poste gladnie te danig was nie want reeds die volgende jaar word hierdie drie poste, op aandrang van die burgers, weer ingetrek. Die burgers het seker nie daarvan gehou dat hulle handelwyse op die jagveld, of in hulle soek na weiveld en veehandel, deur militêre bespied en gekortwiek word nie. Beroepsoldate het nooit by die Afrikaner in hoë agting gestaan nie, soos ons sal sien in die geskiedenis van die kommandostelsel. Daar is ook in die jare 1777 - 1780 poste gestig met 'n spesifieke doel t.w. om die

houtkappers in die bosse van Outeniqualand aan die Zwarte Rivier by te staan. Vir 'n tyd het dit bly bestaan en goeie dienste verrig. Maar daar was ook 'n ander doel wat met militêre poste beoog was. In 1739 word twee poste gestig t.w. by „'t Compagnies Drift" en aan die „warmbadt" met die doel om 'n sekere kommando bystand te verleen teen die Boesmans en het bestaan uit 'n Sersant met twee korporaals en veertien manskappe van die Kaapse garnisoen. Die sersant met een korporaal en ag man vertoef aan die „Compagnies Drift" en die ander korporaal met die orige ses man aan die „Warmbadt". Hier moes hulle ~~vertoef~~ bly tot dat hulle weer terug geroep word „onderwyl altoos gereet houdende om in cas van nood en op het eerste berigt dat sy daer van sullen krygen, niet alleen het bovengenoemde Burger Commando maar ook de landbouwers daar om streex woonachtig synde, te hulp te koomen.(1)

Maar daar was 'n verdere motief met die stigting van hierdie twee poste. 'n Mens kan begryp dat die gedurige kommando doen nie altyd vir die inwoners aangenaam of voordelig was nie. So 'n bietjie meer steun en bemoediging van regeringskant was seker vir die boerende gemeenskap in die gevaarstreke dubbel welkom gewees. Verder aan die Olifantsrivier „sullen die uyt de Burgery weetende dat zy ten allen tyden sullen kunnen werden gesecuurreert met meer yver en moed teegens de Hottentotten (d.i. Boesmans) vegten en de Hottentotten door het besetten van die twee posten de geleegenthyd afgenomen zyn om te kunnen vlugten."(2) Dis baie duidelik dat die Kompanjie tot die slotsom gekom het dat hy sy gesag in die binneland sal moet laat geld indien hy enigsins die vertroue van die burgers wou werd wees. Van daar dan allerhande planne om deur middel van die vaste garnisoen die binnelande te beveilig en die inwoners te steun in hulle planne om die Boesmans ten onder te bring. Ongelukkig was daar van die begin af geen hartelike sameswerking tussen die

---

(1) K.A. Res. 2 Junie, 1739.
(2) K.A. Res. 2 Junie, 1739.

burger en die soldaat nie, en hierdie verskynsel het hom dwarsdeur die geskiedenis van ons volk in een of ander vorm voorgedoen. Die rede hiervoor sal later in hierdie verhandeling duideliker word.

5. Die Perd se waarde in die Stryd teen die inboorlinge.

Die perd het 'n baie vernamo faktor van die verdediging teen die inboorlinge gevorm. In 'n uitgestrekte land soos Suid-Afrika was 'n mobiele mag onontbeerlik. Daar was nie eers behoorlike paaie, om van brûe nie eens te praat nie, en dus kon rytuie gladnie orals gebruik word nie. Die Boesmans klouter die kranse en berge uit en dit was net die perd wat hier, en op ander woeste plekke, van diens kon wees. Reeds in van Riebeeck se tyd is die nut van perde vir militêre doeleindes ingesien. Die inboorlinge was baie vlugvoetig; eers was van honde en bandiete gebruik gemaak om rowers in te haal, want die Hollandse soldaat, met sy swaar mondering en lompe skoene, kon nie opweeg teen die kaalvoet nasies nie. Daar was dan net één uitweg en dit was om perde in te voer en in die stryd te werp. Van Riebeeck het kans gesien om met 20 perderuiters, sonder die hulp van verdedigingswerke, die Hottentotte ten onder te bring en vandaar sy gedurige pleidooie by die bewindhebbers om hom van goeie perde te voorsien. Van Riebeeck beweer dat hy met perde 'n end sou maak aan die rowerye van die Hottentotte en dat dan „de verdere buyten wachten, vheewachten ende des meer sullen connen ingetrocken ende dien volgende 'n Caaps guarnisoen vry vermindert werden."(1) So spreek die eerste groot Afrikaner as of hy met 'n profetiese blik kon sien hoe die Boerekommando's op perde oor Suid-Afrika se vlaktes ry om hulle vyande, beide wit en swart, die hoof te bied. Die soldate, wat as grenspolisie opgetree het, en tussen die poste op die skiereiland moes patroljeer, was almal van perde voorsien; 'n „Ruyterstal" word gebou by die

(1) Leibbrandt: „Précis of the Archives of the Cape of Good Hope" Lett. Rec. 1649 - 1662, II, pp. 309 - 310.

fortjies „Keert de Koe" e.a. plekke. In die Ruyterstal was plek vir 50 perde en 'n gelyk aantal manskappe. Uitstekende dienste was dan ook op die eerste ou vaste grensie tussen Tafelbaai en Valsbaai deur die perderuiters verrig.

Met die stigting van die Bewakingsposte verder na die binneland was die perd heeltemal onontbeerlik. Daar was by elke pos net 'n paar mans, en as hulle te voet oor die weg moes kom om die veeposte te besoek, of ander verbindings met die res van die garnisoen oop te hou, sou dit 'n onuitvoerbare taak gewees het. Met die man te perd kon die werk van 'n hele bataljon voetgangers verrig word. Verder was dit 'n groot besuiniging vir die regering, om met sy klein klompie soldate, op so baie plekke sy verdedigingspligte te vervul. Hierby kom ook dat die inboorling weldra 'n heilige vrees gekoester het vir die perderuiter. Hier het die Boesman veral uitgevind dat die Boer op sy perd minstens net so vlugvoetig as hyself was. Geen wonder dat die Boesman in tyd van perdesiekte en vrokte sy kans waargeneem het om sy slag te slaan teen die kudde van die Boer. Dat die owerheid in die stryd teen die Boesmans die perderuiter as 'n beslissende faktor beskou het blyk al te duidelik uit die instruksies wat van tyd tot tyd uitgevaardig was. „Ook des te sneller mogen syn, in 't agterhaal of vervolging by ontdecking van dese onbekende en quade g' intentioneerde landaart sullen tellekens te paard moeten sitten..."[1] In 1731 was die landdros van Stellenbosch baie onthuts gewees by die verneem dat burgers te voet verskyn toe hulle opgeroep was.[2] Die perd en die roer van die blanke was die twee onmisbare middels van sy bestaan in die binneland. Die geskiedenis van die land maak ~~dan ook~~ van begin tot end melding van die rol wat die perd gespeel het, nie net in die stryd om bestaan nie, maar ook in die ontwikkeling van die land

(1) Instructien 1686 - 1722. K.A.
(2) Venter: Landdros en Heemrade p. 247.

6. Die Burgers maak self 'n plan om die Boesmans te bekamp.

Die bewakingsposte was van 'n verbygaande aard en kon maar net tydelik in die behoefte van die verdediging voorsien. Wel is waar het sulke poste feitlik dwars deur die tydperk van die Kompanjie se bestuur in een of ander vorm bestaan maar dan het dit hoofsaaklik ander sake dan blote verdediging te behartig gehad. Die vokplanting het met rasse skrede voorwaarts geskuif en het dus behoefte gehad aan 'n meer mobiele stelsel as steunpunt vir sy verdediging teen die inboorlinge. Daarom kom die Boer na vore met sy eie verdediginginrigting in die vorm van die Kommandostelsel. Hieruit was die beroepsoldate verwyder weens die feit dat Holland in oorlog gewikkel word en al die bestaande magte by die hoofsetel van die regering gestasioneer moes wees, en daar nóg vir bewakingsposte, nóg vir die kommando's, soldate gespaar kon word. Soos reeds vermeld was die burgers hierdie poste, met hulle militêre-element en bedreiging van hulle vryheid van beweging, gladnie goedgesind nie; hulle het geen trane van droefheid laat vloei wanneer 'n bewakingspos afgeskaf en die soldate die omgewing verlaat nie. Die burger was 'n knapper perderuiter as die soldaat en het die land en die inboorling beter verstaan; hy was selfs 'n beter skut en het weens al hierdie redes, hom nie graag sy metode van oorlogvoer laat voorskryf nie.

HOOFSTUK 3.

Die Kommandostelsel se geboorte en ontwikkeling.(1)

1. Regerings- of Offisiële Kommando's.

Van die begin van sy ontstaan moes die blanke bevolking in Suid-Afrika 'n geweldige stryd aanknoop teen die woeste barbare wat hulle omring en teen wie hulle ~~gedurig~~ brandwag moes staan. Daar moes gedurig en teen elke prys 'n politiek van vrede en vriendskap teenoor die veebesittende naturelle gevolg word. Spoedig egter het dit nodig geword om strafmiddels toe te pas, want die inboorlinge het nie rustig toegekyk toe die blankes al verder en verder hulle land en weivelde binnedring nie. Die regering het spoedig begin met die uitstuur van regeringskommando's om weggelope slawe, gedroste matrose en soldate in die binneland te gaan opspoor. Hierdie ekspedisies het gewoonlik bestaan uit soldate en Hottentotte en aangevoer deur 'n offisier uit die garnisoen aan die Kaap. Die burgers in die binneland moes 'n handjie bysit want dit was juis hulle wat die land goed geken het en die gouste inligting en hulp kon verskaf. In sy stryd teen die Hottentotte het die regering gewoonlik kommando's uitgestuur wat bestaan het uit 'n gelyk aantal soldate en burgers. Ook het vriendskaplike Hottentotte die togte meegemaak in die hoop dat hulle deel sou hê aan die buit wat gemaak word. Van die Hottentotte was iets te haal wanneer hulle vir diefstal aangespreek word; die Boesmans egter begin die meeste las gee en hierdie arme skepsels het niks besit wat as vergoeding vir die gelede skade kon dien nie. Die Kompanjie het in die eerste instansie ook nie geweet dat die „Sonquas" of „Bosjesmans Hottentotte" 'n

---

(1) Vir 'n volledige beskrywing van hierdie onderwerp word die leser verwys na Roux: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollandse Oosindiese Kompanjie 1652 - 1795.

aparte ras vorm en g'n vee besit nie. In 1676 word 'n sterk kommando gestuur om die Boesmans vir die moord van etlike blankes aan die Breë-rivier te straf; hulle moes tot in hulle skulhoeke agtervolg en heeltemal uitgedelg word. Die Boesmanstroperye word nou so erg dat die owerheid vas besluit was „haar vyanden te vuur en te swaard te verdelgen."[1] Vanaf 1652 tot omstreeks 1700 word alle moontlike planne beraam om die Boesmans ten onder te bring met behulp van garnisoen troepe. Die burgers en Hottentotte neem uit eie beweging deel aan hierdie togte en deel in die buit wat die kommando in hande val. Die regering eien hom die reg toe om, soos elke selfrespekterende owerheid, strafmiddels self te hanteer. Dit sou nooit gaan om die veronregte party die reg en mag te verleen om ook as sy eie regter op te tree nie. Vir die Kompanjie se manskappe sou dit nie uitvoerbaar wees om op hierdie wyse die stryd aan te bind nie. Die offisiere van die ekspedisies was mense heeltemal onbekend met die land en die gewoontes van die vyand en moes dikwels verre distansies reis om op die plek van operasies te kom. Die burgers wat die kommando's meemaak, het gou-gou uitgevind dat die militêre element meerendeels 'n hindernis was om gestole vee terug te haal. Hierdie lui was volgens opdrag genoodsaak om baie sagkens op te tree en die vyand geen rede tot opstand te besorg nie. Hulle kom van uit Kaapstad en was dikwels te laat om van enige nut te wees met die opspoor van gestole vee. Daarby moes die burger, wat alles te verloor gehad het en die meeste bekwaamheid besit het om hierdie soort taak te verrig, die tweede viool speel. 'n Hele ommekeer in die wyse van oorlogvoer was gebiedend noodsaaklik as daar 'n end moes gemaak word aan hierdie Boesmangevaar wat by die dag meer ingewikkeld en kritiek geword het. Dis duidelik dat die regeringskommando's 'n mislukking was;[2] daar breek in 1700 'n nuwe periode aan, want in hierdie jaar word militêre basisisse in die binneland opgerig om die ekspedisies tot steunpunte te dien. Meer en meer word nou van die burger kragte gebruik gemaak; Holland was in oorlog met Frankryk gewikkel en die Kompanjie kon nie baie manskappe

---

(1) Res. 26 Jan. 1688.
(2) Roux: Op. cit. pp. 139 - 143.

aan die Kaap laat nie. In 1700 trek 'n kommando te velde onder leiding van Landdros Starrenburg en het uit 30 koloniste en 10 soldate bestaan en dit met die volgende opdrag: „ .. soo sullen U; als dan ook vermogens wesen met gelyke munt te betaalen; ... dat geweld met geweld tegen te gaan wettelyk toegestaan is ... behoudens nogtans, dat aan vrouwen, nog kindren eenig leet gedaan werd ... en ongekende Hottentotte, op weg, of in het veld oplopende, en haar niet willende gevangen geeven aan dusdaanige ook te mogen executeeren ..." (1) Hierdie kommando's van 1700 tot 1715 was nie suiwer burgerkommando's nie en het maar net aangetoon dat 'n oorgangsperiode bereik was. Die regering het nog terdee sy gesag gehandhaaf en bepaalde instruksies uitgevaardig. Ook was die offisiere nog altyd lede van die gereelde garnisoen, al het die meerderheid van die kommando uit burgers bestaan. In hierdie tydperk het die Kompanjie nog 'n laaste poging aangewend om met die stigting van bewakingsposte die teuels in eie hande te hou, maar ons sien dat ook dit niks baat nie, want die stroom van die voorttrekkende koloniste skuif steeds dieper landwaarts in om weldra die poste ver agter te laat. In plek dat die Boesmans minder strydlustig word, word hulle in teendeel al hoe meer astrant; verder kom die blankes gedurig met naturelle in aanraking wat op hulle beurt, deur vyande in die rug, suidwaarts gedruk word. Die burgers raak opstandig as hulle nie beskerming geniet nie van die kant van die regering aan wie hulle tog gereeld hulle belasting moes betaal. Dus staan die Kompanjie voor 'n al hoe wyer wordende tweesprong. Die burgers moes óf hulle self beskerm en op eie houtjie met die vyand afreken - óf die Kompanjie moes sy gesag handhaaf en met die stuur van 'n groot millitêre mag na die binneland die vyand op sy plek sit. Deur die nood en onmag voortgedrywe was die regering in 1715 daartoe verplig om eersgenoemde weg in te slaan en daardeur 'n

---

(1) Instructien 1686 - 1722, K.A.

rewolusie in sy voormalige politiek tot stand te bring.

2. Die Burgers was verplig hulle self te beskerm en stig hulle eie Kommando's (1715 - 1773).

Die jaar 1715 was gekenmerk deur die geweldige omvang wat die Boesmangevaar begin aanneem het. Die regering doen sy bes en stig 'n reeks bewakingsposte maar dit het weinig gebaat. Iets meer as militêre hulp was nodig om die stryd met sukses aan te knoop. Die deurslag word gegee toe die huisvrou van heemraad Pieter Russouw van Drakenstein aan die Kasteel verskyn om te kla oor die diefstal van haar trop skape deur die Boesmans en die moord op die veewagter „... en dierhalven tot agterhaling derselve versoekende, dat de beuren daar om heen mogt gepermitteert werden deselve te agterhalen, en hun geroofde buyt weeder te ontneemen."(1) Net soos 'n vrou o.a. die leiding help neem het met die stigting van die eerste kolonie boere aan die Leesbeek rivier, so ook het weer 'n vrou hier die eerste raad gegee om die vyand met behulp van die bure agterna te sit en op die wyse die grondslag help lê ~~het~~ van die eerste suiwer burgerkommando.

Hierdie versoek word toegestaan en dertig vrywilligers val in die pad agter die vyand aan. Die vee is egter nie gevind nie en moet hierdie eerste suiwer burger onderneming as 'n mislukking bestempel word. Dit toon egter duidelik dat as daar meteens kon opgetree word sonder om eers Kasteel-toe te snel, die poging wel sou geluk het. Dus vind ons ook somar uit die staanspoor uit wat die geheim van 'n suksesvolle kommandostelsel sou wees, naamlik om op te tree sonder versuim eer dat die Boesman hom met sy buit uit die voete gemaak het. Die regering verskaf die skietvoorrade en beset die militêreposte maar gee verder die beheer van die kommando's in hande van diegene wat die meeste belang

(1) Uitg. Br. 1714 - 1717. Aug. 1715. K.A.: Roux, op. cit. pp. 147 - 148.

by die saak het en die geskikste was om die volvoering van die taak met sukses te voltooi. Dit wil egter nou nie sê dat die regering ~~somar~~ met eens al sy gesag aan die burgers oorgemaak het nie. O nee, die regering was ten volle bewus van sy eie verantwoordelikheid ten opsigte van die verdediging van die inwoners teen die wilde volke wat die land op horings geneem het. In die eerste plek word die leiding van kommando's nie somar aan enige belanghebbende boer opgedra nie. Die keuse van offisiere berus in hande van die regering wat die offisiere gekies het uit die geledere van die diensdoende offisiere van die burgery. As aanvoerders van die kommando van 30 vrywilligers, wat die geroofde vee van Joost Bevernagie in 1715 moes gaan terug haal, word aangestel „Burger Vaandrig Schalk Willemsz van der Merwe en Wagtmeester Jan Harmensz Potgieter." Dat die kommando onder strenge bevele gestaan het, en nie maar na willekeur mog optree nie, bewys die volgende grepe uit die instruksies wat die offisiere ter hand gestel was: Die vee moes sonder vyandelikhede afgevat word en as dit nie moontlik was nie, dan dit te doen „door middel van geweld en wapenen." Verder moes die Boesmans gevang word, maar geen onskuldiges mag op enige wyse gemollesteer word nie, ... op poene so Ul. verkeerde Hottentots quamen te mishandelen ofte geweld aan te doen, daar over sekerlyk door de Justitie te zullen werden geconsureurt en getugtigt; ..." So vroeg as 1715 word die kwessie van vergoeding of „reprisals", wat ons nog baie in hierdie verhandeling sal bespreek, van owerheidsweë gebillik. „...sulx het onmogelyk was, het vyandig geroofde wederom te konnen krygen; omme alsdan sig.... te mogen bedienen van.... ander bestiaal van die natie in plaats te mogen hernemen." Verder moes die gevange Boesmans tesame met die buitgemaakte vee na die Landdros van Stellenbosch in veiligheid oorgebring word. Eindelik word die aanvoerders gelas om 'n uitvoerige rapport aan die regering te doen;

hierdie verslag moes gewoonlik persoonlik by die Goewerneur oorhandig word.[4] Die Kompanjie het nog altyd gestreef om so ver moontlik 'n vredespolitiek te volg en niks hoegenaamd te doen wat bereken was om kwaad bloed te set tussen blanke en inboorling nie. Waar die belange van die twee elemente bots was daar 'n sterk neiging by die bewindhebbers om die inboorling 'n bietjie voor te trek. Dit blyk ten volle uit die volgende feite: Daar moes gesorg word om „voor te komen dat men dat brutaal en barbaars volk niet nog meerder tegen d' E' Comp., dat is derselver ingeseetenen verbittert en gaande maaken."[1] Toe die kommando met baie vee in 1715 terugkeer, word die vee nie verdeel soos deur die landdros voorgestel was nie, omdat daar 'n moontlikheid bestaan het dat hulle teruggegee sou moet word.[2] Kort na die terugkeer van hierdie geskiedkundige kommando word tabak, krale en arak na die Boesmans gestuur om hulle tot die bewaring van die vrede te beweeg. So tree kleine kommando's gedurig op om die vyand die hoof te bied waar hy ook al sy kop mag uitsteek. Met afwisselende geluk word die stryd gevoer in die tydperk 1715 - 1773. Die gee van geskenke deur die owerheid het nie juis in die smaak van die burgers geval nie; en verskeie boere ten einde raad, het hulle plase verlaat en nader aan die Kaap veiligheid te gaan soek. In 1739 word 'n ernstige poging aangewend om die stropers in die Bokkeveld op hulle plek te sit. Hierdie kommando moes die vyand so lank agtervolg totdat die gestole vee, gewere, kruit, en lood teruggeneem was. Verder moes hulle die vyand die belofte afdwing om „met onse natie in vrede sullen leeven en haar geen molest meer aandoen."[3] Die kommando kon nie sy doel bereik nie. As rede word aangegee dat die riviere vol was, dat die perde in slegte kondisie verkeer het en dat meer as een boer sy plaas nie durf verlaat het weens die

---

(1) Instructien, 1686 - 1722, K.A. Res. 20.11.15: Roux: op. cit. p. 149.
(2) Res. 15 Feb. 1716. K.A.
(3) Notulen Burgerkrygsraad, Stellenbosch, 6 Junie 1739.
(4) Instructien 1686 - 1722, Bevele ter hand gest. deur Chavonnes op 20 Nov. 1715; Roux op. cit. pp. 148 - 149.

drukke tye nie. In Sept. 1740 word met 'n paar Boesman kapteins 'n soort van vrede gesluit en vyandelikhede gestaak. As teken van vrede en vriendskap word aan die kapteins stawe, met koperknoppe en die wapen van die H.O.I.K. daarop, oorhandig. Tog het alles niks gebaat nie; weldra moes die regering tot nog krasser maatreëls sy toevlug neem en word 'n verdere mylpaal in die ontwikkeling van die kommandostelsel bereik.

3. Algemene of generale Kommando's in die veld (1774 - 1795).

Sedert 1770 word die klagte oor die astrantheid van die Boesmans so algemeen dat die regering gedwing word om splinternuwe planne ter hand te neem om die Boesmans in hulle skuilhoeke te agtervolg en uit te roei. Onder die maatreëls wat bespreek word was o.a. die benoeming van 'n offisier met 'n hoër rang dan die van korporaal. Die offisiële of regerings-kommando's het gestaan onder aanvoering van die landdros, 'n vaandrig, 'n wagmeester of 'n korporaal. Hierdie korporaal word weldra genoem 'n veldkorporaal aangesien hy gedurig met een of ander ekspedisie teen vyande in die veld moes optree. Daar was in 1774 dertien sulke veldkorporaals met die militêre rang van „wagtmeester." Die pligte en werksaamhede van hierdie offisiere word noukeurig omskrywe. Ook is in 1774 vir die eerste keer 'n veldkommandant benoem omdat die koloniste daarop aangedring het dat 'n groot kommando, of algemene kommando, van 250 man, wat nou op die punt gestaan het om uit te trek, te groot was om aan die leiding van die gewone veldkorporaal toe te vertrou. „....ten einde onse voorm: ingeseetenen te herstellen, en in 't vervolg des vereyscht werdende, ook met 'n sterke hand te mainteneeren in de possessie harer wegens voorm: roveryen verlatene woonplaatsen."(1) Uit die dertien veldkorporaals word in hierdie gedenkwaardige jaar 1774 die eerste van 'n lang

(1) Notulen van Burgerkrygsraad, Stellenbosch, 28 Maart 1774.

reeks van dappere veldkommandante uitgekies in die persoon van Godlieb Rudolph Opperman, omdat hy „het nodige beleid en de meeste vereischt werdende bequaamheden en vigilantië besit het. Hy ontvang verder die rang van „kornet."(1) Ook word hierdie offisier se pligte breedvoerig omskrywe. Elke vier maande moes hy 'n breedvoerige rapport aan die landdros van sy distrik voorlê, en verskyn twee keer in die jaar persoonlik om sy rapport voor te dra. Hy ontbied die veldkorporaals om met hulle raad te hou oor die beste tyd van die jaar om kommando's op te roep met die oog op die verkry van water en weiding. Die hele organisasie van hierdie generale kommando's word duidelik uiteengesit in die instruksies wat deur die burgerkrygsraad opgestel en deur die goewerneur goedgekeur was. Die doel moes wees om die rowers in hulle skuilhoeke aan te val en tot vrede te dwing, en so nie hulle heeltemal te verdelg. Op die wyse sou die vlugtende grensbewoners weer in staat gestel word om na hulle verlate plaas terug te keer. Die wyke mog nie van diensdoende burgers heeltemal ontbloot word nie, en daarom moes een derde tuisbly onder bevel van provisionele veldkorporaals. Teen die end van die maand Augustus moes al die gekommandeerde burgers, basters en Hottentotte in drie kommando's op een en dieselfde dag vanuit drie punte die veldtog begin. Dit was nodig om op die wyse op te tree, want anders sou die kommando te groot wees en kon die „in de gebergtes wyd en zyd van elkander verspreid rovers te gelyker tyd op verscheidene plaatsen werden geattacqueerd." Die manskappe word in drie gelyke dele verdeel en so ook die ammunisie, proviand en andere voorrade. Die Kompanjie was baie besorg, soos gewoonlik, oor die optree van die kommando's en word hulle dus uitdruklik teen alle wreedheid en anders uitspattings ten sterkste gewaarsku. Wanneer die veldkommandant die Boesmans tot buite die grens

---

(1) Notulen van Burgerkrygsraad Stellenbosch, 28 Maart 1774.

verdrywe het, moes die kommando's die vervolging staak en die manskappe nie langer aan gevaar blootstel nie. Alle pogings moet nou in die werk gestel word om met hulle te onderhandel „mitsgadrs rust en vreede houding tragten te brengen." As hulle dan tot die vrede geneig was, word snuisterye uitgedeel en die belofte gedoen dat hulle ongemolesteerd sou lewe en „als dan eenige plaatsen ter bewoning te zullen geeven." Wanneer die vrede dan op die wyse gesluit was, sou dit bestendig word deur „dat ons voorm: Ingesetenen selve niet verder ofte agter de voorm: Hottentotten zig komen neder te setten, nog deselve op d' eene of ander wyze hoegenaamd ook komen te molesteeren en dus tot wraak en moord „weder ... aanleiding te geven."(1)

Die H.O.I.K. het, net soos die ou Romeine, sterk geglo in 'n politiek van verdeel en heers en word in hierdie tyd 'n aanvang gemaak met die omkoop van sekere „Craal Capitains" deur aan hul stokke met koper knoppe met die wapen van die H.O.I.K. daarop gegraveer, gegee. Hierdeur word 'n wig ingedrywe tussen die een Boesmanstam en die ander en kon die Bewindhebbers gedeeltelik hulle politiek van onderdrukking of vredehou, al na die vereiste van omstandighede, teen die wilde nasies deurvoer.

4. <u>Die Behandeling van Boesman Vroue en Kinders deur die Kommando's.</u>

Selfs in hierdie kritieke tydperk toe opdrag gegee was, om die vyand met vuur en swaard te verdelg, het die humane politiek van die H.O.I.K. nog geseëvier. „.... nog ook geen bloed buyten hoge noodzake gespild, en so veel maar enigssints mogelyk zal zyn, wyven en onweerbare manspersonen gespaard mogen worden ..."(2) Gedurig word die offisiere hierdie beleid op die hart gedruk. In 1777 word Opperman gelas om sorg te dra dat die „wyven en weerlose kinderen" gespaar word en dat die gekwetstes en gevangenes op

(1) Notulen van Burgerkrygsraad Stellenbosch, 19 April 1774.
(2) Ibid.

generlei wyse mishandel mog word nie. Van alle voorgevallens op kommando moes skriftelik van verslag gedoen en hierdie rapporte geteken word, nie net deur die veldwagtmeesters nie, maar selfs deur al die lede van die kommando. Op die wyse sou die bewindhebbers maklik kon uitvind of daar enige ongereeldhede plaasgevind het.(1) Met die uitstuur van kommando's na 1780 is aan die eenkant voortgegaan met die uitroei ~~van~~ politiek maar aan die ander kant word die grootste besorgdheid oor die lot van vroue en kinders aan die dag gelê. Die kommando kry die reg om hulle in hulle spelonke en skuilhoeke aan te val, om die lewe te bring „en ten eenemaale te verdelgen," maar daarby moes die vroue en kinders en weerlose manne gespaar bly, „en altoos schuwende 't wreed en onmenschelyk vergieten van onschuldig bloed."(2) Die vroue is dikwels weer losgelaat na afloop van die ekspedisie. Die weerbare mans en kinders word onder die mins vermoënde ingesetene vir 'n aantal jare ingeboek en as diensbodes aangehou.

5. <u>Klein of plaaslike Kommando's wissel die algemene Kommando's af.</u>

Die generale kommando van 1774 het ook nie veel teen die vyand kon uitrig nie. Reeds in 1776 kla veldkommandant Opperman alweer oor die bedrywighede van die Boesmans en die groot skade wat hulle veroorsaak; selfs die vriendskaplike Hottentotte word deur die vyand uit hulle verblyfplekke verdryw. Weer word 'n algemene kommando gelas, ~~uit~~ om uit te trek, veral met die doel om hulle tot die vrede te dwing of hulle onder die ingesetenes uit te verdryf.(3) Gedurig word nou klein of generale kommando's uitgestuur na gelang van omstandighede. Die klein kommando's word gewoonlik deur 'n veldwagtmeester, bygestaan deur 'n veldkorporaal, aangevoer. Hierdie burgermag bly vir 'n maand in die veld wanneer hy afgelos word deur

---

(1) Notulen van Burgerkrygsraad, Stellenbosch, 16 Junie 1777. Roux: op. cit. p. 168.
(2) Instructien, 1783 - 1786; Notulen van Burgerkr. Stellenbosch 14.11.80.
(3) Notulen van Burgerkr. van Stellenbosch, 7.5.1776.

'n tweede kommando.[1] In 1779 was die burgers en die regering nog net so ver van hulle doel as voorheen en word deur 'n sekere oud-burgerluitenant Evertse voorgestel om in die Hantam en die Groot Bokkeveld, waar die gevaar dreigend was, 'n ruiterwag van 30 eenlopende persone vir drie of vier maande agtereen op die been te hou. Hulle sou gereeld betaal word en die ingesetenes moes hulle van kos voorsien. Ons sien hier in sekere mate 'n terugkeer na die ou bewakingsposteidee met sy gereelde berede patrollies. Die plan word egter nie deur die krygsraad aanvaar nie.

Toe die Kaffers in die jare 1778 - 1780 ook as 'n nasionale gevaar op die toneel verskyn, was die taak ~~van~~ vir die <u>een</u> kommandant byna hopeloos geword. Met die benoeming van 'n tweede kommandant in 1780 word toe 'n aanvang gemaak. Die een kommandant kon voortaan nie sy onverdeelde aandag aan die Boesman gevaar skenk nie en word die so nodige eenheid van beleid en optree verbreek. Die burgers het om die aanstelling van 'n tweede kommandant sterk by die regering aangedringen so word ~~den ook~~ op die vergadering van die gesamentlike heemrade en krygsoffisiere van Stellenbosch op 10 Oktober 1780 tot hierdie stap oorgegaan.[2] As kommandant van die Ooste word benoem Adriaan van Jaarsveld met die rang van luitenant en as veldkommandant van die Noorde Charl Marais met dieselfde rang. Ook die veldwagtmeesters word onder hulle verdeel en eersgenoemde voer bevel oor vyf korporaals en laasgenoemde oor twee, met dieselfde aantal veldkorporaals. Tot bystand van elkeen word 'n onderkommandant benoem met die rang van „cornet." Die benoeming word van regeringsweë goedgekeur en uitvoerige instruksies aan hulle beide ter hand gestel. Die doel was „tot voorkoming en verbetering van veelerly negligentien, Onordres en Confusien, die seedert eenen geruymen tyd herwaards onder

(1) Burgerkrygsraad, Stellenbosch, 9 Maart 1779.
(2) Notulen van Burgerkr. Stellenbosch, 10 Okt. 1780.

de verafwonende Ingeseetenen hebben Plaats gehad;" en verder om die mense daar beter in staat te stel om hulle self te weer teen die Kaffers sowel as teen die Boesmans.[1] Die kommandante moes o.a. toesien dat daar 'n behoorlike en regverdige verdeling van diensdoende manskappe plaasvind, dat almal gereeld die oefeninge meemaak, dat onwilliges gedagvaar word, dat die poste van offisiere steeds deur wakkere persone gevul word, en dat die onderoffisiere hulle pligte getrou nakom. Ook kry die veldwagtmeesters opnuut uitvoerige bevele om o.a. te waak teen aanvalle van die vyande, om telkens klein kommando's te doen, beurte te reël vir kommandogangers, lykskouings te hou en nie sonder verlof hulle poste te verlaat nie. Die aanvoering van groot kommando's was uitsluitlik in hande van die kommandante geplaas. Ten einde die Boesmans te beteuel word aan die kommandante groot vryheid gelaat. Die vyande, wat weerstand bied en nie wou oorgee nie, kon hulle sonder meer verdelg. Daar is geen boek gehou van die werklike verliese deur die Boesmans gely nie; net deur die algemene kommando van 1774 is nie minder as 1006 Boesmans om die lewe gebring nie. Volgens van der Merwe se beraming kan gerus aangeneem word dat gedurende die laaste 10 jaar van die Kompanjie se bewind daar gemiddeld elke jaar 250 Boesmans deur die offisiële kommando's gedood was.[2]

6. Die burgers se wyse van storm van 'n Boesman vesting:

Die Boesman kon baie vinnig oor die aarde beweeg en daarom moes hulle steeds met perderuiters agterna gesit word ten einde hulle voor te keer of te agterhaal as hulle met hulle buit die berge wil invlug. So 'n onderneming teen die Boesmans word dan cok in die grootste geheim onderneem want as hulle eers lont ruik, was dit te vergeefs om iets uit te rig. So 'n kommando van burgers het gewoonlik die berge en skuilhoeke van die vyand snags dop gehou of hulle nie die

---

(1) Instructien 1783 - 1786; Notulen van Burgerkr. van Stellenbosch op. 14.11.80.
(2) V.d. Merwe Op. cit. Noordw. Beweging p. 65.

Boesmans se vuurtjies sien brand nie. Dit was die doel van die burgers om hulle in die geheim te oorrompel eer dat hulle die kans het om te ontvlug of die vee dood te maak. Daarom word in die nag opgetrek en geskied die aanval in die môre by dagbreek wanneer die kraaltjie se inwoners almal vas slaap na die stywe maaltyd van vleis die vorige aand. Die Boesmans het net een dier besit en die was 'n hond wat dan ook dikwels die alarm gee wanneer die kommando die skuilplek nader. Spioene, meesal Hottentotte of basters, gaan vooruit om die posisie fyn te bespied. As die aanval baie gevaarvol sou wees word in die reël van vrywilligers gebruik gemaak. Dertig tot vyftig man tree navore en bied hulle dienste aan. Die veldkommandant kies vir hom 'n stuk of tien van die dapperste manne uit en ry persoonlik met hulle vooruit in die donkerte van die môre. Die orige manne word in twee groepe verdeel om die flanke te dek wanneer die vyand na alle kante toe uitspring om weg te kom. Die voorhoede maak vir hulle 'n skild van klere of takke want almal was bang vir die gifpyl van die Boesman wat op so 'n kort afstand met dodelike effek afgeskiet kon word. So 'n skild gee skuiling aan 'n hele paar man en vang die talle van pyltjies op wat op die aanstormende burgers met mening in die skemerte gerig word. Daar word ook van kaffermatte op stokke gebruik gemaak; die word behoedsaam vooruit gedra terwyl die gewapende skerpskutters van die flanke af die aanvallers dek en elke Boesman neerskiet wat dit sou waag om die kop uit te steek met die doel om weg te kom.

Die skrywer Stow gee die volgende beskrywing van hierdie boerskilde: „Thick branches were obtained, where available, and plaited in such a way that the arrows became entangled in them or glanced off; when these were not to be had, their great duffel coats were stretched on two cross sticks, one of which was thrust through the sleeves, thus keeping them

extended as wide as possible."[1] In so 'n geveg kan 'n mens verstaan het dit maar dol toegegaan; boonop was dit nog half donker, met die gevolg dat in die worsteling meer as een onskuldige Boesman vrou en kind die lewe op die slagveld moes laat. Die burgers het ~~egter~~ in die reël hulle bevele probeer handhaaf en geen onskuldig bloed gepleng nie. Onthou moet egter word dat die volwasse Boesman so dapper was as die houtjie van die galg en hom nie maklik aan sy blanke vyand oorgegee het nie; selfs die meide het soms tot die bitter end skouer aan skouer met die mans geveg, al was dit maar net om te help pyle aangee. Die Boesman het nooit genade verwag nie en dus ook nie genade betoon nie en dit met noodlottige gevolge vir die kant wat swakste was. Na so 'n aanval kry die boere in die kraal soms die pot met gif, wat dan deur hulle begrawe word. In die kraal word verder aangetref oorblyfsels van die diere deur hulle verwoes, soos velle en gedroogde vleis. Dikwels word in die haastige vlug selfs Boesmankinders gekry en meide wat nie kon ontkom nie. Sulke gevangenes word met die grootste sorgsaamheid behandel en gebruik as lokaas om die groot Boesmans tot vrede te beweeg. Op die ou end, ten einde raad, word sulke weerlose gevangenes oorlaai met snuisterye en kos en na die kraal teruggestuur om die tyding te bring dat die witmense tog nie sulke barbare was as wat hulle oorspronklik gedink het nie.

---

(1) Stow: Races in South Africa, pp. 196 - 197; op. cit.

HOOFSTUK 4.

Die Kommersiële Beleid van die H.O.I.K. was nie bereken om die Boesmangevaar te Verwyder nie.

1. Die onbeskermde toestand van die burgers.

Vir die verdediging van die land teen vyande van oorsee het die Kompanjie soms nog geld en middele gehad, maar wanneer dit die beskerming van die koloniste teen die woeste barbare geld, was dit 'n saak van die meeste seggingskap, dog die minste geldelike verpligtings. Die pioneers van die land moes eenvoudig sien klaar te speel met hulle eie kommandostelsel en enige ander middel, so lang egter die here bewindhebbers nie met die spandeer van fondse lastig geval word nie.

Vir meer as honderd jaar moes die eerste koloniste op die grense, die reuse stryd teen die Boesmans aangord, sonder enige hoop op vergoeding vir verliese aan eiendom of andersins. Kommando's was aan die orde van die dag en tyd nog armoede durf as verskoning ingebring word om van diens weg te bly. Die aandeel van die burgers in die verdediging van hulle land kan nie met syfers gemeet word nie; wanneer die openbare veiligheid vereis dat hulle huis en haard vaarwel moes sê, om op kommando te gaan, het hulle in die reël nie teëgestribbel nie; Die burger het net verlang om in veiligheid te mag lewe en voorts sy gestole vee terug te vorder, wanneer dit die kommando mog geluk om die vyand op te spoor. By wyse van vergelding kon van die Boesmans niks geneem word nie, en moes die eienaar met leë hande huiswaarts keer wanneer sy vee reeds gedood of vermink was. Teen die Hottentote het 'n kommando meer kans gehad om vergoeding te eis vir moeite en tydverlies, want die mense was veeboere. So lees ons byvoorbeeld dat in 1674 burgers en selfs Hottentotte deelneem aan 'n kommando in die hoop dat hulle in die buit sou kon deel.

2. Belonings vir dienste deur die burgers gelewer.

Deelname aan die eerste regeringskommando's was vrywillig en die enigste besoldigde persone sou seker maar net die soldate gewees het. Hierdie troepe was egter huurlinge en sou ongetwyfeld minder in die welslae van die ekspedisies belang gestel het as die burgers wat gewoonlik die gelag moes betaal. Die enigste vorm van belonings in die eerste tydperk was niks meer nie as 'n geskenk van ammunisie, die terugwin van verlore eiendom, of deel in die buit waar die van 'n besittende vyand verkry kon word. Manskappe en geld was twee onontbeerlike faktore om die stryd teen 'n vyand te voer en geen van beide wou die Kompanjie lewer nie; gevolglik moes die hele verdedigingslas op die skouers van die burgers afgelaai word. Die regering het egter die Kommando's aan streng kontrole onderhewig gestel. In 1715 was dit die gewoonte om die buit aan die landdros te oorhandig, om onder die kommandogangers te verdeel of, waar daar vrede met die vyand gekoop moes word, die weer terug te gee.(1) In die jaar 1739 kon die volgelinge van die rebel Etienne Barbier hulle vryheid koop indien hulle aan die kommando van daardie jaar wou deelneem; ook hierdie diens het die Kompanjie derhalwe niks gekos nie.

Verskeie welgestelde mense in die Kaapse distrik het ook plase in die binneland besit, dog laat eenvoudig die verafwonendes die spit afbyt sonder om 'n vinger te verroer om hulle eiendomme te help beskerm teen die Boesmans. Daar word toe 'n bepaling gemaak wat as volg lui: "Alle sodanige ingeseetenen als daar omtrent vee plaatsen in Leenige besitten of te wel dat zy imant hunnent weegen, het zy knegts of te anderen ten dien eynde sullen moeten besorgen".(2) Hierdie kommando was nie baie suksesvol nie en een van die redes hiervoor was, die weiering van die burgers om aan die

(1) Res. 15 Feb. 1715.
(2) Res. 2 Junie 1739; Roux: Op. cit. p. 151.

oproep gehoor te gee.

Die Kompanjie het gevoel dat as hy nie in die vermoë gestel was om die gewone manskappe te vergoed nie, hy dan tog minstens die offisiere op een of ander wyse kon aanmoedig om die opofferende werk, nl. van kommando's organiseer en aanvoer, te verrig. 'n Salaris kon nie betaal word nie en daarom word daar op die eergevoel van die mense staatgemaak. In die jaar 1774 kry die veldkorporaal die rang van „Wagtmeester", en die kommandant die rang van „kornet" as aanmoediging vir hul dienste teen die vyand en dit word dan ook beskou as 'n soort beloning vir die werk wat hulle met soveel opoffering verrig. Verder word hierdie veldkorporaals van die gewone oefeninge vrygestel, maar word hulle weer aan die ander kant groter laste opgelê. Met brandewyn word die gekleurde element so 'n bietjie aangeklam wanneer hulle begin dors ly. Dit was vir die gekleurdes 'n groot attraksie om drank en volop vleis op so 'n kommando te mag nuttig, want ook hulle kon geen besoldiging van die base of van regeringsweë verwag nie.

'n Ander wyse van besoldiging was om na afloop van 'n generale kommando die gevange Boesmankinders en ander gevangenes te verdeel „onder de minst vermogendste Ingeseetenen aldaar ... om by deselve voor behoorlyk onderhoud, seekeren billyken aantal Jaaren te blyven dienen terwyl eenige derselve ten gem: einde herwaards zullen moeten werden opgebragt."(1) Hierdie vergunning sou seker vir meer as een arm boer baie welkom gewees het, want werksvolk en slawe was maar baie skaars.

Die offisiere, en veral die Kommandant, het belangrike en taaie werk te verrig want hulle moes soms maande aaneen van huis wees waardeur hulle boerderye verwaarloos. Aan Kommandant Opperman was van owerheidsweë 'n geskenk van

(1) Notulen Burgerkr., Stellenbosch, 19 April 1774.

50 Riksdalers belowe en nog moes hy kla dat selfs hierdie kleine besoldiging nie aan hom uitbetaal was nie. Hierdie bedraggie is toe aan hom uitbetaal, maar dis geen wonder nie dat Opperman kort hierna sy betrekking neergelê en na 'n ander kontrei vertrek het. Hy behou sy rang as kornet as erkenning van sy dienste in die verlede.(1)

Die uitdeel van gevange Boesmans onder lede van die Kommando het feitlik gedurende die hele bewind van die H.O.I.K. in swang gebly. Baie Boesmans het weer weggeloop en andere was liggaamlik so swak dat hulle nie van groot nut kon wees nie; soms was hulle ook maar net 'n gevaar deurdat hulle as spioene optree, om later inligting aan hulle wilde stamgenote te verskaf. Die gevangenes kan dus amper nie as 'n beloning vir bewese dienste beskou word nie. 'n Verdere wysiging word aangebring in 1792 toe bepaal word dat ook diegene wat waens en osse verskaf het, in die buit van gevangenes kon deel. Elkeen van hierdie persone het egter net een gekry en die balans word verdeel onder die wat ander onkoste ten bate van die kommando gemaak het. Al hierdie Boesmans word by die landdros van die distrik ingeboek.(2)

3. <u>Onwillige burgers</u>.

Diegene wat geweier het om op kommandodiens te gaan was talryker as wat 'n mens sou dink en hierdie mense moes deur die wet verplig word om hulle deel te doen. Gewoonlik word diegene wat weier voor die hof gedaag en 'n swaar boete opgelê - die offisiere tot 'n bedrag van 100 Rd. elk en die burgers 50 Rd. elk. Meer as een het liewer hierdie boete betaal as om op kommando te gaan. Dit het ook gebeur dat mense hulle leningsplase in die steek gelaat het ten einde hulle verpligtings te ontduik; op die wyse kom die gevaar al nader aan die poorte van die regering. Gedurig word teen hierdie lafhartige gewoonte gewaarsku en die skuldiges

---

(1) Roux, Op. Cit. p. 170.
(2) Notule van Burgerkr. van Graaff Reinet, 7 Febr. 1792.

met verlies van hierdie plase gedreig. In 1785 was ook voorgestel „Dat omme zekere Landstreek van vier dagen te Paard rydens te weeten van de zogen: van Plettenbergs tot aan de Zax rivieren, ter weringe tegen de Bosjesmans bewoons en bevolkt te krygen, aldaar Plaatsen zonder eenige Recognitie te betalen voor de Eerste Thien Jaaren mogte werden uitgegeven."(1) In 1792 was die ontevredenheid op die grense baie groot en was daar tekens van verval van die Kompanjie se mag aan die Kaap. In 1792 vra die burgers van Graaffreinet dat hulle van alle rekognisiegelde vrygestel sou word; dis onmoontlik, so beweer hulle, om die koste van kommando's te dra, persoonlik diens te lewer en dan nog boonop belastings te betaal. Verder vra hulle 'n premie van 20 tot 30 Rd. vir elke gevange Boesman wat hulle na die Kaap sou bring. Aan hierdie versoeke kon, weens die omwentelinge wat voor die deur gestaan het, nie gehoor gegee word nie. Die regering gryp op hierdie tydstip hot en haar na alle moontlike middels om sy gesag te handhaaf. Die grensdistrikte word oorstroom deur Boesmans en Kaffers, wat dit vir die mense daar baie suur gemaak het en wat vir hulle drywe na die enigste moontlike oplossing en dit was om die gesag van die Kompanjie omver te gooi en 'n eie selfstandige republiek te stig. Die swakheid van die regering tree egter nêrens duideliker op die voorgrond nie as in die beleid wat hy teenoor die inboorlinge gevolg het en in sy pogings om die kommandostelsel aan bande te lê.

4. <u>Kleurlinge as deel van die burgerkommando's.</u>

Die geskiedenis van Suid-Afrika lewer baie gevalle op waar die owerheid van kleurlinge elemente gebruik moes maak om sy binnelandse vyande te bekamp. Die politiek van verdeel en heers vier dan ook hoogty in hierdie opsig en dra die H.O.I.K. die twyfelagtige eer weg dat hy die grondslag gelê

(1) Notulen van Burgerkr. Stellenbosch, 19 April 1781.

het van 'n beleid wat in later jare baie wrange vrugte sou dra. Die regering het met hierdie gedragslyn veral twee oogmerke in die skild gevoer. In die eerste plek het hierdie gebruik so pragtig ingepas by die kommersiële politiek van groot winste en klein uitgawes; daarby was die kleurlinge uiters geskik om op te tree as spioene en ook as vegters teen 'n vyand met wie se doen en late hulle beter vertroud was as die blanke. Reeds in van Riebeeck se tyd, toe daar teen die vlugvoetige vyand opgetree moes word en toe bevind was dat die Hollandse soldaat met sy swaar mondering nie by magte was om hulle in te hardloop nie, was van slawe en bandiete gebruik gemaak. Die Hottentot het weldra die blanke as sy meerdere beskou en kom hulle selfs van afgeleë streke om by die witman beskerming te soek teen ander stamme. In 1674 word die regeringskommando van bevriende Hottentotte vergesel en het goeie werk verrig met die opspoor van die vyand. Die vrees dat hierdie barbare hulle aan buitensporighede sou skuldig maak, is deels verwesenlik geword. Die Hottentot het ook met die Boesman 'n appeltjie te skil gehad en dis geen wonder dat die regering teen wreedheid moes waarsku nie; trouens waar die twee barbaarse nasies met mekaar op die slagveld bots, kon nie verwag word dat dit alles baie ordelik en Kristelik moes toegaan nie. Die volgende waarskuwing was in besonder aan die offisiere in hierdie verband gerig: „te hare byhebbende Hottentots, welke laatst in 'n algemeen, zeer, door de Bosjesmans, mishandeld werdende, diesweegens wel wraak zouden willen neemen ..."(1)

Tog was hulle vir so 'n ekspedisie van groot waarde; hulle het vrywilliglik meegegaan sonder dat enige vergoeding, behalwe kos en drank aan hulle uitgedeel was. Ook in 1676 het Hottentotte die kommando teen die Sonkwas aan die Breë

(1) Krygsr. Res. Stellenbosch 1777 - 1784. Op datum 16.6.1777.

rivier meegemaak en gehelp met die opspoor van die diewe en moordenaars. Van nou af was dit feitlik reëlkom van Hottentotte gebruik te maak wanneer daar teen die Boesmans opgetree word. Toe in 1773 besluit was om 'n generale kommando uit te stuur was al dadelik gevoel dat die hulp van die Hottentotte onontbeerlik sou wees vir die agtervolg van die vyand tot in sy bergagtige skuilhoeke. Daarom word deur die Landdros en Heemrade 'n lys geëis van name van Hottentotte, by die burgers in diens, wat in staat was om die geweer te hanteer en die tog mee te maak. Uit die 250 manskappe, wat die groot kommando uitgemaak het, was nie minder as 150 gekleurdes nie.(1) Net soos dikwels vroeër die geval was, moes die regering ook in 1777 'n waarskuwing uiter en aan Opperman opdrag gee om toe te sien dat die meegaande Hottentotte die gekwetstes en gevange Boesmans "niet mishandeld nog op een cruille wyse werden om 't leven gebragt.(2)

Dit was sedert 1774 ook die gewoonte geword om basters vir kommandodiens te kommandeer. In diervoege word bevele gegee met die verdere bepaling dat alle onwilliges na Stellenbosch opgestuur moes word.(3) Hierdie opkommandeer van basters het ook sy eienaardige probleme opgelewer. So was daar die geval van 'n baster, W.H. du Plooy, wat geweier het om sy seun op kommando te laat gaan aangesien die blankes nie met basters in die gereelde burgery wou gaam dien nie. As hulle dan nie goed genoeg was vir die staande burgermag nie, dan was hulle ook nie op kommando welkom nie, so redeneer du Plooy.(4) Ons moet uit hierdie standpunt van die burgers aflei dat hulle op die los, halfmilitêre kommando's nie omgegee het om basters in hulle midde te hê nie, maar, wanneer dit geld die saam eksersiediens doen in die teenwoordigheid van die publiek, dan het die rasbewuste

---

(1) Krygsr. Res., Stellenbosch, 18 Des. 1773; Notule Burgerkr. Stellenbosch, 19 April 1774.
(2) Notulen Burgerkr. 16 Junie 1777, Stellenbosch.
(3) Burgerkr. Stellenbosch, 6 Maart 1781.
(4) Dagregister van Stellenbosch en Drakenstein 1777 - 81. Sien ook : Mc Crone: Race Attitudes p. 133.

boerebloed teen die uitwis van 'n kleurlyn in opstand gekom. Dit was egter nie die gebruik om somar voor die voet kleurlinge in kommandodiens te neem nie, want ons lees dat met die generale oponthoud in 1741 die volgende bevel uitgevaardig word: „... door de resp: ingeseetenen der buyten districten zoo veel van derselver Leyfeygenen en Zodanige hottentotten, die voor kundigheid der behandeling van 't geweer, van dienst zoude kunnen zyn zullen moeten op en meede gebragt worden, ..."(1) Die H.O.I.K. het nie mense gehad om al die leemtes in die kommando's aan te vul nie en daarom moes die kleurlinge en basters bygehaal word; hulle moes darem bekwame wadrywers, goeie skuts, of iets dergeliks wees. Hierdie arbeid was goedkoop en daarby onmisbaar vir die verdediging van die binnelande; die geskiedenis het egter geleer dat daar meer toe nodig is om die Boesmangevaar die hoof te bied.

5. Die Segregasie-idee word ingelui.

Uit 'n ekonomiese oogpunt beskou was dit 'n vereiste vir die H.O.I.K. om die grense van die volkplanting aan die Kaap so beperk moontlik te hou. Met die wegtrek van die blankes verder van die Kaap af het die sorge van die regering steeds in omvang toegeneem. Nuwe drosdye word ingestel om die koloniste se belange te behartig en tegelyk 'n wakende oog te hou oor die rustelose elemente wat maar te geneigd was om twiste met die inboorlinge te veroorsaak. Die segregasie-idee pas mooi in by die Kompanjie se kommersiële beleid en is werklik so oud soos die Kaapse wapad, soos die oumense sou sê. Met die Boesmans was dit heel moeilik om tot 'n ooreenkoms te geraak in verband met grense, aangesien hierdie volk geen benul van besitreg gehad het nie en dus ook nie binne eie gebied vasgelê kon word nie. Tog was ernstige pogings aangewend om die blanke kolonisasie

(1) Extract Resolutien 1686 - 1800. Op 14 Aug. 1759.

binne bepaalde perke vas te pen, al was daar nooit juis oorgegaan om die noordgrens vas te stel nie. So byvoorbeeld word die koloniste aangeraai om saam te woon: „... doet het tezamen woning der Ingezeetenen in eene geschikte nabyheid tot elkanderen, deselve zo veel te beter in staat mogen zyn, om in cas van nood en by aanvallen der Bosjesmans Ottentotten, schielyk de magte by een te brengen, die tot der selver agterhaling of afwending werd vereyscht."(1) 'n Paar jaar van te vore was dit as beleid neergelê om hulle tot die vrede te dwing of „gantschelyk van uit den omtrek der presente bewoning onser Ingeseetenen te dryven..."(2)

Die Kompanjie se hele bewind aan die Kaap het vir baie jare swanger gegaan aan 'n reeks van inkonsekwensies. Aan die een kant wou die regering nie hê dat die kolonie te vinnig uitbrei en die grense oorskry word nie, maar hy het aan die ander kant weer nie geskroom om, terwille van rekognisiegelde, die bevolking met straf te dreig nie indien die leningsplase verlaat word. Hierdie plase was dikwels ver uit gestoot en omring van rowende Boesmanstamme en was nie altyd die moeite werd om te bewoon nie. Die plase moes bewoon word sodat die jaarlikse rekognisiegelde kon opgebring word „ten einde alzo weeder tot vergoedinge der ongelden, die d' E. Compie met het aanleggen der magistrature aldaar komt te lyden..."(3)

Die Hollandse bewind aan die Kaap het nie daar in geslaag om die Boesmangevaar onder die knie te kry nie, Tog is in hierdie tydperk die grondslag gelê van die beroemde kommandostelsel wat juis sy oorsprong te danke het aan die langdurige stryd met hierdie wilde mense. In die volgende hoofstukke bespreek ons die verdere verloop van die stryd en die verdedigingsmiddels wat aangewend was.

---

(1) Instructien 1783 - 1786; Roux: op. cit. p. 180.
(2) Burgerkr. Stellenbosch, Mei 1777.
(3) Instructien, 1783 - 1786.

HOOFSTUK 5.

Die Kommandostelsel en Mensliewendheid wissel mekaar af in die Stryd teen die Boesmans (1795 - 1836).

Nadat die Britte in 1795 die Kaap verower het was alles in die war want daar was opstande in die binneland en onsekerheid omtrent die toekomstige regering van die land. Dit was 'n tyd van oorlog en 'n aanval deur 'n vyand van oorsee kon enig oomblik verwag word, daar die Franse heerskappy vinnig aan die opkom was en weldra selfs in Afrika sy verskyning sou maak. In 1782 was Franse troepe aan die Kaap gestasioneer en, met die Kaap as die sleutel tot die Ooste, sou 'n mens verwag dat die belangstelling van Frankryk op hierdie tydstip nie juis sou verflou nie. Die spook van 'n moontlike aanval van 'n vyand van oorsee was by die Kaapse regering geen herseskim gewees nie. Dit was egter nie die maatreëls teen 'n vreemde moondheid wat hoofbrekens veroorsaak het nie, maar wel die verdediging teen die woeste barbare wat die regering in die oog gehad het. Die Britse beleid het nie veel verskil van die van die laaste jare van die Hollandse bewind nie want die tyd van die "Edele Wilde" het reeds aangebreek lank voor dat die Engelse die voet aan Suidafrikaanse strand gesit het.

1. Afskeiding as oplossing ter hand geneem.

Die segregasie-idee was geen nuwigheid nie want reeds in die H.O.I.K. tydperk was pogings aangewend om die lastige Boesmans na een kant toe te skuif. In 1797 probeer Macartney om die grense van die Kolonie te bepaal en opdrag word gegee dat, indien die Boesmans nie vrywillig wou terugkeer nie, hulle met geweld forseer moet word om dit te doen.(1) In sy later Proklamasie van 14.7.1798 het Macartney neergelê

(1) B.O. 65; Theal, History of S.A. I, p. 36.

dat die Boesman se gebiede nie as jagvelde of weivelde gebesig mog word nie; hierdeur sou die wild verstoor word en die inboorlinge aan armoede en geweld ten prooi val, wat weer op sy beurt tot rowery deur die Boesmans aanleiding sou gee. (B.O. 64) „that they are to be left unmolested in the enjoyment of their property, provided they will remain within the limits of their own country, and on their part abstain from exciting the necessity of harsh measures."(1) Verder word dan gesê dat daar vir hulle genoeg grondgebied is, anderkant die Sakrivier na die Kareeberge se kant toe en dat hierdie gebied deur al die partye eerbiedig moes word. Macartney het klaarblyklik onder 'n misverstand verkeer en dus kon sy grensvasstelling tog nie die Boesmans in toom hou nie. Hulle het as swerwersvolk geen benul van grense gehad nie en, daar hulle self geen besittings gehad het nie, was hulle ook nie van plan om die van die blanke te respekteer nie; die jaargety, voorspoed of teenspoed het die verblyfplek van die Boesman bepaal. Met mense wat in klein groepie en afsonderlik van mekaar woon, dikwels deur vyande voortgedrywe, was geen huis te hou nie. Die bewering van Macartney klink inderdaad baie hol wanner hy sê dat „men van hun niets anders begeert, als dat zy stil en vreedzaam op hun eigen grond gebied verblyven."(2) Dat Macartney die onmoontlikheid van sy opdrag self moes ingesien het, blyk uit die volgende opdrag aan Bresler: „But with the Bosjesmen, who are perfect savages, it will be allways difficult to maintain, at least without much bloodshed, the limits to be fixed. Still good order requires that they also should be forced to remain in their own country."(3) Dit was baie moeilik om die grens te handhaaf omdat die Boesmans op hierdie tydstip al verder tussen die blankes ingedring

(1) B.O. 51.
(2) G.R. 1/2, Macartney - Bresler, 15.5.98.
(3) B.O. 65, Instruction to Public Depts. of Govt. 1796 - 1801.

het met die gevolg dat meer as een boer sy plaas moes verlaat. Dit was noodsaaklik om die boere te probeer beweeg om nie weg te vlug nie en van daar die verordening aan die veldkornetskappe van die Zuurveld, Tarka, Zwagershoek, Sneeuwberg en Nieuweveld, wat deur die Kaffers of Boesmans verdrywe was, dat hulle vir die volgende ses jaar hulle plase sonder die betaling van huurgelde kon bewoon, mits hulle binne vier maande daarheen sou terugkeer. Aan andere is weer agterstallige huurgelde tot 16.9.95 kwytgeskel as hulle dadelik na die plase wou teruggaan. Hierdie beleid skyn vir ons 'n negering te wees van die beleid van afskeiding want baie van hierdie plase het diep die land in gelê en was gedurig aan Boesmanstroperye blootgestel. Dit blyk dat Macartney die grens anderkant die leningsplase wou trek en daarom bepaal hy in Art. 26 van sy instruksies aan Bresler dat „all further enlarging of this colony would be an absolute cruelty with respect to the natives."(1) Wanneer die land van oorkant die Oranjerivier binnegeval word, soos dit die geval was in 1797 ~~met~~ deur 'n 800 Hottentotte en Boesmans, laat die goewerneur weet dat „geene geweld werde gebruikt of eenige overlaat hen werde aangedaan, ten zy drukkendste noodzaakelykheid of zeer ongenschynlyke gevaar de Inzeetenen verpligtte toevlugt tot wapenen te neemen ..."(2) maar hulle moet vriendelik gevra word om terug te gaan. Macartney het, soos hieruit blyk, sy eie afskeidingsbeleid nie te ernstig opgevat nie.

Ook in die tyd van die Bataafse bewind word die kwessie van afskeiding te berde gebring. Toe 'n paar boere vra om oor die grense te trek om te gaan houtkap en wildskiet, ook vir die Boesmans, het Landdros Stockenström dit ten enemaal belet en die versoek van die hand gewys.(3) Daar is ook by

---

(1) B.O. 50 Lett. Desp. 1797 - 1798; Theals Hist. of S.A. I, op. cit. p. 36.
(2) Stellenbosch Arg. Ink. Br. Ross - van der Riet 29.5.97.
(3) B.R. Bylagen 1804. Stockenström - Janssens 22.8.04.

een geleentheid aan die hand gedoen om die landsgrense in te trek as 'n middel om die Boesmanvraagstuk op te los. Die grense in die Noorde sou dan ingetrek word terwyl die koloniste nader aan die see in die vrugbare streke geplaas word. „... daar door, aan deeze Boschjes-Mannen, die nu in de woeste, onvruchtbaare noordelyke streeken, tusschen de Zee-koe en Orange Rivieren, een zwervend en vluchtend leven leiden, eenen meer vruchtbaaren grond in te ruimen, wanneer zy, minder gebrek hebbende, en geene vyanden meer, in hunne nabyheid ziende, van zelve, zullen establiseeren, en door den tyd terug krygen, die gerustheid, aan het climaat ei."(1)

Die grens was nie juis vasgelê nie en tog was die Sakrivier in sekere mate as die skeiding tussen die Boesmans in die Noorde en die blankes in die suide beskou. Toe in 1804 met Goedhart 'n ooreenkoms getref was het hy op hom geneem om sy mense in orde te hou en belowe om „nooit of te nimmer hun met pyl en boogen aan deese zyde der Zakrivier vertoonen..."(2) Die noodsaaklikheid dat die Boesmans vee en land moes hê was van die vroegste tye af gevoel,(3) maar die uitvoerbaarheid van so 'n beleid was afhanklik van die beskawingspeil waartoe die Boesman as volk kon klim. Byna 150 jaar moes verloop voordat onlangs deur die Unieregering 'n reserwe ingerig word waar die laast oorblyfsels van hierdie ongelukkige volk hulle rugstig kon neerset en waaruit hulle, nóg hulle nageslag verjaag sou kon word. Die idee van segregasie het bly voortlewe onder die Britse regering, maar, sover dit die Boesmans aangaan, was dit nooit werklikheid geword nie.

2. <u>Vee word aan die Boesmans gegee.</u>

Gepaard met die gedagte aan 'n eie stuk grond vir die Boesmans was van tyd tot tyd pogings aangewend om vir hulle <u>vee by die burgers</u> te kollekteer. Twee veldwagtmeesters,

---

(1) B.R. 86 Kaapsch Rapport.
(2) B.R. 59. Bylagen 1804.
(3) De Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop I, p. 1940.

Gideon Louw en Gerrit Visser, het hulle veral in hierdie saak geinteresseer en lyste geopen waarop elkeen dan sy bydrae met sy naam kon inskrywe. 'n Kommissie word in 1798 na die Renosterberg gestuur om die Boesmans aldaar die nadele van hulle rowerye voor te hou; hulle moes aangemoedig word om net soos die Kaffers met vee te boer en sodoende „een veel voordeeliger en vaster bestaan voor haar nooddruktige behoeftens konden erlangen ..."(1) By die geleentheid is 283 skape op die plaas van van der Walt versamel en aan die Kaptein oorhandig tesame met ander snuisterye en 'n rotting met koper knop. Persone is aangestel om die uitwerking van die geskenk te sien. By wyse van 'n proklamasie het Macartney op 24.7.98 die saak 'n verder stoot gegee en die rapport van Louw en Visser aangeneem. Die gekollekteerde vee sou uitgedeel word in teenwoordigheid van 'n veldwagtmeester en 'n paar getuie, terwyl die kaptein as onderdaan van die regering erken word. Geen kommando sou teen hierdie Boesmans uitgestuur word nie en hulle bly in ongestoord besit van die land tussen die Sakrivier en die Kareeberge; hulle kinders kon nie afgeneem en tot slawe gemaak word nie. Op hierdie wyse was 'n soort van verbond met hulle gesluit. In een slag was 1600 skape en 30 beeste versamel en onder hulle uitgedeel. Ook het van der Walt opgetree as die groot vredemaker en vriend van die Boesmans. Landdros Bresler gee bevel dat almal hom in sy lofwaardige pogings behulpsaam moet wees en wel in die volgende woorde „tot den vreede geneigde Bosjesmans Hottentotten dienen te berusten in handen van eenige goede en Ervaarene Ingeseetenen welke 't naast aan de Limiet-Scheiding tusschen ons en de gemelde natie woonagtig zyn... Terwyl voorts alle en een eigelyk der Ingezeetenen gelast word meergem: van der Wald geensints in zyn heilsaame pogingen te verhinderen, nog veel minder teegen

(1) G.R. 1/2, Vergadering van Landdros & Heemraden met krygsoffisiere op 3.12.98.

te gaan op verbeurte van zodanige straffen als ten dien belange bereids door 't Gouvernement is gestatueerd dan nog wel mogt gestatueerd worden ... van der Wald in zyne qualiteit al daar toe gecommiteerd te respecteeren en te gehoorzaamen."(1)

Die Boere het die harde kritiek van Barrow en Macartney op hulle Boesman beleid ten seerste gevoel en het dus gemeen om op hulle eie wyse te probeer om die Boesmans op 'n vreedsame manier te bevriend en aan die wêreld te toon dat hulle gladnie ontbloot was van 'n menslike gevoel nie. Ons kan die verdrag van 1798 met die Boesmans beskou as 'n uitvloeisel van die Boere se eie optree en moet aangemerk staan as "het fondament van de richting van toegeeflykheid en menchlykheid nu gevolgd jegens dit ongelukkig ras."(2) Hierdie stelsel van vrye gifte het ook sy nadele gehad, want dit het beteken dat elke jaar die koloniste as 't wate die rus moes koop, wat dan deur die vyand as 'n teken van swakheid kon beskou word. Die uitdeel van die vee het nie altyd die nodige effek gehad nie; die deel van die Boesmans, wat geen vee gekry het nie, kon tog ook nie sit en doodgaan nie maar moes aan die steel gaan waar en wanneer die geleenthéid hom voorgedoen het. Wat nie dadelik opgeëet word nie, word eenvoudig deur die sterkeres afgevat en weldra was die ou klompie "Vredemakers" weer net so arm en ellendig as vroeër. Die bedoeling met die vee uitdeel was verder om die hulp van die goedgesinde Boesmans te koop in die stryd teen die andere diewe, wat hulle veronderstel was om aan die owerheid uit te lewer. So bevoorbeeld het van Ryneveld in 1805 gedreig om die volgelinge van Kaptein Tas dood te skiet as hulle die skelms onder hulle nie uitroei nie "want dat de goede Vreede Makers zorgen moet, dat hulle maats geen

(1) B.R. 11/26. Bresler aan veldkornette op 18.11.98.
(2) Borcherds: Bladen uit de Memoirs ens. p. 51.

kwaad meer onder de menschen doet."[1] Die Boesmans verlekker en kom weldra in klompe van 30 en meer om te bedel; hulle bly vir weke op die plaas, bespied alles noukeurig en steel nog boonop die vee van hulle weldoener. So word daar in 1809 die volgende klagte verneem: „het scheynd myn als of die vreede bewerkers geen goed kennis heeft met de Bosjesmans vreede te maaken, om reede dat de rooveryen, en moorderyen geen eynde neemt..."[2]

Die uitdeel van vee het bly voortbestaan as 'n middel om die Boesmans tot beter insigte en gewoontes te probeer beweeg tot in die dertiger jare. In 1827 word gekla oor die mislukking van hierdie stelsel in die volgende betekenisvolle woorde „en wy by het tegengaan met goed en kwaad geen verandering zien zyn wy egter ~~egter~~ als beschaafde wys genoeg om de verwoestheid van die Natie in aanmerking te nemen en nog gedurig te trachten naar hunne verbetering.[3]
In dieselfde jaar is in die Winterveld 843 skape versamel met die doel om die Boesmans te beskaaf en die bloedvergiet stop te sit. Die enigste alternatief vir die bloedvergieting was om vee uit te deel want „wy alle kan 't Waarheid seggen dat alle diergelyke gevallen voor ons selfs eene walg is."[4]
Omdat die rowerye bly voortduur word die offisiere dit op die hart gebind om 'n middel te baraam waar deur bloedvergiet vermy kon word en daarom „aan die Bossiman Naatsie ten hunner behoeften meede te deelen waar door wy meen veele moetwilligheeden ... uit weg te ruimen."[5] Die plan om met geskenke die vrede te koop is so oud soos ons geskiedenis self en het nog steeds soos ook in die geval van die Boesmans op 'n hopelose mislukking uitgeloop, Weliswaar het dit geluk om 'n klompie Boesmans tot veeboertjies te

---

(1) B.R. 72 Bylagen Van Ryneveld-Janssens, 30.10.1805.
(2) 12/1 G.R. 10.6.09 Meyer - Stockenström.
(3) G.R. 14/6. 18.6.27.
(4) G.R. 14/6. 13.5.27.
(5) G.R. 14/6. 13.5.27.

hervorm, veral waar hulle as veewagters by die blanke ook hulle vee saam met die van die baas opgepas het. Van selfstandig veeboerdery was geen sprake nie omdat die wilde nasie geen regering, vaste woonplek, sosiale lewe of individuele eiendom besit het nie. Waar die filantropiese werk aan die een kant aan die gang was het die kommando's ook nie stilgesit nie, maar die gevaar die hoof gebied.(1)

3. Die uitdeel van snuisterye.

Die Boesman was soos 'n klein kind wat met die eenvoudigste en nietigste ou persentjie tevrede gestel kon word. Van hierdie swakheid het die blankes dan ook ruimskoots gebruik gemaak in hulle handelinge met die primitiewe Boesman. Die Boesmans het niks besit nie en kon nie soos die Kaffers iets in ruil teruggee nie; dus was die uitdeel van snuisterye deur 'n kommando, of andersins, niks anders nie as 'n omkoopmiddel om hulle tot die vrede te beweeg. In 1798 het 'n klomp Boesmans tussen die blankes in die Graaffreinet distrik ingedring; hulle is toe na die drosdy ontbied waar hulle op die vriendelikste wyse onthaal was, oorlaai met allerhande snuisterye en toe na hulle kraal teruggestuur „ten eynde de overige van haare natie te overtuygen van onze vriendelyke gezindheid jeegens haar en langs dien weg eene vreedzaame communicatie met deese wilden te openen..."(2) Goewerneur Janssens moes in sy tyd veldkommandant van der Walt waarsku om spaarsaam te werk met die uitdeel van die snuisterye, want daar was oorlog in Europa en die goed was te skaars om te kry- „er moet niet als voor onvermeidelyke commando en dus voor Landsdienst van gebeezigd worden." Hy antwoord verder dat hy geen

(1) Sien verder: van der Merwe, op. cit. pp. 67 - 72; Placcaate boek B.O. 62; Reizen in Z.A. op. cit. pp. 178 - 179; Theals, Records Vol. 35, p. 320; Thompson: Travels & Adventures in Southern Africa, I, p. 295.
(2) G.R. 1/2 Vergadering van Landdros & Heemraden en Krygsoffisiere, 6/8/98.

skulpies meer in voorraad het nie maar hy stuur o.a. die volgende: 30 pd. tabak, 37 sakspieëls, 50 Boslemmer messe en skede, 50 tondeldose en vuurslae, 20 vadem „zeegelyn", 20 stringe seilgare, „een Partye groote en blaauwe en witte Coraalen."[1] Die Boesmans was as gevolg van hierdie vrye gifte, veral arak en tabak, spoedig heeltemal bedorwe en word ~~dan ook~~ by die dag lastiger. Baie mense het weldra begin kla dat hulle met die uitdeling nie langer kon volhou nie „om gaande te houden met aan deselve kost, tabak ens. te besorgen"[2] Net soos stout kinders het die Boesmans gekla dat daar onreg geskied, en van der Walt skryf as volg oor die beweerde voortrekkery: „de Bosjesmans seg, dat de ander kwaat, dat zullie niet gekreegen heef, toen de Gouverneur generaal in de Veld geweest ben."[3] Dit spreek van self dat die regering meer moes doen om die koste van die snuisterye te help dra. Landdros Stockenström belowe die koste van tabak en dagga self te dra tot 'n bedrag van 15 rd.[4] In 1813 word weer nuwe middels terhand geneem om die Boesmans te versoen met die uitdeel van snuisterye, die koste waarvan uit die koloniale kas gedek word.[5] Collins in sy beroemde rapport het aanbeveel dat die koste van snuisterye deur die distrikskas gedra word en dat daar 'n belasting uitsluitlik vir hierdie doel opgelê word. „It seems to me", so sê Collins, „to be extremely unjust that the inhabitants of the Cape and its neighbouring districts should not only be freed from the dangers and inconveniences to which those residing near the borders are subjected, but that they also should be exempted from sharing in their expences."[6]

---

(1) B.R. 40, Janssens - v.d. Walt 25.10.03.
(2) B.R. 53. Bylagen 1804. Stockenström - Janssens 22 Aug. 1804.
(3) B.R. 40. Bylagen v.d. Walt - Janssens 20/9/03.
(4) G.R. 16/1. Stockenström - veldkornet Venter van Renosterberg 7.6.05.
(5) C.O. 8/2. Alexander - Fischer te Gr. 10.6.1813.
(6) Theal, CC. Rec., Vol. 7, p. 117; Moodies Rec. Part V, p. 24.

4. Wildskiet vir die Boesmans.

Die Boesmans was nie net van snuisterye en vee voorsien om hulle onder die duim te hou en tot vrede te dwing nie, maar selfs wild was van tyd tot tyd vir hulle geskiet. Daar kom tye van skaarste wanneer hulle van honger moes omkom indien daar nie vir hulle op een of ander wyse gesorg word nie. Die Boesman met sy primitiewe wapens was nie in staat om die wild altyd in die hande te kry nie en dus was die koms van die jagter in sy gebied 'n teken van voorspoed. As gevolg van die aantygings van sekere skrywers as sou die blanke die jagvelde van die Boesmans verower en die wild daar verjaag, het die verskillende regerings, in hierdie tyd van filantropie, dikwels „het ter jagt ryden in het Boesmansland" stop gesit. Die burgers het soms ammunisie aangevra by die regering om, soos hulle beweer vir die Boesmans te gaan wild skiet en dit veral wanneer die nasie besonder lastig word.(1) Die Goewerneur het in 1804 die jag op wild in Boesmanland totaal stopgesit. Hieroor kla Lichtenstein want hierdie vermaarde skrywer vertel dat hy op sy reise tot die oortuiging gekom het dat daar volop wild oor die hele land was. Die Boesman met sy swak middels kon hiervan nie ten volle gebruik maak nie en moes te midde van die oorvloed tog nog van honger omkom. „Nay I have myself heard them complain of the discontinuance of these hunting parties, since they were, they said, beneficial to them, as they got the refuse..."(2) In 1810 word regulasies vir die distrik Tulbagh opgestel, oor jag buite die grense, waardeur aan die Boesmans 'n deel van die wild gegee moes word; baie Boesmans het van die kans gebruik gemaak om die jagpartye mee te maak. Die twee kommissarisse, Cloete en Strubberg, beveel die wildskiet vir die Boesmans sterk aan in hulle

---

(1) B.R. 40, Bylagen. Janssens - Gerotz. 16.10.03; B.R. 40. Bylagen. Van der Walt - Janssens. 20.9.03; B.R. Bylagen 1804. Stockenström - Janssens, 22.8.04.
(2) Lichtenstein: Travels in Southern Africa, pp. 122.

rapport aan die regering. Hulle meen dat die doel van die jagpartye tog nie is om die wild te verjaag nie, maar om die hongerige Boesmans van kos te voorsien. Die wild moet nie as die natuurlike voedsel van die mense beskou word nie en so het hulle ook nie gedink nie, „integendeel zy merken de jagtpartyen aan als een teken van vrede, vriendschap en vertrouwen en zodra zy deselve gewaar worden vervoegen zy zig by dezelve, en zyn de jagers behulpzaam..." Wanneer die jagpartye ophou was die Boesmans gewoonlik baie teleurgestel en was dit in hulle oë 'n onvriendelike gebaar aan die kant van die witman. Die kommissarisse het toe sterk aanbeveel dat aan die landdroste die diskressie gelaat word om jagpartye weer toe te laat.(1)

Die gewoonte om ammunisie by die regering te kry om wild vir die Boesmans te skiet, en natuurlik vir hulself ook, het onder die koloniste bly voortbestaan tot baie jare nadat hierdie rapport ingedien was. Die regering het natuurlik 'n wakende oog gehou en wou alles vermy wat bereken was om 'n wanverhouding tussen die Boesmans en die blankes te veroorsaak. Ons meen dat die jagpartye die vertroue van die Boesmans geniet, en ook hulle deeltjie bygedra het, om die Boesmans tot vriende van die witman om te skep en gehelp het hierdie netelige vraagstuk op te los.(2)

5. Sendingwerk onder die Boesmans.

Die omwentelinge in die wêreld teen die end van die 18e eeu het vir baie jare ook in Suid-Afrika sy nasleep gehad en was daar groot belangstelling in die geestelike welvaart van die veragtende volke gaande gemaak. Ongelukkig het die sendelinge, wat hulle as kampvegters van die heiden opgewerp het, nie nagelaat om hulle met die politiek van die dag besig te hou nie. Die gevolg was dat deur hulle eensydige

(1) Worc. Argief, 11/2. Rapport van Strubberg en Cloete, 28.2.12.
(2) Sien verder: Van der Merwe, Die Noordwaartse Beweging... pp. 72 - 78.

en dikwels vyandige houding teenoor die blanke koloniste hulle weldra 'n rampspoedige verhouding teenoor sendingwerk in die algemeen geskep het. Collins in sy rapport van 1808 beveel middels tot beskawing van die Boesmans aan wat sou dien tot oplossing van die Boesmanvraagstuk. Hy sê dat die gewoonte om vee vir hulle te versamel 'n end moet kry, want die Boesman lei daaruit af dat die blanke vir hom bang was en daarom gee hy vir hom geskenke om hom stil te hou. Hy gee aan die hand dat die sendelinge die beskawingswerk moet verrig en dat by die sendingstasies goedere gelaat moes word om vir ~~t~~roor, volstruisvere ens. aan die Boesmans te verruil. Vaklui moes hier geplaas word om hulle te onderrig maar dat die Boesmans onder geen omstandighede toegelaat word om, behalwe as veewagters, onder die blankes in te trek nie. Wanneer daar geroof word moes die vyand nie verder as die grense agtervolg word nie, maar die superintendent van die stasie kon die vee laat terughaal en die diewe vir die oortreding straf. Die Boesman moes onder die indruk gebring word dat die burgers magtig was om hulle te bestry en die regering om te straf.[1] Later is ook 'n sendingskool bêpleit deur Strubberg en Cloete, wat in die buite distrikte rond gegaan het, mits hierdie skool sou kom te staan onder verstandige mense sonder dweepsug.[2]

Aan die begin van die 19e eeu het die sendelinge Edwards en Kirdherer vir hulle die lot aangetrek van die armsalige Boesman nasie, wat beskou was as heeltemal onvatbaar vir beskaafde indrukke, en 'n stasie aan die Sakrivier opgerig. Hierdie stasie het min vrugte afgewerp en is in 1817 op aandrang van die koloniste afgeskaf en die sendelinge teruggeroep. Dr. Philip was baie ontevrede hieroor en het o.a. beweer dat die weg tot onderdrukking deur die kommando's

---

(1) Theal: Rec. of CC, Op. cit. vol. 6; Collins Rapport van 30/5/08; Moodies Records Op. cit. Part V, pp. 37 - 38.
(2) Worc. Argief, 11/2.

nou weer met hierdie opheffing gebaan was. Die twee sendelinge het die moed van hulle oortuiging gehad en deur hulle onvermoeide ywer die versoening tussen die blankes en die Boesmans help bewerkstellig, alhoewel net 'n paar van hierdie wilde mense tot 'n beter lewe onder hulle bearbeiding oorgegaan het.

In 1827 is 'n begin gemaak met die stigting van 'n sendingstasie onder die Boesmans te Toornberg. Die luit.-goew. gaan akkoord met die plan om die Boesmans te versamel „under the protection of the Missionary Institutions." Die vee, vir die Boesmans versamel, kon hier onder die Boesmans verdeel word. Landdros Stockenström was van mening dat van die Boesmans veeboere gemaak kon word indien hulle op die stasies gaan woon waar hulle die vee ontvang en die kinders skoolgaan. Rev. Clarke was ook die mening toegedaan dat die vee op die stasies aangehou moes word want anders sou die Boesmans óf die vee opeet, of die vee sou deur ander Boesmans of Grikwa's geroof word.(1) Die stasie van Toornberg onder Rev. Smith was maar kort van duur. Die regering het geen strenge kontrole gehandhaaf nie en weldra het ook ongewenste karakters daarheen gestroom. Die burgers beweer dat hulle kuddes op 'n streep geroof word en dat die hervormingswerk onder die Boesmans op 'n mislukking uitgedraai het. Die regering besluit daarop om die stasie op te hef en Rev. Smith aan te sê om vir hom elders 'n stasie verder binne die grense te gaan stig, onderhewig egter aan die goedkeuring van die goewernement. Die filantrope het hierdie bevel sterk aangeval en vertel hoe dat vragte kinders en grootmense met waens na die Kolonie vervoer was om as slawe by die Boere te gaan diensdoen.(2)

---

(1) G.R. 8/18, C.O. - Stockenström 10.7.27; Theal: Rec. op. cit. Vol. 34, pp. 438 - 443.
(2) G.R. 8/7. Bird - Stockenström, 9.1.28; Dr. Philip, Researches II, p. 50.

6. Behandeling van gevangenes.

Tot lof van die verskillende regerings, beide Hollandse en Engelse, kan met reg gesê word dat hulle met die grootste mensliewendheid teen gevange Boesmans opgetree het. Die instruksies was hier omtrent beslis en nie vatbaar vir dubbelsinnigheid nie; waar daar wreed opgetree was, moet dit as uitsonderinge beskou word en in stryd met regeringsbeleid. Dis natuurlik te betwyfel of die regering altyd sterk genoeg was om toe te sien dat gehoorsaamheid deur alle lede van 'n kommando betrag word.

Weliswaar het die Nasionale Vergadering van Swellendam in 1795 die volgende baie krasse voorstel gedoen wat egter nie tot uitvoering gebring kon word weens die onderdrukking van die opstand nie: Art. 5 „Dat ook een Bosjesmans Hottentot of Hottentotinne het sy by commandoos gevange of particulier in handen gevallen reeds voorheen of nu voortaan aan zodanige Burgers waar by hy woonagtig is zyn leeven lang in regten Eygendom zal moeten blyven en hem van geslagte tot geslagte dienen en by al dienzodanige Hottentot of Hottentotinne zig quam te verloopen zal den Eygenaar geregtelyk zyn hem te kunnen haalen en naar meriete te straffen."(1)

Die volwasse gevangene was nie altyd van nut vir die boer nie aangesien hy meesal weer weggeloop het of sy wilde natuur hom ongeskik gemaak het vir gereelde diens. Die offisier in bevel van 'n kommando het sulke gevangenes meesal gebruik om in verbinding te kom met die ander Boesmans in die veld. Veldwagtmeester Geere skryf as volg na afloop van sy kommando: „Ek heb expres moeyte gedaan om die groote in handen te crygen om waare 't mogelyk ook eenige van die kant tot vreede te brengen. En ook denkende niet altyd wraakzugtig te zyn maar ook als 't zyn kan

(1) B.O. Revolt at Swellendam. No. 25, op 16.7.95.

Edelaardig..." Die kommando het dan ook een ou Boesman gevang, goed onthaal en na sy mense gestuur om die goeie behandeling onder hulle te adverteer.[1] By die drosdy te Graaffreinet het in dieselfde jaar 100 Boesmans vrywillig hulle verskyning gemaak. Hier is hulle toe van snuisterye voorsien, goed trakteer en na hulle kraal teruggestuur „ten eynde de overige van haare Natie te overtuygen van onze vriendelyke gezindheid jeegens haar en langs dien weg eene vreedzaame communicatie met deese wilden te openen.."[2]

Daar was natuurlik altyd mense gewees wat die Boesmans as wilde diere wou beskou en nie geaarsel het om hulle te mishandel nie. So moes die Kommandant van der Walt waarsku teen die bose voorneme van burgers wat „onder de vreedige Bosjesmans te schieten en van haare kinderen te bevooven." Hy verseker hulle dat hy die plan op alle moontlike wyse sal verhinder.[3] Die Goewerneur het dit ook noodsaaklik geag om weer eens die goeie behandeling van die gevangenes die landdroste en offisiere op die hart te druk, sodat hierdie barbare deur die blanke se voorbeeld mag leer dat daar geen haat teen hulle bestaan nie.[4]

Daar is nie behoorlik deur die kommando's verslag gehou van wat met die gevangenes deur al die jare heen gedoen was nie. Toe deur die Britse regering 'n statistiek hiervan geëis was, is as volg geantwoord: „According to an old custom, the prisoners were distributed among the inhabitants, to try to bring them to peaceable habits, as fully detailed in the landdrost's letter to the Colonial Secretary dated 5th June 1822; so that most of them have returned to their kraals, and the remainder are living with the farmers in the same way as their Hottentot servants. In cases where

---

(1) G.R. 12/1, Sept. 1798.
(2) G.R. 1/2. 6.8.98.
(3) G.R. 17/143. Lett. Rec. by Komd. van der Walt 1792 - 1809, 18.11.98.
(4) B.O. 51, Lett. Desp. aan L. en H. van G.R. 15.5.98; G.R. 1/2.

the real perpetrators of murder could be discovered they were tried by the Colonial laws, ..."[1]

In die tyd van die Bataafse Regering aan die Kaap is ewe-eens gesorg dat die gevange Boesmans 'n goeie behandeling by die burger ondervind. Gevange Boesmans, veral die vroue en kinders, is onder die blanke verdeel en die veldkornette was gelas om te sorg dat „deselven wel behandeld worden."[2] Dit blyk dat goewerneur Janssens nie gediend was met die gebruik in swang om kinders en vroue onder die burgers vir 'n aantal jare te laat inskryf nie. Toe in 1804 'n groot kommando vir die wegvoer van kinders, deur Stockenström verantwoordelik gehou was, is hierdie soort van kommando in 'n rondskrywe aan die veldkommandante en veldkornette as verbode verklaar,[3] want sulke ondernemings was nie meer nodig nie en „worden daarby de onschuldigen vermoord, hunne kinderen weggevoerd, en die natie tot weerwraak getergd." Alle rowers egter moes dadelik agtervolg, gevang en na die drosdy gebring word.[4] Die oorblyfsels van krale moes voortaan Kaapwaarts gestuur word en die landdros word daartoe gelas.[5] Janssens het gemeen dat sulke gevangenes wat in diens van die boere staan 'n gevaar kon oplewer „door aanhitzingen, aanwyzing van weegen en Plaatzen..." en outoriseer ~~daar~~om ~~dat~~ hulle, so ver moontlik sonder ~~hulle~~ te mishandel, Kaapwaarts te stuur.[6] Die Goewerneur beloof vir hulle 'n tuiste te vind, hoewel op datum van sy skrywe nog nie weet wat met hulle aan te rig nie.

In 1808 word verder baie duidelik bepaal dat die gevangenes met die grootste menslikheid behandel moes word en Landdros Stockenström kom die eer toe om in die volgende woorde die beleid van hom en sy regering neer te lê: „In alle

---

(1) G.R. 8/14. Brink - Stockenström 4.6.24; Theal: Rec. of C.C. Vol. 17, p. 507. Brief geteken deur A. Stockenström op 22 Junie, 1824.
(2) B.R. Bylagen 72. 1805. Alberti - Janssens 8.10.05.
(3) G.R. 16/2, Omsendbrief van Stockenström op 10.11.04.
(4) B.R. 16/2.
(5) Worc. Argief 11/1, Ink. Br. Janssens - v.d. Graaff 28.6.05.
(6) B.R. 71. Bylagen 1805, Janssens - v.d. Graff, 3.10.05.

gevallen, bezoedeld u handen niet, met onschuldig bloed, behaat geen wreedheden aan meiden en kinderne, neem geen van hun weg na huis, maar laat hun loopen, nadat U.E. hun verzeekerd heeft, dat hun steelen en moorden de eenigste oorzaak is, waarom men straf aan hun heeft moeten aandoen."[1] Hierdie bepaling het, volgens Collins in sy rapport meld, 'n heilsame invloed gehad en „has greatly served to damp the ardour for commandos."[2]

Deels uit armoede en deels uit moeite van onderhoud het baie Boesmans die gewoonte ontwikkel om kinders by die boere agter te laat om te versorg. Andere het weer hulle kinders eenvoudig weggegooi of verruil. Uit mensliewendheid word hulle dan deur die blankes opgeneem waar hulle meesal tot nuttige diensbodes opgroei. Kinders is soms weer deur die ouers kom haal, want hulle kon nie onder die landswet soos slawe verkoop word nie. Sulke kinders word egter vir 10 jaar ingeboek en by die Landdroskantoor geregistreer en 'n lys aan die goewerneur gestuur.[3] Dit spreek van self dat slegte witmense dikwels spesiaal strooptogte onderneem het om Boesmankinders te gaan vang en met hulle handel te drywe. Die laakbare optree is egter spoedig deur die proklamasie van 5 Mei 1817 stopgesit.[4]

Instruksies in verband met die inboek van kinders van Boesmans in die Graaffreinet distrik het in 1822 die lig gesien. Volgens Art. 12 moes alle gevangenes, of die wat die kommando na die kolonie volg en wat nie vir moord of diefstal verhoor moes word nie, aan die landdros oorhandig word binne 'n maand na die terugkeer van die kommando. Die weeskinders moes by respektabele en mensliewende burgers geplaas word en die orige moes so ver as kan wees in die binneste dele van die distrik gevestig word by mense wat vir

---

(1) G.R. 16/1. Stockenström - Venter, 7.6.08.
(2) Theals Rec. of C.C. op. cit. Vol. 7, p. 114.
(3) Pretoria Argief, Proclamation, 1806 - 1825, Somerset se Prokl. van 8 Aug. 1817.
(4) Cory: Rise of S.A., I, op. cit. p. 298.

hulle goed sou sorg. „In this Distribution care must be taken that men and their wives, parents and children are not separated,"[1] Die Boesmans het hulle self dikwels vrywillig in hande van 'n kommando gestel en ook met hulle word sagkens gehandel soos uit die volgende opdrag blyk: „the bringing away of such men, women and children, as surrender themselves or offer no resistance is a matter of course or rather of charity; indeed they very seldom will stay behind for the desperate characters on whose depredations the Kraal depended for subsistence having most generally fallen in the conflict or escaped into the deserts, the rest would perish unless they did come among the farmers, upon whom they must be a burden for some time, but who keep and feed them with a view to induce them by kind treatment to stay with them as servants."[2] Dit was nie die beleid van die regering om so maar voor die voet die Boesmans te laat vang nie. Inteendeel word gedurig gewaarsku teen die willekeurige aanvalle op krale en die wegvoer van vroue en kinders. Indien 'n kraal aangeval moes word dan moes in die eerste plek by so 'n aanval die skuldiges alleen gevange geneem word, maar die res moes ongestoord by die kraal gelaat word. Dat die regering dit met hierdie beleid ernstig bedoel het vind ons in die geval van Floris Visser wat aangekla staan omdat hy 'n kraal Boesmans aangeval, die bewoners weggevoer en mishandel het.[3] Kommandos moes selfs optrée om weggevoerde kinders van Boesmans en Kaffers by die Basters te gaan terughaal en aan die ouers terug besorg - so ver het die witman gevorder op die pad van filantropie in daardie tyd. In verband hiermee vertel Kommandant Nel dat hy 15 sulke kinders by die Basters gaan haal het, maar dat vyf nog soek is.[4]

Ons kan dus met reg beweer uit die geskiedenis van

---

(1) C.O. 1011, Stockenström - Bird, 26.12.1822; Theals Rec. of C.C. op. cit. Vol. XV, p. 188.
(2) G.R. 16/11, Stockenström - Bird, 5.6.22.
(3) G.R. 11/12. Harding - Stockenström. 20.8.27.
(4) G.R. 8/12. Bird - Stockenström. 9.1.23.

hierdie dae dat die voorgeslag met sy regering alle moontlike pogings in die werk gestel het om Boesman gevangenes met die grootste sorg en vriendelikheid te behandel. Waar daar gesondig was teen die ongelukkiges was dit blote uitsonderings wat in enige beskaafde gemeenskap aangetref kan word selfs in ons eie verligte eeu.

7. Wat word van die gekweste Boesman?

Die blanke koloniste was baie dikwels deur skrywers beskuldig dat hulle wreed teen die Boesmans opgetree het. Die geskiedenis se oordeel moet voortdurend streng onpartydig wees want anders word feite in sprokies omgeskep en word die waarheid nie gedien nie. Baie lelike dinge is te berde gebring in verband met die behandeling van gevange Boesmans en gekwestes. Ons is dit aan die nageslag verskuldig om hier te probeer die sluier oplig en sien wat werklik gebeur het.

Die burgers het te doen gehad met 'n dapper vyand wat nie aan oorgee gedink het veral wanneer hy skuldig was nie. Die groot Boesman het, volgens Alberti, geweet wat hom te wagte was „daarby deeze menschen de denkbeelden van commando en dood door de ervaring, onscheidelyk zyn geworden."(1) Dis baie duidelik dat dit maar dol toe gegaan het in 'n geveg waar die nietige ou Boesmannetjie met sy eenvoudige pyl en boog aanhoudend met skiet sou voortgaan al wis hy wat die einduitslag gaan wees. Geen wonder dus dat meer bloed in hierdie ongelyke gevegte gevloei het as wat onder normale omstandighede teen 'n minder wilde nasie anders die geval sou gewees het. So word beweer dat die Hottentot element dikwels die moorddadige taak gehad het om die gevange babetjies om die lewe te bring, want hulle sou te jonk wees om vir die lede van die kommando van enig nut te kan wees.(2) Dat daar rede was om te glo dat die Hottentot, wat ook maar

(1) B.R. 72. Bylagen 1805. Alberti - Janssens 8.10.05.
(2) Justus: The Wrongs of a Kaffir Nation p. 7; Theal: Rec. of C.C. op. cit. Vol. 21, pp. 388 - 390.

'n barbaar was, hom tot so iets sou laat gebruik bewys die feit dat daar in 1777 so 'n waarskuwing nodig was, „zo wel as gequetste en gevangenen door de commando's en vooral hunner byhebbende Hottentots, niet mishandeld nog op eene cruille wyse werden om 't leven gebragt,..."(1) Laat ons ons probeer verplaas in die posisie van 'n kommando na 'n bloedige geveg, en sien hoe hy op die horings van 'n dilemma moes verkeer het. Die volwasse Boesmanmeide was ~~gisklien~~ saam met die mans, wat dikwels gebeur het, om die lewe gebring en hier sit die kommando met die babetjies opgeskeep; een van twee dinge moes gebeur: of die oudjies moes in die kraal agtergelaat word om van honger en dors om te kom en deur wilde diere verskeur te word, of hulle moes van kant gemaak word en hulle op die wyse eindelose ellende spaar. So iets as 'n ambulans of Rooikruis was onbekend; daarby was die lede van die kommando teperd en moes soms blitsvinnig weer agter die vlugtende vyand jaag en hoe kon die babetjies nou saam vervoer word? Ons glo egter vas dat die vermoor van babetjies nie die reël, dog die hoë uitsonderings was; daar is gevalle aan die ander kant waar 'n kommando die grootste moeite gedoen, en dae agtereen agter 'n bende Boesmans gery het, om 'n agtergelate Boesmantjie in die arms van sy moeder te besorg.

Die vraag is ook geopper waarom die oorkondes van so weinig gewondes aan die een kant en so baie dooies en gevangenes aan die ander kant melding maak? Ook hier is daar rede om agterdogtig te wees. Dis gebeur dat die gekwestes verdeel geword is, „en twee zyn zwaar gekwest en niet kunnen een tree loopen, ek heb ze onder de Manschappen verdeelt;"(2) Dis duidelik dat die lopers, waarmee die ou gewere gelaai was, talle gewondes op die slagveld moes gelaat het; baie gewondes het nie met skiet opgehou nie en

---

(1) Krygsraad Res. Stellenbosch, 1777 - 1784.
(2) G.R. 12/3. Rapp. van W. van Heerden veldkornet te Groot Rivier 4.9.09.

moes eenvoudig die hoogste prys betaal. Die kommando's wou of kon ook nie, die gewondes vervoer nie, en dat daar moorde plaas gevind het is seker 'n feit. Die ou Boesmans het ook nie maklik mak geword nie en was dus nie juis 'n bate vir die burgers nie, al het hulle van hulle wonde herstel. Al hierdie faktore het swaar geweeg wanneer daar gekies moes word tussen een van twee euwels, die gewonde van kant maak, of hom oorgee aan sy lot. Janssens het in 'n brief aan Alberti sy mening uitgespreek dat hy wel kan verstaan dat by 'n aanval op 'n sekere kraal almal gekwes kon geword het, maar dat almal gedood was, sal niemand vir hom as oud soldaat kon wysmaak nie....."...dat na de gevegten moorden moeten plaats hebben, en dat is afschuwelyk."(1)

Ook die Britse Regering het agterdog gekoester dat dit met die gewondes nie alles pluis was nie. Daarom word daar in die opgaaf spesiaal gevra wat met die gewondes gedoen was. Wanneer die landdros dan die opgaaf na die goewerneur instuur, het hy in die reël eenvoudig in die kantlyn aangemerk „what was done with the wounded not noted." Hiervan moet ons aflei dat daar baie swak boek gehou was deur die aanvoerders van die kommando's en dat hulle sekere gegewens, wat nie al te vleiend was nie, met opset in die rapporte verswyg het. Daar was 22 kommando's in die distrik Graffreinet tussen die jare 1813 - 1822; van die 100 ongevalle onder die Boesmans was daar net drie gewond en die res was almal gedood.(2) Hierdie syfers praat vir hulleself.

Ons vind geen bewyse dat dit onder die Britse bewind veel meer menslik op die kommando's toe gegaan het soos sommige skrywers wou beweer as onder die ou Hollandse regime nie. So skrywe Vulliamy in „Outlanders" p. 98 „when the Cape was under Dutch rule, the proportion of Bushmen shot, or otherwise killed, to those merely taken prisoner, was

(1) B.R. 72, Bylagen. Janssens - Alberti. I.11.05.
(2) G.R. 8/14; Worc. 11/6.

four to one. Under the humane administration of the English there was an immediate improvement: only one Bushman was shot to every three who were taken prisoner." Die getal Boesmans was in die 18e eeu in verhouding baie groter as in die 19e eeu en hulle aanvalle ook strawwer. As ons verder in ag neem dat die Boesmans ook die gewoonte ontwikkel het om eenvoudig onder die blankes in te trek om beskerming teen die Kaffers e.a. vyande te soek, en daar by meer beskaaf geword is, dan is die verhouding deur bo gemelde skrywer genoem nie juis 'n bewys dat die Britse bewind teenoor die Boesmans so vreeslik engelagtig was nie. In die distrik Worcester was daar 18 kommando's in die tydperk 1805 - 1822 en die resultaat was 42 gedood, 7 gewond en nul gevang; hier sien ons dat die statistiek beslis teen die Britse bewind spreek. Die rede waarom daar so baie dooies was in vergelyking met die gevangenes word verder deur Dr. van der Merwe in sy boek „Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek" op p. 53 - 54 bespreek en kan net hier in 'n paar woorde opgesom word: Die rapporte van kommando's aan die landdroste was onvertroubaar, volwasse Boesmans het hulle nie maklik oorgegee nie, dit was gevaarlik om baie gevangenes aan te hou by 'n kommando, daar was geen goeie kontrole oor die kommando's van die 18e eeu nie en meer wreedhede kon plaas gevind het; eindelik was volwasse gevangenes nie van veel waarde vir die boer nie.

HOOFSTUK 6.

Die Kommandostelsel in aksie teen die Boesmans (1795 - 1836).

1. Die Regeringsbeleid bly hoofsaaklik mensliewend.

Toe die Britse Regering die teuels van die bewind aan die Kaap in 1795 oorgeneem het, het hy sterk onder die invloed gestaan van die filantropiese stromings van daardie tyd. Skrywers soos Barrow e.a. het dan ook gedurig gehamer op die wreedheid wat teenoor die inboorlinge deur die ou Hollandse bestuur en sy onderdane sou gepleeg gewees het en veral moes die kommandostelsel dit ontgeld in hulle dikwels onregverdige en onverdiende kritiek. Die eerste Engelse goewerneurs het nie geaarsel nie om in die begin die burgers aan bande te lê in hulle optree teen die Boesmans. Geen kommando durf in die veld gaan sonder vooraf skriftelike verlof verleen was nie; die Boesmankapteins moes oorgehaal word om na die drosdy te kom om geskenke te haal.[1] So word landdros Bresler van Graaffreinet offisiëel bedank vir die sagte middels wat hy teenoor die Boesmans ter hand geneem het. Die Boesmans sou voortaan verstaan „that no spirit of revenge, bloodthirst or retaliation of plunder exists or will be countenanced by the government..."[2] In sy proklamasie het Macartney die veldwagtmeesters ekspresselik gelas om geen kommando's hoeggenaamd, nog enige soort geweld, teen die Boesmans te onderneem, „ten zy dezelve daar toe voor hunne ygene verdeediging volstrekt genoodzaakt waaren..."[3] Die Boesmans was in die jare 1795 - 1799 besonder lastig, en hoewel die kommandostelsel nie baie populêr was nie, moes Macartney tog maar eindelik sy toevlug neem tot die ou beproefde middel van verdediging en feitlik die Hollandse

---

(1) G.R. 17/143. Lett. Rec. by Komd. v.d. Walt. 18.11.98.
(2) B.O. 51.
(3) Sw. 12/3. Prokl. van Macartney.

stelsel in ere herstel. In Mei 1797 word die sentrale beleid by wyse van 'n proklamasie as volg neergelê: Die Landdroste en Heemrade kry opdrag „each within their District to order a party of the Inhabitants to arm, assemble and take the field against the wild Bosjesmen at all times when such an expedition shall appear requisite and proper.... to act in defence of their property against the savage and common enemy should of itself, sufficiently excite them to pay ready and cheerful obedience to commands issued for their own safety and welfare..." (1) Teenoor die Kaffers moes Bresler 'n politiek van verdraagsaamheid handhaaf maar teen die Boesmans moes hy streng optree, want volgens die Goewerneur se opinie het hulle astrant geword weens die onbeskermde toestand van die grensbewoners tydens die vorige regime. (2)

Die Bataafse bestuur het 'n baie humane politiek teenoor die Boesmans toegepas. Beide Janssens en de Mist het sterk onder die invloed van die „nuwe orde" van daardie tyd gestaan en hulle hele optree was bewys van die suurdesem waarmee hulle altwee deurtrek was. In die begin wou hulle met mooipraat sake reg ruk, maar het spoedig tot die ontnugtering gekom dat dit 'n onhoudbare gedragslyn was om teenoor 'n nasie soos die Boesmans toe te pas. Die Goewerneur was afkerig van alle middele van geweld teen onbeskaafde nasies, „wiens kwade geneigdheid oorspronklyk veelal aan de onrechtvaardigheeden der Christenen of blanken is toe te schryven;" De Mist erken egter sy plig om eiendomme te beskerm gee skoorvoetend verlof tot kommando's en het verwag dat almal die gesag moes erken; hy gee opdrag aan die landdros van Graaffreinet om 'n gewilde, dapper, mensliewende, edelmoedige persoon aan te stel om die kommando

(1) B.O. 64. Prokl. van Macartney 20.5.97.
(2) B.O. 51, Lett. Desp. 1797 - 1798. 20.6.97.

te lei, en sit sy beleid in die volgende treffende woorde uiteen: „geen noodeloos bloed moet vergooten worden, geweld moet niet gebruik worden, dan by de verzeekering dat zagte middelen zonder vrugt zouden zyn; alle menschen, die buiten een gevecht het leeven benoomen word, zyn zoo veele moorden, al zyn die menschen ook heidenen of Bosjesmans; Indien het tot stryden koomen moet, verwagt ik dat de Burgers het met beleid en courage doen zullen, maar zodra zy beslissend overwinnaar zyn, moet die doodschieten een einde neemen;"(1)

Gedurig moes Janssens die doen van kommando's toestaan maar dan word gelyktydig daarop gewys dat „met de meeste omzigtigheid en prudentie" te werk gegaan word.(2) Kommandant van der Walt word toegelaat 'n kommando te lei dog met die doel dat vrede gesluit word en wel op so 'n wyse dat geen vrede aan die een kant en „onlust aan de andere zyde" veroorsaak word.(3)

Met die stigting van die distrik Uitenhage het de Mist meer as een doel voor oë gehad, maar hoofsaaklik het hy gemeen om hierdeur die Boesmangevaar meer doeltreffend die hoof te bied en tegelyk die burgerkommando's beter te kan beheer. Hy was oortuig dat die eie verdedigingstelsel die eerbied vir gesag verswak en daardeur wandade in die hand speel.(4)

Die doen van groot of algemene kommando's was by landdros Stockenström, sowel as by die sentrale regering in hierdie tyd, in ongenade verval. In 1804 skryve Stockenström aan Janssens dat hy geen gehoor gegee het om 'n algemene kommando toe te staan nie en sou dit ook nie doen nie al vra al die veldkornette daarom.(5) Die inwoners op die grense het in 1805 baie deur Boesmaninvalle te verduur gehad.

---

(1) B.R. 71. Bylagen 1805. Janssens - van der Graaff. 3.10.05.
(2) B.R. 3. Resolutien 31.7.03.
(3) B.R. 40. Bylagen. Janssens - Gerotz.
(4) G.R. 14/2. Op 7.2.04.
(5) B.R. 53, Bylagen 1804. 22.8.04.

Verbittering neem hand oor hand toe en almal verlang na 'n algemene kommando om die rowers en moordenaars gedugtig te kan straf. Janssens word meer toegeeflik en skryf daarom aan landdros van der Graaff van Tulbagh „De Bosjesmans te beteugelen is voor Ul. een swaare taak waaromtrent ik U.E. niets wil voorschryven, ten einde in die beste middelen aan te wenden niet belemmerd te zyn, ..." Daar word toe verlof gegee om die krale aan te val en die gesinne Kaap-toe te stuur.(1)

Toe Burger Jacobsz op die Sneeuwbergen om 'n kommando vra moes die sekretaris van die Landdros te Graaffreinet antwoord dat sy mag nie so ver strek nie omdat Janssens dit verbied het„maar wel is gepermiteerd omme de Roovende is het mogelyk te agterhaalen, het vhee afteneemen, en des noods zynde dood te schieten het geen u ook by deezen word toegestaan.(2)

'n Jaar later het Van Ryneveld aan die goewerneur geskrywe dat hy graag vir veldkornet Nel as leier wou aanbeveel aangesien hy 'n man van invloed, van goeie oordeel en daarby nie wreedaardig van aard was nie. Van Ryneveld meld verder dat hy teen die doen van algemene kommando's is en„heeft enkel in het oog personeel en op de hielen te vervolgen zodanige Bosjesmans als zig aan rooveryen schuldig maken, doch al het overige te laten ongemolesteerd. Men haakt egter naar wraak op de geheele Natie en men schynt niet te gevoelen dat dit oly zou zyn geworpen in het vuur."(3) Hier was dus geen sprake van weerwraak (Reprisals) of uitroei van die gehele volk nie, maar net terugkry van wat gesteel was.

Na die tweede verowering van die Kaap deur die Engelse het die rowerye deur Boesmans nog onverpoosd voortgegaan en

---

(1) Worc. Arg. 11/1 Ink. Br. Janssens - v.d. Graaff. 28.6.05.
(2) G.R. 16/2. Muller - Jacobsz. 16.12.04.
(3) B.R. 72, Bylagen 1805. Van Ryneveld - Janssens. 30.10.05.

moes die kommandostelsel in werking bly om vee terug te haal, moordenaars te straf, weggevoerde Boesmankinders op te spoor of die land skoon te maak vir blanke neersetting. Die grondslag van alle kommando's was nog steeds om gematig op te tree en slegs te vuur wanneer die nood dit vereis en in selfverdediging alleen. „In alle gevallen, bezoedeld u handen niet met onschuldig bloed, begaat geen wreedheeden aan meiden en kinderen, ..." (1) Dit was beslis noodsaaklik om kommando's geheim te hou want die vyand was listig en fyn spioene; daarom word die plek van optrek en die datum van aanval deur die offisiere stilletjies bepaal. (2)

Dit was ook die gebruik om in meeste gevalle geskrewe instruksies aan die veldkornette te oorhandig sodat daar geen misverstand kon plaasvind nie. Vee moes teruggeneem, maar geweld alleen gebruik word wanneer die vyand hom verset; aan krale mog geen aanstoot gegee word nie. (3)

Die grensbewoners moes in hierdie tye die Kaffer- sowel as die Boesman-stroperye die hoof bied. Dit spreek vanself dat die hele kontrei nie van manskappe ontbloot kon word nie en moes die tuisfront versekureer word. In 1817 is toe vir die distrik Graaffreinet bepaal dat 15 tot 20 man altyd in 'n wyk gereed moes staan om teen die Boesmans te velde te trek. Hierdie mense was goed voorsien van skietvoorrade, wat dan, as die gevaar verby was, weer teruggeneem word. Niemand van hulle durf van huis gaan nie en as hulle deur omstandighede daartoe genoodsaak word moes hulle plaasvervangers lewer. (4) Tydens die Vyfde Kafferoorlog, toe baie mense weg was op die Kafferkommando, moes die inwoners van naburige wyke soms saamtrek en laers vorm vir beskerming teen die menigvuldige gevare waarmee hulle bedreig was. (5)

---

(1) G.R. 16/1. Stockenström - Venter in 1808.
(2) G.R. 11/29. Cuyler - Stockenström. 22.1.08.
(3) G.R. 16/5. Landdros aan Bird. 16.6.16.
(4) G.R. 16/6. Aan v.d. Graaff Adj. landdros. 15.1.17.
(5) G.R. 16/8. Stockenström - Baird. 18.6.19.

Landdros Stockenström het gedurende sy hele loopbaan vir hom opgewerp as die besondere vriend van die Boesmans. Die kommando's van die ou tyd het hy as uiters wreed en 'n diskrediet vir die volk beskou.(1) Toe in 1820 'n kommando moes uittrek het hierdie landdros geëis dat die kommando aan iemand met 'n menslike gevoel toevertrou moes word. In 1822 het hy weer na aanleiding van die rapport van 'n sekere kommando gemaan dat 'n sterk hand op alle kommando's gehou word daar die Boesmans maklik verslaan word en dit gewoonlik meer op 'n eksekusie as 'n geveg uitloop.(2) Stockenström het ook nie maklik kommando's toegelaat nie, want hy beweer dat, as die mense hulle vee beter oppas, daar gladnie so baie gevalle van diefstal kon plaasvind nie. In Februarie van 1822 het Baird die Landdros van Beaufort Wes, om 'n kommando van 150 man gevra om Plaatjie en Moses, die Leiers van die Boesmans te gaan aanval. Stockenström weier hierdie versoek daar dit net klein groepies was en met 150 man sou hy die hele volk daar verdelg. Hy sê verder: „It is impossible for me, under present circumstances to deviate from my system of strenuously opposing everything like strong commando's against the Bushmen, except in cases of the utmost necessity which cannot admit our present situation to be..."(3)

2. <u>Die onmisbaarheid van die Kommando in sy oorspronklike vorm</u>.

In die jaar 1826 het 'n saak op Clanwilliam gedien waarin lede van 'n kommando beskuldig gestaan het van wreedhede op Boesmans gepleeg. As gevolg van hierdie gebeurde het die sentrale regering 'n verbod gelê op alle kommando's, wat sonder spesiale verlof van die regering uitgestuur word om diewe op die spoor, oor die grense te agtervolg. Teen hierdie besluit het Stockenström in verset gekom en moes die

---

(1) G.R. 16/11. Stockenström - Bird 5.6.22.
(2) G.R. 16/9. Stockenström - Harding. 3.4.20; G.R. 16/11. Stockenström - Baird. 7.3.22.
(3) Cory: op. cit. II, p. 224.

goewerneur sy besluit wysig met die volgende woorde: „Whenever you shall deem it absolutely necessary to take a commando across the borders in quest of stolen cattle without a previous reference to Government, the Lieutenant Governor is even disposed to permit a further exercise of discretion in this respect, and in consideration of the great extent of your District, to allow of your deputing any proper confidential person to take charge of such commando whenever its movement may be absolutely necessary; but he cannot allow every individual farmer to take a force across the Frontier."(1) Stockenström het die verbod op die onmiddellike agtervolging van die skuldiges beskou as 'n inkorting van die magte van die landdros. So 'n beleid mag nog paslik wees in die geval van die Kaffers, wat veeboere is, maar in die geval van die Boesmans, wat niks besit nie, moet die diewe dadelik of gladnie agtervolg word. Soms kom die skuldige kraal se mense na vore om kastig te help soek na die rowers om op die wyse die kommando van stryk te bring met die gevolg dat die onskuldiges aan die pen ry en gestraf word vir die misdaad van die andere. „It is dreadful to reflect what horrible deeds these commandos sent by Government or the Landdrost against the Bushmen after the traces by which the real criminals can be discovered have disappeared may perpetrate and bring upon the colony by way of retaliation, and it is still more dreadful to know what they have done heretofore... But if these immediate steps are either neglected or proved abortive, every life sacrificed by a commando deliberately sent some time after must be morally considered putting the law out of the question / murder unless proofs of guilt can be got which under such circumstances are hardly ever to be found."(2) Hierdie woorde van Stockenström word letterlik

(1) G.R. 8/18. C.O. - Landdros van Gr. 30.3.27.
(2) G.R. 16/17. Stockenström - Plaskett Sec. to Govt. 7.4.27.

weergegee omdat sy standpunt so eg Afrikaans is en ons terugvoer na die eerste kommando's van die 18e eeu. Stockenström sê verder dat dit tog nie verkeerd is om jou bure byeen te roep om die geroofde vee terug te haal nie, want elke mens het immers die reg om sy eiendom te beskerm en, as die vyand hom dan versit, wel dan is dit baie ongelukkig vir hom. Hy belowe aan die regering om toe te sien dat sy onderhoriges die bevele stiptelik uitvoer en dat, na die kommando afgeloop is, behoorlik ondersoek gedoen word. Verder sou geen kommando's uittrek sonder dat 'n veldkornet met die leiding daarvan belas is nie. Daar is geen sprake van dat hy as landdros kon wag om 'n kommando agter die stropers aan te stuur eers nadat opdrag uit Kaapstad gegee was nie.

3. Die Van Ryneveld-Kommando van 1829.

Die Siviele Kommissaris van Graaffreinet met die naam Van Ryneveld het in 1829 persoonlik 'n kommando teen die Boesmans gelei. Hier volg 'n korte opsomming van die gebeurtenisse wat op kommando plaasgevind het. Hy het met 117 burgers, 22 Hottentotte en 2 Kaffers die tog aanvaar. Om die vyand geen agterdog te doen kry nie trek hulle meesal in die nag en laat spioene vooruit gaan. Toe hulle die kraal nader in die vroeë môre word die kommando in drie dele opgesplits. Terwyl Provisionele Veldkommandant Jacobs die linker vleuel met 50 man aanvoer storm Van Ryneveld met 10 man reg op die kraaltjie af en die res moes in die rug aanval. Die Boesmans verweer hulle dapper nadat hulle agter rotse ingevlug het en een meid word gedood per ongeluk. Die kommando trek hiervandaan op na 'n kraal 5 dae ver geleë te perd en ondervind baie moeilikhede op die weg. Die water was deur die Boesmans vergiftig en 'n paar burgers doen buikloop op. 'n Patrollie te voet met 'n pakos, gelaai met water in knapsakke, gaan vooruit en storm die kraal een oggend om 3.v.m. Deur die geblaf van honde word die vyand gewaarsku en hulle vlug halsoorkop die veld in; in die kraal word 'n

baba van ag maande en nog een van drie jaar aangetref, ook baie gedroogde velle, vleis en gif. 'n Paar meide word gevang. Die burgers trek agter die vlugtende Boesmans aan om die ma van die baba te vind. Die meide word gestuur met kos en tabak om die mans te lok, dog te vergeefs. Dit was maklik om die Boesmans kaf te loop, maar aangesien hulle sou veg en baie bloed sou vloei, word besluit om die aftog te blaas. Die meide word vir 'n tyd aangehou en toe, oorlaai met kos en tabak, teruggestuur. Om Van Ryneveld se eie woorde soos in sy rapport vervat, te gebruik: „I would not adopt this measure and thought it more advisable in this instance to treat the women kindly and to tell them the real motives which induced the commando to penetrate into their country this being the only means I had of conveying the sentiments of the Colonial Government at least to some of that much to be pitied though desperate race."(1)

Ook in 1830 word voortgegaan met die sagsinnige beleid wat deurgaans 'n kenmerk was van die regering se optree in die 19e eeu. Die burgers word gewaarsku om nie onskuldige krale aan te tas nie maar, waar gesteelde goed was, moes die krale aangeval en almal gevange geneem word; die skuldiges word dan uitgesoek en aan die regering oorhandig; die vroue en kinders en die onskuldiges word in die kraal agtergelaat; die geweer mag net gebesig word wanneer die Boesmans self geweld gebruik, „...but you will not forget, that you will be responsible for every drop of blood which will be unnecessarily shed....and that any person who can be convicted of having intentionally fired upon an woman or child will be severely punished. If you shall be forced to come to this extreme, you will cause firing to cease or as soon as the enemy surrender, - and act as directed in case the

(1) G.R. 16/45. Van Ryneveld - C.O. op 13/11/29.

firing be unnecessary."[1] Ook in die volgende jaar het die Sivile Kommissaris die veldkornette by wyse van 'n sirkulêre-brief gemaan met alle moontlike sagsinnigheid en mensliewendheid op te tree teen die Boesmans en in alle gevalle weerlose vroue en kinders te spaar.[2] Aan die ander kant moes die veldkornette met alle firmiteit optree en die gestole vee weer van die diewe afneem. Daar moet onmiddellik opgetree word en die vyand soû dan afgeskrik word. „... wanneer de roveryen niet dadelyk worden tegen gegaan de Bosjesmans meer verhard en stoutmoediger zullen worden waardoor het kwaad erger en erger zal worden en bloedvergieting onvermydelyk het gevolg zal moeten zyn."[3]

Verder gelas die Siviele Kommissaris dat die leiding onder geen omstandighede aan die verongelykte persoon sal opgedra word nie en dat hom dan die rang van provisionele veldkornet toegeken word so lank die strafekspedisie duur, soos soms die gebruik was. Van so 'n persoon kon nie verwag word dat hy met „bedaardheid en koele overleg kan te werk gaan dus zeer gemaklyk hemzelven en zyn mede Burgers tot onnodige buitensporigheid zal of kan aanleiden..." Daarom indien die veldkornet nie self kon gaan nie dan moes hy 'n provisionele veldkornet stuur en indien ook hy nie kon gaan nie „dan een bedaard Perzoon daar toe te benoemen..."[4] Die Boesmans het hulle nie baie dankbaar betoon vir al die moeite en ywer wat die blankes aan die dag gelê het om hulle tot beter insigte te bring nie. Hulle het dood gewoon voort gegaan met roof en steel tot dat andere faktore, die vraagstuk vir die land opgelos het. Dit spreek egter boekdele vir die regering en sy handlangers dat hulle met soveel geduld en lydsaamheid vir meer as 'n kwart eeu met hierdie Kristelike en mensliewende beleid probeer het rus en vrede

---

(1) C.O. 647. Stockenström - Veldkommandant van Wyk. 13.3.30.
(2) G.R. 16/49. Sirkulêre op 1.3.31.
(3) G.R. 16/49. Sirkulêre van Siviele Kommissaris aan Veldkornette op 1.3.31.
(4) G.R. 16/49. Sirkulêre ens. op 1.3.31.

te bewerkstellig.

4. Die Omvang van verliese deur die burgers gely.

Die kommandoverslae en statistiek was so onvolledig gehou dat dit gladnie moontlik is om 'n suiwere opgaaf te kry van die aantal kommando's wat tevelde getrek het teen die Boesmans en die verlies aan weerskante wat daar uit voortgespruit het nie. Tog is dit 'n vereiste vir hierdie verhandeling dat daar 'n opgaaf te boek gestel word, al was dit dan ook maar by benadering.

Die burgers het jaar in en jaar uit verliese gely as gevolg van Boesman stroperye, maar hier is dit onmoontlik om selfs by benadering 'n opgaaf te gee van hierdie verliese. Baie van die geroofde vee kon weer teruggehaal gewees het nadat die opgaaf reeds in hande van die landdros was, en is toe nie weer afgetrek nie. In ander gevalle het mense weer valse opgawes gemaak ten einde toestemming tot die stuur van 'n kommando te erlang. Die opgawes in die landdroskantore was dus in die meeste gevalle hoogs onvertroubaar. 'n Paar grepe uit die opgawes word hier egter gemaak om 'n idee te kry van wat op die grense plaasgevind het. In 1815 was die verliese vir die wyke Brakrivier, Renosterberg, Tarka, Swagershoek, Baviaansrivier en Agter Sneeuwberg as volg: 350 perde, 4027 beeste en 44270 skape en bokke; vir Cradock was dit in dieselfde jaar: 209 perde, 1044 beeste en 2250 kleinvee. Hierdie verliese sluit ook in die wat deur die kaffers veroorsaak was.(1) In die jare 1828 - 1829 is 20 perde, 200 osse, 5000 skape weggevoer en 25 mense vermoor.(2)

Veldkornet Oberholzer van die Winterveld vertel van 27 beeste, 190 skape en 10 perde wat in 1832 in sy wyk gesteel was.(3) Die verliese oor al die jare en in al die wyke en distrikte tesaam moes kolossaal gewees het en het

---

(1) G.R. 8/7 1815.
(2) Steadman: Wanderings & Adventures in the Interior of Southern Africa p. 108.
(3) G.R. 16/52 Oberholzer - Van Ryneveld op 13.4.32.

ongetwyfeld die gedurige uitstuur van kommando's regverdig.

5. Kommando-statistiek: Gedood, gewond, gevang.

Die Sekretaris van staat vir Kolonies het 'n opgaaf gevra van alle kommando's tussen die jare 1797 en 1824 met die aantal dooie, gewonde en gevange Boesmans en ook die doel vir die uitstuur daarvan. Daar is ongetwyfeld sterk kritiek uitgeoefen op die Boesmanbeleid van die Britse Regering en vandaar hierdie opgaaf, wat deur die House of Commons geëis was.

Opgaaf vir Tulbagh (1805 - 1822) deur Landdros Trappes verskaf.

Datum.	dood.	gewond	gevang.
7.2.05	1	-	-
18.2.05	-	-	-
2.3.05	-	1	-
20.8.05	2	-	-
5.10.05	-	-	-
7.10.05	23	-	-
1.12.05	9	3	-
31.12.05	1	-	-
20.3.06	-	-	-
3.11.06	-	-	-
12.2.07	-	-	-
3.5.07	-	-	-
5.7.07	-	-	-
25.2.22	-	-	-
7.3.22	-	-	-
22.3.22	6	3	-
24.3.22	-	-	-
11.4.22	-	-	-
	42	7	nul

„What was done with the wounded men not noted."(1)

(1) Worc. Arg. 11/6 Brink - Trappes op 4.6.24; Rec. of C.C. op. cit. Vol. 16 p. 484; Van der Merwe: Noordw. Beweging op. cit. p. 88. C.O. 1011.

Opgaaf vir Graaff Reinet (1813 - 1824) deur Landdros Stockenström. (1)

Datum.	dood.	gewond.	gevang.
1813	4	-	-
1816	20	-	24
Jul. 1816	-	-	-
Nov. 1816	-	-	56
Jan. 1817	10	-	3
Aug. 1820	19	-	58
Nov. 1820	11	-	-
Nov. 1821	1	-	-
Feb. 1822	-	-	-
- 1822	12	-	2
Apr. 1822	4	-	29
- 1822	?	?	19
Mei 1822	-	-	15
Okt. 1822	1	1	-
Jan. 1823	5	-	-
Feb. 1823	-	-	9
Mrt. 1823	-	1	-
Nov. 1823	2	-	8
Jan. 1824	-	1	9
" 1824	4	-	48
" 1824	?	?	?
Mrt. 1824	4	-	-
	97	3	280

Opgaaf vir Stellenbosch (1797 - 1802) - Rapport get. op 17.7.24 (2)

Datum.	dood.	gewond.	gevang.
10.1.1797	7	-	13
19.5.1798	-	-	-
4.12.1798	-	-	-
2.2.1799	-	-	-
4.8.1799	-	-	-
19.8.1799	4	-	-
31.8.1799	10	4	3
1.9.1799	11	-	3
1.9.1799	11	-	3
1.9.1800	-	-	-
9.9.1800	-	-	-
21.1.1802	-	-	-
2.4.1802	-	2	-
	43	6	22

6. Ammunisie-voorsiening.

Soos blyk uit die gegewens waaroor ons beskik was kruit en lood altyd baie skaars artikels gewees. Die regering

(1) G.R. 8/14. Brink - Stockenström op 4.6.24; Theal's Rec. of C.C. op. cit. Vol. 17 p. 507; van der Merwe: Noordw. Beweging p. 89. op. cit. Op bladsy 53 gee van der Merwe nog die volgende syfers aan: 1786 - 1799: 2480 gedood en 654 gevang. 1795 - 1806: 367 gedood en 252 gevang. Van der Merwe: Noordw. Beweging. op. cit. p. 53; sien verder Hist. of South Africa (anon) pp. 194 - 198.

(2) Theal's : Rec. of C.C. Vol. 18 op. cit. pp. 148 - 149; ibidem. Vol. 19 p. 19: Dr. Philip: Researches in South Africa, op. cit. Vol. II, p. 261.

was die enigste leweraar van skietvoorrade en van sy willekeur het alles afgehang. Na die opstande te Graaff-Reinet en Swellendam was die owerheid nog baie meer suinig en versigtig met die uitdeel van hierdie so nodige skietvoorrade. Van geen soldaat mog die boere ammunisie ontvang nie en die Dragonders word hoofsaaklik vir die bewaking van die voorrade, en ook die vervoer daarvan, gebesig. By die meeste drosdye was daar kruithuise opgerig waar kruit en lood gebêre geword het, en van hieruit het die verspreiding na die verskillende wyke gegaan onder begeleiding van sterk wagte.

Aan die verslane kommando van 1798 was vyf vate ammunisie oorhandig en hiervan kon geen verslag deur die offisiere gegee word nie. Die Goeweneur was hieroor baie ontevrede en eis voortaan 'n noukeurige verslag van alle verbruik. Verder word van die landdroste 'n beraming gevra van ammunisie wat vir elke distrik per jaar nodig sou wees. Hierdie optree van die regering word breedvoerig in 'n vergadering van die Landdros, Heemrade en Krygsoffisiere te Graaffreinet bespreek, want daar word voorgestel om 500 pd. lood en 1,000 pd. kruit aan Graaffreinet toe te ken. Die lede spreek hulle opinie uit en beweer dat dit onmoontlik vir hulle sou wees om vooruit te bepaal hoeveel skietgoed hulle sou gebruik, maar gee tog aan die hand dat 1,000 pd. lood en 2,000 pd. kruit voldoende behoort te wees, en op hierdie suggestie is toe gehandel.(1) Die beperking op die ammunisie-lewering het dikwels verlammend op 'n kommando ingewerk. In 1799 kla veldkornet Jacobs dat hy moes huistoe keer met sy kommando uit die Agter Hexrivier by gebrek aan ammunisie. Wanneer die Boesmans in die berge invlug en agter rotse en in skeure wegkruip word dikwels baie kruit en lood vermors ten einde hulle daaruit te verjaag. „Veel kruid en

(1) G.R. 1/2 Vergadering van Landdr. & Heemrade & Krygsoffisiere, 6.8.98.

loot verschoote op schanse en Gaate daar de Bosjesmans in Zat."[1]

Onder voorwendsel dat hulle vir die Boesmans wou wildskiet het die offisiere dikwels spesiaal ammunisie aangevra. Hierdie gebruik kon ook tot misbruik aanleiding gegee het, maar, aangesien die regering hierdie filantropies optree goedgesind was, is gewoonlik aan die versoek voldoen.[2]

Die burgers het die verskaf van skietvoorrade as 'n vertroue kwessie geneem en was baie gebelg oor hierdie gebrek aan vertroue wat van owerheidsweë gekoester word. Daar moes, volgens hulle genoeg wees nie net vir die patrollies en kommando's elke jaar nie, maar ook om aan die veewagters te gee om wild vir die Boesmans te skiet.[3] Selfs Collins in sy Rapport van 1809 moes kla dat na sy mening die grensbewoners afgeskeep word in sake uitdeel van skietvoorrade. Dit het dikwels voorgekom dat, as gevolg van die beperking op die distribusie, smokkelaars hulle in die besigheid geinteresseer het sodat stappe teen hierdie onwettige handelaars geneem moes word.[4]

Die offisiere het in die reël die kruithoring as maat gebruik wanneer die kruit uitgedeel moes word.[5] Dit was gebruiklik om manskappe, wat vir hulle verdienstelik gedra, 'n geskenk van ammunisie te gee. Die vraag kan gestel word of grofgeskut ooit teen Boesmans in gebruik gewees het; die oorkondes noem hier nie juis spesifieke gevalle nie. Die kommando wat teen die Basters aan die Oranje Rivier in die jaar 1832 uitgetrek het, het ook kanonne met skrapnel gelaai in die werk gestel. „I have taken with me three Brass Guns belonging to the District which I have caused to be mounted in the best manner I could."[6]

---

(1) G.R. 11/26. Jacobsz - C.C. te Gr. 22/6/31.
(2) B.R. 40. Bylagen. Van der Walt - Janssens 20.9.03.
(3) B.R. 71. Bylagen 1805 - 27.9.05.
(4) G.R. 8/21. Bell - C.C. van Gr. 12.8.31.
(5) B.W. Arg. de Klerk - Meintjies 5.2.36.
(6) G.R. 16/52, van Ryneveld - Bell. 12.10.32; G.R. 16/52. 4.12.32.

7. Belonings vir dienste.

Ons het gesien dat daar vir die deelnemers aan die kommando tydens die Hollandse regering feitlik geen vergoeding gedoen was nie. Dit was beskou as 'n vrywillige diens wat almal geredelik moes lewer pro bono publico. Die offisiere moes natuurlik meer van hulle kosbare tyd afsonder om die volksbelange te behartig en daarom het dit dikwels gebeur dat daar iets aan hulle lyf gedoen was. In 1776 het veldkommandant Opperman wel deeglik rede tot klagte gehad omdat die geringe vergoeding van 50 rds. nie betaal was nie.(1) In 1792 kry van der Walt in die Nieuweveld plase omdat hy voortdurend moes klaar staan om teen die Boesmans tevelde te trek. Kommando's word ook uitgestuur om die land van Boesmans te suiwer en vir blanke kolonisasie bewoonbaar te maak. Kommandant Opperman lei met hierdie doel 'n groot kommando na die Tarka wat vir een maand geproviandeer was. Die mense, wat daaraan deelneem en in die skoongemaakte gebied wou gaan woon, kry plase wat vir ses jaar van rekognisiegelde vrygestel sou wees.(2)

Toe veldkornet Ignatius Muller vir getroue diens by goewerneur Janssens aangemeld was, het die goewerneur persoonlik aan hom geskrywe en sy waardering in die volgende woorde gelug: „weest verzeekerd Veldcornet dat zulke lieden by my van een bezondere geneegenhyd deelen... en het Gouvernement zal altyt zulke lieden van ander mindere active weeten te onderscheyden en met achting en erkentenis behandelen... om een blyk van myne te vreedenheyd over veele veldofficieren ten platten lande te geeven en om derzelven belangryke functien te veraangenaamen, zullen buyten het regulier en vry van kosten ontfangen der couranten, de veldkommandanten en cornets meede ieder zonder recognitie

(1) Krygsraad Notule K.A. 1769 - 1777.
(2) G.R. 1/2 Notule vergadering Landdros, Heemrade & burgeroffisiere. 28.10.96.

te betaalen, eene leeningsplaats kunnen bezitten, zy zullen hierdoor zien kunnen dat de Gouverneur schoon met bezigheeden overkropt hun niet heeft vergeeten."(1)

Die grootste beloning vir die burgeroffisiere van die kommando's en die landdroste in die buitedistrikte was seker die feit dat hulle deur die owerheid in Kaapstad vertrou was. Die brief van Janssens aan een van die landdroste was seker soos 'n beker koue water vir 'n vermoeide siel. Dit lui as volg: „De Bosjesmans te beteugelen is voor Ul. een zwaare taak waaromtrent ik U.E. niets wil voorschryven, ten einde in de best middelen aan te wenden niet belemmerd te zyn, als na ryp overleg en bedaarde overdenkingen."(2)

Hoe anders sou die geskiedenis van Suid-Afrika nie gewees het nie as die beleid van sake teenoor die inboorlinge van die land in hande gelaat was van die voormanne op die plek en daar nie so dikwels „belemmerend" uit Kaapstad en Londen gehandel was nie. Daar was in 1830 ook die geval van Provisionele Veldkommandant Jacobs van Slangfontein wat by wyse van approbasie gelukwens was vir die gedrag van hom en sy mense.(3) Hierdie bewyse van erkentelikheid aan offisiere en manskappe was egter uitsonderinge terwyl geldelike belonings haas onbekend was.

Na die suksesvolle kommando teen die Korannas aan die Grootrivier in 1833 het Kommandant Redlinghuis voorgestel aan die goewernement dat die manne wat hulle onderskei het op een of ander wyse vir hul dapper optree beloon sou word. Aan die weduwee Louw wie se man vermoor was moes die perde en gewere, of die opbrengs daarvan, geskenk word of so nie verdeel word onder die lede van die kommando by wyse van aanmoediging. Verder gee die kommandant as volg aan die hand: „I cannot, therefore, refrain from recommending several of my people to the public acknowledgement of the

---

(1) B.R. 40. Bylagen 1803. Janssens - Muller. 12 Okt. 1803.
(2) Worc. Arg. 11/1, Ink. Br. Janssens - van der Graaff van Tulbagh. 28.6.05.
(3) G.R. 16/47. van Ryneveld - Jacobs op 13.1.30.

government" en hy noem dan die name van Gous, Spannenberg en Louw. „these three burghers excelled all the others in bravery". Dan kom weer die name van tien andere wat ook baie dapper was. Daar was ook die basters Schipper, July en Witbooy ... „these three Basterds behaved remarkably well." Nog elf name van basters word vermeld - „these behaves well, but not so well as the three above mentioned." Jan Zwart (jun.) en Klaas Kok egter het vir hulle „cowardly" gedra.

Die goewernement het sy hartelike dank betuig aan veldkommandant Redlinghuis, veldkornet Burger en tewens aan almal wat so dapper geveg het. Redlinghuis en Burger kry elkeen 'n mooi dubbelloop geweer „and hereby remits for two years, the Taxes of the three burghers first-named on the above list, and for one year the taxes of the remaining burghers." Elk van die eerste drie basters kry 'n geweer en ammunisie en 'n geskenk van kruit aan elk van die andere, behalwe die wat hulle oneer aangedoen het deur hulle lafhartige gedrag.

Daar was ook gevra om aan weduwee Louw 'n pensioen toe te ken. Die sekretaris van die goewernement antwoord hierop dat dit nie in sy mag geleë is om oor hierdie saak finaal te besluit nie, „but he requests she will accept Rds. 1,000, as a donation from Government, and hereby remits her Annual Land Rent and Taxes from 1st January, 1832, for the remaining period of her life."(1)

Die bestryding van die inboorlingegevaar deur middel van die kommandostelsel het die regering bloed weinig onkoste besorg. Daar was gebruik gemaak van die burgerelement wat feitelik vir sy hele uitrusting, vervoer, voedsel en gasie self moes sorg en verder van die allergoedkoopste arbeid, naamlik die kleurling troepe. Dit skyn of die verskaffing van ammunisie op gereelde tye die grootste bekommernis van

---

(1) G.R. Worc. Arg. 11/12. Govt. Advertisement. 21.10.33.

die owerheid uitgemaak het. Daarom is dit temeer onbegryplik dat die regering nie meer moeite gedoen het om die gewillige en opofferende kommandogangers vir hulle dapperheid te beloon nie. Die geval van die kommando teen die Korannas word deur ons in extenso aangehaal omdat dit so 'n verfrissende uitsondering was op die andersins ondankbare optree van die regerings wat deur al die jare heen die bewind in Suid-Afrika gevoer het.

Die aanvraag om 'n pensioen vir 'n weduwee wat haar man in die stryd verloor het, is die enigste van sy soort wat ons met ons navorsing raakgeloop het. Dit sou interessant wees om die kwessie van oorlogspensioene in ons land as 'n geheel na te spoor. In plek van oorlogsmedaljes was dit die gebruik om bruikbare geskenke te gee en verder indirek te beloon deur die vermindering of gehele afskrywing van belastings.

8. Weieraars en Verlof van Afwesigheid.

Volgens 'n reglement van die Burgerkrygsraad van Stellenbosch moes alle blanke persone tussen die ouderdomme van 16 en 60 jaar militêrediens doen met uitsondering van heemrade, ouderlinge, diakens en brandmeesters; jongelinge van 16 tot 18 jaar moes ingeskrywe word en oefeninge meemaak maar sou nog van kommandodiens vry wees. (art. 14 - 15). „Inggelyks zullen ook van alle burgerdiensten vry worden, die twee Eygen zoons of drie stiefzoons in burgers dienst hebben, mits dat deselve nog in huys zullen weesen." (1) Natuurlik was ook verder vrygestel almal wat siek is of liggaamsgebreke het; tog moes selfs hulle gereed wees vir een of ander vorm van diens. So byvoorbeeld moes hulle tydens militêre oefeninge tuisbly om die veldkorporaals in tyd van nood behulpsaam te wees. In 1817 was daar 'n mate van verwarring oor die vrystellings en was kerkraadslede,

(1) Reglement van Burgerkrygsraad van Stellenbosch 1780.

padmakers, poshouers e.a. almal onder die indruk dat hulle vrygestel was en dat hulle selfs nie osse of waens hœf te lewer nie. Toe is 'n vaste reël neergelê dat van diens sou vrygestel wees „alle fungerende en oudheemrade en kerkrade, poshouers en baas-padmakers." Alhoewel hierdie persone nie tot persoonlike diens opgeroep kon word nie, kon sekere benodighede van hulle gekommandeer word.(1)

Toe die Engelse van die Kaap besit geneem het was daar baie burgers wat die nuwe bewind nie goed gesind was nie en het dikwels, wanneer hulle eie belange nie juis op die spel was nie, geweier om kommandodiens te verrig of het allerhande besware geopper. Selfs offisiere het soms geweier om hulle plig na te kom. Die veldwagtmeesters kry die reg om in hierdie gevalle op hulle eie inisiatief te werk te gaan. Weieraars kon met 100 rds. beboet word „en bovensdien als trouweloose Vaderlanders van hunne posten ontzet en in gemeene Burger dienst getrokken worden."(2)

Graaf Macartney het soveel moeilikhede met die inboorlinge in die binneland ondervind dat hy verplig was om terug te keer na die ou beproefde kommandostelsel van die Hollandse tydperk en het selfs 'n sterk mate van verpligting ingevoer. „... and by these presents do warn and command, all and every one of the Inhabitants of this colony where thus legally called upon, to pay immediate and cheerful obedience, as they shall answer to the contrary by fine or such other Punishment, as has been usual under the former Government, and the nature of the crime shall apear to require."(3)

Hierdie proklamasie word orals in die land opgeplak en bekend gemaak. Die landdroste word beveel om baie streng teen weieraars op te tree veral in daardie streke waar die Boesmans las veroorsaak. „...nor can it be supposed that

---

(1) Venter: Landdros en Heemrade. p. 243.
(2) Venter: op. cit. p. 249.
(3) B.O. 64. Prokl. van Macartney 20.5.97.

the taking up of arms in defence of their lives and property against robbers and disturbers of their peace and industry can ever have been intended to be forbid or that upon any plea whatever they can stand excused for not exerting themselves."(1)

Macartney kla oor die baie gevalle van pligsversuim wat onder sy aandag kom en daarom waarsku hy alle inwoners om die bevele van die veldwagmeesters te gehoorsaam „and vigilantly to assist in repelling or attacking the wild Bosjesmen, run-a-way slaves, or other depredators of private property and disturbers of the public peace."(2) Wanneer daar burgers vrystelling vra weens „Lighaams corruptie" word dit gewoonlik toegestaan op 'n mediese sertifikaat „mits alle verdere onkosten tot de Expeditie tegens de Bosjesmans te... blyven dragen."(3) Die klagtes oor onwilligheid bly voortduur gedurende die hele tydperk onder behandeling en word as redes aangegee: siekte, gebrek aan uitrusting, verhuising uit wyk, gebrek aan werksvolk, rondlopers en andere gevare wat die huisgenote mog bedreig ens.(4)

Die mense wat verskonings maak om nie aan 'n kommando deel te neem nie was nie hiermee van hulle verantwoordelikheid teenoor hulle land onthef nie. In 1829 was die onwilliges by 'n sekere geleentheid aangesê om te sorg vir die veiligheid van die distrik terwyl die kommando in die veld was want daar was gevrees dat die Boesmans langs 'n omweg die Kolonie kon binneval.(5) Baie burgers was onwillig en betaal liewers 'n boete as om van huis af weg te gaan. Onder hierdie omstandighede sou dit swaar gaan om die uitgestrekte grense te verdedig; hierdie slegte voorbeeld werk aansteeklik en dus word aanbeveel om die boetes te verhoog en selfs 'n

---

(1) B.O. 50. Lett. desp. Ross - v.d. Riet Maart 1797 - 1798; Ink. Br. no. 136. Stb. 24.5.97.
(2) B.O. 64. Prok. 20.5.97.
(3) G.R. 1/2. Vergadering. L & H & Kr.off. 6/8/98.
(4) G.R. 11/29 Cuyler - Stockenström 9.8.08; G.R. 12/3 Rapport van van Heerden 4.9.09; G.R. 16/47 van Ryneveld - Clerk of Peace B.W. 11/1/30; G.R. 16/52 CC van GR aan Sek. van Govt. 7.4.32.
(5) G.R. 16/45 CC van Ryneveld - CC van Nieuweveld op 1/11/29.

periode van tronkstraf toe te pas. Die veldkornet de Clercq wat ook onwillig was word ontslaan omdat aan so iemand nie weer die leiding van 'n kommando toevertrou kon word nie.(1)

In 1833 het die goewerneur die kommandowet nogeens ingevoer en die onwilliges word met strawwe boetes forseer om hulle pligte na te kom. Kaptein Stockenström het selfs aan die hand gedoen dat mense met die verlies van hulle plase gedreig moet word wanneer hulle in gebreke bly met die doen van kommando's.(2)

Dit was die plig van die „Clerk of the Peace" om klagtes teen onwilliges by die magistrate in te dien en dan te vervolg. Dit blyk egter uit die bronne deur ons geraadpleeg dat die regering baie laks opgetree het teen die oortreders en van daar die gebrek aan dissipline wat hom soms by die burgers openbaar het.(3)

Die redes wat gelei het tot onwilligheid kan as volg saamgevat word: Verlies van tyd en die ontberings wat daarmee gepaard gaan. Die burgers het geen belang in die verdeling van die gevange Boesmans meer gehad nie weens die baie restriksies wat op hulle behandeling gelê was. Die burgers het dikwels opgesien teen die opofferings wat hulle hulle moes getroos om die belange van andere te gaan dien, veral waar dit die eiendom van 'n hooggeplaaste offisier geld. Hulle moes vir hulle eie uitrusting sôre en soms het die ryperde in die slag gebly, veral as gevolg van die perdesiekte. In afwesigheid van die mans was die vrou en kinders aan die genade van rondloop slawe of ander vagabonde blootgestel.

Ter ere van die burgers moet egter toegegee word dat die onwilligheid om op kommandodiens te gaan nie aan enige lafhartigheid of gebrek aan dapperheid toegeskryf moet word nie.

---

(1) G.R. 16/45. CC. van Ryneveld - C.O. op 5.11.29.
(2) Boyce: Notes on S.A. Affairs from 1834 - 1838.
(3) G.R. 16/47 op 11.130; G.R. 16/52. op 7.4.32.

HOOFSTUK 7.

Die Afrikanerboer se Stryd teen die Boesmans onder die Soeklig.

1. Collins en Lichtenstein tree vir die burgers in die bres.

Dis nie ons plan om in hierdie hoofstuk die grond te dek wat reeds in die slothoofstuk oor die Kommandostelsel in ons verhandeling „Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollandsoosindiese Kompanjie, 1652 - 1795" in oënskou geneem was nie. Ons het daar probeer aantoon dat skrywers soos Barrow, Sparrman, Sutherland en andere, die burgers van die land, met hulle regering inkluis, nie baie billik beoordeel het nie. Ons wil hier 'n blad omslaan en hoofsaaklik sien hoe latere skrywers en staatslui die stryd van die blanke teen die barbare in die 19e eeu beskou het en veral so ver dit die Boesmans betref. Die meeste van die werke wat ek hier gaan kwoteer kom nie onder die aandag van die lesende publiek van ons dae nie en daarom is dit belangrik om hier 'n paar aanhalings te boek te staaf.

Collins neem die handskoen op vir die burgers teen die bewering van Barrow in die volgende woorde: „... and had he (Barrow) simply mentioned instances of misconduct, without degrading the inhabitants of a whole country below the lowest of the human race I should not have ventured to protest against his decrees; but when he included the farmers of the whole frontier... I could not allow so unfair a judgement to pass unnoticed."(1) Met lof word verder gepraat van die pogings van die burgers om die Boesmans te bevriend en veroordeel die kommando's wat eers na maande na die misdaad gepleeg was uitgestuur word en wat dikwels oorsaak was dat onskuldiges aan die pen ry. Ook Lichtenstein, die beroemde reisiger kon nie nalaat om Barrow oor die kole te haal oor sy

---

(1) Moodie's Records op. cit. V. p. 8. Journal of tour by Collins.

onwaarhede nie: „That regular parties, however, are made up by the Colonists to hunt them down (Bushmen) as some late writers have asserted, I must say is untrue."(1) Lichtenstein het ook gepleit vir die oopsit van die jag vir wild ten bate van die Boesmans, want die nasie het nooit gevoel dat die jag in hulle nadeel was nie en het dikwels gekla indien die jagpartye vir 'n lang tyd uit hulle gebied wegbly.(2)

2. Dr. Philip Justus en Bannister gesel die regering en burgers.

Dr. Philip in sy boek, Researches in South Africa, maak ook 'n paar wilde en onverantwoordelike aantygings: „ten waggons, loaded with their children, were carried into the Colony and placed in perpetual servitude."(3) Dit skryf hy na die onderdrukking van die Boesman sendingstasie by Torenberg. Hy laat hierop volg: „...while by the capture of their women and children the murderers increased their stock of slaves and dependents."(4) Dr. Philip beweer dat na die onderdrukking van die sendingstasie die weg oop was tot slawerny en verdelging van die Boesmans op groot skaal. Die volwasse Boesmans word sonder genade platgeskiet, terwyl die voorreg van slawerny vir vroue en kinders gereserveer word. Die geskiedenis loënstraf hierdie onsinnige bewerings, want elke skoolkind weet dat die inboorlinge van Suid-Afrika, sedert die koms van Van Riebeeck, buite die arena van slawerny gehou was.

Bannister gesel beide die Hollandse en Engelse regerings oor hulle naturellepolitiek in Suid-Afrika. „The wrongs inflicted upon South Africa, and the slow progress of civilisation there, are to be attributed to the governments, English as well as Dutch, and by no means to an

---

(1) Lichtenstein op. cit. Travels in Southern Africa (van Riebeeck Society) p. 143.
(2) Lichtenstein. op. cit. pp. 121 - 122.
(3) Researches op. cit. II pp. 50 - 51
(4) Dr. Philip op. cit. Researches. II p. 53.

irresistible spirit of injustice in the Colonists, or to the irreclaimable barbarism of the aborigines."[1] Algaan ons nie saam met alles wat deur Bannister beweer word nie, tog moet ons erken dat die agtereenvolgende regerings aan die Kaap nie vry te pleit is van die verwyt dat hulle, met hulle weifelende en nigrofiele optree, die onbeskaafde inboorling die kop deur mekaar gestuur het nie en die land baie bloedige tonele besorg het.

Justus maak 'n beskuldiging teen die Britse bewind van wreedheid teenoor die inboorlinge. Van die Britte verwag hy as Brit natuurlik beter dinge en, omdat hy die aanvalle op die Hollandssprekende bevolking in die werke van Barrow, Dr. Philips e.a. gelees het, het hy die reg gehad om te verstaan dat alleen Boere die skuld dra en nou kom hy tot die ontnugtering dat sy eie mense net so skuldig was as die ander deel van die bevolking. „History, therefore has in her annals of the British rule in South Africa to record all that is disgraceful, tragic, and disheartening: it must be written against us, and never can be erased, that up to the present hour, we have been a scourge to the aborigines, ..."[2] „...for when the Colony came finally into the power of the English, the same barbarous system of hunting down and murdering the natives was continued in all the northern and eastern provinces, and beyond their limits into the unclaimed wilderness..." „...the commandos indiscriminately massacred men, women and children."[3]

3. Howison, Stout en Reynolds belaster die Burgers.

Daar is skrywers wat beweer dat die koloniste eenvoudig al wat Boesman is wou verdelg, of hulle nou skuldig was aan diefstal of nie. Howison sê dat die kommando's voor

(1) Bannister: Humane Policy p. 13.
(2) Justus: The Wrongs of the Kaffir Nation, Preface p. VI
(3) Justus: op. cit. pp. 7 - 9.

die voet doodgeskiet het „but at length incensed by their 'retaliating system' they denounced vengeance on the whole nation and sacrificed the guilty and innocent without discrimination whenever they found an opportunity."(1) Forbes prys die Boere aan die een kant as gasvry, eerlik hardwerkend en goed van manier maar aan die ander kant veroordeel hy hulle as wreed, ongeletter en beginselloos en „no better than savages, and in clemency, urbanity, and other social virtues, far inferior to the Hottentots among whom they dwell."(2) Stout beweer weer dat die Boesmans deur die Boere soos 'n leeu en tier gejag word en „A farmer never thinks of giving quarter to these people, but slays them the very instant they are in his power."(3) Reynolds erken dat die grensbewoners geharde, moedige en ondernemende mense was maar voeg daarby „but destitude of those gentler virtues which constitutes the refinement and happiness of older and more permanent communities... the kind reception and hospitality of the natives have been requited by acts of rapine, cruelty and oppression, on the part of the colonists, which are naturally followed by some dreadful reaction."(4) Dis nie nodig om op hierdie aantygings te antwoord nie want in die vorige hoofstukke is herhaaldelik bewyse gelewer dat wreedhede tot die uitsonderinge beperk was en dat niemand toegelaat was om na willekeur met die inboorlinge af te reken nie.

4. Stow, Bigge en Justus beweer dat die Boesmans uit hulle land verdrywe is.

Baie skrywers wou so graag die wêreld diets maak dat al die moeilikhede met die Boesmans eintlik ontstaan het omdat die blankes die land van die Boesmans afgeneem het. Stow beweer: „bushmen depredations were unheard of as long as

(1) Howison's: European Colonies p. 269.
(2) Forbes: Oriental Memoirs p. 176.
(3) Stout: Cape of Good Hope p. 117.
(4) Reynolds: Voyage of the U.S. Frigate etc. pp. 81 - 82.

their ancient hunting-gounds were unmolested." (1) Jagvelde kan egter nie as besitreg aangemerk word nie want hierdie jagvelde het verskuif na mate die wild trek en dus ook die Boesmans moes trek. Bigge praat in sy rapport asof die Boesmans besitters van vee was: „Although the purpose was not effected, yet the expulsion of the Bushmen from the lands to which they resorted for pasturage for their cattle, their confinement to those which, from the want of water, are frequently fatal to animal life, ..." (2)
Die werklike aard van die Boesman was by baie skrywers heeltemal onbekend en daarom kry ons so veel onhoudbare stellings wat ingeneem word. Die Boesmans was nomade wat rondgetrek het om te soek na skuilplekke, jagvelde, fonteine ens. Hulle huisies was van takke en velle en hulle was 'n baie arm volkie sonder enige aardse besittings, wat hulle orals tuis gemaak het waar die natuur vir hulle goedgesind was. Om derhalwe te praat van veeboere, met vaste weivelde wat kastig deur die blankes in besit sou geneem gewees het, is eenvoudig klare onsin. Ons tref die Boesman aan in die droë streke omdat hy hom hier maklik aanpas, volop volstruise en volstruiseiers hier kry; ons vind hom langs die oewers van riviere, by panne en fonteine omdat hy hier volop water het en die wild hier kan voorlê as hulle kom water drink. Die Boesman was ook in die bergagtige streke te vind aangesien hy hier grotte en skeure in oorvloed aantref waar hy hom meer veilig voel teen die Kaffers en andere vyande en waar toevallig ook volop wild en bolgewasse aanwesig sou wees. Daar is dus geen sprake van 'n aaneengeslote gebied wat deur Boesmans bewoon en waaruit die blankes uitgehou moes word nie; om grenslyne vir die rondtrekkende en wilde Boesman vas te lê was 'n onuitvoerbare en onpraktiese

---

(2) Theal: Rec. of C.C. Vol. 35. p. 308 Report of Bigge; Dr. Philip: Researches I, p. 54. op. cit.
(1) Stow: Native Races p. 38.

proposisie. Volgens Justus was die Boesmans uit berg en dal verdrywe tot ver in die woestyn „and thus not daring to cultivate the ground, or to rear any cattle, they were driven to the most woeful means of subsistence..."(1)

Dit was in die Boesman se aard al die eeue deur om uintjies te soek en wild te jag en vandaar die aanwesigheid van sy vuisklippe en ander steenimplemente oor die ganse vasteland van Afrika. Met vee sou hy nie geboer het nie en die grond sou hy nie bewerk het nie so lank hy in sy ongesiwiliseerde staat geleef en sy wilde geaardheid in hom genestel het. Die agtereenvolgende planne om hom in landbou of veeboerdery te interesseer was dus tot mislukking gedoem - dit was eenvoudig die „Moriaan geschuurd" soos die ou spreekwoord lui.

5. Cole, Dory, Steedman, Stockenström, Lucas en Napier neem die handskoen op vir die Boere.

Nieteenstaande al die harde en onverdiende kritiek op die koloniste, en veral die Hollandse element onder hulle, was daar tog baie skrywers en regeringsamptenare, en daarby nogal almal Engelse, wat die handskoen vir die vertrapte en beledigde Boere opgeneem het. Cole se opinie oor hulle kom uit in die volgende sinne: „The Dutch are not a 'go-ahead' people, though they are frugal, industrious, and sensible..... But they have, at the same time, a large share of those sterling qualities which make men respectable in the highest sense of the word, throughout the world."(2)

Dory, die Suidafrikaanse geskiedskrywer, tree ook vir die Boere in die bres „The maintenance of law and order among the farmers themselves was effected in a very simple and inexpensive, yet efficient, manner. The fact that this was possible is a striking proof of the generally peaceable

(1) Justus: The Wrongs of ... op. cit., pp. 10 - 11.
(2) Cole: The Cape and the Kaffirs: pp. 96 and 131.

and law-abiding disposition of the simple-minded Boer. It is only fair and just to the character of these people to state that, even when farthest removed from the restaint of law, very little crime was ever committed by them."(1) Hierdie getuigskrif spreek boekdele vir die Boer en sy kommandostelsel. Steedman vertel van die lokaas wat die boer se kudde vir die Boesmans was en van die weermiddels wat hy in sy afgesonderde toestand in aller haas soms moes tref tot sy eie verdediging en dit sonder hulp of raad en „is consequently obliged to represent judge, jury and sheriff in his own person, and in his own cause. If he is sometimes induced to assume the rights of a legislator also, we need not be surprised at occasional irregularities in his administration."(2)

Hierdie stelsel sê Cory is uit die nood gebore by gemis aan ander verdedigingsmiddels „their self-imposed duties were by no means light. They journeyed for days and sometimes weeks over very considerable tracts of country, at times suffering much hardship from the weather, from want of water and from scarcity of food."(3) Stockenström bepleit soms strenge maatreëls om diewe te straf en tree op as 'n verdediger van die ou vorm van kommando's en sê verder „the present generation of colonists.... show by their conduct to the Bosjesman, their conviction of the Truth, and of the Inhumanity of destroying them on every slight provocation."(4) Lucas meen dat die sendelinge, wat die boodskap van vryheid en broederskap aan die heidene bring geneig is om as advokate op te tree; hulle vergroot en vermenigvuldig en derhalwe beskuldig hulle die hele volk van wandade wat net deur 'n paar indiwidu's bedrywe was.(5)

---

(1) Cory, op. cit. I, p. 157.
(2) Steedman: Wanderings... etc. p. 109.
(3) Cory, op. cit., I, p. 17.
(4) G.R. 16/11 Stockenström - L.-Col. Bird, Col. Sec. 5.6.22.
(5) Lucas: Hist. Geog. of the Brit. Colonies, Vol. IV part I, S.A. p. 119.

„Englishmen are apt to see men and things from a purely English point of view, and make mistakes in consequence. Their own ideas, their own institutions, at any given time, they imagine to be good for all places and for all times. They overlook difference of race and local peculiarities... Occasionally they gave more heed to the representations of missionaries and philanthropists than to the despatches of governors."(1) Hierdie woorde van Lucas praat vir hulleself en lê die vinger op die regte plek en het geen verder betoog van node nie. Napier in sy „Excursions in South Africa" publiseer belangrike opinies oor die vyande van die Boerevolk dat ons genoodsaak is om ietwat breedvoerig uit sy boek te kwoteer: „...the Dutch Boers of the frontier incurred the unmerited obliquy so undeservedly cast upon them, of being universally guilty of cruel and barbarous conduct towards those so called unoffending Natives, the aboriginal possessors of the soil. It is however no doubt possible-- nay, more than probable - that a rude peasantry far removed from the seat and control of an efficient government, abandoned to their own resources for protection and self-defence, and aggravated by such repeated provocations, should after constantly recurring loss of life and property - be extremely exasperated against the authors of their misfortune; and that in a few cases retaliation may have been carried by them to an unwarrantable extent. Still allowance must be made for the great provocations they endured."

„In accordance with that mawkish affectation of humanity so prevalent of late years, it has been the fashion to decry, and to cast obloquy in every shape on the Colonial Boers - a race rude and untutored, it is true, but brave, hospitable and kind; and who, though forced in self-defence

(1) Lucas, op. cit. Vol. IV, Part I, S.A. p. 127.

to adopt severe retaliatory measures against their barbarous foes, are as a body perfectly incapable of perpetrating those cruel acts so calumniously laid to their charge. So far from its being true, as asserted, that the Boers of the northern frontier took a savage delight in hunting down, dragging into captivity, and destroying the Bushman race;... Barrow... bears distinct evidence to the reluctance invariably evidenced by them whilst undertaking this duty, ..."

„It is all very well for Exeter Hall gentlemen, snugly esconced in their fire-side arm chairs, to issue, on the strength of false information conveyed by wretched adventurers - whose trade it is to earn a livelihood by such disreputable means - it is all very well for such persons to obtain a cheaply-acquired reputation of sanctity and humanity, by preaching a crusade in favour of barbarous tribes, as to whose real character and conduct they appear to be most completely in the dark. But, were they placed in the situation of those really persecuted and ill-treated men, whose conduct they so unjustly and so unmercifully decry, it remains to be proved if their clamorous exhortations to forbearance and conciliatory measures would be uttered, as hitherto, in quite so loud a tone of voice."(1)

Die sendelinge as 'n geheel het nie juis 'n hoë dunk van die Hollandsekoloniste gekoester nie, tog vind ons in Rev. Thompson 'n uitsondering waar hy as volg van hulle praat: „I do not hesitate to characterise them generally as a shrewd, prudent, persevering, good-humoured, hospitable, and respectable class of men.....I am satisfied that there is a great deal of hearty kindness and substantial worth in the character of the Cape Dutch Colonists. Notwithstanding the evil influence of slavery, and of their rancorous

(1) Napier: Excursions in Souther Africa etc., I, op. cit. pp. 126, 129, 130.

hostilities with the Bushmen and Caffres, they are not generally a depraved or inhuman race of men."(1)

Dit was juis die stryd teen die Boesmans en die Kommando-stelsel, se aandeel daaraan, wat die penne van die filantrope in beroering gebring het en daarom het ons die opinies van verskillende skrywers hier probeer te boekstaaf en sodoende reg laat wedervaar.

---

(1) Woorde van Thompson aangehaal deur Lucas op p. 122 Vol. IV, part I, S.A.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE BURGERKOMMANDO'S IN DIE KAAPKOLONIE (1652 - 1878).

TWEEDE AFDELING:

DIE STRYD TEEN DIE KAFFERS.

HOOFSTUK 8.

BOER EN BARBAAR ONTMOET MEKAAR OP DIE OOSGRENS.

1. Die noordwaartse beweging van die Boernasie.

Die blanke koloniste het ~~veral~~ in 'n noordoostelike rigting voortbeweeg en het hulle deur geen gevare en natuurlike hindernisse, hoe groot die ook al mog gewees het, uit hulle pad laat druk nie. Dit was veral die waterryke en grasryke streke van die oostelike dele van Suid-Afrika wat hulle in besonder aangelok het, want hier sou hulle immers vind die ware „Eldorado" vir hulleself en hulle talryke kuddes skape, bokke en beeste. Die Kompanjie se bestuur met sy knellende en irriterende handelsbeperkinge het van die koloniste nie net meer en meer veeboere gemaak nie, maar het hulle ook al hoe verder van die regeringsetel af noordwaarts weggestoot. Dit was baie maklik om vir die seuns van die gesin 'n lenings- of eiendoms-plaas in hande te kry en dok hierdie voorregte het die verspreiding van die koloniste hoe langer hoe meer in die handgespeel. Die Boer was 'n liefhebber van die jag op wild en die was volop in die binnelande waar hy dan na hartelus sy Nimrodsgees kon botvier en sy vryheid onbelemmer geniet. Ons behoef ons dus nie te verwonder nie dat die haas onoorkomelike berge en riviere, en daarby die gifpyle van Boesmans, hom nie van sy ingeslae pad laat afwyk het nie. Alles het goed gegaan solank die blanke net met Boesmans en Hottentotte te doen gekry het, maar watter ontnugtering was dit nie toe die voorttrekkende koloniste skielik op 'n derde naturelleras, die forsgeboude Bantoe, afkom en uitvind dat hy suidwaarts beweeg waar hyself in die teenoorgestelde rigting wou koers vat. Hier doem toe dadelik 'n probleem op waarmee uit die staanspoor rekening gehou moes word. 'n probleem wat nie somar maklik weggewoe sou kon word nie.

2. Die suidwaartse stroom van die Bantoestamme.

Die eerste moeilikheid het reeds aan die begin van die 18e eeu voorgekom. 'n Groot jagparty, bestaande uit blankes en Hottentots, het in hul soek na ivoor, wild en vee, tot aan die Visrivier deurgedring. Hier tref hulle toe groepies Kaffers aan, wat nie hier gewoon het nie, maar wat van uit hulle krale oorkant die Keirivier ook op jagtogte uit was. Tussen die Kei en die Keiskama het die Gonakwas Hottentotte gewoon wat dus eerste aan die beurt was om deur hierdie hordes uit die noorde verdryf te word. Die vraag ontstaan waarom die Bantoe juis in hierdie tyd suidwaarts trek en dit al langs die ooskus af. In die eerste plek kan genoem word die gedurige stryd wat onder kafferstamme self aan die gang was en wat veroorsaak dat die voorpunt steeds verder suidwaarts peil. Die Kaffers was daarby, net soos die koloniste, ook jagters en veeboere wat die vrugbare delo van die land terwille van hulle bedryf gaan opsoek het. 'n Botsing van belange was vroeër of later onvermydelik. Die gewoonte by meeste stamme om in kleinere stamme, onafhanklik van die ou stam, op te splits, was 'n verdere faktor in die verhuisingsproses. „Dit was vooral het geval wanneer het aangrenzend gebied dun bevolkt was door een zwak volk als de Hottentotten, waardoor een heerscher van lageren rang zonder moeite gelegenheid had op een afstand van zyn broer te gaan wonen. Dit proces van splitsing werd in zekere mate beperkt door veelvuldige stammen-oorlogen en twisten welke de hoofden van dezelfde familie drongen geneene zaak met elkaar te maken; maar wanneer er een betrekkelyke vrede heerschte was het in volle werking, en zoodoende had er een voortdurende en snelle uitbreiding van het Bantu-ras naar het zuiden plaats."(1)

Toe die Kaffer uitvind dat die koloniste meeier en

(1) Theal: Het begin van de Zuid-Afrikaansche Geschiedenis p. 44.

vetter boeste besit as hy self, en dat hierdie vee swak opgepas word en die middels van verweer by die witman ondoeltreffend was, het hy natuurlik al hoe meer astrant geword. Eers word die arme Hottentotte van alles berove wat hulle besit het en verdryf uit daardie gebied ander- en duskant die Kei^rivier waar hulle vir meer as 150 jaar gewoon het. Die Boesmans was vir alle veebesitters, en dus ook vir die Kaffers, 'n ware doring in die vlees en word eenvoudig as wilde gediertes van kant gemaak. Moord en plunder, brandstigting en verwoesting was aan die orde van die dag en weldra moes die koloniste 'n verbitterde stryd aanknoop teen hierdie nuwe bedreiging van hulle volksbestaan uit die noorde. 'n Stamhoof Jamosie genaamd dring in 1770 onder die blankes in by die Gamtoosrivier terwyl die eintlike vloedgolf nog nie verder as die Visrivier gevorder was nie en bemoeilik daardeur aansienlik die reeds netelige probleem. Dit was eers in 1778 dat die Kaffers met mening oor die Visrivier die Suurveld binnestroom onder die voorwendsel dat hulle die land daar van die Hottentot-kaptein Ruiter gekoop het. Dis baie duidelik dat die Kaffers net so min as die blankes die reg op hierdie gebiede kon laat geld. „It was not a case of unprovoked invasion by aggressive new comers from Europe of a land which from time immemorial had belonged to the existing occupants. What was now constituted neutral territory had once been the home of Hottentot tribes. The Kaffirs had dispossessed them, as the English and Dutch now dispossessed the Kaffirs."(1) Die Bantoe volk was groot, fris gebou, dapper en veel beter ontwikkel as die Boesman en die Hottentot; in die oorlog het hulle 'n militêre talent ontplooi waarteen selfs die blankes se kommandostelsel nie aldag opgewas was nie. Dit was vir die witman 'n geweldige probleem toe hy die dag die stryd

(1) Lucas: Hist. Geog. op. cit. S.A. I pp. 151 - 152.

aangeknoop het teen die steeds voortdringende swart hordes van uit die noorde en min het hy kon vooruitsien dat hierdie stryd met die wapens vir meer as 'n honderd jaar sou voortduur en oor nege kafferoorloë op die grense uitgespoi sou word.

3. Die Bantoe se konsepsie van besitreg.

Die Bantoe was nie net 'n veeboer nie maar het ook die akkerbou beoefen en het dus hoog gestaan op die leer van beskaving sover hierdie term op primitiewe volke van toepassing is. Dit beteken dan dat hy meer gehog aan sy omgewing en lande sou wees as byvoorbeeld die Boesman of die Hottentot. Daarom ook sou hy die vrugbare streke, soos die Ooslike dele trouens was, tot sy tuiste uitkies. Die land wat geokkupeer word is nie juis die eiendom van die Kaptein gewees nie; daarom was die afstand van 'n gebied deur 'n kaptein nie bindend op almal gewees nie en dit het oneindig baie misverstand in later jare besorg, veral in die transaksies met die blanke regering aan die Kaap. Die Kaffer het met afstand in die oog gehad soos sy eie wette die bepaal. So byvoorbeeld het die eienaar met vee 'n soort huur betaal; as hy vars grond inbreek is hy die eienaar net so lank die oes daar is, maar as hy klaar geoes het is almal weer hier die baas. Die gevolg hiervan was dat die Kaffer hom die reg voorbehou om na jare weer terug te keer na sy ou woonplek terwyl die blanke weer onder die waan verkeer dat die grond as sulks permanent aan hom afgestaan was. Dit spreek van self dat hierdie verskil in opvatting tussen Kaffer en blanke 'n bron van die grootste verwarring en onsekerheid geskep het. Die kaptein is die bestuurder van die nasionale eiendomme. Die onderhorige stamme is geregtig op die grond net solank hulle die okkupeer en hulle pligte teenoor die hoofkaptein nakom. Die okkupeerder van die land moet gereed staan om militêredienst te doen wanneer die aanspraak op land berus volgens hulle op die mag van die assegaai of speer. Hulle weet van 'n geregtelike dokument,

of absolute reg op grond, totaal niks af nie.[1] Die kaptein deel die tuine uit volgens elkeen se behoefte. Die besitter kan dit behou so lank hy dit bewerk; met toestemming van sy kaptein kan hy selfs vir jare weggaan en as hy terugkeer dit weer in besit neem. Die besitter kan dit nie vervreem of uitleen nie; sy regte verval indien hy sonder verlof vertrek of dit nie bebou nie.

4. Kafferkommunisme.

Die Kaffer het 'n sterk neiging tot kommunisme besit. Alle gronde wat nie bebou word nie was die gemeenskaplike weiding van die stam. Die hoof besit die reg om te bepaal dat sekere dele slegs in sekere tye bewei mag word. Daar was geen belastings gehef op water, lug of land nie. Die lande word selfs nie eers omheen nie. Indien die tuine in die nag beskadig word, was die eienaar van sulke vee verantwoordelik en moes hy die verlies goedmaak want hy moes sy vee gekraal of vor weg gehou het. As skade gedurende die dag veroorsaak word hoef geen vergoeding gedoen word nie daar dan een van die familie vir die veiligheid van die tuin gesorg het.[2] Die kaptein kry sy inkomste uit boetes, geskenke en beslaglê op vee; verder moet sy ondordane groot tuine vir sy voordeel bebou en ander persoonlike dienste verrig. Die oorlogsbuit kom die kaptein toe; alle handel met vreemdelinge gaan deur sy hande; met die instel van marke in latere jare moes hy die aantal krale as prys vir elke dier bepaal en die kaptein leen soms aan onderdane koeie om te melk maar die kon te enigor tyd weer op-geëis word.

5. Die Bantoe se begrip van diefstal en ander misdade.

Die Bantoe het 'n eienaardige konsepsie van misdaad daar op nagehou. Die wet beskou elkeen van 'n oortreding

(1) Willoughby: The Race problems in the new Africa p. 163.
(2) Theal: Het begin van Z.A. Gesk. op. cit. p. 93.

beskuldig as werklik skuldig tensy hy sy onskuld kan bewys. Diefstal is by hulle nie so seer 'n kriminele as wel 'n siviele misdaad; die oortreder kan tot ruime vergoeding gedwing word en die eienaar kan selfs die dief doodmaak as hy hom betrap maar in die oog van die Kafferwette is diefstal geen misdaad nie. Die Kaffer is 'n gebore dief en waarheid is geen deug in die lewe van hierdie barbaar nie. As hy steel is dit sy „indaba" om nie betrap te word nie; tot op die huidige dag is die /makosa's onverbeterlike veediewe. „With regard to the question of theft, it may be pointed out that it is not an offence to steal from people of a hostile or rival tribe."(1) Dit verklaar dan ook die oorsprong van die Kafferoorloë in die geskiedenis van ons land, want die blanke was weldra in sy oog niks minder as sy grootste vyand van wie hy na willekeur vee kon steel.[212] Vir die Kaffer is die oordeel met vuur of gif heeltemal regverdig en ook onfeilbaar; daarom die vaste geloof in die toordokter, wat vir meer as een kafferoorlog verantwoordelik gehou moet word.

Gesamentlike verantwoordelikheid was 'n ander faktor wat 'n belangrike rol in die kafferlewe gespeel het. Die hoof van die gesin of die stam word vir die misdade en individuele vergrype verantwoordelik gehou. Wanneer dus die vel van 'n gesteelde os in 'n kraal gevind word, of die spore van die gesteelde eiendom tot by die betrokke kraal gevolg kan word, dan was al die bewoners van so 'n kraal onderhewig aan boete of ander straffe. Dat iemand hom onskuldig of onwetend verklaar van 'n daad van sy naaste buurman was iets wat die Kafferwet nie erken nie. „...de wet eiste dat hy alles daarvan afwist, of liet hem anders lyden wegens het verwaarloozen van een plicht dien hy volgens de wet verschuldigd was aan de gemeenschap. Ieder persoon was niet alleen in theorie maar ook in de praktyk een

(1) Kidd: Kaffir Socialism p. 83.

politie-beambte."[1] Dis geen wonder dat die spoorwet by alle primitiewe volke en ook by die Kaffers so 'n belangrike rol gespeel het nie.-Dis nie 'n oorspronklike wet van die Kaffers nie - hulle het dit ook maar van andere oorgenoem - maar dit het so pragtig in hulle kraam te pas gekom. Dit mag onregverdig lyk maar dit het in wel toebereide aarde geval by die Kaffer se wyse van dink en het goeie resultate gelever en dit was vir hom voldoende. „Perhaps the very central conception of Kafir law... is that of collective, or corporate, responsibility...it is a great deterent from crime in all immature societies."[2] Soos onsself weet moet 'n spoor dadelik opgevolg word as die dieve opgespoor moet word. Die Kaffers het daarom ook allerhande middels aangewend om die sporo uit te wis. Die gestoelde vee word langs paaie, oor klipperige grond, of in die beddings van 'n rivier gejaag; soms word bosse agterna gesleep of die vee heen en weer gedryf om die sporo te verwar of heeltemal uit te veeg. Sodoende was daar die kans om te ontsnap en die buit te behou sonder betrap te word.[3]

Die Kaffer glo ook in onmiddelike straf vir oortredings want op die wyse was daar minder gevaar dat onskuldiges sou ly. „The Kaffirs like to have justice meted out to them while the blood is hot: half the zest of the „justice" evaporates if the delay be prolonged."[4]

6. Beestebesit 'n teken van aristokrasie by die Bantoe.

Die besit van vee was vir die Bantoe 'n teken van meerderwaardigheid en rykdom. Die veekraal word gebou op 'n hoog geleë plek met volop water in die nabyheid. Dit vorm

---

(1) Theal: Het begin van de Z.A. Gesk. op. cit. p. 64.
(2) Kidd: Kafir Socialism op. cit. p. 75.
(3) Nota: 'n Sendeling van Mochudi uit vroeër jare verhaal die volgende om aan te toon dat die idee van gesamentlike verantwoordelikheid tot op die huidige dag by die naturelle in swang is. 'n Verbygaande motor was by Mochudi onder die klippe gesteek. Die dader kon nie uitgevind word nie. Die kaptein laat daarop al die 400 kinders, manlik en vroulik, uit die skool roep. Almal moes op hul maag gaan lê en onder die lat van die kaptein deurloop.
(4) Kidd: Kafir Soc. op. cit. p. 90.

die kapitaal van die Kaffer en daarom is al sy streve gerig op die besit daarvan. „Die onder hen geen vee bezit, is een arm man, al had hy nog zooveel koren opgestapeld, want alleen met vee kan hy zich dingen van weelde aanschaffen. Sledhts hy die vee bezit, kan zich een vrouw koopen, offers zyner waardig brengen ziekten genezen enz."(1) Vir die man is die versorging van sy kuddes die aangenaamste taak en hierdie werk word nooit aan die meide toevertrou nie. Nee, hulle moet die swaar werk in die tuine verrig en selfs die melksak nie aanraak nie, laat staan nog melk of diere versorg. Die man is die soldaat in tyd van oorlog en die hoeder van die rundere in vredestyd. Hy melk sy koeie, „weidt en drenkt de kudde, zelfs de schapen en geiten."(2) Hy ken sy diere by name, versier hulle op sy manier deur die draai van die horings, die inbrand van strepe of deur beskildering. Sy renosse word goed afgerig en met gefluit en ander tekens word die kudde geleer om hulle baas te gehoorsaam. Die Kaffer versier sy huis met horing en skedels van osse as 'n teken van sy aristokrasie en rykdom. Die besit van beeste was in ander opsigte ook belangrik en het geloi tot weerwraak en diefstal. Die jong Kaffers wat nie op andere wyse in besit van beeste kon geraak nie het hulle eenvoudig by die ander stamme of die koloniste gaan steel, wat natuurlik by hulle as 'n kordaatstuk getel het. Hierdie gewoonte om vroue te koop met vee (Lobola) was verantwoordelik, vir 'n groot deel, vir die stryd tussen wit en swart op die oosgrens. Die doel van baie strooptogte by die jong Kaffers was eenvoudig om vee te roof by die koloniste wat besittors was van mooi en vet vee. Frani beeste was die meest eervolle seëtekens van 'n terugkerende leër „the truth is, that the Amashosas are most determined and incorrigible cattle-stealers. Numerous and fine herds constitute the wealth, the pride, the delight of the Caffer, the grand

(1) Ode: De geschiedenis van Z.A. deel I, p. 74.
(2) Ode: I. op. cit. p. 75.

object of his desire and ambition. And as the colonial cattle are much finer than those of Cafferland, and at the same time more negligently guarded, they offer a temptation which seems to be irresistible. Indeed, these, like the 'honest Highland thieves' celebrated by Sir Walter Scott, think it neither sin nor shame, but rather a creditable exploit, to steal cattle, provided it be not from their own tribe. Their dexterity in the execution of these thefts is surprising, and such as is most difficult to guard against.(1)

7. Grond- en beestehonger die oorsaak van stryd teen die blanke

By die Bantoe het die idee posgevat dat beesbesit gepaard moet gaan met meer grondbesit; brei die eerste uit dan moet die tweede ook noodwendig uitbrei. Vermindering van sy getal beeste beteken minagting van die geeste van sy voorouers wat hom wil begunstig, en daarom beskou hy diefstal van beeste van sy bure as doelheiligende middels.(2)

Die kaptein beskou sy manskappe in terme van vegters wat met alles wat hulle besit aan hom behoort. Skade aan die vegters veroorsaak beteken skade aan die kaptein wat die stam in homself verteenwoordig. Dit verklaar die traagheid van die kaptein om sy onderdane in orde te hou wanneer hy uitgaan om weerwraak te neem en vee van andere te buit.

8. Die kaffersoldaat en sy wapens.

Die Kaffers het gewoonlik die stryd in Desember maand aangegaan omdat die oes dan ryp op die lande staan en nog nie binnegehaal is nie. Hulle het geen kommissariat gehad nie en kon dan orals kos kry vir die impi's. 'n Ander rede was die feit dat die nagte kort en die dae lank was. Die Bantoe van die kus was meer oorlogsugtig dan die ander stamme; hulle was met assegaaie, knuppels, werpspiese en skildvolle gewapen. Die assegaai was 'n dun hout skag met 'n dun yster punt en skerp aan die kante; hierdie assegaai kon met groot krag gegooi word wanneer die in ewewig gebring word; die knuppel word in handgemeen gevegte gebesig en jongens word van hulle prilste jeug af aan die gebruik daarvan

---

(1) Bunbury: Journal of a residence at the Cape of Good Hope p. 12.
(2) Van Biljon: Historiese ontwikkeling van grensbeleid van Grondtoekenning aan die Naturel in Suid-Afrika. p. 5.

geleer. Die leër word in resimente verdeel. Die dapperstes kry 'n kraanvoëlveer as onderskeiding maar hulle kan nie offisiere word nie, aangesien hierdie onderskeiding net vir lede van die regeringshuis gereserveer word. Die jongens hou wedstrye onder mekaar deur na miershope en pale as skywe te gooi. Deur hierdie oefeninge, wat gewoonlik met groot lawaai en gebare plaasvind, word die bors verruim en die spiere gestaal met die oog op die latere militêre loopbaan van die volk.

HOOFSTUK 9.

Die Burgerkommando's In Onguns Tydens 'n Vloedgolf van Filantropie. (1778 - 1794).

1. Die H.O.I.K. lê sy kafferbeleid neer in 1780.

Die H.O.I.K. het ook teenoor die naturelle sy gevestigde beleid van vrede en vriendskap probeer handhaaf. Trouens hoe kon hy ook anders aangesien hy met die oog op handelsvoordele die vrede binnelands moes bly handhaaf. Daar by kom nog die feit dat die Kaap saam met die moederland en andere lande saamgetrek was in 'n wêreldoorlog en dat hierdeur soldate nie te spaar was om ook nog, behalwe die verdediging van die Kaap teen vreemde moonthede, die grense te gaan beveilig nie. Nadat die eerste botsing in 1778 tussen Bantoe en blankes op die Oosgrens plaas gegryp het was dit gebiedend noodsaaklik om 'n vaste prosedure te volg om hierdie nuwe gevaar die hoof te kan bied.

Die eerste verneme stap van die bewindhebbers was om op 24 Oktober 1780 die beroemde veldkommandant Adriaan van Jaarsveld, wat vir hom reeds in die stryd teen die Boesmans soveel roem ingeoen het, te benoem tot hoogste militêre gesag oor die Ooslike distrikte met spesiale opdrag om die kaffergevaar die hoof te bied. Die Kompanjie se politiek is daarop in die beroemde „Instructien van 1780" neergelê.(1) Die Kaffers, so word gesê, is 'n vreedsaam nasie met wie „tot een vast en bestendig verbond van vreede, het selve verbond sluytende met hunne Capiteins en voornaamsten, ... moes geraak word, en verder „beloven en zig verbinden" om die grens van 1778 te eerbiedig. Wanneer vee deur blankes gebuit was moes „elkanders ontweldigd Beestiaal" terug besorg. word om daar deur die weersydse trou en oprogtheid te betoon.

---

(1) Notulen van BurgerKrygsraad 10.10.80.

...s daar by die getal ontbreek moes die burgers „tot billyke genoegen van de Caffers, vergoeding verde gedaan." (Art. 5). Wanneer aan die ander kant die blanke oorlas of skade berokken was, moes die landdros hom tot die kaptein wend, waar die oorlas geskied het, om voldoening te kry en die dader volgens kaffervette te doen straf. Wanneer klagte deur Kaffers by die landdros ingedien word, moes hy dadelik ondersoek instel, 'n rapport opstel, in eie persoon met alle getuie en bewysstukke hom Kaapwaarts begeve. Om 'n vare vriendskapsbond daar te stel sal die kapteins kennis kry van die benoeming van 'n landdros, en aan hulle 'n uitnodiging gestuur word om oor die Visrivier te kom ten einde 'n konferensie by te woon. Die Visrivier sal dan op nuut tot grens bepaal word „zullende U.E. aan ieder dezelve Capitains als een vrindschapsteeken van weegens D' Compie een klyn geschenk hebben te overhandigen van een granadier muts, een stuk plaat Cooper, eenige Coper draat en coralen mitsgdrs wat Tabak." Die Kaffers mag deur niemand met enige oorlas of onvriendelikheid bejeen word nie. „Dog blyft U.E., anbevoolen na Uwe zorge te draagen dat by die geleegenheyd en ook verder door niemand, wie hy ook zy, eenigen handel met de Caffers gedreeven..." In die kaffertwiste mag daar geen party gekies word nie, nie nou nie en ook nie in die toekoms nie, „den stryd daarover en de beslissing van dien aan hun zelfs overlaten, zonder aan d' een of ander zyde parthy te kiesen, of UL: daarmeede te bemoeyen, ..." Die burgers mag selfs nie as bemiddelaars optree nie.

Die kom dan in kort hier op neer dat die H.O.I.K. 'n politiek van verdrae van vriendskap sluit, van geskenke gee, van vredehou teen elke prys, en van absolute afskeiding daar op wou nahou. Hierdie gedragslyn sou vir baie jare die grondslag vorm van alle regerings optree en kan derhalwe as opgemakend beskou word.

Die stigting van Graaffreinet in 1786 het 'n deel uitgemaak van die H.O.I.K. se segregasiebeleid. Die vrees het

bestaan dat as die blanke op die grense nie gekeer word om Kafferland binne te gaan nie, hulle dit sou onderneem om weldra uitgedrywe te word en die Kolonie daarna deur die Kaffers oorstroom sou word. Dit op sy beurt kon weer die burgers vervreem en tot opstand aanspoor waardeur die Kompanjie veehandel in die streke bedreig word. Verder sou die landdros daar op die plek die kommando's beter organiseer en onwettige optree verydel. Wanneer die grensskeiding deeglik toegepas word, sou daar 'n end kom aan die onwettige handel met die Kaffers; dit sou rampspoedige gevolge vir die handel moebring en ook die inkomste vir die regering belemmer wanneer die koloniste op die voorposte gedwing word om voor die invallende vyande die wyk te moet neem. Sake het egter nie verbeter nie en word later aan landdros Wocke opnuut bevel gegee om toe te sien dat die oortreders vir hulle van oor die Visrivier oppak en terugkeer „Maar daar de grenscheyding met de Caffers nu ten duidelyksten nader bepaald is geworden, zal den Landdrost alle devoir moeten aanwenden en beletten; dat niemand der Ingesetenen zig over de groote Visch Rivier begeeve, veel minder zig aldaar nederzette..." (1) Die onwettige handel woed verder voort want die H.O.I.K. was nie meer by magte om sy gesag te handhaaf nie en word onverpoosd gekla oor die roekelose lui wat die Kaffers die oorlas veroorsaak en tot oorlog aanhits; hierdeur moet die onskuldiges saam met die skuldiges kom te ly. Die oortreders word nou vir die soveelste maal gewaarsku en met strawe bedreig. Net soos handel met die wilde barbare in 1510 die oorsaak was van die eerste bloedvergieting tussen swart en wit in Suid-Afrika, met die dood van D'Almeida en sy mense, so was dit ook onwettige handel en die swakheid van die overheid in hierdie opsig wat die oorsaak was van baie bloedvergieting teen die einde van die 18de eeu.

---

(1) Instructien, 1783 - 1786. Art. 10.

2. Die eerste Engelse goeverneurs bestendig hierdie beleid.

Toe die Kaap in hande van die Engelse oorgaan moes die nuwe bewind in baie opsigte die beleid van hulle voorgangers voortsit. Dis deels te wyte aan die feit dat omstandighede oorsee nie juis verander het nie, want die wêreldoorlog was nog aan die gang en die gebrek aan 'n sterk troepemag was net soos onder die Hollandse bewind, nog 'n beperkende faktor. Verder was alle regerings van daardie dae sterk beinvloed deur die heersende liberale idees; so was die eerste Engelse regime ook maar net 'n kind van sy tyd wat betref sy kafferbeleid.

Die burgers vra plase oorkant die Visrivier dog die versoek word botweg geweier en op sy beurt vra Craig dat hulle die Kaffers tot vriend moet maak. Macartney het baie duidelik laat verstaan dat die Visrivier as grens sterk gehandhaaf moet word. In sy instruksies aan landdros Bresler van Graaffreinet word bepaal dat alle moontlike maatreëls ter hand geneem moet word om die Kaffers op vreedsame wyse te beweeg om die Zuurveld te verlaat; blanke oorkant hierdie rivier word met verbanning bedreig indien hulle sou weier om terug te keer na die Kolonie. Alleenlik die Kaffers wat as boodskappers optree en 'n teken dra sou toegelaat word om oor die grens te kom.(1) Die regering verset hom vierkant teen enige verdere uitbreiding van die Kolonie in die volgende woorde: "but all further enlarging of this colony would be an absolute cruelty with respect to the natives."(2) In sy proklamasie van 27.6.97 het Macartney nie net bepaal dat alle Kaffers wat oor die grens kom 'Badges of Authority' door den gem. Landdrost geteekend en bezeguld voorzien te zyn" sou moet dra nie, maar ook dat alle Kaffers in diens van blankes binne 12 maande ontslaan sou moet word.(3)

---

(1) B.O. 65. Instructions to Public Depts of Govt. 1796 - 1801 20.6.97.
(2) B.O. 50. Lett. Desp. 1797 - 1798. 20.6.97.
(3) B.O. 64 Procl. 27.6.97; Swellendam argief 12/3. Procl. 27.6.97.

Die volgende jaar het Macartney 'n stap verder gegaan en op 14 Julie 1798 by wyse van 'n verdere proklamasie die grense duidelik omskryf sover sy aardrykskundige kennis gestrek het. In hoofsaak was die Visrivier tot aan sy mond, min of meer in 'n lyn met Plettenbergsbaken, as grens omskrywe. Oor hierdie grens durf niemand op straffe van verbanning vir leeftyd, met sy voe gaan wei, gaan jag of handeldryf nie. Die proklamasie van Macartney meld verder hoe dat burgers oor die grense trek „en door ruylingen van Vhee de Naturellen tot armoede brengen, waar door zy hunnen toevlugt neemen tot het Rooven van het Vhee der Ingezeetenen en andere ongeregeldheeden meer..."(1)

Macartney het sterk getwyfel of die segregasieplan met welslae bekroon kon word aangesien die land dun bevolk was en daar geen weermiddels byderhand was nie.(2)

3. Die filantrope bemoeilik die werk van die kommando's.

Vir die Boer, bekend met sy land se toestande en die middels wat deur ondervinding geblyk het mees doeltreffend te wees in die bestryding van die kaffergevaar, moes dit 'n pynlike saak gewees het om gedurig teenkanting te moet ondervind wanneer hy vir eie veiligheid sy toevlug geneem het tot die enigste wapen, tewete die beproefde kommandostelsel. Geen stelsel was egter heftiger bestry deur die filantrope as juis hierdie verdedigingsmiddel wat omstandighede hom in die hande gestel het. Van oudsher was die regering van die H.O.I.K. die naturel goedgesind. Dit was veral na 1780 dat die regering, sterk onder die invloed van liberalisme, die kommando's in hulle optree aan bande lê en die grenseëlings bemoeilik. Halfhartige instruksies word gegee, oortreders

---

(1) Sw., Arg. 12/3. 14.7.98; Theal Hist. of S.A. op. cit. I, pp. 39 - 40.

(2) Nota: „An extensive frontier thinly held by a handfull of land-hungry squatters against a numerous population of warlike natives presents a problem which can only be solved by intensive colonisation or by the presence of a defensive system as elaborate as the Roman Wall." (Cambridge: Hist. of the Brit. Empire p. 184

van die grense word nie gestraf nie en 'n politiek van geskenke word ingelui. 'n Kommissie bestaande uit landdros Woeke, Wagenaar en Maynier word afgevaardig om agter die kapteins aan te ry om die onluste van 1789 te gaan beslag. Maynier wou nie 'n kommando in kafferland toelaat nie „and would then only sanction a 'Wachtmeesters' party in place of a general levy of frontiersmen."(1) Ook Barrow, 'n egte nigrofiel, het vir die Boere geen gooie woord gehad nie, „Without any reservation, all the commandos are denounced as abominable expeditions, and the Boers are spoken of as worse than savages."(2) Vir hom was dit goeie politiek om met 'n vrag geskenke kafferland binne te trek om die Kaffers om te koop om die vrede te bewaar. Na die Tweede Kafferoorlog in 1789 word die Boere weer gedwarsboom toe hulle uittrek met 'n kommando om wraak te neem en hul gestolle vee terug te haal. „The official policy was not to punish but to conciliate the invaders, to buy them off, not to quell them by force of arms."(3) Oog om oog en tand om tand is die enigste politiek wat deur barbaarse stamme verstaan word. Die invloed van Maynier en Barrow was baie sterk en dis daarom geen wonder nie dat die Kaffers in 1793 toegelaat word om in die Suurveld te bly woon, gebied waarop hulle nie die minste aanspraak kon maak nie. Selfs Woeke het as enigste middel eindelik op 'n kommando aangedring, maar die voorstel word deur die regering verwerp. Niemand minder as Maynier, vyand van die Boer en voorspraak van die Kaffer, word vry hand gegee om sake op te los. Die Kaffers was roods teen die volle Visrivier vasgedruk en dit sou vir Kommandant van Jaarsveld, die Hamer van die Boesmans, net 'n grap beteken het indien vryhand gelaat was om die Kaffers op hulle plek te sit. Die bevel kom egter om die kommando te ontbind en huis-toe te

---

(1) Walker: A Hist. of S.A. p. 123.
(2) Hist. of S.A. Anon. p. 216.
(3) Lucas: op. cit. IV, part I, S.A. p. 90.

gaan. Die Kaffers bly in besit van die Suurveld met alles wat hulle gebuit het. Geen wonder dat die Boer se geduld opgeraak het en hy vir Maynier met sy vrag geskenke en verderflike invloed uit die gebied verjaag het. Toe eers kon die grensboer weer veilig voel met sy kommandostelsel as weermiddel en 'n vrye republiek as sy tuiste.

4. Die eerste botsings en algemene kommando's.

Dis nie ons plan om 'n volledige relaas te gee van die Kafferoorloë nie maar tog is dit nodig met die oog op duidelikheid om algaande die vernaamste feite aan te stip. Ook oor die kommandostelsel as sulks val nie veel op te merk in die tydperk 1778 - 1795 nie daar die masinerie teen die Boesmans eenvoudig ook teen die Kaffers deur die Hollandse regering in werking gestel word.

Die Kaffers brei al hoe verder na die suide uit totdat hulle in 1770 aan die Visrivier gevorder het. Die Gonnakwa-Hottentotte word van hulle vee berowe omdat die Kaffers gemeen het dat hulle met die blankes gemeneesaak maak. In klein groepies dring die Kaffers die Suurveld binne en beweer weldra dat hulle hierdie gebied van die Hottentotkaptein Ruyter gekoop het. Die kapteins word aangesê om hulle onderdane van tussen die blanke uit te verwyder, dog sonder sukses. Toe die groot kaptein Palo in 1775 sterwe trek die stamme onder Rarabe en Galeka oor die Visrivier om weiding vir hulle vee te soek en ook om hulle teen vyandige stamme verder noord te vrywaar. Die grootste verwarring heers in die Suurveld. Weldra was diefstal, moorde, en brandstigting aan die orde van die dag. Die eerste openlike botsing het onvermydelik geword. 'n Algemene kommando onder Van Jaarsveld trek uit om die indringers uit die Suurveld te verdryf; die Eerste Kafferoorlog breek los in 1779, nadat tevergeefs gepoog was om die mondelinge grensreëling van 1778 te doen eerbiedig. Die vernaamste indringers in 1779 was Mahota, kaptein van die Imidango stam en Langa, hoof van die Amambala's. Die Kaffers klo o.a. dat

die Gonnakwa-Hottentotte nou by die blankes woon en hulle vee steel. Die grens was ongelukkig noe goed omlyn nie en van weerskante word daar aanspraak op hierdie nutrale gebied gemaak. „In short, there were in 1779 on either side of an ill-defined and totally unpoliced border, white men and black, at very different levels of civilisation it is true, but both rough & ready agriculturalists, both essentially cattle-farmers both migratory and both greedy of land. The land and not the cattle is the key to the problem of the frontiers from that day to this."(1) Voordat die regering nog daadwerklik kon ingryp het Josua Joubert en sy vriende op eg kommando styl teen die vyand opgetree, baie Kaffers gedood en hul vee, saam met ander kaffervee, afgevat. Die „reprisal" sisteem het daardeur vir die eerste keer teen Kaffers in aksie gekom. Die regering was hiermee gekompromiteer maar tree nog skoorvoetend op soos blyk uit die volgende instruksies wat aan 'n Kornet en Veldwagtmeester ter hand gestel word toe hy met sy kommando teen die vyand optrek: Die Kaffers wat oor die Visrivier getrek het moes teen alle koste teruggedryf word. Hy moes die gestole vee gaan terughaal en die moordenaars vang „maar zig hardnekkiglyk, met gewelde opponeerden; als wanneer u de zodanige zal vermoogen met geweld te keer gaan en doodschieten." Hy moes egter baie omsigtig te werk gaan en niemand durf op die Kaffers skiet nie behalwe in dringendste omstandighede en „alleenlyk ter defensie van lyff en leeven," sodat „niet ligtvaardiglyk onschuldig bloed vergoten en den haat en vyandschap dies te grooter worde." Hy moes met die veldkommandant van Stellenbosch saamwerk „opdat alles met ryp overleg ten meesten nutte van den Lande en der twistende parthyen worde gereguleerd."(2) Toe van Jaarsveld in Oktober die teuels in hande neem, het hy korte metto met die vyand gemaak. Toe Langa na herhaalde vermanings in 1781 weier om

(1) Walker: A History of S.A. op. cit. p. 120.
(2) Bylagen 1780. 21.11.80.

die Suurveld te ontruim, trek van Jaarsveld met 92 blankes en 40 Hottentotte teen hom tevelde. By een geleentheid was die kommando deur dreigende Kaffers omsingel. Van Jaarsveld laat too tabakstukkies uitstrooi en terwyl hulle besig was die op te tel, los die kommando 'n sarsie met dodelike effek want drie kapteins en byna al die Kaffers was gedood. Skrik en bewing bevang die hele Kaffernasie. By Haudeshoek word 260 gedood en 2200 vee gebuit. Later is nog 3,000 vee afgeneem. Op 19 Julie 1781 kon die kommando afgedank word. Die regering het Van Jaarsveld se handelwyse goedgekeur. Die gebuite vee word egter gehou om weer aan die Kaffers terug te gee indien nodig geag om die vrede in die toekoms te bewaar; die burgers het egter hulle eie vee kon uitsoek en huis-toe neem.(1)

Met die eerste botsing tussen die blankes en Kaffers was die moeilikhede nie op 'n end nie en kan 'n mens sê dat 'n gereelde ghorilla oorlog aan die gang gehou word totdat in 1789 die tweede openlike botsing plaasvind. Reeds in 1781 het die oortredings op die grens alweer begin; die versuim, as gevolg van die filantropiese neigings by die regering, was die hoofoorsaak van die latere botsings. Van Jaarsveld dring by die regering op 'n staatsmanomanier daarop aan om geen verdere verdrag met die barbare te sluit nie. Hoe jammer dat hierdie wyse raadgeving deur latere bewindhebbers in die wind geslaan was. Daar word nou 'n definitiewe gedragslyn neergelê in sake vee wat deur kommando's gebuit sou word. Indien die Kaffers nie die grens eerbiedig nie moet 'n groot kommando vergader en hulle met geweld uitdrywe „na welke geweldige verdryving 't dan ook niet te denken is, dat eene wederzydsche uitwisseling van 't elkanders ontnomene vhee zal kunnen geschieden." Dit sal egter nie aan 'n kommando toegelaat word om vee te neem nie behalwe die wat aan die blankes self

(1) Dagregister Stellenbosch en Drakenstein 1777 - 1781.

behoort en hierdie vee kan net hernoem word met die uitsluitliko doel om aan die eienaars terug te besorg.(1)

5. Onsimpatieke behandeling van grensboere wat opstande in die hand.

So iets as wedvraak (Reprisal) neem, vir gelede skade was dus onder die liberale Hollandse bestuur nie toelaatbaar nie. Sake het onder die verkeerde leiding van manne soos Maynier en Barrow al hoe meer verslag, tot dat in 1789 die teken vir 'n botsing deur Slambie gegee was toe hy met sy aanhangers oor die Visrivier trek. Landdros Woeke vra die regering 'n mag van 50 of 60 soldate om langs die grens te plaas, maar hierdie versoek word geweier aangesien dit te veel mag en aansien vir die landdros sou beteken. Daar was boonop as gevolg van die oorlogstoestande en die besuinigingsmaatreëls van die H.O.I.K. ook geen troepe vir binnelandse verdediging te spaar nie. Dit was nou of mooipraat of die geweer. Ongelukkig het die politiek van mooipraat en geskenke gesoëvier en dit met rampspoedige gevolge vir die blanke volkplanting. Woeke, deur die nood daartoe gedwing, roep 'n groot kommando onder die wapens. Dit word hom egter van overheidswêë beveel om nie te veg nie; hy word 'n berisping toegedien en toe hy weier om in Kaapstad te verskyn, word hy afgesit en deur Maynier vervang tot groot ergernis van die burgers. Die Kaffers bly in besit van die buit terwyl Maynier met mooipraat die vyand paai. Daar heers die grootste verwarring in Kafferland, waar Conrad Buys vir Gaika help om Slambie se volgelinge aan te val. Aan die ander kant bring Lindeque op sie houtjie 'n kommando op die been, vra hulp van Slambie en verdeel die buit tussen hulle twee. Die Kaffers storm Kafferland binne en vee die land skoon tussen die Kouie en die Swartkops riviere. Blankes en 'n Hottentot word in die stryd gedood, terwyl die vyand weier sy buit op te gee. Die regering stuur die Swellendam kommando teen die vyand; Maynier voel hieroor

(1) Instructien, 1783 - 1786.

beledig en treek weer met die Graaffreinetters op. Die twee kommando's smelt in Kafferland saam, maar toe Maynier weer probeer vrede maak en met die vyand onderhandel skei veldkornet van Rensburg hom af en bring sy eie private kommando op die been om die vyand te bekamp. 116 Plase was verlaat, 65,327 beeste, 11,000 skape en 200 perde was in hande van die Kaffers en onderwyl is Maynier besig met uitdeel van geskenke aan die boeswigte. Die burgers eis die terugroep van Maynier dog te vergeefs; hulle versoek om Lourens de Jager in sy plek te benoem, word in die wind geslaan.

In 1793 word 'n tweede groot kommando uitgeroep om die vyand uit die bosse te verdryf. Die doel was nie so seer om te straf as om vee te gaan terughaal nie. Weer was dit Maynier wat oorsaak was dat die doel nie bereik kon word nie. Een van die vernaamste redes vir hierdie mislukking word in die volgende treffende woorde deur 'n Engelse skrywer verhaal: „the want of faith which constantly marked the conduct of the government towards those men constituting the levies; who from remote parts of the Colony had, to the great detriment of their own interests and property, been ordered for service to the eastern frontier; and who, when those services were no longer required, often received their couge without reward, or any remuneration for the expences and losses they or their families might have incurred during the time they were in the field."(1) Wel, die burgers van Graaffreinet se beker was nou vol. Die regering verskaf geen beskerming nie en verbied hulle om hulleself te beskerm, stuur manne om oor hulle te regeer vir wie hulle geen greintjie respek gekoester het nie uit hoofde van hulle negrofiele en liberale idees. Die feit dat die kommandostelsel, waardeur hulle huis en haard op 'n bevredigende wyse kon verdedig, hulle uit die hande geneem was, was dan ook die vernaamste oorsaak van die rebellie in 1795 en die uitroep van hulle eie onafhanklikheid.

---

(1) Napier: Excursions in S.A., I, p. 205.

Die Britse bewind neem onder Genl. Craig 'n aanvang en dit blyk spoedig dat die burgers ook van hierdie nuwe bewindhebbers geen simpatie te verwag het nie. In Okt. 1795 stuur die burgers van Graaffreinet aan Craig 'n versoekskrif. Daarin word gekla oor armoede, honger, verliese, belastings, gebrek aan ammunisie en geestelike bearbeiding. Hulle vertel hom dat die land met gewapende perderuiters verdedig kon word en dat hulle vir baie jare hierdie diens gratis verrig het. Aangesien die Kaffers nie die grens eerbiedig nie het 'n deputasie in 1796 gaan vra dat die burgers toegelaat mog word om die land tussen die Koonap en die Kat riviere te gaan bewoon. Craig antwoord dat hy andere se land nie aan hulle kan gee nie, maar hulle moet probeer om van die Kaffers vriende te maak.(1)

---

(1) Rec. of C.C. I, pp. 208, 480 - 481, 504.

HOOFSTUK 10.

Die Stellenbosch Kommando na die Frontiere in 1799.

1. Rede vir Stellenbosch se optrek na die grens.

Dat dit nodig was om in 1799 weer teen die Kaffers op so 'n groot skaal op te tree moet gewyt word aan die lamlendige en weifelende politiek van die eerste Engelse goewerneurs. Macartney skryf aan Faure, die landdros van Swellendam, op 9 Febr. 1798 in die volgende woorde: „You are to pursue gentle methods on your arrival at the spot, ... you are to inquire into the reasons and motives, that have induced the Caffers, to penetrate far among the Inhabitants and you are then to endeavour in a conciliatory manner to persuade them to retreat into their own country, ..." (1) Gedurende die eerste helfte van die jaar 1799 het sake alhoemeer op die grense deurmekaar geloop. Op 17 Januarie 1799 word van Jaarsveld gearresteer vir die vervalsing van 'n belastingsbewys. Op pad na die Kasteel word hierdie held van so veel oorloë deur Marthinus Prinsloo e.a. vriende vrygesit tot groot ergernis van die regering. 'n Algemene opstand van die Graaffreinetters onder leiding van manne, soos Buys, Botha en Prinsloo was die gevolg. Genl. van der Leur met soldate en Pandoere word na die grens gestuur om die opstand te onderdruk. In April gee die opstandelinge oor, maar sewe stuks vlug Kafferland binne; belonings vir hulle uitlewering word tevergeefs aangebied. Van Jaarsveld en andere leiers word in die Kasteel opgesluit, terwyl alle toevoer van skietvoorrade vir Graaffreinet afgesny word. Die rol wat Conrad Buys in hierdie tyd gespeel het sou nooit heeltemal opgeklaar kan word nie. Hy was 'n gevaarlike karakter en het stellig sy deel bygedra om Gaika teen Slambie en die regering op te steek; vir die Engelse het hy geen tyd gehad nie en noem hulle „De Bosjesmans van de Zee". Geen wonder dus dat van der

(1) B.O. 51. Macartney aan Faure 9 Feb. 1798.

Leur aan kommandant van Rensburg opdrag gegee het om Buys deur middel van Kaffers te laat oorhandig, dood of lewendig, teen 'n beloning van 1,000 Rds.(1) Verder moes van Rensburg bevel voer oor alle burgermagte in die Suurveld, die Kaffers oor Visrivier terugdruk, nie oor die grens trek nie, vrede maak slegs wanneer die hele distrik van Kaffers gesuiwer was en eindelik maar net soveel vee afvat as wat nodig is om die verlore getal goed te maak. Van der Leur spreek verder sy volle vertroue uit in sy beleid van versigtigheid.(2)

'n Ernstige klag word deur 'n deputasie van Boere onder leiding van Botha, Reutenbach en Prinsloo by die landdros Bresler ingedien omdat die volgende lys van goedere aan veldkommandant van Rensburg gestuur was: „Hier nevens bekomt UE. 4 Tondeldoose & Vuurslagen, 8 Messe, 1 Rol Koopere Kraalen, 12 boek Spiegels benevens 30 lb. buskruid en 60 lb. lood." Die deputasie het sterk protes aangeteken dat Kaffers van ammunisie voorsien word om slagting aan te rig „en langs dien weg ongelukkige vrouwen en kinderen te maken." Bresler se uitleg was dat dit nie die bedoeling was om die ammunisie aan die Kaffers te gee nie en beweer dat die burgers hom net wil slegmaak; hy beweer verder dat baie reeds met die geskenke tot stand gebring was.(3) Die volgende dag is weer 'n naamlose brief behandel in die vergadering van die Landdros en Heemrade waarin gekla word oor die gee van geskenke aan die Kaffers en die gebruik van Hottentotte om boodskappe en geskenke na die Kaffers te neem.(4) Hierdie twee gevalle toon ons hoe seer die burgers moes gevoel het oor die soetsappige beleid van Bresler en sy regering teenoor die ongehoorsame stamme in die Suurveld.

Reeds in Maart was die toestand van so 'n aard dat dit onmoontlik was om langer stil te sit. Perdesiekte en onluste onder die bevolking het dit egter verhinder om met 'n groot

---

(1) B.O. 26. Van der Leur - van Rensburg. 24.5.99.
(2) B.O. 26. Van der Leur - van Rensburg. 24.5.99.
(3) G.R. 1/2. 18.2.1799.
(4) G.R. 1/2 Verg. 19.2.1799.

kommando teen Slambie en sy monse op te trek. Immers Slambie het ontsnap en al die stamme aan hierdie kant van die Visrivier onder sy leiding veronig. Veldwagtmeester Smit gee aan die hand dat, aangesien dit onder omstandighede nie uitvoerbaar is om 'n gereelde groot kommando in die veld te stuur nie „'t dus alleenlyk zullen doen berusten met 't doen van kleine Commandos binnen de Districten en op 't spoor." Ook word veldkommandant Gerotz in dieselfde trant geantwoord.(1) Met die inval van die vyand het die blankes op 'n streep gevlug ten spyte van die bevele van die landdroste om die land nie te ontbloot en die poorte vir die vyand te open nie. Die wat reeds weg was, word gesmeek om terug te keer „and to oppose all further invasions... as the consequences must prove fatal if the flight of the Inhabitants be not speedily checked..."(2) Dit kon die vlugtelinge nie kwalik geneem word nie want watter vertroue kon hul hê in die beleid van 'n regering wat so partydig vir die Kaffers optree. Beide Dundas en van der Leur het in hierdie dae uit hulle pad gegaan om die burgers te belaster ten spyte van die dapper optree in die skermutselinge wat agter die rug was. „If you trust to the Boers upon the first shot being fired they will run away and leave you in the lurch."(3) Genl. Dundas was ten gunste van sagte optree teen die Kaffers. Hy beploit ruil van vee en die aanknoop van vriendskapliko betrekkinge deur gesante, geskenke en beloftes om sodoende die kaptein te oortuig van die regering se plan om vrede te hou. Ondertyl was die Kaffers baas van die situasie en het hulle die ~~hele~~ hele Graaffreinet distrik skoongevee. Talle van mense was in 'n kort tydjie vermoor, duisende stuks vee weggevoer terwyl die burgers in klein partye orals die vyand die hoof bied en hulle gesinne in veilige laers byeenbring. Geen troepe was sover in die gevog gewerp nie.(4) Ook die Hottentotte was in opstand aan die

---

(1) GR. 1/2. Verg. 4 Mrt. 1799½
(2) B.O. 86 Lett. Rec. Bresler - Dundas. 6.8.99.
(3) Rec. of C.C. op. cit. II, p. 475.
(4) Rec. of CC. op. cit., II, p. 445; Theal: Hist. of S.A. op. cit. pp. 59 - 60. vol. I.

vyand se kant en swerwe in troppe rond om te roof en te plunder waar hulle maar kon. Dundas pleit vir sagte middels terwyl van der Leur meen dat „Every advance on our part towards reconciliation (I fear much) will be construed into timidity, and nothing but sound drubbing will bring these savages to reason...." (1) Daar was dus ook nog verdeeldheid of verskil van opinie by die hoogste militêre leiding. Selfs toe die vyand Langkloof binnegedring was, hyg die regering na vrede en beveel dat alle uitstaande geskille gereel, die grense gehandhaaf en vrede gehou word „I again request of you to conclude the overtures of peace..." (2)

Die Kaffers het hulle tyd van aanval b ie goed gekies. Daar was verdeeldheid onder die blankes op byna elke gebied; van die vernaamste leiers sit in die tronk; die land was ontbloot aan ammunisie en troepe; die kafferboeties en filantrope kraai koning; die Hottentotte kies die Kaffers se kant; die regering wou geen oorlog hê nie, deel geskenke uit en weifel in sy beleid. Ja, somar alles het in die guns van die vyand gestaan. Dit was voorwaar 'n haglike posisie waarin die land en sy grensbewoners verkeer het. Onder hierdie omstandighede moes iets drasties gedoen word om redding te verskaf. Daar word tot algemen mobilisasie van alle kragte, middele en weerbare mandkappe besluit.

2. Mobilisasie van burgers en Verskonings.

Op 7 Augustus het Dundas persoonlik na die grens vertrek om die leiding van die oorlog op hom te neem. 50 Dragonders was reeds vooruit gestuur om die burgermagte ter sye te staan. Swellendam en Stellenbosch se weerbare manskappe word ook vir die stryd gemobiliseer. Selfs op hierdie late stadium tree Dundas nog skoorvoetend op want hy wou nog die vrede bewaar want hy betreur die oorlog uit 'n menslike en rasse oogpunt. Met die Hottentotte wou hy veral baie sagkens werk want hulle

(1) Rec. of C.C. II. op. cit. p. 475.
(2) B.O. 53. Lett. desp. Ross - v.d. Leur. 13.7.99.

was die oorspronklike besitters van die land. Ook Maynier word saamgeneem omdat hy so 'n groot invloed by die Hottentotte en Slambie het en sou dus help om gou vrede te verkry.(1) Landdros Faure van Swellendam het nie gras onder sy voete laat groei nie maar sonder versuim 'n groot deel van sy manskappe in die veld gestuur om die verbinding met van der Leur oop te hou en sy distrik te beskerm teen die dreigende gevaar.(2) Die grootse paniek heers onder die inwoners en bemoeilik die operasies van die troepe sodat Landdros Bresler moes klo oor „wild flying of a considerable part of the Inhabitants." en gee verder aan die hand om die bergpasse van Hexrivier en Cogmanskloof toe te stop en die vlug te keer. Bresler wou hê dat dit moes geskied net nadat die waens met botter en soep gelaai, uit die binneland daar verby sou wees. Hy klaar dat sonder troepe en artillerie hy nie in staat sou wees om die vyand die hoof te bied nie.(3) Faure skryw aan die Kasteel en ook aan landdros van der Riet van Stellenbosch om te vra dat die veldkornetskappe van Roodesand, Bokkeveld, Breede Rivier, Hex Rivier en Bosjesveld opgekommandeer word om na Swellendam op te trek „to destroy the Banditti of Caffers & Hottentots... or to cover this District..." Hy waarsku teen onnodige alarm veral onder die slawe wat dikwels in hulle skrik net die verkeerde ding doen.(4) Die regering druk Stellenbosch en Swellendam op die hart en prys by voorbaat die dappere gedrag van die burgers wat aan die kommando onder Dundas gaan deelneem in die volgende woorde: „Upon the speedy execution of this measure depends the Safety, the lives and property of so many of their countrymen that I cannot entertain one moment doubt of the ready cheerful obedience of all such Inhabitants as you shall select for this public Service."(5)

Voordat die oproep uit Swellendam ontveng was het die

---

(1) Hist. of S.A. Theal. op. cit. I, p. 61.
(2) Rec. of CC. op. cit. II, p. 458, Faure - Dundas.
(3) B.O. 86. Bresler - Barnard. 26.8.99.
(4) B.O. 86 Lett. Rec. 1795 - 1804, 15.8.99; ibidem op 13.8.99. Faure - v.d. Riet.
(5) B.O. 53. Ross - v.d. Riet 16.8.99.

Landdros en Heemrade, van Stellenbosch reeds op 11 Aug. in 'n belangrike vergadering byeengekom om die opstand van die Hottentotte en andere voortvloeiende gevare te bespreek. Daar word toe vertel van Dundas se besluit om self na die front te gaan en die benoeming van Brig.-Genl. Fraser as kommandant van die troepe. In 'n brief wys die sekretaris van die regering, Ross, op die moontlikheid van die verspreiding van die opstand na Stellenbosch en gee die arme onskuldige Boere 'n steek deur te wil beweer dat: „het is waar zy zelve hebben zig deeze Euvels op den hals gehaald"(1) Daar word verder besluit om die inwoners by wyse van biljette van die opstand te verwittig en gewaarsku teen alarm en om gereed te wees vir alle gebeurlikhede. Die Magmeesters moet op hulle hoede wees en 'n waaksaam oog hou oor alle „rond zwervende goslagten" en „Laat yder in zyn District de Landlieden waarschouwen gereed te syn, om zig te voegen by alle maatregulen van defensie die nodig mogten komen te weesen..."(2) Ook word op die vergadering aangevra vir ammunisie wat van veldwagtmeester tot veldwagtmeester onder 'n gewapende burgereskorte aangestuur moes word. Daar sal ook gesorg word dat by die uitdeling die ammunisie nie in hande van diegene kom wat hulle plig teenoor hulle land versaak het met die jongste opstand nie.(3)

Die manskappe word aangesê om hulle te vervoeg 'n „yder by syn Veld Cornet" om daarna na 'n aangewese plek te vertrek. „Egter in het oog te moeten houden dat oude lieden ge-ekscuseerd syn, en soo meede die alleen op een plaats syn, welke de thuys blyvende egter de Ronde zullen moeten doen, wanneer de weerbaare Manschappen zullen zyn vertrokken, van welk doen van ronde niemand het zy Korkenraad of officier zal geexcuseerd syn, meede zullen moeten optrokken, een yder onder commando van de Veld Cornet onder welke hy sorteerd..." Indien

(1) Resolutien Stellenbosch No. 23. Op 11.8.99.
(2) Resolutien Stellenbosch op. cit. No. 23, II.8.99.
(3) Resolutien, op. cit. Stellenbosch. No. 23, 11.8.99.

sulke afgeskrewe persone geen geweer of perd besit nie sal die wat tuisbly hulle daarvan moet voorsien. „...gelyk insgelyks zal worden gecommandeert om zig een yder in het zyn gehoorzaam en ook teffens stil en bedaard te moeten houden opdat door ongehoorsaamheid, het goed oogmerk niet mislukken, met verder waarschouwing dat degeene welke zig ongehoorsaam betoond ver sekert kan syn, ver rigoureuselyk te zullen werden gecorrigeerd."(1) Die brief van Faure, waarin hy vra dat sekere veldkornetskappe opgeroop word om onder sy bevele op te trek „...hoe zy dat zy moeten aftrekken dan wel in deese Colonie tot dekking gevordert worden...", word op dieselfde vergadering van die 14 Aug. behandel.(2) Daarop is die volgende veldkornette aangesê om gereed te wees: A.F. du Toit Roodesand, F. du Toit Roode draay, P.F. Hugo oor Breede rivier, David Malang aan Breede rivier en Jacobus Pienaar in Bokkeveld en ook andere is aangesê om klaar te staan vir 'n later geleentheid.

Op die 17 Aug. is 'n baie belangrike vergadering gehou om die verdere reëlinge van die mobilisasie te behandel en deur te voer. Ook het die offisiere hierdie slag saam met die kollegie van Landdros & Heemrade vergader. Twee briewe per ekspres ontvang word behandel, die een van Ross, die sekretaris van die regering in Kaapstad en die ander een van fiskaal van Rynevold. Hierin word sterk aangedring op die onmiddellike afstuur van 'n sterk Stellenbosch kommando om te verenig met die van Graaffreinet en Swellendam onder bevel van Gnl.-Majoor Dundas „en mede werking van syn Majesteits Troupes, de noodige maatreguls effectueeren zullen, om deese wilden te verdryven of uyt te roeijen. Van de spoedige executie van deese maatreguls hangd af de Veyligheid het leeven en den Eigendom van zooveele van hunne meedeburgers, zoo dat ik geen

(1) Res. van Stellenbosch, No. 23. 14.8.99.
(2) Res. Ibidem.

ogenblik twyfelen kan van de geroede en willige gehoorsaamheid van elke soodanige Ingesetenen als UE. tot deesen publicque dienste uytroepen sal."(1) Die kommandantskap van hierdie kommando word aan die heer Johan Gerhard Cloete aangebied. Hy het eers geweier om hom die benoeming te laat welgeval maar het by 'n later geleentheid dit tog aangenoem nadat die heuningkwas eers goed deur die landdros gebesig en vertel was hoe die staat sou kom te ly indien Cloete die pos nie aanvaar nie. Die aanstelling word deur die goeverneur bekragtig en hy ontvang die rang van kaptein-luitenant. Tot medeoffisiere van die kommando word verder benoem: Douw Stein eerste luitenant, Philippus Meyburgh tweede luitenant, Marthinus Theunissen derde luitenant, Daniel Louw tot cornet; 'n kaptein uit die resiment van Meuron word tot eerste kommissaris benoem omdat hy so 'n ervare en kundige man was - t.w. Kibourg; die tweede kommissaris se aanstelling sou by die landdros van Stellenbosch berus. Ons sien hier hoe dat die offisiere almal 'n bepaalde rang in die burgery bekleo het en dat hulle nie veldoffisiere soos bv. veldwagmeesters was nie; die kommando kry hierdeur somar 'n semi-militêre kleur in teenstelling met die gewone kommando's van die binnelande. Ter aanvulling van die besluite van 14 Aug. 1790 word nou ook bepaal dat die bogenoemde veldkornette oor die berge „de in hun district gehoorende Jongelinge en andere Persoonen, waaronder die welke onder afgeschreeve van Gagie en andere met permissie van 'T Gouvernement alhier verbleevene persoonen meede begreepen zyn, te commandeeren," „....egter in het oog te moeten houden, om als er maar een Christen op een plaats zig bevind, de zoodanige niet te moeten commandeeren om de Plaatzen niet geheel te ontblooten, zoo min als alle perzoonen die in een huys by hunne ouders zyn, waar van altoos een zoon tot adsistentie hunner ouders zal moeten werden te huys gelate."(2)

---

(1) Res. Stellenbosch. No. 23. 17.8.99.
(2) Res. Stellenbosch No. 23. 17.8.99.

Ongeveer 300 manskappe het deelgeneem aan die Kommando.

Op die vergadering was ook besluit om op aandrang van Pringle en van Ryneveld, wat namens die regering die vergadering bygewoon het om met die reëlings te help 'n „Corps de Reserve" in gereedheid te bring; hiervoor word too 'n lys opgestel. By 'n later geleentheid word gekla dat dit moeilik sal gaan om hierdie afdeling uit te rus aangesien die eerste kommando byna alle voorrade ammunisie en andere uitrusting nee gevoer het. Tot kommandant van hierdie 100 manskappe word Hoffman benoem. Daar word die feit genoem dat wat nou nog aan manskappe oorbly klein en swak is en die res „oud en afgeleeft van dagen of door Lichaams Corruptie ten eenemaal incapabel tot eenige resistentie," sou wees.(1) Daar moet ook rekening gehou word met 'n slawe en Hottentot opstand in die distrik en daarom kon die kontrei nie heeltemal van manskappe ontbloot word nie. Uit die 1653 beskikbare manskappe is 300 op kommando by Clooto, 200 in die veld teen Afrikaander en 100 vir die tweede kommando aangesê om gereed te wees.(2) Die Stellenbossers het gekla dat die Kaapse distrik nie ook aan die kommando deelneem nie en vra dat die volgende kommando uit Kaapenaars moet bestaan daar die Stellenbosch distrik aan ander gevare ook nog blootgestel is.(3) In Sept. is too aangekondig dat die tweede afdeling burgers tuis moet bly omdat Kaapstad aan die beurt is om 'n kommando te lever.(4)

3. <u>Die kommissariat van die kommando.</u>

Die <u>kommissariat</u> vir die kommando was 'n hele omslagtigheid gewees want van alle moontlike bronne moes die voorrade bymekaar geskraap word. Op die Sondagse vergadering van die landdros, Heemrade en offisiere op 18 Aug. het die Kommissaris-generaal Pringle verskyn om in hierdie opsig die Raad van hulp te dien. Die goewernement is bereid om alle onkoste

(1) Res. Stellenbosch. No. 23. 26.8.99.
(2) Res. ibidem. 26.8.99.
(3) Res. Stellenbosch. No. 23. 26.8.99.
(4) Ink. Br. No. 139, 6.9.99. Fraser - van der Riet.

te dra wat die burgeraddeling mog nodig hê. Uit die beweging belowe Pringle om 2,000 ids. te skenk „ten einde daar uyt de dagelykse onkosten te kunnen maken voor het burger command." Dit skyn of daar 'n hele misverstand ontstaan het in sake ondersteuning uit die goevernementskas. In 'n brief van 20 Aug. deel die regering, by monde van die waarnemende goeverneur, Brig.-genl. Fraser, aan die kollegie van landdros & Heemrade van Stellenbosch mee dat hy geen mag besit om geld uit die algemene kas aan die Stellenbosch kommando te oorhandig nie aangesien hierdie koste uit die fondse aangesuiwer moet word. Daar word verder in dieselfde brief op gewys dat Swellendam en Graaffreinet nooit geld vra vir hulle kommando's nie, maar wanneer Stellenbosch 'n kommando stuur, word daar alewig by die regering vir ondersteuning aangeklop.(1) Soos later ook sal blyk, skyn dit of Stellenbosch gladnie 'n goeie figuur by die regering in Kaapstad geslaan het nie. Die veldkornet van sy wyk sal saam met die manskappe moet stuur „Verdekte Wagen," met beschoote of gevlogte leeren, met Paarden of Ossen bespannen, en van een Leyer en Dryver voorsien, en wanneer zulke wagens niet goedwillig te bekoome zy als dan deselve uyt naam van het Gouvernement te kunnen presse."(2) Verder moes ook perde, geweers en „Sabels" gekommandeer word ten behoeve van die wat hierdie uitrusting nie besit nie. Die goedere word deur die Heemrade gevaardeer om na die veldtog terug te gee of te vergoed.(3) Die weg wat die kommando sou volg loop oor Hottentotsholland kloof, Houwhoek, Klein Swartberg, Ziekenhuis en Swellendam. Om die transport van troepe, ammunisie en voorrade langs hierdie weg te vergemaklik was lang gelede reeds vaste reëls vir die verkry van proviand en huisvesting neergelê. Prysse vir goedere was dus in die algemeen vasgestel en rekenings moes by die Kommissaris-generaal vir uitbetalings ingedien

(1) Ink. Br. no. 138. Fraser - Landr. & Heemrade Stellenbosch 20.8.99.
(2) Res. Stellenbosch. No. 23. 17 Aug.'99.
(3) Res. Ibidem.

word. Huisvesting moet gegee word aan alle „eksprosse" teen vergoeding; 'n boete van 200 rds. word op oortreders gelê.(1) In die instruksies aan Johan Gerhard Cloete, die kommandant van die kommando, word die mag verleen om enige bekwaam persoon behalwe veldkornet of ander persoon in funksie, te kommandeer om hom langs die roete te help. Wanneer daar op die roete iets „geprest" word moet sulke goedere teen die minste pryse getakseer om later in geval van skade vergoed te word.(2) Die burgers langs die roete moet sorg dat hulle genoeg meel in voorraad hou om die komende en gaande troepe en burgers van voedsel te kan voorsien; verder moet daar wees volop gars en kaf vir die diere. Vir alles word billike pryse aangebied. In hierdie kritieke tye moet elkeen voorsien wees van die nodige transportmiddele om behulpsaam te wees met die vervoer van troepe, burgerafdelings en ammunisie na die grense „en de ondervinding bereids geleerd heeft, dat soodanig transport door 't heershend gebrek aan de noodige ossen niet behoorlyk kan geschieden." Daarom word by wyse van biljette besluit „een ygelyk zonder uytsondering die ossen en wagens bezit te gelasten, om te zorgen dat van nu voorthaan een yder van ten minsten een span ossen van twaalf of veerthien beneevens een wagen met leyer en Dreyver, op zyn Plaats of by Syn Huyse voorsien op dat wanneer het noodug is, daar van gebruik kan worden gemaakt, op poene dat de onwillige voor Soodanige scherpe middelen hier toe zullen worden geconstrengeerd als het Gouvernement noodig oordeelen zal."(3) As 'n voorbeeld van wat gelewer was langs die roete dien die volgende lys van verskafte artikels: mondbehoeftes, perdevoer, gars, slagbeeste, 11 muddes strooi, 2 vragte meel, brandhout, brood, slagkoeie, saal, geweer, perd, toom.(4) In artikel 6 van die instruksies aan die kommandant word die pligte van die Eerste

---

(1) Sw. Arg. 12/3. Prokl. van Macartney 26.2.98; B.O. 62. Plakkateboek 14.2.98.
(2) Commando Papieren No. 726, 1776 - 1846.
(3) Res., Stellenbosch. No. 23. 17.8.99.
(4) Commando Papieren 726. Op 22.11.99.

Kommissaris Kiebourg, wat aan die hoof van die hele kommissariat staan duidelik omskrywe. Hy volg die kommandant Cloete onmiddellik in rang op en sy advies word gevra in alles „als een kundig en den dienst ervaaren officier." Alle bevele moet aan Kiebourg meegdeel word behalwe die spesiaal vir die kommandant. Kiebourg moet vooruit ry om vir die „mond behoeftens" te sôre sodat die burgers aan niks gebrek mag hê nie. Onder mondprovisies word verstaan: vlees, brood en perdevoer. Alle bevele deur Kiebourg gegee word beskou as deur die kommandant self gegee tu wees; indien mense onwillig is moet hy die „pressen egter in alle gevalle de billykheid in 't oog te houden." (in afwesigheid van die kommandant en wanneer die vordering nie kan wag nie). Die onder kommissaris maak 'n eksakte opgawe elke week of maand, sluit dit af, en lê die kwitansies voor wat deur beide die kommandant en die kommissaris geteken moet wees voor dit uitbetaal kan word. „Drie wagen sullen met beschuyt geladen voor het detachement worden verstrekt dog daar zal niets anders als in de hoogste nood moeten worden gebruik van gemaakt." Hierdie was 'n spesiale opdrag aan Kiebourg gerig volgens art. 15 van die instruksies aan kommandant Cloete.(1)

4. Die kommandogangers het baie klagtes.

Na byna daelikse vergaderings van die raad van Landdros en Heemrade om alles vir die tog na Swellendam in gereedheid te bring het die dag (27 Aug. 1799) eindelik aangebreek dat die kommando van sy rendesvous by die plaas van die weduwee Korkel onder die berg sou vertrek. Hier was reeds op bevel 25 waens, met die daarvoor benodigde osse of perde tesaam met die dryvers en leiers, saamgetrek om as transportmiddels vir die kommando te dien. Verder was daar ook 'n „verdekte wagens" - behalve nog twee spannen het zy paarden of ossen, met de benoodigde dryvers voor een veldstuk en kruyd wagens..."(2)

(1) Commando Papieren 1776 - 1846. No. 726.
(2) Res. Stellenbosch. No. 23. 17.8.99.

Borcherds verhaal in sy boek dat die vertrek van die Stellenbosse kommando algemene droefheid in die dorp veroorsaak het. „Plechtige gebeden werden er in de kerk voor zyn veiligheid en goeden uitslag opgezonden en myn vader nam tot tekst Jeremia 18, vers 5 - 10. Het nageslacht kan zich nauwelyks den pynlyken toestand voorstellen, waarin menschen van dien tyd verkeerden."(1)

Die 25 Aug. was dit slegte weer; op die 26e was almal bymekaar en die volgende dag het die lang trein waens met die begeleidende personeel en die berede burgers al kronkelend die Hottentotshollandpas uitgeklim. Die Palmietrivier was vol en daar moes al die waens afgelaai word „ten einde dezelve ledig door het Palmiet rivier te doen passeeren." Een wa het aan Stellenbosse kant van die Hottentotsholland omgeslaan. In die instruksies aan die kommandant Johann Gerhard Cloete vir die „Stellenbosch vertrekkende Detachement Burger Cavallery" word in besonderhede die handelwyse voorgeskrywe. Hy moet optrek tot by Swellendam en daar bevele van die goewerneur Dundas, wat hom te Swartkops bevind, afwag. Op pad moes hy sy manskappe monster van tyd tot tyd om te sien of niemand weggedros het nie. Hy durf niemand toelaat om huistoe te gaan nie behalwe weens siekte of ander „lighaams Corruptien" en dan nog mits die dokter 'n sertifikaat te dien einde sou gee. Op die mars moet die vereiste wagte uitgesit word „en alles so in het Campeeren als marcheeren gedaan wat van een voorzigtig en Cordaat officier kan en behoord te worden verwagt."(2)

Die kommandant moes sorg dra dat die ingesetene geen oorlas of geweld aangedoen word nie „en dat een behoorlyke ondergeschiktheyd en de goede ordre onder zyne manschappen worden gekonserveerd." In sy daeliksе joernaal moet hy die name van alle oortreders aanteken sodat hulle later gestraf

(1) Bladen uit de Memoirs van P. Borcherds p. 149.
(2) Commando Papieren, 1776 - 1846. No. 726.

kon word. Hy kry verder die reg om sy manskappe gereeld te doen oefen op die roete waar hy dit nodig ag. In Art. 19 van die Instruksies kry die Kommandant en Die Eerste Kommissaris spesiaal opdrag om te sôre vir die tente wat die regering vir die manskappe verstrek het „ten einde by retour weederom, te kunnen werden gerestitueerd." By elke tent is toe 'n korporaal benoem „ten einde de Goede Ordre te doen in stant blyven."(1)

Cloete moes alle briewe met die gewone pos aanstuur maar waar daar nie so 'n pos bestaan nie mag hy een van sy manskappe met 'n ope brief aan die, wat langs die pad woon, stuur met opdrag om die spesiale posryer van vars perde en benodighede te voorsien. Wanneer hy enige artikel aan Dundas afgee moet hy 'n skriftelike bewys daarvoor erlang om hom later by die landdros te kan verantwoord. Op 2 September het die kommando veilig te Swellendam aangekom en het Cloete by die landdros aldaar rapport gedoen. Tot die grootste teleurstelling van die manskappe was daar vir hierdie doorlugtige kommando uit die Eikestad geen ontvangs gereel nie.

Van die eerste dag af was daar klagtes onder die kommandogangers en dit blyk dat die hele onderneming baie swak georganiseer was. Kommandant Cloete het reeds voor sy vertrek uit Hottentotsholland aan die landdros van Stellenbosch berig dat 40 manskappe kennis gegee het dat hulle met aankoms te Swellendam weer sal huistoe ry indien ses persone, van wie hulle die name noem, ook nie vir diens gekommandeer word nie. Twee van hierdie manne was werklik siek en die ander vier was nie tuis toe die kommandeerbrief by hulle huise gekom het nie; die vergadering besluit toe die saak nie nou te ondersoek nie en hoop dat die gemoedere tot bedaring sou kom met die aankoms te Swellendam.(2) In 'n memorie aan die landdros en

(1) Commando Papieren, No. 726. Journaal.
(2) Res. Stellenbosch 23. Verg. 26.8.99.

Heemrade van Stellenbosch en Drakenstein, geteken deur 20 manskappe, word daar oor sekere onreëlmatighede gekla en moes die Kommandant Cloete ook terdege deurloop. Hulle sê dat dit sy plig was om te sorg dat elke man sy kos op tyd en in goeie orde ontvang. Op pad was dit miskien nog toe te gee as alles nie na behoro gaan nie, maar selfs op Swellendam „in plaats van te verbeeteren, nog Daaglyks verslimmerden." In antwoord op hulle vertoog het Cloete hom bars as volg uitgelaat: „beklaag julluy jou nu al, indien wy eenige Dagen verder zyn dan zyl Julluy moogen bly weezen als Julluy zelve wat te eeten krygt." Verder as die mense gekookte kos wou hê is die vlees rou en die brood „welk deeg door Hottentots meiden getrapt wierd,(1) in plaats dat het zelve ordentelyk, zoo als men gewoon is, behandeld zoude worden naar deeze of geene Inwoonder te gaan, en die te verzoeken om een Pot om het zelve daar in te kooken, waar voor men dan ook vier Schell. betaald heeft... maar zelfs wilde men op Zwellendam of ergens elders zyn bekomst of genoeg en eeten was men genoodzaakt om op zyn eigen koste te moeten teeren..." Dan gaan die memoraliste verder en sê „Ook wiord er op Zwellendam quasie hout gebragt dat bestond in twee vragten half verbranden Hottentots vyg en amandelhout, voor de Comando om hun rauwe vleesch daar op te kunnen gaar maaken, 't welk zeer onmooglyk is want een elk die het amandelhout boven geneld bekend is zal ligtelyk kunnen opmaaken dat het zelve niet toereikende is, om twee 'a drie hamels vleesch daar op te kunnen toe bereiden voornaamentlyk wanneer men het zelve aan de Spit, of op de Koolen moet gaar maaken."(2) Cloete in sy verweer deel mee dat die mense min rede tot klagte het want elkeen

(1) Nota: In 1915 te „Wilgenhof" Stellenbosch is dikwels deur seuns van die distrik spottenderwyse gesê dat die deeg van die koshuis deur meide getrap word in plek van met die hande geknee. Sou dit miskien 'n oorgeërfde gesegde wees uit die jaar 1799.

(2) Ink. Brieven Stellenbosch No. 138.

kry daeliks twee pond vlees en net soveel brood.[1]

Nie minder as 100 man het by Cloete en Kibourg se tent kom klaa nie oor die swak behandeling wat hulle perde op die kommando ondergaan. Die perde „die als wapens en middelen ons daar in moesten strekken" vermaer by die dag, want in die tydperk van vier dae het hulle net een voertjie gekry en as hulle moet loop is daar ook geen gras te kry nie, „zo dat zy zo wel as wy voor verder en ergere gevolgen van armoed bloot stonden."[2] Hierdie klagte is baie tipies vir 'n Boer want hy ly liefs self gebrek as dat sy perd, sy beste vriend op kommando, afgeskeep sou word.

'n Ander groot klag was die gebrek aan ammunisie. Reken 'n kommando is op pad om teen die vyand op te tree en dit sonder skietvoorrade! Dit sal ook onthou word dat so 'n klomp jong kommandogangers graag 'n wildbraad sou wou skiet wanneer dit binne bereik sou kom. Die waarnemende goeverneur Fraser was baie onthuts toe hy verneem dat die groot kommando op Swellendam nutteloos lê en wag op ammunisie en dit „op een tydstip wanneer den Publiques dienst en den nood van U.E. meedeburgers, zo zoer U.E. pogingen vereischt..."[3] Fraser sê dat hy deur die landdros van Stellenbosch versoker was dat elke burger genoeg ammunisie sou hê, want o.a. is twee vaatjies buskruid, 1,000 pd. lood en 500 vuurstene aangestuur. Dit blyk duidelik dat die regering nog steeds bang was om baie ammunisie uit vrees vir opstande van burgers, na die binneland te stuur. Van der Riet, Stellenbosch se landdros, maak verskoning vir die gebrek aan ammunisie by die kommando en pak indirek die skuld op die sentrale regering in Kaapstad want hy skryf die versuim toe „aan de menigvuldige bezigheeden en verzendingen, daar een yder in zyn Departement aan

---

(1) Commando Papieren. No. 726. 5 Sept. 1799.
(2) Ink. Br. No. 138. Stellenbosch.
(3) Kommando Papieren. No. 726. 16.9.99.

Cabo zig thans meede g' occupeerd vind..."[1] Van der Riet vertel in dieselfde brief van 'n versterking van 150 man met 'n „gezwind" stuk wat oor Roodesand kloof na Graaffreinet gestuur was. Verder is 4 a 5 waens met proviand. vir die Stellenbosch kommando gestuur „die door de Ingeseetenen uit ons district op uitnodiging van my, zal fourneert worden, ten gerief van 't Detachement." Om die weiding moeilikheid op te los gee die landdros aan die hand dat Cloete verder as Swellendam moet reis „omdat ik denk dat men dan beter wyde voor 't vhee en beter brandhout voor 't volk zal kunnen vinden."[2]

5. Gebrek aan dissipline by lede van die kommando.

In sy onderhoud met die ontevredenes onder leiding van Tielman Roos (J. seun) op die Braak te Swellendam het Kommandant Cloete hulle gewaarsku en gevra dat die wat huistoe gaan hulle name moet ingee. Daarop het Roos en dertig andere hulle name ingehandig en het sonder verlof van Swellendam vertrek. Te Stellenbosch is Tielman Roos as 'n „muit zieke" en „deserteur" gearresteer met sy aankoms aldaar. Die ander 30 medepligtiges is deur die landdros met 'n ernstige waarskuwing na Swellendam teruggestuur met die versoek dat hulle weer opgeneem word, aangesien hulle skuld beken en om vergifnis gevra het; hulle was mislei gewees en daarom moet die misstap nie teen hulle geroken word nie. Volgens Cloete se rapport het hulle hul van „hyd tot tyd" kom aansluit by hulle kommando behalwe Roos, Blignaud, Jan de Villiers, Abram de Villiers, du Plessis en H. Celliers.[3] Die handelwyse van die landdros van Stellenbosch, om die manne terug te stuur, en Roos onder arres te plaas, word deur die regering goedgekeur. Die regering wil nie ingryp in die inwendige organisasie van die detachement nie „but that mutiny, desertion will be punished with the rigour of military execution."

---

(1) Commando Papieren No. 726. Van der Riet - offisiere Stellenbosch Kommando te Sw. op 18.9.99.
(2) Commando Papieren No. 726. V.d. Riet - Off. van Stellenbosch kommando 18.9.99.
(3) Commando Papieren. No. 126. 26.11.99 rapport.

Roos moes onder eskorte van Dragonders na die Kasteel gestuur word.(1) Dit skyn of met die uitvoering van die bevel gesloer was vir een of ander rede - miskien omdat Roos behoor het tot een van die invloedrykste families van die distrik en die skande om deur Dragonders geëskorteer te word te groot sou wees. In elk geval op 15 Sept. word aan die bevelvoerende offisier te Stickland deur Fraser opdrag gegee om Roos met 'n offisier en twee private soldate op Stellenbosch te gaan haal, want die landdros het in stryd met sy bevele vir Roos op Stellenbosch gehou i.p.v. hom na die Kaap te stuur; hierdie order moes die soldate aan die landdros toon.(2) Daar word later 'n petisie vir Roos se vrylating by die regering voorgelê en op 14.2.1800 skryf die sekretaris van die regering, Burnard, aan die Landdros en Heemrade te Stellenbosch dat Roos na borge vir sy goeie gedrag voorgelê, uit die Kasteel ontslaan was; hiermee kom die onverkwiklike episode op 'n end.(3)

Vol riviere en reëns het die kommando verhinder om voor 2 Sept. op Swellendam aan te kom. Die ontvangs was baie koud want die sekretaris van die landdros sê dat hy nie eers van die koms van die kommando verneem het en daarom is geen reëlings getref nie. Hier het 'n paar manskappe nou beweer dat hulle net gekommandeer was tot op Swellendam maar hulle is spoedig verwittig dat hulle die kommando orals sou moet volg. Op 4 Sept. was die kommando aangesê deur Dundas om tot op Graaffreineit te marseer maar weens gebrek aan ammunisie kon dit nie gewaag word om verder onder die vyandige Kaffers in te gaan nie. Met 91 man het 'n weinig kruit en 4 tot 8 koeëls besit en was die meeste van die kruit as gevolg van die reëns nog boonop bederf. Op 18 Sept. is die afdeling weer aangesê om op mars te gaan, maar weer het hulle gestaak, nie

---

(1) Ink. Br. 139. Stellenbosch. Fraser - v.d. Riet. 7 Sept. 1799
(2) Ink. Br. 139. 15.9.99.
(3) Ink. Br. 139. Stellenbosch. cf B.O. 53 Fraser - v.d. Riet. 7.9.99.

omdat hulle onwillig was nie, „maar dat zylieden zonder ammunitie niet zouden of konden zig op marsch begeeven... en voegd daar by dat het scheen als of wy hun, weerloos wilden te slagtbank voeren".(1)

Eindelik is die kommando op 23 Sept. op mars gegaan nadat elkeen sy deel ammunisie ontvang en blymoedig gestem was; die volgende dag arriveer die kommando by Duyvenhoksrivier waar Kibourg van sy perd val en sodanig beseer word dat hy na Swellendam vir verpleging teruggestuur word. Treurnich word in sy plek as kommissaris benoem, maar hy vertrek ook op 28 Sept. huis-toe. Vol riviere en reëns verhinder die verdere opmars en toe kom die bevel van Dundas op 1 Okt. dat die kommando ontbind moes word daar die vyand teruggedryf was.

6. <u>Demobilisasie van die kommando.</u>

Die <u>demobilisasie</u> roëlings skyn net so swak te gewees het as die algemene organisasie van hierdie kommando. Op 2 Okt. word die manskappe afgedank en huis-toe gestuur voor dat hulle selfs so iet as 'n Kaffer gesien het. Een offisier, twee wagmeesters, twee trompetters en 14 skutters moes egter agterbly op die grense; eersgenoemde moes later „de Standaart behoorlyk naar de Drosdye Stellenbosch terug brengen..." Uit 'n besuinigingsoogpunt word toe bepaal „dat een iegelyk van de commando gesepareerd zynde op desselfs Eygene prive kosten terug vertrok..." Die sekretaris van Swellendam het geweier hulp te verleen met die terug vervoer van die tente; daar kon dus aan art. 19 van die Instruksies nie voldoen word nie en moes ook andere goedere te Swellendam in bewaring agtergelaat word.(2) Veldkornet Otto het weer geweier om 'n wa tot beveiliging van die medisyne beskikbaar te stel en die dokters huis-toe te naam. 'n Wa is toe van die heer le Roux vir die doel gehuur teen 25 Rds.(3) Daar was nie sterk dissipline

(1) Commando Papieren, 726. Rapp. van Cloete 26.11.99.
(2) Commando Papieren 726. Rapp. van Cloete.
(3) Commando Papieren ibidem.

uitgeoefen nie en vandaar soveel ongehoorsaamheid. In die Instruksies was vasgestel om met die gebruik van die drie waens beskuit baie suinig te werk te gaan. So suinig is gehandel dat daar op 2 Okt. nog byna al die beskuit oor was en dit ten spyte van die feit dat die burgers oor gebrek aan kos moes kla. Dit moes dus vir die burgers 'n bittere pil gewees het toe al die beskuit - in plek om dit as padkos vir die afgedankte burgers te gee - as 'n geskenk aan die Britse troepe oorgemaak word; die geskenk word natuurlik met dank aangeneem.(1) Klagtes was volop oor een of ander sy van die organisasie van die Stellenbosch kommando selfs lank nadat die veldtog afgeloop was. Dis egter nie die plek hier om daarop in te gaan nie.

7. Ammunisie Roëlings.

Voordat die verdere verloop van die Derde Kafferoorlog en die werk van die kommando's bespreek word sal dit nie onvanpas wees om net iets te sê oor die distribusie van ammunisie onder die regering van die Eerste Britse bewind nie. Onthou moet word dat die hele wêreld in hierdie tyd in die klouë van 'n wêreldoorlog verkeer het en dat Napoleon selfs tot in Noord-Afrika deurgedring het. Ammunisie was in Suid-Afrika nie te volop nie en dat die regering hiermee suinig te werk wou gaan behoef dus geen betoog nie. 'n Tweede rede is die feit dat die destydse regering 'n heilige vrees vir die burgers gekoester het en hulle dus nie met wapens en ammunisie vertrou het nie; die rebellie van 1794 was hulle nog vers in die geheue toe in 1800 weer 'n tweede rebellie teen die Britse bewind deur van Jaarsveld se maats van stapel loop. Om die beker nog verder vol te maak, slaan die Pandoere en andere gekleurde elemente ook in opstand oor, kies die kant van hulle swart broers en terroriseer die hele land en dit met wapens en ammunisie wat of deur die Britse regering self verskaf of van die blanke inwoners geroof was. Hoe minder ammunisie daar dus in die binneland was hoe

(1) Ink. Br. 139. Stellenbosch. Ross - v.d. Riet. 30.11.99.

veiliger die posisie van die Britse regering. Geen wonder dat ammunisie druppelsgewys uitgedeel word en dit tot nadeel van die kommando's wat dikwels weens gemis aan voorrade onverrigtersake huiswaarts moes keer.

Op elke drosdy was daar 'n kruithuis wat die depôt vorm vir die stoor van ammunisie, ver weg van ander gebouo. Die voorrade word uit Kaapstad aangevul op aanvraag van die landdroste. Die vervoer van ammunisie het baie sorgvuldig geskied, gewoonlik onder begeleide van 'n paar Dragonders of 'n burgerwag.(1) Soms word dit ook gerieflikheidshalwe van veldwagmeester tot veldwagmeester aangestuur. Dit was die plig van elke veldwagmeester om 'n beraming te maak van die benodigde ammunisie en sy bestelling by die naaste drosdy te plaas. Die landdros laat dan gewoonlik die hele besending onder begeleide na sy kruithuis van uit Kaapstad oorbring; in Kaapstad was dit te kry by die „King's Artillery" en in 1799 moes so 'n besending van 2 vate buskruit, 400 pd. lood en 500 vuurstene onder geleide van „Ordnance Riders" vervoer word om te verhoed dat die drywers van die waens dit mag opblaas.(2) Toe 300 Hottentotte in 1799 die verbinding oor die Karroo afgesny het, moes die vervoer langs 'n omweg geskied, en gewapende burgers het die ammunisie-waens te gemoet gery; selfs 'n hele kommando kon uitgeroep word om hulp te verleen met die vervoer indien nodig geag. Onder geen omstandighede moes die Hottentotte toegelaat word om weer ammunisie in hande te kry nie.(3) Die filantrope en sendelinge beweer een stryk deur dat kommando's beperk moet word en het nie daarvan gehou dat die burgers ruimskoots van skietgoed voorsien word nie. Die regering was ook maar skrikkerig en gee bevel dat nie te veel tegelyk aan die kommando's verskaf moet word nie; dit moet by die drosdye gehou en uitgedeel word in sulke hoeveelhede en waar dit die nodigste blyk te wees.(4) Op 16.10.95 is 'n

(1) B.O. 54 Lett. Desp. Ross - Faure 11.10.01; B.O. 53 Ross - Faure. 3.8.99.
(2) B.O. 53. Ross - v.d. Riet 10.8.99.
(3) B.O. 53. V. Ryneveld - Bresler. 14.8.99.
(4) B.O. 54. Ross - Faure. 18.10.01.

streng verbod uitgevaardig om geen gewere, of ammunisie van soldate en matrose in ontvangs te neem nie; 'n proklamasie van 27.6.97 het hierdie verbod herhaal; die base is vir die oortreding van hulle slawe verantwoordelik en word die boete op 100 Rds. gestel. Volgens hierdie proklamasie moet bestellings geplaas word vir ammunisie by die „Board of Ordnance."[1]

---

(1) B.O. 64. Prokl. van Macartney 27.6.97.

HOOFSTUK 11.

Verdere Botsings met die Kaffers.

1. Burger-offisiere en Algemene Kommando's.

Dis nie moontlik om 'n volledige lys van die kommando's van hierdie tydperk te gee nie, maar ons wil net in hooftrekke die prestasies van die burgers aanstip om aan te toon watter geweldige taak daar op die skouers van die bevolking gerus het, veral nadat deur die swak Britse beleid, ten opsigte van die Hottentotte en Kaffers, die posisie byna hopeloos geword het. Die regering het begin met 'n verbod te lê op die aktiwiteite van die burgers en wou so graag die hele soggingskap hê in sake die verdediging van die land. Dit spreek egter soos 'n boek dat hy sonder kundige en geoefende offisiere, bekend met die landsomstandighede, nie by magte sou wees om sy planne uit te voer nie. Die landdros van Swellendam word in Augustus 1799 gevra om die burgers van Swellendam op te roep ten einde die verbinding met van der Leur aan Algoabaai oop te hou, maar durf nie op sy eie met die vyandelikhede begin nie. Hy word uitdruklik beveel om die persone met die meeste ondervinding in die sake te raadpleeg, 'n klaar bewys dat sonder die knap burgeroffisiere geen voet versit kon word nie.(1) Dat die burgeroffisiere vir hulle in die stryd van 1799 baie dapper gedra het, bewys die feit dat aan die kommandante van der Walt, Lamberts en van Rensburg,(2) elk 'n geskenk van 'n geweer van regeringsweë oorhandig was. Uit Attaquaskloof eis Dundas ook 'n kommando om vir kommandant van der Walt te steun; veldkommandant de Clerck moes met sy mense die passate langs die Gamkarivier oophou en die grense word deur verskeie kommando's gedek.(3) Ook die Stellenbosse kommando en baie ander ekspedisies, selfs teen die Boesmans, word in 1799 onderneem.

---

(1) Sw. Arg. 11/6. Ross - Faure 5.8.99.
(2) Rec. of CC., II, p. 503.
(3) GR. 1/2. Landdros en Heemrade verg. 9.9.99.

In Oktober egter sluit Dundas met sy handlanger Maynier 'n oneervolle vrede met die vyande. Die burgers se harte sak in hulle skoene maar moes tevrede wees; die dapper kommandante Strydom, van der Walt en van Rensburg, wat oor die kommando's van Stellenbosch, Swellendam en Graaffreinet respektieflik die bevel gevoer het, moes met hulle manskappe huis-toe gaan en die Kaffers in besit van hulle buit laat bly. Die troepe word teruggetrek, Maynier as held beskou vir die aandeel wat hy in die sluit van die vrede geneem het en die opgelapte vrede sluit die eerste toneel af van die Derde Kafferoorlog.

Gelyktydig met die opstand in Graaffreinet in Des. 1800 raak die Kaffers en Hottentotte ook weer in opstand teen die blankes en begin opnuut met hulle roof- en plunder-togte. Van der Leur wou die Kaffers verjaag dog word in sy poging gestrem deur Dundas wat hom versoek om versoenend op te tree, terwyl die burgers se hande ook gebind was. In 1801 het die regering alle moontlike maatreëls ter hand geneem om die Kaffers en Hottentotte te versoen, dog alles te vergeefs. Die toestande versleg by die dag.

Teen wil en dank was die goewerneur nou verplig om sy aangesig te wend na die onigste oord waar redding uit die benarde posisie te vind was en dit was daadwerklike optree deur middel van algemene kommando's. Van die offisiere hang die sukses grootliks af en daarom moes Majoor Sherlock en Landdros Bresler vir hulle kommando in Aug. 1802 die beste manne kies om 'n kommando te lei volgens die opdrag van die goewerneur. Die generele kommando's was in 1802 weer hoog in tel „detached bodies being not only too weak but acting without system and unanimity will never be able to check effectually the progress of the savages..." Die doel van hierdie kommando sou wees om die families en eiendomme van die bewoners te beskerm en eindelik verwag die goewerneur „a cheerful and ready compliance from the farmers composing the

Commando upon this occasion..."[1] Die vertroue was uitgesprook in Nov. 1801 dat dit nie nodig sou wees om bloed te vergiet nie, maar tegelykertyd word die beleid in vooruitsig gestel „to take more vigorous measures".[2] Gedurende 1802 is dan ook voortdurend na algemene kommando's gegryp om die vyande te beveg. Weens die onwilligheid van die burgers om die gehate regering te ondersteun moes daar voortdurend met strawwe gedreig word om hulle op kommando te kry. Sherlock gebruik die volgende sterk taal: „you, with every individual of this district have complained to government that you were not allowed by Mr. Maynier to make commands against the Plunderers, and now the very first one you have been ordered to make, you object to. ...I now inform you, once and for all, that if the orders of Government are not willingly obeyed that I shall be obliged to enforce them."[3] Kommandant Tjaart van der Walt word deur die regering gebruik om die algemene kommando's teen die Kaffers en Hottentotte te organiseer. Hy het ten alle tye die vertroue van die overhede geniet want hy was deur en deur 'n baie dapper en bekwame veldkommandant; hy het weldra die vyande die grootste respek en vrees ingeboesem; aan hom word feitlik die vrye hand gelaat en alle amptenare beveel om hom die nodige bystand te verleen. ....that you will as Magistrate of the District hold frequent communication with van der Waldt for the purpose of affording him every assistance that may appear necessary for the protection of the Inhabitants and their property, and in particular, that you will authorize and empower van der Waldt to hold a commando in constant readiness, to oppose the sudden incursions of these savages to enable him to take proper measures for protecting the farms of the Winterberg and Baviaans Kloof until the crop shall have been reaped."[4]

---

(1) B.O. 55 Barnard - v.d. Riet Stellenbosch 20.10.02 - cf. ook B.O. Disturbances in the interior of the Col. Vol. 26.
(2) B.O. 54. Ross - v.d. Riet 5 Nov. 1801.
(3) B.O. No. 28. Sherlock - Burger 23.6.02.
(4) B.O. 54 Ross - Faure 12.11.01.

Ook hier word die oorspronlike idee van die kommandostelsel deur 'n alles behalwe Boere-vriendskaplik-gesinde regering volmondig erken, te wete dadelik optree wanneer skielik aanø geval word.

In Feb. 1802 was van der Walt weer in die veld en val kafferkrale oorkant die Sondagsrivier aan met 60 man; hier vind hy 12 geweers en ander skietgoed en maak 200 beeste en ses perde buit in een slag. In hierdie slag word van der Walt se seun gedood, maar die vader sit dapper die stryd voort.(1) In hierdie slag is ook 'n paar Hottentotte gedood. 'n Soort van vrede word met Stuurman gesluit. Die Hottentotte was nie behoörlik gestraf nie en Stuurman verbreek weer die vredesvoorwaardes. Van der Walt moes in hierdie dae klo dat die Hottentotte van van der Kemp die skelms van kruit en lood voorsien; plase word verbrand en vee geroof; aller oö wag maar weer op die koms van 'n kommando gevestig.(2) Die word aan al die veldkornette en kommandante opgedra om van der Walt se bevele op te volg as of dit van die regering self afkomstig is. Hy word dus feitlik 'n kommandant-generaal en sy pogings om die vyande met groot kommando's te beveg word van overheidsweë alle lof toegeswaai.(3)

Op 31 Mei was weer 'n groot kommando onder van der Walt se bevel op mars teen die vyande. Hy was deur die luit.- goew. gelas „omme de bekwaamste en uytgezogste Manschappen by elkander te versaamelen om deese noodsaakelyke pligt verschuldig aan hun Vaaderland te volvoeren..." Die veldkornette en kommandante word gelas om die onwilliges se name skriftelik by van der Walt in te dien, terwyl hulle in eie persoon die kommando moes meemaak en geen plaasvervangers stuur nie.(4) Die Swellendam en Graaffreinet kommando's was onder van der Walt in die voorste linie van die stryd. Die Hottentotte word

---

(1) B.O. 28. V.d. Walt - Sherlock 24.2.02; Lett. Rec. Gr - cf. Theal: Hist. of S.A. I, p. 92. Cory: I, p. 103.
(2) B.O. 28. Lett. Rec. v.d. Walt - Goew. 26.4.02.
(3) B.O. 55 Ross - v.d. Walt. 19.4.02.
(4) GR. 14/5 Sherlock - Offisiere op 5.4.02.

by die Sondagsrivier in 'n 8 weke geveg aangetas; 230 stropers word gedood en 13,100 beeste buitgemaak. Ongelukkig sneuwel die dappere Tjaart van der Walt aan die spits van sy kommando in die Kouga Heuwels op 8 Aug. 1802 en dit moes juis 'n koëël uit die geweer van 'n verradelike Hottentot wees wat hom die lewe ontneem. Na sy dood skryf die regering aan landdros Faure „...the fall of so active and brave a command as van dér Walt is much to be regretted."(1) Watter groot vertrouo die kommandant by die regering geniet het blyk uit die feit dat Van der Kemp so aanklag, as sou burgers onder van der Walt vroedsame Hottentotte aangeval het, as onjuis deur die overheid bestempel was.(2)

2. <u>Kommandant P.R. Botha word benoem tot kommandant-generaal in die plek van die vermaarde van der Walt.</u>

Die burgers was moedeloos, het geen vertroue in Botha gehad nie en gaan toe streep-streep huis-toe. Nou was dit 'n gesukkel om die burgers weer op kommando terug te kry. Die regering dreig met allerhande swaar strawwe maar sonder veel effek. „Should any of the farmers refuse to return to the Commando you will be pleased to inform Governement thereof in order that they may receive the punishment they deserve for so glaring an act of disobedience."(3)

Die regering het nou akielik 'n baie hoë opinie van die <u>kommandostelsel</u> gehad want hulle eie optree het geen vrugte afgewerp nie. Die voorbeeld van Van der Walt se optree het aansteeklik gewerk en toe moes Sherlock aan Dundas rapporteer dat „dat zy voor 't Commando zeer bevreesd zyn gemaakt."(4) Daarom toe in November 1802 vernoem word dat die ingesetenes uit Langkloof vlug, het die regering aan niks beters kon dink as om 'n generale kommando onder die Komd.- genl. Botha toen die vyand uit te stuur en lui die bevel as volg: „de

---

(1) B.O. 55 Ross - Faure. 16.8.02.
(2) B.O. 55 Ross - v.d. Kemp. 24.7.02.
(3) B.O. 55. Barnard - Faure. 13.9.02; ibidem 14.10.02.
(4) B.O. Vol. 26. Disturbances etc. Sherlock - Dundas.

noodzakelykheid is derhalve blykbaar om zonder verwyl een kragdadig Commando te vergaderen, en U.E. word dus by deeze gelast, om zo veele manschappen in Uw District te verzamelen aos U.E. met mooglykheid by een kond brengen, ..."(1)

Die burgers was egter koppig en het meesal nie lus om te dien onder 'n leier in wie hulle geen vertroue gestel het nie en was dit weer nodig om te dreig met swaar strawwe teen die wat die bevel ongehoorsaam is.(2) Die vyand was reeds tot aan die Swartberg genader en nog was daar mense wat nie wou deelneem aan die kommando nie en gee allerhande ekskuse vir hulleweiering.

'n Plakkaat word uitgegee waardeur bepaal word dat die onwilliges gearresteer en na die Kasteel vervoer sou word.(3) Die algemene kommando waarvoor so baie propaganda gemaak was,(4) moes op 20 Des. by Wolwe Kraal by eenkom.(5) Die burger kommando's kry 'n pluimpie van die goewerneur waar hy skryf: „under their proper veld Cornets they will be able to chastize and repel any Hottentots or Caffers, who may enter the District."(6) Ten spyte van die goewerneur se eie teenwoordigheid op die grense was sake nog steeds in 'n warboel toe die kommando van Botha in Januarie 1803 teen die vyand opruk aan die hoof van die Stellenbossers, Swellendammers en Graaffreinetters. Daar word feitlik niks uitgevoor nie en word op 20 Feb. 'n soort van vrede bewerkstellig. Die Kaffers het die hele land skoongevee en was besig oor die buit onder mekaar te twis toe vyandelikhede gestaak word. Die Kosas keer na hulle land terug en die Hottentotte belowe om op te hou met roof. Om die burgerste bevredig het die laaste kommando's onder hulle eie offisiere opgetree want Botha het by hulle geen gewig gedra nie. Die Hele bevolking was verarm sodat die regering aan 'n deel selfs rys moes gee.(7)

---

(1) Sw. Arg. 11/3. Barnard - Faure 13.11.02.
(2) B.O. 55. Barnard - van Rensburg e.a. 13.11.02.
(3) Res. No. 25. Stellenbosch Barnard - L. en H. 13.11.02.
(4) B.O. 55 Ross - Ferreira 28.10.02; ibid. 15.11.02.
(5) B.O. Disturbances etc. No. 26 Barnard - v. Rooyen 13.11.02.
(6) B.O. 55. Ross - Meeding 28.10.02.
(7) B.O. 55. Ross - v.d. Walt. 26.6.02.

3. Stellenbossers word nie vertrou nie.

Die owerhede was baie teleurgestel met die optree van die Stellenbosse kommando in hierdie oorlog sowel as by andere geleenthede. Die Stellenbosse Landdros & Heemrade moes self erken dat „de ondervinding heeft geleerd, dat die Ingeseetenen welke aan en op de grensen deeser Colony woonagtig zyn veel geschikter zyn tot het doen van commandos in de verre afgeleegene districten dan de Soodanige welke in de nabyheid alhier woonen..." (1) Die burgers kon met eer uit die groot kommando van Aug. 1802 getree het, was dit nie vir hulle twiste na van der Walt se dood nie; daar was 12,000 stuks vee om te verdeel as beloning vir hulle dienste. „Die getoekende Beesten wierden aan de Eigenaaren wederom gegeven," terwyl elke kommandant 25, elke voldkornet 20 en elke burger wat gedien het 15 beeste elk ontvang. Die rede vir die onenigheid was „Vermits alle wenschten te beveelen en geen een te gehoorzamen." (2) Die Stellenbossers was gladnie deur die owerhede vertrou nie, en miskien was daar ook goeie redes voor, soos ons gesien het uit die geskiedenis van die Kommando's. Daar word toe die volgende opinie in Nov. 1802 oor hulle gevel: „U.E. te informeeren dat zyn Excellentie niet langer eenig vertrouwen stelt in de wederstreeving en diensten der Stellenbosche Boeren, welke indien gepermitteerd zynde in het District van Swellendam voort te trekken, waarschynlyk veel meer moeite en ongemakkelykheid dan eenig goedt zoude te weeg brengen, daarom zal zulke Inwoonderen uyt uw District die volkommen gewillig syn alleen worden toegelaten..." (3)

Die verliese gely, in 1802 alleen, was 858 perde, 4,475 osse, 35,474 koeie, 34,023 skape, 2480 bokke. Die Britse Okkupasie het dus vir die burgers niks anders as onaangename herinneringe besorg en met 'n sug van verligting het hulle

---

(1) Resolutien. No. 25. Stellenbosch. 29.9.02.
(2) B.O. No. 26. Disturbances etc. op. cit.
(3) Resolutien. Stellenbosch. No. 25. 16.11.02; B.O. 55, Kasteel - v.d. Riet 16.11.02.

die nuwe bestuur van die Bataafse Republiek aan die Kaap verwelkom. „Such was the result of our first collision with the Kaffirs. It commenced with treachery on their part; it ended with defeat and disgrace on ours."(1)

4. Toestand op grense verergerd as gevolg van Maynier se optree.

Die oorlog het tydelik tot stilstand gekom in Okt. 1799. Die Kaffers en Hottentotte was egter geensins tot bedaring gebring of vir hulle wandade gestraf nie. Toe Dundas na die vertrek van Macartney aan die hoof van die regering te staan gekom het was sy eerste taak om met die Kaffers tot 'n vergelyk te geraak. Heemraad Jacobus Triegard word met 'n geskenk van 11 beeste na Gaika gestuur; die kaptein was baie bly hieroor, roep sy impis terug en belowe die vrede te bewaar.(2) Dit was die beleid van die regering om die optree van kommando's aan bande te lê en moet die landdros of 'n ander militêre vir die doel die kommando vergesel. Die kommando moet homself beskou „as a body of defence rather than as hostile avengers of any partial robberies that may have taken place, and in the first instance to confine their operations as much as possible to the recovery of the cattle that may have been stolen as well as to guard against any further infractions of the public Peace of the District."(3)

Vir die Boere het Maynier geen goeie woord gehad nie en vir die kommandostelsel nog minder. Hy beweer o.a. in sy rapport dat die Kaffers vredelievend was tot dat die Boere hulle vee begin roof het. Die jong boere veral vorm klein patrollies en trek teen Kaffers uit om hulle te verryk ten koste van die vyand se kuddes. „...these inconsiderate and unnecessary commando's ....havock and destruction rather follow in their steps and like oil thrown into the flame increase the blaze to Explosion."(4) Ook van der Kemp gaan voort met sy ver-

(1) Napier: Excursions in S.A. op. cit. I, p. 209.
(2) GR. 1/2. Verg. van L. & H. 23.8.99.
(3) B.O. 54, Lett. Desp. Ross - Faure, 11 Okt. 1801.
(4) Rec. of CC. op. cit. Vol. IV, p. 328.

oordeling van die kommando's en beweer dat die Hottentotte in opstand geraak het omdat die kommando's hulle vee geroof het en sê: „...we shall in vain expect peace and tranquility while commando's .... may subvert, but never can restore." Hy spreek sy blydskap uit dat Britse offisiere en die landdroste die kommando's vergesel.(1) Die handlanger van Dundas op die grense was Maynier, van wie hy 'n hoë dunk gehad het. Die regering was met magteloosheid geslaan en kon die plundering nie stop sit nie; daarby vereis die regulasies dat die Hottentotte met sagheid behandel en die mag van die kommando's om vee terug te haal drasties ingekort word. Toe vermaarde persone, soos Tjaart van der Walt, begin objekteer teen Maynier se optree, moes Maynier teen wil en dank in 1801 teruggeroep word. 'n Kommissie van ondersoek het hom natuurlik onskuldig bevind.

Om hulle eie wanbestuur te bedek het manne soos Dundas en Yonge vir die Boere aan die Kaap geen goeie woord gehad nie. Die Boerhater Maynier word eers as landdros deur Dundas benoem om later, na die kommissie van ondersoek, ook tot regter en selfs residentkommissaris verhef. 'n Vergoeding van £1,000 word aan hom vir skadevergoeding uitbetaal. Dit was hierdie twee manne wat twee maal verantwoordelik was vir 'n vernederende vrede met die vyande van die blanke bevolking en tog was dit juis hulle wat die burgers met belastering oorlaai het. „He spoke of them as timid to an extent beyond example... totally unfit for military duty, and was on that account not surprised at the success of the enemy."(2)

Sir George Cory, ook 'n Engelsman, neem Dundas ter dege onder die kneukels met die volgende treffende woorde: „Had he more clearly realised the circumstances in which he found them - poorly supplied with arms and ammunition, their leaders prisoners of war and they themselves dispirited by

---

(1) Sutherland: op. cit. I, p. 353.
(2) Cory, op. cit. I, p. 94.

their hopeless poverty and misery - his remarks concerning them might have been couched in more commendable terms. These people inured from their earliest years to savage warfare were usually able to command a fair amount of success when allowed to fight their battles in their own way."(1) Dundas het ook nie geskroom om sy opvolger, Sir George Yonge, teen die burgers op te sweep nie en vertel "That the Boers being a troublesome and disaffected race of men.... they are at present a very licentious race of men."(2) Geen wonder dat die nuwe goewerneur met sy aankoms in Suid-Afrika op 10 Des. 1802 somar dadelik teen die burgers kant kies; hulle republikeinisme het hom vervreem en daarom word hulle as rusverstoorders en die Kaffers as ordeliewend beskrywe. 'n Opgelapte vrede met die vyand was die noodwendige uitvloeisel.

5. <u>Die burgers het hierdie aantygings van sy owerheid nie verdien nie.</u>

Feite spreek harder as woorde en as ons hierdie Britse Okkupasie tydperk bestudeer vind ons dat die burgers met vlieende vaandels deur die vuurproef van die periode 1795 - 1803 gekom het. Pandoere is teen hulle in die veld gestuur; hulle leiers sit opgesluit in die Kasteel; vir die minste oortreding word soldate by hulle ingekwartier; deur die filantrope word die Kaffers en Hottentotte opgesteek om hulle vee te roof, so nie direk nie dan tog indirek; die regering was vir hulle onsimpatiek en vreemd en kon hulle selfs nie hulle gesteelde vee gaan terughaal nie; so kan ons tot vervelens toe die onreg noem waaronder hulle gedwee gebuk moes gaan. Dis nie 'n wonder dat hulle tot twee keer in opstand geraak het nie, maar wel dat hulle nie soos een man gedurende die hele periode in verset was nie. Laat ons ons egter keer

(1) Cory: op. cit., I, p. 94.
(2) Rec. of CC. III, pp. 66 - 67.

tot die positiewe en konkrete voorbeelde van lands- en volksdiens om te bewys dat die burgers 'n dappere, opofferende en geduldige volk was, wat die bewondering van die wêreld in plek van verguising werd was.

Die burgers moes feitlik sôre vir die vervoer van nie net die troepe, die burgerkavallerie, die ammunisie en bagasie heen en weer oor die kontrei nie, maar ook op eie kôste altyd minstens een ryperd gereed hê met saal en toom kompleet om dadelik op te tree wanneer die landsomstandighede dit vereis. Ons het gesien hoe dat waens vir die Stellenbosch se kommando van heinde en ver gekommandeer word met alle toebehore, soos spanne osse of perde, jukke en stroppe, touleiers en wadrywers. Die van ons wat bekend is met die werksaamhede op 'n groot boereplaas sal kan besef watter ongerief en skade die boer aangedoen word wanneer hy skielik sy ploeëry, of wat dies meer sy, moet laat staan om aan 'n kommandeerbrief gehoor te gee, of te gaan help met vervoer van goewernementstroepe en soms nog gekleurde troepe boonop. Wel is waar het die regering vergoeding betaal vir hierdie dienste; maar wat het dit beteken teen die ongerief en indirekte skade wat in die boerdery gely word. Dit het gebeur dat daar baie maande vir die bietjie geld gewag moes word nadat die hele prosedure van bewyse instuur en andere formaliteite eers afgehandel was. Die volgende pryse was in 1802 in swang: een riksdaler per uur vir 'n perdewa met volle toebehore, vier skellings vir 'n ossewa en twee skellings vir 'n ryperd.(1) Voorwaar ook nie pryse om 'n fortuin van te maak nie. Die Dragonders moes orals, soos ons gesien het, met hulle perde teen geringe vergoeding versorg word. Is die dragonder se staanplek nou een maal op jou plaas, dan moet jy hom teen wil en dank onder dak neem; daar word nie gevra of daar siekte in die huis is, of jy ~~[illegible]~~ gaste het of nie,

(1) GR. 1/2. 4.1.02.

of jy plek het of nie, of die persoon gewens is of te nie. Die bevel moet uitgevoer word en die Dragonder is by jou onder dak; of dit vir jou gerieflik is word eenvoudig nie gevra nie. Dit was 'n gewoldige verantwoordelikheid wat op die burger se skouers afgeskuif was. So iets as losieshuise en transportmiddels het die regering nie self aangehou nie; dit moes alles deur die bevolking daar gestel word, en dit nie net vir een keer nie maar vir meer as 100 jaar aaneen.

Cornet Otto klo dat die plase van Hottentotte ontbloot is en dat baie boere hulle waens self moet dryf. Hy wou ook weet of dit nie moontlik is nie om een of twee dae vooruit te verneem van die koms van troepe en hulle sterkte. Hy gee aan die hand dat die troepe liefs moet loseer want daar is nie potte en komme om so baie mense gelyk kos te gee nie. Verbeel jou die burgers langs die weg moet spesiaal voorsiening gaan maak om 'n hele kommando op die wyse kos te gee.(1)

Hier volg 'n kommandeerbrief van die jaar 1802 om te toon watter dingo alles deur die burgers fornier moes word: die name van 8 burgers word genoem. Die een gee 8 skape, 2 agterosse en een skepel meel; 'n tweede gee 1 Hottentot, 2 slagskape en 'n halfmud meel; 'n derde gee 2 naasagterosse, 8 slagskape en 1 skepel meel; 'n vierde gee 2 middelosse, 2 slagskape, een halfmud sout, sweep en stok; „Andries Olivier de wagen met syn toebehooring sweep in stok riemen in stroppen jukken in touw in voor 10 ossen"; 'n ander gee 8 slagskape, 2 agterosse, 1 halfmud meel en een Hottentot met geweer. Almal moet klaar wees om op eerste aansê te vertrek.(2)

Die mense moes nie net teen Kaffers en Hottentotte optree nie maar ook die ewigdurende stryd teen die Boesmans was aan die gang. Verder noord aan Die Oranjerivier val die baster Afrikaander die boere lastig met roof en doodslag en moes

(1) Commando Papieren 726. Otto - van der Riet 1.9.99.
(2) Ink. Br. 144, Stellenbosch 10.11.02.

ook daar met kommando's opgetree word; hierdie gevare was almal gelyktydig op die voorgrond tydens die Eerste Britse Okkupasie. Orals was dit die boer wat moes regstaan terwyl die gereëlde troepe veilig in Kaapstad sit of die distrikte dek in afwesigheid van die burgerkommando's.

HOOFSTUK 12.

Die Burgerkommando's in die Tyd van die Bataafse Interegnum aan die Kaap. (1803 - 1806).

1. Die vryheidsidees beheers die politiek van die regering.

Toe die Bataafse bestuur in 1803 die bewind in hande neem was die land as gevolg van die langdurige Kaffer- en Hottentot-stroperye in 'n sorgwekkende toestand. Daarby was daar twis en tweedrag onder die volk en word bitter verwyte mekaar teen die hoof geslinger; een van Janssons se eerste dade was dan ook om die Boereleiers, wat reeds etlike jare in die gevangenis opgesluit was, amnestie te verleen en uit die Kasteel te ontslaan; hierdie daad het meegewerk om die nuwe regeerders in 'n goeie reuk by die bevolking te plaas maar ongelukkig was die hoofleier van die opstand onderwyl in gevangenieskap oorlede, tewete die beroemde kommandoaanvoerder, Adriaan van Jaarsveld.

Die magtige invloed van die Franse Rewolusie laat hom in hierdie tyd ook nog geld en aan die Kaap was die dissipels van Rousseau nog altyd besig om hulle verderflike leer van gelykheid en broederskap te verkondig. Beide Janssens en de List het ook 'n goeie klap weggehad van hierdie invloede. Veral in die eerste tyd het hulle nie kon glo dat die inboorlinge instaat was om sonder sterk provokasie die kolonisto met roof en doodslag te teister nie. De List was eerlik onder die indruk dat die inboorlinge van die land vreedsaam in hulle hole woon en dat 'n vreemde nasie gekom het om hulle land en hulle vee wederregtelike te vervreem so dat "eenen geduurigen oorlog moet worden onderhouden...by welke alle denkbeelden van beschaaaving en menschlykheid uit die oog verlooren worden..." en van die Kaffers praat hy as "een vreedzaam en zagtzinnig Volk, wiens groote en enige rykdom in Vee bestaat."(1)

---

(1) Van der Merwe: Bataafse Republiek p. 226.

Al dadelik kry die inwoners opdrag om op te hou die vee van die naturelle te steel waardeur weerwraak aangewakker word; die Kaffers moet respek en vertroue ingeboesem word terwyl die Graaffreinetters geleer moet word om wet en orde te handhaaf.

'n Vredespolitiek moes weer teen elke prys gevolg word; op verdediging kon skaars 'n £100,000 gespandeer word. Janssens onderneem 'n reis na die grense in April 1803 om self die toestande daar te gaan besigtig. Die klein garnisoen van 150 man word nog verder verminder by Fort Frederik. Janssens bekragtig die verdrag met Klaas Stuurman, erken sy onafhanklikheid en sonder 'n strook land aan die Gamtoosrivier vir sy bewoning af. Met die Kafferkapteins Slambie, Congo en Habana in die Suurveld het hy 'n onderhoud; die Kaffers weier terug te keer oor die Visrivier uit vrees vir Gaika. Met kwistige hand word ook deur Janssens geskenke aan die Kapteins uitgedeel en selfs aan die wat vlug word geskenke agterna gestuur. In die onderhoud met Gaika anderkant die Visrivier het geblyk dat hierdie kaptein weer die skuld aan diefstal van die koloniste se vee op die skouers van Slambie laai. Gaika word ewe-eens van geskenke voorsien en feitlik omgekoop om die vrede te handhaaf. Die onsinnige politiek van die vorige regeerders word dus eenvoudig bestendig en so bly die toestande op die grens in 'n gistende toestand. Die Visrivier word andermaal as grens neergelê en almal gevra om die te eerbiedig. Van die kapteins word geëis om geen wraak te neem nie, maar hulle klagte by die landdros in te dien; Kafferkinders, wat by die blankes in diens was, moes uitgelewer word.

Ook de Mist en Janssens het 'n suivere segregasiebeleid voorgestaan. Die mense trek volgens hulle te veel rond en moet geleer word om te woon op vasgestelde plekke. Boere word verbied om Kaffers in diens te neem, of om oor die Visrivier te gaan vir watter doel ook al. De Mist voel

oortuig dat die sedes van die blankes deur akkerbou, in plek van veeteelt, versag moet word en sodoende sal die kleinere roverye van die blankes 'n end neem. Die rondvlug van die blankes by die minste oorsaak moet 'n end neem en so waarsku Janssens dan die inwoners van Bruintjeshoogte om „niet onbedagzaam genoeg zyn andermaal te gaan vlugte en zwerve? Zullen zy elders veiliger zyn, zullen zy elders beter weide beter water vinden. Immers neen de veiligheid moet voor het ogenblik in de vreede gezogd, en laat de directie er van aan de Capetein Alberti met de Burgers die zy kiezen zal over."(1) Die Kaffers moes vasgepen word ~~en~~ in hulle eie gebied en daar beskaaf word deur dat hulle ambagte aanleer en 'n meer gereelde lewe lei; hieruit word ~~dan~~ 'n bestendige vrede opgebou en welvaart verseker. Die Kaffers loop te veel rond onder die blankes en leer net om te spioen en kwaad te doen; hulle moet almal oor die Visrivier terugkeer; dit was egter onmoontlik om hierdie beleid op hierdie stadium tot uitvoering te bring. Ook moes die Hottentotte in lokasies geplaas word waar hulle beskaaf en ge-evangeliseer kon word; wanneer hulle dan so in klein lokasies ver van mekaar opgedeel word, sou dit 'n algemene Hottentotopstand verydel.(2) Ook was die verkoop of verkwansel van drank aan die gekleurdes verbode en word die veldkornette beveel om wag te hou dat geen drank sonder 'n permit aan hulle uitgedeel word nie; aan volk van ander base kon geen drank sonder 'n verlofbrief van die betrokke base verskaf word nie. Aan niemand mag <u>drank</u> in kleinmaat by die negosiewaens verruil of verkoop word nie „en wel nooit minder als by half aamen."(3)

Om die afsydigheidsbeleid van die regering nie te bemoeilik nie word die blankes aangesê om hulle nie in die <u>twiste</u> van die Kaffers onderling te meng nie. So byvoorbeeld skryw

---

(1) B.R. 40. Janssens - Gerotz. 16 Okt. 1803.
(2) Hypteka: De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881. pp. 107 - 118.
(3) GR. 16/2. Stockenström - Veldkornets. 7.9.04.

Janssens aan die veldkommandant Gerotz te Graaffreinet dat „Wy moeten Commandant in de geschillen der Kaffers onderling voorzigtig zyn..." en beskou die aanwesigheid van Buys by Gaika as een van die oorsake van twis onder die stamme. Kaptein Alberti laat ook sy stem in hierdie verband hoor waar hy sê: „Het is voor ons veel belangryker de eigendommen der goede opgezeetenen te bewaaren en te beveiligen als deel te neemen in de geschillen, die de Caffers onder zig hebben..."

2. Militêre Kommando's van hierdie tydperk.

Militêre kommando's word deur die regering voorgestaan. In die eerste plek word die ingesetene van die grense beveel om met die Kaffers in vrede te lewe, want hulle is nie so seer vir die diefstalle verantwoordelik as die Hottentotte nie. „De Ingezeetenen aan Bosjesmans Rivier zullen wel doen zig met de daarleggende Kaffers so goed als moogelyks te verdraagen..." en dit sal hulle baie kwalik geneem word as hulle met 'n nuwe oorlog die planne van die regering in die war stuur.(1) Die Kaffers het nie juis in hierdie tyd met 'n groot uitbarsting die Kolonie ingestorm nie, maar het eenvoudig met 'n soort van vreedsame penetrasie aangegaan. „Het kuyeren der Kaffers, is kortelings weder sterk geweest... bedelachtig volk, die nimmer vergenoegd zyn met 't geen hun gegeeven word."(2) In die Kaapsche Rapport word bepaal, met die oog op die plan om die Kaffers oor die Visrivier terug te stoot en by die maatreëls behoorlik krag by te sit, „dat vooreerst een goed commando Militairen te minsten van honderd man, Voetvolk, en 30 a 60 ligte Cavalleristen... derwaards gezonden worden, onder de ordres van een bedaard en bejaard officier, die zagtheid met gepasten ernst paarende, aan die Caffers, voor de Nederlandsche Natie, respect, maar ook vertrouwen inboezemt, en de Inwooners van Graaffreinet

(1) B.R. 42. Maj. von Gilten - Veldkommandant Gerotz 15.10.03.
(2) B.R. 71. Bylagen 1805. Br. van Stockenström 27.9.05.

door een goed voorbeeld, tot onderwerping aan ordre en wet noodzaakt."[1] Aan die hoof van hierdie kommando het aanvanklik majoor von Gilten gestaan en word later deur Kaptein Alberti vervang. Laasgenoemde was 'n knap en besadigde man wat alles probeer het om die Kaffers meer inskiklik te maak. Hy was gestasioneer te Algoabaai; deur gedurige persoonlike besoeke aan die kapteins moes hy aan die beskawingsplan in sekere mate uitvoering gee; die seuns van die kapteins word aangeraai om te leer en hul in diens van hul volk te laat afrig; aan leeglopery word stopgesit; die grense word patrolleer en toegesien dat die gehandhaaf word. Hierdie beleid het sy goeie vrugte vir 'n tyd afgewerp maar tog word spoedig ingesien dat met sagsinnigheid en mooipraat daar nie altyd veel uitgerig word nie; die Kaffers was nou glad bederwe en vroeër of later sou 'n uitbarsting tog weer plaasvind en sou die raad van die burgers weer gesoek moes word. In 1805 klaag Kaptein Alberti dat die Kaffers die land binnestroom sonder om juis veel kwaad te doen of om die veiveld te beskadig. Hy bekla hom oor die beperking wat daar op hom gelê word in die volgende trant: „dat men ter verwydering deezer weerspannelingen geen middel mag beezigen, het welk maar eenigzints het aanzien van geweld draagt, het zoude anders ligt vallen de ingetrokken Kaffers, door een klein commando, sonder eenen schoot te doen, zodaanig te schrikken, dat zy daadelyk terug keerden..."[2] Hy vertel verder dat die wagters wakker is, dat die burgers nie bang is nie en dat geduld beoefen word. Ja, hierdie man se hande het werklik gejeuk om al was dit maar net met 'n klein kommando, die vyand so 'n bietjie te lyf te loop. Die <u>leiderskap</u> van die burgerkommando was egter 'n probleem vir die regering, want dit moet „door een verstandig en zagtzinnig man wierd aangevoerd."[3]

---

(1) B.R. 86. Kaapsche Rapport 1802. Art. 118; Memorandum on the Cape; de Hist p. 113.
(2) B.R. 73. Alberti - Janssens 5.11.05.
(3) GR. 11/29. Alberti - Landdros van Gr. 30.9.05.

Janssens was egter baie begaan oor die twiste onder die burgers en het gemeen dat so 'n leier van 'n kommando moeilik te kry was; natuurlik het hy die burgers nie vertrou nie omdat hy te sterk onder die invloed van sy liberale tyd gestaan het en dus liefs die beleid van 'n kommando direk onder die militêre of gereelde burgery wou sien, „dat by het commando de Militaire hierarchie niet uit het oog verlooren word, zoodat men by het geheel en by onderdeelen altoos kend wie het gezag voery, zonder dat zulks verdeeld sy of betwiste word..."(1) Ook het de Mist, na sy terugkoms van die reis na die binnelande, die waarde van die burgerelemente vir die oplossing van die Kaffervraagstuk begin insien want hy laat weet aan die koloniste dat hulle twee of drie „bedaarde en der Kaffersche taal en gewoonte kundige Burgeren" moes stuur met 'n boodskap van vrede. Wanneer die regering sy vingers met die Kafferbeleid verbrand het, en nie herwaarts of derwaarts weet nie, moes hy maar steeds terugval op die raad en die daad van die burgers. Alberti was tot die oortuiging gekom dat net strafmiddels in die vorm van burgerkommando's die Kaffers sal beteuel. Net die aankondiging van die koms van 'n kommando was soms voldoende om die stropers te laat terugval; sagte behandeling en die vermy van vyandelikhede het die gevolg gehad dat die Kaffers al hoe verder met hulle strooptogte voort gedring het. Alberti vra daarom van Janssens verlof om met burgers die gevaar te stuit om te verhoed dat die koloniste hulle plase verlaat en die vyand al verder die land intrek want „deeze natie door vreeze moet worden gedwongen het kwaad te onderlaaten en dat men door zagte middelen weinig by dezelve kan uitrigten."(2) Ons is dus verplig om te sê dat so ver dit die offisiële beleid van die Bataafse Bestuur betref, die naturellepolitiek op 'n jammerlike

(1) B.R. 71. Bylagen 1805. Janssens - v.d. Graaff 16.10.05.
(2) B.R. 65. Bylagen 1805. Alberti - Janssens 29.5.05.

mislukking uitgeloop het. „In handling the Xosas the Batavians failed as lamentably as the British and for the same reason. As before, solemn palavers proved an inadequate instrument to remove their victorious warriors from the Zuurveld."(1)

3. Kommunikasie met die binneland.

Dit was beslis noodsaaklik om 'n gereelde diens met die binneland oop te hou veral in tyd van oorlog wanneer troepe en burgers langs die hoofroete moes reis. In hierdie opsig het Janssens en de Mist hulle beywer so dat selfs in vredestye die posdiens en andere vervoer gereeld kon geskied. Ons wil hier 'n paar veranderinge noem wat deur hulle aangebring was. Die bodes moes sonder versuim en met alle moontlike spoed die reis aflê; die juiste tyd kry hulle van die veldkornette langs die pad; wanneer vars perde nodig is, moet hy die in alle beskeidenheid van die eienaar vra met bewys van sy outoriteit; die perde moet goed versorg en brieve dadelik aan die adresse gelewer word met tyd en datum van oorgawe behoorlik gesertifiseer.(2) Die bevolking in die omtrek moes sôre vir huisvesting, voer en verversings, so dat daar vir die bode geen oponthoud behoef te wees nie. Gesertifiseerde rekenings van uitgawes word gestuur aan die landdros.(3)
In 1803 word 'n Kompanjie Ligte Veldruiters in die lewe geroep wie se soldy dieselfde sal wees as vir die ligte Dragonders. „De hoofdzaakelyke dienste van deeze Compagnie zal zyn, het bezetten der correspondentie posten door de geheele Kolonie het overbrengen van 's Gouvernements ordres en Depeches- het geeven van Eskortes en zullen voorts gehouden zyn te doen zodanige andere militaire diensten als de Gouverneur en Generaal en Cheff in der tyd aan dezelven zal ordonneren."(4) Die las van Dragonder poste het ook in hierdie

(1) Cambridge: History of the Br. Emp. op. cit. p. 194.
(2) B.R. Bylagen 40. Instructie aan Goevt. bode 26.10.03.
(3) B.R. 40 Bylagen. Janssens - Landdroste, Heemrade, veldkommandante e.a.
(4) B.R. 37. Bylagen 21.7.03.

tyd swaar op die skouers van die betrokke persone gerus. Wouter de Vos van Paarde Vallei versoek die regering om nie die pos permanent by hom te vestig nie, maar liefs van maand tot maand „ten einde alle de gezamentlyke opgezeetenen van dit district ter bereiking van de goede oogmerken van Gouverneur en Raaden in deeze dienstig te doen zyn."(1) Hierdie versoek is kort daarna gunstig oorweeg en uitvoering aan gegee. Daar was ook klagte dat net die mense langs die roete vir perde, osse en waens moes sorg; daar word toe gelas „om in 't gevolg by eenig commando gene uytzondering te maaken, maar ieder infirdu naar evenredigheyd daar toe te willen requireren."(2)

Die nasionale roete in die dae was as volg: Kaapstad - Hottentotsholland - Het Warme Bad - Groote Vlakte - Swellendam - Duyvenhoksrivier - Gouritsrivier - Hagelkraal - Olifantsrivier - Outenikwasland - Lange Cloof - Chamtousch rivier - Swartkopsbaay.(3)

4. <u>Die Landsmilisie en 'n Hottentotkorps.</u>

Daar was 'n onophoudelike oorlog in die wêreld aan die gang en dis geen wonder dat die Bataafse Regering aan die Kaap onverpoosd moes dink aan die moontlike aanval op hierdie geweste. Daarom kan ons verstaan waarom daar gepoog moes word om teen elke koste die uitbreek van oorlog met die inboorlinge te vermy; daar was geen genoegsame weermiddels om op twee fronte vyande die hoof te kon bied nie. Die goewerneur het lojaliteit van die koloniste bemerk en wou nou deur die oprig van so 'n „landsmilitie" aan hulle die geleentheid skep om saam met die soldate die eer van hulle land hoog te hou. Om hulle vroue, kinders en eiendomme nie aan gevaar bloot te stel nie word net een sesde van die weerbare manne verwag om Kaapwaarts te kom in tyd van gevaar. Daar sal egter net van

---

(1) B.R. No. 3. Res. 10.7.03.
(2) Sw. Arg. 14/2. Trouenfelder - Crous 11.9.04.
(3) B.R. 40. Bylagen.

vryvilligers gebruik gemaak word vir hierdie doel. So lank hulle op diens is sal hulle almal onderhoud vir hulleself en hulle perde ontvang behalwe die gewone gasie; die burgers sal wel met die soldate saam diens doen maar deur hulle eie burgeroffisiere aangevoer word.(1)

Toe die oorlog wel later uitbreek het Janssens nie die troepe wat aan die Gamtoos gestasioneer was na Kaapstad ontbied nie omdat hy die welvaart van die mense aldaar op die hart gedra het, want ook die Kaffers was in opstand en aan die plunder. Hulle sal daar saam met die burgers die vroue en kinders teen aanvalle van die woeste barbare help beskerm. So word ook al die burgers in Gods naam gevra om hulle geskille op sy te sit en nie oorsaak wees van oorlog met die Kaffers nie.

Hoewel die regering die gebruik van Hottentot soldate goedgesind was blyk dit dat manne soos Kaptein Alberti 'n remmende invloed uitgeoefen het. Hy meen dat Hottentotte uiters geskik was in die terrein waar die kommando's dikwels moes opereer maar dat 'n mens van hulle trou nie altyd verseker kon wees nie; daarom sou hy liefs net burgers „ter generaalen verdryving der Kaffers" wou gebruik.(2)

Daar was egter 'n Hottentotkorps op die been met die oorname van die Kaap in 1803, en hoewel met die ontrou van hierdie mense die regering op hoogte was, kon hy nie nalaat om hulle in diens te hou nie veral aangesien daar in hierdie tyd so 'n groot gebrek aan strydkragte was. In 1804 word vir rekrute gevra; hulle moes jonk, fris, bekwaam en sonder vrou en kind wees. Daar moet by die base wat baie volk het aangeklop word om van hulle werkkragte vir 'n tyd altans vir die doel af te staan. „G'n guns, vriendschap of familie mag in aanmerking geneem word op hierdie werkrutteerveldtog nie en al

(1) B.R. No. 3. Res. 26.8.03.
(2) B.R. 65. Alberti - Janssens. Bylagen 1805. 29.5.05.

die name van die base en volk moet aan die landdros oorhandig word. Indien die Hottentotte onwillig vir militêrediens mog skyn, dan „dezelven in den waan laaten als of dezelve tot het verken alhier gezonden worden."(1) Die regering het Hottentotte soms gebruik om geskenke aan die kapteins oor te bring terwyl die burgers hulle weer gebesig het om te spioen. Ook word deur Rev. Campbell verhaal dat Hottentotte soms vir diens opgeroep word teen die Kaffers veral as gidse en dat hulle hiervoor geen vergoeding ontvang nie, terwyl hulle gesinne gebrek ly.(2) Daar was, kort voor die inname van die Kaap, ongeveer 600 Hottentotte onder die wapens. Daar was selfs sprake om die ~~Blanke~~ blanke soldate heeltemal deur die Hottentotte te vervang, maar omdat die burgers baie sensatief was op hierdie punt van gebruik van Pandoere, het die regering geaarsel om so ver te gaan. Lichtenstein, die vermaarde reisiger, veroordeel die gebruik van Hottentotsoldate omdat hulle in die verlede getoon het dat hulle so maklik met die wapen in die hand hulle op hulle vroeër base en weldoeners kon werp. „Sir James Craig had organized a body of Hottentots, and these were the troops selected to humble the Colonists - to watch over and control them. It is impossible not to censure the prudence of such a measure. How great soever might be the faults of the Colonists towards their Hottentots, this was not the way to promote better behaviour in the future."(3)

5. <u>Die veldkornette en hulle voorgangers</u>.

In die tyd van die Bataafse Bestuur is die veldkornetstelsel op vaste voet geplaas. By 'n vorige geleentheid is die ontwikkeling van hierdie stelsel breedvoerig bespreek en daarom wil ek hier volstaan met die benadrukking van 'n paar uitstaande feite. Onthou moet word dat daar by die gereelde troepemag, en ook by die burgery, vaste offisiersrange bestaan

---

(1) GR. 16/2. Stockenström - Pretorius. 20.8.04.
(2) Campbell: Travels in S.A. p. 73.
(3) Lichtenstein: op. cit. p. 459.

het en dat hierdie range 'n voorwerp van nayver ook by die aanvoerders van die kommando's uitgemaak het. Ons het hier te doen met die Kavallerie offisiere omdat kommando's altyd 'n berede mag was en Kavallerie range dus ook by hulle ingevoer geword het; die orde in rang was ritmeester, luitenant, kornet, wagtmeesters, korporaals, standard jonker, trompetters en adjudante. By die Burgery was dit Kaptein, Kaptein-Luitenant, 1e Luitenant, 2e Luitenant, Kornet ens.

Die veldwagter was 'n soort van polisiedienaar en is in 1765 deur die benaming „Ordonnantie Ruyter" vervang; hulle tree op as hulp vir die Landdros hou oog oor plantasies, kyk dat wapens nie aan slawe verkoop word nie, plak kennisgewings op ens.(1)

Die veldkorporaal het die kommando's in 1715 en ook daarna gelei; die toevoeging „veld" is heel natuurlik omdat daar 'n onderskeid moes gemaak word tussen die korporaal by die garnisoen en die korporaal wat in die veld moes optree. Die veldkorporaals het egter tot 1774 geen prerogatief gehad nie en het dit gebeur dat die korporaal van die Dragonders byvoorbeeld geweier het om onder 'n veldkorporaal te dien. Die veldkorporaal kry dus in daardie jaar die rang van „wagtmeester" so dat daar in vervolg geen onsekerheid omtrent sy status behoef te wees nie. Sy werk was om die manskappe op te kommandeer en, indien daar op kommando nie iemand met 'n hoër rang was nie, moes hy ook die kommando lei. 'n Provisionele Veldkorporaal, hou, solank die veldkorporaal in die veld is, orde in die distrik tuis. Soms lei die veldwagtmeester die kommando en dan moet die veldkorporaal die orde tuis handhaaf.(2) In 1774 was daar 13 veldkorporaals. Die veldwagtmeester en ook die wagtmeester het meesal die kommando's aangevoer. Gewoonlik egter het die offisier, wat die

---

(1) Resolutien K.A. 9.4.1685. Ibid. 28.3.1691; ibid. 13.1.1728; ibid. 15.10.1765; Roux, op. cit. p. 163 - 164.
(2) Dagregister van Stellenbosch en Dr. 1777 - 1781; Roux op. cit. pp. 153 - 156; Sutherland op. cit. I, p. 59 en 62; Instructien 1783 - 1886.

kommando's in die veld teen die Boesmans aangevoer het, stelselmatig en geleidelik die naam van veldwagtmeester gedra. „Vanaf 1776 wordt doorgaans gesproken van veldwachtmeester in plaats van Wachtmeester"[1] Die veldwagtmeester het militêre sowel as siviele pligte gehad om uit te voer. Hy sorg vir 'n gelyke verdeling van die manskappe wat beurtgewys op kommando moes gaan, trek die lyste van manskappe vir eksersersie op en lê dit aan die veldkommandant voor, gee verlof aan manskappe om van diens absent te bly, voer die bevele van die kommandant uit; verder hou hulle lykskouings, los geskille op onder die koloniste, gee hulle opinie wanneer die kommandante van mekaar verskil; langer as ag dae mag hulle nie uit hulle wyke afwesig wees sonder verlof van hoër gesag nie. Die veldwagtmeesters neem sedert 1774 meesal die werksaamhede van die veldkorporaals oor, hoewel die rang van korporaal nog behoue bly vir mindere offisiere wat ten dienste van die veldwagtmeesters staan. Die pligte van veldwagtmeesters is reeds duidelik neergelê onder die Hollandse bewind (Cf. Instructien, 1783 -6) en later opnuut deur Macartney in sy Proklamasie van 20 Nov. 1797 heringevoer in gelykluidende terme.[2] In 1774 word ook vir die eerste keer die pos van <u>veldkommandant</u> ingevoer gelyktydig met die van veldwagtmeester onder nuwe instruksies. Een van die dertien veldwagtmeesters, Godlieb Opperman, word tot hierdie pos bevorder met die rang van kornet.[3] In 1780 word dit nodig geag om 'n tweede veldkommandant te benoem want die werk was te veel vir een veral nadat die Kaffergevaar ook op die voorgrond tree. Elkeen van die twee Eerste kommandante ontvang die rang van luit. terwyl vir elkeen ook 'n tweede of onder komd. met die rang van kornet ingestel word. Die een was meer bepaal vir die ooste en die ander een vir die noorde benoem, maar was

---

(1) Wypteka: op. cit. 102.
(2) Roux op. cit. p. 174; Instructien 1783 - 6; B.O. 64. 20.11.97; Ink. Br. 138 Stellenbosch; Gr. 1/2. 28.10.96; B.O. 86 Lett. Rec. 1795 - 1804; Burger Kr. Stellenbosch 1777 - 84; Wypteka op. cit. p. 101.
(3) Krygsraad Notule Stellenbosch 1769 - 1777 5.11.76.

verplig mekaar die hand te reik en in tyd van siekte af te los. Hulle moes sorg dra dat die poste van veldwagtmeesters en veldkorporaals altyd deur bekwame liede gevul word dat die wat hulle pligte versuim voor die krygsraad gedagvaar word; hulle moes die bevele van landdroste uitvoer en rapporte aan hulle oorbring; minstens een van hulle moes gedurig in die veld bly.(1)

Die veldkornet is 'n tittel wat baie na willekeur gebruik was voordat de Mist in 1805 sy beroemde Instuksies uitgevaardig het. Venter(2) beweer dat die benaming „veldkornet" sy ontstaan te danke het aan die „Feldwachtmeesters" van 1797 wat die rang van „Burgher Cornet" ontvang het en dat sy oorsprong gesoek moet word onder die Eerste Britse Bewind. Dis ongetwyfeld waar dat die term „Veld Cornet", „Velt Cornet", „Cornet" „Cornet en Veld Wagtmeester" by voorkeur dwarsdeur hierdie tydperk deur die veldoffisiere en 'n offisiële briewe van die owerheid gebesig was maar daarmee is die kwessie nog nie opgelos nie. Ons vind dat die proklamasie van 20 Nov. 1797 eenvoudig die pligte van veldwagtmeesters omskryf soos reeds in swang onder die Hollandse bewind. Dis meer aanneemlik dat die rang van kornet by die onderveldkommandant saamgetrek was om die nuwe benaming veldkornet te vorm; die rang „burger cornet", wat aan die veldwagtmeesters toegeken was in 1797, blyk ook nie heeltemal nuut te gewees het nie.(3) In elk geval ons gaan met Wypteka akkoord waar hy meen dat die oordrag van die naam nie duidelik op te spoor is nie en dat al ons teorieë vir die teenwoordige altans op gissinge gebaseer is. Dit kan ons met sekerheid vasstel dat die rang kornet aan die veldkommandant gegee was, daarna aan die onderveldkommandant, toe aan die veldwagtmeester (t.w. burger Cornet) en eindelik vind ons

---

(1) Burgerkr. Stellenbosch 14.11.80 1777 - 1784; Instructien Wypteka op. cit. 201. Roux op. cit. p. 171.
(2) Dr. P.J. Venter: Landdros en Heemraden. p.
(3) B.O. 49. Lett. Desp. 1796 - 7; GR. 1/2. Notule B.Kr. 28.

die benaming veldkornet van af 1798. Waarom die veldkornette nie almal eenders teken nie is baie moeilik om te sê. Indien veldwagtmeester en kornet saamgetrek was tot veldkornet in 1797 waarom word in 1803 gepraat van „Heemraden", „Veldcommandanten", „Cornets" en „Wagtmeesters" as of hulle heeltemal aparte funksionarisse was;(1) so word ook ~~XXXXX~~ „Veldcommandanten", „Veld-cornets", „veldwagtmeesters" genoem as of hulle aparte amptenare was. Die bewering van die skrywer (cf. Roux: op. cit. p. 176) dat veldkornette en veldwagtmeesters twee aparte funksionarisse was klink dus nie heeltemal verkeerd nie. Die pligte van die veldkornette word breedvoerig beskryf in die „instructie voor de Veldcornets ens." Die inwoners durf nie verder as ses uur te perd uitmekaar woon nie; vir elke onderdeel word op aanbeveling van die landdros deur die goewerneur uit die inwoners 'n man van goeie „naam en faam" tot veldkornet gekies. Hy moes minstens 25 jaar oud wees, woonagtig vir minstens twee jaar in sy wyk en 'n grondbesitter. „De Post van Veld-Cornet is, voor het inwendig Bestier onontbeerlyk; daarom mag niemand, zonder wettige redenen, by voorbeeld: van hoogen ouderdom, lichaamsgebreken, en dergelyken meer, welken hen buiten staat stellen om de functien daarvan waarteneemen, zich aan den post onttrekken." So lank hy in diens is, is hy van skaap- en beestegeld vrygestel, mag hy 'n leningsplaas besit sonder om daarvoor belasting te betaal, ontvang elke week gratis die staatskoerant en kry jaarliks uit die landskas die som van 25 Rds. as vergoeding vir sy dienste; wanneer hy 25 jaar lank die betrekking met eer beklee het, sal hy hierdie voorregte vir die res van sy lewe bly geniet. In sy wyk tree hy op as 'n soort onderlanddros wat „zich nimmer, door guns of onguns, vriendschap of vyandschap, lief of leed, laten

(1) B.R. 3 Res. 22.8.03.

leiden." Om self ge-eerbiedig te kan word moet hy sy burgers met „bescheidenheid" behandelen. Sy pligte was legio. Die veldkornet sorg vir die wet en orde, maak wette aan die burgers bekend, hou lykskouings, sorg vir die begeleiding van gevangenes langs die roetes, hou die oog op onwettige skoolhou en beoefen van ambagte en let op skope, posdiens, rondlopers, seine en place. Hy hou ook 'n register van alle manskappe bo die 16 jaar en verdeel hulle in drie groepe t.w. 16 tot 30 jaar; 30 tot 45 jaar en 45 tot 60 jaar. Hierdie klassifikasie dien as basis van kommandeer; by alle klasse word ~~ên~~ die oog gehou dat ongehuudes, en mense sonder beroep of ambag, eerste opgeroep word. Diegene bokant 60 jaar was van alle persoonlike diens vrygestel.(1) Hierdie indeling van manskappe dateer uit die Hollandse tydperk en de Hist het eenvoudig op die ou tradisie voortgebou. Die leiers van kommando's het meesal tot die ouere groep behoor en moes dus die leiding van die jongere groepe ook op hulle neem. In werklikheid het dit nie gebeur dat 'n kommando suiwer uit een van hierdie groepe bestaan het nie.(2)

---

(1) B.R. 116 Instructie voor de Veldcornets in de respective Buiten-Districten.
(2) Cf. ook Hyptoka, op. cit., p. 437.

HOOFSTUK 13.

Kommando's en die Vierde Kafferoorlog.

(1807 - 1814)

1. Die Kafferbeleid van Caledon en Cradock.

Die Bataafse regering aan die Kaap het, net soos sy voorgangers, hopeloos gefaal in sy pogings om rus en orde op die Oosgrens te bewerkstellig. Toe die eerste vaste goewerneur in die persoon van Graaf Caledon in Mei 1807 aan die Kaap land, was sy eerste taak om die kaffervraagstuk onder hande te neem. Uit die vuis uit was sy optree, deur die hoersende invloed van die filantrope in Downingstraat en in hierdie land, aan bande gelê; hy moes in die eerste plek die handel bevorder tussen Suid-Afrika en Engeland en daarom was hy uitdruklik beveel om vrede met die inboorlinge te handhaaf. Heel gou het hy die vertroue van die negrofiliste verbeur met sy landlopersvet wat aan die rondloop van die inboorlinge paal en perk gestel het. Hy stuur Kolonel Collins as spesiale kommissaris na die grense om in 'n goes van versoening op te tree. Hierdie amptenaar het waardevolle getuienis eerstehands ingewin en die later, in die vorm van 'n breedvoerige rapport, die goewerneur ter hand gestel. Op 'n uitgebreide reis het hy eers die Boesmans in die Noordwesto gaan opsoek en daarna in 1809 die Kafferkapteins Hintsa, Gaika en Slambie gespreek. In sy hoedanigheid van Sy Majesteit se Kommissaris vir die distrikte Graaffreinet en Uitenhage gee hy die volgende venke aan die landdroste, veldkornette en ingesetene:(1) Geroofde vee mag nie verder as een uur te perd van af die verste geleë plaas agtervolg word nie. Ses gewapende burgers moes om die beurt gekommandeer word om op patrollie te gaan vir die opvang en terugstuur van sulke vee. Die veldkornet met sy kommandotjie kry die reg om langs die pad die rovers

(1) G.R. 14/4. Rapport van Collins; Cory, I, p. 176; Rec. of CC. Vol. VI, pp. 484 - 487.

te onderskep en sonder geweld die vee af te vat, maar so nie, kon hy tot by die kraal hulle agtervolg en met mooi woorde die doel te bereik; daarop moes hy aan die landdros van die gebeurde rapport doen. Rondloop Kaffers moes deur die veldkornette en ingesetene voorgekoer word „zonder dezelve agter te mishandelen of honger te doen lyden." Om segregasie te kan toepas mog die burgers geen Kaffers in diens noem of hou nie. Die ingesetenes moes so naby hulle huise as moontlik, goeie veekrale oprig en onderhou. Beeste, perde en skape word voor sononder gekraal en gereeld getel. In die nag word wag gehou by die krale en bedags moes een gewapende „Christen" in die veld rondry om 'n oog oor die wagters te hou. „Behalven dit gewoon merken aan d' ooren, moet elk zyn vhee, op de hoornen of bouten en de paarden op de hooven met een yzer het merk van 't district inbranden." Dit kom verder hier op neer dat die grondslag van die beleid van Caledon, onder invloed van hierdie rapport, was „geen inmenging in kaffersake oor die Visrivier nie en uitdryf van alle kafferstropers wat onder die gevestigde ingesetenes mog ingesypel het. Maar ongelukkig was hierdie beleid te soetsappig om van blywende waarde te wees; die kaptoins het geskenke van Collins ontvang; net 'n veldkornet of assistentveldkornet meg 'n kommandotjie aanvoer en moes eers van die landdros bevele verkry word in alle gevalle, behalwe „Wanneer dezelven in 't steelen g' attrappeerd wierden en geen moglykheid gevonden word om dezelve te vangen."(1) Caledon het dit baie goed bedoel met sy planne en ook spoedig die fout ingesien om met barbare segkons te handel, maar moes aan sy opvolger 'n meer drastiese politiek oorlaat omdat hy op die punt staan om die land te verlaat. Die inwoners was bitter ontevrede en word by die dag meer ongeduldig. Om net rondlopers aan te val was nutteloos want al die stamme, met hul kapteintjies, was by die

(1) G.R. 9/71 op 27.2.09.

roweryo betrokke. Dit baat nie om die groot kapteins met geskenke te wil omkoop nie ten einde hul te beweeg die buit op te gee, hul krale anderkant die Visrivier te bou en deserteurs uit te lever nie; daar moet mag uitgeoefen word om die onwilliges tot hul plig te bring. Die siel van die kommandostelsel was om dadelik op te tree sonder om bevele van elders te bekom en dis juis hierin waar Majoor Cuyler en Landdros Stockenström gestrem word in hul pertinente optree. Hulle moes kwansuis eers met die kapteins in verband met diefstal onderhandel voor dat aksie geneem kon word. Op 4 Julie skrywe Majoor Cuyler aan die Koloniale Sekretaris om aan te dring op meer drastiese optree teen die oortreders en wys op die gevaar dat die koloniste heeltemal van hulle onsimpatieke regering vervreem kon word. Geen wonder dat Caledon, kort voor sy vertrek, moes toestem tot die stuur van 'n groot kommando om moordenaars te straf en vee terug te haal. Dit was maar weer 'n halwe maatreël want die bevele was dat slege wanneer die Kaffers aanval, daar van geweld sprake kon wees. „The movement was to be a display of force rather than its exercise, and its ends were to be attained without recourse to open warfare."(1)

Die grensbewoners het dus reikhalsend uit gesien na die koms van die nuwe goewerneur in September van 1811. Gedurende die eerste drie maande van hierdie jaar was daar 39 roweryo gepleeg met die verlies van 1205 perde en beeste. Twee boere en ses Hottentotte was in die tyd vermoor; diefstalle vind helder oordag plaas; plase word die een na die ander verlaat; Slambie was hoog voldaan met die swak regering en antwoord deur sy krale by Commadagga te bou; vir die Britse soldate het die Kaffers geen respek nie want hul doen niks onder die grootste provokasie en ly self g'n skade nie. Die burgers was onder hierdie benarde omstandighede voortdurend in die

(1) Cory, I, p. 254.

veld om gesteelde vee op te spoor met agterlaat van hulle gesinne op eensame plaas om hulpeloos die gevare te trotseer. Cradock het baie ondervinding gehad van onderdrukking van rebellies in Indië en Ierland en, hoewel hy ook eers geneig was om versoenend op te treë, het hy gou ingesien dat hier beslis en vinnig teen die vyande opgetree moes word. Hy kondig dadelik krygswet af in die grensdistrikte en magtig Landdros Stockenström en Cuyler om die burgers tot die stryd op te roep; hy benoem Luit.-Kol. Graham tot kommissaris vir siviele en militêre sake binne die drosdye van Graaffreinet, George en Uitenhage en ook as opperbevelhebber van al die vegtende eenhede. Oor die militêre karakter van die kommando's in hierdie tye word in 'n aparte hoofstuk by 'n later geleentheid uitgewei. Ons volstaan deur te konstateer dat van nou af die offisiere meesal die kommando's aanvoer en die ou vorm van burgerleiding noodwendig 'n end neem. Cradock se beleid word as volg saamgevat in sy eie woorde: „that by fair means you were to attempt to induce them to proceed out of the Boundaries, if they refuse, to drive their cattle, seize their chiefs and force them and in case of forceable resistance that then you should proceed to the last extremity of death."(1) Verder moes Stockenström en Cuyler darem seker maak watter regte die kolonisie oor die land tot aan die Visrivier besit; hulle moes met Gaika mooi werk, hom met geskenke oorlaai en hom beskerming aanbied, indien hy so gaaf wil wees om sy onderdane oor die Visrivier terug te roep. Cradock vra die landdroste origens om na goedvinde te handel en spraak sy volle vertroue in hulle uit.(2) Cradock wou die Suurveld weer bewoonbaar maak en gee opdrag dat Kaffers oor die grense agtervolg mag word „visiting upon their kraals the injuries equivalent to what they may have inflicted upon the Colonists, I feel a perfect confidence

(1) G.R. 8/2. Cradock - Stockenström en Cuyler, 28.9.11.
(2) Ibidem.

that I adopt the only system that will give a reasonable hope of ultimate security to the Inhabitants of the remote Districts..."(1) So praat hierdie goeverneur nadat hy aangeval was deur die vyande van die kolonisto en sy veldtog afgeloop was.

2. Mobilisasie van die Burgers.

In Aug. 1911 word die eerste stappe geneem om die nodige burgermagte vir die veldtog te mobiliseer. Op eg demokratiese wyse skrywe Cuyler aan Stockenström, landdros van Graaffreinet, vir sy opinie oor die geskikste tyd om op te trek en hoeveel manskappe hy noodsaaklik ag. Die naderende oestyd verg dat daar spoedig gehandel word; ook word met die landdroste van die ander distrikte oorleg gepleeg.(2)

Die Swellendammers word aangesê deur hulle respektiewe veldkornette om op 1 November by die drosdy present te wees; uit die getal sal dan die geskiksto manskappe gekies word om die kommando na Uitenhage mee te maak en hulle word daarby spesiaal gevra om so veel meel as moontlik saam te bring daar hierdie artikel op Uitenhage skaars is. Min of meer 200 man uit elke distrik word vereis.(3)

'n Kommando van 203 weerbare manne, onder bevel van veldkornette Nel en Pienaar, uit die distrik Tulbagh was die eerste onderweg na Uitenhage. Die Landdros praat met groot lof van hierdie twee offisiere „als zeer belydzaam en ervaren tot het bestieren van zoortgelyke kommando's waarvoor den goeden uitslag en vereischte voorzigtigheid meestertyds aan verkregen ondervindingen kan worden toegeschreven;"(4) die landdros vra dat die goeverneur hulle tot veldkommandant moet verhef. Hoewel van der Graaff die vereiste kwota manskappe gelewer het, voel hy nogtans bedruk oor die gevare in die Noordwesto waar 'n aantal Kaffers hulle aan die Zakrivier

(1) Roc. of CC. Vol. 9, p. 286. Memorandum van Cradock 19.12.13.
(2) G.R. 11/29. 7.8.11 en 26.9.11. Cuyler - Stockenström.
(3) Sw. Arg. 14/4. Sirkulêre aan veldkornette. 21.10.11.
(4) Worc. Arg. 17/1. V.d. Graaff - Cradock, Opperbevelhebber, 15.11.11.

gevestig het; daarby kom nog die feit dat die boosvig, Afrikaander, op die limiete van Namakwaland en die Hantam gevrees word om sy verskyning te maak. Hy wou dus nie die grense daar ontbloot nie en vra dat Stellenbosch vir hom 100 man moet lever om die noordwestelike grense te beveilig. 'n Kommando Roggevelders en Stellenbossers, onder bevel van Kommandant Jacobus Nel, was belas met die taak om die grense „zoer naauw" te bewaak en toe te sien „dat de Caffers niet over de grensen komen, nog dat zy eenige zamenrottingen maken, maar deselve indien zy niet goedwillig terugkeeren, met den kogel daartoe dwingen.....en niet toelaten dat de Caffers een enkel voetstap overkomen, maar u geheel district daarvan zuiver houden."(1) Die kommando's moes dus op twee fronte die wag hou en orde handhaaf.

Die veldkornette van Tulbagh word spesiaal versoek om geen wagens saam te bring nie, d.w.s. verder as die drosdy Tulbagh nie, „dewyl er in voorige commando's opgemerkt is, dat de wagens by dezelve veel verzuim en ongemak veroorzaakt hebben en eene groot gedeelte Ingezetenen tot bescherming derzelve van node zyn."(2) Die gebruik was om <u>een</u> wa vir elke vyf man toe te laat. In die kommandeerbrief word vermeld dat die gekommandeerde manskappe voorsien moes wees van die nodige wapens en „behoorlyke Leevensmiddelen voor twee maanden."(3) In die volgende jaar was daar nog 'n groot gebrek aan gewere en word die Stellenbossers as volg aangespreek met die mobilisasie van manskappe: Julle moet julle eie gewere saambring as julle nie gestraf wil word nie. As iemand deur armoede nie instaat is sy eie geweer te koop nie, moet hy dit op 'n vriendelike wyse van andere ingesetenes probeer bekom, al is dit ook op 'n slinkse manier. Die veldkornette word beveel om veral in die streke, waar min mense gekommandeer is, enige

---

(1) Worc. Arg. 17/5. V.d. Graaff - Veldkornet Jac. Nel. 26.10.11. Stellenbosch Arg. 152, Ink. Dr. Bird - v.d. Riet 30.10.11. Worc. Arg. 17/1. V.d. Graaff - Cuyler, 26.10.11.
(2) Worc. Arg. 12/4. Cuyler - v.d. Graaff, 15.10.11.
(3) Worc. Arg. 17/5, Sirkulêre aan Vk. te Tulbagh. 26.10.11.

middel te beproef en „geweeren te leenen tot 't commando zo veel of zo wynig, dit ook zyn mogte onder belofte dat hun dit wedor zullen werden bezorgd, anders weet ik waarachtig geen middel, om aan geweeren te komen.... de ordre die de manschappen orlangen om hunne geweeren moede te brengen, moet serieus zyn..."(1)

In die eerste jaar van die oorlog het Graaffreinet en Stellenbosch hulle deel manskappe gelewer, so ver dit die 100 man betref wat aangesê was om Tulbagh in die Noordweste te steun. In April 1812 was Stellenbosch weer aan die beurt en die slag om deel te neem aan die oorlog op die Oosgrens. Deurtastende voorbereidsels vir die stuur van 150 man word nou getref. Hulle sou wagstaan op die grense vir drie maande, die heen en weer reis nie bygetel nie. Hulle werk sal net wees om toe te sien dat die Kaffers nie oor die grens kom nie; met die verstryk van die tydperk sal hulle deur die Tulbagh en Swellendam afdelings afgelos word. Die kommando kom te staan onder bevel van veldkommandant D. Malan. Die reëls word aan Malan voorgelees en hy ontvang 'n lys van waens, 3,925 Rd. in kontante en word beveel om so gou moontlik te vertrek. Malan vra dat „uyt Hoofde van den Swaren dienst" 'n offisier benoem word om hom by te staan, want hy is 'n man van 55 jaar „wien het bestier van het Commando niet toelaat, om altoos den dienst op zyne beurt, zo actiev waar te neeme..."(2) Die veldkornette moes gou speel met alle onwilliges wat nie binne 48 uur met perd, saal en toom en ander uitrusting ter drosdye verskyn nie; hulle moes onder arres van veldkornet tot veldkornet na die drosdy vervoer word.

Kommandant Malan verhaal verder van die vriendelike ontvangs wat deur Kolonel Graham en Landdros Cuyler te Uitenhage

(1) Stellenbosch Arg. Resolution 30. 11.4.12.
(2) Stellenbosch Arg. Resolutien No. 30. 26.4.12.

vir hulle voorberoi was „ook heb ek, ...gisteren Middag het verjaardag van den Koning van Engeland, by de Majoor Landdrost... vrolyk en Lustig gevierd, het gaan de andere burgers in den Camp ook gedaan hebben, want den Luytenant Colonel heeft de goedhyd gehad hun allen fransche Brandewyn tot den Eynde te verschaffen."(1)

Net soos by vorige geleenthede het ook nou baie persone met allerlei verskonings en uitvluggies probeer om hulle verpligtings op andere af te skuif en daardeur die laste van hulle medeburgers verswaar. Gewoonlik word 'n mediese sertifikaat ingelewer wat die liggaamlike ongeskiktheid aandui; as 'n mens wil sien hoe swak 'n volk is moet jy net die lang reeks van doktersertifikate naslaan wat in oorlogstye by die overheid ingelewer word. Die volgende verskonings was goredelik in aanmerking geneem: diegene wat reeds familie op kommando het en wie se ouers tot die koste van die vorige kommando bygedra het; diegene wie se ouers hulle hoegenaamd nie kan mis nie of wat „reeds huwelyken stonden aan te gaan"; A. Faure wat vir studie oorsee sou gaan word ook vrygestel. Verder hoef ene Neethling nie te gaan nie omdat hy 'n groot gesin het, die vrou sieklik is, hy sy wyn na Kaap moes transporteer en boonop Heemraad was en dus nou onder 'n mindere offisier sou moes diens doen.(2) H.L. Neethling vra vrystelling van persoonlike diens in 'n brief aan die Landdros en Heemrade gerig. Hy vertel dat hy 23 slawe deur sterfte verloor het en het nie geld om meer te koop nie; hy vind dit moeilik om 'n bestaan op 'n wynplaas te maak; sy vrou is sieklik en sit met 'n talryke kroos; „ek ly aan Padogra en Graveel.... terwyl eyndelyk duyzelligheid, waar ik door corpulentie en volbloedigheid onderheevig ben, my belet in de son verre te paard te ryden, en my in gevaar stelt om

(1) Kommando Papieren 726. Malan - van der Riet. 5.6.12.
(2) Stellenbosch Arg. Res. No. 31. 28.9.12.

door een beroerte om 't leeven te geraakon." (1) Die brief word behandel maar sonder 'n dokter se sertifikaat kon die saak nie afgehandel word nie. P.E. Hauman is bereid 200 Rd. vir elke kommando by te dra as sy seun, wat onmisbaar is, vrygestel kon word. Petrus Naude, 'n skoenmaker, werk by die jaar, kan hom nie self uitrus nie en woon by 'n arm weduwee. Alboi verskonings word van die hand gewys. (2) Die vrou van Andries Burgers is selfs bereid om haar ou man van 74 jaar in die plek van haar seun af te staan, maar haar aanbod word van die hand gewys omdat „geen reguard mag worden geslagen." (3) Andries Kellet van Paarl vra eksempsie want hy is die enigste getroude man wat vir kommando gekies was en daarby het hy 'n gesin van ag kinders wat van sy handwerk as skrynwerker moet lewe; sy vrou en kinders sal in die grootste ellende gedompel word as hy moet gaan. (4) Georg Kramer (seker 'n lid van 'n vreemde ras. Skryver) wou vrystelling hê omdat hy kwansuis nog maar ses maande in die wyk woon. Die veldkornet is boos oor hierdie versoek van 'n man wat self nog jonk is en sy ambag onder die beskerming van andere kan voortsit. „dus is het zeer billyk, de ordinaire lasten van dit district naast zyne mede burgeren te moeten dragen..... Een ander man in zyn plaats te commanderen kan en zal ik niet doen, want ik gevoel my zelve geen abuys te hebbe gemaakt, dus is er geen ander redres op als hem Johan Georg Kramer het commando te doen volgen..." (5) Mevr. Nieheus (geb. du Plessis) vra dat haar man van diens vrygestel word daar hy „nog geduurig met ziekelykheid is laboreerende, en ek nog met Drie Klyne Kinderen blyven zitten..." Sy vertel dat haar enigste seun met smidswerk die huis aan die gang moet hou en daarby het hy 'n huis gekoop waarop hy jaarliks 240 rd. aan rente moet betaal en sluit af met 'n

---

(1) ibidem.
(2) ibidem.
(3) Worcester Arg. 17/1. V. d. Graaff - Cradock. 24.12.11.
(4) Stellenbosch Arg. 153. Ink. Br. 9.11.11.
(5) Worc. Arg. 17/4. Denysen - v.d. Graaff. 18.10.12.

hartroerende pleidooi dat die landdros oor haar hom moet ontferm.(1) Die landdroste dreig met tronkstraf as die veieraars nie ingee en op die bepaalde tyd op die aangewese bymekaarkomplek verskyn nie; daar sal nie na die persoon omgekyk word nie en almal sal „ten strengste" gestraf word; die bevel is ernstig en geen verskoning hoegenaamd sal aangenoem word nie.(2) Toe daar deur een van die voorgaandes teen die optree van die landdros beswaar gemaak word, word die beswaar deur die regering in die volgende woorde van die hand gewys: „By the Parent Law of necessity every State has a right to call for the personal services of every Individual against the Common Enemy."(3) Haar genoeg omtrent verskonings waarvan die lys baie lank is.

3. Mobilisasie van Voorrade.

Ook in hierdie veelbewoë tye was die waarde gevoel om die tuisfront goed te organiseer sodat die manskap aan die grense geen rede tot klag mag hê nie. Daar word by wyse van 'n goewerments Proklamasie bekend gemaak dat „alle gevorderde bystand met alle bereidwilligheid en moeston spoed ten uitvoer te brengen."(4) Dit was die plig van die landdros om toe te sien dat almal gehoor gee en help om die operasies teen die Kaffers sonder hindernisse uit te voer en „dat het voorz commando op den duur genoegzaam van provient is, of verde, voorzien, en volstrekt geen gebrek kan lyden..." 'n Opgawe word daarom gevra van elke boer om te sê hoeveel gars, koring of rog hy gewen het en hoeveel hiervan vir saad of ook gebruik hy sou nodig hê. Die veldkornette moet sorg dat die balans baie gou in die regering se magasyne opgestapel word. Vir elke vrag van 10 mud se vervoer word 40 rd. per skof van 'n dag of 'n nag, betaal en nog 2½ rd. per

(1) Stb. Arg. Ink. Br. 153. 10.4.12.
(2) Worc. Arg. 13/5. V.d. Graaff - Tulbagh veldkornette 26.10.11.
(3) Worc. Arg. 11/2. Foster - v.d. Graaff 2.11.12.
(4) GR. Arg. 14/4. Proklamasie 7.2.12.

skof verder aan. As die boer ongehoorsaam is word die graan eenvoudig gekonfiskeer met boonop 'n boete of selfs „Lighamelyke Straffe" na bevind van sake. Die kennisgewings word onder die boere rondgestuur en almal word gevra om die te onderteken.(1)

Die veldkornette word ook gevra om lyste in hulle wyke te sirkuleer om te sien hoeveel elkeen wil gee aan „Contanten." Hieruit moet dan later die nodige vir verblyf en vir die reis aangekoop word. So was daar vir die Stellenbosse kommando gekollekteer die som van 4,629 rds. en die gelde word dan aan die kommandant ter hand gestel en moes hy onder eed verklaar „dat de door ons gedaane Uitgaaven tot geene andere eind dan ten dienste van het Commando hebben gestrekt."(2) Uit respektiewe veldkornetskappe was daar o.a. 21 persone wat tesame die mooi som van 12,935 rds. 7sk. as kontribusie vir 'n kommando gegee het.(3) Baie mense het liewers geld gegee as om van hulle trekosse, bediendes of waens af te staan. Die kontantgelde was ongetwyfeld nie voldoende om aan al die vereistes van die kommando op mars te voldoen nie. Daarom word bewyse vir gekommandeerde of geleverde goedere deur die kommandant gegee, waarvan die volgende 'n model is: „Ik ondergeteekende bekenne wel en deugdelyk schuldig te zyn, aan de Heer Jan Gysbert du Preez de Somma van Drie Honderd Ryksdaalders 48 Stuyvers ieder, voor Tien trekossen, voor den Tryn. Beloove en neemt aan voorm: Somma van Rds. 300 aan gezegde Heer du Preez op ordre met myn retour van onder, op Stellenbosch zullen betaalen onder verband van myn Persoon en goederen als na Recht. Als Borgen P. Krige en P. Retief (get.) D. Malan Commandant, Kromhoksrivier den 8 May 1812".(4) Selfs die Hottentotte en basters het nie op hulle laat wag

(1) GR. Arg. 14/4. Proklamasie 7.2.12.
(2) Stb. Arg. Bylagen 86.
(3) Stb. Arg. Bylagen 88.
(4) Stb. Arg. Ink. Br. 155.

nie en ook hulle bydrae gestort vir uitrusting van kommando's. So byvoorbeeld gee 31 Hottentotte elk 1 rd. tot 80 rd. per persoon.(1) Daar was vrywillige lyste, maar ook verpligte lyste waarop niemand die reg gehad het om 'n bydrae te weier nie.

Die kontantgelde was veral benodig vir die kommando op pad. 'n Vertroubare persoon word benoem as „Commissaris" onder wie se toesig alles staan en wat die kontante beheer en verslag moes goe met bewysstukke as die kommando tuiskom. Een van die kommando's het op sy reis na die grense die volgende artikels aangekoop, of ander onkoste gemaak: meel, brood, sout, hamels, sweepstok, houtbore, kruit, betaling vir pontonkoste, bak van brood, huur van 'n skaapwagter, doen van smidswerk. In die bylaes kom voor die name van 60 persone wat geld ontvang het met bewyse geskrywe op klein vodjies papier; hierdie bewysies word eers later voldaan gemaak sonder die opplak van 'n seël.(2)

Waens en andere goedere word aan die kommandante onder inventaris oorhandig en hulle word vir die veilige terugbesorging verantwoordelik gehou. Die kommissaris ry voor die kommando uit om inkopies vir die burgers te maak. Voor dat die kamp verlaat word moes die kommandant eers alle rekenings vereffen. Elke manskap kry 'n ½ pd. brood en 1½ pd. vleis per dag en die Hottentotte kry na „convenientie", maar die base moes vir hulle bediendes se kos self instaan. Op die waens word net die allernodigste goedere gelaai en geen negosie word geperniteer en ook geen private waens nie.(3) 'n Klompie jongelinge, wat gekommandeer was, het die lofwaardige voorbeeld gesit deur self 'n wa volledig op hulle eie koste uit te rus.(4) Daar was in daardie dae geen regerings-

(1) Stb. Arg. Ink. Br. 155.
(2) Stellenbosch Arg. Ink. Br. 155.
(3) Stellenbosch Arg. Res. 30. Ordre van 23.9.12.
(4) Stellenbosch Arg. Ink. Br. 152. 29.11.11.

vervoermiddels of 'n behoorlike kommissariat gewees nie. Vir alle moontlike benodighede, van af 'n potlepel tot 'n perd of wa, moes van die burgers op een of ander wyse verkry word. Die veldkornette kry 'n lys van benodighede van sy landdros en hy moes toesien dat die vereiste goedere binne 'n seker tyd op die drosdy geleewer word. In hoever die verantwoordelikheid van gekommandeerde manskappe, om hulle eie voorrade te verskaf, gestrek het, blyk uit die volgende brief van Majoor Cuyler as antwoord op die versoek van ene Grobbelaar om uitbetaling van onkoste deur hom gemaak vir die Graaffreinet burgers wat by hom in 1810 gestasioneer was - „It has always been customary for the farmers going on Commando to take their provisions with them... that he cannot think of authorising a charge to be made against either the Colonial Government, or the Treasury of Uitenhage on this account..."(1)

Die laste vir die burgers langs die roete was uiters drukkend gewees en meer was van hulle geëis as van enig ander deel van die gemeenskap. Hulle word gelas om die reisigers in diens van die regering van feitlik alle benodighede te voorsien en durf vir losies nie meer vra as twee skelling per dag nie. Hierdie som sluit in voer vir die perd, voedsel brandhout en kerse; vir 'n man met sy perd was dit 4 skelling per dag. Selfs met hierdie tarief was die regering nie tevrede nie maar gee opdrag om die mense op 'n nog laer tarief ingekwartier te kry.(2) Geen wonder dus dat die burgers langs die roete oor die ongelyke druk van die laste gekla het nie. Hulle sê dat dit hulle swaar val om te sien watter onreg daar in hierdie opsig gepleeg word „daar alle hunne nabuuren die bezyden deeze route, woonen, zo ter regter als ter slinker zyde, nooyt tot deeze diensten, worden gecommandeerd..." Die Kollege besluit daarop om lyste te maak sodat almal beurts-

(1) GR. Arg. 11/29. Cuyler - Landdr. van GR. 3.4.11; ibid. 9.6.11.
(2) GR. Arg. 9/71. Hill - Schonfeldt. 28.9.10.

gewys 'n kans kry om iets vir hulle land te kan opoffer.[4] Die veldkornette kry opdrag om te sôre dat elke veldkornetskap minstens een wa met span osse vir die kommando lewer, maar die koringboere in elke veldkornetskap was verplig om twee waens met spanne, drywers, leiers, ens. uit te rus. Die veldkornet sal sôre dat uit sy wyk genoeg beskuit gebak word en ook twee mud fynmeel meegaan. Daar by word nog gevra 15 potte, 15 groot lepels, 15 groot vurke, ook die nodige „kapmessen" en „schaal en balans om alles uyt te weegen"; daar is 10 huishoudings van 15 man elk sodat alles in gelyke getalle verskaf moes word.[1] Daar was ook weer, soos gewoonlik, Hottentotte en basters gekommandeer om op kommando te gaan, en Janse van Ronsburg verhaal hoe dat daar geen Hottentot in sy distrik oor is om met die plaaswerk te help nie: „U Ed. kan begrypen hoe Elindig dat het hier gestold is daar zyn mannen by die geen haar van volk heeft die met een vrouw en haarly kinderen alleen sit die self agter haarly vee heef moete gaan en de gesday staat ook ryp heeft sulle alles so moete laate, en de onbekwaame mensche heef alle zwaare onkoste gedaan om de commando uyt te ruste en boven dien is het ten hoogste noodig dat die menschen die te huys zyn de andere zyn gesaay sal moete af snydo,..."[2] Die veldkornet noem dan die feit dat 39 burgers, 14 Hottentotte, 5 ossewaens, 58 trekosse, 34 mud meel, 17 slagosse en 6 ryperde uit sy wyk vir kommandodiens verzamel is. Ved. Daniel Erasmus klo dat haar enigste seun en Hottentot opgekommandeer was en ten gevolge is al die gesaaide hawer op die land uitgeval en lê vermors.[3]

Juffrou Frans de Wit wou o.a. nie 'n saal vir die kommando afstaan nie want sy is oud en ry met haar wa en nie - teperd nie en beweer dat die rykes nie soveel as sy gee nie. Sy herinner die landdros daaraan dat die Bybel sê dat die

(1) Stb. Arg. Res. 30. 3.4.12.
(2) Sw. Arg. 10/3. Dagregisters 3.12.11.
(3) Sw. Arg. 10/3. 1811.
(4) Stb. Arg. Res. 29. 13.11.09.

wees en die weduwee in hulle verdrukking besoek moet word en dat sy haarself troos uit Rom. 12 wat leer dat die mens hom nie self moet wreek nie en dit aan God oor te laat. „de Heere weet wel, dat een WDW geagt wort, hier in deese wêreld, als een vuil dat aan de Uytgang der deurgelegt wort, daar een Eyder de voet aan veeg, alle menschen die ik op Stellenbosch gesprooken heeft, is seer verwondert dat ik soo veel geeve moet,... menschen die my uyt koope kan geef minder als ik." Behalve die saal was ook ander dinge van haar geëis. Sy dreig om uit die kontrij weg te trek „want de seegen des Heere wort my in dit gewisten niet gegund."(1)

4. Die Veldtog, Patrollies en Wegposte.

Toe Caledon die land verlaat het hy aan sy opvolger 'n meer drastiese optree teen die Kaffers aanbeveel. Cradock wou ook nog eers weifelend optree maar, na die ontvangs van Majoor Cuyler en Landdros Stockenstrom se rapporte, het hy die bul by die horings gegryp en daadwerklik gehandel. Daar was in Oktober 1811 reeds een derde van die beskikbare burgers met

---

Nota: Hier volg 'n lys van gekommandeerde goedere vir die kommando: perde, osse, bokke, skape, waens, tente, disselbome, swepstokke, jukke, stroppe, remskoene, teerputse, remkettings, trektoue, sakke, lepels, vurke, messe, geweers, kruit en lood, potte, tentmatte, trommels, blikborde, bekers, blakers, skottels, kokkedels, peper, suiker, gemaalde koffie, rys, tee, papier, vuurslae en tondeldose, buskruit, meel, sout, grafies, brode, koring, vaatjies botter, vleis, touwerk ens. (Stb. Arg.: Ink. Br.; Bylagen; Resolution.)
Nota: Voorbeelde van reparasies waarvoor betaal geword is: 1 agterwiel band verkort ens. 5 rd. 4 sk.; 1 nuwe remkotting 12 rd.; 2 nuwe stootskene 1rd.; 1 nuwe langwabout 1 rd.; 1 skamelplaat vermaak met nuwe spykers 1 rd.; 2 stropbande op die agteras opges aan en verkort 1 rd.; 2 skamelbande verkort ens. 4 sk.; boute met nuwe speie 6 sk.; 1 langwa en stuk aangewys 6 sk.; 2 arms aan voortang gereparaeert met nuwe spykers 4 sk.; 2 plate aan die voortang gereparaeert met nuwe spykers 4 sk.; 1 nuwe bout voor aan die disselboom 4 Sk.; 1 speï aan langwabout en vellings geteerd 6 sk.; 1 voorwielband verkort 4 sk.; (Rekening aan Ulkers verskuldig Stb. Arg. Bylagen 85). Haak van tent en bamboesriemo; juk met skeie met haak en kramme; 2 skene gekort en geklink; stropbande gekort en opgeslaan; draaibordplaat opgeslaan met nuwe spykers; (Stb. Arg. Bylagen 85; Stb. Arg. Ink. Br. 154).
(1) Stb. Arg. Ink. Br. 153. 16.4.12.

gedurige patrolliewerk in die veld. Die getal soldate op die grense was net 1033 en toe die stryd verby was, het hul getal skaars met 54 vermoerder. Dit toon duidelik aan dat die spit weer vir die soveelste maal deur die burgers sou moet afgebyt word. Die hele gebied tussen die Gamtoosrivier en die Visrivier was in hande van die Kaffers en van hier uit moes die kommando's nou die vyand verdrywe. Slambie en 'n groot aantal kleinere kapteins het oor die grense ingesypel en orals vir hulle krale gebou of in die bosse skuil gehou. Die opperbevelhebber, Kolonel Graham, was 'n baie bekwame offisier en het uitgebreide maatreëls getref om hierdie veldtog baie gou tot 'n suksesvolle einde te voer. In December was die burgers uit die verskillende distrikte op hulle bestende plekke gevoes en word teen die Kaffers in drie afdelings opgetrek. In die middel was Kolonel Fraser in bevel, aan die regterflank Majoor Cuyler en aan die linkerflank Landdros Stockenström. Ongelukkig word Stockenström met 18 man op verraderlike wyse om die lewe gebring. Op 3 Januarie 1812 word die Adoobos deur ses partye van 60 burgers en 20 Hottentotte elk van verskillende kant bestorm. Binne vyf dae was die vyand verslaan en 2500 grootvee gebuit; Cungwa en 12 Kaffers word gedood; Slambie vlug oor die Visrivier en was die land tot aan die Visrivier in een veldtog van twee maande skoongeveeg. „And the lesson which the Kaffirs learnt on this occasion, namely that they could be dislodged from their most secluded glens and woody fastnesses, was far more wholesome for them than tons of beads and buttons."(1)

Ongeveer 800 burgers en 1252 soldate het aan die veldtog meegedoen; die Britse troepe het meesal die buiteposte besoek gehou ~~en~~ as steunpunte ~~gedien~~. Hutte was aan die brand gestoek deur die kommando's en ook het 'n aantal vroue en kinders van

(1) Cory I, p. 246.

die Kaffers in hande van die kommando geval. Die veldtog was pas afgeloop of weer word baie versoenend opgetree in die hoop om die vyand tot beter insigte te beweeg. 'n Deel van die vee word teruggegee, die gevangenes word losgelaat en saadkoring agterna gestuur. Die orige vee word onder die mense verdeel wat verliese gely het. Die Swellendam kommando onder veldkommandant Linde, die George kommando onder veldkommandant Botha, die Uitenhage kommando onder veldkommandant Stolz en die Graaffreinetters onder Landdros Stockenström het hulle almal baie dapper gedra.

By vorige geleenthede, toe 'n algemene mobilisasie van burgers vir kommandodiens plaasgevind het, word die kommando's so gou as kan weer afgedank en huis-toe gestuur; hierdie slag egter het die gevaar bly voortbestaan en moes kleine kommando's beurtgewys na die grense trek om die diensdoende burgers op patrolliediens en die drie maande af te los. Cradock was die eerste goeverneur wat met wagposte en gereelde patrollies probeer het om 'n vaste oplossing van die moeilikhede daar te stel. Deurs deur die jaar was die landdroste besig om rekrute te stuur om die plekke wat oopval weer aan te vul; aan almal word voorgehou die private en publieke belang wat deur hierdie opofferings bewerkstellig word en daar word op gewys watter groot onkoste reeds van regeringswêë gemaak is om die militêre- of wagposte in stand te hou. 'n ander deel met die poste was om aan die Kaffers voor te hou die voordeel om hulle landerye te bebou „en dus doende een communicatie van handel met de Ingezeetenen werden geopend; en de vrede daar gesteld." Met die Hoemrede is ooreengekom hoe die beurte vir aflossing sou werk „om in deese op de meest onpartydige wyze te handelen, uyt de opgaafrollen had deen formeeren een lyst van alle eenlopende persoonen boven de zestien en onder de veertig jaaren..."(1)

(1) Stb. Arg. Res. 31. 28.9.12.

Toe die stryd in 1811 aangeknoop word het die soldate meesal wag gehou by sekere vaste steunpunte; hulle moes die plase help beskerm en die hoofmag van die kommando alle moontlike steun verleen; verder moes hulle die verbinding oophou, Kaffers agtervolg wat oor die grense kom en gereeld patrolliedienst verrig.(1) Toe die kampanjie byna afgeloop was is 'n begin gemaak met die stigting van 'n hele reeks wagposte wat hoofsaaklik deur burgers beset word; tussen hierdie poste moes dag na dag gepatrolleer word om die grense vir 'n baie lang tyd teen kafferaanvalle te beskerm. Grahamstad word gestig en vorm die hartaar van tien wagposte aan die grense. Die poste sou dien om 'n vaste verbinding met die binneland en as vastrapplekke vir die garnisoen of patrollies wat daar moes optree; hierdie patrollies sou daar bly tot dat die uitgedrewene kafferhordes 'n vaste verblyf sou gekies het en hulle nie verder na hulle ou woonplekke kon terugkeer nie. Uit Stellenbosch was 150 nodig vir 'n tydperk van drie maande, maar Graaffreinet en Uitenhage se burgers kon nie gemis word nie en moes gereeld diens verrig; hulle was twee maande op wag en daarna weer vier maande tuis. Die hoogste gesag was geplaas in hande van die offisiere van die militêremag aldaar. Op drie plekke moes die Graaffreinetters, tien man elk, optree onder bevel van Kaptein Wallace; een derde van die manne was ~~gekleurd~~ kleurlinge gewees. Die kommandant van die burgermagte moes 'n bekwame man wees, gereeld die wagte aflos en sy bevele en ammunisie ontvang van hierdie hoë offisier.(2) By Roosberg word 'n spesiale wag van 12 man geplaas wat veral moes kyk dat die Kaffers nie „swerwe" nie; vier van hulle doen patrolliedienst terwyl die res by die pos die waghou; die patrollie se vernaamste werk was om Kaffers op te pik en na die drosdy op te stuur.(3) Kaptein Wallace voer bevel oor tien stasies of poste, en was as senior offisier te Bruintjeshoogte

(1) C.O. 78. Lett. Rec. Graham - Lt.-Col. Raynell 21.11.11.
(2) GR. 9/68. Graham - Mare 16.6.12; Cory, I, p. 266.
(3) GR. 16/2. Landdr. van Gr. - Smit 16.1.12.

gestasioneer om toe te sien dat die manskappe om die twee maande afgelos word, om rapporte van die kommandante te ontvang en die aankoms en vertrek van die manskappe te reel. By elke pos was daar tien man behalve in een geval waar daar 30 en op nog 'n ander waar daar 5 was.(1) Cradock het 'n hoë dunk van hierdie poste gekoester en skryf aan landdros van der Graaff dat die poste en dorpies, wat hy gestig het, „will convince the Caffres that their Interests are peace and good understanding with the Colonists, and that those People will gradually settle to the peaceful cultivation of their soil the Richest in the Colony."(2) Tog was die politiek van Cradock nie 'n sukses nie; in 1813 was daar 'n groot diefstal van vee en selfs in 1815 was die burgers van Graaffreinet en Uitenhage nog in die veld om poste te bewaak, patrolliedienst te verrig en stropers op te spoor. Die Kaffers vermy 'n oop breuk met die Kolonie maar kom oor die grense in klein partye; geen wonder dat die poste opgehef en die patrollies afgeskaf word nie. Agter die wagposte word plasies aan setlaars uitgegee in ewig erfpag „mits dat zulke Landeryen zoo naby het kantonment en zoo naby elkander gelegen zyn, dat de Houders (die verbanden zullen zyn op dezelve te resideren) elkander in geval van inval der Kaffers, bystand zullen kunnen bieden, of onder beschorming van bovengem. Krygsmagt zullen zyn, welke aldaar ter hunner beschorming zal worden gestasioneerd."(3) Hierdie plan van Cradock was 'n voorloper van die latere 1820 Setlaarskema, maar was gedoemd tot mislukking omdat kolonisasie, in watter vorm ookal, gerugsteund moes word deur 'n sterk en permanente militêre mag en die was daar nie te spaar nie. Die plan om veeboere - die kuddes was vir die Kaffers 'n lokaas gewees - van die onmiddellike grens op die wyse te verwyder, was baie gaaf gewees. Die skatkis was leeg, die troepemag gering, en toe begin die filantrope ook

---

(1) GR. 9/68. Lys van poste deur Lyster genoem op 10.10.12.
(2) Worc. Arg. 11/2. C.O. - v.d. Graaff 23.9.12.
(3) Pretoria Arg. Prokl. 1806 - 1825. Cradock se Prokl. 2.4.12.

weer vir Cradock 'n stok in die wiel steek met die gevolg dat die Sekretaris van Staat opdrag gee dat 'n deel van die veroverde gebied aan die Kaffers teruggegee moet word. Tevergeefs veroordeel Cradock hierdie wisseling van beleid; hy was eenvoudig te swak om teen die Koloniale Kantoor in London, gerugsteun deur filantrope, iets uit te rig. Toe Cradock merk dat sy oorlog met die nasleep van posto en patrollies tog nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy probeer red wat daar te red was voor hy die land verlaat. Hy gee aan Kolonel Vicars bevel om baie hard op te tree: „that you will try to do something, as far as prudence will permit, that will prove to these savages and unceasing robbers that His Majesty's Government can no longer betrifled with" en hy sal nie toelaat dat die geluk en vooruitgang van die Oeslike Provinsie vernietig word nie.(1) In sy memorandum van 6 Des. 1813 pleit Cradock vir die toepas van sterk weerwraak teen die Kaffers sodat die skade wat ons hulle berokken baie groter sal wees as wat hulle strooptogte veroorsaak aan die Kolonisto. Hy erken self dat „No guard or vigilance can altogether avait or eludo the dexterous approach of these marauders."(2) Ook in Cradock se geval kan gesê word dat Suid-Afrika die begrafplaas is van politieke loopbane. Met eer beland het hy die land se kuste bereik, en toe hy in April 1814 die land verlaat, was hy 'n man met 'n gebroke loopbaan daar hy nie instaat geblyk om die kafferverraagstuk op die Oosgrens behoorlik op te los nie. Niteenstaande staan hy hoog aangeskrywe in die geskiedrolle van ons land as 'n man van durf en daad wat geen moeite gespaar het om die kolonisto se kant van die saak te begryp nie, en as iemand wat hom deur die wenke van plaaslike manne laat lei het in die uitvoering van sy planne.

---

(1) Cory, I, p. 279;
(2) Theal: Rec. of CC., Vol. 9, p. 275.

5. Die Burgers en die Kommandostelsel bly Hoog Langeskryve.

Hoe dat die militêre leiding al hoe meer by die kommando's op die voorgrond tree word op 'n ander plek behandel. Tenspyte van hierdie ingrypende verandering, wat dan ook geen verbetering in die algemeen was nie, het Cradock die burgers baie hoë lof toegewaai vir hulle dappere en opofferende prestasies gedurende 'n tydperk van kommando's wagposte en patrollies. Die Goewerneur noem die kommandostelsel „The true and constitutional defence of the Colony." Om die burgers te help om nie hulle plase te verwaarloos nie word, soos ons later breedvoeriger sal behandel, 'n Kommandotaks ingevoer „om de Ingezetenen van de Kaap en naderby gelegen Distrikten van gedurige afwisselende commando's vry te stellen;....het plan.. niet langer kan, noch zal doen voortduren, dan het aan alle de vereischt wordende gewigtige eindens zal bevonden worden wanneer de noodzakelykheid het mogt komen te vorderen, van dat alles zal worden afgezien, en wederom Toevlugt genomen zal worden tot de commandos, als uitmakende de eigenaardige en by de Wet bepaalde verdediging der Kolonie." (1) Cradock word tot hierdie proefneming gedeeltelik gedwing omdat daar baie harde kritiek op die kommando's se rol in hierdie oorlog uitgesprek was en hy moes skoorvoetend toegee om die permanente kommando's tydelik in die ban te doen. In plek van burgers sal voortaan die vergrote „Cape Regiment" optree as 'n konstante, mobiele en goedkope besettings leër vir die grense; hulle ken verder die kaffergewoontes en is dus vir bosgevegte uiters geskik.

Die Vierde Kafferoorlog val saam met die Swart Ommegang en ander filantropiese eskapades en dis daarom geen wonder dat dit weer die Hollandssprekende burger was wat onder die sweepslae van daardie nonse moes deurloop nie. (2) Burnburyt beweer dat die Kaffers by hierdie geleentheid op onregverdige

(1) History of South Africa (Anon) p. 255.
(2) Burnbury: Cape of Good Hope, Journal of a residence at the Cape no. 13.

wyse deur die burgerkommando's uit hulle die land verdryw is, land deur hulle bewoon en gekoop. Dis reeds deur die skrywer van hierdie verhandeling in 'n vorige hoofstuk bewys dat so 'n aantyging geen val of kant raak nie. Selfs Cradock, wat 'n reis na die grens onderneem het om o.a. klagtes van die nigroficle elemente te ondersoek, moes verklaar dat die burgers geen aggressie gepleeg het nie, maar dat die Kaffers self geblameer moes word vir die loesing ontvang.

'n Tweede aanklag teen die kommando's was die feit dat hulle nie die Kaffers eers tyd gegee het om die oeste in te samel nie.(1) Sodoende is die Kaffers beroof van hulle graan, groente en daardeur tot die bedelstaf en die hongerdood gedryw. Dis waar dat die burgers met opset hierdie tyd uitgekies het want dit was van oudsher die Kafferstamme se gewoonte om net te wag totdat hulle die oeste ingesamel het voordat hulle met hulle duivelswerk 'n aanveng maak. Dit was hier die geval van wie die eerste en die hardste kon slaan. Die tuine in hierdie streke het geen reg van bestaan gehad nie en dus was die kommando's geregtig om te handel soos hulle gedoen het. 'n Ander skrywer praat weer van die hardhandige optree en die straf van almal waar dit 'n oortreding van enkele was, „the duty of the commando was to destroy, to burn the habitations, and to seize the cattle; and they did their duty."(2) Sekerlik het hierdie skrywer nie verwag dat die burgers en militêre op die kommando's syhandskoene sou aantrek om die vyand mee te lyf te loop nie. Om die hele gemeenskap verantwoordelik te hou vir die sondes van enkele was so oud 'n gebruik soos die Kaapse Wapad en in ooreenstemming met Kaffergewoontes. Ook hierin was daar niks verkoerds gewees nie.

Nog 'n ander skrywer vind dit weer baie snaaks dat die Dragonders kastig nooit aangeval was nie maar juis net die burgers.(3) Hierdeur wil die skrywer natuurlik te kenne gee

(1) Burnbury: op. cit., p. 13. Journal of a Residence at the Cape
(2) Cowper: Four Years in South Africa, p. 75; Justus: The Wrongs of the Caffre Nation. p. 42.
(3) Kay: A Succint Statement of the Kaffer's Case etc. p. 25.

dat die burgers alleen, en nie die Britse soldaat, vir al die ergernisse verantwoordelik gehou moes word. Die Burgers was die veeboere; die Kaffers soek vee om te steel en vandaar uit die snaakse verskynsel dat die Dragonder nie veel to vrees gehad het nie.

Laat ons as antwoord op al hierdie klagtes teen die burgerkommando's die volgende sitaat van 'n Engelse skryver hier aanhaal: „In the performance of this duty, Colonel Graham displayed a stern decision and firmness of purpose, which - by the Exeter Hall party - have often been falsely and unjustly stigmatized with inhumanity and cruelty. Nay, persons bearing the name of Englishmen have, in this injudicious advocacy of the Kaffirs - been so completely lost to all sense of decency and shame, as even to palliate a most treacherous massacre of its colonists which took place in the course of this war; and so regardless of truth, as to implicate not only Settlers, but also British soldiers in the indiscriminate slaughter of women as well as men, ... This base calumny - as regards the British soldier - is beneath notice; and Sir John Cradock's proclamation, issued in 1813 would appear fully to justify the colonists from so foul an imputation; for, in this document, the Governor of the Cape of Good Hope declares: his heartfelt satisfaction that he had not discovered amongst the Inhabitants any one instance of cruelty, oppression, or prevailing misconduct."(1)

Cradock en Kol. Graham het albei met die grootste lof melding gemaak van die dapperheid, gehoorsaamheid en taaie volharding van die burgers wat in hierdie dae aan kommando's deelgeneem het. Cradock in sy proklamasie sê dat die werk goed gedoen is en „uit gevoerd door de moed en standvastigheid der onderscheide commando's met behulp van Zyn Majesteits Troepen..."(2) Uit hoofde van die swaar dienste van die

(1) Napier: Excursions in Southern Africa including History of the Cape Colony etc. in two Vols. I. pp. 216 - 217.
(2) Proclamation, 1806 - 1825, Pretoria rg. 1.1.15.

burgers op kommando „en uit aanmerking van derzelver allerverdienstelykst gedrag" word toe aan Uitenhage en Graaffreinet distrikte kwytgeskel die som van 20659 Rd. vir provisie onkoste; verder spreek die goewerneur sy dank en approbasie uit aan die kommando's „die zoo veel eer aan hun Land hebben gedaan."(1) Die regering was voorwaar baie dank verskuldig aan die manne van die kommando's maar sekor ook aan die tuisfronters wat waens, trekvee, slaggoed, beskuit, meel ens. ens. aan die land diens gelewer het. So tevrede was die Goewerneur met die werk dat hy nie kon nalaat om aan die weduwee van wyle veldkommandant Stoltz, met goedkeuring van S.M. regering, 'n jaargeld van 300 Rd. toe te ken en verder 'n lys te vra van gesinne en omstandighede van diegene wat in die diens van hulle land gesneuwel het.(2) In die dae was oorlogspensioene iets seldsaams en dit spreek boekdele vir goewerneur Cradock dat hy op hierdie wyse sy erkentelikheid en dankbaarheid aan Suid-Afrika se helde wou bewys.

6. <u>Die Kommandotaks word Ingevoer in die Plek van Persoonlike Diens.</u>

Dis moeilik om te begryp watter omvang die verpligtings van 'n burger, tussen die ouderdom van 16 en 60 jaar, aan die begin van die 19e eeu aangeneem het. Vir landsdiens word hy opgekommandeer met perd, saal en toom en daarby mondprovisie vir ag dae. Waens, osse en 'n duisternis ander artikels word van hom geverg ten diensto van die kommando. Voor 1813 was die laste baie swaar in oorlogstyd want ~~dan~~ toe moes die burgers onder die benaming „transport" belasting, waens en trekosse gratis aan die regering lever; die belasting was gehef op produkte en voestapels. Die Vierde Kafferoorlog het nie met die verdrywing van die vyand 'n einde geneem nie, want die Kaffers bly daarna nog so lastig dat gereelde patrolliediens verrig moes word om hulle op hulle plek te hou. Sir John Cradock het ingesien dat dit nie in belang van die

(1) Procl. 1806 - 1825. Prot. Arg. 1.1.13.
(2) GR. 9/68. Graham - Hare. 12.4.12.

land sou wees om persoonlike dienste van die verafwonende burgers vir 'n onbepaalde tyd te verg nie en kom toe na voro met 'n voorstel aan die Landdroste en Heemrade om 'n belasting, genoem die Kommandotaks, in te voer wat die plek moes neem van persoonlike diens.

In September skryw Cradock aan die Koloniale Kantoor in Kaapstad „We must adopt... a regular system, in respect to the service of the several commandos, employed upon the Frontier in preserving the tranquility of His Majesty's Territory, and keeping it inviolate from the Invasion and aggressions of the Kaffir Tribes." Hy sê permanente roelings is nodig en, daar geen gereelde troepe vir die doel gespaar kon word nie, ander planne gemaak moes word om die grense te beveilig; dis of persoonlike diens of die daar stel van middele om die regering instaat te stel om af te sien van hierdie persoonlike kommandodiens.(1) Die goewernour stel daarop voor die vergroting van die Kaapse Resiment Hottentotte om die grense te gaan bewaak in plek van soldate en burgers. Die koste aan hierdie skema verbonde sou dan deur 'n spesiale belasting op die diensplichtige inwoners van al die distrikte, behalwe Graaffreinet en Uitenhage, gedra moes word. In dierwoege word kort na ontvange van die Goewernour se brief aan die Landdroste en Heemrade geskryw om uit te vind wat hulle van die voorstel dink.

Op 'n spesiale vergadering van die Landdros en Heemrade van Stellenbosch word die brief van die Goewernour besprook, waarvan die inhoud deur die Koloniale Sekretaris min of meer as volg meegedeel word: „om de veelvuldige inconvenietien voor de Ingezeetenen uit het tegenwoordig Systema der Commandos ontstaan te verminderen en Syne Majesteits onderdaanen te ontheffen van een verdritige Last welke met byzondere hardigheid schynt gedragen te worden en zoer gevoelig wordt ondervonden door die geenen welke dit District zowel als die het

(1) C.O. No. 1616. 28.9.12.

Kaapsch District, Tulbagh, Swellendam en George bewoonen... ons dat oogmerk te bereiken, hy in gedachten heeft het Kaapsch Regiment te versterken als een middel het meest aanneemlyk, om Protectie aan Zyner Majesteits bezittingen toe te brengen en de Ingeseetenen van de aangehaalde Districten van personeele diensten te bevryden - doch daar deese versterking met aanmerkelyke onkosten zal gepaard gaan het niet meer redelyk schoen dat de geldsmiddelen wierden verstrekt door Districten welke van het doen van personeele Diensten zouden worden bevryd..." Daar word aan die hand gedoen dat die uitgawe deur 'n jaarlike vrywillige kontribusie in die gemelde distrikte volgens populasie en besittings gedek word waardour die regering vir die onderhoud van so 'n groot mag skadeloos gestel word. Die Goewernour was gladnie van plan om hierdie maatreël teen die wens van die bevolking deur te voer nie. Indien hulle dit nie met „wakkerheid of meer dan eene stilzwygende toestemming" ontvang nie, dit nie die wens van die Goewerneur is „welke geheel en al voor hun gemak is geintentioneerd" op te dring nie „maar te gedogen dat het Commando Systema haare gewoone loop neeme,..."(1) Wanneer daar egter oorlog uitbreek en die kommando's andermaal tevelde moet trek sal die plaaslike bydraes as vanselfsprekend 'n end neem. Almal sal in die geval weer persoonlik kommandodiens moet verrig. Die Landdros en Heemrade het, na rype beraadslaging, tot die besluit gekom dat hulle die voorstel van die Goewernour baie billik vind en hulle verleen hulle hoelhartige ondersteuning aan die skema. Hulle het ook al lankal gevoel dat die wyse waarop die grense deur die ingesetene beskerm word, nie net kosbaar en oneweredig werk nie, maar dat dit ook strek tot nadeel van die landbou en almal na 'n verbetering van die bestaande stelsel verlang het „en dat van daar het Collegien Zyne Excellentie gerustelyk durfde verzoekteren dat de Ingezeetenen van dit District in plaats van de commando's

(1) Resolutien. Stellenbosch, 12.10.12; Bylagen 85, Fostersandringa Theal: Rec. of CC., Vol. 21, p. 352; 7.10.12.

uitterusten verre prefereeren het Gouvernement als eene Vrywillige Contributie tot schadeloos stelling van de kosten, welke door het vermeerderen van 't Kaapsch Regiment zullen worden veroorzaakt, jaarlyks te fourneeren Twaalf Duyzend Ryxds. en zulks niet blootelyk als eene berusting in 's Gouvernements verlangen, maar met eene byzondere genoegenheid en blydschap..."(1)

Op 4 Desember 1812 word by wyse van 'n goewernements proklamasie die kommandobelasting vir die hele land ingevoer. Die distrikte Graaffreinet en Uitenhage word egter hiervan vrygestel omdat hulle persoonlike dienste op kommando onontbeerlik was weens plaaslike omstandighede „doch, daar hunne toerusting en diensten niet alleen tot beveiliging van hunne eigene bezittingen strekken, maar ook daaraan bevorderlyk zyn, dat elk gedeelte der Kolonie van het noodige kan worden voorzien, en dus ook toebrengen tot de welvaart van het algemeen, zal het de pligt zyn van het Gouvernement... om uyt de nuw daargestelde middelen, hen op eene redelyke wyze te beloonen voor de ongemakken en onkosten waaraan zy voor als nog niet kunnen missen, ten algemeenen belange blootgesteld te blyven."(2) Soos reeds in 'n vorige paragraaf vermeld word Graaffreinet en Uitenhage distrikte vir provisieonkoste die som van 20659 rds. kwytgeskel na afloop van die oorlog as beloning vir hulle getroue persoonlike dienste.

Die aanslag vir die andere distrikte vir die onderhoud van 'n geklourde militêre mag was as volg bepaal: Kaapstad 15000 rd., Kaapstad Distrik 10000 rds., 12000 Rds. vir Stellenbosch, 10000 Rds. vir Swellendam, 10000 Rds. vir Tulbagh en 4000 Rds. vir George.(3)

Elke distrik het dadelik in Desember 1812 aanstalte gemaak om die vereiste som geld in te samel, want veral die

---

(1) Stb. Resolution. 12.10.12; Proclamatien 1806 - 1825 Pret. Arg.
(2) Proclamatien 1806 - 1825; Theal's: Rec. of CC. Vol. 27, pp. 403 - 404.

Toslike Provinsie nense was al te dankbaar om van die knellende kontribusies vir kommando's verlos te word. Die som van 61000 rds. van die Kommandotaks verkry was 'n ekstraordinêre heffing op eiendomme en ook op slawe. Die belasting was vir die individu min of meer vrywillig gewees en die inning daarvan het dikwels met oponthoud en onwerdigheid gepaard gegaan. 'n Weduwee de Villiers vra verskoning omdat sy die belasting nie op tyd kon betaal het nie en voer as verskoning aan dat sy onkundig was, nie die geld op die gesette tyd gehad het nie en dit ook die eerste keer is dat sy in gebreke gebly het.(1) 'n Burger C.G. van Spoyk gee as rede aan waarom hy met hierdie belasting agterstallig is die feit dat hy arm is en niks as skuld het en daarby twee kleine kinders. „Ik bid Wel Edelen dog medelyden met my te hebben, en laat my hierover geen moeite aandoen, want het is geen onwilligheid, maar de drukkende armoede..." Hy sê verder dat hy geen koerant kry en dus die kennisgewing nie gesien het nie maar belowe gou te kom betaal.(2)

Daar was dikwels klagte dat die belasting ongelyk druk sodat die welgestoldes nie hulle regmatige aandeel lewer nie. Eene Rossouw se klagte is dat hy minderjarige seuns op die kommando het wat hom aan uitrusting twee tot drie honderd rds. gekos het en is al sewe maande in die veld; vir huur van slawe betaal hy al tot 8 skelling per dag. Hy gee 'n voorbeeld waar 'n arme baie meer as 'n ryke moes betaal: 'n Persoon wat „in een Florerende Staat" is betaal maar 1 rd. 4 sk. en „Willem Serwentyn heeft geen voet grond daarby in een armoedige Staat betaal 5 Ryk. 4 Sch....". Van 'n man seos Roos wat van sy rente leef word perde afgekeur sonder dat hy andere in plek lewer.(3)

Die Kommandobelasting tree buite aksie sodra die persoon aan 'n kommando deelneem of in 'n kritieke tydperk wanneer

---

(1) Stb. Arg. Bylagen No. 96.
(2) Stb. Arg. Bylagen 96, van Spoyk - van Rynevold, 18.7.19.
(3) Stb. Arg. Bylagen 97, Rossouw - Landdros & Heemrade, Okt. 1819.

almal wat bekwaam is persoonlik diens verrig. Dit het soms gebeur dat die veldkornetskappe van 'n distrik, wat tot 'n kommando bydraes gelewer het, tydelik vir daardie jaar van betaling van die belasting vrygestel word, terwyl die res nie vrystelling erlang nie. Die hele distrik Swellendam word in 1820 van die betaling van die kommandotaks onthef omdat die meeste burgers arm is, die distrik baie manskappe en goedere vir die kommando gelewer het, daar 'n groot verlies aan perde en osse en die oeste oor 'n aantal jare swak was.(1) Die veldkornette het 'n las met die invordering van die belasting gehad en was soms maande agterstallig met hulle wyk se bydraes. Een so 'n lys dra die name van 35 blankes van wie die bydraes varieer van 3 rd. tot 33 rd. per kop; selfs „Gedoopte Bastaarde" gee hulle deel wat uit 2 rd. tot 10 rd. bestaan het.(2) Toe die oorlog verby was, word die Kommandotaks in 1820 weer ingestel in al die distrikte behalwe vir Graaffreinet en Uitenhage. Die oplê van 'n vaste kwota vir elke distrik, soos die gebruik was sedert 1812, het soms ongeroeldhede veroorsaak en aanleiding gegee tot groot ontevredenheid sodat daar weldra 'n ander plan gemaak word.

Een van die eerste werksaamhede van die pas gekose Politiekeraad in 1825 was om die belastingstelsel van die Kolonie onder hande te neem; die Kommissie van Ondersoek in sake die Britse Setlaars in die Albanie distrik hou sy sittings in die tyd en gee ook sy aandag aan hierdie belasting. Die ou vorm van 'n vaste aanslag word in 1825 herroep as syne ingewikkeld, onseker, onewerediq en ontoereikend. In die plek daarvan word as volg voorgestel; 'n Slawetaks van £1 per kop gee £26139 en 'n belasting van 10/- per kop op alle leerlinge en vrye diensbodes bring 66,666 rds. in, terwyl die nuwe kommandotaks teen 7/6 op elke manlike persoon tussen die jare 16 en 60 die som van 60,000 rds. daar sal stel.(3)

---

(1) Sw. Arg. 11/8. Bird - L. & H. 12.3.19; Sw. Arg. 14/7. Schonnberg - Donkin. 8.2.20.
(2) Worc. Arg. 12/50. Bergh - v.d. Graaff. 4.4.14.
(3) Theal: Rec. of CC. Vol. 26. p. 440.

Hierdie belastings het gladnie in die smaak geval veral in die Kaapse Distrik nie en dien 'n aantal Kapenaars 'n memorie in by die Raad van Advies om te vra dat die Kommandotaks in 1827 herroep moes word. Hulle gee as redes aan dat die pryse van produkte in 1812, toe die Kommandotaks vir die eerste keer ingestel word, hoog was, dat die belasting tydelik sou wees, dat gedurende die jongste oorlog baie van hulle beide persoonlik diens moes verrig en ook belastins dra; hulle sê dat hulle ook vir die biblioteek moet bydra, dat papiergeld met vyf agstes verminder het, dat die marke ongunstig is en dat hulle kapitaal by die dag verminder. Hulle bid dat die Kommandotaks van 7/6 per persoon afgeskaf word „as your Memorialists have to apprehend the most dreadful consequences from the longer continuance of the tax"(1) Die petisie word verwys vir 'n later behandeling aangesien die Kommissarisse ook 'n verandering voorstel; hulle het aanbeveel 'n uniforme belasting van 10/- per persoon op alle diensplichtiges en die kommandotaks as sulks op tê hef. Die petisionarisse word meegedeel dat die bestaande belastings, soos in 1825 noergelê, sal bly voortbestaan tot April 1828 wanneer die nuwe hoofbelasting van 10/- in werking tree.(2)

Met die Kommandotaks se geldie is vir 'n lange reeks van jare die onkoste, aan Hottentotsoldate verbonde, bestry. Cradock het met die instelling van die kommandobelasting die filantrope na die oë gekyk want die Hottentotte sou voortaan die werk van burgerkommando's verrig. Dit bly egter 'n feit dat sodra oorlog uitbreek die kommandostelsel tog maar weer aangegryp word as die enigste middel om die gevaar die hoof te bied, soos dan ook trouens in 1819 die geval was. Die Britse regering het die gebruik van gereelde troepe, hetsy blank of gekleurd, steeds aangemoedig „which was subjected to strict Military control, and restraint was thus imposed along

(1) Theal: Rec. of CC. Vol. 34. p. 448.
(2) Theal: Rec. of CC. Vol. 34. p. 523.

the Eastern Frontier of Albany, upon the propensity of the armed Inhabitants to make incursions and reprisals which had produced so much animosity between the Colonists and the Caffers."[1] Maar weer die ou storie oor en oor!

---

(1) Theal: Rec. of CC. Vol. 21. pp. 308 - 309.

HOOFSTUK 14.

Kommando's en die Vyfde Kafferoorlog.

(1816 - 1820).

1. Lord Charles Somerset se Kafferbeleid.

Die dubbel-linie-poste van Somerset se voorganger was nie 'n sukses nie, daar die kolonisto sedert 1813 in die Suurveld aan die verminder was, en sonder koloniste op die voorposte die beboste Grootvisrivier as grens nie to handhaaf was nie. Cradock het gestaan op segregasie en wou niks weet van verdrae sluit met barbaarse Kafferkapteins, wat tog nie weet wat dit beteken om woord te hou nie.

Kort na sy aankoms onderneem Somerset 'n reis na die grense om persoonlik die Kafferkapteins te ontmoet en met hulle oor die aanhoudende diefstalle en moorde tot 'n vergelyking te kom. Op die 2e April 1817 het hy Gaika ontmoet en met hom 'n belangrike ooreenkoms aangegaan. Die patrollies, wat uitgaan om vee terug te haal, word in hulle taak gedwarsboom deur die Kaffers se gewoonte om nooit mekaar te verklik nie met die gevolg dat die oortreders nie in die hande kom nie. Gaika, wat voortaan deur die regering as die hoofkaptein erken word, en Somerset, tref 'n ooreenkoms waarby die patrollie die reg sal bekom om die spoor te volg tot 'n paar honderd tree van die kraal waarheen die spoor lei; hulle kan daarop die vee opeis of vergoeding vir die diefstal verg. Indien die kraal verontskuldigings maak bly die onus op daardie kraal rus om aan te toon dat die spoor verder gaan; indien enige kraal met opset die spoor uitwis word die betrokke kraal in elk geval aangewys as die skuldige een. Teen hierdie reëling kon Gaika en die ander kapteins geen beswaar inbring nie want, soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon, was gemeenskaplike verantwoordelikheid 'n erkende Kaffertradisie en gebruik. Die goewerneur het koloniste verbied om op eie houtjie Kafferland binne te trek om vee op te spoor.

Wanneer diefstal plaasgevind het, wend die veronregte boer hom tot die naaste militêrepos om hulp; 'n patrollie van soldate - die kommando's was mos nou weer in die ban gedoen - trek dan uit en die oienaar gaan saam om die vee aan te wys. Soms word net die verniste getal van die skuldige kraal geeis, maar dit het ook gebeur dat soveel as vier beeste vir een gesteelde bees geneem word aangesien die blanke se vee van 'n baie beter gehalte was. Maar dit het gewoonlik nie so gemaklik gegaan nie want in baie gevalle het die skuld van 'n kraal so opgehoop dat 'n groot kommando gevra word om, onder leiding van 'n Engelse offisier, weerwraak, „reprisal", te doen.(1)

Ge Gemeenskaplike verantwoordelikheid vir die dade van enkelinge het by die Kaffers geen blywende grief agtergelaat nie hoewel dit nie gesê kan word dat geen ongeroeldhede plaasgevind het nie. Weens die uitgestrektheid van die gebied, en die skaarste aan troepe om patrollies te doen, kon die werk ook maar op 'n baie onbevredigende wyse geskied en „Both officers and men had the most arduous, harassing, ungrateful, and even degrading duties to perform, in trotting out after every troop of sheep of cattle reported stolen."(2) Soms was daar baie hardhandig opgetree om 'n voorbeeld van die skuldiges te maak en word by die Kaffers 'n bittere gevoel teen die witman opgewek; militêre patrollies, en selfs burger kommando's moes gereeld tevolde trek om vee op te spoor en tog was daar geen end aan kafferstroperye nie. Die filantrope het maklik 'n stok in hande gekry om die spoorwet en weerwraakmiddels, deur Somerset met soveel vertroue in die lewe geroep, te veroordeel en het daarvan ~~den aek~~ handig gebruik gemaak.

'n Tweede saak, wat by hierdie epogmakende onderhoud met Gaika deur Somerset toberde gebring was, was die instelling

---

(1) Kidd: Kaffir Socialism, pp. 76 - 77; Theal: Hist. of S.A. Vol. I, p. 324; Cory: The Rise of S.A. Vol. I, p. 305 - 306; Theal: Hist. of S.A. Vol. II, pp. 2 - 4; Noble: South Africa, Past and Present, p. 51.

(2) Noble: op. cit. p. 51.

van handelstasies Engeland was na die oorlog byna bankrot en iets moes gedoen word om die leë skatkis te vul. Uitgaves word besnoei, kolonisasie aangemoedig en handelsgetrekkings aangeknoop. Gaika kry die handelsmonopolie en twee handelstasies word in die lewe geroep; Gaika kry geskenke en sôre vir die terugstuur van gestoelde vee; hy blameer in meeste gevalle sy oom Slambie vir die wegvoer van Kolonisale vee en hierdeur ontvlam weldra 'n bittere stryd tussen hierdie twee kapteins.

Somerset maak in hierdie tyd 'n fatale fout deur af te wyk van die beleid van sy voorgangers en hom in die Kaffertwiste in te meng, waardeur die land weldra in 'n bloedige stryd ingesleep word.

Die ooreenkoms met Gaika het van Slambie, wat reeds uit vrees vir Gaika die Kolonie ingesluip het, 'n verbitterde vyand gemaak. Ook met hom word onderhandel maar hy belowe nie om gestoelde vee uit te lever nie, en weier om hom vir die oortredings van sy onderkapteins verantwoordelik te hou. Slambie wag toe net sy kans af om Gaika aan te val, wat hy trouens aan die Koonap dan ook doen; Gaika word verslaan en op die vlug gedryf terwyl oor die 6000 beeste van hom gebuit word. Die regering besluit om aan die geroep om hulp van Gaika gehoor te gee en gee aan Majoor Fraser bevel om 'n groot mag burgers en soldate byeen te bring, Kafferland binne te val en die bondgenoot Gaika te herstel; Slambie word verslaan en 23000 beeste van hom gevat. Hiervan word 9000 aan Gaika oorhandig en die res onder die burgers verdeel.(1) Hierdie oorwinning was behaal deur Kol. Brereton met sy 3352 soldate en burgers, bygestaan deur 6000 Gaika-Kaffers. Hierdie daad is deur die negrofiliste bestempel as „a wanton act of aggression, fully justifying the Great Kaffir invasion of

(1) Napier: Excursions in Southern Africa etc., I, p. 219; GR. 8/7. Bird - Stockenström. 4.12.17.

1819."[1] Dit was egter 'n daad van vergelding waartoe die blanke ten volle gerogtig was. Dit bly egter 'n feit dat inmenging van die Goewerneur in blote Kaffervetes hierdie stryd van 1819 ontketen het. Somerset het goed verstaan om 'n politiek van „verdeel en heers" met die Kafferkapteins toe te pas. Met een uitklop hou het hy gemeen om Slambie en sy aanhangers oor die Keiskama rivier te jaag en dan die Gaika stam as 'n buffer tussen die Vis en Keiskama teenoor die vyandige noordelike stamme uit te speel.

Somerset het in 1820 die Britse Setlaars verwelkom as 'n deel van sy Kafferbeleid; hierdie mense moes dien as 'n stootkussing en verdedigingsmiddel teen die Kaffers. Cradock se kolonisasieplan kom hier tot 'n werkelikheid en moes die Setlaars militêredienst verrig as 'n deel van vergoeding vir die plase wat hulle kry om te bewoon.

Ook in 'n ander opsig vind ons die politiek van Cradock hier weerspieël. Die bewakingsposte op die grens, wat deur Cradock ingestel en in 1815 weer opgehef was, word deur Somerset herstel. Elf poste omtrent 1½ uur toperd uitmekaar word aan die Visrivier in die lewe geroep om te dien as steunpunte vir die patrollies wat wee moes opspoor. Dan was daar ook nog 'n tweede reeks van 14 poste verder landwaarts in; hulle was deur 1104 manskappe beman, waaronder ligte Dragonders om die verbindings oop te hou en die Kaapsekorps vir die spioenwerk; om geweld te voorkom word 5 rd. as beloning vir elke gevangene aangebied.[2] Ook hierdie poste was nie juis 'n sukses nie, want, weens die gemis aan bekwame offisiere en die vermindering van die besettingsmag by die poste, was dit onmoontlik om die veelvuldige pligte na te kom, en die Kaffers uit die Kolonie weg te hou.

---

(1) Napier: Op. cit. I, p. 219.
(2) Cory: Op. cit. I, pp. 309 - 310.

2. Algemene Mobilisasie van Manskappe vir Kommandodiens.

Op die grense was daar vir etlike jare 'n gisting onder die Kaffers aan die gang en was kleine kommando's, of sogenaamde patrollies, gedurig in die veld om gesteelde vee en dieve op te spoor; daarom kan dit nie eintlik gesê word dat die Vyfde Kafferoorlog eers in 1819 uitgebreek het nie. Waar voorheen die leiding van die patrollies aan die burgers self opgedra was, het nou 'n periode aangebreek waar die militêre by die aanvoering hoofsaaklik die hoofrol gespeel het. Toe Somerset in 1817 sy verderflike politiek van weerwraak en inmenging in Kaffertwiste ingelui het, was die gort gaar en moes rekening gehou word met 'n algemene stormloop na die Kolonie deur die veronregte Slambie en sy aanhangers; dit was vir die Slambie-Kaffers 'n keuse van of om te kom van honger, nadat hul voestapel so radikaal uitgedun was met die jongste aanval van die gekombineerde Gaika-Kaffers en die blankes, of om te probeer wraak neem vir die verliese. Die laaste alternatief word gekies en die vyand stroom oor die Suurveld en roof en plunder sover hulle gaan.

Onder hierdie omstandighede was dit geen kindersoeletjies om die vyand weer met geweld oor die Visrivier te werp nie, en word vir die soveelste maal die toevlug geneem tot die oproep van die burgerkommando's oor die hele Kolonie. Landdros Stockenström van Graaffreinet maak in die volgende woorde 'n oproep tot sy burgers: „... in de verzekering dat een Yder die van de ondraaglyke depredation en wreede moorden, die door de Barbaaren tegen ons mede Burgers in Beschermers op de Granzen worden gepleegd zal hooren van zelven tot hun onderstand zal ylen... onze verdraagzaamheid alleen heeft aan een weerloos geslacht deszelfs bestaan gelaaten daar een klein gedeelte onzer macht hetzelve gemaklyk had kunnen verbryzelen doch onze menschlykheid met wreedheid beloond wordende maakt de bescherming van al het geen ons dierbaar

is vederstand noodzaaklyk..."[1] Hy vertel verder dat die regering se geduld nou op 'n end is, dat uiterste pogings aangewend sal word om die vyand te straf, dat die hele land moet help en moedig hy almal aan met die oog op God gerig om die stryd aan te bind. Daar sal gedurig kommando's op die been bly om te probeer die Kaffernasie „door dreigende vertooningen tot een vroedzaam leven te brengen om daardoor het vergieten van hun bloed te vermyden..." Stockenström het geweet dat die Kaffers met 'n heilige vrees vir die burgers besiel was en kon dus praat van die „dreigende vertooningen" wat nou gemaak sal word en keur in een asem af die regering se verdraagsame beleid van die afgelope jare.

Graaffreinet sou as van selfsprekend 'n leeue aandeel aan die stryd neem en Stockenström belowe om persoonlik sy mense aan te voer. Hy is baie trots op die Graaffreinetters: „en als God my kragten geeft zal ik de Graaffreinetters by my hou".[2] Hierdie knap boerevrienden kenner het dan ook daarop gestaan dat die kommandoleiding sovoel as kan wees, in hande geplaas word van bekwame burgeroffisiere. Stockenström het onder sy sorg gehad die Graaffreinetters maar ook andere eenhede van die burgermag, t.w. die hele linkerdivisie in ses afdelings van wie 600 manskappe (480 burgers en 120 Hottentotte) deur Graaffreinet alleen gelewer was. Die manskappe was deureen gemeng uit verskillende wyke. Beaufort se mense was die taak aangewys om die grense te beskerm.[3]

Voor ek afstap van die aandeel wat Graaffreinet aan die stryd van 1819 geneem het wil ek die volgende treffende toespraak van die landdros aan die vertrekkende burgers aanhaal omdat hierin sulke belangrike sake aangeroer word: „...Uw Gouv. aangespoord door de weldadige begeerte om hen tot beter menschen te maken liver dan hun bloed te vergieten liet geen

(1) GR. 14/5. Advertentie van die Landdros te GR. op 10.2.19.
(2) GR. 16/8. Stockenström - du Plessis op 12.4.19.
(3) GR. 14/4. Order vir linker divisie van die kommando.

middel onbeproef om niettegenstaande alle hunnen misdryven, de vrede met hen te handhaven, en zelfsden grond van Godsdienst en beschaving in hun midden te leggen..." die middels word met moorde en verbrand van wonings beloon, en hul bespot ons bedreigings; die mense wat voorheen die armes kon help moet nou self gehelp word en „Vaders die hunnen kinderen hebben zien bloeyen, zoons door diezelfde onmenschelyke woede wezen geworden." Daarom, so sê die landdros, moet die wapens opgeneem word om die slagting van die hele volk te voorkom; die dapperheid van die burgers word geroem en hulle word aangepor om vir die behoud van hullo besittings in die brosse te spring. „Agter u hebt gy ouders, vrouwen en kinderen" en „voor u hebt gy den vyand wiens volkomen nederlaag alleen de traanen Uwer echtgenoten en kroost kan afdrogen..." „Bestierd en omzingeld van uwe eigene officieren moeten een algemeen vertrouwen heerschen en geen schandelyke lafhartigheid iemands boesem beziele... Zoude hy vallen die hier gebied laat zynen val u niet ontmoedigen. Gedenk dat de wegen der Voorzienigheid wysheid zyn, en dat gy na hem aan u hoofd zult hebben uwe eigene officieren met wien gy beter bekend zyt dan met hem.... Officieren voor uwe divisies met moed en beleid aan; schutters toon door uwe dapperheid en gehoorzaamheid dat gy de namen van mannen en burgers waardig zyt..." Stockenström spreek in sy toespraak vollo vertrouo in sy burgers uit en word alle aanklagte van desersie teen sekere kommandogangers teruggetrek mits hulle die boete van 100 rd. elk betaal; hulle name bly aangeteken en sal hulle by die eerste misstap „de wraak der wetten met verdubbeling op de hals halen... doch ik hoop dat hun volgend gedrag al het gepasseerde zal uitwisschen."(1)

Nie net was Graaffreinet aan die beurt nie, maar volgens die proklamasie van die goeverneur moes al die buitedistrikte

(1) Sv. 9/29. Orders van Stockenström aan burgers op 22.7.19.

en ook die Kaapste Distrik 'n kommando afstuur na die front. Die Proklamasie het as volg gelui: „Nademaal het berigt my is geworden, dat de Kaffer Opperhoofden, welke in oorlog zyn met hunnen voornamen Chef Gaika, het Distrikt van Albanien, (het Zuurveld) in onderscheidene rigtingen hebben aangevallen, en aldaar groote en onverwachte verwoestigen en moorden hebben gepleegd: Zoo heb ik, ten einde deze onheilen te stuiten, goedgedacht een talryk commando uit te roepen uit ieder der Buiten Distrikten, ten einde deze roovers over de bekende limieten dezer Volkplanting terug te dryven."(1)

Die kwota kommandogangers vir elke distrik word deur Majoor Rogers as volg beraam: Graaffreinet 400, Uitenhage 300, George 250, Swellendam 300, Tulbagh 300, Stellenbosch 200 en Kaap 100. Verder sou aan die veldtog die volgende eenhede deelneem: Berede 'Cape Corps' 155, Hottentotte 150, Royal Artillery 32, Regular Infantry 1100.(2)

<u>Die Kaapse Kommando</u>, onder Kommandant van Reenen, het bestaan uit 1 kommandant, 2 luitenante, 1 adjudant, 1 dokter, 1 klerk, 1 Forage Master, 75 gewapende berede burgers, 25 gewapende voetgangers, 18 wadryvers van wie drie gewapen was, 13 touleiers van wie daar 5 gewapen was, 1 gewapende trompetter, 9 gewapende wagters vir die waens, 5 gewapende bediendes, 2 gewapende veewagters. Die uitrusting het verder bestaan uit: 182 osse, 109 perde, 50 pd. kruit en 50 pd. lood, en elke burger was voorsien van 150 koeëls of lopers.(3)

Kommandant van Reenen skyn van die praterige en spoggerige soort van mense te gewees het. Hy skrywe aan die landdros Stoll, van Kaapstad dat Kol. Willshire met sy aankoms op die grens die plan van die operasies aan hom voorgelê het en sluit 'n tekening daarvan in. Hy vertel dat hy 30 mud meel en

---

(1) Pretoria Arg. Proclamation, 1806 - 1825.
(2) Theal: Rec. of CC. Vol. 12, p. 137. Maj. Rogers - Willshire 2.3.19.
(3) GR. 9/68. Van Reenen - Stoll. 18.5.19.

200 skape moes aankoop en dat die rekenings op die landdros van Kaapstad getrek is; van die beskuit is nog niks gebruik nie, en hieruit kan die landdros uitmaak hoe spaarsaam hy te werk gaan; van Majoor Fraser en Kaptein Trappes en die andere offisiere geniet hy en sy kommando die grootste vriendelikheid; hy spreek sy blydskap uit dat die Landdros so 'n onbeperkte vertroue in hulle stel en het die brief van die Landdros aan die kommando voorgelees; hy klaag dat sy mense net een wa het vir 10 man waar die Stellenbosse kommando een het vir elke vyf man. Die Stellenbosse kommando het weer mense gehad wat weggedros het en daarom praat van Reenen as volg: „Ook is het my zelve byzonder lief, die moeilykheden niet te hebben gehad, welke by het Stellenbosch's commando zyn voorgevaalen;"

Die rantsoene vir sy kommando was 1½ pd. vleis en ¾ pd. brood per dag per persoon en daar is selfs aan slave en Hottentotte van private persone kos uitgedeel. Van die Stellenbosch se kommando het 49 trekvee weggeraak en het ook op andere wyse baie gely, en dit lyk vir hom asof die Stellenbossers nogal jaloers is, dat hulle so deur hulle landdros opgevysel word; „ik schryf u dit alleen onder secretesse, niet verlangende de Hr. van Rynevold hiervan kennis kryge." Van Reenen meld ook nog dat sy kommando baie voorregte geniet, dat hulle nog bloedweinig provisies van die regering ontvang het, en dat alles baie spaarsaam gaan, sodat die hele reis hulle nie meer as 5000 rd. sal kos nie. En tog moes hierdie kommandant ook melding maak van 'n skandelike diefstal deur lede van die kommando; drie persone het aangemeld dat hulle geld verdwyn het; twee persone Priem en Keur - dit word nie gesê of hulle kleurlinge was nie - val onder verdenking omdat hulle so baie geld vir drank kon uitgee. Priem het 15 rd. en Keur 10 rd. gevat en hul word te Grahamstad onder arres geneem. Priem beken skuld maar Keur ontken met „styve kaaken" dat hy iets van die saak af weet.

Die Kommandant het die saak gesmoor omdat hy dit nie oor sy hart kon kry om hulle aan die gereg te oorhandig nie, aangesien die goeie naam van sy kommando als dan in die weekblad, so kort na hulle aankoms in die vreemde, „te zien paroissoeren" wanneer 'n paar onwaardiges uitgestoot word „on dezelven onder het oog van zo veele Inboorlingen en Vroemdelinge en aan den Burgerlyken of Militaire Regter over te gooven." Op hierdie wyse word die „geheel niet aan bederf of beschimping" terwille van „dezo bedorven pasteykorsjes" prys gegee nie. Die volgende strawe word toe toegedien: Priem belowe nie weer soiets te doen nie en „voor agt dagen te water en brood, buiten access, doen plaatsen en denzelven vergund na verloop van dien tyd weder tot schutterlyken dienst te worden toegelaaten;" Keur egter, sal na die ag dae „van de Burger Rolle te royeeren en onder de dienstdoende Hottentotten te plaatsen, dewyl de Burgers volstrekt weigerden met hem verder eenigen dienst te doen, als zynde hy niet gedoopt en... in de Courant als een Drosser bekend gesteld geweest..."(1)

Ook Stellenbosch was weer aan die beurt om 'n kommando te stuur. By 'n vorige geleentheid het ons breedvoerig die doen en late van 'n Stellenbosch kommando behandel en sal ons hierdie slag nie in besonderhede tree nie. Die hoof van hierdie kommando van 200 burgers was Kommandant van Niekerk. Hy wou eers die benoeming hom nie laat wel geval nie en gee as rede op, die feit dat hy geen „Christen Perzoon" op sy plaas het nie en hy dus daar nie gemis kon word nie; die werklike rede skyn egter te wees omdat hy so diep in die skuld sit en onmiddellik 10000 rd. van node het om sy sake reg te maak, daar hy deur sy krediteure bedreig word. Die kollege van Landdros en Heemrade besluit om 'n lening vir hierdie bedrag by die Bank van Leening in Kaapstad te sluit

(1) GR. 9/68. Van Reenen - Stell 25.3.19.

do optree en uitstekende werk verrig.

Die geskiedenis van die Osseva in Suid-Afrika is al deur skrywers en digters so deeglik en meesterlik beskryf en besing dat dit nie vir my nodig is om alles te sê wat ons van hom weet nie. Tog is dit nie misplaas om aan die hand van hierdie bronnestudie iets meer oor hierdie interessante en nuttige voorwerp nee te deel nie. Met die opkommandering van waens en osse met al die toebehore het ons duidelik gesien watter belangrike rol die osseva in die talle van Kafferoorloë gespeel het. Die dele van 'n osseva bevat nie minder as 250 afsonderlike stukke hout en yster nie, naels en spykers uitgesluit, en word vir ons onder ongeveer 72 aparte name te boek gestel. Die trekgoed wat by die osseva hoort word ingedeel (vir 'n span van 14) in ongeveer 125 aparte stukke riem, yster en hout. Die hele boel vorm 'n menigvuldige eenheid. By die oproep tot die stryd word in besonderhede die dele genoem wat benodig word vir die lange togte oor die land. Selfs die osse wat agter, voor, naasagter, op ses, ens. moet trek moes so gekommandeer word; aan die toeval het die Afrikaanse boer nie geglo wanneer hy met 'n osseva oor die vlaktes en berge moes trek nie.

Die osseva moes die benodighede vir 'n kommando oor lang afstande vervoer. Onder hierdie benodighede was die klerasie wat vir die kommandogangers nodig was. Ek wil hier graag iets oor die klere van die burgers sê eer dat die saak my ontglip. Vir 'n arm seun wat homself nie vir die kommando kon uitrus nie, was die volgende in gereedheid gebring: „2 broeke (2 Rd. elk), 1 dusselse bove baatje (4 Rd.), 1 schansloper (5 Rd.), 4 hemde (5 Rd.) en 2 onderbaatjes (3 Rd.)[1] So was daar ook in 1819 vir die kommando van van Renen benodig 60 - 80 „voering vellen" en die was nie op Graaffreinet te

(1) Stellenbosch Arg., Bylagen 95.

bekom nie.[1] Die klere word in knapsakke geplaas onder toesig van een man by elke wa. „Gelieve mede de Veldcornets te beveelen een ieder zyne kleederen die hy in 't Kafferland hebben wil in een knapsak laaten pakken, en laat die naar Grahamstad zenden."[2] Ruimte was natuurlik baie beperk wanneer honderde mans oor 'n verre afstand met al hulle bagasie vervoer moes word. Derhalwe word die volgende instruksie in verband met die verpak van klere uitgevaardig: „Die kleederen moeten zo naauw gepakt worden as mooglyk is, want de middenste kommando kan voor ons niet meer dan een wagen voor ieder 50 man mede neemen."[3] Die wakis was die plek vir die beste of „kisklere" van die burger en dit was nog die geval toe die Voortrekkers die binnelande ingetrek het. Op die wa was natuurlik ook gelaai alle voorrade, soos biltong en beskuit, waarvoor daar in die saalsak geen plek was nie. Die getal manskappe wat by elke wa ingedeel was, het afgehang van die getal waens wat vir die kommando saam vervoer word; dit het gewissel van 8 tot 50 man per wa. Die valaer het dikwels die mobiliteit van die kommando aan bande gelê en daarom is daar in latere Kafferoorloë al hoe minder van hierdie vervoermiddel gebruik gemaak. Skrywers soos Napier e.a. het die beslommernis van waens heeltemal veroordeel en andere planne aan die hand gedoen. „But it is matter of surprise that such a slow, inconvenient mode of transit should still continue in use for military operations, more especially in a country - like the present seat of war - broken by hills and dells, water courses and rivers - covered in many places with dense jungle, through which, as those sluggish convoys drag their long and weary length, they are at every step in danger of being cut off by an active, unseen and lurking foe. ... I am convinced this waggon system,

(1) GR. 9/68. Van Renen - Stolls. 17.7.19.
(2) GR. 16/8. Stockenström - Prov. VK. Oosthuizen 24.4.19.
GR. 16/8. Uitg. Br. L. van Gr. aan V.d. Graaff, 29.4.19.
(3) GR. 16/8. Uitg. Br. - L. van GR. aan veldkornette, 29.4.19.

affecting as it does the commissariat and every military movement, is one of the chief causes of all the delays and mishaps that have marked the progress of this unfortunate war."(1) Dit was die Sewende Kafferoorlog waarna hier verwys word.

Napier gee aan die hand dat pakosse en, verbeel jou, kamele en olifante gebruik kon word in plek van waens; die vyande kon selfs met bloedhonde opgespoor word. Ons betwyfel sterk of hierdie planne uitvoerbaar was.

Die osseva was ook vir die burger in plek van skuiling teen wind en weer, want tente was iets onbekends vir die gewone man op kommando! Fairbridge verhaal dat 'n boer gou koud kry en nadat hulle perde opgewerk was, het hulle moedeloos in die waens skuiling gesoek „in spite of all remonstrance and entreaty."(2)

Landdros van Ryneveld skryw aan sy plaasvervanger tuis dat hy dadelik 17 waens na Grahamstad moet stuur daar sy burgers baie ongemak verduur.(3) Die waens dien as beskerming en gemak vir die gewone man maar ook as hospitaal en vervoermiddel van die siekes en gewondes.(4) Ons kan dus verstaan waarom die burgers so ontevrede was met die beperkte getal waens waarmee hulle tydens die Sesde Kafferoorlog moes klaarspeel. Daar was 'n bevel gegee om nie meer waens te bring na die grens nie, maar die bagasie op pakperde te vervoer.(5)

6. Die Laerstelsel as 'n Vesting teen die Vyand.

Miskien was die nuttigste gebruik van die ossewaens nog gewees om hulle in laers te trek om sodoende te dien as 'n skans of fort teen die aanstormende vyande. Die walaers is nie 'n uitvindsel van die Voortrekkers gewees, soos baie mense mag meen nie, maar sy wortels vind ons in die Ou Kaapkolonie

---

(1) Napier: Excursions in Southern Africa. etc., I, p. 2 and pp. 280 - 290.
(2) Fairbridge: A Narrative of the irruption of.. p. 147.
(3) GR. 9/68, Van Ryneveld - Berrange 14.1.35; B.U. 9/37, Van Ryneveld - Berrange. 11.1.35.
(4) GR. 16/53 CC. van GR. - Durban 25.8.35: Worc. 17/4, Trutor - veldkornette. 26.1.35.
(5) GR. 16/53. Gr. - CC. van Somerset, 25.8.35.

waar die geweldige stryd teen die Kaffers gevoer was vir die tydperk van honderd jaar. Die eerste waaier waarvan ons lees, was die van die kranige veldkommandant, Adriaan van Jaarsveld, in die tyd van die Eerste Kafferoorlog. Voordat hy Kafferland binnetrek, het hy eers vir die veiligheid van die vroue en die kinders gesorg wat uit vrees vir die Kaffers, hulle woonstedes verlaat het. Deur-mekaar-boerdery het die grensboer teen die bers gestuit en daarom word twee laers op die walle van die Visrivier getrek, een vir die families van die burgers en die ander vir die families van die Hottentotte. Oor hierdie laer wat met waens in 'n vierkant gevorm was, was 'n laerkommandant benoem wat alle reëlings op hom moes neem. Hy sôre vir die gesondheid, tug, uitsit van brandwagte en vir die beveiliging van die vee.(1)

Wanneer die Kaffers in troppe oor die land trek, het die families orals probeer om hulle in huise of agter waens te verskans. So het die inwoners van die Langekloof reeds vroeg in die 19e eeu saamgetrek en "hebben alle verschansingen en suffisante zoode wallen om hunne huizen gemaakt; de defensie kan goed zyn, maar gelykens niet naar die van Vauban, evenwel hebben zy de Caffers uit de huisen gehoûden en dit prouveerd het nut."(2) Ook na die moord op Stockenström in 1812 word laers orals gevorm vir die beskerming van die families en die ammunisie.

Gedurende die Vyfde Kafferoorlog word beie aandag geskenk aan die maak van skanse en die trek van laers. Nie net sou die families daardeur beveilig word nie maar sou ook die militêre en kommando's afspringplekke hê om teen die vyand te kan opruk. Stockenström gee opdrag aan die wagters by die poste te Baviaansrivier om by Slagtersnek pos te vat en skanse op te werp maar sonder waens. Die gesinne word nie hier toegelaat

(1) Van Rooyen: Kunsskatte p. 87.
(2) Godee - Molsbergen: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche tyd. IV., p. 124.

nie maar hulle word vervoer na die plaas van veldkornet Opperman waar 50 gewapende manne hulle moes beskerm deur wag te hou, skanse op te werp, wat moes dien as skuiling vir die gesinne, vir die waens, osse en perde; in die dag sou daar 'n skildwag en in die nag twee skildwagte die rondte doen en op die uitkyk staan. Op die hoeke van hierdie uitgestrekte skanse was daar skiethokke uitgebou waar die skildwagte met geweers moes posvat.(1)

Stockenström het hom ten soerste beyver om die gesinne te beskerm gedurende die stryd van 1819; die burgers van Uitenhage was aan die vlug en laat orals die plase in die steek waardeur die land ontbloot en aan die vyand oorgegee word. Daarom wys hy oorals plekke aan waar die gesinne kan vergader vir onderlinge hulp onder beskerming van wagte.(2) Een van hierdie laers was in Beaufort distrik deur Kaffers omsingel wat dreig om „alles tot riemen te snyden..." In hierdie laer was die beeste binne in die Kring geplaas.(3)

Een van die grensboere met die naam van Coetzer verhaal in sy boekie hoedat huisgesinne bymekaar trek in huise met die waens buiteom hulleself teen moord en rowery te beskerm. Hulle maak groot takheinings met takke en stamme na die binnekant toe en 'n hek kort by en reg teenoor die deur van die huis, sodat daar vanuit die huis gesien en geskiet kon word wanneer rowers hulle planne wou uitvoer. Die diewe het gewoonlik na middernag geen aanval gewaag nie, omdat die tyd dan te kort is om met die buit voor dagbreek uit die voete te wees; die wag word dus gedurende die eerste deel van die nag baie deeglik verrig. Die trekosse word gewoonlik aan hulle jukke in die nag vasgeknoop.(4) Toe Mooimeisiesfontein aangeval was in 1835, het die Kaffers eers al die vee weggevoer; die

---

(1) GR. 14/4. Spesiale orders van Stockenström 3.7.19.
(2) GR. 16/8 Uitg. Br. 5.5.19; Ibid. 3.5.19, 26.4.19, 3.6.19.
(3) B.W. 9/29. op.8.8.19.
(4) Coetzer: Gebeurtenisse uit de Kafferoorloge ons. pp. 55 - 56.

verdedigers het die waens om die gebou in 'n sirkel getrek terwyl die wagte net buitekant hierdie muur van waens posgevat het.(1)

Dit blyk dus uit die gegewens waaroor ons beskik dat die eerste walaers in 'n kring getrek was en ook die laer van takke vir die vee was rond. In die middel word klein ronde grashokkies gebou om as skuiling teen wind en reën te dien; die perde en vee word ook binne in die sirkel gehou; daar was nie genoeg waens om net daarmee 'n laer te vorm nie. Die brandwagte neem buite die laer posisie in. Daar word in die laers geen groot ligte aangesteek nie en die mense moes maar in die donker gaan slaap.(2) Die volgende beskrywing van hierdie laers word deur Bunbury gegee, „....they form a double circle of waggons, place the women and the children in the centre, and their cattle in the space between the circles. ...fill up the interspaces of the outer row with thornbushes, and fire from the waggons themselves. They are well known to be admirable marksmen, and the Lieutenant-Governor says they are as quick in loading and firing as any troops whatever."(3) Hierdie dubbele sirkel waens is net moontlik, soos die geval by Vegkop in later jare, wanneer daar genoeg waens vir die doel was. Die binneste sirkel by Vegkop het uit sewe waens bestaan wat vir skuiling vir die vroue en kinders bedoel was. Daar is selfs die geval van Koordspruit waar, volgens Erasmus Smit, 'n walaer was van drie konsentriese sirkels sodat die Boere kon terugval na die binnesirkels indien die buitenste deurdring word deur die vyand.

Ons weet dat by Bloedrivier die waens getrek was in 'n halfmaan om aan te sluit by die natuurlike borswer wat deur die driehoek van die rivier en die droë sloot gevorm was. Die veghok tipe van laer was op die Bauban model, met sy vier

---

(1) Fairbridge: A Narrative of the Irruption of the Kafir hordes in the Eastern Province etc. p. 65; Moodie: History of the Battles in S.A. I. p. 283.
(2) Van Rooyen: Kunskatte. I. p. 94.; Preller: Voortrekkermense (verhaal van Hattingh). I, pp. 110 - 111; C.C. 619, Stockenström aan voldkornette aan Koonap & Visriv. op 19.5.22
(3) Bunbury: Journal of a residence at the Cape of Good Hope etc. p. 145.

bastions, gebou soos die Van Riebeeck fort; uit die veghokke aan die hoeke van die vierkant kon dan 'n kruisvuur met kanon of geweer op die aanstormende vyand gerig word. Dis duidelik dat die Boere met die vorm van laers hulle deur die geaardheid van die terrein, of die voorhandesynde middels en apparaat, laat lei het.

7. Sentrale Veekrale Deur Durban Beploit.

Die laerstelsel staan in nou verband tot die veekrale wat gewoonlik 'n onafskeibare deel van die laer uitgemaak het. Die eerste gebou aan Suidafrikaanse kus, deur Van Riebeeck opgetrek, was nie bloot 'n fort nie maar het ook sy veekraal as anneks besit. Dwarsdeur die land het die vroegste pioneers hulle veekrale, so nie aan die hartebeeshuis nie, tog so naby gemaak dat uit die deur van die huis op roofdier of naturelledief gevuur kon word. Die tradisie om veekrale naby die huis te hê het so stadig uitgesterf dat ons vandag nog talle van boerewonings vind waar 'n onhigieniese kraal of varkhok vlak by die voor- of agterdeur aangetref word.

Waar in die ou dae daar geen plek vir die vee binnekant die ruimte van die tak- of valaer gewees het nie, het die vyand somar met die trekosse, melkkoeie en ander vee voet in die wind geslaan en was daar, na die geveg, geen klou meer agter gebly nie; 'n voorbeeld vind ons in die Vegkopslag in die Oranje Vrystaat en ook by ander geleenthede.

In 1835 het groot troppe vee oor die land rondgetrek vergesel van die burger en sy familie; soms het 'n paar families saam gemaak en voor die vyand uitgevlug met hulle kuddes. Dan was daar ook die troppe gebuite vee wat versorg en opgepas moes word. Dit was die kommando's en militêre onmoontlik om die kuddes met hulle saam te pekel, of selfs om op so baie plekke skanse te bou of laers te trek. Dit het ook gebeur dat die vyand in die nag vee bymekaar maak om teen die fort, laer of huis aan te druk om dit makliker te kan verover of aan die brand te steek. Word die vee binnelands gedrywe en in groot

publieke krale versekureer, kan hierdie moontlikheid hom nie voordoen nie en was daar vir die kommando's geen hindernis of bekommernis in hierdie opsig nie.(1)

Goeverneur Durban skrywe aan die CC. van Graaffreinet om uit te kyk na die mees geskikte plekke in die veldkornetwyke van sy distrik alwaar sentrale publieke krale vir die vee gebou kon word „to be substantially constructed, for the temporary reception and security of the cattle of the surrounding country whenever it may be necessary so to secure it," en vra om wenke oor die saak.(2) Dit was die blink idee van Durban gewees. Die „Civil Commissioner" het daarop in diervoege die verskillende veldkornette in sy distrik oor die saak gepols. Hy vra sy veldkornette om o.a. die plaase aan te wys wat meeste vir hierdie doel geskik sou wees „namelyk de plaatzen die meest van water en goede weide voorzien zyn om een groot aantal vhee voor een tyd te kunnen aanhouden nadat de nood zulks zoude komen te vorderen."(3)

Dit blyk dat die veldkornette koue water op hierdie grootste plan gegooi het. Veldkornet Jacobs sê dat hy nie weet van so 'n mooi geskikte plek nie en dat hy op die plan heeltemal teë is. „Daar is geen plaats in de gantsche veldcornetschap waar men een Publike Kraal zoude kunnen bouwen, met de bedoelde oogmerkt om reede het daar nergens genoegzaam water of wyden zou zyn voor de vee: Ieder Plaats is schaars toe gereken om de Eigenaars zyn vee te dragen. Ik ben dus verzekerd dat er niemand is die eenige gebruikt zou maken, of inderdaat zou kunnen maken van zulks een Kraal.(4)

Hy gee aan die hand dat die enigste beskerming sou wees om toe te sien dat 'n waaksaam oog gehou word oor alles wat oor die grense aan die gang is; die vyandige versaamlinge

---

(1) GR. 16/8, Uitg. Br. Stockenström - Willshire, 26.6.19.
(2) GR. 16/53, Durban - CC. van GR. 28.9.35.
(3) GR. 16/53, Sirkulêre aan Veldkornette van Gr. 17.10.35.
(4) B.W. 9/51, Jacobs - Meintjes CC. van Beaufort, 14.10.35.

deur die basters wat op die kommando was. Die kinders word by die drosdy gehou om later aan hulle ouers terugbesorg te word. Veldkornet van der Merwe word op die vingers getik omdat hy van die gebeurde nie kennis gegee het nie terwyl hy immers van veldkornet Visser se oortreding kennis gedra het.(1) Hierdie geval is die enigste van sy soort wat ek met my ondersoek teengekom het. Die versoeking om sulke mooi klein swart bollotjies weg te voer, om as huisbediendes groot te maak, was sekor baie groot. Dis egter nie te verskoon nie en die overheid het ~~dan ook~~ nie geaarsel om drasties teen oortreders op te tree nie. Die wette het wel voorsiening gemaak vir die inboek van kinders maar dan moes dit met toestemming van die ouers of voogde geskied.

Hoe staan dit met die wegneem van vreemde vee? So vroeg as die jaar 1818 word 20 burgers van Cradock beskuldig dat hulle 518 beeste van Kaffers gebuit en huis-toe gevat het om verliese goed te maak.(2) By wyse van 'n omsendbrief is in 1819 verslag gevra van sulke vee wat in die wyke opdaag. Veldkornet Brink rapporteer dat in sy wyk nie kaffervee aangekom het nie. Sover as Stellenbosch distrik betref was, hierdie aantyging onjuis gewees. In elk geval moes sulke vee aan die landdros oorhandig word. Die veldkornette belowe egter om 'n oog in die seil te hou.(3)

Na die afloop van die veldtogte van die Sesde Kafferoorlog was daar dikwels klagte dat die burgers gebuite vee saam met hulle huis-toe vervoer. In Mei 1835 moes Kol. Smith die volgende bevel in sake gebuite vee uitvaardig: „Whenever captured cattle is brought in, the chief officer of the commissariat is immediately to take charge of it, cause it to be counted, report the number and description to the commander in chief if

(1) GR. 16/53. Gr. - Visser & v.d. Merwe 20.7.35.
(2) GR. 9/71 Page - Stockenström op 27.12.18.
(3) Stellenbosch Bylagen 96, Brink - van Ryneveld, 15.12.19. Stellenbosch Bylagen 97, Theron - van Ryneveld, 14.12.19 Worc. 13/12, Willshire - Fischer, 17.10.19.

he is present, if not to the Officer commanding the Division... No person is to interfere with such cattle, nor the officer of the commissariat suffer any of it to be appropriated to any purpose without the express order of the Commander in chief..."[1] Luitenant Biddulph voer die bevel oor die kuddes vee on gebruik Fingoes om hulle op te pas. Die hoofoffisier van die kommissariat van die tweede divisie vermeld dat dit sy plig is om te kla oor die gedrag van sekere burgers en Hottentotte wat die gewoonte het om, wanneer gebuite vee ingebring word, paa- on ander osse vir hulloself uit te keer, ten spyte van sy pogings om dit te belet. By die geleenthede word die vee so rond geja en verwilder dat dit groot moeite kos om hulle weer bymekaar te maak, en die getal wat ingebring word, was te stel.[2]

Daar was soms moeilikheid met weiveld vir so baie vee; daar word aan die hand gedoen om hulle verder die binneland in te stuur sodat hulle kondisie kan goed bly „for the legitimate object viz. the remuneration of loss, as far as that can reasonably be made good, to the Farmers whose farms were pillaged." In die publieke belang is dit wenslik dat hulle goed versorg word; hulle kan so ver as George gestuur word.[3]

Veldkommandant van Wyk spreek sy verontwaardiging uit dat sekere burgers gebuite vee vir hulleself toeëien on noem dit die plundering van publieke eiendom; Durban gee toe bevel dat daar naarstig na sulke vee in die distrikte gesoek moet word en dat die vee sonder versuim na die naaste depôt onder geleide gestuur word, te saam met 'n lys van die oortreders. Hierdie vee moet op publieke veiling van die hand gesit en die geld gestuur word aan die hoof van die kommissariat Jarvis. Durban sit die doel van die bymekaarbring van die vee as volg uiteen:

---

(1) C.O. 1011, General Orders H.Q. 27.4.35.
(2) C.O. 1011, General Orders H.Q. 29.4.35.
(3) C.O. 1011, Durban - Campbell 4.5.35.

„The amassing of a large quantity of cattle, which by an ultimate and just distribution, and appropriation may be made available to remunerate the sufferers by the late invasion, and especially the agricultural and grazing classes, for their losses, and assist them to retrieve their affairs."(1)
Provisionele veldkornet Erasmus het met 'n deel van sy burgers van die kommando weggedros on 138 stuks grootvee, wat van Kaffers gebuit en nou publieke eiendom is, met hulle saam na Somerset vervoer. Daar word noukeurig ondersoek gedoen na hierdie vee „welke op eene zoo strafwaardige wyze van het publiek is geroofd en weggevoert, om te ontdekken of eenig hoornvhee of paarden in U veldcornetschap zyn gebragt door personen welke van het Commando zyn te rug gekeert..."(2)
Erasmus is met sy aankoms te Somerset onder arres geplaas en onder 'n sterk wag, in geselskap van sy medepligtiges, na Grahamstad geneem om daar onder krygswet tereg te staan „for the double crime of Desertion before the enemy and of Plundering the Public Stores."(3) Luit.-Kol. Smith skrywe aan England te Grahamstad dat hy die swaarste strawwe moet toepas op die oortreders en hyself dreig om die veldkornetskappe, waar die oortreders vandaan kom, uit te sluit van alle aandeel aan die uiteindelike vergoeding vir gelede skade.(4) Die landdros van Graaffreinet antwoord dat hy trots daarop is om te kan vermeld dat geen een van sy mense hom verneder het om gebuite vee saam te vat nie.(5) Dit was die mense seker baie swaar gewees om die groot troppe mooi vee te sien en dan niks daarvan te mag neem nie, al het hulle ook groot verliese aan vee gely met die deurbreek van die vyand.

4. <u>Die Mediesekorps van die Kommando's.</u>

In die ou dae was dokters maar baie skaars gewees en het

---

(1) GR. 9/68 Durban - van Ryneveld 15.5.35; C.O. 1011. Durban aan CC. Albany, Somerset, Uitenh., George e.a. 15.5.35.
(2) SW. 12/69. Uitg. Br. Sirkulêre aan VK. deur Landdros op 26.5.35.
(3) Gr. 3/68. General Orders 15.5.35; C.O. 1011 Orders H.Q. 15.5.35.
(4) C.O. 1011. H. G. Durban 15.5.35.
(5) GR. 11/53, van Ryneveld - Durban 11.6.35.

elke huisvrou haar eie huisapteek daarop nagehou; daar was nie kans, weens die skaarste van dokters en die groot afstande wat afgelê moes word, om heeldag om 'n dokter te stuur nie. Die mense het 'n gesonde lewe in die opelug gelei en krankhede was gevolglik nie so algemeen as vandag nie. Ons voorouers het ook 'n grondige kennis gehad van die kruie van die veld en kon hulle dus vir gewone kwale self op 'n doeltreffende wyse behelp. Die oorloë teen die wilde nasies van Suid-Afrika het min slagoffers geëis aangesien die wapens wat die mense gebruik het so uiters primitief was. Op die kommando was dit selde nodig om die gewondes te verpleeg. Ek het my oë deeglik oopgehou om stof te vind oor die mediesedienste maar nie daarin geslaag om veel te vind nie. Die paar feite deur my aangetref sal ek hier kortliks aandui.

Dit was die gebruik dat persone, wat weens siekte van kommandodiens verskoon wou word, 'n dokterssertifikaat moes inlever by die landdros of veldkornet. Kwale soos die volgende word deur die dokters aangedui wanneer persone verskoon word: diaree, ambeie, koors, graweel, jig, borskwale, senuweeagtigheid, swaksigtigheid, stywe arm, ens.(1)

Die benoeming van 'n „chirurgyn" vir die kommando word gewoonlik aan die landdros van die distrik oorgelaat. In 1811 was dit 'n hele gesukkel gewees om chirurgyn Endres so vêr te kry om die kommando mee te maak. In sy brief aan landdros van der Riet gee hy sy gewilligheid te kenne maar ook sy redes waarom hy nie sy praktyk kan verlaat nie. Hy voer o.a. aan dat hy meer pasiente het as al die ander dokters tesaam „behalven dat ik de eenigste Vroedmeester, te Stellenbosch, en alle de aangeloegene Districten ben; ...dat de uytoefening van deeze Kunst. ...dikmaals het Leeven van meenig Individu, immediant redden moet." Hy vra dan dat

(1) Kommando Papieren, 1776 - 1846, No. 726.

hulle iemand anders moet vra en, hoewel hy ook maar goldelik daar sleg aan toe is, wil hy graag 100 Rd. betaal aan die dokter wat tot Hierdie diens benoem word. Hierdie brief van Dr. Endres is nog dieselfde dag na Dr. Hoffman te Groot Drakenstein geneem met 'n byskrif dat die Kollegie onsydig wil handel en dat 'n ongehuude dokter, soos Dr. Hoffman, net die man is aangesien hy boonop „'n bononder gesond gestel besit, die teegens alle fatiguo gehard schynt te zyn, hem alleen in de termen deeden vallen, van met success de goede ingessetenen te kunnen adsisteeren...", Die Kollege vermeld die feit dat die ander dokters oud en vol kwale is en stel voor dat die Kollege en ook elk van die ander dokters 100 rd. gee as bydrae tot die gasie van die vertrekkende dokter.(1) Dr. Hoffman het toe die eerste kommando vergesel. Hoe hy sy werk gedoen het, word nie verhaal nie.

Toe die tweede kommando in April 1812 na die grense moes gaan, was dit die slag Dr. Endres se beurt om die tog mee te maak maar vir die tweede keer het hy vasgesteek en wou nie gaan nie. Op sy vergadering van 11.4.12 het die landdros en heemrade eenvoudig die knoop deurgehaak en besluit „dat de doctor ryde moeten, zyne Instrumenten meede neemen, de medicamenten zal hy bekomen te Uyttenhagen op aanvraage."(2) Op dieselfde dag is Dr. Endres in kennis gestel dat hy moet gaan. Weer was daar 'n brief op 13.4.12 ter tafel waar in Dr. Endres sê dat hy verstaan het dat om onkoste te bespaar 'n dokter nie meer nodig sal wees nie en daarom het hy geen skikkings getref nie; daarby was hy te besig met inent teen pokkies; hy het ook geen instrumente nie en is te arm om die te koop; hy vra hoe hy sal moet werk as iemand op die reis sou siek word. Hy word geantwoord dat die medikamente vir hom klaar staan en dat die orde nie gewysig kan word nie. Hy word

(1) Stellenbosch Ink. Br. 152. 25.11.11.
(2) Stellenbosch Res. No. 30. 11.4.12.

verplig sy instrumente mee te neem en kan nie hiervan onthef word nie. Dr. Endres kry 'n voorskot van 500 rd. uit die kommandofonds om vir hom 'n veldapteek aan te skaf.(1) Veldkommandant Malan, wat hierdie tweede kommando aanvoer, kry toe die 500 Rd. vir die uitrusting van Dr. Endres. Malan vra 'n tent vir die dokter want anders sal langs die weg 'n hospitaal opgerig moes word, „anders vrees ik dat er zo veele ziekon zullen komen, door koude en ongemakken dat de Doctor een hospitaal op den weg zal moeten opslaan, en zullen dan van hem en de burgers beroofd zyn, of het commando in hunne Rys vertraagen."(2) Voor die veldtog afgeloop was, word Dr. Endres op aandrang van verskeie ingesetenes teruggestuur; alles was nou stil op die grens en daar was andere dokters wat die werk kon verrig. Die we met die medisyne word egter agtergehou en Dr. Endres van veldkornet tot velkornet per wa terug gestuur, seker tot groot vreugde van die verwagtende moeders.(3) Dit was die gebruik om selfs in vredestyd dokters op die wyse aan te stuur.(4)

Siekes langs die pad word dikwels by die naaste boerewoning agtergelaat totdat hulle gesond is, met meevete van die veldkornet; wanneer gesond moes hulle die kommando volg, maar mag nie huis-toe kom nie.(5) Daar is ook die geval van 'n siek man wat vir die kommando 'n las geword het en toe op eie versoek per skip na Kaapstad vervoer is.(6)

Toe 'n sekere Mellet, na tuiskoms van kommando, deur Dr. Shand ondersoek was en 'n fooi van 25Rd. moes betaal maar geweier het, moes die Kollege van Stellenbosch uit die distrikskas die som van 16 Rd. vir die doel bydra.(7) So was reeds in daardie tyd mense gewoon om deur die regering op elke draai gehelp te word op landskoste. Dit blyk dat die overheid soms

---

(1) Stellenbosch Res. No. 30. 13.4.12 en 16.4.12.
(2) Stellenbosch Res. No. 30. Rapport van Malan 26.4.12.
(3) do do op 29.4.12.
(4) Stellenbosch, Ink. Br. 153, v. d. Graaff - v.d. Riet 16.4.12
(5) Stellenbosch Res. 30, op 26.4.12.
(6) GR. 9/68 van Renen - Stoll 16.6.19.
(7) Stellenbosch, Res. 37, op 7.6.19.

aan die egtheid van mediesesertifikate getwyfel het want, toe Dr. Tardieu aan 'n sekere de Villiers so 'n sertifikaat oorhandig het, was hy deur die Kollege van Stellenbosch genoodsaak om behalwe die woorde: „Quod cum fide attestor" ook nog die volgende by te voeg: „Zoo waarlyk helpe my God Almachtig."(1)

Die landdros van Graaffreinet spreek in 1828 sy dank en waardering uit teenoor Dr. Parrot van Fort Beaufort vir die verpleging van sy siek burgers wat daar moes vertoef terwyl die kommando verder Kafferland binnedring - „should you ever visit Graaffreinet, I shall feel most happy to see you at my House to have an opportunity of returning the attention you were good enough to show to my people during their illness."(2)

In 1835 het die mediesekorps by die kommando bestaan uit Dr. Caw, „assistant surgeon Ford, Dr. Chiappini en „assistant staff surgeons" Minto en Morgan.(3)

Salmon Maritz kry vry mediese behandeling omdat hy armoedig en in die oorlog van 1835 gewond was(4) en 'n ander een word van belastings en rekognisiegelde vrygestel, benevens 'n som van £5 per jaar as pensioen, omdat hy nie net oud en arm is nie, maar ook omdat hy in die Kafferoorlog van 1835 gewond was.(5)

Oor die gewondes se behandeling deur die mediesekorps of rooikruis het ek geen inligting met my navorsing kon invin nie. Die Kaffers was gewoon om hulle gewondes die bosse in te sleep en is seker nooit deur die mediesekorps verpleeg nie. „...dragging their unfortunate sick, in the last mortal agony, into the bush, where they are left, a prey to the vulture, the wolf, or the jackal.(6)

5. <u>Die Vervoermiddels van die Burgerkommando's.</u>

Geen pen kan beskrywe die gewigtige rol wat die <u>perd</u> in

---

(1) Stellenbosch, Res. 37, 31.3.19.
(2) GR. 16/44, Stockenström - Dr. Parrot 6.8.28.
(3) Fairbridge: A narrative of the irruption of the Kafir hordes op. cit. p. 65.
(4) GR. 8/24, Smith - CC. van GR. 9.10.35 en 12.10.35.
(5) Ward: Five Years in Kaffirland, I, p. 197.
(6) Cole: The Cape and the Kaffirs. p. 109.

die geskiedenis van Suid-Afrika gespoel het nie, veral op die gebied van oorlogvoering. Van die dag af toe Van Riebeeck so swaargestewelde soldate die vlugvoetige Hottentot nie kon ine hardloop nie is die belangrikheid van perde vir hierdie doel ingesien; die invoer van die perd in ons land is dan ook een van die uitstaande prestasies van ons eerste kommandeur gewoes. Sedert daardie tyd was die perd 'n onmisbare faktor in die menigvuldige oorloë teen die binnelandse vyande. Oor die uitgestrekte vlaktes, oor die berge en dale en deur diep riviere het hierdie nuttige dier sy ruiter gedra om hom te maak die blanke heerser van 'n swart Suid-Afrika. Die kommandostelsel sonder die perd was iets onmoontliks en ondenkbaars; mobiliteit was 'n essensiële faktor by die kommando en die perd was die enigste dier wat in die tydperk voor die motor in hierdie leemte kon voorsien. Hoewel ons in vorige hoofstukke terloops verwys het na die perd se rol in die stryd wil ons die verhandeling nie afsluit nie sonder om weer eens hierdie aspek van die kommandostelsel aan te roer.

Die Afrikaanse perd is baie gehard. Hy aard goed op die gras van die veld en hy kan 60 myl per dag sonder moeg word onder die saal deurbring; die baas kon hom afsaal, die teuel oor die kop gooi en is so mak dat hy vir jou sal staan en wag; hy word gou daaraan gewoon dat sy baas vanaf sy rug op die vyand of op wild skiet. Hy hoef nie eens snags op stal te staan of geroskam te word nie, daar hy aan sulke weelde nie gewend is nie. Een skrywer vertel dat 'n mens selfs op sy rug aan die slaap kan val „for his ugly, awkward-looking pace is the gentliest and easiest of motions, and will scarcely disturb your lightest slumber."(1)

Of dit so was weet ons nie, maar een skrywer beweer dat die burgers hulle perde te gou en verkoerd inbreek met die gevolg dat hulle hulle gees kwytraak en holrug gery word;

---

(1) Cole: The Cape and the Kaffirs. p. 109.

hulle word te wreed behandel „and grow vicious and unmanageable"[1] Te oordeel na die prestasies van die Boer en sy perd deur al die jare heen moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die skrywer fouteer en seker net enkele gevalle op die oog gehad het. Soms het die burgers met die inbreek of leer van perde onder die saal baie moeite gehad. Dit kan dan aan die eienaars bekend gemaak word, wanneer perde vir die kommando's opgekoop word, dat die regering bereid is om aan die „rough Riders" - mense wat hulle uitgee vir inbreek van perde - 1 Rd. per perd te betaal maar hierdie fooi moet nie as 'n reg beskou word nie, daar alle diskressie in hierdie opsig by die landdros berus.[2]

Perde wat vir diens gebruik word, was by voorkeur „the old Cape Brand" wat 'n sterkgeboude, nuttige dier was met 'n taaie uithouvermoë. Vir sulke perde word gewoonlik 100 Rd. aangebied; na aankoop van 100 sulke perde in 1819 is hulle deur die Bokkeveld, waar perdesiekte 'n rariteit was, onder eskorte na die front vervoer op koste van die koloniale kas.[3] By 'n ander geleentheid word weer deur die veldkornette aanbeveel dat merries en ryperde in die wyke aangekoop word mits hulle nie te oud is nie en daarby goed geleerd „en voor daadlyk dienst bekwaam"; hierdie perde word saam met die bagasiewaens onder militêre eskorte vervoer.[4] Perde moes nie bo 7 jaar wees wat vir die regering opgekoop word nie, maar in buitegewone omstandighede is soms ouer perde geneem en ook „goede sterke wel geleerde rydmerries" om die getal op te maak.[5] Dit was nie net die burgers, maar ook die soldate en die Hottentotkorpse, wat van perde voorsien moes word en derhalwe was perde altyd in aanvraag en goed op prys.

Perdesiekte („distemper") het in sommige jare, soos b.v. in 1819, gemaai onder die perdestapel van die land.[6] In 1819

---

(1) Moodie: Ten Years in S.A., I, p. 139.
(2) GR. 9/68. Fraser - Stockenström, 5.7.19.
(3) Worc. 11/5, Bird - Fischer, 7.5.19.
(4) GR. 16/8. Stockenström - v.d. Graaff, 24.4.19.
(5) GR. 16/8. Stockenström - Willshire, 15.4.19; ibid. 29.4.19.
(6) Worc. 11/5. Willshire - Fischer, 21.5.19.

het 'n kommando soms nie kon uittrek nie omdat die perde so geweldig gely het aan „de gewoone, maar ook nog aan de Styve en de zogenaamde dikkekopziekte, en welke tegenswoordig zelfs in de Bokkevelden, daartevooren nimmer paarden zyn gestorven."(1)

Baie perde het jaarliks as gevolg van siektes verlore gegaan, om nie eens te praat van die duisende wat deur die Kaffers gerowe word nie. Daar is b.v. oor die 6,000 perde na Kafferland met die uitbreek van die oorlog in 1834 weggevoer. Die Kaffers het ook geweet hoe om die witman in sy Achilleshiel te tref; die eerste teken van 'n naderende Kafferoorlog was die grootskaalse diefstal van perde deur Kafferstropers. Verder het die vyand geweet om dikwels sy aanvalle te loods in tye van perdevrekte. Daar was tye gewees wanneer perde meer nodig was as manskappe want die Kaffer het by voorkeur geleerde perde gevat; die moontlike rede was dat hulle oor die algemeen swak ruiters was en nie graag jong perde geleer het nie.

Die boere wat nie self op kommando kon gaan nie was verplig om ryperde vir die kommando af te staan; die mense het baie teen hul sin perde aan Hottentotsoldate geleen omdat die volk maar al te dikwels die perde mishandel het onder die saal; talle van perde het ~~dan ook~~ nooit weer hulle eienaars bereik nie.(2) Om geleende perde uit te ken was dit die gebruik om 'n plankie van 'n paar duim in die vierkant, met die naam van die eienaar daarop, aan die halter van die perd vas te heg; sodoende kon die eienaar weer opgespoor word en het die overheid ook geweet wie waardelose diere aan die kommando gelewer het.(3)

Ons lees van minstens een keer dat daar so iets as 'n perdebelasting gehef was op die inwoners van Kaapstad om perde mee aan te koop vir die kommando van 1819. 'n Som van 5,000 Rd. is op die wyse van die besitters van huise geverg om saam

---

(1) Worc. 17/9. Fischer - Baird, 17.5.19.
(2) GR. 16/8, Stockenström - Smit, 10.4.19; GR. 11/2, Baird - Veldkornette Mei 1819.; Worc. 17/9, Fischer - Baird, 11.6.19.
(3) GR. 16/8. Gr. - v.d. Graaff, 5.5.19.

met die Kommandotaks betaal te word om „den aankoop van Paarden voor de gewapende Burgers op de Grenzen, goed te maken..."(1)

Dit was nie die gebruik om vergoeding te betaal vir 'n perd wanneer dit op kommandodiens gevrek het nie; waar sulke vergoeding betaal was, was dit in gevalle waar die eienaar nie aan persoonlike kommandodiens onderworpe was nie, daar sulke mense ook ander laste moes tors, „but the man who was by the law, and the custom of the land bound to go on commando, was obliged to come mounted, and for the loss of the Horses he employed in the execution of his Duty, he was not remunerated.."(2) Die distrik mag nooit heeltemal van perde ontbloot word nie, want andere moeilikhede en verksaamhede behalwe kommando's was aan die orde van die dag. Van die wat meer as twee perde besit word in die reël een of meer gekommandeer, met saals voorsien, om te verhinder dat die perde stukkend gery word.(3) Soms was die opdrag dat perde nie gery maar geloi moes word sodat hulle so vars as kan wees hulle bestemming bereik.(4) Dit word van die burger verwag om hom minstens met een perd, saal en toom uit te rus op eie koste; so iemand wat sy perd van die hand sit, word deur die gereg gestraf.(5) Baie burgers het ook nog een of meer handperde met hulle saam op kommando geneem; op die een word 'n velkombers, of skaapvelkombers, orige klere, biltong, beskuit en enigiets verder wat hy vir die tog nodig ag, vasgegord. Op hierdie, of 'n derde perd, sit die agterryer wat die baas vergesel om kos te maak, perde op te pas, op te saal, te knelter ens. Die agterryer was ook dikwels met die ekstra geweer en ander skietgoed belas.(6) So 'n perderuiter, wat daarby 'n goeie skut was, het dit vir die vyand baie moeilik gemaak. Daar hy sy eie kommissariat met hom saamry, kon hy onafhanklik van die res van die komman-

---

(1) Pretoria Arg. Proklamasies, 1806 - 1825.
(2) GR. 9/5. Stockenström - Sekr. van Goevt. 1.10.19.
(3) GR. 16/8. Gr. - veldkornette. 9.3.19.
(4) Worc. 11/13. Krygswet Proklamasie. Bell - CC. Worc. 8.1.35.
(5) GR. 9/68. Prokl. van Smith. 19.1.35.
(6) Alexander: Excursions in Western Africa etc., II, p. 37.

"An Ordinance for explaining and amending the Laws relative to the Commandos." Deur hierdie ordonnansie word die ou kommandowet van Macartney van 20 Mei 1897 weer herstel; hierdie wet gee aan die landdros en die veldkornette die reg om burgers op te roep, te wapen en daarop teen die Boesmans en andere vyande op te trek te eniger tyd wanneer hulle dit nodig mag ag. Alle burgers word gelas om aan die oproep van die veldwagmeesters en andere offisiere gehoor te gee om die aanvalle van vyande af te slaan of diewe en rowers op te spoor. Die Ordonnansie gaan voort om te sê dat hierdie wet vir jare nie uitgevoer is nie en dat die proklamasie van Macartney eenvoudig met sekere wysiginge weer van krag gemaak word. Swaar boetes word bepaal vir diegene wat sou weier om aan die oproep tot kommando gehoor te gee.(1)

In sy verdediging van die kommandostelsel, en van hierdie Ordonnansie in besonder, het hy die volgende redes vir sy herinstelling aangevoer: Hy verhaal hoe in die laaste jare 'n stelselmatige plundering en verbranding van huise, roof en doodslag aan die gang was. "The approach of these Barbarians can neither be foreseen, nor provided against beforehand. They come suddenly and in great force from the deserts and are generally well advance on their return thither, before any sufficient force can be mustered, either for punishing their crimes or rescuing the plunder from their grasp."(2) Cole vertel hoedat van oudsher die grense deur die burgermag verdedig moes word en almal word opgevorder om gewapend en teperd te verskyn. Die ou Hollandse regering het gestraf met boetes, verbanning en gevangenis wanneer die burgers ongehoorsaam was. Die Britse regering daaronteë was baie laks met strawe wat nie juis duidelik bepaal was nie. 'n Verdere vernamo rede vir die weer instelling van die kommandowette

(1) C.O. 1908, Stanley - Durban. 27.11.33.
(2) C.O. 1908, London 15.11.33. Cole - Stanley.

was die weiering van die burgers om teen die vyand op te trek. „The People, who are most immediately exposed to Incursions of the wandering Tribes, refused of late to attend the summons of their Field-Cornets, alleging, that, as they pay taxes, in common with their fellow Colonists, they have an equal claim with them to protection from the Government, without rendering their personal services."(1) Daar is reeds burger-offisiere wat as sulks bedank het omdat hulle nie instaat was om andere hulle plig te laat doen en dus ook nie hulle eie kon uitvoer nie. Cole sê dat hy nie 'n nuwe wet wou invoer nie en het dus maar die ou wette van die Hollandse regering en die van Graaf Macartney weer op die wetboek geplaas. „I have sought merely to give it force by determining penalties and punishments, by pointing out the persons who are to exercise its powers and by giving the necessary Jurisdiction to the Colonial Magistracy."(2)

Cole sê dat hy nie belang het in die vorm van kommando's wat wreedhede toelaat en aggressiewe dade pleeg nie en wat met reg deur almal veroordeel word; maar hy pleit vir die soort kommando's wat die enigste middel uitmaak om diewe te agtervolg en te straf. Hy trek dan los op die filantrope in die volgende woorde: „It may suit the views of some writers to hold up the Local Government and the Colonists to the detestation of mankind, as the authors and abettors of a System of the most diabolical atrocities, and to represent the native Tribes as the most injured and innocent of human beings, but, those who have had the opportunity of taking a dispassionate view of the Subject, will judge differently."(3)

Ook word die bestaande toestande deur Cole in sy antwoord beskryw. Sterker stamme verdrywe die swakkeres en werp hulle teen die Kolonie se grense; die Boesmans besit niks en van

(1) Ibidem. Cole - Stanley.
(2) C.O. 1908. Cole - Stanley. 15.11.33; Bell & Morrell: Brit. Colonial Policy pp. 452 - 454.
(3) C.O. 1908. Cole - Stanley 15.11.33.

hulle kan geen buit geneem word om as vergoeding vir verliese te dien nie; die grense is swak verdedig en die magistraatskantoor is soms meer as 150 myl van die gevaarpunt af en daarom kan die gewone geregshowe nie altyd hier funksioneer nie. Die wette van die Kolonie strek nie tot oor die grense nie en kan Britse onderdane daar enige misdaad pleeg en ongestraf na die Kolonie terugkoer. Eindelik kan die land ook nie die onkoste van militêre beskerming bekostig nie.

Uit hoofde van al hierdie feite is dit baie duidelik dat die kommandostelsel onontbeerlik is, en die gewone reg tydelik en plaaslik deur hom oorheers moet word wanneer omstandighede dit vereis. „...unless the Inhabitants of the Frontiers are made to defend themselves, by their personal Services, they must sink under the dangers to which their distant situation exposes them." Die kommandostelsel moet nie verwerp word alvorens iets beters in sy plek gestel kan word nie - aldus Cole in sy antwoord aan Stanley.(1) Cole verduidelik ook dat waar die grens deur patrollies en poste bewaak word die kommando's net uitgeroep word om die soldate hier in tyd van nood te steun en dan nie eens sonder om die regering se toestemming te vra nie. In die dele weg van die grens is die gewone wette in swang en tree kommando's nooit op nie. „In order to be useful in cases of extreme exigency, the commando law, as long as it lasts, must always be in operation, or it must entirely fail in its object.(2) Cole het die sisteem met alle mag verdedig en daar op gewys dat die burgers so bevrees was vir die kriminele wette dat hulle soms gehuiwer het om hulle persoon en eiendom selfs op 'n gerogverdigde wyse te verdedig.

Die Ordonnansie, wat die kommando's weer in die lewe roep het soos 'n bom onder die Kaffergesindes gebars. Hulle was

(1) Bell & Morrell: Brit. Colonial Policy p. 454.
(2) Ibidem.

woedend en het onmiddellik met 'n giftige propaganda begin om hierdie maatreël herroep te kry; hierin was hulle gesteun deur 'n deel van die plaaslike pers. Lord Stanley, wat onderwyl vir Lord Goderich as Staatssekretaris vir Kolonies opgevolg het, swig weldra voor die storm wat op Sir Lowry Cole en sy medewerkers se hoofde neergedaal het. Stanley beskrywe die Ordonnansie as 'n middel om die naturelle in hulle eie land te onderdruk „a means of gratifying the cupidity or the vengeance..." van die burgers. „....these commandos have been carried on with such disregard of human life and have been marked by acts of atrocious cruelty ... the system has been a fearful scourge to the native population." „....The sword is therefore to be drawn against whole bodies of people, at the bidding of a provisional constable."(1) Die kommando's kon voortaan nie net teen Boesmans, weggelope slawe en ander verstoorders van die vrede uitgeroep word nie, maar selfs onderdane van die Koning word nou buite die beskerming van die wet geplaas; Cole het s.i. te ver afgewyk van die „established principles of legislation." Die wet is nie tydelik maar permanent gemaak en daarom kan die Koning dit nie goedkeur nie.

Cole se Ordonnansie het maar 'n kort leeftyd op die wetboek gehad. Dit was gepasseer op 6 Junie 1833 en op 27 November van dieselfde jaar gee Stanley, nadat hy van Cole 'n breedvoerige rapport ontvang het, aan die Kaapse regering kennis dat die Ordonnansie nie goedgekeur kan word nie, en dat dit vanaf 1 Augustus 1834 as opgehef moet beskou word. Cole was onderwyl op eie versoek van sy pos ~~[illegible]~~ onthef en het op 10 Augustus 1833 Suid-Afrika verlaat.

Vir 14 jaar aaneen was daar gespartel om 'n naturellebeleid, wat vrede op die grense sou bewerkstellig, in die lewe

(1) C.O. 1908. Stanley - Durban, 27.11.33.

te roep. Dit was 'n tydperk in ons land se geskiedenis waarop ons as 'n nageslag werklik waar nooit trots kan wees nie. Die filantrope het beide in Suid-Afrika en in London daarvoor gesorg dat niks bestendigs uitgevoer word nie. Wat vandag opgebou word, is môre weer ongedaan gemaak. Die blankes, sowel as die naturelle, het nie geweet waar hulle onder hierdie weifelende optree van die overheid gestaan het nie. Toe Cole, en met hom sy nugtere politiek, uit Suid-Afrika verban was, het die land vir die soveelste keer op die rand van 'n vulkaan gestaan.

Durban, die opvolger van Cole, word gevra om maatreëls te tref om buitekant die raamwerk van kommando's, die grense teen die barbare te beskerm, om vriendskaplike betrekkings met die naburige kapteins aan te kweek „by stationing prudent and intelligent men among them as agents of your Government" en ook deur kleine geskenke aan hulle uit te doel.(1) In hoever Durban met hierdie beleid sukses sou behaal word in 'n volgende hoofstuk bespreek.

---

(1) C.O. 1908. Stanley - Durban, 27.11.33.

HOOFSTUK 16.

Die Kommando's tree weer op Tydens die Sesde Kafferoorlog.

1. Die Land gord hom andermaal aan tot die stryd.

Daar was vanaf 1820 tot Desember 1834 geen openlike en algemene breuk met die Kafferstamme gewees nie, soos in die vorige hoofstuk aangemerk is. Tog was die saad gesaai deur die laat-maar-loop politiek van daardie dae en was die uitbreek van 'n sesde oorlog maar net 'n kwessie van tyd gewees. Die verdrywe van Hacomo, nog voordat hy sy oeste kon insamel, het 'n groot wrok by die Kaffers agtergelaat en hulle het gehunker om na hulle ou woonplekke terug te keer. Die regering het toegelaat dat hulle eie reëlings verwerp of geleidelik ondergraaf word; hy het toegelaat dat gewetenlose demagoge die gesag van die owerheid by die Kaffers ondermyn en belaglik voorstel; in die Britse parlement word gedurig die gesag van die witman in Suid-Afrika ondermyn; die kommandostelsel word aan bande gelê terwyl daar gepleit word vir gelykstelling van wit en swart; die gekleurdes swerwe rond tussen die koloniste sonder dat 'n landloperswet daar gestel word om hulle bewegings te kon roleer. Op die grense word die burgers se kuddes verder en verder uitgedun, en perde word op 'n streep gesteel, om die witman se offensiewe kanse teen die vyand te verminder. Nog nooit te vore was die Kolonie in so 'n swak posisie om homself te verdedig nie, want die grense was feitlik van alle troepe ontbloot. Durban neem die bewind oor onder baie moeilike omstandighede; sy instruksies was om sonder die bystand van 'n kommandostelsel die grensmoeilikhede op te los en die Kaffers met verdrae as andersins tot vriende te maak.

Die onmiddellike oorsaak was die poging van patrollies om gesteelde vee by Eno en Tjalie se krale te gaan haal. Die patrollies word aangeval, 'n kaptein word gewond en sy vee gevat; volgens Kaffergebruik beteken dit oorlog. Op 21 Desember storm 15,000 Kaffers die Kolonie binne en saai verwoesting

en verderf net waar hulle trek; deur die gepeuter aan die kommandowette was selfs die burgerbevolking nie in 'n weerbare toestand nie en was die skade nog groter as dit sou gewees het as Cole nie in sy strewe -okortwiek was nie. Luitenant-kolonel Smith was weldra op die toneel om die bevel teen die vyand op hom te neem gevolg later deur Sir B. Durban in eie persoon. Die hele burgerbevolking word andermaal tot die stryd opgeroep en gebruik gemaak van die bestaande kommandomasinerie. Alle persone wat wapens kon dra, tussen die ouderdomme van 18 en 45 jaar, behalwe publieke amptenare, was aangesê om hulle vir diens aan te meld; krygswet word afgekondig en monsterrolle vir elke wyk, met vermelding agter die name of die persone gewapend en teperd is, word opgestel.(1) 'n Kopie van die krygswet word met die kommandeerbriewe saamgestuur en alle gekommandeerdes vermaan om nie besware te maak nie; ongehuudes word eerste gekommandeer en later, as nodig, ook gehuudes; bekwame basters uit elke wyk kan ook geneem word; elke wyk lewer verder vyf handperde en twee waens met alle benodighede; op elke plaas word minsten een „Kristen persoon" geldat.(2) Persone wat verskoon word, moet ~~die~~ waens, osse en perde lewer; alle onwilliges moet gerapporteer word, dog die veldkornette word gelas om „met verstand en goed beleid te werk te gaan."(3) Net soos met die vorige kommando's die geval was, moes langs die pad mondprovisies van die ingesetenes gekommandeer word sonder om vooraf die prys te bepaal, maar kwitansies moet darem uitgereik word; iemand ry elke dag vooruit om die benodighede te bestel. Die rantsoene was hierdie slag as volg bepaal: 1 pd. brood en 2 pd. vleis per dag vir elke burger, of Hottentot, 10 pd. hawer of gars en 10 pd. hooi, of 20 pd. hooi wanneer alleen, vir elke perd per dag vir 'n rit van ses uur; voer vir handperde was nie toegelaat nie.(4)

---

(1) GR. 9/68. Smith - CC. van GR. 7.1.35.
(2) Worc. 13/25, Theron - Truter 12.1.35; Worc. 17/14. Sirkul. aan Vk. deur Truter 10.1.35.
(3) GR. 16/53. CC. van GR. aan Vk. 16.2.35.
(4) GR. 9/68. Ziervogel - v. Wyk 13.1.35; Sw. 12/89, Uitg. Br. Jan. 1835

Die regering het ook vir die tuisfront gesorg deur die volgende bepalings: Burgers wat tuisbly gaan met hulle gewone beroepe voort „de helft van hen kunt gy vergunnen om na de Kaapstad te ryden met hunne waren ten markt, of hunne huizen om eenig ander reden te verlaten, en by hunne terugkomst kunt gy de andere helfte het zelvde toestaan"; daar mag egter nooit minder as die helfte tuis wees om wanneer nodig opgeroep te word nie; die veldkornette mag nie hulle poste verlaat sonder iemand in hulle plek aan te stel nie; dan moet hulle baie gou weer terug wees, want daar kan enig oomblik 'n trawal onder die swartes plaasvind en word hulle teenwoordigheid vereis.(1) Uit die Kommando Papieren blyk dat die volgende benodighede vereis was: ossewaens met beskote lere, ramkettings, jukke, toue, stroppe, skeie, bekwame trekosse, goeie ryperde, sakke meel, saals, tooms, groot yster potte met yster deksels, yster potlepels, „ysere Blecht vork," teerputse vol teer, swepe en stokke, kontante, „hard vet tot wagen-smeer", sout, bastors en Hottentotte, bokke en slagbeeste ens.(2) Ons kan nie op besonderhede ingaan nie maar noem net hierdie paar feite om aan te toon dat, hoewel alle kommando's sedert 1 Aug. 1834 afgeskaf was, dit maar weer die ou storie oor was; die burgers moet die spit afbyt sodra die moederland homself in 'n oorlog gedompel het.

Ons wil nie weer herhaal die gewone klagte nie van: vrek van diere in Kafferland, die onvolledige vergoeding wat betaal word, die ontbloot van die wyke, die voortrek van 'n buurman wat „met zyn geheele affaire" tuis sit, dubbele belastings, armoede en siektes. Oor die algemeen, in hierdie uur van gevaar, was elke burger op sy pos nieteenstaande die feit dat hy baie regmatige griewe het om oor te kla.

Die lot van Grahamstad in 1819 was nog vars voor die gees

---

(1) SW. 12/89. Uitg. Br. van VK. 26.1.35.
(2) Stb. Commando Papieren 726.

en daarom word hierdie slag ook gesorg vir die verdediging van die dorpe. Die stedelinge kry opdrag om self vir hulle eie beskerming teen die vyand in die bresse te tree; dit geld nie net vir die plekke na aan die grens nie, maar ook vir plekke wat ver van die gevaarsone geleë is.(1) Cuyler organiseer die burgers van Uitenhage-dorp en noem hulle „The Town of Uitenhage Volunteers" en dit het uit 'n troep infanterie en 'n troep Kavallerie bestaan.(2) So was daar ook die „Municipal Corps of Graaffreinet"; hulle uitrusting was as volg: vir die artillerie, „25 stands of arms with accoutrements complete and 27 swords and belts" - vir die kavallerie, 106 carbines, 108 paar pistole, Holsters, 107 'sabres' met gordels, 106 'cartridge Pouches and belts' en vir die Infanterie, 50 'Firelocks with Bayonets and accoutrements' benewens 7 swaarde vir die offisiere.(3) In Grahamstad word gestig die „Committee of Safety" met 5 leiers en 5 seksies van ongeveer 500 lede. Daar was ook baie vlugtelinge in Grahamstad wat almal om beskerming roep.(4) Hierdie vrywilligers was meesal Engelse onderdane en Setlaars wat op hierdie wyse van gewone kommandodiens vrygestel word en dus 'n maklike taak in hierdie uur van beproeving te vervul gehad het. Dit blyk dat die meeste meer begaan was oor hulle „accoutrements" as oor die land se welvaart en verdediging. Hierdie saak kom in 'n later hoofstuk weer ter sprake en daarom sluit ons dit hiermee af.

Die <u>ammunisie</u> vir die oorlog word gewoonlik direk na die landdroste naaste aan die grens gestuur sonder dat die betrokke distrikte daarvoor betaal. Die landdroste word verantwoordelik gehou dat dit nie vir private doeleindes gebesig word nie. Twee waens met ammunisie, onder eskorte van ene Stoffberg, word na Graaffreinet gestuur langs die veiligste pad. Daar was

---

(1) Worc. 11/13. Bell - CC. van Worc. 23.1.35; Alexander: Excursions in W. Afr. 11. p. 3.
(2) GR. 9/68, 27.1.35.
(3) GR. 9/68, HQ - Van Ryneveld 15.3.35.
(4) Cory, op. cit. III, p. 89.

15 vate kruit, 20 kaste loodkoeëls en vier vate vuurstene - daar was 500 vuurstene in elke vat. Veldkornet Olivier langs die pad word aangesê om Stoffberg van waens en voorspanne te voorsien en nog vier persone by die eskorte te voeg.(1)
Uit die stoor te Grahamstad word die volgende artikels vir kommandodiens verstrek: Tente, 5518½ pd. kruit, 23 pd. „Cannister of Gunpowder", kanonkoeëls 100, 32 pd. bokhaël, 400 pd. „iron grapeshot" en 216 pd. „Shot Cannisters"(2)
Daar was in 1836 baie gevalle van onwettige handel in ammunisie gewees. Die volgende wenke word gegee vir die dooddruk van hierdie handel: Die liksense aan private handelaars moet afgeskaf word en op elke dorp moet daar 'n magasyn wees waar goeie kruit teen 'n billike prys aangekoop kan word. Elke persoon kan een keer in ses maande van sy veldkornet 'n brief kry om 10 pd. kruit te gelyk aan te koop. Die landdros en veldkornet sal noukeurig boekhou van alle uitgiftes. Ook die handelaars mag nie meer as 10 pd. kruit tegelyk in hulle waens aanhou nie. Die stoorman sal die geld ontvang en ook in die profyt 'n aandeel hê. Terwyl die Groot Trek aan die gang was, is die verbod op vervoer van ammunisie nog strenger toegepas tot groot ongerief van die mense anderkant die Oranjerivier.(3)

2. <u>Die Burgermagte neem 'n Leidende Aandeel aan die Stryd en Oorlaai Hulleself met Roem.</u>

Die bekwaamste burgeroffisiere, waaronder veldkommandant Linde van Swellendam, 'n man van byna 80 jaar, trek aan die spits van die verskillende kommando's teen die vyand tevelde. Dis nie die plek om hier 'n volledige beskrywing te gee van hulle dapper dade nie, maar 'n paar grepies uit die veldtog is tog nodig om aan te toon hoe die burger veg wanneer hy onder

---

(1) Worc. 17/14. CC. Truter - CC. GR. 10.1.35 en 11.1.35.
(2) GR. 16/53. GR. - Storekeeper Grahamstad op 27.8.35.
(3) Gr. 16/54, GR. aan Sekr. van regering 3.3.36.

sy die offisiere op kommando in die veld is. Van die hele troepemag was omtrent helfte burgers geweer en hulle getal het op 1481 te staan gekom. Die vier afdelings was onder bevel van Kolonel Peddie, Kolonel Somerset, Majoor Cox en veldkommandant van Wyk. Aan die hoof van die hele mag het opgetree Kolonel Harry Smith. Die feit dat 'n boereveldkommandant aan die hoof van die vierde divisie gestaan het, spreek boekdele vir die vertroue wat die Britse bevelvoerders in hierdie man gestel het. Die Veldkommandant word gestel in bevel van 'n burgermag van 500 man om in noue samewerking met Kolonel Smith te werk te gaan. Sy taak was om Winterberg te deursoek en dan by Smith op Ft. Beaufort aan te sluit; ten einde die distrik in sy afwesigheid te beskerm moes hy al langs Stormbergspruit, en ook op ander plekke, as hy goeddink, klein poste aanlê; 'n verdere doel van hierdie poste was „reinforcing of Troops under my command" en om die noordgrens sodoende te versekureer. Smith spreek sy volle vertroue in die bekwaamheid van Van Wyk uit en hy beloof om die burgers van hierdie energieke veldkommandant so goed as kan wees met ammunisie en wapens uit te rus „to render them as effective as possible." Hy word gevra om toe te sien dat sy mense goeie rantsoene kry waarvoor die regering sal instaan. Daar word aan hom goeie prysе vir perde belowe wat hy gevra word om vir die troepe aan te koop.(1) Veldkommandant van Wyk het die vyand met sukses in die Amatolas aangeval en word deur die guerilla-wyse van oorlogvoer steeds in beweging en met skrik bevange toestand gehou. „Van Wyk was now conspicuously active with his men of Tarka in sweeping the country of the Kaffirs, in the open flats to the north of Albany."(2) Van Wyk bied selfs aan om Hintsa te gaan vang; Hintsa word

---

(1) GR. 9/68, HQ. Smith - van Wyk 13.8.35; (Smith: The Auto-Biography of Lieut.-Genl. Sir H. Smith, II, p. 338.
(2) Fairbridge: A Narrative of the irruption of Kafir hordes etc. pp. 146 - 147.

eindelik op die vlug gedrywe en later, in 'n poging om te ontvlug, doodgeskiet. In die geveg word 9 Kaffers gedood en 2,300 vee gebuit.[1] Sodra die vyand bemerk dat die troope deur die burgermag ondersteun word, het hulle baie gou die hasepad gekies.

'n Ander dapper burgeroffisier was die siviele kommissaris Van Ryneveld wat met sy Graaffreinetters baie gou in die veld was, maar hy wou nie graag onder Kaptein Armstrong dien nie.[2] Reeds op sy weg na die hoofkwartiere het hierdie kranige boereleier die Mankanzana, Cowie en Kagaberg van Kaffers gesuiwer, baie vyande gedood en groot buit aan vee geneem. „... thereby affording a bright example of what vigour, energy and expedition can effect."[3] Die linker kolom sou ook onder Kaptein Armstrong gestaan het, maar na die bedenkings van Van Ryneveld word dit net uit burgers saamgestel en voer Van Ryneveld self die bevel, terwyl Armstrong nou die verbinding tussen die senter en die linker kolom moes handhaaf. Van Ryneveld en sy manskappe het baie trots gevoel omdat hulle deur Smith uitgekies was om na die Suurveld te gaan en hulle het dan ook belowe om hulle dapper te gedra.[4]

Toe sy burgers op een oomblik begin vlug het voor die aanstormde vyand het veldkommandant Rademeyer sy hoed op die grond neergesmyt en gesweer dat hy nie verder sal retireer nie; hy was heeltemal omsingel met sy 25 dapperes; in die desperate geveg word 60 tot 70 Kaffers gedood; van sy eie monse sneuwel daar 5 en 7 word gewond. Hierdie daad word beskrywe as „one of the most briliant examples of intrepid determination, able management, and distinctive personal prowess that is upon record."[5] Ja, so hewig was die geveg dat die lyke van die

---

(1) Cory, op. cit. III, p. 124.
(2) Gr. 9/68. Somerset - van Ryneveld 8.1.35.
(3) GR. 9/68. Genl. Orders 10.1.35.
(4) Gr. 9/68 van Ryneveld - Berrange 14.1.35.
(5) Cory, op. cit. III, p. 115.

vyand op die van die burgers geval en dat kafferbloed die klere van die stryders besmeer het. So kan ons voortgaan om die aandeel van die burgers te skets, maar dis genoeg om aan te toon dat, hoewel die beleid van die oorlog in die hande van hooggeplaaste Britse offisiere berus het, die burgers lojaal en uiters dapper gevog het om die vyand onder te kry.

Die afloop van die veldtog is ten volle bekend en deur ander skrywers in besonderhede beskryf. Die Kosas word totaal verslaan en oor die Keirivier gedrywe; Hintsa word gedood in 'n poging om te ontsnap; die Tamboekies en Fingoes plaas hulleself onder Britse beskerming. 2,000 Fingoe-mans, 5,600 vroue, 9,200 kinders en 22,000 osse word deur die leër na die Kolonie saamgevoer. 'n Groot buit van vee word saamgebring om vir die verliese, wat die koloniste gely het, te vergoed.

3. <u>Het die Burgers Fingoekinders en Kaffervoe na Hulle Huise Meegevoer</u>?

In die oog van sekere kringe was die Boere niks meer as slawehandelaars en rowers nie. Dis daarom nie te verwonder as daar op een of ander tyd die aantyging gemaak sou word dat klein Kaffertjies deur kommandogangers gevang en as slawe huis-toe geneem word nie. Dit was trouens die aanklag toe die Hollandse bewind 'n verbitterde stryd teen die Boesmans gevoer het en ook by latere geleenthede. So word 'n brief uit Fort Beaufort gestuur wat 'n verklaring bevat van 'n Fingoemeid, Paslagaas genaamd, wat o.a. beweer dat 'n aantal Fingoekinders deur die kommando van VK. Visser, in geselskap van hulle diensbodes, meegevoer was. Veldkornet Visser word versoek om na Graaffreinet te kom om onder eed in verband met hierdie aanklag ondervra te word.(1) Dit blyk uit die ondersoek dat daar werklik vyf Fingoekindertjies sonder hulle ouers by die waens aanwesig was. Hierdie kinders is sonder meewete van die veldkornet, en ook op onwillige wyse, afgeneem, waarskynlik

(1) Cory, op. cit. III, p. 115.

van die naturel, en weesydse vertroue, bevorder sou word. Kaffers het ingestroom, met of sonder passe, en andermaal was roverye aan die orde van die dag. „He (Bourke) had to learn, however, as ~~theirs~~ others have done before him, that in order to realise all the circumstances of the intricate native question, it was necessary to move beyond the shadow of Table Mountain."(1)

Die „reprisal system", wat met soveel sorg deur Lord Ch. Somerset ingestel was en wat, met weinig uitsonderinge, baie goed gewerk het, was dus in een oomblik van die tafel gerool. Patrollies of kommando's was voortaan iets onwettigs. Hierdie skielike ommekeer in die naturellebeleid het gou op 'n mislukking uitgeloop. Selfs Bathurst moes skrik vir die gevolge van die Bourkestelsel. Hy skryf aan Bourke o.a. dat hy dit met hom volkome eens is dat weerwraak nie langer toegelaat kan word nie, maar hy wil weet watter middels hy aan die hand doen om die burgers te vergoed vir die skade wat hulle ly en hoe hy die kwaaddoeners gaan straf. „I can only hope that you have made the change after due enquiry, and that the measure which you have adopted will be attended with beneficial results."(2)

Die geskiedenis van die onmiddellike toekoms sou bewys hoe dom hierdie beleid van Bourke en sy trawante sou uitdraai. Hy het die patrollies afgeskaf en niks tasbaars in die plek daarvan gestel nie. Nie net sou die burgers, maar ook die Britse Setlaars, die suur vrugte pluk van die ewige getorring van die kommandostelsel. Nadat die Kaffers Duncan Campbell se krale aangeval het, was hierdie Skotsman baie boos en skryf as volg: „He will have vengeance, and a commando to teach them! He fumes at the absurd ideas prevailing with regard to 'conciliation'. Powder and ball, by G-d, is the only means of civilising them"(3)

---

(1) Cory, II, pp. 341 - 342.
(2) C.O. 1906 Bathurst - Bourke 2.7.26.
(3) Mc Millan: The Cape Colour Question p. 121.

4. Inmenging met Kaffertwisto: Oorlog Teen Fetcani e.a. Stamme.

In die jaar 1828 het 'n magtige en wrede loot van die Soeloenasie, onder die kaptein Hatiwana, die Tamboekiegebied vanuit die noorde binnegdring en die skrikbevange stamme voor hulle uitgedrywe. Hierdie Fetcani volk, soos hulle genoem word, het dood en verderf agtergelaat want hulle het 'n uitroei-oorlog gevoer en geen vrou of kind gespaar nie. Net soos in 1819 het die Kaapse regering besluit om aan die noodgeroep van die bedreigde stamme in die noorde gehoor te gee en met 'n sterk militêre- en burgermag die vyand te gemoet te trek. Selfs Tshaka, uit die verre noorde, trek oor die Oemtamvoenerivier om 'n verdere verskrikking te veroorsaak. Die Pondo's onder Fakoe vlug suidwaarts en op hulle beurt bring hulle weer die Tamboekies in beroering. Albei stamme was deur die Fetcani verslaan. Die Kaapse regering het met reg gevrees dat die Kosas oor die grense gedruk sou word en dat in hulle plek 'n nog gedugter vyand vir die Kolonie hom in die onmiddellike nabyheid sou vestig. Om hierdie gevaar die hoof te bied word 'n sterk kommando van militêre, Britse Setlaars en burgers op die been gebring; die oorblyfsels van die verslane stamme het almal by hierdie mag aangesluit om teen die gemeenskaplike vyand te opereer.

Hierdie kommando was onder bevel van Kolonel Somerset en Majoor Dundas en was eintlik 'n militêre ekspedisie, bygestaan deur 'n aantal burgers onder veldkommandant Durand, wat sy dienste vrywillig aangebied het. In 'n brief aan die overheid vertel Kol. Somerset dat hy nog nie nodig gehad het om die burgermag uit te roep nie, maar dat du Rand by hom is, „who has offered his services to remain with me for the present, in order that he may send for the Burghers, without delay should they be absolutely required."(1) Hierdie

(1) C.O. 600. Somerset - Bell 4.7.28.

kommando was dus hoofsaaklik 'n Britse kommando waar aan ook die Britse Setlaars vir die eerste en feitlik enigste keer, deel geneem het. Aan die boloop van die Oemtatarivier kom dit tot 'n botsing tussen die Fotcani en die kommando. Eersgenoemdes word totaal verpletter deur die troepe en die magte van Hintsa en Vusani, die aanvoerders van die Kosas en Tamboekies respektieflik. Die Kosas het na die geveg baie wreed teen die vyand se gevangenes, vroue en kinders, opgetree. Van hierdie gebeurtenis het die filantrope later handig gebruik gemaak toe hulle hulle finale aanvalle teen die kommando's geloods het.

Toe verneem word dat ook die wrede Tshaka oor die Oemtamvoenarivier trek en die wêreld woes en leeg agterlaat het die burgeroffisiere dadelik hulle burgers aangesê om gereed te wees om Kafferland binne te val om die vyand betyds in sy dolle vaart na die suide te stuit. Graaffreinet was eerste aangesê om waens, perde, voedsel vir ag dae en manskappe op te kommandeer en uit te trek tot by Fort Beaufort waar hulle van die nodige skietgoed voorsien sou word. Geen verskonings kon aangeneem word nie en elkeen moes met die meeste spoed hom daarheen begewe. „Die wat hulle skuldig maak aan ongehoorsaamheid sal met die meeste strengheid behandel word.(1) Stockenström belowe aan Majoor Somerset om op 20 Julie omtrent 250 man te Melk Rivieren te hê op wie se lojaliteit ten volle vertrou kon word. Die oudste veldkornet sal die bevel voer, sorg vir die goeie orde en vir krale vir vee en perde op die tog.(2) Die burgers kom eindelik op Fort Beaufort aan; hulle is vol moed hoewel die perde baie „afgereeden" was. Die voorraad brood was gedaan maar die burgers is tevrede mits hulle net genoeg vleis kry. Dit was egter nie nodig vir hierdie kommando om verder op te trek nie aangesien Tshaka omspring en weer noordwaarts hom begewe.

---

(1) GR. 16/44. Stockenström - Veldkornette 11.7.28.
(2) GR. 16/44. Orders 17.7.28; GR. 16/44. Stockenström - Somerset 14.7.28.

Daar was groot gevaar van die kant van rondtrekkende en vlugtende Kaffers en daarom word bevele uitgereik om hulp te verleen „by commando as may be deemed absolutely necessary"(1) Met die oog op die veiligheid van die grense word 10 veldkornette met hulle manskappe gekommandeer om 'n wakende oog te hou op enige voorval wat bereken is „tot verstorings van de rust van onze grenzen."(2) Die burgers was dan, soos ons hier sien, weer terdeë nodig en ook gereed om hulle aandeel aan die stryd te neem binne die raamwerk van hulle kommando's.

5. Makoma e.a. Kosakapteins word uit die Nutrale Gebied verdrywe.

Toe die nuwe goewerneur, Sir Lowry Cole, in 1828 aan die Kaap kom het hy dadelik die nadeel van die Bourkestelsel ingesien en andermaal 'n hele ommekeer in die naturellebeleid teweeg gebring. Die toegeeflikheid aan die Kosas het geen verbetering in die toestande tot stand gebring nie. Diefstalle het eenvoudig sy loop geneem en eerder vermeerder as verminder. Die blankes het die Kosas uit die kake van 'n groot gevaar gered toe hulle teen die Fetcani tevelde getrek het, maar in stede van dankbaar te wees, beloon hulle hierdie weldaad deur oor die 6,000 beeste in 'n paar weke so tyd te rowe. Die soldate was teruggetrek en selfs die Hottentotkorps ontbind. Die burgers en die Setlaars moes voortaan sien hoe hulle die mas op kry. Terwyl die regering die onsinnigste dekrete uitvaardig en alle weerwraak stopsit word militêre beskerming teruggetrek en sy enigste substituut, die kommandostelsel, in die ban gedoen. Onder die invloed van die filantrope was die outoriteite met blindheid geslaan. Die Kosa kapteins, Makomo, Tjalie, Botma en Eno bly woon in die afgestane gebied omdat hulle belowe het om hulle goed te gedra. Die Hottentotte kon voortaan onder Ord. 50 loop waar hulle wil en skep nou 'n nuwe bron van gevaar vir die blankes. Die

(1) C.C. 600. C.C. - Somerset 9.5.28.
(2) GR. 16/44. CC. van GR. - Vk. 12.7.28.

Tambookies begin die land binnestroom omdat Hakomo hulle aanval en hulle vee roof. Hakomo word daarop aangesê om die gebied te verlaat, en toe hy weier word 'n kommando teen hom uitgestuur om hom te verdryf. 'n Sterk kommando onder bevel van Luit.-Kol. Somerset val Hakomo se kraal aan. Hy word eers geseebat, en toe met vernietiging van alles wat hy besit bedreig, maar alles te vergeefs. Toe hy weier die vergoeding van 3,000 beeste te betaal, en sy vee al hoe verder terugdryf, is sy kraal aan brand gesteek en moes hy die vlug neem. Die kommando het aan Hakomo gevoelige verliese berokken want dit was oestyd en hy moes sy graan net so in die steek laat. Die Filantrope het die dade van hierdie kommando sterk veroordeel en gemeen dat daar baie wreed en hardhandig opgetree was. So was die kwaadstoker Hakomo dan uiteindelik uit die nutrale gebied verwyder terwyl kleinere kapteins nog daar bly woon het.

Tjali, Botma en Eno maak hulle ook weldra aan diefstal skuldig en val selfs die Hottentotte aan by Katrivier. Binne ses weke na Hakomo se verdryf word weer 5,000 vee gesteel. Dr. Philip besoek in eie persoon hierdie kapteins dog hulle gedrag was daarna nog parmantiger as tevore. Die Kaffers slyp hulle assegaaie en maak skildvelle gereed vir 'n aanval op die Kolonie. Teen sy sin moes Stockenström, wat nou die nuwe tittel van Kommissaris-generaal van die grense dra, toestemming verleen tot die stuur van 'n kommando om hierdie kapteins op hulle plek te sit. Die burgers was kopsku en wou nie graag hierdie slag die kastaiings vir die Britse regering uit die vuur gaan krap nie maar wat kon hulle doen, aangesien hulle bedreig word met die verlies van hulle gronde as hulle weier om te gehoorsaam. Hierdie kommando onder Luit.-Kol. Somerset het vir harde kritiek ingekom by die negrofieliste omdat hulle op 17.6.30 vir Zeko en ses van sy mense doodgeskiet het. Dis nie die plek hier om op besonderhede van die gebeurtenis in te gaan nie maar ek kan net die feit konstateer

dat die Kaffers probeer het om die buit van 2,500 beeste uit hande van Veldkornet Erasmus se mense te vat en dat in die skermutseling, wat daarop gevolg het hierdie Kaffers gedood was. Erasmus se optree was destyds deur beide Stockenström en Somerset geloof en geregverdig.

Die weifelende politiek wat in hierdie dae teenoor die barbaarse stamme gevolg was kom nêrens beter uit as juis in sake die toegeeflikheid van die outoriteite, wat eers die Kaffers uit die afgestane gebied verdrywe, daarna sekere kapteins permiteer om daar te gaan woon en dan eindelik weer na die wapens gryp om hulle daaruit te boender. Eers word weerwraakmiddels toelaatbaar geag, toe word die patrollies en kommando's andermaal verbied om later weer deur Cole herstel te word - en dit alles binne die tydperk van 10 jaar!

6. Kommissaris-Generaal Stockenström en Patrollies.

Die pos van Kommissaris-generaal is in 1828 in die lewe geroep. Die Siviele-Kommissarisse wat nou die plek van die landdroste inneem, moes sy bevele volg. Dit was nie bedoel dat hy hom met die gewone roetine van hierdie amptenare moes bemoei nie, maar hy moes 'n jaarlikse inspeksie deur die distrik hou, aansoek om grond behandel, die boeke nasien en toesien dat die ordonnansies uitgevoer word.(1) Vir hierdie belangrike, dog eienaardige betrekking, word landdros Stockenström benoem. Tot Kommandant van die grense word weer aangestel Luit.-Kol. Somerset wat reeds belangrike dienste aan die land gelewer het. Hiordie twee manne was tydgenote en uit die aard van hulle werksaamhede sou dit weldra blyk dat botsings onvermydelik moet plaasvind.

Een van Stockenström se eerste werksaamhede was om die plek en optree van patrollies, wat nou weer toelaatbaar deur Cole gestel was, nader te bepaal. Die burgers tussen die Visrivier en die kaffergrense word saam met die basters en

(1) Gr. 8/19. Bevele van 8.4.29 aan CC. van Gr.

die Hottentotte in partye of patrollies van 20 man elk verdeel onder aanvoering van 'n provisionele veldkornet. Bedags word die vee deur gewapende wagters opgepas maar snags moes hulle in krale slaap. Wanneer vee geroof word moes die helfte van die manne die rowers agtervolg terwyl die ander helfte agterbly om die wagpos te beskerm. Die partye moes mekaar bystaan en nie te ver weg trek nie; vee, wat nie opgepas of snags in die kraal was nie, hoef nie teruggehaal te word nie. "Under no pretence whatever shall Caffer Cattle be retaken for stolen cattle, without special order..." Wanneer veld skaars word, kan die partye na ander plekke trek op voorwaarde dat hulle kennis gee aan die veldkornette, en mits hulle nie daar permanent gaan woon, grond bewerk of daarop aanspraak maak nie. As die droogte verby is, moet hulle na hulle ou staanplek terugkeer. Lyste van hierdie partye word aan die veldkornette gestuur wat moet kyk dat almal die bevele uitvoer; die wat ongehoorsaam is, word uit hierdie streek verwyder.(1)

Stockenström lê ook die beleid neer vir die kommando's of patrollies, wat die spoor van die geroofde vee moet volg: "Therefore I am humbly of opinion that no cattle should be followed up if the robbery be not known at the time it happens, and then it should be done immediately. If this be at night, out of the Kraals, the pursuit should commence at furthest at day break next morning. If the same cattle be not overtaken it is a proof of neglect except in peculiar cases and no Caffer Cattle should be taken in lieu; or if in any particular case the alternative should be unavoidable the cattle should not be delivered to the claimant but to the Civil Commissioner who should enquire as to the number actually lost, and the guilt of the Kraal thus taxed."(2) Hy sê verder

(1) C.O. 619. Stockenström se bevele aan VK. op 19.5.29.
(2) C.O. 619. Stockenström - Goewt. Skr., 5.5.29 en 2.7.29.

dat hy weet in sekere kringe hierdie beleid nie byval sal vind nie omdat party burgers te lief geword het vir „patrolling" en dit as tydverdryf beskou. Stockenström is verder van opinie dat patrollies 'n seldsaamheid sal word indien meer waaksaamheid en versigtigheid aan die dag gelê word en 'n ferm, dog regverdige, politiek teenoor die Kaffers gevolg word.

Stockenström het sy los geleer toe hy die kommando teen Zeko toegelaat en die vernaamste skuldiges ontsnap het. Hy vertel hoe ons plunderaars maak van die Boere as ons hulle toelaat om vee te haal wat hulle verloor of meen dat hulle verloor het; die Kaffers word ook rovers as ons uit weerwraak die vee van onskuldiges in beslag neem. Daarom gee hy instruksies dat vee net tot by die kraal, waarheen die spoor lei, agtervolg moet word; dat geen enkele bees behalwe die gesteeldes na die Kolonie gebring en dat geen Kaffer behalwe in selfverdediging geskiet mag word nie; die vee van Tamboekies mag wel na die Kolonie gebring word, maar dit moet aan Stockenström of aan Luit.-Kol. Somerset oorhandig word. Na afloop van die tog word 'n rapport aan die Siviele-Kommissaris gemaak en die offisiere bly aanspreeklik vir die gedrag van hulle manskappe.(1)

Die Kommissaris-generaal het gesorg met die stuur van patrollies dat die distrikte nie ontbloot word van weerbare manne nie; hy wou ook nie hê dat die jong en ongeoefende seuns tot hierdie patrollies gebruik word nie en sien liewers dat by gebrek aan manne, bekwame Hottentotte saamgaan.(2) Die dieve sou deur die patrollies, wat die Koonap-rivier afry, afgesny word; Somerset was oortuig van die feit dat die kleiner kapteins met die dieve gemene saak maak want hulle stuur nie al die vee terug nie dog was gewoon om net klein klompies te stuur om die overheid kwansuis van hulle

(1) C.O. 619. Stockenström - Sekr. van Goevt., 9.5.29.
(2) C.O. 619. Stockenström - CC. van Uitenhage en George 1.9.29.

velwillende meewerking te oortuig.[1]

Stockenström was van mening dat die patrollies teen die Kaffers net uit militêre elemente moes bestaan, maar nou het Luit.-Kol. Somerset graag burgers saam geneem sodat hulle persoonlik hulle perde en ander vee kon uitken en sodoende „reprisals" vermy word. Die Kaffers lê alle blaam op die patrollies „they were unanimous in tracing all the evils of the frontier to the seizure of the property of the Caffers".[2] Stockenström beskou die patrollies as nutteloos omdat hulle maar net vrees inboesem. Die burgers moes liewer tuis gelaat word om hulle vee op te pas en hulle op die wyse te verhinder om te beweer dat hulle vee geroof en die wagters gedood was in hulle afwesigheid op patrollies. Soos sake nou staan is daar 430 man wat kuddes op 108 plekke moet bewaak.[3]

Daar word voorgestel om diewe in die vervolg 'n vonnis van baie jare hardearbeid op te lê op 'n plek waar hulle nie kan ontsnap nie. Dit sou ander kwaaddoeners afskrik en ook die kapteins se argumente ontsenu as sou ons diewe weer los laat wat dan weer vir hulle kom plunder.[4] Aan die ander kant het Stockenström gedurig gepleit vir meer menslikheid teenoor die vroue en kinders want so dikwels word die kommando's van wreedheid betig. Tog, so meen Stockenström, is voorbeelde van hardheid soms nodig om die grense in enige mate bewoonbaar te maak.[5]

Die werksaamhede van die Kommissaris-generaal en die Kommandant van die grense was nie baie duidelik omlyn nie en botsinge tussen die siviele en militêre magte, deur hierdie twee manne respektieflik verteenwoordig, was op die duur onvermydelik. Stockenström klo dat hy in die duister gehou word in verband met die stuur van kommando's terwyl hy weer

---

(1) C.O. 619. Somerset - Stockenström 4.9.29.
(2) C.O. 654. Stockenström - Goewt. Sekr. 1830.
(3) Ibidem.
(4) C.O. 654. Stockenström - Goewt. Sekr. 11.1.30.
(5) C.O. 647. Stockenström - Goewt. Sekr. 13.7.30.

beskuldig word daarvan dat hy sy neus steek in dinge wat hy niks mee te maak het nie. In September 1831 het Somerset om 'n kommando aansoek gedoen om te gaan beeste terughaal. Stockenström sê dis sy plig om uit te vind of 'n kommando nodig is al dan nie, en het in hierdie geval die noodsaaklikheid daarvan nie ingesien nie. Somerset wend hom toe na die goewerneur, wat, nie wetende wat reeds plaasgevind het nie, die aansoek van Somerset toestaan.(1) Stockenström was 'n man met 'n grief en moeilik om mee saam te werk. Kort hierop lê Stockenström sy betrekking neer en gaan met verlof na Engeland.

7. Sir Lowry Cole Herstel die Kommandostelsel in sy Beste Vorm?

Cole het in 1828 as goewerneur in Suid-Afrika aangekom. Dit was in hierdie jaar dat Dr. Philip sy „Researches in South Africa" die lig laat sien het; dit was ook in hierdie tyd dat die Kaapse regering Ordonnansie nommer 49 van toepassing maak en die Kaffers vrylik toelaat om oor die grense rond te dwaal. In 1828 word verder Ordonnansie nommer 50 gepasseer en was ook nou alle vrye gekleurdes toegelaat om sonder enige beperkings in die land rond te swerve. Filantrope vier hoogty in Suid-Afrika en dit sou spoedig blyk dat dit vir 'n regskape goewerneur van die kaliber van Cole hard sou wees om die versene teen die prikkels te slaan.

Ordonnansie nommer 49 was oorsaak dat die Kaffers oor die grens kom om te bedel en te steel. Cole wou dit nie langer duld nie en een van sy eerste dade was om hierdie gevaarlike ordonnansie in Aug. 1829 te herroep; hy laat alle Kaffers vang wat voortaan dit sou waag om sonder passe rond te loop. Cole se tweede stap was om die verbod op patrollies, wat gesteelde vee in Kafferland gaan opspoor, weer op te hef en

(1) Cory, op. cit. II, p. 446.

die kommandostelsel ten dele op die been te bring. Hy keur dan ook 'n kommando goed in 1832 op voorwaarde dat die Kaffers, deur wie se gebied die kommando trek, nie molesteer sou word nie. Vir die skuldiges egter kan geen barmhartigheid betoon word en is geen straf dan ook te swaar nie; vroue en kinders moet egter gespaar word.(1) Aan veldkommandant Jacobs word bevel gegee om die gewapende burgers van sy veldkornetskappe onder die wapens te roep vir hulle eie beskerming en dit sonder op verlof van die owerheid te wag.(2) Binne 'n kort tydjie het hierdie versiende goewerneur 'n end aan rondlopery gemaak, Makomo uit die afgestane gebied doen verwyder, 'n dief in die openbaar laat ophang en Sandili in die plek van Gaika as opperhoof aangestel.

Cole was baie teleurgestel met die hele koloniale administrasie soos hy dit met sy koms in Suid-Afrika aangetref het. Daar was 'n jammerlike gebrek aan soldate en polisie om die rondlopers en die stropers op die grense in toom te hou. Die burgers geniet nie die nodige beskerming nie en het begin om te weier om op kommando uit te trek. Die 'Cape Corps' is in 1827 reeds afgeskaf en van toe af was meer dienste van die burgers verlang. Trouens was die burger 'n groot besparing vir die administrasie gewees want hy verskaf sy eie perd en ontvang geen soldy nie. Dis daarom nie te verwonder nie dat in September 1828 die inwoners van Brakrivier, Tarka en Agter Sneeuwberg vrystelling van kommandodiens eis omdat in hulle afwesigheid hulle groot verliese moes ly. By al hierdie moeilikhede moes Cole nog die bittere aanvalle van Dr. Philip en sy trawante op sy beleid ontgelde.

Op 6 Junie 1833 passeer die goewernour-in-rade die beroemde Ordonansie Nommer 90 waardeur die kommandostelsel in sy volle glorie andermaal op die wetboek geplaas word.

---

(1) GR. 8/22. C.O. - CC. van GR. 13.9.32.
(2) GR. 8/23. Bell - CC. van GR. 8.2.33.

word toe ondersoek ingestel.[1] 'n Ander persoon klo dat hy op kommando moet gaan terwyl Marais sy twee groot seuns tuishou, benevens al sy familie, en dat Wymore self 'n Boesman in sy plek gestuur het; en nou word ander mense van hulle tuistes weggeneem.[2]

Selfs in raadsvergaderinge was daar soms gebrek aan dissipline en eerbied vir die overheid, soos blyk uit die geval van oudveldkornet Malan, wat kom klo omdat hy te min geld vir sy dienste ontvang het. Hy het hom sonder verlof in een van die afwesige lede se stoele neergeplak en het „in eene tomeloze drift" die geld op die tafel neergegooi. Vir sy onmanierlikheid word hy met 25 rd. beboet.[3] Hoe seer die burgers in hierdie tyd op hulle eer gesteld was, kan ons uit baie voorvalle aantoon. Ons noem hier net die geval du Preez, wat volgens sy veldkornet se getuienis, geweier het om op patrollie te gaan, omdat hy deur 'n provisionele veldkornet, „Profisji", soos hy hom noem, gekommandeer was.[4] Ten einde dus die vereiste dissipline te kon handhaaf, moes die offisiere op elk gebied in die spoor trap en was dit dan ook geen wonder dat die overheid sovoel moeite gedoen het om die bekwaamste manne as veldkornette, veldkommandante ens., benoem te kry nie.

'n Saak, wat baie ondermynend op die dissipline van soldate en burgers gewerk het, was die gewoonte om die mense te besig om <u>vee op te pas</u>. Daar is sekor niks wat 'n mens so versleg as om stil te lê en niks te doen te hê nie. Ons weet almal watter swak plaaswerkers die persone is, wat vir baie jare net vee opgepas het. Die kommando's het soms groot troppe vee van die Kaffers gebuit en dan moes hierdie vee vir weke en maande opgepas word voordat daar restitusie of vergoeding kon geskied. In 1818 was daar baie sulke vee wat op Grahamstad

(1) GR. 16/8. Stockenström - Baird. 14.4.19.
(2) GR. 16/8. Stockenström - Baird. 16.4.19.
(3) Nore. 1/4. Notule 6.3.20.
(4) BW. 9/45. Burgert - Baird. 18.6.19.

se dorpsgronde deur burgers opgepas moes word.[1] Dis nie reg duidelik waarom burgers uit Graaffreinet moes gehaal word om hierdie tipe van werk te verrig nie. Waar was die Grahamstatters dan? By die afloop van 'n kommando het die overheid, sonder meer, manskappe gekommandeer en agter gehou om hierdie half vernederende werk te verrig. 'n Sekere Jacobson het 'n hewige aanval op sy veldkornet gedoen en beweer dat hy van geen wet weet wat 'n burger kan verplig om te gaan bees oppas vir die regering nie. Die overheid het daar egter anders oor gedink, vir Jacobson laat arresteer en in sy eie huis onder arres geplaas.[2] So min word van hierdie bees oppas gedink dat daar selfs gevalle voorgekom het dat mense oenvoudig sonder verlof die beeste aan 'n seun ~~oorhandig~~ afgee en wegry, selfs sonder 'n lys van die vee te oorhandig.[3]

'n Engelse skrywer Ward kan homself nie bedwing om met die dapper Engelse soldate te spot nie - hulle wat anders onoorwinlik mag wees, word hier in Suid-Afrika as veewagters gebruik. Hy sê dis 'n baie koddige gesig om na 'n geveg met die Kaffers die militêre vee te sien aanja na Grahamstad. „How would some oupas and mammas be horrified at seeing their gentlemanlike sons heading the party, and playing the part of principal herdsmen on the redoubtable occasion."[4]

Wanneer die Boer op kommando is, wil hy weg en klaar kry om weer te kan huis-toe gaan. By die huis is sy teenwoordigheid dringend nodig. Sy familie en boerdery is gedurig aan verwaarlosing en allerhande gevare blootgestel. Dis dan ook geen wonder dat Veldkommandant Nel, kort na sy aankoms op die grense, vra om gou afgelos te mag word nie. Hy sê dat hy nie langer so vrugteloos kan bly lê nie, want sy kontrei is ontbloot en sy manskappe raak ongeduldig omdat daar vir hulle niks te doen val nie. Nel beweer verder dat Luit.-Kol. Millshire hom

---

(1) GR. 9/71. Page - Stockenström. 18.12.18.
(2) GR. 16/18. Uitg. Br. 30.4.19.
(3) B.W. 9/45. Mulders - Baird. 29.6.19.
(4) Ward: Five Years in Kaffirland, Vol. I, p. 201.

net gebruik vir patrolliedions en dat dit gladnie strook met sy opdrag ten tyde van sy benoeming nie, teweto „hoofdzakelyk ten dool heeft het geweld der Kaffers op de Grenzen te betougelen."(1) Elke offisier weet ook dat dit geen gemaklike taak is om die tug te handhaaf as daar nie gevog of gewerk word nie. Wanneer daar stil gelê word het die veldkommandant gedurig te doen met aansoeke om verlof vir huis-toe gaan. Gee hy aan een hierdie verlof dan stroom verdere aansoeke in. Die gevolg is klagtes en allerhande tekens van insubordinasie by onderoffisiere sowel as gewone manskappe.

In tyd van oorlog word gewoonlik gerugte versproei en word, 'n hele „riemtelegram" fabriek in die lewe geroep; die mens is ongetwyfeld in die reël baie liggelowig en 'n oorlogspoging van 'n regering kan oneindig deur sulke lospraatjies in die wiele gery word. Die volgende gerug dien as voorbeeld: Danster het die kolonie binne geval en hy sou gesê het dat „hulley sal net de vrouwes com water drinken en same ete."(2) Die regering was verplig, ter wille van die dissipline onder sy burgers, 'n proklemasie teen alle oproermakers en versproiders van valse gerugte uit te vaardig.(3) Ook moes Kommandant van Reenen in een van sy briewe aan die landdros oor hierdie riemtelegramme as volg getuig: „Hoewel de monden der meeste Buitenlieden vervuld zyn met verhaalen van Strooperyen der Kaffers nog erger dan de betooverde waereld met geesten en sprooken ben ik niet voornoemen Uw.Ed. met denzelven lastig te vallen..."(4) Daar is ook rondvertel dat die burgers op kommando verplig was om perdevleis te eet; die segsman kon egter nie gevind word nie.(5) Die burgers het begin ongeduldig word omdat hulle meesal moes leeglê, en daarby kom toe nog allerhande kwade gerugte om hulle verder te verontrus. Met die familie word daar in die oorlogstyd 'n

---

(1) Worc. 13/12. Mel - Fischer. 30.8.19; Worc. 17/8 Mol - Fischer 7.7.19.
(2) GR. 11/2 op 3.6.19.
(3) GR. 9/68. Mei 1819.
(4) GR. 9/68. Van Reenen - Stoll 11.6.19.
(5) GR. 11/2. Uit Dagregister 5.6.19.

gereelde korrespondensie aan die gang gehou en dis natuurlik dat daar navraag gedoen sal word omtrent die stories wat die ronde doen. Stockenström het selfs aan die hand gedoen om alle briefwisseling met die gesinne tuis stop te sit: „but I should certainly wish to see them once fairly cut off from that daily correspondence with their wives and families which cannot but have a bad effect on their minds in their present inactive state."(1)

Die posmeester van Grahamstad het opdrag ontvang om alle briewe, uit ander distrikte en vir kommandogangers bestemd, vry van posgeld af te gee. Verder word alle briewe aan familielede tuis posvry na hulle adresse afgestuur mits hulle deur hulle offisiere gefrankeer gemerk is. Die volgende woorde het op die koevert verskyn:

„Vorm zonder Postgeld (of frankeeren)
„Burger's Brief Vry. Jan. 1835.
Getekend.....
Veldcornet, of Commandant:
Of Kaptein der Troep.(2)

Ook in die oorlog van 1835 was daar valse gerugte in omloop en was dit nodig om die volgende waarskuwing te publiseer:

<u>Advertentie</u>: „Nademaal er dagelyksche Valsch geruchten worden verspreid met betrekking tot de Staat van de Grenzen, waardoor de Ingezetenen worden verontrust, zo word het Publiek by deze ernstig gewaarschuwd dat voortaan met de Zodanige Valsche Rapporteurs, by overtuiging in gevolge de wetten zullen worden gehandeld."(3)

<u>Drank misbruik</u> kon ook lei tot die ondermyning van die dissipline van 'n leër en daarom is te verwagte dat omtrent die gebruik en misbruik van sterke drank melding gemaak sou word in die oorkondes van hierdie tydperk. Uit die voorgaande geskiedenis van die kommando's het die skryver hiervan reeds verhaal hoe die kommando's, veral uit die Hollandse tydperk,

---

(1) GR. 16/8. Stockenström - Wilshire. 7.7.19.
(2) GR. 9/68. Prokl. van Smith. 19.1.35.
(3) Stellenbosch 726. CC. - Bureau te Stb. 28.1.35.

drank saam gevoer het om aan die Hottentotte, wat die togte meemaak, uit te deel. Daar is nie veel gegewens, in sake drank op kommando, teengekom met my navorsing nie. Dis egter van belang om die paar feite oor die saak in hierdie verband op te teken. Die overheid het in die eerste plek ten onemale die verskaf van drank aan Dragonders en andere gereelde troepe verbied.(1) Die Britse offisiere het egter baie gehou van 'n sopie. Kapitein Andrews skrywe aan die landdros van Graaffreinet om uit te vind waar hy 'n bietjie goeie drank kon bekom tot tyd en wyl sy eie voorrade sou opdaag. Hy skrywe as volg: „I am but an invalid at present and having nothing better to drink than a little spirits which does not agree with me, and not one drop of wine is to be got at Grahamstown."(2)

Dit was 'n oortreding geag om sterke drank aan baasters en ander vreemde naaies te verskaf. Alle sulke drank word vernietig of gekonfiskeer. Ook was drankverkoop op die jaarmarke in Kafferland verbied gewees.(3) Reeds in daardie dae was die verkoop van drank in sekere mate 'n monopolie van die Uitlanders geword. 'n Sekere Crawford vra vrystelling van kommandodiens omdat hy 'n handelaar was in sterke drank. Die landdros antwoord hierdie man wat sy eie belang stel bo die van die land in die volgende woorde: „I beg to say that I do not know of any law which excuses you from burgher Services because you have taken out a license to deal in Liquors in this Town." Hy word egter tuis gelaat deur die veldkornet, mits niemand aanstoot sou neem nie.(4)

Die burgers op kommando het drank onder sekere voorwaardes ontvang. Willshird skrywe aan landdros Stockenström dat hy nie 'n vat kon kry om 'n bietjie „spirits" aan die kommando te verskaf nie. Hy wou dit vir Stockenström se burgers meer aangenaam maak en sê verder: „I am quite sensible how much of service

(1) GR. 16/8. Uitg. Br. Stockenström - Willshire. 26.6.19.
(2) GR. 9/68. 15.1.14.
(3) GR. 16/22. Gr. - Ir. Vk. Vermeulen 30.7.28; Pretoria Arg. Prokl. 1806 - 1825.
(4) GR. 16/44. GR. - Crawford 17.7.28.

it be for them and how well they deserve it..."[1]

Landdros Stockenström het verneem dat veral op die wagposte ongereeldhede plaasvind as gevolg van die misbruik van sterke drank. Hy onderstreep die feit dat sommige burgers die poste in gevaar kan bring en „hunnen gooden naam van ordentelykheid en Maatigheid verliezen" en vaardig toe die volgende bevele uit:

1. Daar mag geen sterke drank aan enige persoon op die wag of op kommando verkoop, verruil of gegee word nie sonder die toestemming van 'n offisier. 'n Boete van 200 Rd. kan opgelê word en 'n offisier ontvang verlof om alle onwettige drank te vernietig en die vate stukkend te slaan.
2. Drank wat tekoop aangebied word, mag deur die offisier in bevel tot buite bereik van die kommando of wagpos verwyder word.
3. In geval daar deur die vyand 'n dorp aangeval word, kan die landdros „den Pagter beveelen, zyn Taphuis te sluiten..." Indien die Pagter meer drank uitdeel as wat deur die landdros beveel was, moes hy die Pagter se wyn „in de straat doen uitstorten" en die eienaar as 'n rusverstoorder doen arresteer.
4. „Het recht is hier in aan den officiers gelaaten om wanneer hy het nodig oordeelt Manschappen drank te doen genieten, omdat den Landdrost weet dat de meesten der geenen die thans dienst doen, Vatsoenlyke Burgers zyn, die hun maat weeten, en dat maar weinigen (voornaamlyk Hottentotten) deeze bedwinging nodig hebben, nemende dit echter niet weg dat de officiers verantwoordelyk worden gehouden dat hunne Manschappen nugteren blyven..."[2]

Kopies van hierdie instruksies is aan alle veldkommandante, veldkornette en andere gestuur.

In 1829 moes Stockenström weer sy bevele in werking stel. Hy bepaal dat alle sterk drank, wat verkeerdelik op partye gebruik word, vernietig, en alle dronkaards uit die gebied verban

(1) Stb. Ink. Br. 170. Landdros - Van Rynevold 18.2.20.
(2) GR. 14/4. Deur Stockenström te Cradock uitgevaardig op 3.7.19.

sou word.[1] Op die manier het die owerhede in daardie dae die euwels van drankmisbruik bestry en probeer om die weermagte ongeskonde en gedissiplineerd te handhaaf sonder om 'n totale verbod te lê op die nuttig van drank op kommando's in die veld.

---

(1) C.O. 619. Bevele van Stockenström aan veldkommandante in bevel van patrollies op 2.7.29.

HOOFSTUK 15.

Na 'n Periode van Weifeling en Proefneming word die Kommandostelsel Ondermaal Deur Goewerneur Cole in Ere Herstel. (1821 - 1833).

1. Dappere burgers word met ondank beloon.

Die oorlog was pas afgeloop toe die Britse Setlaars in Suid-Afrika voet aan wal sit. Die idee van 'n digte blanke bevolking op die Kaffergrense, om te dien as 'n buffer teen die vyand van oorkant die Visrivier, was nike nuuts nie. Reeds het Sir John Cradock in sy tyd aan hierdie skema sy aandag gegee, maar by gebrek aan geskikte noersetters, en die nodige beskermingsmiddels, kon sy planne nie tot rypheid kom nie. Die Britse regering het geneen dat die Setlaars in die Suurveld 'n goedkope en doeltreffende middel sal blyk te wees om die barbare op hul plek te sit en die laste vir die belastingbetaler in Engeland te verlig. Dit het egter spoedig aan die lig gekom dat hierdie Britte, weens hulle onbekendheid met die land en sy bewoners, nie opgewasse was vir die harde taak om op patrollie te gaan met die doel om gestole vee te gaan soek nie. Daar benewens was hulle swak perderuiters en ook nie juis groot veeboere, wat daeliks aan die onheile van veediefstal blootgestel was nie. Hulle het meer lus gehad om so nou en dan hulle plase in die steek te laat om met die Kaffers oor die grense te gaan handel drywe. Dis derhalwe baie duidelik dat dit maar weer vir die soveelste keer die werk van die burger sou wees om op die gevaarlike togte teen die gemeenskaplike vyand teveldo te trek.

Toe die Vyfde Kafferoorlog afgeloop was, word die burgers met die grootste lof oorlaai van weë hulle dapperheid en uithouvermoë tydens hierdie bittere en lange stryd in die veld. Die goewerneur skryf o.a. as volg aan die Landdros van Swellendam: "His Excellency relies upon that zeal which has so eminently distinguished the Swellendam District, and he

trusts that returning tranquillity will amply repay the exertions and sacrifices which the inhabitants have so creditably to themselves, met with so much alacrity."(1) Die burgers het 'n besondere moeilike tydjie deurgemaak; byna drie kwart van hulle perde is dood aan perdesiekte; daar was 'n 2000 van die burgers op kommando, ten volle op eie koste uitgerus en dit sonder enige betaling; toe hulle tuis kom was hulle bykans naak en sonder skoene aan die voete. Nogtans het hulle alles uitgehou en verdra sonder om te murmureer, wetende dat hulle in belang van hulle land alles opgeoffer het. „Ik kan niet uitdrukken met hoe veel genoegen ik de dienswilligheid van de Ingezetenen overal zie om hun Land te verdedigen, zo dat ik my verzekerd houd dat ik de voordeelige beschryving, die ik van hunne getrouheid gan 't Gouvernement heb gegeeven altyd zal kunnen staande houden."(2) Toe daar in 1823 'n aanval op die Kaffers gemaak moes word, het die burgers andermaal getoon van watter staal hulle gemaak was en moes daar in die volgende woorde omtrent hulle dapperheid getuig word: „Het is een bron van hartelyke voldoening voor Zyne Excellentie, dat by elke gelegenheid, die hy gehad heeft, om de Burgers, die tot verdediging van hun land opgeroepen worden, toe te spreken, hy niet anders kan als hunne vaderlandsliefde, yver en verknochtheid te moeten erkennen."(3) Hulle word verseker dat van overheidswee hulle welvaart en geluk gesoek word. Dit was 'n vasstaande reël geword dat geen patrollie of kommando van soldate Kafferland durf binne gaan sonder dat dit van 'n sterk afdeling burgers vergesel word nie.

Met die afsluit van die oorlog in 1819 word die hele gebied tussen die Vis- en Keiskama-riviere van die Kaffers afgeneem en verklaar tot 'n nutrale gebied, waar dit verbode sou wees vir blankes en Kaffers om te woon. Die filantrope, beide

---

(1) SW. 11/8. Bird - L.& H. 28.5.19.
(2) GR. Uitg. Br. 16/8. Sirkulêre aan Vk. 20.4.19.
(3) Pretoria Arg. Proklamation; 1806 - 1825. Goevt. Advertensie 19.12.23.; Rec. of CC. Vol. 25 p. 189.

in Engeland en in Suid-Afrika, beskou hierdie reeling as onregvardig teenoor die Kaffers en het spoedig begin moeiwerk om hierdie reëling heeltemal te verwater en 'n politiek van weifeling ingelui met rampspoedige gevolge vir die land. Gaika toon weldra sy ware kleure en begin 'n dubbele rol te speel deur kleinere kapteins oogluikend toe te laat om hulle in die afgestane gebied te vestig. Sy seun Makomo vestig hom weldra in 1822 in die vrugbare vallei van die Tjoemierivier en die ou storie van diefstal en strooptogte tree op die voorgrond. Op aandrang van die sendelinge word 'n Hottentotlokasie aan die Katrivier gestig en kry die afgestane gebied 'n verdere rusverstorende element.

Wanneer Kaffers en Hottentotte in hierdie streek gevestig word, sou 'n mens kon dink dat ook die burgers weldra in die geleentheid gestel word om hier plase in hande te kry. Immers dit was mos hoofsaaklik deur hulle dappere optree dat die gebied skoongevoeg was. Hulle as veeboere het meer ruimte nodig gehad, veral na dat die Britse Setlaars die vrugbare Suurveld tot tuiste gekies het. Maar niks daarvan nie. Die Boer was goed genoeg om Britanje se oorloë te voer maar, wanneer dit kom tot beloning vir sy waardevolle dienste, word hy eenvoudig met vleitaal getroos en boonop belaster op elke draai. Geen wonder dat 'n Engelse skrywer moes uitroep: „our wretched policy in South Africa as if determined to be consistent only in inconsistency".(1)

Die Britse Setlaars moes die land verdedig en daarom op die grense gevestig maar het bloedweinig uitgerig om hierdie doel van hulle vestiging te regverdig. Ook hulle word toegelaat om vir hulle tuistes in die afgestane gebied te maak „because the British were as military men only allowed to occupy it for military purposes."(2) Gaika word gevra om sy

(1) Napier: op. cit. etc. I, p. 153.
(2) Van Biljon: Historiese ontwikkeling van Grondbeleid van Grondtoekenning in Suid-Afrika. Aan die Naturel p. 40.

toestemming te gee om „civilized Englishmen" daar te plaas maar geen Boere sou gestuur word nie. Later skryve Bathurst aan Bourke uit Downing straat oor hierdie saak as volg: „The reasons which have appeared to me to render it inexpedient that the Boers should be located in that territory are sufficiently apparent..." (1) Dis duidelik dat die sendelinge en andere filantrope, ten spyte van die veelvuldige geleenthede wat die burgers selfs in hierdie dae op patrollies moes diens doen, daarvoor gesorg het dat die Afrikanerboer goed belaster word en op allerhande maniere van die vrugte van sy optree uitgesluit was. Geen wonder dat die verwydering tussen Brit en Boer al hoe groter geword het en eindelik tot die verhuising van laasgenoemde aanleiding gegee het.

2. Die Instelling van 'n Kaffermark.

Die bedoeling van die daar stel van 'n nutrale gebied was hoofsaaklik om algehele afskeiding tussen blank en swart te bevorder. Dit was egter onmoontlik om die handel op die wyse tussen die twee rasse stop te sit, want dit sou tog maar tot onwettige betrekkings aanleiding gee. Die Britse Setlaar was meer van 'n handelaar as 'n boer en het gou die wette in hierdie opsig oortree. Reeds in die dae van van Plettenberg was handel met die Kaffers onder swere strawwe verbied. Hierdie beleid was ook later deur Macartney en Sir John Cradock bevestig wat albei absolute afskeiding voorgestaan het. Toe Donkin in 1820 as waarnemende goewerneur optree het hy jaarlikse basaars in Kafferland toegelaat maar Somerset het in 1822 met sy terugkeer van verlof dit weer onmiddellik stopgesit. (2) Die behoefte om handel te drywe was egter so groot dat iets gedoen moes word om in hierdie behoefte voorsiening te maak. Reeds gedurende die oorlog van 1819 was die kommandogangers toegelaat om goed vir verruil na die mark op Kookfontein

(1) C.O. Downing St. Bathurst - Bourke 26.10.26.
(2) Pretoria Arg. Prokl. 1806 - 1825. Prokl. van Somerset, 28.11.23.

te noem, of te stuur, maar op sekere voorwaardes. Elke skutter moes 'n plaasvervanger verskaf en, as die mark verby is, na sy dorp terugkeer en hom aan die landdros rapporteer. Die volgende artikels was o.a. op daardie basaar vir verruil aangebied: hoede, laken linne (gestreep of geruit), chitzen, diemiet ('n soort wit katoenstof waarin 'n patroon geweef is), blou doeke metaal knoppe, ploegskare, grawe, skoppe, byle, hamers, dissels, bybels, vyle, vurke, potte, kommetjies, tee, hangslotte, koper tondeldose en vuurslae, blou wit en swart krale.(1) Hierdie mark het op 4 Augustus plaasgevind.

Met Gaika word 'n ooreenkoms getref om 'n jaarmark aan die oewers van die Keiskama te open sodat hy sekre benodighede vir sy volk uit die Kolonie kon bekom. Op hierdie mark of basaar moes die landdros persoonlik teenwoordig wees om die orde te handhaaf. Die mark sou met sonop 'n aanvang neem en eindig 'n uur voor sononder; tolke word benoem; Kaffers kom ongewapen daarheen en ook net diegene wat goed ter verkoop aanbied; drank- en wapen-handel word nie toegelaat nie; net blankes wat iets wou verruil of verkoop kon die jaarmark besoek. Dit word die burgers spesiaal op die hart gebind om die naturelle met toegeeflikheid en vriendelikheid te bejeën sodat vrede en vriendskap nie verstoor word nie. Op hierdie wyse sou die Kaffers dan die vrede bewaar en omgeskep word in 'n handelsnasie wat presies inpas met die kommersiële beleid van Britanjie; die filantrope en sendelinge was sterk voorstanders van hierdie jaarmarke om later te vermeerder totdat hulle weeklikse gehou word.

Hierdie marke het in sekere opsigte in 'n diepgevoelde behoefte voorsien en, nadat 'n kommissie van ondersoek op die saak ingegaan het, word die marke, wat in 1822 deur Somerset verbied was, weer in 'n nuwe gedaante in 1824 herstel. Voortaan word die mark te Fort Willshire gehou maar onder 'n

(1) GR. 14/4. Advertensie van Stockenström 16.7.19.

permitstelsel. Dit sou drie keer per week plaasvind; klein patrollies soldate moes hier die wag hou; net blankes van puik gedrag kon permitte kry wat deur die plaaslike magistraat geteken word nadat die betrokke persoon 'n lys van sy artikels voorgelê het. Geen ander blankes word tussen die Vis- en Keiskama-riviere toegelaat nie. Die Kaffers was verplig om elke dag na hulle huise terug te keer en durf nie op Fort Willshire oornag nie. Geen drank, wapens of vee mag verruil word nie. Die volgende artikels was egter veroorloof: ivoor, matte, messe, leerbroeke, rooiklei, tondeldose, tee, koffie, suiker, gereedskap, koring ens. Persone wat bedrieg of die Kaffers mishandel, word uit die gebied verwyder en beboet. Reeds in die eerste maand is 174 permitte uitgegee. In sewe maande se tyd word 50,441 pd. ivoor, 16800 pd. gom en 1,500 velle van die Kaffers geruil.(1)

Hierdie stelsel van permitte om te gaan handel het in swang gebly tot 1830 toe dit deur Cole vervang word met die uitgifte van liksense aan handelaars wat twee borge moes lewer vir hulle goeie gedrag. Alle vuurwapens wat op die tog meegeneem word, moes geregistreer wees en die vrederegters en andere amptenare kry die mag om die waens te deursnuffel vir wapens. Die boete vir oortredings was £50. As die handelstog afgeloop was, moes die handelaar 'n rapport aan die naaste veldkommandant of vrederegter voorlê. Geen Kaffers mog toen hulle sin na die Kolonie vervoer word nie. Vir hierdie oortreding was daar 'n boete van £100 vasgestel.(2)

Daar was dus ook met die handel tussen blank en wit gedurig 'n weifelende houding gevolg en ons moet aanneem dat hierdie politiek ook sy deel daartoe bygedra het om 'n wanverhouding te skep. Die handelaars was dikwels gewetenlose mense wat daarop uit was om die Kaffers vir die voordeel uit te

---

(1) Pretoria Arg. Proklamasies 1806 - 1825. Prokl. van Somerset van 23.7.24.
(2) Pretoria Arg. Statute Law Etc. Ord. of Cape of Good Hope, Part III, No. 81, pp. 175 - 180. Geteken deur Cole op 23.12.30.

buit. Ongereeldhede vind plaas en dan moes die patrollies uittrek om sake reg te maak en gestole eiendomme terug te vin. Net soos op Suid-Afrikaanse bodem die eerste botsing tussen wit en swart die gevolg van die ruilhandel was, so ook tref ons dwarsdeur die geskiedenis die verskynsel aan dat Kafferoorloë maar al te dikwels die gevolg van ongeoorloofde handesbetrekkinge was.

3. Die Bourkestelsel.

Die instelling van 'n nutrale gebied in 1820 was 'n welgemeende poging om eens en vir altyd 'n end te maak aan die bestaande betrekkinge tussen die koloniste en die Kaffers. Algehele afskeiding op territoriale gebied moes die millenium daarstel. Dit spreek van self dat beide partye die versoeking n nie sou kon weerstaan om die vrugbare streek tussen die Vis- en Keiskama met rus te laat nie. Dit het spoedig geblyk dat 'n mate van kontak nodig was ten einde mekaar se handelsware oor en weer te ruil en daarom moes die vandusies weldra toegelaat word om die onwettige handel te beteuel. Met die stigting van die kaffermarke word die ooreenkoms in sake die nutraliteit van die afgestane gebied deur beide partye geskend.

Die ander kapteins het hulle nie gebonde geag deur die ooreenkoms wat Gaika met die witman aangegaan het nie. Die Kaffers sou nie rus voor hulle weer in besit van hulle vroeëre gebied was nie. Makoma vestig hom aan die oorsprong van die Katrivier, Tjali aan die Mancanzana- en Botma aan die Tjoemierivière respektieflik. In plek dat die regering daadwerklik optree en hulle verjaag word aan hulle meegedeel dat hulle daar kon bly mits hulle vir hulle goed gedra. Die gevolg was dat die ou storie van veediefstal weer aan die orde van die dag kom. Die Kaffers het getoon dat hulle net met geweld teen gehou kon word; toegewendheid het geen invloed op die kaffergemoed nie; hy was steeds op die loer vir plunder en het voortdurend sy kans afgewag om meer beeste in hande te kry. Vir 'n regering wat heel dag warm en koud blaas, het hy geen respek gekoester

nie. Hierdie dwase beleid om Makoma e.a. kapteins too te laat om in die afgestane gebied te bly woon, het spoedig sy wrange vrugte gedra. Gaika word ook weer astrant en stuur sendelinge om vir hom geskenke te kom bedel; dit word gestuur om hom stil en rustig te hou.

In 1823 was die toestand andermaal so ernstig dat die overheid wagte en gereelde patrollies moes goedkeur. Die Kaffers soek net buit en was die moeste gedug wannoer die perdesiekte straf heers en die nagte lank was. Die burgers kry opdrag om hulle verste veeposte in te kort en te sorg vir sterk wagte vir hulle veekuddes.(1) In 1822 trek veldkornet van der Nest op eie houtjie met 'n kommando na Makoma se kraal om gebuite vee te haal maar kon min uitrig. Die volgende jaar was weereens 'n sterk kommando teen hierdie weerbarstige kaptein in die veld; 200 burgers om 100 Hottentot soldate val die kraal aan en buit 7,000 beeste as kompensasie vir verliese. Toe die kaptein later om vergifnis smeek word 5,224 beeste aan hom teruggegee. Makoma word nie uit sy skuiling geworp nie. Hierdie kommando het gestaan onder bevel van Luit.-Kol. Somerset en word deur die filantrope genoem die „blundering commando" omdat daar by die aanval 'n aantal vroue en kinders gedood en daar ook per abuis 'n aanval gemaak was op 'n paar onskuldige krale van naburige Kaffers. Die goewerneur Lord Ch. Somerset is, hoofsaaklik weens hierdie gebeurtenis, na Engeland teruggeroep om verantwoording te doen vir sy dade.

Die nogrofieliste het geweldig baie te sê gehad in Britanje sowel as in Suid-Afrika en het gegryp na elke strooitjie om die regering te kritiseer. Dit was die tyd van afskaffing van slawerny in die wêreld; in 1819 het daardie groot politieke intrigent, Dr. Philip, in Suid-Afrika aangekom en sterk teweldo getrek teen die kommandostelsel op die grense; in Engeland het

(1) GR. 16/12. Stockenström - Harding 9.10.23.

manne soos Wilberforce, Buxton e.a. dit vir die regering baie suur gemaak by die geringste gebeurtenis wat die skyn dra van onregverdigheid teenoor die naturel. Die regering aan die Kaap word deur hulle as uiters swak voorgestel, ja selfs belaglik gemaak. Die klagtes teen die administrasie was so menigvuldig dat 'n kommissie van ondersoek aangestel word om hierdie klagtes te ondersoek. In die volgende woorde veroordeel die Komissie die stuur van kommando's: „they did not limit themselves to the recovery of the cattle stolen, but captured large herds on which the subsistence of the Caffers depended, they drew on the Colony the hostility of the Tribes whose excursions were attended with general devastation of the Frontier Provinces." Dan gaan die rapport verder en vertel hoe die mense hulleself moet beskerm by gebrek aan militêre bystand; die stories omtrent diefstal word te maklik geglo en dan trek die kommando somar blindelings teveldo. „....indeed an unrestrained licence appears to have been given for the prosecution of the desultary warfare that was most fatal in its effect."(1)

Bourke, die waarnemende goewerneur aan die Kaap, handelende op instruksies van Bathurst, die Staatssekretaris vir kolonies in Engeland, bring daarop 'n hele ommekeer teweg in die bestaande politiek teenoor die Kaffers op die grense. Hierdie veranderinge noem ons kortweg „Die Bourkestelsel". Kommando's word heeltemal verbied, „that from hence forward no commando or armed Body of Burghers or other inhabitants of your District shall upon any account or under any pretext whatsoever be permitted to pass the boundary line of our territory without the express orders of Government or unless called upon by the Officer commanding the Frontier to aid the military force in the event of hostile invasion by the Caffers or other tribes residing in the Territories..."(2) Dit was

(1) Theal: Rec. of CC. Vol. 21. p. 305. Report of Comm. of Inquiry etc. 25.5.1825.
(2) GR. 8/16. Plasket - L. van GR. 20.4.26.

egter nie verbode vir 'n paar gesinne om hul vee te beskerm en dieve tot op die grense te agtervolg nie, maar oor die grense durf hul nie gaan nie. Bourke meen dat wanneer die koloniste nie meer toegelaat word om hulself ten koste van die Kaffers te verryk deur veerwraakmiddels nie, hulle hul eiendomme beter sal bewaak teen plunderaars en meer aktief en waaksaam optree. Die gevolg van hierdie optree was dat die plunderaars, wat geweet het om hulle gou oor die grense te verwyder, in onbetwiste besit van hulle buit gelaat word. Dit word verder bepaal dat alle kennisgewings omtrent diefstalle in skrif mees geskied met opgawe van die getal, saam met 'n noukeurige beskrywing van die vee; die kommandant van die grens en die landdros maak 'n opgaaf van die gestole vee, wat teruggeneem word, en vertel hoe dit dan uitgedeel word aan die eienaars; die handelaars kry voortaan liksense van die landdros, wat egter die mag het om verdere passe nie uit te reik om die nutrale gebied binne te gaan nie; die hou van vendusies, of „fairs", word gereel deur die regering in oorleg met die militêre en siviele owerhede.(1)

Om veral die Britse Setlaars, wat geen slawe besit het nie, te gemoet tekom, het Bourke vasgestel dat Kafferdiensbodes oor die grens mag kom om werk te soek en word alle vorige verbodsbepalinge in diervoege herroep. 'n Geskreve pas word deur die vrederegter of veldkornet vir hierdie doel verstrek; hierdie passe word van maand tot maand hernuut; die huurlinge se kinders durf nie, na verstryk van die kontrak, in diens agter gehou word nie; kinders egter, wat deur die ouers agtergelaat word, kon ingeboek en geregistreer word; Kaffers sonder 'n lewensbestaan, of sonder passe, kon aangehou en aan die magistraat oorhandig word.(2) Vrye arbeiders word aan die Setlaars op die wyse verskaf en word gehoop dat die beskawing

(1) GR. 8/17. Sek. v. Goewt - L. van GR. 31.1.26.
(2) Statute Law of Cape of G.H. Vol. I. pp. 128 - 136.

in die hoek gedryf en tot vrede gedwing.[1] Toe Cornot Smit op 11 September die bosse intrek word hy met assegaaie en geweers bestook „doch de Burgers stonden gelyk zy altoos hebben gedaan" en laat verskeie Kaffers in die stof byt. Die vyand maak 'n tweede aanval „dog zy werden even als tevooren ontfangen, en het was toen dat ik zag wat met onze Burgers kan worden gedaan." Die soldate het ook 9 gedood en vier gewond, terwyl Kommandant Muller aan die mond van die Buffelsrivier ook nog 23 gedood en baie gekwes het. Na die vrede gemaak was, vlug Slambie dieper Kafferland binne. Toe eers kon „deeze Burgers die hun land zo braaf hebben gedien" afgedank word.[2]

Die Britse bevelhebbers en goeverneur kon nie end kry om die lof van die burgermagte tydens hierdie oorlog te besing nie en ons kan nie beter doen as om die volgende woorde uit die rapport van goeverneur Somerset aan die Sekretaris van Kolonies in Engeland aan te haal nie: „Worn out by fatigue, having been for many months exposed to all the severity of a most inclement season, nearly all dismounted, the greater part of their horses having perished, this fine body of men have become most anxious for repose, and having effected with the greatest regularity, bravery, and patience the object for which they had been called out, I was not a little pleased that the time has come when I might safely send them to their homes.... I would be wanting in an essential duty if I did not endeavour to impress upon Your Lordship the merits and value of the Burgher Force of this Colony. Nearly two thousand on this occasion have been in the field for seven months, mounted and equipped at their own expense, and without pay, and having found themselves in six months provisions. They have in this time lost near ¾ of their horses, and have submitted to every privation, even

(1) B.W. 9/29. Stockenström - Meintjes. 8.8.19 en 26.8.19.
(2) B.W. 9/29 Stockenström - Meintjes 17.9.19.

to the want of shoes and clothes, without a murmur. Their respective commanders have fulfilled their duties with unexampled perserverance, but no praise which I can bestow would describe the merit of Mr. Landdrost Stockenström, who on every occasion has led his men on with the greatest activity, courage and foresight, and to whose knowledge of the country the official commando has been greatly indebted."(1) Goevernoeur Somerset was geen besondere vriend van die Boere nie en daarom dra sy lofuitings nogal groot gewig. Dis jammer dat hierdie dappere Boere later by die uitdeling van gronde nie in aanmerking gekom het en dat hulle dappere dade toe nie in herinnering gebring was nie. In die lig van die latere geskiedenis van Suid-Afrika is dit te verstaan waarom hierdie goeverneur die aandag so pertinent gevestig het op die vegnatoriaal van die burgers.

5. Dissipline op Kommando's.

Toe die veldtog afgeloop was, het die goeverneur gelas dat uit elke 100 man, daar 12 sal agterbly om op die grense patrolliediens te verrig. Daar word toegesien dat die manskappe goed versorg word en hulle aan niks tekort het nie. Hulle kry goeie perde en so veel waens bespan met uithaler osse as wat wenslik mag blyk. Om die beste orde te handhaaf word 'n veldkornet vir elke groep van 12 burgers aangestel.(2)

Die verskillende kommandante moes 'n staat inlever oor die verbruik van diere en goedere op kommando, soos by voorbeeld oor waens, osse, brood, sout, skape, koeie, kontante ens. Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk vermeld kon een kommandant nie 'n bevredigende verslag voorlê nie met die gevolg dat hy deur die hof vir 'n deel van die skade verantwoordelik gehou was.(3)

Dit was ongetwyfeld baie moeilik gewees vir die offisiere

---

(1) Rec. of CC. Vol. 12 p. 340. Somerset - Bathurst 15.10.19.
(2) Worc. 13/12. Willshire - Fischer 17.10.19; Worc. 13/12 Nel - Fischer 10.12.19.
(3) Worc. 1/4. Notule van L. en H. 3.10.20.

om oor sy baie manskappe van alle soorte, en goedere met so 'n verskeidenheid, die nodige kontrole uit te oefen. So lees ons dat die Hottentotte na afloop van die kommando meesal huis-toe gedros het met agterlating van perde, saals, tooms en stukkende waens; hulle weet te vertel dat al die goedere vir publieke dienst op die grense gekommandeer was, maar dit was nie die volle waarheid nie. Die eienaars het later vergoeding geëis vir die verlies van hierdie artikels.(1)

Met die opmaak van die kommando's gedurende die Vyfde en Sesde Kafferoorloë het die ou fout van die burgers weer baie op die voorgrond getree, want allerhande verskonings word uitgedink om nie aan die kommando's deel te neem nie en was ongehoorsaamheid in baie gevalle aan die orde van die dag. Daar word o.a. gepraat van armoede, van siektes soos benoude bors, hardhorigheid, van sprinkane en swak perde, van strawwe droogte en rontrekkery. Veldkornet de Vos verhaal dat sy huis die gehele dag „vervult van menschen en myn ooren van klagtén zo dat ik myn zomtyds verbergen moet..." en pleit dan vir die armes om vrystelling.(2) Iemand anders wil van die kommando verskoon wees omdat sy vrou hulpeloos sal wees in sy afwesigheid en „dat zulle geen stervoling heef die hun tot hulp kunt zyn..."(3) 'n Sekere van der Pool gee menigvuldige verskonings aan waarom sy seun nie op kommando kan gaan nie: „hy het geen „zwarte op myn plaas" en is self so siek dat hy „niets eeten nog drinke, zyn kaken is styf hy kan zyn mond niet open krygen." Die seun moet vir hom met skoolhou help want die skool is op versoek van die ingesetenes opgerig en is 'n middel van bestaan vir sy talryk huisgesin; verder is die seun baie jonk en het „nog nimmer een geweer scot gedaan."(4) 'n Sekere ryk boer vertel dat hy plase in verskillende wyke besit, dat hy korpulent en bejaard is, en dus 'n

---

(1) GR. 16/8. Stockenström - Willshire, 9.12.20.
(2) Kommando Papieren 726 Stellenbosch. de Kock - van Ryneveld. 28.1.35.
(3) Worc. 13/G5. Conradie - CC. Worc. 15.1.35.
(4) Resolutien Stellenbosch No. 37.

omslagtige boordery moet beheer en daarom sy enigste seun nie kan afgee nie; by Riebeeck Kasteel sou hy boonop nog wyn in die kelder hê en is van regeringweë aangesê „om dezelve niet zonder een Krist opzigt te laten..." Hy sal die seun egter vir 'n tweede kommando reghou daar die kommando tog nou al op pad is en die seun mag verdwaal om dit te vind.(1)

Landdros Bergh was genoodsaak om in baie sterk woorde aan die kommandante van die Hantam en die Onder Bokkeveld respektieflik as volg te skrywe: „Daar by ondervinding is gebleken dat onder U.E. Ingezeetenen worden gevonden, lieden die onbeschaamd of lafhartig genoeg zyn, zonder hun eigen bestwil te bezeffen, wanneer zy tot het doen van commando's worden opgeroepen, zich met nietsbeduidens voorwendsels zoeken te verontschuldigen of in het geheel niet verschynen; ook andere laffe ouders die liever hunne zonen tot poltrons of bloedaarts zien opwassehen, dan tot dappere mannen voortkweken, en steeds dezelven onder frivole excusen van commandos zoeken te bevryden; zo zal U.E. voortaan wanneer iemand gecommandeerd word, niet verschynd en geene bestaanbare reeden hebbende, hy zy wie hy zy, met geweld opnemen en het Commando doen volgen."(2)

In enige oorlog hang daar oneindig veel van die bekwaamheid en regverdigheid van die offisiere af. Meer as een offisier van die burgermagte het in hierdie kommervolle dae nie met billikheid opgetree nie en dus opspraak verwek of kritiek uitgelok; hier moet ook die veldkornette, wat met siviele sowel as militêre magte beklee was, ingesluit word. So graag is na onige ou foutjie aan die kant van die offisiere en veldkornette gegryp, omdat sodoende die lafhartigheid en onwilligheid verbloem kon word. Die ses oudste veldkornette by die kommando van die linker divisie in die Vyfde

(1) Bylagen 95. Stellenbosch. Hartogh se verkl. 5.4.19.
(2) Tore. 12/52. Bergh - v.d. Merwe, 28.6.19.

Kafferoorlog word tot kommandante benoem en by elk van die kommandante word ook twee luitenante en twee cornets gevoeg; die offisiere moes hulle streng aan die ranglys hou en word die bevel deur die oudste gevoer „naar wiens orders een ieder der minderen zig stiptelyk zullen hebben te gedraagen..."(1) Daar word uitdruklike bevele gegee hoe een ieder hom op die kommando moet gedra: „Wanneer eenige der manschappen ongehoorzaam en brutaal mogt zyn, zal de commandant en officieren dit met arrest geduurende hunne heen en weerreize moeten straffen alles egter met gemeen overleg onder hun allen. ...Wanneer egter de brutaliteiten verregaand mogte zyn, zulle de Commandant by aankomst te Uitenhage hiervan den Commandant en Chef de Lieut. Colonel Willshire moeten kennis geeven, ten einde door Zyn Ed. te kunnen werd gecorrigeerd na exigentie van Zaeken."(2)

Dit was weer 'n tyd van algemene mobilisasie en die veldkornette kry opdrag om nie somar voor-die-voet verskonings te aanvaar nie; elke diensdoende burger moes hom gereed hou om op die eerste order op te trek „zonder te vraagen of hy gisteren of voor een Jaar is t' huis gekomen; De Rust der grenzen en het leven van zo veele onzer mede Menschen aldaar, zyn van grooter belang dan de zorg van eenig weinigen."(3) Hierdie vermaning was nodig omdat so dikwels die mense vir hulle weiering as rede opgee die beskerming van familie teen aanvalle van Boesmans, drosters en andere vagabonde. Verder word dit die offisiere gedurig na die hoof geslinger as sou hulle nie regverdig handel met die kommandeer nie maar vir hulle aan voortrekkery skuldig maak. So kla 'n sekere de Vos dat veldkornet du Toit in sy afwesigheid op sy plaas na willekeur opgetree het „en zig inbeeld dat vermits op deze plaats de Meester niet zelfs, maar slegts

(1) G.R. 14/4. Orders vir die linker divisie van die kommando.
(2) Bylagen 95. Stellenbosch 20.3.19.
(3) G.R. 16/8. Landdros van Gr. aan Vk. Pretorius. 5.3.19.

een knegt of Handoor 't opzigt heeft het Regt te hebben willekeurig en meesteragtig oover het geene zig daar op te-vind te mogen handelen..." en voeg dan daar by dat hy net andere wil verskoon om nie hulle plig te doen nie. Du Toit se verweer was dat die kneg hom brutaal aangespreek het en toe wou hy hom deurloop.(1)

'n Man met die naam Fick stuur 'n klagbrief in na die Landdros om te sê dat daar ses burgers van die kommando weggedros het en dit hom voorkom of daar teenoor die armes anders gehandel word as teenoor die rykes. Sy eie seun doen sy plig op kommando, hoewel hy gebreklik is terwyl „veele zoonen wiens ouders vermogende Lieden zyn, van dat commando zyn teruggekeerd en even als voorheen de haardsteden hunner ouders, tot hunnen wooningen gekosen hebben." Hierdie handelwyse gaan hom ter harte en hy vra dat „elk Burger, het zy arm, of ryk, dadelyk zyne verpligtingen als mensch en Burger voldoen of anderzints verzoeke ik Uwel Edele Achtbaren en Edelens op het allereerbiedigst, even als de ryke, myn zoon terug."(2)

'n Soortgelyke klag word deur Briers ingedien. Hy het die kommando help uitrus en selfs sy enigste seun ten dienste van die Goewernement gestel en nou moes hy tot sy ontsteltenis vernoem dat die seuns Cloete, Korkel, Fischer, de Villiers en van Reenen, almal seuns van vermoënde ouers, van kommando weggeloop het; hy kan nie glo dat die regering sal toelaat „dat in geval van Burger diensten, de armen, die zoo noodzakelyk voor den Landbouw zyn, minder voorregten mogen, en kunnen genieten, dan dé ryken..." Hy versoek dat die nodige maatreëls getref mag word sodat hulle aan hulle verpligtings „zonder eenige oogluiking" onmiddellik sal voldoen.(3)

Die gewoonte om verlof te vra, of selfs te vat, om huistoe te ry, was reeds in hierdie dae in gebruik by die kommando's gewees. Hierdie verderflike gewoonte het moesal

---

(1) Bylagen 966 Stellenbosch. 5.7.19.
(2) Bylagen 95. Stellenbosch. Fick - Landdros van Stellenbosch 27.4.19.
(3) Stellenbosch. Ink. Br. 168. Briers - van Rynevold 25.4.19.

sy nadelige uitwerking gehad. So was daar o.a. 'n Theunissen seun, wat die kommando sonder verlof verlaat het; toe is hy gearrestoer en as prisonier na Stellenbosch gestuur. Die vader was 'n heemraadslid en voel too danig in sy eer gekrenk en wou eers nie weer sitting neem, alvorens sy seun in vryheid gestel was nie. Dit blyk dat Theunissen en Fischer sertifikate ingedien het van kommandant van Niekerk om te mag huis-toe kom; die regering se sienswyse was egter dat die kommandant hierdie reg nie besit om sonder meewete van die bevelvoerende offisier op die grense aan seuns verlof te gee om huiswaarts te koer nie.(1)

Dis ongetwyfeld waar dat baie burgers in hierdie tyd die toepassing van die Krygswette, as iets vreemds by hulle volksaard, nie verstaan het nie; geen wonder dus dat Stockenström in sy toespraak tot die burgers die belofte gemaak het dat hulle onder hulle eie offisiere sou dien. Hy het egter versuim om te sê dat die opperste gesag by 'n hoërangse Britse offisier berus het. Die eerste bevel was dat die dêsorteurs te Stellenbosch gearresteer en onder militêre eskorte na die grense vervoer sou word „there to have their several cases investigated before the competent Tribunal"; maar, aangesien daar 'n misverstand blyk te wees, is die seuns vrygelaat en beveel na die kommando terug te koer dog in vervolg sal sulke persone behandel word „naar de Krygswetten."(2)

Dat nepotisme nie iets nuuts is nie sien ons in die geval van die aanklag van provisionele Vk. Oosthuizen teen Vk. Erasmus omdat laasgenoemde kwansuis 'n patrollie teen rondtrekkende Kaffers in sy wyk stuur „on which he ordered all his relations and friends, that he might have a pretext for not sending them on the Commando." Van die 20 man, wat Erasmus op kommando uitgestuur het, was daar nie een van Erasmus se vriende of bloedverwante nie. Na hierdie klagte

---

(1) Bylagen 95. Stellenbosch. C.O. - L. & H. 24.5.19; Ink. Br. Stb. 168. C.O. - van Rynoveld 3.6.19.
(2) Ink. Br. Stb. 168. C.O. - van Rynevold. 28.4.19; GR. 16/8 Uitg. Br. 10.7.19.

en self as borgo te teken. Van Niekerk was 'n groot koringboer en besitter van drie plase wat egter by die „Bureau Sequestratie" aanhangig gemaak was. Met behulp van die Goeverneur word die lening deurgesit en kon die knappe Van Nierkerk onbekommerd met sy taak voortgaan.(1) Veldkommandant van Nierkerk het hom dan ook goed van sy taak gekwyt want ons lees dat hy na afloop van die veldtog vir sy troue dienste hartelik bedank word: „highly commended by the commander of the Troops on the Frontier..."(2)

Nadat die manskappe vir die vertrek te Stellenbosch by mekaar was, word hulle deur die Landdros op 'n dinee onthaal en „daarna in eene Kring voor de Drostdye geformeerd zynde, zoo heeft de Heer Landdrost gedaan de volgende aanspraak: Waardste vrienden - ik zie met aandoening het ogenblik naderen welk ons voor eenigen tyd van den anderen zal scheiden, treurige moeders, en weenende Bloedverwanten, die my omringen, overtuigen my van de braafheid dergeene, wiens gemis zy betreuren... edoch de Plicht van Burger die alle andere betrekkingen verdringd roept Ulieden ter verdediging van onze wettige... Landeryen en om aan een woeste vyand te toonen, dat wy niet ongestraft inbreuken op onze rechten zullen dulden. Weduwen en wezen roepen uwe straffende hand tot wraak over het bloed van echtgenoten en vaders - doch myne vrienden, blyft altoos beseffen, dat de ware dapperheid, alleen door braafheid, ondergeschiktheid, en gehoorzaamheid aan de order dergenen, die het bevel over Ulieden gegeven is, onderscheiden worden van woestheid en ontugt, laat het voorbeeld van braafheid meer als uwe wapenen werken om den vyand te overwinnen en verigt zorgvuldig dat nimmer de daaden van een Afrikaansch Burger, door wreedheid of moedwil bezoedeld worden. En gy myne vrienden, die tot Commandant, en officieren over deeze Burgers zyn benoemd, en die ik als

(1) Stellenbosch Res. 37. 10.3.19.
(2) Stellenbosch Bylagen. 96. op 10.11.19.

zodanig te gelykertyd voorstel, ik zeg myne vrinden, aan wien het lot van deeze uwe en myne landgenoten is toevertrouwd bezef diep de verplichting die aan de gewigtige taak van commandant en officieren is verbonden, verlies nooit uit het oog, dat eene goed bestiering van het voorbeeld van eigen braafheid geheel afhangd, beschouwt deeze uwe mede Burgeren als uwe Kinderen, bestier hun met vriendelyke toegevenheid, en het loon van onze aller vader, die zelfs in de... afzonderingen uwe daden, ja zelfs de geheimste schuilhoeken van uw hart doorgrond zal groot zyn, vertrekt allen welgemoed, en te vreden, met onzer aller vurigen wensch, van ulieden spoedig, gezond en gelukkig terug te zien, om de dankerkentenis te ontvangen van diegeenen wiens beschermers, en wreekers gy zyt geweest."

Die kommando is daarop deur die Kollegie uitgeleide gedoen tot „over de Stolschendrift, na het ontvangen van een Salut van een-en-twintig Schooten."(1)

Een van die raadslede Briers vertel dat die Landdros op Stellenbosch deur die lede van die kommando rondgedra was en daarna is almal welgemoed weg „ten volbronging van hunne verplichting als mensch en Burger".(2) Net soos by vorige geleenthede was daar bepaalde bevele gegee hoe die kommando hom op die tog moes gedra. Die kommandant en andere offisiere was verantwoordelik vir die veilige bewaring van alle gekommandeerde goedere en diere; vir geleende gewere word 'n bewys aan die eienaar gegee vir onbeskadigde aflewering na afloop van die kommando; wanneer 'n geleende perd dood is moes aan die kommandant kennis gegee word en die nodige aantekeninge na besigtiging gemaak word; niemand mog sonder verlof hom van die kommando absenteer nie; van alle gelde word noukourig boekgehou en die restante word met tuiskoms aan die landdros oorhandig; net die allernodigste goedere mag op die

(1) Stellenbosch Arg.: Res. 37 op. 21.3.19.
(2) Stellenbosch Arg.: Ink. Br. Briers - van Ryneveld 25.4.19.

waens vervoer word; geen negosiegoedere mag saamgevat word nie en geen private waens met sulke goedere word in die processie geduld nie; wanneer die kommando te Uitenhage arrivoer moet dit volkome onder bevel van kolonel Willshire gestel word.(1)

Hierdie kommando het die volgende benodighede saam vervoer: daar was 200 burgers en 106 Hottentotte wat die kommando uitgemaak het. 46 Waens, 646 osse, 322 jukke, 266 mud meel en beskuit, 1 mud sout, 2 veldtente, 46 trektoue, 46 houtbyle, 1288 rieme en stroppe, 92 remkettings en 92 remskoene, 46 potte, 46 swepe, 46 teerputse, 46 lepels, 4 bore, 6 disselbome, 1 dissel, 2 sae, 5 langwaens, 84 perde, 79 saals en tooms, 64 gewere, 1000 pd. lood, 200 pd. kruit, 500 vuursteene, en kontant in hande 7121 rd.(2) Toe Kommandant van Niekerk op Swellendam aankom het hy 64 flou osse gehad en moes hy op pad 27 bykoop; hy vra die landdros om die twee wissels van 420 rd. en 400 rd. elk te betaal.(3)

Hierdie Kommando onder die bekwame leiding van Kommandant van Niekerk het Stellenbosch se naam weer gerehabiliteer. Die offisiere van Niekerk, Wium, Ackerman en Retief was haastig om die veldtog agter die rug te kry en vra in Julie 1819 dat hulle deur andere vervang mag word, as die veldtog binne twee maande nie afgehandel is nie want dan sal dit in 'n jaar se tyd ook nie geskied nie. Die landdros moonie dink dat hulle nie na hulle vroue en kinders verlang of nie belang in hulle „eigene Affaires" stel nie.(4)

2. <u>Die Tulbagh kommando's.</u>

Vir hierdie uitgestrekte distrik was dit nodig om twee kommando's op die been te bring. Die een kommando onder kommandant Erasmus was gou by een en het bestaan uit 169

---

(1) Stellenbosch Arg.: Bylagen 95. Reglement & orders voor de Burgers van hier ens. 20.3.19.
(2) Stellenbosch Arg.: Res. 37 op 17.4.19.
(3) Stellenbosch Arg.: Bylagen 95. van Niekerk - van Rynevold. 2.4.19.
(4) Stellenbosch Arg.: Bylagen 96. Van Niekerk e.a. aan van Ryneveld op 21.7.19.

manskappe uit die omgewing van Tulbagh en Heksrivier. Daar was ook 99 Hottentotte, 14 gedoopte basters en 3 ongedoopte gewapende basters. Die balans van die vereiste 200 burgers sou later volg. Daar was ook 40 waens, 492 osse, 141 mud meel, 31 mud beskuit, 368 hamels, 64 pd. kruit, 86 pd. lood en 2831 rd. aan kontante. Weens die uitgebreidheid van die wyke en die kortheid van die tyd was dit nie moontlik om alles gou in die haak te stel nie.(1) In Mei klo Kol. Willshire by landdros Fischer van Tulbagh dat die Tulbagh kommando nog nie voltallig was nie en vra nog meer manskappe en uitrusting. Hy vertel dat 101 burgers sonder perde en 5 burgers sonder waßens daar aangekom het.(2)

Dit was uit die staanspoor uit 'n gesukkel gewees om die gekommandeerde 100 manskaßpe uit die drie Roggevelde by Uitenhage te kry. Veldkommandant Nel word aangesê oß die 2e Maart om in die Roggevelde burgers en ook basters en Hottentotte te kommandeer, almal gewapen en goed van meel en beskuit voorsien. Die doel van die kommando sou wees om „het geweld der Kaffers op de gronzen te beteugelen..." en dus moes ook volop kruit en lood meegebring word. „Het is de expresse wil en begeerte van Zyn Excelentie.... dat U.E. in perzoon zult meede gaan als commandant, dus is er geene verschooning voor U,..."(3)

Veldkommandant Nel het egter geweier om met 100 burgers op te trek na die grense en gee in sy brief van 15 Maart 1819 as rede aan: „de onheilen aan welke de Roggeveld is blootgesteld, voor de onrustige Bosjesmans, oproerige Bastaard, en Kaffers, welke laatste noch hier aan de buiten grenzen gelegen is en wiens Kaßteins zyn Danzer en Hermanus Pieterze..." Nel sê dat hierdie mense die oog op hom het.(4)

---

(1) Worc. 17/8. Fischer - Cuyler 6.3.19; Ibid. Fischer - Bird. 9.3.19.
(2) Worc. 11/5. Willshire - Fischer, 21.5.19.
(3) Worc. 17/8. Fischer - Nel. 2.3.19.
(4) Worc. 11/5. Bird - Fischer. 22.3.19.

Die kaffergevaar in die Roggeveldc dateer reeds uit die jaar 1817 toe Danzer en andere kaptoins daar binnetrek en die Boesmans en blanke se vee begin steel het.(1) Nel bly halsstarrig weier, en dit vir die tweede keer, sodat hy van overheidswee met in hegtenisneming gedreig moes word om dadelik te gehoorsaam.(2) Die landdros gaan persoonlik na die grens om die klagtes van Nel te ondersoek en rapport te doen. Nel word op die vingers getik oor sy traagheid om op te tree. Nel gee sy spyt te kenne en beloof nou na die grense op te ruk maar kan weens die ploegtyd nie belove om al die gelaste burgers weg te kry nie. Dit blyk dat landdros Fischer met sy besoek aan Nel vir sy versuim in helder kleure geskilder het want hy sê o.a. dat die goeverneur se bevele uitgevoer moet word al trek daar ook nog so veel basters oor die grense. As die perdesiekte 'n hindernis is, sal hy eenvoudig die reis met ossewaens voortsit.(3) Fischer skryw in 'n private brief aan die goewernement oor die klagtes van Nel as volg en beweer dat hy Nel nie van diens kan verskoon nie: „... permitteer my dan Weledele Gestrenge Heer... te moeten melden, dat de drie Roggevelden, waarin de weerbaarste manschappen van dit district gevonden worden, nog nimmer eenig kaffer commando hebben gedaan, maar altoos door het inbrengen van de een of ander zwarigheeden zyn bevryd gebleeven. En ik kan Uwelod Gestr verzeekeren, dat tot heeden het zig nog alles zeer rustig en stil in de Roggevelden bevind."(4)

Op 21 April is die Roggevelders toe eindelik op pad na die grense. Die kommando het bestaan uit: 42 gewapende burgers, 45 gewapende basters, 19 Hottentotte, 19 waens,

---

(1) C.O. 8/7 aan GR. Bird - Stockenström 23.12.17.
(2) Worc. 11/5 Bird - Fischer 14.4.19.
(3) Worc. 17/8. Fischer - Nel. 11/3/19.
(4) Worc. 17/8. Fischer - Bird. 20.3.19.

175 trekosse, 57 mud meel, 20 sak beskuit, 915 skape, 1086 rd.[1] Met onwillige honde kan geen haas gevang word nie, soos die ou sprookwoord sê, en dit blyk dadelik dat die bevelvoerende offisier ontevrede was met hierdie kommando en word beide die landdros en die offisiere in die volgende woorde betug: „His Excellency remarks with pain that the Tulbagh District is the one which has defaulted to the public interest upon for armed burghers and that you have thought proper to substitute a proportion of Bastaards thus altering the respectable description of force which His Excellency had wished to collect on the Frontier - this occasion I regret to remark, speaks very ill for the state of management of the magistry of Tulbagh."[2]

Die veldkommandante Nel en van der Merwe van die Roggevelde en die Bokkevelde respektieflik, het baie teen hulle sin na die grense vertrek en het gevra om na drie maande huis-toe te mag gaan. Kolonel Willshire klo dat veral veldkommandant Nel nie sy pligte nagekom het nie; want o.a. het hy hom van sy pos te Bothaspos absenteer en persoonlik die Kolonel gaan sprook, en verder i.p.v. 12 burgers vir hom te stuur eenvoudig net 4 Kristene en 4 Bastors vir die doel afgesonder. Nel se gedrag word as onbetaamlik beskryve en, omdat hy direk deur die goeverneur benoem was, het landdros Fischer aanbeveel dat sy geval na die goeverneur vir straf verwys sou word.[3] Fischer wys daarop in sy brief aan die regering hoe ernstig hy die offisiere met hul vertrek vermaan het om hulle pligte getrou na te kom; hulle was die vertroue van die goevernement en die agting van die burgers onwaardig. Tog meen die landdros dat kommandante van der Merwe en Nel se gedrag „meer als een onwillighoid als onweetendheid kon worden beschouwd" en stel voor om van der Merwe te ontslaan

(1) Worc. 17/9. Fischer - Bird. 3.5.19. Ibid. 13/12. Nel - Fischer. 5.4.19.
(2) Worc. 11/5. Bird - Fischer. 10.5.19.
(3) Worc. 17/9. Fischer - Brink. 2.12.19.

en Nel se rang weer tot die van veldkornet te verlaag, aangesien laasgenoemde hom nog altyd knap gedra het.[1] Nel beweer in sy verdediging dat hy vir 30 jaar die land getrou gedien het en dat hy nou van sy „goeden naam en faam" beroof moet word; hy kan hom nie herinner dat hy willens en wetens sy pligte so versuim het dat hy met skande oorlaai moes word nie. Nel sê verder dat hy maar 'n eenvoudige boer is en „gevolgelyk ten eenenmaal onkundig van de Wetten en regulatien van het Krygswezen, al ligtelyk een misstap uit onwetenheid konde begaan, het welke hy meer bedreven zynde nimmer zoude begaan hebben."[2]

Landdros Fischer was bitter ontevrede omdat die regering sulke aanklagte van pligsversuim na sy hoof geslinger het en vertel hoe perdesiektes, gerugte oor Kaffers op sy grense en onwillige ingesetenes alger faktore was wat die vertraging in die stuur van die kommando's in die hand gewerk het. Hy praat van die gevare wat hy moes trotseer om na die uiterste hoeke van die distrik te reis en die kwellinge wat hy moes deurmaak om na klagtes te luister „van den vroegen morgen tot den laaten avond." Hy vind dit moeilik om in so 'n tyd met klerke die uitgestrekte distrik te bestuur „te meer als men met zulke onwillige Ingezeetenen te doen heeft, als den Veldkommandant Nel en andere ingezeetenen in den beginne geweest is. Ek kan Uwel Ed. Gestr. verzekeren dat er geen een veldcornet is geweest, of had objectien of swarigheden, om meer manschappen uit zyn wyk te geeven..." Fischer eindig dan sy brief aan die goewernour se sekretaris Bird dour te meld dat hy 40 jaar diens agter die rug het en dat „een gevoelig hart, dat overtuigd is, niet nalatig te zyn geweest, kan niet anders dan te tragten zyn onschuld aan te toonen."[3]

Die Landdros Fischer van Tulbagh, was ook verplig om 'n

---

(1) Werc. 17/9. Fischer - Bird. 18.11.19.
(2) Werc. 17/8. Notulen 6.3.20.
(3) Werc. 17/9. Fischer - Bird. 7.7.19.

kommando na die Noordwoste te stuur om weggedroste basters en Kaffers daar te verdrywe. Soos ons gesien het, het Kommandant Nel e.a. offisiere beswaar gemaak om hulle smaldele van manskappe te ontbloot, toe gevra was om kommando's na die kaffergrense te stuur. Boesmans, basters en Kaffers bou krale anderkant die Karreberge en dus „verzoek ik myn Heer om myne manschap vry te houden, terwyl ik op die buitenste punt van de Vyand ben."(1) Landdros Fischer maak 'n reis na die streke om die klagte van Nel e.a. te ondersoek. Met sy tuiskoms word toe 'n kommando georganiseer en uitgestuur onder bevel van 'n broer van kommandant Nel terwyl kommandant van der Merwe van die Bokkeveld met sy manskappe van die kaffergrense teruggeroep word om in die Roggeveld 'n hand by te sit. Die kommando was uitgerus as volg: 2 waens met bagasie, 8 Hottentotte, 12 mudde meel, 8 mudde beskuit, 1 mud sout, 60 skape en 120 rd.(2) Perdesiekte het die kommando baie gestrem. Die basters vlug verder die land in en steek die Boesmans op; ook het die Kaffers met die koms van die kommando op die vlug geslaan.(3) Dit word besluit om voortaan „van tyd tot tyd enige manschappen uit die distrikte van Hantam en Bokkeveld af te vaardig om ondersoek in te stel en rapport te doen oor wat gaande is; onwillige basters kon help waghou. Die wyk Bokkeveld word nou verskoon van kommando's na die Kaffergrense te stuur; op die wyse word die rede vir onwilligheid tot kommandodiens op die afgeloë grense uit die weg geruim.(4)

Die landswet het neergelê dat alle bekwame manspersone tussen die jare 18 en 60 kommandodiens moes verrig, en tog het dit gebeur dat by verskillende geleenthede selfs kinders onder die ouderdom diens gedoen het. Die landdros van Graaffreinet skryf aan veldkornet Oberholster dat hy vernoem het dat sommige manskappe feitlik nog kinders is; die volgende

---

(1) GR. 11/2. Forie - Baird. 2.3.19; Worc. 17/8 Fischer - Bergh 14.4.19.
(2) Worc. 12/52. Bergh - Fischer 10.4.19.
(3) Worc. 12/52. Bergh - Fischer 17.8.19.
(4) Worc. 17/8. Fischer - Bergh. 9.4.19.

kommando moet die stryd op die grense beslis en daarom is „mannen" nodig op wie staat gemaak kon word... „doch ik zeg nogmaals kinderen zullen ons en zig zelven in de weg zyn."(1) Stockenström meen dat daar 'n groot gevaar skuil in die gebruik van kinders op die gevaarlike togte teen 'n geduigte vyand, kinders „die te onervaren zyn om zig in eenige periculeuse situatie te redden." Hy skrywe in diervoege aan sy kolloga van der Graaff en sê dat by die jongste kommando's sommige manne heeltemal te jonk was en vra dat dit nie weer moet gebeur nie.(2) By een geleentheid is uit 'n getal van 207 burgers sewe van die swakstes en jongstes uitgesit en huis-toe gestuur.(3) Meer dan een gekommandeerde het in sy radeloosheid om 'n plaasvervanger te vind eenvoudig een van sy jong kinders saamgestuur, of 'n kind by 'n buurman gekry. Kinders het ook meesal daarvan gehou om grootman te speel op 'n kommando en saam gegaan, al was dit maar net vir die avontuurlike van die saak; dit skeel nie by sulke kinders aan dapperheid nie, en aan die gevaarlike sy van die onderneming word nie juis gedink nie. Kinders was in daardie dae gou uitgegroei sodat die offisiere nie altyd die ouderdom uit die voorkoms kon benader nie.

Dit was gebruiklik om nie meer as een seun uit 'n huis te kommandeer nie; fleur dat meer as een gesin soms in een huis intrek om dan later weer op te splits om in aparte huisies te woon, het daar verwarring ontstaan en is foute gemaak.(4) Later, toe meer en meer manskappe vereis word, is besluit om „alle de leedigloopende persoonen uit elke veldkornetschap te requireeren."(5) Daar moes steeds rekening gehou word met die behoeftes van die landbou en dit spreek van self dat sulke persone, net soos in ons tyd, bes vir militêre diens gemis kon word. Ongehuude persone was in die Stellenbosch se

(1) GR. 16/8. Stockenström - Oberholster 10.4.19.
(2) GR. 8/16. Stockenström - v.d. Graaff. 10.4.19.
(3) Stellenbosch Resolution 37. 21.3.19.
(4) Worc. 17/9. Fischer - Bird 11.6.19.
(5) Worc. 17/9. Fischer - VK. V. d. Merwe. 16.6.19.

distrik die eerste aan die beurt, soos trouens ook in die andere distrikte die geval was, en word daar geverg dat alle „ongehuwde Persoonen besitters van plaatsen zynde dadelyk zullen worden gelibereerd om het Commando uit te maken." Daar was 351 van hulle.(1) Ook sou elke huisvader van drie seuns in hierdie distrik die reg hê om een tuis te hou; en ook sal 'n weduwee wat plase of eiendom besit een seun mag tuis hou. Burgers wat sertifikate van ongeskiktheid kan toon, na ondersoek in teenwoordigheid van die Kollege, word van diens vrygestel.(2) Dit word verwag dat elke gekommandeerde persoon self sou gaan en nie andere in sy plek sou wil stoot nie en dat geen „vuling behoord geaccordeerd te worden."(3) Die plaasvervangers, as daar sulkes toegelaat word, moet wees van goed gedrag en sal alleen toelaatbaar wees mits nie vir 'n ander kommando reeds gevorder is nie.(4) Daar is mense in die Stellenbosch distrik wat met opset hulle „attoste" in Kaapstad laat lê om hulle verpligtings op Stellenbosch te ontduik; hulle mag in geen geval verskoon word nie. Ook almal, wat hul intensie gegee het om te trek na 'n ander distrik en hul attestasies reeds gelig het, mag gekommandeer word „so long as they are not actually moving into another District."(5) 'n Ouer klaag by die landdros dat daar eers plaasvervangers toegelaat was, en daarom het sy seun, Erns, ene Hoffman in sy plek gestuur, hom 800 rd. betaal en hom ook van 'n perd en kos voorsien. Later word publiek gemaak dat plaasvervangers nie genoem mag word nie; Erns word toe gearfesteer en Kaap-toe gevat om die kommando te volg. Die vader vra dat die eer van sy seun herstel word en eis deel van die verlore koste terug.(6)

---

(1) Stellenbosch Resolutien 37.
(2) Ibid.
(3) Ibid. GR. 16/8. Stockenström - Meintjies 3.6.19.
(4) Ibid. 8.3.19.
(5) Ibid. 8.3.19. Sw. 10/7. 24.7.19. Dagreg. Stellenbosch.
(6) Stellenbosch. Bylagen 97. Pienaar - van Rynevold. 28.6.19.

3. Die Kommissariat van die Burgerkommando's.

Net soos by vorige geleenthede, en ook in latere Kafferoorloë, is eenvoudig van konskripsie van benodighede gebruik gemaak om in die nonigvuldige behoeftes van kommando's na die Kaffergrense te voldoen. Die landdros van die distrik gee bevel aan die veldkornette van die respektiewelike wyke om goedere volgens 'n rekwisisielys te kommandeer. Eintlik was dit as 'n vryvillige stelsel beskou maar tog het die burger nie die reg gehad om iets te weier wat van hom gevra was nie. Die veldkornet het sy mense se omstandighede so goed geken dat hy dan ook nie iets sou kommandeer wanneer dit as 'n onbillikheid aangeskryf sou wees nie. Vir transport doeleindes was waens altyd dringend nodig en dit word met alle benodighede byeen versamel. Die veldkornette het in hierdie tyd opdrag ontvang om waens met geweld te vat as die eienaars dit nie vryvillig wou afstaan nie. Toe ene Hanekom weier sy wa te gee, word die veldkornet Wolfaardt skriftelik gelas „dezelve met geweld af te halen..." Hanekom te arresteer en na Tulbagh te stuur indien hy nog langer halstarrig sou bly.(1) Die landdros en Heemrade van Stellenbosch gee opdrag aan die veldkornette dat hulle nie moet probeer om eers spesiale verlof aan te vra om mense te forseer om hulle plig te vervul nie; hulle besit die mag om dadelik op te tree en „no time should be lost in enfording obedience to the requisitions made for the defence of the Country."(2)

Die mense was besonder jammer vir hulle osse en waens en dit het gebeur dat hulle baie teensinnig was om osse en waens te gee indien dit nie uiters noodsaaklik was nie. Oudveldkornet du Toit klo omdat, behalwe die 10 slawe wat van hom vir padmaak gekommandeer was, hy ook nog 'n wa met alle

(1) Worc. 12/52. Bergh - Fischer. Urt. 1819.
(2) Stellenbosch. Bylagen 95. Bird - L. & H. 20.4.19.

toebehore, met teerputs en teer, 'n goeie pot en lepel moes gee. Hy het aan die bevel voldoen „volko zegt, eerst gehoorzaamen, en daarna beklagen."(1) Mense wat groot grondbesitters was, het dit met die verskillende heffinge net opdraens gekry, want die heffinge geskiod volgens die getal plase wat iemand besit.(2) Die burgers was egter verseker van die feit dat die offisiere vir alle skade verantwoordelik gehou word. Kommandant van der Merwe was nalatig gewees met d die agterlaat van een wa, en word aangeskrywe om die helfte van die onkoste te dra terwyl die distrikskas die ander helfte sou vergoed; hy moes ook somar dadelik betaal of hy sou deur „middelen en wegen van Regten" daartoe gedwing word. Van der Merwe het toen die vonnis geappelleer dog word in ongelyk gestel.(3)

Toe die oorlog verby was, moes die distrikte toesien dat waens en spanne as volg agter gehou word vir verdere diens: Graaffreinet laat 60 burgers met agtwaens, Kaap 12 met 4 waens, Stellenbosch 24 met 5 waens, Tulbagh 24 met 6 waens, Uitenhage 36 met 6 waens, George 24 met 5 waens en Roggeveld 12 met nul waens. Graaffreinet en Swellendam moes boonop elk twee, en die ander distrikte elk een span osse op die grens agterlaat.(4) Toe die kommandante verneem dat die regering gewillig was om waens met spanne osse aan te koop, was hulle gewillig om daarvan afstand te doen aangesien dit verstandiger sou wees om bestaanbare pryse aan te neem dan om te probeer waens met swak spanne huis-toe te pokel. Willshire stel toe drie veldkornette aan om hulle te taksoor; soveel as 600 rds. is vir een wa betaal.(5) Verder was 30 waens in diens van die regering agtergelaat; hierdie waens ly baie en sou binne vier maande na die distrikte terugvervoer en die eienaars

(1) Steb. Bylagen 95. du Toit - van Rynevel 5.4.19.
(2) Stb. Res. 37 op 7.6.19.
(3) Word. 1/4. Notulen op 3.10.20.
(4) Worc. 13/12. Willshire - Fischer. 17.10.19. Stb. Bylagen 97. C.O. - L. en H. 15.3.20.
(5) Stb. Bylagen 86. Willshire - van Rynevel 12.11.19.

vergoed word vir skade. Hierdie waens word die eiendom van die distrik want die verlies op die transaksie sal groot wees „and this loss must be made good by an extra assesment, at the next opgaaf, but it appears tot his Excellency to be fairer that this loss shall fall upon the whole district, than that it shall fall upon certain individuals who have been greatly inconvenienced in the privation they have already suffered by the long detention of their waggons or teams on the Frontier Duty."(1)

Die waens is toe vir publieke veiling geadverteer en verkoop; die vandusierolle word aan Kaapstad gepos vir uitbetaling aan die respektiewe distrikte.

Die gebruik van beskuit op kommando was baie algemeen gewees - dit word nie aan ons vertel of dit gedroogde mosbolletjies of wel 'n ander soort beskuit was nie. Een ding weet ons egter dat dit nie die harde klinkers was wat by die militêre in gebruik was nie. Dit het soms gebeur dat daar 'n tekort aan meel op kommando's was en dan kry die burger ook net klinkers om te eet, „welks men's avonds in het water moest leggen, de volgende morgen op 't vuur warm maken en dan op 'n steen stuk slaan om ze te kunnen eten."(2) Die burger was gewoon aan sy boerbeskuit, gebak deur die boervrou se hande en dit word saam met die biltong in die saalsak gepak want dit was lig en moes voortdurend by die hand wees. Die vroue word versoek, en so half gekommandeer, om vir die manskappe beskuit te bak, soos uit die volgende blyk: „Gelieve de familien dergeenen die uit Uw Smaldeel op Commando zyn te verzoeken, om voor hunne vrienden op de Commando voor een maand beschuit te bakken."(3) Dis ook gebeur dat daar „tenders" gevra word vir die lewer van beskuit, en so is met Jacobus Pieterson goreel dat hy 4600 pd. meel sou

---

(1) Stb. Bylagen 98. Bird - L. en H. 4.7.20; Stb. Bylagen 99 sekr. Kaap distr. - L. en H. Stb. 16.12.20.
(2) Preller: Voortrekkermense, I, p. 111.
(3) GR. 16/8. Stockenström - Smit e.a. 11/7/19.

verbak as beskuit vir die som van 1000 rd., die sakke inbegrepe.(1) Uit die Tulbagh distrik word na die grense gestuur: 12 waens, 32 Hottentotte, 150 beeste, 99 skape, 47½ sak meel, 15 mud beskuit, 30 pd. kruit, 75 pd. lood, 1082 rd. aan kontant en ook 100 perde.(2) Verder was daar onder die gekommandeerde goedere artikels soos die volgende: hout en ystor, remskoene, hout byle, boor en beitel, tent vir die drooghou van ammunisie en koswere, sout, 'n vaatjie asyn, gewere, saals, potte, lepels, vurke en messe. Dus, die hele uitrusting van 'n kommando, van die kleinste tot die grootste artikel, word op een of ander wyse van die burgers bekom. Onverteerbare artikels moes aan die eienaars terugbesorg word en kwitansies hiervoor word by ontvangs uitgereik. Die bevelvoerende offisiere word vir die veilige bewaring en versorging van die artikels ten dele persoonlik verantwoordelik gehou.

Die burgers het graag op kommando gegaan as manne soos Landdros Stockenström die leiding in hande het, want hulle was verseker dat daar dan geen gebrek aan kos sou wees nie, daar uitgawes by hom nie juis saak gemaak het nie; Stockenström en ander burgeroffisiere het geweet dat 'n leër met 'n leë maag geen sukses kan hê nie. Meel was volop en 'n os word aan die paal gehang vir elke Boer om na hartelus sy stuk af te sny en te eet tot verzadigings toe. Ja, kos was soms so volop dat hulle selfs aan die soldate daarvan verkoop het. Biltong word gereeld gemaak en saam met die mosbeskuit in 'n knapsak voor die saal vasgebind; hierdie knapsak was gemaak uit die heel vel wat van die bok se karkas afgestrook word. Biltong is die weggedroogde vleis van die beeste of wild, met al sy krag behoue ± 'n pond vleis droog weg tot dat nie meer as 'n ons weeg nie. Met biltong in die een kant van die knapsak en die beskuit in die ander kant ingepak kan 'n berede burger op die wye vlaktes hom vir 10 dae behelp sonder

(1) Resolutien, Stellenbosch. No. 37.
(2) Word. 17/9. Fischer - Willshire. 28.6.19.

die bystand van 'n kommissariatstrein. „I saw Englishmen buying pieces of biltong from the Dutch about the size of your thumb for half-a-crown, and it made a very good meal for the day."(1)

Landdros Stockenström verhaal in die volgende woorde aan Kol. Willshire sy manier van kommandeer van voedingsmiddele: „I had cattle bought as cheap as possible, persuaded some of the most affluent Inhabitants to give their own flower, bake it, and send it to the Camp without waggon hire, charges for baking, or any other payment than the original price of the meal..."(2) Baie dienste was dus gratis verrig sonder dat daar selfs 'n woord van dank daarvoor uitgespreek word.

4. Die Veldtog en die aandeel wat die Burgers daaraan geneem het.

Die distrikte, wat op die uiterste grense van die Kolonie lê, moes veral maatreëls tref om die tuisgeblevenes te beskerm in afwesigheid van die kommando's en ook toesien dat die Kaffers nie die land binnestroom en agter die rug van die kommando's die bevolking uitmoor nie. Landdros Stockenström van Graaffreinet voer persoonlik sy mense aan en gee uitdruklike bevele hoe in sy afwesigheid opgetree moes word. Die veldkornet mag sy smaldeel nie verlaat nie en almal wat wapens kan dra moet gereed staan om te enigertyd op te trek teen die vyand: hulle moet „altyd een rydpaard by der hand hebbe, en een weinig drooge provisie in gereedheid houde, om in een oogenblik te verrigten het geen van hem gevorderd zal worden..." Verder moes 200 man posvat op die grense van die distrik en wel op die volgende plekke: Sondagsrivier, Melksrivier, Vogelrivier, Baviaansrivier, Rietkuilen, Tarka, Beestekraal en Skaapkraal. Die waarnemende landdros en veldkornette sal sorg dat elke pos met 15 tot 40 man beset word onder bevel, elk van 'n vertroud veldkornet of assistent-

(1) Bissett: Sport and War p. 13; Ward: Five Years in Kaffirland, II, pp. 220 - 221.
(2) GR. 16/9. Stockenström - Willshire 29.3.20.

veldkornet. Patrollies van minstens 10 man elk moet gedurig in die veld wees en kennis gee van pos tot pos van die aanwesigheid van die vyand. Die waarnemende landdros sorg verder dat die spore van Kaffers gevolg word, dat die veldkornette mekaar bystaan, dat die wapens goed versorg en die ammunisie nie verspil word nie. As een pos aangeval word, moet al die ander byspring en help en, as die gevaar te dreigend word, moet almal in die rigting van Graaffreinet en Cradock terugval. Niemand mag sy smaldeel verlaat voor dit vrede is nie.(1)

As 'n onderdeel van die operasies was dit verbode om plase te verlaat. Die bewoners van plase, wat vir ontruiming aangewys word, mag nie verder as die naaste pos terugwyk nie en daar onder bevel van die veldkornet vertoef; dit was egter veroorloof om die vroue en kinders, en ook die oue van dae of gebreklikes, verder na die binneland te stuur.(2)

Dit was die gebruik gewees om gedurig burgers saam op patrollie met die gereelde troepe te stuur om vee te gaan terughaal. Stockenström keur nou hierdie patrollies in oorlogstyd af as te gevaarlik; boonop het burgers soms geweier om mee te doen aan hierdie gevaarlike ondernemings. Dit was noodsaaklik om nou liewers met groot kommando's op te tree.

Op 22 April 1819 word Grahamstad deur die Kaffers aangeval. Die plek was verdedig deur 310 man, van wie 3 gedood en 5 gewond word. Die vyand word afgeslaan met bloedige verliese en laat 150 op die slagveld agter. In sy omsendbrief aan die veldkornette vertel Stockenström van hierdie glorieryke oorwinning en sê „wat kunnen wy dan onder den zegen des Hemels niet verwagten wanneer de Gantsche Commando zal verzameld zyn."(3)

Na hierdie aanval op Grahamstad word die algemene

---

(1) GR. 9/68. Mei 1819. Verdediging van distrik in afwesigheid van L.
(2) GR. 9/68. Mei 1819. Verdediging ens.
(3) GR. 16/8, Uitg. Br. Aan VK. Sirkulêre. 29.4.19.

mobilisasie nog verder deurgevoer en was daar weldra 'n groot burgermag in die veld. In drie kolomme word Kafferland binnegeval deur 'n sterk burgermag - die soldate word meesal vir „home defence" gebruik. Die regter kolom het bestaan uit 365 berede burgers van Uitenhage en George, vergesel van 130 gekleurde troepe. Die Senter kolom was saamgestel uit 400 berede burgers van Swellendam, Stellenbosch en Kaap vergesel van 67 Koloniale troepe, 34 Kaapse Korps en vier kanonne. Die linker kolom het bestaan uit 500 Graaffreinetters.(1) Ons kan nie hier in besonderhede tree nie maar ons volstaan deur te meld dat die Kaffers totaal verslaan word en oor die 300,000 stuks vee gebuit word. „It was all a busch-hunt, where military tactics were out of the question; and the Colonists in those cases frequently proved as good soldiers as the men who had been drilled for years."(2) Stockenström rapporteer dat in hierdie veldtog die Kaffers klompiesgewys uit die bosse gedrywe word, dat meide soms in die geveg gedood is en dat die andere met hulle kinders oor die Keirivier terugwyk. Hoewel dit baie gereën het, selfs so erg dat hulle nie die geweers kon gebruik nie, het daar geen siekte onder die burgers uitgebreek nie.

By een geleentheid het die burgers net 'n gefluit en geskree gehoor. 'n Geveg word aangeknoop en „De burgers schoon zy zig alleen, op de Banjonetten konden verlaten, die eenigen onder hen hadden, toonden den uitersten gereedheid om den vyand te ontfangen, doch hy week terug zonder iets verder te ondernemen." In hierdie geveg word 50 tot 60 Kaffers gedood en baie gewond. Net soos in die aanval op Grahamstad het die vyand ook hier sy gewondes verwyder terwyl andere in die bosse skuiling soek. Ook is 3,000 beeste gebuit. Stockenström se kommando maak kontak met die afdelings van Kolonel Willshire en Majoor Fraser en spoedig was die vyand

(1) GR. 9/71. Willshire - Stockenström. 4.6.19.
(2) Noble: op. cit. p. 51.

moet uitmekaar geja word voordat hulle enige kwaad kan stig.

Van Durban se plan met die publieke krale is niks tot stand gekom nie. Die oorlogsgevaar was nou weer vir 'n tyd van die horison verdwyn; hy het ook geen ondersteuning vir sy krale by die bevolking erlang nie.

HOOFSTUK 17.

Die Afskaffing van die Kommandostelsel en die Vreeë vir Verplige Militêrediens een van die Vernaamste Oorsake van die Groot Trek.

1. Die Burgers voel Geërief en Vernedor na die Sesde Kafferoorlog.

Hoewel die kommandostelsel op 1e Augustus 1834 finaal in die ban gedoen was, het die overhede nie geaarsel om met die uitbreek van die oorlog dadelik weer die verbod op te hef en alle weerbare manne na die frontiers op te roep nie. Weer moes die hele burgerelement die gewone opofferings maak en onverwyld toesnel om die land van 'n nuwe gevaar te red; hulle het met genoeë hulle deel wou doen omdat hulle gehoop het dat hierdie slag ten minste die beloning vir die goed en bloed, wat hulle in die stryd verp, stellig nie sal uitbly nie. Het die instroming van die Kaffers was die verliese van die burgerbevolking baie groot gewees t.w. 456 woonhuise vernietig, en 350 beskadig, 60 waens, 5715 perde, 111930 beeste en 161930 skape en bokke na Kafferland weggevoer. Vir die oorlog het die burgers 2265 manskappe, 2330 perde, 430 agterryers, en 92 waens gelewer; hulle het hulle op eie koste uitgerus en selfs vir 'n geruime tyd self van voedsel voorsien; die onberekenbare verliese, wat hulle in die boerderye tuis gely het, kan nie in syfers uiteengesit word nie.

Toe die oorlog verby was, het die mense byna nie meer klere aan die lyf gehad nie.(1) Die militêrewette het vereis dat die burger of soldaat snags in sy uniform of klere moes slaap met die geweer onder die arm.(2) Dit was dus onmoontlik vir enige klere om onder sulke omstandighede lank goed te bly. Hattingh gee 'n heldere beeld van die klerevraagstuk van die kommando in die volgende woorde: „De klederen waren later

---

(1) Stellenbosch Arg., No. 726, Laubscher - Landdr. & H. 4.2.35.
(2) Theal: The Kaff. War of 1835, p. 78.
(3) Preller; Voortrekkermense, I, p. 111.

versleten, de hoeden en schoenen verrot, en er waren menschen die byna naakt gingen, maar 't Goevernement gaf geen kleren, terwyl men ook niet naar huis mocht gaan om andere kleren te halen. Men maakte van rauwe beestvellen schoenen en hoeden, ten einde toch iets te hebben."(1) Baie burgers moes eenvoudig, na afloop van die veldtog, toesien hoe hulle by hulle huise kom. Die manskappe word aangesê om te perd in gelid te gaan staan terwyl die offisiere rondgaan om te sien watter perde vir verdere diens aangehou moes word, want die mense kon huiswaarts keer „mits zy 'n goed rypaard daar lieten om dienst te doen"; vir sulke perde word £5 stuk betaal maar hierdie geringe vergoeding was nie eers altyd uitbetaal nie. Meer as een „waren verplicht hun zadels weg te geven, hun jas op te rollen, hun geweer te vatten en tevoet aan te stappen uit Kafferland." Padkos of slagvee vir die pad kry hulle ook nie behalwe net 'n stuk vleis. Nadat hulle soms ses maande op pad was, kom die dapper stryders by hulle woningn aan „Vermagerd, afgemat, de voeten doorgelopen, de kleren verscheurd, door de zon verbrand, zonder hoeden of schoenen..."(2) En kom hulle dan eindelik tuis wat tref hulle aan? Slawe is onderwyl vrygesit en die lande staan onafgeoes; die werksvolk is skaars en daarby parmantig; Boesmans bly bedrywig maar die mag net levendig gevang word en nie geskiet word nie; Kafferdiewe mag nie oor die grense gevolg word nie; belastings was nog nie betaal en geen vrystelling daarvan kon erlang word nie.(3) So erg was die toestand dat daar 'n beroep op die hele land gedoen moes word om die verwoestings en armoede te versag en die mense weer op die been te help bring.(4) Daar was nie so iets as 'n moratoriumwet nie en die skuldeisers begin die mense vir skulde opdruk.(5) Van die regering kon geen volledige vergoeding verkry word nie. Die kuddes van die Kaffers herower

---

(1) Preller: Voortrekkermense, I, p. 111.
(2) Preller: Voortrekkermense, I, p. 113; GR. 8/24, Smith - CC. van Gr. II.11.35; GR . 16/53, CC. van Gr. - Smith, 28.10.35. Walker: The Great Trek, pp. 96 - 97.
(3) Preller: Voortrekkermense, I, p. 114.
(4) GR. 16/53, Sirkulêre aan VK, 20.6.35.
(5) Preller: Voortrekkermense, I, pp. 27 - 29.

bly in regeringbesit om as oorlogsbuit vir die troope te dien; baie van die boere se kuddes was nog in hande van die Kaffers; al word hulle vee teruggenoem durf hulle nie die hande daar aan slaan nie omdat daar by 'n later geleentheid 'n regverdige verdeling sou plaasvind; onderwyl word die veestapel vinnig weggeslag en deur die leër konsumeer. Toe die hele bataljée afgeloop was, moes die burgers uitvind dat daar geen behoorlike vergoeding kon geskied nie. Dit het merendeels by beloftes gebly „daar de meeste Boeren maar schaars de helfte van hun schade hebben uit betaald gekregen. Tot reden hiervan word opgegeven dat al het geld nodig was om de geevernements koston te dekken..."(1)

Behalwe die grief van onvoldoende vergoeding en kommandeer van perde, was daar ook die grieve oor die slawevrysit en gelykstellig met Kristene. Retief, wat selfs na sy bankrotskap die agting van sy landgenote bly behou het, noem 'n paar minder bekende aspekte oor die brandende kaffervraagstuk. Hy kla oor die gebrek aan ammunisie omdat sy mense gedurig op patrollie moet gaan en dan nog snags moet wagstaan by die veekrale. Hy is van plan om alle Kaffers sonder passe aan te hou want hy gaan sy onderdane beskerm „welke tans in een zeer beklagenswaardige toestand leven"; hy kla oor tekort aan tronke en gemis aan boeie daar hy gedurig Kaffers moet aanhou wat sonder passe rondswerwe. Retief bring verder onder die aandag van Armstrong, die magistraat van Beaufort, die feit dat met die uitgee van passe die toestand van die land nie in ag geneem word nie en dat die volk diefstal pleeg en die blankes in hulle armoedige staat bespot. Dit word voorts ook nie die burgers toegelaat om hulle vee te gaan terughaal nie.(2) Dus eis Retief feitlik weer die kommandostelsel terug, en, so nie, moet hy ook die Kolonie verlaat. Die regering was egter nie in die humeur om na die afloop van die oorlog nog na goeie

(1) Preller: Voortrekkermense, I, p. 110.
(2) Preller: Piet Retief. pp. 51 - 53.

raad te luister nie. Ook in 'n brief aan Stockenström, wat nou die betrekking van Luitenant-goeverneur beklee, het Retief sy griewe uiteen gesit en o.a. daarop gewys hoe dat alle soorte swartes, soos Mantatees, Tamboekies, Fingoes en Kosas, die land binnestroom en „that by these they were every day plundered of the little left them, or acquired by them, after the war." En dan, sê Retief, is daar geen middel om hulle te keer nie.(1) Hierdie brief word by die goeverneur Durban belaglik gemaak en word Retief kort daarna deur Stockenström uit sy pos ontslaan. Manne soos Retief, wat oorspronklik nie aan trek wou dink nie, word op hierdie hardhandige en ontakvolle wyse tot vyande gemaak en letterlik uit die Ou Kolonie gedrywe.

Die vernedering en beledigings, wat die grensbewoners in hierdie dae moes deurmaak, was uiters tergend en ondraaglik gewees. 'n Witman wil nie in die teenwoordigheid van 'n gekleurde verneder en beledig word nie en tog was dit byna daagliks die geval. Aan hierdie reeks van beledigings het Dr. Philip en andere filantrope ywerig meegedoen en niks ongehinder gelaat wat kon help om die Afrikanerboer in die oog van die wêreld te verkleineer of as barbare voor te stel nie. Selfs die eens so gevierde leier van die burgers, Luit. Goew. Stockenström, het nie geskroom om sy rasgenote as 'n „bende rowers en moordenaars" te bestempel nie.

Nadat die burgers goed en bloed vir die saak van Engeland feil gehad het gee Gooderich in 1831 verlof aan Cole om die afgestane gebied te koloniseer, maar op voorwaarde dat dit net aan Engelse en Hottentotte „and not to Boors of the Colony" vergun sal word om daar plase te kry.(2) Watter vernedering vir die mense wat so hard geveg en reeds daar plase gehad het? Onder die nuwe stelsel van Glenelg kon die burgers ook nie as agente benoem word nie want net „Prudent and intelligent men" kon benoem word en hulle was natuurlik almal Engelse.(3)

---

(1) C.O. 1352, Stockenström - Durban, 27.9.36.
(2) C.O. 1911, Stockenström - Sekr. van Staat, 8.3.36.
(3) Lucas op. cit. IV part I p. 155.

Omdat daar nie toegelaat was om op die Kaffers te skiet nie, het laasgenoemde al hoe meer astrant geword, aangegaan met roof en steel en die blanke uitgelag „and despised their weakness and apparent folly", en dan gaan dieselfde skrywer as volg voort: „The object of the incubus which has sat so long on South Africa is this: Lower the character of the Colonists, brand them with infamy as vicious plunderers and oppressors of the natives; say they bring their misfortunes on themselves; talk of the rights of the aborigines."

2. Die Kommandostelsel word nie langer geduld nie.

Ons het in 'n vorige hoofstuk aangedui hoe dat Sir Lowry Cole in 1833 weer die kommandostelsel onder Ordonnansie 99 sy regmatige plek laat inneem het tot groot ergernis en ontsteltenis van die filantrope en die Britse regering in Engeland. Die Ordonnansie word opgehef en vanaf 1 Augustus 1834 was die kommandostelsel van die baan af. Toe die Sesde Kafferoorlog egter in Desember van dieselfde jaar losbrand en die land in puin gelê word, was die regering aan die Kaap genoodsaak om vir die laaste keer hierdie stelsel te gebruik ten einde die vyand te kan verslaan. Van heinde en ver trek die jong burgers op om nogeens hulle plig in belang van volk en vaderland te verrig.

Pas was die oorlog in 1835 afgeloop en die vyand ten onder gebring of die ou stryd ontbrand tussen die voor- en teenstanders van hierdie wyse van oorlogvoer. Niemand kon ontken dat, waar die regering nie by magte is om te beskerm nie, die burger die reg het om homself te beskerm; selfbehoud is mos die eerste wet van die natuur. Ook kan niemand die grensbewoners kwalik neem dat hulle die wet soms in eie hande moes vat om hulle gesteelde eiendom te gaan terughaal nie. Die kommando was die enigste doeltreffende middel om in die behoefte van die tydstip en die plek te voorsien. Die kommando tree op as 'n eenheid en dis nie waar dat elke Boer maar sy eie generaal was nie; in teendeel was die tug streng gehandhaaf deur die veldkommandante, veldkornette en onderveldkornette.

Maar die individuele burger word steeds daarop gewys dat hy „soveel moglik op die inisiatief op te tree in die verspreide gevegsorde, en party te trek, in die algemene samewerking, van al die voordele wat die terrein vir bedekking aanbied."(1) Dis feitlik ondenkbaar, waar stryders min is en daarby hoofde van gesinne, dat hulle vir hulle as 'n skyf vir die vyand se kooëls sou opstel deur in geslote geledere op te tree. Wat sou daar in die Anglo-Boere Oorlog van die handjievol Boere oorgebly het indien hulle nie van skuiling agter miershope, klippe, bome ens. gebruik gemaak het nie? Strenge militêre dissipline sou ook hulle ruinasie in plek van hulle behoud beteken het. By die boerestryer was die voordele van voetganger en ruiter in een verenig; hy kon vinnig oor lang afstande beweeg en uit die saal met groot akkuraatheid op sy vyand losbrand. Die kommando was geen staandemag, soos in die geval van die militêre nie. Die kommando word soms binne 24 uur op die been gebring, uitgerus met perd, saal en toom, met kos vir ag dae. Daar was nie so iets as gereëlde drilparades nie; vir hom was volkspeletjies en perdry, of skyfskiet, heeltemal genoeg oefening.

Dit spreek van self dat die Engelsman vir hierdie soort van oorlogvoer geen tyd gehad het nie want by hom moes alles op die Imperiale lees geskoei wees om iets te beteken. Daarom is daar in die geskiedenis van ons land korte mette gemaak met die sisteem van landdros en heemrade, van veldkommandante en veldkornette en van alles wat die Boere dierbaar was; selfs die rang van kommandant-generaal, as die hoof van ons eie verdedigingstelsel, is na 1914 iets van die verlede geword en moes ons met geleende vere tevrede wees.

Die filantrope het 'n groot geskreeu aangehef toe die kommandostelsel noodgedwonge in 1834 - 1835 weer sy verskyning op die toneel maak. Dit word dadelik beweer dat die burgers self die oorlog op die hals gehaal het, dat die Kaffers deur

(1) Preller: Histories Opstelle. p. 137.

mishandeling tot opstand geforseer en dat die oorlog onnodig hard gevoer was en dat die kommando's en patroليies vir al die elende verantwoordelik gehou moet word. Pringle o.a. klo dat die kommando's tydens die Sesde Kafferoorlog nog soos in 1825 in werking is, „through some unhappy fatality, the old wretched policy of militia reprisals - the Commando System - in spite of former exposures, in spite of all the remonstrances of His Majesty's Commissioners, has been allowed to continue and, up to the latest hour that intelligence has reached England, is still carried on in all its pristine barbarity and injustice."(1) En dan gaan die skrywer verder voort om te vertel van die misgrype van die kommando's, die roof van kaffervee deur gewetenlose mense ten einde hulself te verryk en die kapteins te straf vir oortredings van individuele Kaffers oor wie hulle tog geen beheer kon uitoefen nie.

'n Ander skrywer beskou die kommando's as die hoofoorsaak van die Sesde Kafferoorlog en kan nie verstaan hoe dit ooit toegelaat word dat iemand sy vee kon gaan terughaal sonder verwysing na die owerheid nie. Dit gaan sy verstand te bowe hoe sedert Somerset se dae sulke patrollies, selfs met meewete van die ministers en goewerneurs, en met meewerking van Britse soldate, kon uitgevoer word.(2) Dr. Philip het meer as enig ander persoon die Britse openbare mening teen die burgers en die kommandostelsel opgesweep en, toe die possies-soeker ook vir hom aan die kant van die veroordelaars van die kommanostelsel skaar, was die gort gaar. Lord Glenelg laat hom beinvloed, ten spyte van die mooipraat van Durban, om nie net die kommando's vir altyd en onder alle omstandighede te verbied nie, maar selfs om die hele grensreëling van Durban om ver te werp. Van nou af aan het Downing street voorgeskryf hoe daar op die grense gehandel moes word.

Daar was egter gelukkig staatsmanne en skrywers wat die gevare sien opdoem het en wat voorspel dat die burgers sou wegtrek as met hierdie dwase beleid voortgegaan sou word. Die

---

(1) Pringle: African Sketches. p. 458
(2) Justus: The Wrongs of the Caffre Nation etc. p. 187.

burgers beweer dat die kafferkwessie in hulle land 'n huishoudelike saak is waar hulle nie van oorsee kon voorgeskryf word hoe om op te tree nie. Treffend is die woorde van Kidd in verband met hierdie aspek van die saak waar hy hom as volg uitlaat: „those who are holding the reins, as they seek to negotiate their span of horses round the curve of a dangerous pass, should not have their hands twitched by nervous passengers in the back seat of the coach, even though such timid people think the driver fails to see the danger. The safest plan is to hold tight and trust the driver."(1) Wanneer die Britse belastingbetaler moes opdok om oorloë teen barbare te voer dan word betwig beweer dat sulke oorloë private en koloniale aangeleenthede is, maar sê Cole, as dit so is, dan het Britanjie nie die reg „to prevent the Colonists from carrying on such a war in any manner they may deem proper, or from adopting such means of punishing and preventing aggression on the part of the savages as they may consider nedessary."(2) Die Britse regering skaf die kommandostelsel af waardeur die burgers gewerk het om hulle vee terug te haal en die diewe te straf; voortaan was hulle aan die genade van 'n gewetenlose vyand oorgegee sonder enige hoop om deur Britanjie in die koloniale stryd bygestaan te word.

Cole noem die afskaffing van die kommandostelsel as een van die vernaamste oorsake van die Groot Trek. Wat ook al die foute van hierdie sisteem mag gewees het, dit het die grensboer in staat gestel om homself te verdedig teen die geweld en strooptogte van sy barbaarse vyande en hiertoe was geen ander middel in daardie dae toereikend gewees nie;ndit was die goedkoopste en enigste middel vir Engeland om die kafferoorloë te voer.(3)

Thompson trek ook tevelde teen die soort reisigers wat te haastig is om die burgers en hulle kommando's te veroordeel.

---

(1) Kidd: Kafir Socialism & the Dawn of Individualism p. 286.
(2) Cole: The Cape and the Kaffirs. p. 200.
(3) Cole: Ibid. p. 129.

Hy sê dat hy baie Boere oor die hele land besoek het en dit is sy bevinding: „I do not hesitate to characterize them generally as a shrewd, prudent, perservering, good-humoured and respectable class of men."(1)

Durban word deur Dr. Phillip bearbei met die gevolg dat aan hierdie goewerneur bevele gegee word wat nie in belang van die land was nie. Durban se oë het egter gou oop gegaan en dit was vir die filantrope 'n ontnugtering gewees. Die oorlog word deur hom met ywer voortgesit; hy veroordeel die laat-loop-politiek, en stig na afloop van die oorlog die Provinsie van Queen Adelaide op 10.5.35. Hy waarsku sy regering dat die Boere die land sal verlaat as die geannekseerde gebied weer aan die Kaffers sou teruggegee word; hy het die fout besef om die kommando's uit te skakel maar het opdrag ontvang om uit te sien na ander middels om teen die Kaffers op te tree.

3. <u>Durban wil die Boere nes soldate in die veld hou.</u>

Daar is baie geskrywe oor die oorsake van die Groot Trek. Elke skoolkind weet dat die Kaffervraagstuk die eintlike oorsaak van die landsverhuising uitmaak. Sekere aspekte, soos die verliese deur die Boere gely en die gebrekkige vergoeding wat betaal was, is tot vervelens toe benadruk. Ek vind egter in meeste van die geskrifte oor die Groot Trek heel weinig oor twee ander aspekte van die saak, tewete die verbod op die kommandostelsel en die poging van Durband om hierdie stelsel om te skep in 'n militêre oorlogsmasjien. Die eerste aspek hang baie nou saam met die tweede en is al ten dele bespreek in die voorgaande. Weens sy belangrikheid vir die verdere loop van sake op die Oosgrens wil ons breedvoerig stil staan by hierdie poging van Durban, - 'n man wat net soos sy voorgangers stellig nie die siel van die Afrikanerboer gepeil het nie.

Toe Durban in Suid-Afrika land het hy sekere instruksies

---

(1) Thompason: Travels and Adventures in Southern Africa. pp. 121 - 122.

gehad om hier te kom uitvoer, een waarvan was dat hy moet sook na 'n middel om die Kaffers in toom te hou, maar hy moet dit doen buite die raamwerk van die kommandostelsel. Dit moet onthou word dat die jaar 1833 gekenmerk was as die jaar toe hierdie stelsel in Engeland en ook hier in ons land onder die vergrootglas moes deurloop weens die menigvuldige aanslae wat in sekere kringe op sy bestaan gemaak was; daar het 14 jaar van betreklike vrede op die grens geheers en baie mense het die verwoestings van die Vyfde Kafferoorlog, en daarby die groot prestasies van die kommando's, lang reeds vergeet. Die persone wat dit nie vergeet het nie was moedswillig blind en wou niks goeds sien in enige optree of instelling waarmee die naam van die dapper burgers van die land verbind was nie. Ons het ook reeds beskryw hoe gebelg sekere kringe was oor die voor instelling van die kommandostelsel onder Ordonnansie Nommer 99 van 1833. Voordat Durban geweet het waar hy was, breek die Sesde Kafferoorlog uit en kon hy hom geensins aan die verbod op kommando's steur nie, maar was hy verplig om die burgers op te roep om in oorleg met die militêre die Kaffers die Kolonie uit te dryw. In sy wese was daar geen verskil tussen die kommando's wat nou tevelde trek en die van sy voorgangers nie. Dis dan ook nie te verwonder nie dat die filantrope net gewag het tot na die oorlog om, met die verdwyning van die gevaar, andermaal 'n keel op te sit oor die wreedhede wat kwansuis deur die kommando's tydens die oorlog gepleeg sou geween het.

Met die anneksasie van Kafferland tot aan die Keirivier, en die daarstel van die Provinsie van Queen Adelaide, was die eerste fase van die oorlog in Mei 1835 agter die rug en kry die burgers 'n verposing aleer daar oorgegaan word om die vyand uit sy laaste skuilhoeke te verdryw. Dit was op hierdie oomblik dat die goeverneur met sy buitengewone voorstelle voor die dag gekom het. Die krygsvette was nog van krag en die oorlog nie heeltemal afgeloop nie. Die land gaan swanger aan

allerhande gerugte en die bevolking was bedruk oor die verlieso wat gely was en die onregverdige aanvalle wat daar op die karakters van die boereaanvoerders en hulle manskappe gemaak word; stroperye was nog soms aan die gang, maar die vrees vir oortreding van die krygswette was so sterk dat manne soos veldkommandant van Wyk so ver gaan as om te wêier om op die Kaffers te skiet tensy hy van Kolonel Smith 'n getekende liksens ontvang om dit te mag doen.

Onder die afvuur van saluutskote is die meeste burgers, na 'n vermoeiende veldtog van ses maande, huis-toe om te gaan oes en uitrus, min wetende watter groot gevaar hulle nou weer, uit gans 'n ander oord, bedreig. Durban skryve aan die boereleier, Van Ryneveld van Graaff-reinet, om te sê dat hy sy burgers demobiliseer om, in belang van die land en die individu, te gaan saai en plant; die goeverneur praat met lof van hulle lang diens en die waardevolle hulp deur mens en dier aan die land bewys; hy vind dit egter baie ongerieflik om hulle te moet mis aangesien hulle juis die berede element uitmaak en waar sonder hy nie kan klaar kom nie; die soldate, meesal voetgangers, kan skaars meer doen as net die poste beset. Hy vertel hoe hy nog verdere veldtogte moet onderneem teen die vyand, „but, the great dimunition of my cavalry, resulting from the discharge of the Burgher Horse, of which it had almost entirely consisted unavoidably deprived me of those means for more general and extended offensive movements, which were necessary for the expulsion of the Savages, from several parts of the new Province..."(1) Baie perde word agtergehou en meer as een moes eenvoudig daar sonder huiswaarts stap. Die infanterie word daeliks uit Engeland versterk, maar hierdie voetgangers moes saam met die Kavallerie optree en die is net hier te lande verkrygbaar. Durban stel derhalwe aan van Ryneveld voor om, nou nadat die saaityd verby en hulle uitgerus is, en die landbou nie sal kom te ly

(1) GR. 8/24. Durban - van Ryneveld, 10.8.35.

nie, vir hom 'n deel van sy burgers vir 'n kort tydjie onder die wapens te roep. Hierdie manne moes tussen 18 en 55 jaar oud wees en voorsien van twee perde elk, omdat perde feitlik meer nodig is as mense. Die Boere moet gewapen wees met 'n goeie geweer, maar die slag wil hy nie 'n beslommernis van waens hê nie. Die klein benodigde kleeruitrusting, wat aan hulle gerantsoeneer sal word, moet op 'n pakperd vervoer word. Die kommando moet op 1 September te Fort Beaufort wees alwaar hulle gemonster sal word en gasie ontvang.

Die burgers sal die volgende vergoeding ontvang; vanaf die dag dat hulle in Somerset en Albany arriveer tot die dag wanneer hulle weer afgedank word: 'n veldkommandant kry 2/- 'n veldkornet 1/6 en 'n gewone burger 1/- per dag, benewens kosrantsoene vir hulleself en hulle agterryers. Durban spreek die vertroue uit dat nou dat hulle betaal word, hulle gretig op sy voorstel sal ingaan en nie op hulle sal laat wag nie.(1) Die veldkornette word aangesê om nie die laaste manspersoon van 'n plaas op te kommandeer nie en uit elke wyk moet so min manne as moontlik genoem word dat daar geen verskoning kan wees nie: „houd alle billykheid en regtvaardigheid in het oog." Dit word die veldkornette verder op die hart gebind as volg: „Ik vertrouw dat gy en uwe Burgers als altoos uwe bereidwilligheid om uw land te dienen zult toonen en geen blaam op onze Burgers brengen door ongehoorzaamheid of ook daar door strengere middelen op den hals haalen."(2) Uit Graaffreinet en Beaufort is 200 man met hulle veldkommandante en veldkornette vir hierdie diens opgeroep; langs die weg is hulle van vars perde voorsien omdat die tyd so kort en die saak so dringend was. Die wyke van die opgeroepe dele word in hande van die provisionele veldkornette gelaat.(3)

Terwyl hierdie veldtog onder die nuwe plan aan die gang was, het Durban verder handelend opgetree om sy planne tot

---

(1) GR. 8/24. Durban - van Ryneveld. 10.8.35.
(2) GR. 16/53. Sirkulêre aan veldkornette. 15.8.35.
(3) GR. 16/53. Van Ryneveld - Meintjes. 15.8.35.

rypheid te laat kom, want hy moes nog sterk bekeringswerk verrig. In September skryf hy aan die siviele kommisarisse dat sover hy weet die Kaap die enigste gewes is waar daar nie 'n plaaslike „militia" bestaan vir onderlinge verdediging en beskerming van die inwoners, sowel teen vyande van buite as teen opstandelinge binnelands nie. Die jongste geboure het onteenseglik bewys dat so 'n verdedigingsmiddel nodig is en dat die tyd vir die stigting daar van nou aangebreek het.

„Such a system it is at once my duty and my purpose to organize and to carry into effect. The appropriate time has arrived for its institution. I am therefore to request that you will be so good, without any delay, as to collect from the different Field Cornetcies in your district, nominal returns of their respective male inhabitants between the ages of 16 and 55, distinguishing those who are in a condition to serve on horseback from those who can only serve on foot with the arms which each possesses, and of the different points in such Field Cornetcies where these can be most speedily and conveniently assembled (with relation to the distribution of their respective residences) in small bodies in the first instance, afterwards to be united into a larger, if necessary, as the case may demand..."(1) Ook sou daar veekrale en forte op vaste plekke gebou word.

Op hierdie oproep van die goewerneur word 'n sirkulêre deur die siviele kommissarisse aan die veldkornette uitgestuur om te vra na die menings van die bevolking in verband met die nuttigheid, noodsaaklikheid en bestaanbaarheid van so 'n inrigting. „Verder zult u my ook opgeven welke plaatzen in uwe Wyk het meest geschikt zyn om die manschappen nu en dan, indien zulks vereischt mag worden, by een te laten komen om georganiseerd te worden - het oogmerk van deeze inrichting is om eene geregelde militie of Burgermacht in stand te brengen,

(1) GR. 16/54. Durban - van Ryneveld. 28.9.35.

om des te beter in tyd van Invallen in de Colonie, de vyanden te kunnen verdryven; zo als ook wel in vroeëre dagen onder het hollandsch Gouvernement is gedaan geworden."(1)

4. Die Burgers Antwoord op Durban se Voorstelle.

Die goewerneur het gevra om die opinies van die burgers en sonder om doekies om te draai het hulle daardie opinies in ombewimpelde taal lug gegee en die hele skema veroordeel. Na raadpleging met sy veldkornette het die siviele kommissaris van Graaffreinet meegedeel dat die invoering van diensplig met die grootste moeilikhede gepaard sal gaan. Die vryheidliewende Boer het tot dusver sy land gratis sy dienste aangebied en was nie van plan om hom 'n strop om die keel te laat bind nie, want hy het 'n heilige vrees gekoester vir daardie uitheemse en gehate stelsel soos hy hom in Suid-Afrika onder Britse bewind leer ken het. In die eerste plek is dit 'n onmoontlikheid om selfs te wil probeer om die burgers van die wenslikheid van so 'n stelsel te oortuig. Hulle wil hulle nie laat forseer deur allerhande knellende reëls om teen vyande op te tree nie; die ou stelsel, wat elke weerbare man verplig om gewapend te verskyn, op gevaar af om beboet of in die tronk gestop te word, was voldoende en het uitstekende resultate gelewer. Verder het elke Boer hom geskik geag om ten stryde uit te trek sonder vooraf daartoe gedril te word op Europees model; uit hoofde van die feit dat hulle van hul jeug af gewoon was aan skiet en perdry,-want hulle beroep het dit meegebring, - wou hulle nie nog boonop allerhande oefeninge deurmaak en dit onder militêre heerskappy nie, „and that whenever they have been collected together in small or great numbers they have never shown themselves refractory or averse to comply with any discipline which was then thought necessary to be observed, or with any commands of their officers, they also assert almost to a man, that the regular exercises of troops are not of more use in a sort of

(1) GR. 16/54. Sirkulêre aan veldkornette. 17.10.35.

warfare such as this colony has ever been and is likely for a very considerable period to be engaged become to be engaged in..."[1] Die siviele kommissaris sê dat hy nie wil beweer dat die burgers reg is om sulke opinies daar op na te hou nie, maar dat die goeverneur nou in die posisie is om vir hom self te oordeel in hoever hy sonder dwang, boetes en tronkstraf die mense sal kan verplig om sy sin te doen; hy meen dat dit moeiliker sal wees om die mense te forseer om by een te kom vir gereelde oefeninge as wat dit was om hulle tot aktieve kommandodiens op te roep.

In die tweede plek was dit altyd die plig van die veldkornet om by die oproep tot kommandodiens die feit in ag te neem dat die veeboere, weëns gebrek aan goeie bediendes, weëns droogte, sprinkane ens. genoodsaak was om met hulle vee van die een na die ander plek te trek om weiveldo te soek. Hense wat van hulle kuddes af weggeroep word op kommandodiens het dikwels groot skade moes ly. Die vraag is nou of onder die voorgestelde stelsel die verliese nie nog oneindig hoër sal styg nie.

In die derde plek sal die veldkornette met die kommandeer van manskappe baie moeilikhede ondervind. Ek siteer die volgende uittreksel in hierdie verband uit 'n brief van van Ryneveld aan Bell, die sekretaris van die goeverneur: „The Fieldcornets would therefore find it, such a task to enroll their men, that they will in a short time be considered as tyrants, and hated by everyone, which will make it exceedingly difficult to find any qualified men, who would be willing to take upon homself that situation."[2] Die veldkornet was nog altyd die vriend en raadgewer van sy manskappe ~~gewees~~, by wie hy dan ook uiters populêr was en waarom sou hy nou sy kop in 'n byenes gaan steek deur so 'n ongewenste skema te onderskryf. Dis dus verstaanbaar dat die veldkornette feitlik eenparig die plan van Durban afgekeur het en ook in hulle wyke geen vinger

(1) GR. 16/54. CC van GR aan Bell. 10.12.35.
(2) Ibid.

gaan vorroer om dit daar aannoemlik te maak of voor te stel nie. Van alle kante word die goeverneur versoek om van sy voornemens af te sien.

Dat dit vir Durban 'n saak van belang was, blyk ook uit die feit dat hy die burgers waarsku om nie te dink dat nou dat hulle vir hierdie een geval betaal word, dit ook in die toekoms gaan geskied nie - „It can be no precedent for any future Services" - in die gervolg sal daar weer op die landswet moet teruggeval word.(1) Ons moet ook afleì hieruit dat die burgers hulle dienste vry sal moet lewer waar die soldate betaling kry. Ook Durban hunker nogoens na die ou beproefde en goedkoop kommando om sy Empire se oorloë in Suid-Afrika te voer.

5. <u>Die Burgeroffisiere dien die Goeverneur met wenke hoe om die grensmoeilikhede op te los.</u>

Durban het uitdruklik gevra dat die siviele kommissarisse hom met suggesties oor die saak van diensplig, forte en krale moes dien, aangesien hulle oor konnis van die plaaslike aangeleenthede beskik; hierdeur sou die goeverneur dan in staat gestel word om vorm aan die saak te gee om daarna 'n ordonnansie dien aangaande op te stel. Die siviele kommissaris van Graaffreinet stel as volg voor: Eerstens moet die veldkornet verplig word om sy wyk teen die aanvalle van vyande te vrywaar, bevele te gee en die nodige manskappe op te roep. Hy kan ook desnoods ander veldkornette se hulp inroep en moet na die afloop van sy kommandotjie rapport doen aan die siviele kommissaris of „Justice of the Peace". Die veldkornette was in 1827 ontdoen van hul regterlike pligte toe die landdros- en heemrade-stelsel afgeskaf was. Hier sien ons weer dat die Boer hom net een weg oop sien om die Kaffers op hulle plek te sit en dit was deur middel van kommando's. Verder bly hy in bevel tensy hy deur die „Justice of the Peace" of 'n ander offisier vervang word. Tweedens sal die veldkornet die mag besit om dadelik die rowers te agtervolg en te vang

(1) Durban - van Rynevold. 10.8.35.

„always taking care that they accompany their mob in person as they will be held responsible." Hier kom weer twee vernane kenmerke van die kommandostelsel te voorskyn, tewete die verantwoordlikheid van die bevelvoerende offisier en die spoed waarmee opgetree moet word; daar is egter die beperking dat diewe gevang en nie gedood moet word nie. 'n Derde wenk wat gegee was, is dat die veldkornet minstens elke 12 maande in sy wyk op 'n geleë plek sy manskappe moet versamel om hulle wapens te inspekteer en na die algemene uitrusting te kyk. Wapens wat nie in orde is nie word op koste van die burger self reg gemaak, indien hy nie 'n behooftige is nie; indien welk word dit op regeringskoste gedoen. Wanneer 'n burger vir diens opgeroep word, en sy wapens nie in orde is nie, word hy beboet as hy nie vooraf kennis gegee het nie. Dit laat ons dink aan die wapenskouings van die twee republieke Transvaal en Vrystaat voor die Anglo-Boere Oorlog.

In die vierde plek het die siviele kommissaris gekla oor die beperkings wat daar op die verkoop van ammunisie aan vreedsame burgers geplaas was. Hy pleit vir die aanhou van 30 pd. kruit deur elke burger met 'n vaste verblyf, het sy in sy woonhuis of in sy wa wanneer op trek. Hy moet egter kennis gee wanneer hy meer as 10 pd. kruit in sy besit het. Eindelik word gevra dat die veldkornet verbied sal word om die laaste manspersoon van 'n huis af weg te neem.(1)

Piet Retief het ook aan die hand gedoen om forte te bou waar heen die mense hulle kan begeef wanneer die Kaffers 'n skielike en onverwagte aanval van stapel laat loop.(2)

6. Britse Militarisme laat die Boere wegtrek oor die Oranje Rivier.

In 'n vorige hoofstuk het ons probeer aantoon watter aandeel die militêre en Engelse elemente aan die bestryding van die kaffergevaar geneem het. Ons het ook gesien met watter

(1) GR. 16/54. CC. van GR. aan Bell, 10.11.35.
(2) Preller: Piet Retief. p. 29.

teësin die burgërs soms met hierdie elemente saamgewerk het. Die krygswette was die Boer iets vreemds gewees en hy het dikwels onwetend by die ooverhede in vaalwater gekom omdat hy die toepassing en implikasies daarvan nie goed begryp het nie. Die Boer moes op die voorpunt veg omdat hy bekwamer en dapperder as die gewone soldaat was en het sodoende ~~dan~~ ook geen hoë opinie gehad van die bekwaamhede van my Engelse kollega nie. In elke geval was die prestasies van die Afrikanerboer van so 'n hoë gehalte dat dit die goewernour Durban laat watertand het om hierdie goedkope en doeltreffende berede kommando in 'n permanente milisie om te skep.

Toe Durban in 1835 met sy voorstel kom om die burger met die soldaat gelyk te stel was dit vir die vryheidlievende burger eens te veel en het hy duidelik ingesien dat sy enigste heil daarin geleë was om vir goed sy geboorteland vaarwel te sê. Beide die Brit en die Boer kom van 'n Europese ras wat swaar te ly gehad het onder die yster hiel van 'n staande leër en hulle nasate was in Suid-Afrika gladnie genoë om vir hulle goedskiks weer onder so 'n juk te laat plaas nie. Toe die Brit in die „Albany Levy" en andere korpse ingelyf word het hy gou geskop toe hy 'n eed moes aflê wat hom sou verplig om die werk van 'n gereelde troep te verrig. Die Boer was in hierdie opsig nog sterker georienteer veral omdat hy juis onder die juk van die Britse veroweraar gebuk gegaan het.

Ek verstout my om te sê dat van al die kontribuerende faktore van die kafferkwessie die afskaffing van die kommandostelsel en die voornemens van Durban om dit om te skep in 'n gereelde milisiekorps die onmiddellike oorsake van die Groot Trek was. Waar die verliese en die teruggawe van die veroverde dele 'n belangrike rol as oorsake van die Groot Trek moes speel, was die ontneming van die Boer se weermiddels en die daarstelling van militarisme, in sy Britse vorm, ongetwyfeld die laaste strooitjie wat die kameel se rug gebreek het en, dus van deurslaggewende aard. Hierdie belangrikheid word

bospreek in die volgende paragrawe.

Om aan te toon hoe die wind in hierdie opsig gewaai het, noem ons die weiering van die burgers om hulle waens af te gee om soldate en hulle bagasie van Port Elizabeth na Grahamstad te vervoer. Die siviele kommissaris van Graaffreinet sê dat die burgers hierdie soort werk as 'n verlies beskou aangesien die werksvolk so sleg is dat hulle in eie persoon die waens sal moet bedien en dus vir 'n lang tyd uithuisig sal moet wees. Die burgers verkoop liefs hulle koring plaaslik as om dit na Port Elizabeth te neem uit vrees dat hulle waens vir militêrediens gekommandeer mag word „...you will clearly see yourself that nothing but absolute force could procure wagons for the above service."(1) Die regering het 50 sulke waens om die beurt vir hierdie diens nodig gehad; net een sesde van die waens word gekommandeer vir 50 á 60 dae en die res is dan beskikbaar vir die vervoer van die burgers en besigheidsmense se produkte en voorrade.(2) Dit was in die tweede helfte van die jaar 1835 toe sommige mense reeds getrek en andere op die punt gestaan het om die land te verlaat. Die krygswette het swaar gedruk en die mense se waens, perde en vee het baie gely onder die laste van die oorlog. Waarom sou hulle hul waens, wat weldra vir die Groot Trek sou nodig wees, deur die soldate laat verniel? Dis nie moontlik om al die punte op te noem waaroor daar in hierdie dae wrywing tussen die krygsoverstes en die burgers ontstaan het nie. Die burgers was nukkerig oor die verloop van die oorlog en omdat daar vir hulle geen vooruitsigte van enige aard bestaan het nie.

Louis Triegardt, die eerste groot voortrekkerleier, het reeds Kafferland binnegegaan vóór die uitbreek van die Sesde Kafferoorlog en was in die gebied van Hintsa woonagtig. Hy was nie juis van plan om die land heeltemal te verlaat nie, maar, toe die uitbarsting kom, het hy dit goed gedag om die

(1) GR. 16/53. CC van Gr aan CC van Uitenhage. 3.9.35.
(2) GR. 8/24. Smith - CC van GR. 28.8.35.

spat to neem oor die Oranjerivier en sy rug finaal te keer op die land van sy geboorte. Ons moet hier onthou dat hy dit diep gevoel het toe Cole se Ordonnansie No. 99 deur die Britse regering verwerp was, en ook die optree van die militêr in 1834-35 het op sy gemoed 'n onuitwisbare merk gemaak. Daarom toe hy in Portugees gebied om sy redes gevra was, waarom hy die Kaap Kolonie verlaat het, het hy as een van die drie vernaamste redes aangevoer „dat de Gooverneement de Africaander tot soldaat vraag. Daarop heb ik gezeg, dat ik na de Portugeese kuste gaan zal."(1) 'n Mens kan uit sy woorde, as het ware, die diepe gevoel van vernedering opmerk dat jou werklik waar 'n Boer gevra sou word om as soldaat op te tree. Was dit nie die soldate wat in Kafferland dikwels so laag gesink het nie? Was dit nie hulle wat as offisiere die burgers op kommando se swaar laat kry het nie? Was dit ook nie die soldate wat so veel swakker op die oorlogstoneel presteer as die burgers nie? Moet ons as aristokratiese Boere, die pioneers van die beskawing in Suid-Afrika, as huurlinge van die Britse regering teen 2/- en 1/6 per dag vir Engeland gaan veg? Geen wonder dat hierdie stoere Voortrekker moes uitroep „dat de Gouvernemint de Africaander tot soldaat vraag." Gelykstelling met 'n soldaat, nee dit sal nooit gaan nie - ons verlaat dan liewers die Ou Kaap Kolonie.

Piet Retief, wat een van die laastes was om die Kolonie te verlaat, klo ook oor die milisiediens in die volgende trant: „Die inwoners vra verlof om u aandag te vestig op die omstandigheid van die alarm en onrus wat daar teweeggebring is deur die voorstel van gedwongo milisiediens. Hul weet van sodanige diens en die pligte wat dit moebring niks, en hul kan de noodsakelikheid daarvan nie insien nie, wanneer hul nadenk hoe hul tothiertoe nog nooit geweier het hul land alle die dienste te bewys wat van hul verlang word. En in hierdie verband kan hul veilig verwys naar uself, naar Kolonel Somerset en

(1) Preller: Dagboek van Louis Triegardt, pp. 304 - 305.

Kolonel Smith. Hul verlang met alle beskeidenheid onder u aandag te breng dat 'n stelsel wat so naby kom aan de militaire-lewe, onnodig en ongevraag is; vooral wanneer 't die voornemen is van die regering om uitvoering te gee aan die maatreëls wat daar beraam word, ..."(1) Hierdie brief aan die siviele kommissaris Duncan Campbell van Albanie was getekend te Koonap op 11 April, 1836. Retief het hierdie saak van militêredienst in sy manifes nie juis aangeroer nie omdat die plan van Durban toe reeds verongeluk was en baie Boere al ver anderkant die grense getrek het op pad na die soek van 'n nuwe tuiste.

Ook word op ander plekke deur skrywers en andere na hierdie plan van Durban om 'n burgermilisie daar te stel verwys. Stockenström beskou die gerug dat die overheid sulke planne het as belaglik.(2) Toe 'n sekere Dreyer verneem dat die regering in die skild voer om van die burgers soldate te maak, het hy uitgeroep dat hy liewêrs die Kolonie sou verlaat voor hy hom daartoe leen om so 'n gehate maatreël deur te voer.(3) Daar was 'n gerug in omloop dat die burgers selfs buite die grense van die Kolonie as soldate gebruik sou word „and that the necessary uniforms had positively arrived at the Castle."(4) Preller maak ook melding van die onrus wat deur hierdie maatreël onder die burgers veroorsaak was: „Hierby kwam nog 't praatjie dat alle jonge mannen tussen 16 en 25 jaren als soldaten zouden moeten dienst doen, het geen natuurlik 'n zware slag zoude zyn voor de ouders in hun boerdery, want niet alleen dat men niet wist waar deze kinderen zouden blyven, doch ook wie moest de boerdery waarnemen, wie moest de beesten, paarden, schapen, enz., oppassen," - dit was tot nou die werk van slawe saam met die kinders - Om dit laatste praatje kracht by te zetten,

---

(1) Preller: Piet Retief. p. 29.
(2) C.O. 1352. Stockenström - Durban 27.9.36.
(3) Cory: The Rise of S.A. III. pp. 223 - 224.
(4) Walker: The Great Trek, p. 100; Cambridge Hist. of the Br. Emp. p. 322.

vertelde men dat de uniformen voor de jonge mensen reeds aan de Kaapstad waren aangekomen."(1) Met die afskaffing van die kommandostelsel, het Durban probeer gryp na 'n verpligte militêrediens en toe dit ook 'n mislukking was, moes hy sy verdere opdrag uitvoer en dit was om verdrae met die inboorling-kapteins te sluit. Na die teruggawe van die Provinsie van Queen Adelaide was die posisie op die grens eens so ernstig as tevore. Die meeste van die grensboere het hierop die Kolonie verlaat en nou was die aantal weerbare manne met etlike duisende verminder. Lord Glenelg, en sy handlanger Luitenant-goeverneur Stockenström, neem nou die kafferbeleid in hande en maak nog 'n groter fiasko van die saak as onige van hulle voorgangers.

Lord Glenelg het tot die klas politici behoort wat meen dat kolonies altyd onder strenge toesig van die moederland moet staan en dat hulle veral nie met die inboorlinge kan werk nie. Hy het deur sy verderflike politiek die simpatie van albêi blanke rasse verbeur; dit strek die Boere tot eer dat hulle nie gerebelleer maar liefs die land vaarwel gesê het. Eers word met Waterboer 'n traktaat gesluit om hom in staat te stel om die vagebonde aan die Oranjerivier in toom te hou; dit was egter die werk gewees van Durban nog vóór dat Glenelg aan die bewind gekom het. Volgens Glenelg het die plaaslike owerhede gans te veel mag besit - „amongst the foremost of the evils resulting from this state of things has been the want of any due subordination, of the frontier, of the military to the civil power..."(2) Die kafferstamme word deur die krygswette in orde gehou maar die uitoefening van die gereg word oorgelaat aan die kommandant met sy soldate.

Toe hierdie politiek van verdrae ingelui was, het die owerhede 'n hekel gehad aan die regeer van naturelle deur die witman. Net soos in Indië word die potentate as onafhanklike

---

(1) Preller: Voortrekkermense, I, p. 114.
(2) C.O. 1911. Glenelg - Stockenström. 5.2.36.

vorste beskou en behandel; hulle word met geskenke en salarisse omgekoop om hulle onderdane in orde te hou. Die Kaffers kom onder die indruk dat die witman sy land gevat het en dat hy nou die onreg wil vergoed deur hom gedeeltelik in sy land te herstel en daarby te beloon as hy sy taak goed vervul. Die verdrae word kastig beskrywe omdat die kapteins sodoende sou weet waar hulle staan - „something written" word deur Dr. Phillip geëis. Ons gaan nie in op die hele verdragstelsel nie aangesien ons dit in enige geskiedenisboek kan naslaan, maar wil hier die feit konstateer dat selfs aan Oemsilkaats geskenke gestuur was. Die onkoste aan die boodskapper het op £34.13.3 te staan gekom en die geskenke was as volg: „Bullock Wagon £55.18; Beads and Buckles £10.13.6; Ironmongery £7.8.4½; Clothing £4.5.9; Sundries £1.7.0. Total £78.16.1½ (1) Hierdie selfde kaptein gee later die Voortrekkers baie moeite asof hy omgekoop was om die politiek van Britanjie ook oor die grense te help handhaaf.

Lord Glenelg kies openlik kant teen die koloniste en het, ten spyte van die waarskuwings van Durban en andere versiende manne, voortgegaan op sy ingeslae weg. Vergaderings om te protesteer teen die teruggawe van die veroverde gebiede en petisies aan die Koning oor die saak het niks gebaat nie; hy weier om vergoeding vir skades te laat betaal; die filantrope sit hulle laster teen die Boere ongestoord voort; die Kaffers kry geskenke maar die dieve hou nie op met steel nie. Die saad vir 'n nuwe oorlog word met kwistige hand gestrooi. Die grensbewoners leef in die grootste onsekerheid van lewe en eiendom. Die Boere verlaat een streep deur die land en trek noordwaarts terwyl ook baie Engelse Setlaars die posisie onhoudbaar vind en weer vir hulle tuistes in die Westelike Provinsie gaan soek.

Die Boere het as 'n ware met hulle republiek op die rug oor die grense getrek en met hulle saam geneem alles wat goed en agtergelaat alles wat verderflik was. Die kommandostelsel,

---

(1) C.O. 1011. Op 11.4.36.

ontdoen van die gekleurde soldaat en Britse offisiere, word feitlik net so oorgeplant in die nuwe bodem. Ook word die veldkornet- en landdros en Heemradestelsels met hulle meegeneem omdat dit by hulle volksaard aangepas het. Die burgeroffisiers-range word behou en die van kommandant-generaal bygevoeg.
Vir alle praktiese doeleindes was die ou kommandostelsel in die Kaap Kolonie uitgedien om in 'n nuwere en suiwerder gedaante in die republieke voort te bestaan - 'n stelsel waarmee Engeland in latere jare weer tot sy droefheid moes kennis maak.

HOOFSTUK 18

Die Aandeel wat die Britse Troepe en die Britse Siviele Bevolking aan die Stryd teen die Kaffers geneem het. (1795 - 1836).

1. Wat die Troepe gedoen het tydens die Eerste Britse Bewind:

Die optog van die Stellenbosse Kommando was maar net een episode in die stryd teen die gesamentlike magte van die Kaffers en die Opstandige Hottentotte. Die werklike stryd egter was deur die Swellendamse en Graaffreinetse kommando's met behulp van die militêre magte gevoer.

In hierdie tyd het dit duidelik geword dat, waar die regering geneë was om die stryd teen die Boesmans aan die Boerekommando's oor te laat, dit geensins die geval was wat betref die stryd teen die Kaffers nie; die destydse regeringsamptenare, van die goewerneur af tot die laagste amptenaar, was meesal behept met die filantropiese gees van die Revolusietydperk en het almal meegewerk om 'n beteuelende invloed op die kommando's teen die Kaffers uit te oefen. Teenoor die Boesmans het die sentrale regering feitlik magteloos gestaan en moes teen wil en dank die Boerekommando vrye teuel gelaat word, hoewel ook binne seker perke. Die goewerneurs het gemeen[202] deur die versterking van die militêre element in die kommando's, en die benoeming van militêre offisiere, die burgers se vrye optree aan bande te lê. Die hele 19e eeu dra die spore van 'n stryd tussen die siviele en militêre elemente om die beheer oor die landsverdediging in eie hande te handhaaf, soos ons ook later sal sien. Die oorsprong van hierdie verskynsel vind ons tydens hierdie Eerste Britse Bewind aan die Kaap toe die eerste stryd tussen Boer en Brit ontketen word en die saad van weersydse wantroue met so 'n kwistige hand uitgestrooi geword is. Daar was in hierdie tydperk geen Britse koloniste nie, maar die paar amptenare, wat hier diens gedoen het, het nie juis in dapperheid uitgeblink of met groot sukses teen

die vyand opgetree nie; hulle werk was meer om die burgers voor te stoot of in toom te hou. Die poshouer van Plettenbergbaai, Meeding, moes 'n groot aantal burgers in 1802 aansê om gereed te wees om die Kaffers te gaan aanval; verder moes hy op oordeelkundige wyse die ammunisie uitdeel en verhoed „Inhabitants from fleeing upon any appearance of danger or alarm."(1) Dieselfde Meeding wou later bedank om van die gevaar weg te kom, maar die regering wou hom dit nie toelaat nie; hy word aangesê om by die Kommando aan te sluit en hom die verwyt gemaak dat die vyand maklik terug gedryf kon word indien elkeen net sy plig wou doen.(2) Die regering was boos op die inwoners van Plettenberg, meesal Engelse, wat alarm veroorsaak en paniekerig optree in die aangesig van gevaar. In die volgende woorde word hulle gedrag veroordeel: „He also desires me to say that it would be much more bedoming the character of an Englishman, if instead of giving way to unnecessary alarms, you were to take your gun and join the commando, and by that means show an example of Spirit to the Inhabitants, as nothing more than a little courage is required to repel the Savages whose numbers are too insignificant to have given any just cause for uneasiness."(3) In Sept. 1799 het die Stellenbosch Kommando 'n Engelse deserteur gevang en aan die overhede te Swellendam oorhandig.(4) Die kommando van van Rooyen moes voorrade vervoer vir die Britse troepe; toe hulle in die nag 'n Engelse kamp by Langkloof passeer het die troepe hoenders van 'n sekere du Preez gesteel.(5)

Die Britse troepe in Suid-Afrika het gedurende die Eerste Britse bewind geen glorieryke diens verrig nie en maar selde in aksie met die vyand iets presteer. Tog was daar belangrike funksies aan hulle opgedra om die kommando's te help met die

---

(1) B.O. 55. Ross - Meeding. 28.10.02.
(2) B.O. 55. Barnard - Meeding. 15.11.02.
(3) B.O. 55 Barnard - Callender, Plettenbergsbaai. 15.11.02.
(4) Commando Papieren No. 726. Journaal.
(5) B.O. No. 23. Disturbances in the Interior of the Colony. Joernaal van F.H. van Rooyen.

vervulling van hulle menigvuldige pligte op die grense. Die militêre elemente moes dien as steunpunte vir die kommdando's en om die distrikte in hulle afwesigheid te dek. So was daar in 1802 'n afdeling troepe by Hagelkraal gestasioneer „to cover the country and protect the magistracies of the District together with the families and property of the farmers out on commando as you shall think proper to place under their protection and safe guard."(1) Op 'n ander plek word die taak van S.H. se troepe by Hagelkraal as volg beskryf: „in order to give countenace to the operations of the Inhabitants."(2)

Soms moes die Britse overheid met die grootste teësin 'n kommando uitstuur om dan feitlik in een asem by van der Kemp en andere kaffer vriende verskoning te maak vir sy handelwyse in die volgende woorde: „being sensible of the excessive outrages and cruelty too commonly committed by those Boors when up on command .... His Honor however has taken the particular precaution of subjection their movements upon this present occasion to the direction of British officers, men of impartiality and good conduct, who having firmness united with humanity will take care that at least the women and the children shall not be wantonly murdered as heretofore."(3)

Waar die Britse troepe onder eie offisiere in die stryd gewerp was teen die barbare het hulle daar dikwels veel slegter van afgekom as wat met die burgerkommando's onder soortgelyke omstandighede die geval was. So byvoorbeeld word die troepe onder Brig. genl. van der Leur op pad na Algoabaai verslaan en moes 'n vernederende vrede gesluit word, en kies die Hottentotte as gevolg die kant van die Kaffers. Majoor Dundas voer in eie persoon die bevel oor burger en militêre afdelings maar moes nie minder as twee keer 'n vernederende vrede met die vyand sluit nie. Later word die troepe byna geheel en al uit die binneland teruggeroep en moes die burgers soos gewoonlik

(1) B.O. 55 Barnard - Faure. 20.10.02.
(2) B.O. 55. Ross - Faure. 6.10.02.
(3) B.O. 55. Ross - v.d. Kemp 28.5.02.

die spit alleen afbyt. Toe hy gevra was waarom hy dit doen, terwyl die gevare juis nou eers groot was, het hy ewe naief geantwoord: „It became highly necessary to remember the weakness of the garrison at Cape Town."(1) Die werklike rede was egter dat Dundas se troepemag onbekwaam, en deur die burgers as not in hulle pad te woes, beskou was; daar by was die belange van die grensboere en die van die regering onverenigbaar met mekaar; bots hierdie belange dan moet die van Kaapstad voorkeur kry soos trouens nou ook die geval was.

Sprekende van die prestasies van die Britse wapens in hierdie dae het 'n Engelsman as volg vir hom uitgedruk: „Most truly has it been observed: that most of relations with the Kaffirs have been, from first to last, a series of military and political blunders..... A strange fatality, a frequently injudicious choice of men and means - want of success to our arms; followed by humiliating treaties; have usually attended our warlike and political transactions with these barbarians;"(2)

'n Verder funksie van die soldate, veral die Dragonders, was om die verbinding met die binnelande oop te hou; hulle word gewoonlik twee-twee by sekere vaste punte geplaas aan die bepaalde roetes na die binnelande. Hier dien hulle as steunpunte vir die kommando's en ook om te help met die vervoer van prisoniers en ander polisiearbeid te verrig. In 1801 word meer poste op die pad na Graaffreinet deur die Karroo gestig: „ten einde des te spoediger en geduurige informatie van dat gedeelte der Colonie te erlangen, UW.E., zult derhalven op ontvangst deezes terstond de zodaanige van de Ingezeetenen van UE. District, als aan dien weg woonen waarschouwen dat twee dragonders op elke post zullen hebben te voorzien..." hiervoor moet hul die rekenings instuur aan „Commissary General" vir uitbetaling. „Deezes dragonders zullen dus niet

(1) Cambridge: Hist. of Br. Emp. p. 187.
(2) Napier: Excursions, I p. 212 - 213.

alleen het middel tot eene spoediger informatie, ... maar ook teffens provisioneel eene genoegquaam bescherming voor de verafwoonende Ingezeetenene zyn..."(1)

Die Dragonders was ook as 'n minder edel doel gebesig onder hierdie Britse bestuur en dit as strafmiddel vir burgers wat in die oog van die regering gefouteer het. Christoffel Albertyn van Jooste Berg het nie sy kwota gars gelewer nie en „A Detachment of Troops is sent to live at free quarters at your farm to remain until further order."(2) P.A. Myburgh van Meerlust word meegedeel dat Dragonders by hom ingekwartier word as straf vir onbehoorlike taal in teenwoordigheid van kaptein Storey gebruik.(3)

Die losies pryse van 'n Dragonder word deur Macartney as volg gereel: „dat aan een Dragonder met zyn Paard, by een Landman in zyn dienst op de reize naar en van buite moetende logeeren zal moeten worden verstrekt „Een en een quard pond brood en een half pond vleesch negen pond garst en Zeven pond kaff, per dag" waarvoor die goewerment die landman sal vergoed teen „Vyff Schellingen" per dag „Eene prys welke Zodanig boven de waarde is dat elk en een iegelyk daar over niet anders dan ten vollen vergenoegd kan zyn."(4)

2. <u>Britse Offisiere voer die Hoogste Gesag in die Stryd teen die Kaffers op die Oosgrens.</u>

Die Engelse vlag waai nou eenmaal oor die land en dis van selfsprekend dat dit 'n vernedering sou wees vir die trotse Brit om onder 'n burgerkommandant te moet diens doen. Daar word nie gevra of Britse offisiere bekend was met die land en sy wyse van oorlog voer, of hulle bekwaam was vir hulle taak en of daar deur die vertroue van die burgerbevolking gewon sou word nie. Nee, die opperste leiding moet noodwendig in hande van 'n offisier van die Britse staandemag in Suid-Afrika berus. Soos ons gesien het met die Eerste Britse Bewind was

---

(1)G.R. 1/2. Br. van Goew. behandel op verg. L & H 25.12.01; B.O. 54 Lett. Desp. 17.10.01; B.O. 51; Lett. Desp. Ross - Bresler 22.5.98; Ink. Br. 139 Stb. Ross - L & H 17.10.01.
(2)B.O. 55, Ross - Albertyn 16.7.02.
(3)B.O. 55, Barnard - Myburgh, 11.5.02.
(4)Sw.vArg. 12/3, Prokl. van Macartney, 26 Feb. 1798.

die kritiek op die handelinge van die kommando's so sterk van die kant van die filantrope, dat dit geen wonder is dat die regering moes swig voor die storm en probeer die leiding van kommando's, en trouens alle militêreoperasies, uit hande van die sivielebevolking neem nie. Indien dit moontlik was vir die militêre om die kaffervraagstuk onder die knie te kry, sonder die hulp van die kommandostelsel, sou hierdie stelsel reeds vroeg in die 19e eeu tot ondergang gedoen gewees het.

Dit was nie net die bedoeling om moontlike wreedhede op kommando te voorkom dat Britse offisiere die hoogste gesag moes voer nie. Stockenström en Cuyler het tydens die Vierde Kafferoorlog by een geleentheid die veldkommandante en veldkornette in die volgende woorde gekritiseer en op militêreleiding aangedring: „owing to the jealousy, discord, and desire of revenge which subsists among them, an active military officer be placed at the head of each division, as a measure which could possibly be more prudent than leaving them entirely to themselves."(1) Hulle gaan verder en vra dat daar strenger militêre beheer uitgeoefen moet word sodat as 'n voorbeeld vir andere, selfs liggaamlike straf toegepas mag word, waar sonder dit moeilik sal gaan om hulle in bedwang te hou.(2)

In 1811 word 'n sekere kommando toegestaan op voorwaarde dat dit onder bevel sal staan van die plaaslike militêre offisiere „to control their passions and aid their exertions... but I order they are to be considered as a reserve and not to act in the first instance but that they should be employed in preventing any Caffres getting in the rear of the Commando."(3) Die Burgers word dus beskou as die beste vegters teen die vyand, want die soldate kan nie orals op die gevaarpunte wees nie, maar die regering wil nie hê dat hulle die enigste middel

(1) Theal: Rec. of CC. Vol. 8, p. 136.
(2) Ibid. Vol. 8, p. 138.
(3) GR. 8/2. C.O. aan Cuyler & Stockenström, 28.9.11.

moet wees om die vyand te bedwing nie. Een skrywer druk dit so uit en sê dat alle grensverdediging deur die Boere self onderneem moet word, want hulle is goeie skuts, bekwame ruiters, kenners van die land en die Kaffers, taai teen vermoeienis maar „a stiffening of regulars" is noodsaaklik. Die burgers was voorheen dislojaal „but change has taken place and cordial co-operation could now be expected."(1)

Om die seël op die nuwe beleid van die owerhede te plaas, was dit die gewoonte om, dodra daar oorlog met die Kaffers uitbreek, die Krygswet af te kondig; dis die eerste keer in 1811 gedoen. Die Krygswet het bly bestaan „voor alle zaken in verband staande met voormeld commando, en zal continueeren tot dat het doeleinde daarvan zal zyn bereikt..."(2) Kopies van hierdie krygswette word aan alle landdroste, veldkommandante en veldkornette gestuur. In September 1812 word beveel „dat alle commandos, van welke aard ook, reeds gestasioneerd, of in het vervolg nog op de Frontieren gestationeerd zullende worden, om met Z.M. Troepen Zyns Majesteits Grenzen te beschermen, zich moeten stellen ter dispositie en gehoorzamen de bevelen van Luitenant-Kolonel Lyster van het Kaapsch Regement..."(3) Gedurende die Vyfde Kafferoorlog was dit Luitenant-Kolonel Willshire en in die Sesde Kafferoorlog was dit weer Luitenant-Kolonel Smith wat die hoogste bevel moes voer. In albei gevalle was hulle ook bygestaan deur etlike offisiere van 'n laer rang. Dit wil egter nie sê dat daar nie gebruik gemaak was van burgeroffisiere om in verantwoordelike betrekkings op te tree nie. In teendeel manne soos Stockenström van Wyk, Nel, van Ryneveld e.a. het baie hoë betrekkings beklee, maar nogtans was hulle almal gebind deur 'n hoër militêre leiding na wie se pype gedans moes word.

In 1834 word die proklamasie van 1812 weer in die lewe geroep waarin neergelê was dat alle kommando's, van watter

---

(1) CCambridge: History of the Brit. Empire, p. 202.
(2) Pretoria Arg. Proklamasies 1806 - 1825. op 18.10.11.
(3) Ibid. op 18.9.12. Fairbridge: A narrative of the irruption of Kaffir hordes etc. Appendix, p. 231.

soort ook al, in medewerking van Sy Majesteits troepe moet handel „and to obey the orders of the Military Officer in command of the Forces." (1) 'n Siviele Kommisaris kry die bevel oor al die burgermagte wat in oorleg met Sir H. Smith tevelde moes trek; laasgenoemde kry as bevelvoerder die mag om die hele veldtog te organiseer en alle hulpsbronne vir die doel te tap. Die verstandige Britse offisiere het nooit nagelaat om die meewerking van die hoë burgeroffisiere van die siviele magte te raadpleeg nie.

3. Wrywing tussen Burger- en Militêre-Bevelvoerders.

Dit spreek van self dat die burgers graag onder hulle eie offisiere sou wou diens doen en dit het ook gebeur in die geval van Graaffreinet dat die 960 man aldaar die voorreg geniet om deur hulle eie mense in 1819 aangevoer te mag word want hulle was almal ywerig om hulle vroue en kinders te beskerm - „Zulke menschen heeft men dan ook niet gehuiverd schoon zy onder krygswetten dienden onder het bestier hunner eigene officieren te laaten met wien zy waren opgegroeid en wier belangen aan de hunnen gelyk waren, zodat die krygswetten volstrekt niet zal worden toegepasd dan wanneer het onverhoopd vereischd word om hardnekkigen te temmen, die dan ook niet met hunne goede mede Burgers zullen mogen dienen, maar voor zo lange de Commando duurt aan de Militaire Divisies zullen worden overgegeven." (2)

Maar daar was ook andere gevalle waar die burgeroffisier weier om onder 'n militêreoffisier te dien. Van Ryneveld b.v. sê dat sy mense bestem was om onder Kaptein Armstrong te dien maar protesteer hierteen en hulle word toe onder die mense gestel. (3) Die „standing orders" van die militêre owerheid het voorsiening gemaak vir 'n hartelike samewerking met die burgermagte wat vir die oorlogvoering so onontbeerlik was. Wrywing tussen die twee elemente kon egter uit die aard van

---

(1) GR. 9/68. Kenniggewing van Campbell e.a. op 28.12.34.
(2) GR. 14/4. Uit 'n brief van die landdros in 1819.
(3) GR. 9/68. Van Ryneveld - Berrange 11.1.35; Theal: The Kaffir War of 1835, p. 80.

die saak nie uitbly nie. Veldkommandant van der Merwe moes hom bekla omdat sy manskappe onder vreemde offisiere opgedeel was - „want wy worden als schaapen die geen Herder heeft, van een gescheyden want ik heb 12 burgers van myn op drie onderscheiden posten moeten zetten..."(1) Ook het Stockenström aan kaptein Armstrong laat verstaan dat hy teenoor die burgers baie verdraagsaam moet wees daar 'n goeie verstandhouding tussen die soldate en die burgers uiters noodsaaklik is.(2) Provisionele Veldkornet de Clerq weer het eenvoudig botweg geweier om aan Luitenant Mac Clean manskappe te gee om te help met die agtervolging van die Kaffers. Hy word gesuspendeer en as prisonier na Grahamstad gestuur deur Stockenström wat hom as volg uitlaat: „Some of those from the remoter parts of Beaufort require to be taught discipline."(3)

'n Ernstige grief was die gedwonge stil lê van die kommando's. Hierdie punt het ons reeds so terloops beklemtoon. Vir die burger was dit 'n saak van lewe en dood om klaar te spook en huis-toe te gaan waar sy vrou en kind ernstig op sy terugkoms sit en wag. Vir die soldaat maak dit egter geen saak hoe lank so 'n veldtog duur nie; hy kry sy betaling en het geen ander beroep as soldaat-speel nie. Dit was die Britse offisiere wat die veldtog uitwerk en daarom was dit vir wakkere manne soos kommandant Nel onuithoudelik om niks te doen te hê nie en moes hy uitroep „Wanneer de Colonel Willshire met zyn commando in het Kafferland zal trekken is God alleen bekend..."(4) Nel gaan voort met sy klag omdat sy mense byna nakend is en nog word daar niks uitgevoer nie en hy is nou moeg van „zo vruchteloos te blyven liggen zonder het minst uit te voeren." Sy mense is haastig om huis-toe te gaan en hy kan hulle nie meer troos „uit oorzaak dat zy zelfs ondervinden dat er voor hun niets te doen is."(5) Daar skyn dus 'n skynbare onoorbrugbare kloof te bestaan het tussen die

---

(1) Word. 13/12. van der Merwe - Fischer 13.4.19.
(2) GR. 16/6 Stockenström - Drummond. 20.9.17.
(3) GR. 16/8. Stockenström - Willshire, 24.4.19.
(4) Worc. 13/12. Nel - Fischer, 15.7.19.

(5) Worc. 13/12. Nel - Fischer. 30.8.19.

opperste militêre en die burgeroffisiere; hierdie onenigheid was nie juis 'n uitsondering nie maar het dikwels voorgekom. In baie gevalle het landdros Stockenström as mondstuk van die burgers opgetree en sake in hulle guns beslis gekry aangesien hierdie amptenaar die vertroue van die overheid ten volle geniet het.

Daar was ook 'n hele rusie gewees oor die gebruik van die waens van die burgers vir ander doeleindes as waarvoor dit op kommando bestem was. So moes kommandant van Niekerk in 1819 kla dat Luit.-Kol. Willshire van sy waens kommandeer het om troepe en ander voorrade van af Port Elizabeth na Grahamstad te vervoer. Van Niekerk wou eers nie die waens afgee nie want die waens was onder sorg alleen vir kommandodiens gerekwireer en hoe sou hy vir hulle verantwoording kan doen? Die Kolonel was onvermurfbaar en so word die waens oorhandig maar onder voorwaarde dat 'n wag van burgers meegestuur word om na die ryery te kyk. Die burgerwag het later aan Van Niekerk rapporteer dat tot by Algoabaai dit goed gegaan het „vermits de medo gaande Burgers veel kennis om met ossen te werken, hadden." Daarvandaan egter het dit nie goed gegaan nie omdat die kommanderende offisier van die troepe geweld gebruik het met die inspan en voortry „en de ossen in weerwil van het tegenspreken der Burgers, die by de wagens waaren, geforseerd doordien hy van den vroegen morgen tot den avond deed voortrydem en niet meer dan 2 a 3 uuren, op het meest, uitspanning per dag voor de ossen heeft willen geeven; het welk ten gevolge heeft gehad, dat er 16 ossen van het getal zyn afgegaan..."(1) Willshire het belowe die huur van die waens en die dooie osse te vergoed. Die goewerneur was gladnie tevrede omdat Willshire hierdie belofte gedoen het nie daar hy meen dat die regering die reg besit om gekommandeerde goedere te gebruik net waar en wanneer hy goed dink.(2) Willshire het later nog vier waens gekommandeer om by Grahamstad te gaan „karrewyen."

(1) Stellenbosch, Bylagen 96. van Niekerk - van Ryneveld 15.7.19.
(2) Stellenbosch, Bylagen 96. Bowers - Willshire 2.7.19

Die burgers was onder die krygswette onder strenge dissipline en was maar gedurig in die veld om die militêre by te staan, aan wie hulle in sekere mate ondergeskik was; dit was veral die geval in die tyd van die Sesde Kafferoorlog. Orals in die oorkondes word die burgers geloof vir die hulp wat hulle deurgaans op die kommando's en op die poste aan die gereelde troepe verleen. Dis feitlik reël geword dat „a proportion of Burgher Mounted force may accompany every Detachment which under the circumstances of pursuit of Kaffir Plunder shall enter that country."(1) Die troepe kon hulle gewoonlik net handhaaf en daarom was die burgers uit die distrikte nodig. Tog was die burgers vir die soldate 'n doring in die vlees soos blyk uit die volgende aanhaling: „I view with regret any occurrence which assembles them in a military capacity. I do not like that they should count their own array, or retain the impression which their late successes must have to a certain degree have produced, that the defence of the Colony has been mainly and can thereafter be entirely achieved by themselves. They still consider us as foreigners and conquerors, and a trifling want of temper or conduct in a public authority might produce insurrection. With these feelings I look to the separation of the commando ... with satisfaction. I never wish to see a burgher use his rifle for any other purpose but shooting a buck."(2) Die soldaat was dus deerlik bewus van sy eie minderwaardigheid in die oorlog wanneer hy skouer aan skouer met hierdie kind van die veld moes kompeteer.

'n Mens sou verwag het dat die trotse Britse soldaat tog ten minste respek sou betoon teenoor die dappere burger wat merendeels vir hom die spit moes afbyt om die Britse Empire in stand te hou. Maar ons vind dat die Boer gewoonlik

---

(1) GR. 9/71, Brereton - Stockenström. 18.2.19; en 4.2.19; GR. 9/71, Fraser - Stockenström 19.12.17, Military Sec. - Brereton, 4.9.18; Pretoria Arg. Prokl. 1806 - 1825, get. deur Somerset 3.3.19.
(2) Theal: Rec. of CC. Ellis - Goulburn, 19.10.19.

met minagting bejeen word waar hy seker al te dikwels uit onkunde met die krygswette die reëls oortree. Wanneer die offisier deur die Boer met 'n beleefde „good morning" aangespreek word, word hy toegesnou met „None of your d...d politeness in the ranks, if you please."(1)

Hattingh verhaal dat by 'n sekere geleentheid die Engelse kamp omtrent 500 tree van die boerelaer gestaan het; die Engelse het goeie veldtente gehad wat hulle teen wind en weer kon beskerm. Elke môre blaas die Engelse 'n beuel as 'n teken dat die burgers moes opstaan, perde opsaal en dan uittrek om die Kaffers se tuine te gaan verniel onder bevel van twee veldkornette met elk 50 burgers. As die beuel blaas hoor jy net: „mielies slaan, mielies slaan, mielies slaan!" En dan sien jy net hoe die burgers hardloop om die perde te vang en op te saal. Daar word nie gevra of hulle al geëet het nie want hulle moes self vir hulle kos sôre. „De Engelsen, voor wie zy vochten, gaven hun niets, geen brood, geen meel. Alleen kalveren, welke van magerheid en moeheid achter bleven konden zy slachten, maar anders ook niets. De grote beesten gingen weg naar Grahamstad, om aldaar verkocht te worden."(2) In die kaffertuine het elkeen sy geweer oor die skouer, 'n stok in die hand en so word die Kaffers se mielies en kafferkoring van die môre tot die aand toe verniel. Die Engelse soldate kon kwansuis nie mielies slaan nie want dan keer die Kaffers hulle vas en vermoor hulle. Die soldaat werk aan die forte en skanse waar hulle veilig is terwyl die Afrikanerboer die vuil werk vir hom moet verrig.(3) Dit was die toestand van sake en een van die menigvuldige griewe wat die burgers teen die Britse bewind gekoester het en wat hulle uit die land van hulle geboorte verdryw het.

---

(1) Alexander: Excursions in western Africa etc. Vol. I, p. 412.
(2) Preller: Voortrekkermense, I, p. 111.
(3) Preller: Voortrekkermense, I, pp. 111 - 112.

4. Het die Britse Siviele Bevolking ook aan die Kommando's Deelgeneem?

Ons het reeds kortliks by 'n vorige geleentheid gepraat van die verdediging van die dorpe deur sy eie inwoners. Die Engelse Setlaars van Grahamstad het na die kafferaanval op hulle dorp baie goed geskrik en stig toe die bekende „Albany levy." Dit was 'n vrywilligerskorps wat optree in afwesigheid van die troepe en wat op vasgestelde tye in die hanteer van wapens en seine geoefen word. Die landswet vereis dat alle burgers tussen 16 en 60 jaar met wapen in die hand sy land moes verdedig en dus kon die Setlaars nie uitgesluit bly nie. In 1822 word twee berede kompanies uit die distrikte Bathurst en Grahamstad gevorm van 50 elk en ook vyf kompanies voetgangers wat tesaam 500 moes tel. Almal moes die eed van getrouheid aflê en alle ongehoorsames was onderhewig aan 'n boete van 50 Rd. of 'n maand tronkstraf. Mnr. Rivers as kommandant sal 'n salaris trek van 2,000 Rd. per jaar en voer kry vir vier perde terwyl Mnr. Dyason as Adjudant 360 Rd. trek met voer vir twee perde daarby. Dan was daar sewe luitenante met 'n salaris elk van 200 Rd. per jaar sonder voer vir perde. Die Albany Levy het geen rol gespeel nie; hulle was met ou wapens van 1806 voorsien; baie weier die eed te neem en word beboet. Hulle entoesiasme was tot vriespunt gedaal en die toepassing van die krygswet was nodig om hulle te laat uitspring. „Continual grumbling and dissatisfaction with everything and a numberless excuses for non-attendance at musters led to inefficiency, general disorganisation and uselessness."(1) Na 'n oneervolle loopbaan van net drie jaar word hy op 18 Maart 1825 ontbind.

Die bedoeling met die Britse Setlaars op die grense van Kafferland was hoofsaaklik om deur 'n digter bevolking 'n end te maak aan die kafferstrooptogte; daarby was hulle immers

(1) Cory: The Rise of S.A. II, p. 357. Pretoria Arg. Proklamatien, 1806 - 1825, - Prokl. van Somerset van 18.3.25.

Britte wat hulle nie tot wreedhede teen weerlose barbare sou leen nie. In eie belang sou hierdie Setlaars 'n sterk borswer teen die vyand vorm; die regering het egter vergeet dat die Kaffers veediewe in die eerste instansie was en die Setlaars daarom minder te ly sou hê daar hulle maar min vee besit het. Vir die Britse regering sou die neersetting 'n groot besparing beteken want die plan was om die militêreposte net so lang in stand te hou as wat nodig was om die Setlaars die geleentheid te gee om hulleself in 'n sterk verdedigingsmag te organiseer. Die voorwaardes vir neersetting was baie aanliklik gestel sodat daar aan manskappe geen gebrek sou kan wees nie; die militêre magte sou geheel en al onttrek kon word.(1)

Die bedoeling van die Albany Levy was wel deeglik dat ook hulle tot kommandodiens opgeroep kon word „but in the Instructions that were given to the Commander on the Frontier, it was explained that the Levy was not required to be detached from their homes, but were to constitute a defensive force in the event of the employment of the Regular Troops beyond the Frontier.(2) Die Britse Setlaars se families was in so 'n hulpelose toestand dat die oproep van die mans groot ongerief veroorsaak het. Baie Setlaars het die eed nie wou aflê nie omdat hulle gevrees het dat hulle hulle daardeur onderhewig stel aan die militêrewette en dit wou hulle as vrye Britte nie doen nie.(3) Daar was oorspronklik geen vyandskap tussen die burgers en die Britse Setlaars nie; die burgers het hulle verwelkom en het stellig daarop gereken dat ook die Britte die kommando's sou meemaak en vir hulle help om die kafferwraagstuk op te los; daarby het hulle ook gemeen dat Britanje tog seker nie sy eie vlees en bloed in die steek sou laat nie en 'n meer simpatieke houding inneem teenoor die blanke volkplantings in die land. Die filantrope het egter met hulle onsinnige optree gesorg dat die goeie verhouding baie gou

---

(1) Theal: Rec. of CC, II, p. 308. Somerset - Bathurst, 24.4.17; Cambridge: Hist. of Br. Emp. p. 224.
(2) Theal: Rec. of CC, Vol. 21, p. 323.
(3) Theal: Rec. of CC, Vol. 21, p. 323.

verstoor was. Die verhouding tussen die Setlaar en die soldaat was nie van die beste nie want die invloed van laasgenoemde was meesal verderflik. „Everything I saw and heard at military posts tended to deepen my conviction, that Satan rules in the army."(1)

Dis onteenseglik waar dat die bedoeling met die „Albany Levy" in 1822 was dat ook die Britte onder dieselfde landswet sou val, wat die invoners tussen die jare 16 en 60 aan kommandodiens onderhewig maak. In die eed aan die Koning verklaar hulle hulself bereid om te dien „on all commando's regularly called out by the District Magistrate, or his order."(2) 'n Boete van £30 kon opgelê word, waar 'n persoon wegbly en een van £50 wanneer hy weier om die eed te neem of 'n maand tronkstraf. Die gevalle waar Setlaars aan kommando's deelgeneem het, was egter baie raar. Backhouse verwerp die beskuldiging as sou die Setlaars aan kommando's deel geneem het met die volgende woorde: „it is questionable whether more than a few - very few others, could have been found, who would have acted thus, and in a time of trial have declined to avail themselves of such a system, for the recovery of their property."(3)

Voor die Selekkomitee in Engeland ontken ook Generaal Dundas dat die Setlaars aan kommando's deel geneem het, of wreedhede teenoor weerlose Kaffers gepleeg het. „There certainly were at times young men who broke through the rule and joined a commando, but the commandoes were the Dutch and the Military."(4) Kolonel Somerset erken dat 'n paar Engelse aan die kommando teen die Fetcani deelgeneem het, maar skryf as volg: „I beg to remark that from cercumstances of which you are aware I have refrained from calling out the Settlers of Albany."(5)

---

(1) Blackhouse: A narrative of a visit to the Mauritius & South Africa, p. 314.
(2) Red of CC., Vol. 15, pp. 108 - 109. Prokl. van Somerset op 4.10.22.
(3) Backhouse: op. cit. p. 300.
(4) Cory: op. cit. III, pp. 176 - 177.
(5) Cory: Op. Cit., II, p. 357.

Stockenström het voor die Selekkomitee in Engeland beweer dat die Britse Setlaars baie dikwels aan kommando's deelgeneem het en kort daarna word in Grahamstad 'n publieke vergadering gehou om te weerlê wat Stockenström gesê het. Die heel eerste artikel van die resolusie lui as volg: „That this meeting most unequivocally denies the fact stated by Captain Stockenström in his evidence that the British Settlers have very often served on commando, or that they have in any way participated in those atrocities."(1)

Uit bostaande moet dit vir elkeen baie duidelik wees dat die Britse element in Suid-Afrika tussen die jare 1820 en 1836 feitlik geen aandeel gehad het aan die verdediging van die land teen die Kaffers en dat die kommandostelsel niks anders was as 'n suivere Boereinstelling nie; die Britse troope het weliswaar 'n kontroleronde rol gespeel maar die eintlike werk moes deur die burgers en masse uitgevoer word. Die Britse Setlaars het nie verder as die „Albany Levy" gekom en het aan die kommando's feitlik geen deel gehad nie. Van hulle kant wou hulle nie eers weet dat 'n paar uit hulle gelederе die moed gehad het om Kafferland binne te gaan en die kommando's ondersteun het nie. Vir die gewone Brit was dit 'n oneer om deel te gehad het aan 'n stelsel wat die enigste doeltreffende middel was om, nie net die burgers se tuistes te verdedig nie, maar ook hulle eie woonstedes teen 'n barbaarse vyand te versekureer. Die kliek van Exeter Hall het alles in hulle vermoë gedoen om die Britse regering in Engeland te oortuig van die feit dat die kommandostelsel 'n klasse-werktuig van die Boere was en dat die Setlaars van 1820 heeltemal onskuldig was aan die sogenaamde wreedhede en verdrukking wat met die kommando's se optree sou gepaard gegaan het.

Elke slag wanneer die gevaar op die oosgrens opdoem het

---

(1) Cory, op. cit., II, pp. 343 - 344; Cory, op. cit., III, p. 228.

die jong burgers van die land, onder hulle beproefde leiers, teen die barbarisme tevelde getrek terwyl hulle Engelse landgenote veilig tuis sit en skuil agter die bloed van hulle mede landgenote. Tot regverdiging van die klompie moedige Britte, wat wel uitgetrek het, moet vermeld word dat hulle baie dapper opgetree het, skouer aan skouer met die burgers saam geveg en ewe-eens hulle bloed gestort het in belang van die blanke beskawing in Suid-Afrika. Dis pynlik om te lees hoe die Britse owerhede, onder die invloed van die liberaliste en sendelinge van daardie dae, die Hollandssprekende Afrikaner sy reg op die vrugte van sy arbeid en sy bloed misgun het. Die griewe teenoor alles wat Brits was het dan ook so algemeen, veral na die Sesde Kafferoorlog, dat dit vir die Boer onuithoudelik geword het en hy die land van sy geboorte teen wil en dank moes verlaat om 'n heenkome elders te soek.

HOOFSTUK 19.

Die Aandeel wat die Kleurling-Elemente gehad het aan die Stryd van die Kommando's teen die Inboorlinge van die Land. (1795 - 1878).

1. Die Britte neem die Beleid van die H.O.I.K. oor en gaan voort om Kleurlinge te besig. (1795 - 1803).

In hoofstuk vier het ons die gebruik van inboorlinge as 'n noodsaaklike en onafskeidbare deel van die burgerkommando's van die ou Hollandse tydperk kortliks geskets en probeer aantoon hoe die grondslag hier gelê was van 'n stelsel wat in later jare baie onaangenaamhede en moeilikhede ten gevolge gehad het. Die Eerste Britse Bewind het eenvoudig gehandhaaf 'n gebruik wat ook hy nuttig en doeltreffend gevind het. Die verhouding tussen die koloniste en die kleurlinge was in hierdie dae baie gespanne en het tot allerhande uitspattings aanleiding gegee.

Ons vind dat van die vroegste tye af die witmense in Suid-Afrika 'n hekel daaraan gehad het dat kleurlinge wapens dra. Ons moet ons hieroor gladnie verbaas nie aangesien die blankes in die land nog steeds 'n minderheidsgroep gevorm het temidde van 'n groot see van barbare wat hulle omring het, soos slawe, Boesmans, Hottentotte en Kaffers. Met wapens in die hand kon hierdie elemente die lewe in die land eenvoudig onmoontlik maak. Uit die volgende aanklag teen die Hottentotte van Baviaanskloof (Genadendal) kan ons aflei hoe gevoelig die burgers oor hierdie saak was: „Dat ook aan deese Vergadering is voorgekoomen dat er in de Hottentots School aan de Baviaanscloof een groot aantal Hottentotten zyn, die nog dagelyks zoo als ons is bericht met schiet geweeren rond loopen, om zoo zy voorgeeven wild te schieten, dan daar dit in deese zorgelyke tyd somtyds van schromelyke gevolgen zoude kunnen syn, wy dus de vryheid neemen, Zyn Excellentie te verzoeken, dat de missionarissen in de School Gouvernements weege wierden aangeschreven van hier omtrent een waakzaam oog te vestigen,

dewyl het eene locale Wet alhier is, dat geen Hottentot met een Geweer mag rond loopen...[1] Die saak word daarop na die goewerneur Dundas verwys en die mening gelug dat die sendelinge by Baviaanskloof gevra word om die kwessie te probeer oplos.[2] Kornet Otto van Swartberg moes ook kla dat die Hottentotte nie help met die vervoer van troepe langs die roete nie maar dat hulle „burger nering dryf met bekwaame ossen en waagens... en daar zeyn ook goejie en bekwame reypaard en geweers aan de Hottentots...," en daar bestaan dus geen rede waarom hierdie mense ook nie die saak van die verdediging kan steun nie.[3]

Ons weet dat dit 'n tyd van baie onluste onder die gekleurde bevolking was en kan ons begryp waarom daar 'n gerug in omloop gekom het as sou die Hottentotte van Baviaanskloof „zeer ongeschikte persoonen om dit commando te vergezellen" sou wees.[4] Hieroor was die regering onthuts en vra die landdros en heemrade van Stellenbosch om die gerug te weerspreek daar dit onrus by die Hottentotte kon veroorsaak en baie kwaad doen.[5] Veldkornet Linde het by een geleentheid gevra of die Hottentotte van hierdie sendingstasie dan ook nie aan die kommando's kon meedoen nie, maar die regering wou hiertoe geen verlof goe nie en voer as rede aan „that the service of the few Hottentots that could be taken from Baviaanscloof is of less consequence to the operation of a powerful commando than the distress that would result from the suspending of the useful work which by order of the Government they are at present engaged in".[6] Dundas het later meegedeel dat hy die Hottentotte nie wou dwing om kommandodiens te verrig nie maar dat hulle vrywillig kon gaan as hulle lus het.[7]

Toe Generaal van der Leur met 'n Britse mag, waarvan 'n

---

(1) Stellenbosch, Resolutien, No. 23, 26.8.99.
(2) " Ink. Br. 139. Fraser - van der Riet, 6.9.99.
(3) " Commando Papieren, No. 726.
(4) B.O. No. 26. Disturbances in the Interior of the Colony.
(5) B.O. No. 55. Barnard - van der Riet, 16.11.02.
(6) Ibid. Ross - Linde, 25.10.02.
(7) Ibid. Ross - Rose, 27.10.02.

groot gedeelte uit Pandoere bestaan het, op die grense verskyn, het 'n groot aantal Hottentotte eenvoudig hulle werk op die plaas in die steek gelaat en by die „army" gaan skuil soek; toe van der Leur, op aandrang van die burgers, hierdie drosters in sy kamp wou ontwapen, slaan hulle op die vlug met behoud van hulle gebuite wapens en kies die kant van die Kaffers wat nou die land oorstroom het; hulle leiers was Klaas Stuurman, Hans Trompetter en Boesak. Baie Hottentotsoldate, onder die verderflike invloed van die negrofieliste, wou ook nie teen die gekleurde vyande optrek nie en het van tyd tot tyd na die Kaffers oorgeloop om te gaan veg teen hulle sogenaamde blanke verdrukkers.

Vir die blankes was dit 'n benoude tyd toe Hottentotte in uniform te Graaffreinet opdaag om saam met die militêre, die Van Jaarsveldrebellie aldaar te onderdruk. Selfs word die kerk vir 'n tyd as kaserne gebruik vir hierdie Pandoere; vir die kerklievende bevolking was hierdie daad niks minder as heiligskennis en nie bereken om die opstandige gees te doen bedaar nie. In 1801 het die opstandelinge die Pandoere uit Graaffreinet verdrywe.

Gedurende die Eerste Britse bewind het baie gekleurdes as wadrywers, touleiers en veewagters kostelike werk verrig en ook gereëld deelgeneem aan die meeste kommando's teen die binnelandse vyande. Op hierdie aangeleentheid van die saak word later ingegaan en daarom word die nut van hierdie mense vir 'n kommando nie hier verder bespreek nie.

2. <u>Die Bataafse Regering handhaaf die Beleid om van Hottentotte vir Militêrodiens gebruik te maak.</u>

Die waarde van Hottentotte as soldate is spoedig deur de Mist en Janssens ingesien veral nadat hulle instruksies ontvang het om die beste troepe na Batavië in te skeep. 'n Skrywer van hierdie tyd het die uithouvermoë van die Hottentot geloof want, sê hy, die nasie kan vir vyf dae aaneen hardloop met 'n geweer op die skouer en dit sonder kos; verder laat hy hom maklik lei deur 'n offisier wat sy vertroue wegdra en daarby is hy 'n goeie skut. „The Hottentot's physique, his

capacity for fighting single-handed, his easily satisfied needs, when circumstances deprive him entirely of the means of livelihood, his perfect knowledge of the character of the country given him by nature herself and which is known among Europeans and strangers, all place him on the same level as that of the Kafir, and circumstances go to prove, in every colony, that natives can be attacked only by natives."(1)

Ook Janssens het hom weldra beywer om die Hottentotkorps verder uit te brei daar hy die nut van die mense as soldate gou leer besef het; hy gee sy opinie in die volgende woorde: „De Hottentotten zyn door hunne Lichaamsgestoldheid, vlug oog, en behendigheid in het schieten, tot den Ligte Infanterie Dienst byzonder geschikt, en kunnen de fatigues van den marsch, veel beeter dan Europeesche Soldaaten uithouden."(2)

Die oorblyfsels van die Hottentotkorps was uit vrees vir die burgers, wat hulle wou braai vir hulle optree onder die Britse regime, by Rietvlei onder beskerming van Maynier saamgetrek. Daar was toe 306 militêre besoldigdes, 130 wat geen soldy ontvang nie; laasgenoemdes het geen diens gedoen nie maar word nietemin deur die regering onderhou. Verder was daar ook 289 vroue en 237 kinders, wat almal saam met die mans baie vryheid geniet het. Oor hierdie klomp mense het Kaptein le Sueur bevel gevoer; hulle was 'n „invreetende kanker", geheg aan die Britse regering maar kooster 'n heilige vrees vir die „dutsman". „Het was doorgaands eene verzameling van luiaards, slapers en dronkaarts, die dit gemakkelyk leven verre boven den arbeid koozen."(3) Janssens besluit om hierdie korps te reorganiseer om te pas in die raamwerk van sy verdedigingsplanne teen binne- en buitelandse vyande. Die Hottentotkorps word dadelik met rekrute versterk; terwyl le Sueur as kommandant en majoor van die Korps aanbly, word daar op die

---

(1) Van Pallandt: General remarks on the Cape of Good Hope p. 23.
(2) B.R. 43. Bylagen 1803. Janssens 12.12.03.
(3) Van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek. pp. 241 - 245.

bevolking 'n dringende beroep gedoen om van hulle volk toe te laat om aan te sluit want daardeur sou hulle self minder persoonlike kommandodiens hoef te verrig en „dat het gemis eeniger Huurlingen de Landlieden minder konde drukken dan het verlaten van Hof en Have doen zoude, indien zy zelve geroepen wierden om tot behoud van hun geboorteland zig naar de plaats van 't gevaar te begeven."(1)

Die Hottentotte sou onder bevel van blanke offisiere baie nuttig wees en almal word gevra om met hierdie rekruteer-veldtog behulpsaam te wees.

Minstens 100 rekrute was nodig maar almal moes gesond, sterk en goed van gedrag woes en „boven de Kinsche Jaaren," sonder vrou en kind, en uit daardie streke geverf waar hulle gemis kon word. Van hierdie getal lewer die Kaap en Kaapse distrik 20 en Stellenbosch en Swellendam elk 40. Die veld-kornette kry opdrag „de reis dezer voor Gouvernements dienst gerequireerde Manschappen zullen begunstigen en bevorderen."(2) Elke distrik moes sôre dat sy getal op peil bly terwyl die regering die koste aan die vervoer self sou dra; onder geen omstandighede durf die burgers hierdie volk weer in hulle diens terug lok nie; by die werving van die manskappe moes alle redelikheid in die oog gehou word en veral moes daar by die eienaars aangeklop word waar daar genoeg volk is; geen guns of nepotisme mog hier enige rol speel nie. Daar moes selfs met lis en bedrog te werk gegaan word om die onwilliges in hande te kry, en daarom „denzelven in den waan laaten als of denzelve tot het werken alhier gezonden worden."(3) Dit blyk dat die Hottentotte nie baie lus gehad om aan te sluit nie en voer allerhande verskonings aan vir hulle weiering „dat zy my ronduit verklaaren, liver by de geene te willen blyven, waarover zy klagen den Kaapwaarts te gaan en de

---

(1) SW. 12/3. Prokl. van Janssens. 15.4.1804.
(2) Sw. Arg. 15 April 1804.
(3) GR. 16/2. Stockenström - Vk. Pretorius. 20.8.04.

reedenen zyn, dat zy hun vrouwen, kinderen en vhee niet zouden kunnen meede brengen en aanhouden."(1) Ververs het nie die reg gehad om sonder verlof van die eienaar die volk te rekruteer nie; die wat by die base in skuld verkeer mog nie gevra word om aan te sluit nie - Le Sueur word gelas om die rekrute goed te behandel, die dronkenskap af te leer en op hulle sedes te let. Hulle moes onder strenge krygstug staan - „De Hottentotten in dienst... behooren daagelyks geoeffend, en zo veel mogelyk geoccupeerd te zyn, daar derzelven neiging tot ledigheid groot is, moeten zy met zagtheid maar fermiteit tot meerder activiteyt en naarstigheyd opgeleid te worden."(2)

Janssens was in sy skik met sy Hottentotkorps en het in 1805 gepleit vir 'n verdere vermeerdering met 125 - 130 in getal - „Landdrost het Bataillon Hottentotsche Ligte Infanterie voldoet beven de verwagting die men by de oprichting hebben konde... de Lenseen zyn, algemeen genoomen, zeer vel te vreeden, zyn geoeffend zo goed als Europische soldaaten, ... de aan die natie anders eigene fauten, van zich aan drank over te geven, en vuil te zyn, vermindert ten sterksten en zal weldra geheel ophouden..."(3)

Net soos onder die Eerste Britse bewind het daar ook nou tekens van verset gekom teen die bewapening van kleurlinge. Veldwagtmeester Craay kla oor die bewapening van die volk en beweer dat, omdat hy 'n vreemdeling was, die „nydigen Booren" hulle teen hom opsteek. Craay wou al die skietgoed laat afneem omdat daar baie onskuldige bloed in sy omgewing gestort word.(4)

Die Hottentotkorps was, behalwe teen die Boesmans, seldo in die veld gestuur aangesien die Kaffers vir hulle vreedsaam gedra het. 'n Versoek aan Bethelsdorp gerig om rekrute vir 'n kommando teen die Boesmans word van die hand gewys.(5) In

(1) B. R. Bylagen 1804. 22.8.04.
(2) B. R. 41. Janssens - le Sueur. 26.8.03.
(3) GR. 1/7 Janssens - Landdroste van Buitedistrikte 20.10.03.
(4) Sien ook Proclamation, 1806 - 1825.
(4) B. R. 87. op 4.3.04.
(5) Cory, op. cit. I pp. 171 - 172.

1805 trek 'n kommando bestaande uit 3 Kristene en 9 baasters en Hottentotte uit om Boesmans te gaan aanval.(1) Janssens het ook met die tweede aanval van die Britte op die Kaap sy Kleurlinge troepe in die veld gehad maar hulle was die eerste om met die bars van die bomme op die vlug te slaan.

Dis kensketsend van die Bataafse Bewind dat ook hy sterk onder die invloed van sy tyd gestaan het en dus nie baie kieskeurig was in verband met 'n sekere mate van gelykstelling tussen wit en swart nie. Die bewapening van kleurling troepe was slegs een face van hierdie verskynsel. Soos ons later in hierdie hoofstuk breedvoeriger sal aandui, het die Pandoere en andere kleurling Korpse nie juis by die burgers in die smaak geval nie. Die hoof rede moet gesoek word in die feit dat, hoewel hulle los Hottentotte op kommandodiens geneem het, hulle nie daarvan gehou het dat die nasie onder Britse en Hollandse offisiere gemilitariseer word nie.

3. <u>Die Britse Regering aan die Kaap sien ook die nut daarvan in om Hottentotte en Baasters in die vuurlinie te stoot. (1806 - 1836).</u>

Wanneer ons praat van die gebruik van kleurling-elemente as soldate moet ons in die oog hou dat die mense enersyds as 'n staande mag aangehou was en bekend gestaan het as „Pandoere" ~~of~~ „Cape Regiment". Aan die ander kant weer het hulle 'n vaste deel van die burgerkommando's uitgemaak, waar hulle meesal as diensbodes diens gedoen het. In hierdie paragraaf gaan ons ons hoofsaaklik bepaal by die Hottentotsoldaat, wat onder bevel gestaan het van Britse offisiere en ook in uniforms gesteek was.

Die gedagte aan die verraderlike rol wat die kleurling troepe tydens die Eerste Britse regime gespeel het was nog baie vers in die geheue en stellig het die burgers ook nie vergeet nie dat hulle groot leier Tjaart van der Walt juis deur 'n kooGl uit die loop van 'n Hottentotsoldaat se geweer dodelik getref

(1) B.R. 3. Resolution.

was. Dis derhalwe te verstaan dat daar woldra onder Britse heerskappy ook meer onaangenaamhede met hierdie troepe noodwendig moes plaasvind. In 1806 was die blanke gemeenskap sterk gekant teen enige bloedvermenging met die inboorlinge. Daar was in daardie jaar ongeveer ses honderd basters, met wie die slawe en Hottentotte vryelik gemeng het. Die Boere wou teen elke prys hulle bloed suiver hou en selfs die armste burgers het hulle links laat lê. Baie basters het noordwaarts gevlug na hulle verraad van die jaar 1802 en het 'n groot gevaar vir die veiligheid van die blanke pioneers in hierdie streke geword.

Die benaming „Dutch Bastard", wat soms deur Engelse na die Boerese hoof geslinger word is geskiedkundig heeltemal ongeplaas; die „Cape Boys" was eers na 1819 aan die Kaap bekend en het sy oorsprong by die eerste bataljon van die 60ste Resiment van die Britse leërs, wat in daardie jaar afgedank was en met die kleurlinge begin meng het.(1) Dit kan terloops hier verder vermeld word dat die grootste oorsaak van die verbastering die vreemde blanke elemente was, wat deur al die jare heen ons kuste besoek het as bandiete, soldate en matrose. Vandaar dan ook die feit dat die meeste „Cape Boys" in die land se kusstede aangetref word.

Deur Engelse skrywers word die Hottentottroepe as volg geskilder: „they were dressed in claret-coloured jackets and trousers... broad-brimmed black hats... and they were armed with bright-barrelled musquets." Dit was die uitrusting van die infanterie. Die ligte kavallerie aan die ander kant „wore in the field a green forage-cap and jacket, and leather trousers; a pouch, haversack, and a canteen hung from their shoulders;"(2)

„Hottentots have a natural aptitude for war. They are a reckless people, light hearted, light made, and hardy... they have a rough ready look about them; march and fire very

(1) Theal: Hist. of S.A. op. cit. I. p. 205; Bird: State of the Cape of Good Hope in 1822.
(2) Alexander: op. cit. II, p. 35.

well; have uncommonly keen sight; rival North American Indians in tracking an enemy by his marks, though several days old, on the ground and on the bushes; are indifferent to the shelter of tents; can eat six pounds of meat and two of bread at a sitting, and then with the assistance of a girdle, go three days; and, in short, are excellent material for light troops, and are rapidly trained in war, whether on foot or on horseback."(1) Die Hottentot is maar gemiddeld vyf voet hoog, tingerig gebou en slaan 'n koddige figuur in 'n uniform; hy is so aktief soos 'n aap en ken die land goed en verstaan daarby iets van die kaffertaal. Met sy groen baatjie, geel broek, sy skerp oog en sy verbasende geduld is hy net die man om 'n vyand te ontmoet wat uit die bosse skiet. „But the Hottentot will smile quietly when there is neither food nor water, and draw his girdle of famine tighter round his waist and travel on under the sun.... uncomplainingly."(2)

Ek kan nie nalaat om ook die volgende tipiese beskrywing van 'n ander Engelse skrywer oor die Hottentotkorps hier aan te haal nie „but its appearance struck me as somewhat grotesque: the men were of the Hottentot or Cape Corps, little wizened, monkey-faced, mean looking fellows, like baboons in uniform, but commanded by a very tall English Officer, who looked as if he would have outmeasured his whole detachment put together."(3)

Die Hottentotkorps was gerekruteer uit verskillende kleurling-elemente aan die Kaap; veral was die baster tiepe baie in aanvraag. In 1811 maak die Goewerneur 'n spesiale oproep op die distrik van Stellenbosch om vir hom Hottentotte te stuur geskik as konondrywers t.w. „Hottentotten of Bastaard Hottentotten"; hy wou al te saam 24 van hierdie manne vir die werk rekruteer in die distrikte omdat daar nie in Kaapstad genoeg te kry was nie.(4) Later is nog 10 man

(1) Ibid. II, p. 36.
(2) Ward: The Cape and the Kaffirs, p. 79; Ward: Five years in Kaffirland, I, pp. 101 - 102.
(3) Bunbury: Journal of a Residence at the Cape of Good Hope 9.11.11. p. 119.
(4) Stellenbosch, Ink. Br. No. 152. 19.11.11; Gr. 11/29,

vir die Hottentotkorps uit Stellenbosch aangevra.[1]
In 1819 word kennis gegee om die „Colonial Corps" met 215 man te vermeerder; hulle moes liggaamlik sterk en van die Hottentot of baster soort wees; van die getal sou Graaffreinet 50 lever. Met hulle aankoms te Grahamstad sou hulle 'n „bounty" van tien Rd. elk ontvang en daarna kry hulle dieselfde betaling as die orige lede van die Hottentotkorps.[2]
Ook aan Tulbagh se wyke word meegedeel dat elkeen van hulle 5 Hottentotte tot die Korps moet bydra; hierdie manne word van veldkornet tot veldkornet Kaapwaarts aangestuur onder bewaring van vier burgers; vir die vervoer word 'n ossewa gebesig; hierdie Hottentotsoldate sou later oor land na die grense gestuur word. Die Hottentotte het gevra dat hulle vroue en kinders agterna Kaap-toe gestuur moes word.[3] Dit blyk of die onwillige Hottentotte darom een uitvlug gehad het, en dit was om betyds vir hulle by die „Instituten" te vervoeg o.a. te Groenekloof. Die gevolg was dat daar 'n skaarste aan hierdie soort van rekrute geheers het.[4] Dit was nie die gebruik om Hottentotte teen hulle sin te werf nie, soos blyk uit die volgende aanhaling uit 'n brief: „It certainly was not His excellency's intention that force or intimidation of any sort should be used in obtaining Hottentot recruits, nor can believe that any has been resorted to."[5]

Die Hottentotte, soos ons ook trouens uit die beskrywing van die Engelse skrywers gesien het, was in uniforms gesteek. In 1835 het die uitrusting van die „Second Company Hottentot Infantery" bestaan uit die volgende artikels: 50 geweere, 50 „cloth caps" en „jackets", 50 broeke, 50 paar skoene of „field shoes", 50 komberse of mantels, 50 „leather stocks" en 12000 „rounds of ammunition."[6]

Met die uit-diens-tree word ook die Hottentotsoldaat goed versorg. As hy gewond of eervol ontslaan word, kry hy 'n

---

(1) Stellenbosch, Ink. Br. No. 154. Malan - Andringa. 4.12.12.
(2) GR. 8/9. Bird - Stockenström, 20.10.19.
(3) Worc. 17/9. Fischer - Bird. 28.11.19; ibid. Fischer - Zeman 27.11.19.
(4) Worc. 12/52. Bergh - Fischer. 14.3.19.
(5) GR. 8/26. Bell - Cc van GR. 8.1.33.
(6) GR. 9/68. HQ. te Grahamstad - van Rynevold. 15.3.35.

pensioen waarvoor hy op 'n vasgestolde vorm aansoek moes doen en dit lui as volg: „The Bearer is a discharged Soldier of the Cape Mounted Rifles, and is entitled to a Pension of Two Pence per Diem, ...[1]

Die regering het geweet dat die Hottentotsoldaat vir menigvuldige werksaamhede geskik was. Teen die Boesmans is hulle feitlik nooit in die vuurlinie gestoot nie. Toe in 1817 die plan geopper was om die lastige Boesmans deur gebruikmaking van die „Cape Regiment" in een oogwenk uit te roei het dit 'n hele opskudding in die geledere van die filantrope veroorsaak; Beide Dr. Philip en landdros Stockenström het die plan ten sterkste afgekeur en moes daarvan die voorname afgesien word.[2]

Dit was nie net dat die Hottentotte baie dapper gevog het teen die Kaffers nie, maar ook was hulle bekwame beesoppassers, wadrywers, kanondrywers en onverbeterlike spioene; hulle word as deel van die Britse weermag ruimskoots vir hierdie werke ingespan. Sedert 1817 het die Hottentotkorps kostelike werk verrig as patrollies by die verskillende bewakingsposte wat op die grense deur goeverneur Somerset in die lewe geroep was. Hulle was veral instrumentaal in die opspoor en terughaal van gesteelde vee by die kafferkrale. Dis nie hier die plek om die bedrywighede van die Hottentotkorps, veral tydens die Sesde Kafferoorlog, breedvoeriger te behandel nie. Dis voldoende om te sê dat daar in hierdie oorlog by die eerste divisie 100 Cape Corps, 430 „Hottentot Regiment" en 40 Hottentotgidse aanwesig was; by die tweede divisie was daar 200 Cape Corps en by die derde divisie 50 Cape Corps en 374 ander Hottentotte.[3]

Die gebruik van gewapende Hottentotte teen die blanke inwoners in die land het selde voorgekom maar waar dit geskied het, soos tydens die Slagtersnekrebellie, het dit vrange vrugte voortgebring waarvan die bitter smaak tot op

---

(1) C.O. 1909. Brief van Stanley, Kol. Sekr. 6.3.34.
(2) Dr. Philip: Researches in S.A. Vol. II, p. 33.
(3) Smith: Autobiography etc. II, p. 338.

die huidige dag nie uit die mond van die Afrikanerboer verdryn het nie. Die opstand het juis ontvlam as gevolg van die verskyning van die Pandoere en hulle gebruik onder Kaptein Andrews om 'n witman te gaan arresteer. Hoogs tragies is die feit dat ook hier, net soos in die geval van Tjaart van der Walt, dit weer 'n kogel uit die geweer van 'n Hottentotsoldaat was, wat aan Bezuidenhout die dood berokken het.

Die dissipline onder die Hottentottroepe was nie altyd van die beste nie en dis juis hierdie gevaar wat die blanke se hart van vrees omklem het en vir hom 'n ewige afsku vir 'n geuniformde, en daarby gewapende kleurling, laat koester het. Reeds in die Derde Kafferoorlog het die mense getoon dat hulle nie altyd in kritieke tye te vertrou was nie. As 'n Hottentot in uniform gestop word, en ook nog 'n geweer op die skouer dra, word hy gewoonlik afstootlik en parmantig veral teenoor 'n blanke wat nie so gelukkig is om ook 'n geweer te mag dra nie. Met die aanval op Grahamstad in 1819 is daar onder die lyke van die gesneuwelde vyande ook die van Hottentotsoldate aangetref. Tydens die Sesde Kafferoorlog het talle van die Hottentotte in uniform dit goed gevind om gemene saak te maak met die vyand teen die blanke grensbewoners.

Soos in vorige hoofstukke gesien is, moes die burgers langs die hoofpaaie na die binneland die troepe help vervoer en dus ook Hottentotsoldate. Daar word gekla dat hierdie Hottentotte al to dikwels vir die blankes, wat hulle moes help vervoer, geen respek betoon het nie. So byvoorbeeld klim hulle saam met hulle bagasie op die waens in stede dat hulle tevoet loop soos verordon was; hierdeur word die vervoer baie moeilik. By wyse van 'n memorie word gevra dat, behalwe die siekes, al die Hottentotsoldate te voet sal loop - „verpligt zullen weezen, om te voet te mooten gaan, zonder voor hun perzoon van de wagens gebruyk te maaken, veel minder ryd paarden daar toe te requireeren..."(1) Hierdie versoek word

(1) Stellenbosch, Resolution No. 29, 13.11.09.

gunstig oorweeg en stappe gedoen om die klagtes uit die weg te ruim.

Die blanke offisiere aan die hoof van die verskillende kleurling korpse was meesal Britte wat met die land en sy inwoners onbekend was. Die sedes en gewoontes van die Hottentotte, oor wie hulle die bevind gevoer het, was vir hulle vreemd gewees. Die hartelike samewerking het dikwels ontbreek wat aan 'n te slappe of 'n te stronge dissipline by die offisiere toegeskryf moet word.

4. Hottentotte en Basters neem gereëld deel aan die Burger-Kommando's.

In 'n vorige hoofstuk het ons aangetoon hoe die H.O.I.K. noodgedwongo genoodsaak was om van kleurling elemente in sy stryd teen inboorlinge gebruik te maak. Sedert dien was dit 'n vaste gewoonte om Hottentotte en basters in te span om te help met die verdediging van die land, nie net as deel van die staande leër nie, maar ook as bediendes en gewapende lede van die verskillende kommando's. Wanneer die burgers tevelde moes trek was dit heel natuurlik dat hulle liefs hulle eie bediendes sou wil saamneem om met die spanne osse om te gaan, die perde te versorg en allerhande werke op die tog te verrig; hulle was immers vertroud met die baas se gebruike, die trek van die osse en die versorging van die diere in die algemeen. Die Hottentot of Bastor-Hottentot was 'n uithaler wadrywer want dit was hy wat daeliks die baas se plaaswerk met die diere moes verrig en ook die transport oor lang afstande, oor berge en dale, langs slog gebaande weë, moes behartig. Talle van drywers was nodig om die groot aantal ossewaens na die grense te begelei; trouer en bekwamer manne vir hierdie werk as die kleurlinge kon nie gekry word nie. Ook was by elke wa nodig 'n touleier want die paaie was so slog dat feitlik 'n persoon gedurig nodig was om voor elke span uit te loop. Verder was daar die talle voe wat as trekosse en proviand vir 'n talryke kommando meegevoer moes word; hierdie diere word langs die pad in die beste weivolde gebring en

opgepas en vir die doel was ook die Hottentotbediendes die beste geskik. Die Hottentot, met sy sterk ontwikkelde sintuie, was baie doeltreffend as gids en spioen om die vyande op te spoor en is vir hierdie doel seer dikwels gebesig. So verhaal Campbell dat Piet Bruintjies en Boosak die vernaamste gidse was vir al die kommando's wat teen die Kaffers uitgetrok het.(1) Die meeste burgers het van agterryers gebruik gemaak; hierdie persoon was gewoonlik 'n Hottentot wat op een perd ry en 'n tweede aan die hand hou; hy self dra die lang geweer agter die rug terwyl op die derde perd die komberse kos en kosgereedskap gelaai word; hierdie perd word dan algemeen genoem die 'pakperd'. Hier sit hy dan "perched like a monkey, with a handkerchief round his head."(2) Burchell meen dat die burgers agterryers gebruik vir veiligheid en hulp maar ook „for outward show and for use."(3) Dis ontoenseglik waar dat die vernaamste taak van die kleurlinge egter was om as gewapende troepe die kommando's in die hitte van die stryd by te staan.

Dis hoofsaaklik as vegters wat die kleurlinge in hierdie dae op kommando gebruik was. Dis duidelik dat die Hottentot die gewoontes van die inboorlinge meesal beter as die witman verstaan het en hom beter tot die oorlog in bosryke streke geleen het. Fischer verklaar in 'n brief aan Kol. Willshire dat Kommandant Nel se kommando in April 1819 uit 45 basters en 43 burgers bestaan het; hierdie aanvoerder gee voorkeur aan basters omdat hulle reeds vroeër op kommando was, uithaler skuts uitmaak en groot dapperheid aan die dag lê; gevolglik word hulle baie vertroubaar geag.(4) Sir H. Smith het ook van die Hottentotte by die kommando's 'n hoë dunk gehad en praat van die 50 beredo Hottentotte as volg: „More spirited, gallant and able fellows in the Bush I never saw, capable of bearing the greatest fatigue, and for

(1) Campbell: op. cit. p. 113.
(2) Alexander: op. cit. II. p. 37.
(3) Burchel: Travels in the Interior of S.A. Vol. II, p. 132.
(4) Worc. 17/9. Fischer - Willshire. 18.6.19. Vgl. Fawcett: Account of an Eighteen Month's Residence at the Cape of Good Hope, p. 60.

future operations this force cannot be too much augmented."[1]

In die Vierde Kaffêroorlog word ruim gebruik gemaak van Hottentotte en het hulle so dapper geveg dat die goewernoeur somar voorgestel het om die persoonlike diens vir die burgers af te skaf en 'n kommandobelasting in te voer om die koste van die Hottentotresiment te dek; hierdie resiment sou in vervolg al die patrolliedions op die grense verrig nadat sy getal aanmerklik vergroot was. Vir 'n geruime tyd was een derde van die bemanning van die bewakingsposte saamgestel uit Hottentotte, en dit vóór die invoering van die kommandotaks en die vergroting van die Hottentotresiment.[2]

Aan die geveg van 3 Jan. 1812, wat so roemryk vir die kommando afgeloop het, het talle van Hottentotte deelgeneem. Daar was ses partye wat bestaan het uit 20 Hottentotte en 60 burgers elk.[3] Elke wyk van die veldkornetskap moes 'n seker kwota gewapende Hottentotte lever. Daar was selfs aangedring dat uit die Sederberge getroue Basters aangewerf word in die plek van Kristene aangesien hulle in daardie streek baie volop is.[4] Selfs die Hottentotsoldate word hierdie keer in die vuur linie gestoot en ook deels onder burgeroffisiere geplaas. Voorsorg word egter geneem dat die Britse offisiere kennis dra van die Boere se taal en gewoontes om sodoende beter met die burgeroffisiere te kan saamwerk; die Hottentotte word verdeel in kompanjies van 50 elk en aangevoer deur bekwame offisiere, bygestaan deur twee veldkornette wat op hulle beurt die bevel voer oor 25 man elk.[5] Soos ons by 'n vorige geleentheid ook gesien het, was selfs die Hottentotte en Basters nie vrygestel van die verpligting om in kontant of andersins tot die onderhoud van kommando's by te dra nie.

Veldkommandant Nel het op sy kommando van 1819 nie minder as 45 Basters en 19 ander Hottentotte gehad nie. Nel

---

(1) Theal: The Kaffir War of 1835, p. 64.
(2) GR. 9/68 Graham - Marce. 16.6.12.
(3) Cory, op. cit. I p. 246.
(4) Worc. 17/5 van der Graaff - Bergh. 16.10.12.
(5) C.O. 78. Lett. Rec. Graham - Reynell. 21.11.11.

het opdrag gekry om Basters en Hottentotte desnoods met geweld saam te neem; hy moes hulle ook van wapens en beskuit voorsien.[1] Die Tulbagh kommando het saamgeneem in hierdie oorlog tot 1819: 14 gedoopte en gewapende Basters, 3 ongedoopte en gewapende Basters, en 99 Hottentotte.[2] Die kommando uit Graaffreinet het nie minder as 120 Hottentotte onder die 600 manskappe in sy midde gehad.[3] Die Kaapse kommando se kleurling-elemente was as volg saamgestel: 13 touleiers van wie 5 gewapen was, 1 gewapende trompettor, 9 gewapende wagte vir die waens, 5 ander gewapende bediendes, en 2 gewapende wagters;[4] al hierdie mense was of Hottentotte of Vryeswartes. Uit Stellenbosch was vir dieselfde ekspedisie 106 Hottentotte gekommandeer om as drywers en touleiers te ageer.[5] Dit blyk dat die overhede werklik snoep was om vir hierdie kommando's gekleurde volk te kry, want die veldkornette word aangesê dat hulle „hoe meer hoe liever" van die mense moet saambring; die burgers moes hulle wapen en van perde voorsien sonder egter om die distrik te ontbloot.(6)

Vir die tweede kommando van die jaar na die grense word alle bekwame Hottentotte en Basters opgeroep. Die wat nie op kommando gaan nie moes die wapens forneer; verder moes hulle van 'n geweer, mool, beskuit en andere benodigheede vir die tog voorsien word.[7]

In sekere dele van die land was daar rede vir onlus onder die Basters gewees. Die Basters uit die omstreke van Zakrivier het geweier om almal op te trek na die grense; hulle wou die slag self nie die opgevorderde waens, trekosse en slagskape lewer nie. Toe 'n afvaardiging na hulle gestuur word om na die oorsaak vir hierdie houding navraag te doen het die Basters as rede opgegee dat hulle vir die

---

(1) Worc. 17/8. Fischer - Nel. 2.3.19.
(2) Worc. 17/8. Fischer - Cuyler. 6.3.19.
(3) GR. 14/4. Order vir linker divisie van kommando.
(4) GR. 9/68. van Reenen - Stoll. 18.5.19.
(5) Stellenbosch: Resolution 37. op 6.3.19.
(6) GR. 16/8. 10.4.19.
(7) Worc. 17/8. Fischer - Bergh. Sirkul. van Veldkor. 3.3.19.

stroperye van die Kaffers bedug was en dat die kapteins Danzer en Pieters gereed staan om hulle aan te val. Hulle word aangesê om binne 'n bepaalde tyd die kommando te volg en indien hulle nie gehoor gee nie, sal hulle as ongehoorsames en vederstrewiges behandel word; in weerwil van dit alles het hulle nie gekom nie en moes die kommando sonder hulle voorttrek.(1) Veldkommandant Nel het die vrede nie vertrou nie en, toe 7 van sy Hottentotte deserteer, het hy bevel gegee om hulle te arresteer en verder 'n wakende oog te hou oor alle Basters in sy kontingent. Die volgende kommando moes as gevolg van hierdie komplot onder die Basters uitsluitlik uit Kristene bestaan; geen plaaswerkers mag uit die diens tree nie.(2) Dit was nie juis 'n vaste reël om aan die Hottentotte en Basters gasie uit te keer nie. Tog tref ons dit hier en daar aan dat hulle iets vir hulle dienste ontvang. So sien ons dat Hottentotte by hulle aankoms te Grahamstad elk 10 Rd. ontvang as betaling, wat dieselfde was as die wat aan die gewone Hottentotsoldaat by so 'n geleentheid uitgekeer word. Die burgers moes self opdok vir betaling en voedsel en die regering het hulle gladnie vir die onderhoud van agterryers en gewapende Hottentotte en Basters aansprooklik gehou nie. Ons sien ook dat onder die bekende skema van Benjamin Durban die burgers gasie, maar die agterryers net rantsoene sou kry uit die regeringskas.(3)

Toe die Sesde Kafferoorlog uitbreek word ook die Hottentotte weer saam met die blankes te wapen geroep. Elke veldkornet moes 40 tot 50 burgers en 20 Hottentotte vir die kommando lever; hulle moes provisie vir twee maande en vars vleis vir twee of drie dae saamneem.(4) Ook word talle Basters en Hottentotte as wadryvers en touleiers vir die kommando se waens gebruik. Die ~~gekleurde~~ linge wat tuisbly mag nie sonder verlof buitekant hulle wyke ronddwaal nie en nog minder „by klompen

(1) Worc. 13/12. Nel - Fischer. 5.4.19; Worc. 17/8. Fischer - Bergh 9.4.19.
(2) Worc. 12/52. Bergh - van der Merwe. 26.6.19.
(3) GR. 9/68. van Renen - Stolls. 25.6.19. GR. 16/53. Sirkulêre aan Veldkornette. 15.8.35.
(4) GR. 16/53. CC van GR aan Veldkornette. 26.2.35. Worc. 17/14. Trutor - Veldkornette. 26.1.35.

tezamen te vergaderen." [1] Oor die 400 word as 'n eerste klomp na die grense gestuur gevolg later deur nog 150 Basters en Hottentotte uit Worcester. [2]

In al die Kafferoorloë waar die burgers in die veld gestuur word, het ook die plaasvolk in groot getalle aan die stryd deelgeneem, of as drywers, touleiers en agterryers, of as gewapende elemente van die kommando. Dit bly 'n onteenseglike feit dat die kleurlinge, selfs in hierdie dae van vrystelling van slawe en die filantrope veldtog teen die karakter van die burgers, in weerwil van dit alles, besonder gehegtheid aan hulle base betoon het. So sien ons dat selfs die „Beaufort Levy" wat meesal uit Hottentotte bestaan het, geweier het om onder die militêre te dien nadat die burgers in 1836 vertrek het; hulle wra om afgelos te word. [3]

Ook in die oorlog van 1819 was die Hottentotte rusteloos en ontevrede na die vertrek van die kommando en wou onder geen omstandighede langer op die grens vertoef nie. Hulle is toe afgelos en huis-toe gestuur. [4] Dit was die gebruik gewees om die Hottentotte so ver moontlik te verbind aan daardie afdeling met wie hulle uit hulle distrik opgetrek het „and the Hottentots would be under the Fieldcornet with which they are acquainted, and who know them." [5]

Met die rekruteer van Hottentotte word in die eerste plek gesorg dat hulle, wat geen vaste kontrakte by base het nie, die eerste na die front gaan. Die wat geen perde het nie, het tevoet moes loop tot by Grahamstad waar hulle dan wapens en perde ontvang. In 1829 was ook die Enon Lokasie aangesê om hulle deel te doen aangesien hulle belang by die kommando gehad het; sommige van hulle moes die bosse in die

---

(1) GR. 16/53. CC. van Worc. - Oberholzer. 26.2.35.
(2) Word. 11/13 Bell - CC. van Worc. 16.4.35 en 24.4.35.
(3) C.O. 1352. Stockenström - Durban 14.9.36.
(4) Stellenbosdh: Ink. Br. 168. Bird - van Rynevold. 26.11.19.
(5) GR. 16/8. Stockenström - Willshire 15.4.19.

omtrek van die dorp dophou terwyl andere as gewapende manne teveldo trek.(1) Die Hottentotte wat by Katrivier geplaas word, moes nie net aldaar beskaaf word nie, maar sou ook as 'n buffer teen die Kaffers moes dien. Die sendelinge het gladnie daarvan gehou dat hulle gemeentelede met die kommando's moes optrek nie en het dikwels om vrystelling vir hulle gepleit. So vra die Kaffervriend Pringle dat die Basters en Hottentotte van sy party van persoonlike diens vrygestel moes word en hulle om te skep „from Patrole and Commando Duty... to employment on a Road leading from your Location down to the Daviaans River..."(2)

Die regering en offisiere was nie altyd gedienst met die gebruik om Basters en Hottentotte as plaasvervangers te leuer wanneer hulle persoonlik gekommandeer word nie. Stockenström waarsku in sterk taal teen hierdie gebruik in die volgende woorde: „Wel te verstaan dat er geene Hottentots of ongedoopte Bastaards in anders plaats zal moeten worden gesteld, wyl zulks niet zal worden getolereerd."(3) Kommandant Nel word ook oor die kole gehaal ondat hy so baie Basters met hom saamgebring het in die plek van burgers „thus altering the respectable description of force..."(4) Daar was in hierdie dae 'n skerp lyn getrek tussen gedoopte en ongedoopte Basters; die gedoopte Basters was meesal beskou as die gelyke van die witmense teen wie se diens saam met die burgers daar nie juis 'n groot mate van afkeer bestaan het nie.

Ook tydens die Kafferoorloë na 1836 is daar goed gebruik gemaak van Hottentotte vir militêrediens. In 1846 word daar gevra om twee, drie of vier hondord Hottentotte om as 'n provisionele korps onder bevel van blanke offisiere op te tree; die veldkornet sou 1/- per dag ontvang wanneer hy hulle aanvoer en elke Hottentot kry 6d. per dag met vry rantsoen.(5)

---

(1) C.C. 619 Stockenström aan CC. van Uitenhage en George op 1.9.29.
(2) Rec. of CC. Vol. 14 pp. 128 en 145.
(3) GR. 11/2, Stockenström - Hattingh. 21.4.19.
(4) Werc. 11/5. Bird - Fischer. 10.5.19.
(5) GR. 8/8. Luit.-Goew. - CC. van GR. 25.4.26.

Veldkornet Hugo het 12 blankes en 6 volk, veldkornet de Villiers 14 blanke en 10 volk, terwyl veldkornet Malan 28 blanke en Hottentotte en veldkornet de Kock 22 blanke en Hottentotte saam op kommando geneem het.(1) Uit Kaapstad word ingeskeep in die „Mountain Maid" die volgende: „Malay and Liberated African Corps", wat gestaan het onder bevel van 4 luitenante, 1 kaptein, 1 priester, 1 trompetter. Die tweede afdeling was die sogenoemde „Vrygegeven Afrikanen".(2) Pottinger, die goewerneur laat ook 400 Katrivier Hottentot kommandeer om na Fort Peddie op te trek terwyl 90% van hulle mense reeds as wadrywers by die garnisoen in diens was. Hierdie verarmde skopsels het geen gasie ontvang om van te praat nie en goes met kos en klere tevrede wees. Ook het die „Tarka Levy" uit Hottentotte bestaan. Die volk was bitter ontevrede met die behandeling wat hulle onder Pottinger tebeurt geval het en wou later gladnie meer by die leër aansluit nie.(3) Toe Sir Harry Smith goewerneur word het hy die Hottentotte aangehou as soldate en vir hulle vir ses maande laat inskrywe teen £2 per maand; verder sou hulle klere, gewere en kos gratis ontvang; hulle gesinne tuis word gevoed met die buitgemaakte vee.(4) Sedert Pottinger se tyd was die Hottentotte van Katrivier baie ontevrede; Smith se optree het hulle nie weerhou om gedurende die Agste Kafferoorlog met wapens en al by die Kaffers aan te sluit nie. Smith was baie boos oor hierdie verraad van die kleurling troepe en laat later die leier en 47 minderes tot die dood veroordeel; baie van die gevange Hottentotte moes later vir hulle straf as bandiete diens doen met die bou van Bainskloof. Die Katrivierlokasie was in ongenade geval en word, na 'n deeglike ondersoek na die gedrag van die sendelinge en opstandige Hottentotte, vir goed gesluit as 'n neersetting vir Hottentotte wat

(1) Stellenbosch: Commando Papieren. 723.
(2) Fairbridge. Op. Cit. Cape Pamphlets.
(3) Cory: Rise of S.A. Vol. V p. 28.
(4) Cory: Ibid. Vol. V p. 321 and p. 352.

bedoel was om die Kaffers uit die Kolonie te help hou.

Die vernaamste en doeltreffendste dienste deur die Hottentotte aan die land bewys was gelewer toe die burgerkommando's en burgeroffisiere nog 'n leidende aandeel aan die stryd teen die Kaffers geneem het. Die militêre overhede het na 1836 nie veel plesier van die diensdoende Hottentotte gehad nie en het dan ook meer en meer op die Kafferpolisie begin terugval om die plek van die Hottentotte in die vuurlinie in te neem.

5. Kaffers word gewapen om teen Kaffers te veg.

Die ou Romeinse beleid van verdeel en heers was deur die Britse regering aan die Kaap in die Negentiende Eeu baie goed verstaan en ook met sukses tlhier toegepas. Om die naturelle te beveg is nodig dat daar ook volop van hulle eie bloed gebruik word. Die naturelle was met die gewoontes van hulle eie volk, en ook met die aardrykskunde van die land, baie goed bekend; daarby was hulle goeie skuts, gidse en spioene wat aan die Britse leërs in sy menigvuldige oorloë in Afrika waardevolle dienste gelewer het. Voor 1836 het Kaffers feitlik nooit deelgeneem aan die stryd teen die vyandige stamme op die grense van die Kaap Kolonie nie. Daar word egter gemeld dat in 1829 'n kommando van 117 burgers, 22 Hottentotte en twee Kaffers uitgestuur was om Boesmans te gaan opspoor en aanval. Hierdie gebruik van Kaffers op Kommando was 'n sonderlinge verskynsel en het in sekere kringe groot opspraak verwek en van Ryneveld, wat vir die gebeurde verantwoordelik was, moes net bontspring om sy optree by die overheid te regverdig. Hy beweer dat hierdie twee Kaffers jare gelede al hulle tuiste in die distrik van Beaufort gemaak het, dat hulle veë en melkkoeie besit en goed van gedrag is. Hulle was onder Ordonnansie 49 en die gewone wette van die land in tyd van nood aan militêredienst onderhewig; daarom het hy verlof tot deelname aan die kommando verleen op voorwaarde dat hulle onder blanke offisiere dien; hy kon dus nie insien

dat daar gefouteer was nie. Van Ryneveld gee dan aan die hand dat aan die Kareeberge 'n plek aangewys moes word waar Kaffers kon woon en as 'n stootkussing dien om Boesmaninvalle van uit die noorde in toom te hou.(1)

Kaffers was sedert 1829 toegelaat om vir hulle in troppies in dele van Beaufort te vestig; hier het hulle by die boere in diens getree en het soms gehelp met die opspoor van gesteelde vee. Toe die oorlog van 1835 egter uitbreek het die versiende burger besef dat hierdie mense 'n groot gevaar vir die blankes kon word. Hierdie Kaffers het nou, in plek van die Boesmans en Basters te weerhou van diefstal, self begin roof en steel. Die posisie het so verslag dat die burgers selfs gewaarsku moes word om nie sonder verlof in klein kommandotjies teen hierdie Kaffers uit te trek nie aangesien hulle weldra kon wraakneem en die blankes uitmoor.(2) Daar word toe besluit om die Kaffers in die streke onder 'n Kafferkaptein te versamel en op die noordgrens te plaas om die gevreesde bendes van Stuurman te beveg, want, sê veldkommandant Jacobs, „een vyand binneshuis ben altoos gewigtiger dan een vyand buitens huis." Verder het Jacobs daarteen geprotesteer dat meer mense uit die Nieuweveld geneem word omdat die gevaar van die Kaffers vir „onze arme Beaufort" nou baie werklik geword het.(3)

Die Fingoes was 'n volkie wat soos slawe tussen die Kosas geleef het en het bestaan uit die oorblyfsels van verskillende uitgeroeide kafferstamme. Hierdie Fingoes het baie van die Kosas te verduur gehad, en toe die Britse troepe in 1835 oor die Keirivier trek om die opperkaptein Hintsa te lyf te gaan, het hulle na die Goewernoer Durban gekom en beskerming teen die Kosas geëis. Voordat nog aan hulle versoek kon voldoen word, het Hintsa hierdie Fingoes laat aanval en talle om die

---

(1) Gr. 16/47. 4.5.1830.
(2) B.W. 9/1. Omsendbrief van C.O.
(3) B.W. 9/24. Veldkommandant Jacobs - Resident Magistraat. 12/1/35.

lewe gebring. Die Goewerneur was oor hierdie gedrag van Hintsa en Kreli so gebelg dat hy hulle laat arresteer en gedreig het om hulle dadelik dood te skiet indien hulle nie onmiddellik bevel gee om die slagting onder die Fingoes te beëindig nie. Hintsa moes toegee en weldra kon Kolonel Somerset berig stuur dat die slagting van Fingoes opgehou het. Die Fingoes het dus baie goeie rede gehad om teenoor die witmense dankbaarheid te betoon. Dit sou nie gaan om die Fingoes langer onder die Kosas te laat vertoef nie daar hulle lewes nou eers in gevaar was. Die hele Fingoe-nasie, bestaande uit 17,000 mense, is toe weggevoer met hulle vee en al hulle wêroldse goedere om 'n nuwe tuiste onder Britse beskerming te erlang en wel in die ou veroverde gebied tussen die Vis- en Keiskamma-riviere. Hierdie eksodus het in ag groepe plaas gevind en die vee volgens 'n vooruit bepaalde plan Kolonie-waarts vervoer. 'n Wag van burgers uit Albanie en Uitenhage, vergesel van 'n paar Fingoes, het die vee vervoer totdat hulle kon afgelos word deur andere eenhede.(1)

Net soos die Britse Setlaars, die Katrivier-Hottentotte en later die Duitse Legioen as deel van die verdediging van die Cosgrens ingeskakel moes word, so het die owerhede nou weer die Fingoes in die bek van die vyand geplaas om hulle as 'n buffer teen die vyandige stamme verder Noord te kan gebruik. Vir die eerste keer in die geskiedenis van ons land word hierdie Fingoes, wat uit dankbaarheid die Britse regering goedgesind was, gewapen as grenspolisie en gewone soldate, en was die bewapening van naturelle 'n voldonge feit geword. Dit val buite die bestek van hierdie werk om 'n volledige relaas te gee van die aandeel wat Kaffers aan die oorloë in Suid-Afrika geneem het, en tog kan ek nie nalaat om by wyse van afronding van hierdie hoofstuk tog 'n paar belangrike feite aan te stip nie.

---

(1) C.O. 1011. Smith - Somerset. 5.5.35.

Aangesien daar sedert 1835 al hoe minder van Hottentot-soldate gebruik gemaak word om saam met die ekspedisies teen die swart vyande op te tree, moes hulle plekke nou deur Bantoes self opgevul word. Die Britse leërs het goed geweet hoe om handig gebruik te maak van verdeeldheid onder vyande, hetsy swart of wit. Beide goewerneurs Maitland en Smith het voortgegaan om die werk van Durban en Pottinger in hierdie opsig voort te sit. Daar was weldra twee divisies van Kafferpolisie wat bestaan het uit 200 man elk onder bevel van blanke offisiere. Daar was baie burgers wat hierdie prosedure van Kaffers-bewapening en in-uniform-steek met angs tegemoet gesien het, want hulle het die mense nooit vertrou nie. Tydens die Agste Kafferoorlog pleeg die Kafferpolisie verraad, sluit by die vyand aan vir wie hulle spioenwerk verrig; hulle voorbeeld word deur die Hottentotte van Katrivier, Theopolis en Shiloh gevolg. In September 1877 het ook Kaffersoldate aan die geveg van Gwandana deelgeneem; toe die kanon weens 'n defek uit orde raak en ophou met vuur het hierdie troepe eenvoudig voet in die wind geslaan. In die volgende geveg 'n paar weke later, het die Fingoes hulle in dapperheid onderskei en gehelp om die vyand 'n gevoelige neerlaag toe te dien. Ook het 3000 Temboes die blankes gesteun met die verdediging van die Noord-Oos grens.

Die verderflike gewoonte van gewetenlose handelaars om wapens aan Kaffers te verkwansel het 'n stygende tempo bereik nadat die meeste Boere die Oosgrens verlaat het. Aan die een kant word alle middels in die werk gestel om die Voortrekkers van alle toevoer van ammunisie af te sny en aan die ander kant word verdrae met Naturelle hoofde aangegaan en word hierdie potentate ruimskoots voorsien van wapens. Nie tevrede met hierdie soort van handelwyse nie, het die Britse regering die kleurlinge opgeroep om aktief aan die stryd teen die Boere deel te neem; ons ken maar net noem die oproep van Majoor Warden en die geveg van Boomplaas om ons bewering te staaf.

Toe die diamante in 1867 ontdek word het veral die jong Kaffers daarheen gestroom om te gaan werk. Hier word hulle met gewere betaal en baie marseer met 'n geweer oor die skouer na die afloop van hulle werkkontrakte op die myne. Daar was weliswaar 'n wet in die Kaapkolonie wat naturelle verbied om vuurwapens te besit; tog kon daar met 'n spesiale permit wapens deur 'n naturel aangekoop word mits sy gedrag onbesproke was. Die wet word verwater en word dit al hoe makliker om sulke permitte in hande te kry. Dit het selfs gebeur dat die vrederegters permitte gee net om een of ander verneme handelaar te bevredig. Binne 4½ jaar het Kaffers op die Velde in besit gekom ven oor die 400,000 gewere,[1] wat gebruik was om meer as een dapper manskap in die oorlog van 1877 - 1878 neer te skiet. Ook het die Basoetoes en Soeloes wapens in hande gekry wat oorsaak was van baie bloedvergieting in Suid-Afrika. In 1879 passeer die Kaapse Parlement die „Peace Preservation Act," wat verbied dat Kaffers voortaan in besit van wapens mag wees. Die stamme op die Oosgrens het hulle gedwee laat ontwapen maar die Basoetoes het botweg geweier om hulle te laat ontwapen en was die Basoetoe-opstand die gevolg. Drie jaar lank het die Britse regering teen hulle oorlog gevoer dog sonder sukses. Vrede word gemaak en die Basoetoes behou hulle gewere. Tydens die Anglo-Boere Oorlog het die Britse regering andermaal gebruik gemaak van gewapende Kaffers en kleurlinge en dit om 'n ander witnasie te beoorlog. Groot was die verontwaardiging van die burgers oor hierdie misdaad teen die blanke beskawing. Op die huidige tydstip word hierdie saak van bewapening van kleurling rasse deur die Unieregering ook weer op nuut 'n twisappel onder die volk van Suid-Afrika.

Die Voortrekkers het baie van die verkeerde gebruike by

---

(1) Cunynhame: My Command in South Africa, pp. 53, 55 - 56.
Leydds: Eerste Annexatie van Transvaal pp. 188 - 189.

die kommando's agterweë gelaat. Ook hulle het kleurling diensbodes op kommando meegeneem, maar het uit prinsipe, hulle nie onder die wapens geroep nie. Tog is dit geskiedkundig onwaar om te wil voorgee dat hulle by wyse van uitsondering nooit so iets gedoen het nie. In Natal het duisende "mak Kaffers" die kommando's vergesel, ten minste gewapen met assegaaie en spiese; ons kan egter nie sê dat hulle 'n integrale deel van die kommando, soos in die Kaap Kolonie die gebruik was, uitgemaak het nie. Die grondwet van die ou Vrystaatse Republiek het duidelik voorsiening gemaak vir diensplig van die kleurlinge soos blyk uit artikels 10, 29 en 30 van die O.V.S. Grondwet.(1) Kleurlinge wat reg op onroerende eiendom verkry het, sal nooit as burgers beskou word nie, „maar zullen evenals de burgers diensplichtig zyn, of goederen tot commando dienst moeten verschaffen, wanneer wettiglyk door bevoegde personen daartoe gerequireerd." (Art. 10). Art. 29 maak voorsiening vir die verskaffing van plaasvervangers deur gekommandeerde kleurlinge en Art. 30 gee die reg aan die Landdros om rondloop Hottentotte op te pik, en teen betaling van 10/- per maand nie te bowe gaande, ter beskikking van die burgers te stel. Geen diensdoende kleurling mag egter gekommandeer word nie behalwe by die hoogste noodsaak.

Die boerenasie het nog steeds dwarsdeur sy hele geskiedenis die bewapening van gekleurde rasse met argwaan aangesien beskou. Die kleurling is baie talryker as die blankes en, al was dit net in selfverdediging, kan dit nie toegelaat word dat die groot horde barbare van vuurwapens voorsien word nie. Die kommando's het ten over van kleurlinge gebruik gemaak in die Kaap Kolonie maar dan was dit slegs om inboorlinge met inboorlinge te beveg. Nooit egter sien ons dat die Boere met

(1) Wetboek van den Oranjevrystaat, p. 267 en 279.

die gebruik van gewapende kleurlinge teen blanke genoeë geneem het nie. Die geskiedenis van Slagtersnek, wat so nou in verband staan met die optree van die Pandoere, sal nooit deur die Afrikanervolk vergeet word nie. Waar in later jare die Kaffers en kleurlinge saam met blanke troepe in die veld gestuur was, en dit om ander blankes en beskaafde nasies te beveg, het dit steeds elke Boer met afsku vervul. Watter afgryselike tonele is nie afgespeel deur die geuniformde en bewapende naturelle-elemente op die bodem van ons land nie!

In verband met die bewapening van kleurlinge wat tans so 'n brandende kwessie geword het, skyn die toekoms baie donker te wees. Dis 'n ope vraag of die blankeras in Suid-Afrika dit kan bekostig om op die aanhou vir hom te laat doodbloei terwyl die kleurlinge al die voorregte van die beskawing geniet sonder om sy eie bloed te vergiet. Die bloed van één blanke is soveel werd as die van twintig elders in die wêreld waar daar nie so iets as 'n naturelle- of gekleurde-probleem bestaan nie. Dit lyk vir my heeltemal in orde te wees indien gekleurde elemente in tyd van nood gewapen en in die voorste linies teen die vyand gewerp word, mits hulle na die veldtog weer ontwapen en na hulle eie reserwes gestuur word. As tuisfronters veroorsaak hulle oneindige moeilikhede en bly hulle 'n groot bron van gevaar vir die blankes in Suid-Afrika. Met hierdie paar aanmerkings ter afsluiting van die hoofstuk oor die gebruik van gekleurlinge by die kommando's wil ons dan volstaan in die verwagting dat 'n bietjie meer lig op hierdie netelige kwessie gewerp is.

HOOFSTUK 20.

Die Burgerkommando's in die Kaap Kolonie. Loop dood op die Oosgrens (1836 - 1878).

Met die Groot Trek neem die ou kommandostelsel in die Kaapkolonie 'n end om voortaan, ondoen van al sy knellende bande, in die Boere-republieke in al sy glorie te ontplooi en voort te leef. Ons wil in hierdie hoofstuk egter nie met die Voortrekkers saamreis en met hulle verjongde stelsel kennis maak hie; ons taak in hierdie hoofstuk sal wees om in die „Ou Kolonie" die laaste stuiptrekkings van hierdie burgerkommando's te aanskou.

1. Die Verdragstelsel van Stockenström en Glenelg word in die lewe geroep om die werk van die kommando's te verrig.

Die Ooslike distrikte het met die landverhuising van so baie dapper burgers die fleur van sy bevolking verloor en het as gevolg baie swakker gestaan teenoor die listige naturelle oor die grense. Die kaffervraagstuk was geensins opgelos nie en iets moes gedoen word om die leemte op te vul nou dat ook die kommandostelsel in die ban gedoen was. Die werk van Benjamin Durban word omvergegooi en nietig verklaar terwyl daar met 'n splinternuwe idee voor die dag gekom was. Daar word uitgegaan van die standpunt dat die naturel 'n sterk gevoel van eer besit, dat hy deur al die jare heen deur die witman verongelyk was en dat hy deur 'n stelsel van verdrae tot 'n vreedsame lewenswyse oorgehaal kon word. Kaptein Andries Stockenström, nou met die rang van Luitenant-goewerneur, word na Suid-Afrika uitgestuur om sy eie kindjie te help groot maak. Die verdragstelsel het kortliks hierop neergekom: Die grens word terugverplaas na die Keiskama; Britse agente word by die kapteins gevestig om klagtes te ondersoek en hulle met advies te dien; geen klagte van diefstal sal erken word nie tensy die eienaar van gesteelde vee kon bewys dat die vee deur 'n gewapende wagter opgepas en die spoor tot by die kafferkraal gevolg kon word; binne 'n vas-

gestelde tydperk moes van die diefstal aan die betrokke owerhede kennis gegee word; en ook word 'n bepaling ingevoeg om handelaars en sendelinge te beskerm. Die kafferkapteins, van hulle kant, moes belowe om gesteelde vee uit te lewer of kompensasie te betaal.

Hierdie gedurige verandering van beleid het op die kaffer se gemoed baie nadelig ingewerk en oneindige lyde tot nasleep gehad. „When the white man continually shifts his course, blown about by every wind of doctrine, then for a generation and more nothing is forgiven and nothing is forgotten."(1)

Hierdie verdragstelsel van Lord Glenelg en Stockenström het op 'n groot mislukking uitgeloop. Die nuwe goewerneur, George Napier, was saam met Stockenström vir die uitvoering daar van verantwoordelik. Die Kaffers word by die dag meer astrant en die kapteins het nie besef wat 'n verdrag werklik beteken nie. Die goewerneur reis persoonlik na kafferland om met die kapteins 'n onderhoud te hê; hy was verplig om hierdie weerbarstige manne met verdrywing oor die Bashee-rivier te dreig indien hulle nie sorg dat hulle onderdane hulle rowerye stopsit nie. Die inwoners van Glen Linden stuur 'n versoekskrif aan Napier om te smeek vir beskerming en die vernietiging van die paswette wat die Kaffers toelaat om in die beboste klowe rond te dwaal. In 1840 was die toestand so haglik dat selfs Engelse dreig om die gebied vaarwel toe te roep. In die jare 1837 - 1843 word die verliese gestel op 2469 perde, en 111,234 beeste; daar was verder 73 moorde en 82 aanvalle op die Kolonie. „The colonists were, in fact, prostrate, and there was no friendly hand on the spot sufficiently strong to lift them up."(2) Napier was weldra genoodsaak om die verdrae radikaal te verander. Dit sou nie

(1) Lucas: Historical Geography of the British Colonies, Vol. IV South Africa p. 182.
(2) Napier: Excursions in Southern Africa, I, p. 351.

langer nodig wees dat vee deur 'n gewapende wagter moes opgepas word nie; die koloniste kon nou sonder passe kafferland binnegaan om hulle vee te soek mits hulle dit doen ongewapen en in klein groepies; die kapteins word genoodsaak vergoeding te betaal en die oortreders volgens kafferwette te straf.

Stockenström het in 1839 as luitenant-goewerneur afgetree nadat hy tien jaar lank 'n politiek gevolg het lynreg in stryd met sy volk se gevoelens in sake die kafferkwessie. Napier was nou duidelik bekeer van sy vroeëre standpunt en moes openlik erken dat die Glenelgstelsel, waarvan hy eers so 'n vurige voorstander was, droewig misluk het. Daar het sterk vreesx bestaan dat die burgers tot hulle ou „reprisal" sisteem mag terugkeer indien daar nie onmiddellik iets gedoen word om hulle teen die Kaffers te beskerm nie. Kort na 1840 het dit geblyk dat 'n nuwe oorlog op die punt staan om uit te breek en dat die moontlikheid bestaan dat in alle waarskynlikheid die burgerkommando's weer 'n rol sal moet speel. Die hele volk, en selfs die koloniale regering, was moeg van die gesukkel met die Glenelgstelsel en het dit ook nie groot moeite gekos om, na die verwydering van beide Glenelg en Stockenström uit die magsposisie, 'n ander wending aan die koers van sake te gee nie.

2. <u>Kommandant-generaal Stockenström en die burgerkommando's tree weer op die voorgrond tydens die Sewende Kafferoorlog.</u>

Andries Stockenström was die Oudste seun van die vermaarde landdros van Graaffreinet met dieselfde naam. Deur sy vloeiende Engels-praat het hy die aandag getrek van Kolonel Collins wat die jong student uitnooi om as tolk by die kommissie te kom dien; 'n kommissie was toe deur die land op reis om ondersoek te doen na die troebele op die grense. Sir John Cradock benoem hom tot vaandrig in die Kaapse resiment. In 1811 vergesel die 19-jarige seun sy vader na die slagveld. Toe sy vader in dieselfde jaar by Doringnek sneuwel, word hy in sy plek as kommandant benoem. In die volgende jaar word hy landdros van Cradock om drie

jaar later in 1815 landdros van Graaffreinet te word. Hier het hy die betrekking tot 1828 beklee en uitstekende dienste aan sy land en volk gelewer. Ook op militêregebied het hy in verskeie kafferoorloë vir hom baie dapper gedra en as kommandant van burgerkommando's die beste leiding gegee. Vanaf 1828 tot 1833 was hy kommissaris-generaal van die Ooslike Distrikte om in 1836 luitenant-goewerneur van daardie selfde gebied te word; weëns sy oneervolle rol as agterryer van Lord Glenelg se stelsel het hy vir die volgende drie jaar vir hom uiters onpopulêr gemaak. By sy aftree as luitenant-goewerneur het hy na Suid-Afrika teruggekeer om hom tydens die Sewende Kafferoorlog weer in die hart van sy volk te rehabiliteer. In hierdie dae het hy sy dienste vir die land feil gehad op voorwaarde dat hy benoem word tot kommandant-generaal van al die burgerkommando's in die veld.

Die betrekking van kommandant-generaal dateer uit die jaar 1802 toe Tjaart van der Walt benoem word tot kommandant van al die generale kommando's in daardie oorlog teen Kaffers en Hottentotte (Sien verder hoofstuk 12 van hierdie skripsie). Ons vind dan ook die woord afgelei van „kommandant" en „generale" soos dit hier aangeteken staan; van der Walt was egter nooit vereer met die rang van kommandant-generaal nie; hierdie onderskeiding het sy opvolger, kommandant P.R. Botha, te beurt geval, want hy word in die plek van van der Walt benoem met die tittel van kommandant-generaal van al die burgerkommando's. Hierdie Botha was nie baie bekwaam en het hierdie hoë rang nie juis met eer gedra nie. Die rang van kommandant-generaal was vreemd aan die imperiale magte en kom nêrens weer voor nie totdat Stockenström in 1845 vir hom hierdie rang toeëien voordat hy hom laat beweeg om die kommando's aan te voer. Hierdie rang was 'n skepping van die Boere self en dis daarom geen wonder dat in die Boere-republieke anderkant die Oranje- en Vaal-riviere hierdie rang, as hoof van die burgermagte in die veld, algemeen in gebruik

gebly het nie. Na die totstandkom van die Unie het Generaal Christiaan Beyers die hoof van die verdedigingsmag geword op die uitdruklike voorwaarde dat hy hierdie tittel moes ontvang. Sedert sy dood word die benoeming van 'n kommandant-generaal nog steeds agterweë gehou hoewel die volk reeds herhaaldemaal om die herinstelling van die rang gevra het. Die Sewende Kafferoorlog word hier net behandel in so ver dit die aandeel, wat die burgermagte daaraan geneem het, betref. Ons het gesien met watter weersin die grensboere na die Sesde Kafferoorlog die Britse beleid bejeen het en hoe dat die grootste deel van die knapste manne op die grense destyds die land verlaat het. Ook het die poging om van hulle soldate te maak 'n baie diep merk in hulle gemoed ingebrand; soos die geskiedenis bewys het selfs die wat in die Kolonie agtergebly het 'n oneindige hekel gehad aan die baaspeel van die Britse Tommie oor die burgers wat onder hulle diensdoen. Die grensbewoners se moeilikhede met die Kaffers bly voortbestaan en daarom was hulle nukkerig en nie geneë om weer in hierdie oorlog die kastaiings vir die regering uit die vuur te krap nie. 'n Petisie geteken deur Afrikaanssprekendes, sowel as Engelssprekendes, word aan die Britse parlement gestuur om beskerming te vra teen die Kaffers en ook vir vergoeding vir die skades wat aan hulle berokken was; hierdie petisie word deur Graaf Grey van die hand gewys. Baie burgers moes hulle gesinne in laers versamel om daar te beskerm en was ongeneë om tevelde te trek in streke veraf geleë; andere se werksvolk het aan muit geraak en moes hulle gevolglik hulle werk self verrig; die gebruik van Kaffers as gewapende polisie het die blankes baie agterdogtig gestem; sedert 1836 was die kommandostelsel afgeskaf en sou alle burgers onder dikwels onbekwame en onsimpatieke Britse offisiere, moes diensdoen. In die volgende woorde klaag Mnr. Montagu sy nood by die sekretaris van staat in Engeland oor die onwilligheid van die burgers: "The determination and

dogged inactivity of the farmers, principally the Dutch, who not withstanding the Proclamation of martial law in the Eastern Districts, cannot be induced to move to the frontier. When I heard from General Somerset on 24th January, not one had joined him."(1)

Om die burgers te lok om aan te sluit word verskeie beloftes aan hulle gemaak. In die eerste plek word aan hulle belowe dat, as hulle aansluit, hulle nie langer as een maand in die veld behoef te vertoef nie; dit was 'n baie onnosele belofte want niemand het geweet of die veldtog dan al afgeloop sou wees, en of hulle dienste nie juis op daardie tydstip op die nodigste sou blyk te wees nie. Toe die tydperk van een maand verstreke was, het die meeste burgers van Albany en al die burgers van Uitenhage, wat volgens die proklamasie van 3 Maart in die veld was, hulle poste verlaat en huiswaarts gekeer;(2) die Engelse offisier in bevel, Berkeley, was boos hieroor en sê dat die burgers gerus maar aan hulle lot oorgelaat word indien hulle die reg het om diens te verlaat net wanneer hulle wil. Daar was ongeveer 800 man onder hierdie voorwaarde in die veld, maar, toe hulle sien dat daar niks te make was nie en dat die offisiere almal onsimpatieke Britte was, het hulle nie langer wou dien nie.

Daarna word 'n nuwe plan uitgedink, naamlik om die kommando's ten dele te herstel in sover as wat belonings met gebuite beeste betref. Beide Pottinger en sy opvolger Smith het van hierdie lokaas gebruik gemaak om burgers te laat aansluit by die weermag. Ten spyte van Pottinger se belofte dat hulle die gebuite vee mag behou, het die resultate van die rekruteerveldtog maar baie power resultate opgelewer.(3) Toe die vee verdeel moes word was Pottinger nie te vinde om

---

(1) Cory: op. cit. Vol. V p. 325.
(2) Theal: Hist. of S.A. Vol. 7. p. 49; Cory, op. cit. Vol. V p. 39.
(3) Cory: op. cit. Vol. V p. 48.

sy belofte gestand te doen nie en sê o.a. „The colonists are not entitled from their conduct to the smallest consideration."[1] Ook het die nuwe goewerneur Smith op 5 Januarie 1847 dieselfde belofte herhaal met die uitsondering egter dat diegene, wat in die regeringsdiens staan, nie op hierdie buit geregtig sou wees nie.[2]

Toe die oorlog uitbreek het die goewerneur rantsoene belowe en uitgedeel aan alle gesinne van burgers wat sonder betaling tot diens in die veld was; die gesinne was afhanklik van die broodwinners wat nou opgeroep was en daarby in behoeftige omstandighede verkeer.[3] Die siviele-kommissaris van Graaffreinet word meegedeel dat die bewyse vir rentsoene ondersoek en daarna dadelik aan die gesinne uitbetaal moes word indien dit in orde is. Hierdie bewyse word daarna aan die goewernement se sekretaris gepos; die bedrae word dan van die kommissariat departement verkry om aan die distrikskas te vereffen.[4] Daar het ongetwyfeld ongereëldhede met die uitbetaling van die rantsoene plaasgevind want die regering laat uit Kaapstad aan die siviele-kommissaris van Graaffreinet weet dat hy, uit hoofde van die oorlog, 'n noukeurige beskrywing van die persone moet kry t.w. van diegene „receiving in Your Division Rations, clothing or pay at the Public expense..."[5] Die siviele-kommisarisse word selfs gewaarsku dat hulle persoonlik verantwoordelik gehou sou word indien hulle ongeoutoriseerde uitbetalings maak; en rantsoene mag net met ekspres verlof van die owerhede in Kaapstad uitgedeel word. Met die uitdeel van rantsoene sien ons hoe ver daar van die ou kommandostelsel afgedwaal was; toe die burgers self die hef in hande gehad het was daar nie so iets gewees nie en het almal kosteloos en vrywillig hulle

---

(1) Cory: op. cit. Vol. V p. 48.
(2) Cory: op. cit. Vol. V p. 324.
(3) GR. 8/8. Goewt. - CC van GR. 12.5.46.
(4) Gr. 8/8. Goewt. - CC van GR. 24.5.46.
(5) GR. 8/8 Goewt. Office te Grahamstown - CC te GR. op 31.5.47. en 23.6.47.

dienste in die land se diens gestel; nou moes mense as dit ware omgekoop word met rantsoene en klere om, net soos soldate, teen die vyande op te tree. Maar iets moes tog gedoen word om die onwillige burgers in die oorlog van 'n vreemde land in te span.

Na die neerlaag van die Britse troepe by Burnshill word op aandrang van die koloniste van beide rasse 'n beroep op Pottinger gedoen om die gevierde Boereleier van oudsher, Andries Stockenström, tot kommandant-generaal van al die vegtende eenhede te benoem; hy was bereid om sy dienste gratis te lewer mits hy die tittel van kommandant-generaal toegeken word. Die goewerneur het aan die versoek voldoen maar vir Stockenström net aangestel oor die burgermagte van die Ooslikeprovinsie; hy kry die rang van kolonel by die troepe. Na 'n tien jare van vervreemding van sy eie volk is Stockenström dus weer in ere herstel in die harte van die burgers wat maar al te gretig was om onder hierdie vertroude persoon tevelde te trek; hy was benoem op 2 Mei en verantwoording net aan die goewerneur verskuldig. Onder hom word gestel 8,500 burgers, van wie 5,500 in Kafferland moes optree. Hierdie Derde Divisie onder Stockenström het uitstekende werk verrig en Kreli spoedig op sy plek gesit. Stockenström was op hierdie tog trou bygestaan deur sulke dapper kommandante soos du Toit van Worcester, Eksteen van die Kaap en Linde van Swellendam. Stockenström was baie populêr by sy manskappe omdat hy dit goed verstaan het om sy kommissariat op 'n hoë peil te bring en sy manskappe geen gebrek gely het nie. Dit het die jaloesie van die Britse troepe en hulle offisiere opgewek met die gevolg dat twis spoedig losgebars het. Stockenström was ook baie gebelg omdat Kaptein Hogg met sy Fingoes en Hottentotte vir Kreli gaan aanval het; die daad was beskou as 'n opsetlike inmenging in die gebied waar die kommandant-

generaal die gesag gevoer het.[1] Oor en weer word toe verwyte geslinger o.a. dat die burgers nutteloos in die veld is en net help om die voorrade te konsumeer - voorrade waarop die gereelde troepe die eerste aanspraak gemaak het. Stockenström bedank as kommandant-generaal op 25 November, 1846 „owing to want of confidence on both sides."

Die Britse regering het geweet dat met die aanstelling van Stockenström tot kommandant-generaal hulle die onwillige burgers sou vang en dit het ook werklik gebeur. Vol moed en vertroue het die burgermagte hulle vrywillig onder die leiding van hierdie sterk persoonlikheid en ervare leier gestel en spoedig die taak, wat op hulle skouers gelê was, met eer vervul.

Uit al die oorde van die land is vrywilligers opgeroep maar nie op die model van die kommandostelsel nie. Hierdie vrywilligers het meesal bekend gestaan as „Levies." Die woord <u>kommando</u> word met opset en stelselmatig vermy. So het veldkommandant Lochner 118 burgers onder hom gehad uit die distrik Kaap. 145 vrywilligers seil met hulle offisiere na Algoabaai in die skip met die naam „Fanny". 'n Levy van 2,738, meesal ongehuudes, vertrek uit die Kaapse minisipaliteit „for the defence of the Eastern Frontier."[2] Ook is weer goedere vir die oorlog gekommandeer soos waens, osse, jukke, swepe, lepels, perde, saals en tooms, gewere, meel, sout, beskuit, rys, vleisvurk, stekers, bokvelle, en 1 „ligter met voetjie."[3] Hierdie goedere is meesal verkry uit Paarl en Stellenbosch.

Kommandante Enslin en Bowker voer die Graaffreinetters aan. Die burgers klo egter dat hulle perde baie swak is en verniel word deur gedurig onder die saal te wees en sedert hulle aankoms te Fort Beaufort „zelden een dag verschoond zyn geworden."[4]

---

(1) Theal: op. cit. Vol. 7, p. 26; Fairbridge: Cape Pamphlets.
(2) Fairbridge: Cape Pamphlets.
(3) Stellenbosch: Commando Papieren, 728, op 7.5.46.
(4) GR. 9/68. Enslin - van Rynevel. op 2.3.45.

Die oproep om vrywilligers in die distrik Graaffreinet was so skielik dat daar nie tyd was om alles in gereedheid te bring nie en „dat vele van ons Burgers slechts eene verschoning van klederen hebben medegebracht."(1) Kommandant Enslin kla dat baie burgers onwillig was te kom omdat hulle verneem het dat die regering van plan was om al die Kaffers uit die Kolonie te verban sodat hulle in die geval persoonlik hulle vee sal moet oppas. Enslin vertel dat die burgers onder sy bevel „altoos en ten allen tyde zeer gewillig, dapper en gehoorzaam, het zy dag of nacht" was en dat die burgers van Graaffreinet „altoos de kroon hebben weggedragen, op het Trompet zyn zy allen dadelyk gereed tegen den vyand op te stryden en hunne perzonen als dappere mannen te presenteren."(2)

Na die afkondiging van krygswet word die veldkornette deur die bank aangesê om hulle manne te wapen te roep, minstens 20 gewapende burgers te perd uit elke wyk, met provisies en perdevoer; die veldkornette moes hulle manne in persoon lei tensy deur wettige redes verhinder; besitters van plase en getroude persone was hiervan uitgesluit.(3) Die burgers was baie traag om aan hierdie oproep gehoor te gee behalwe die Graaffreinetters „as they have done themselves honor by assembling in some force to give the aid to the Government in the present emergency..."(4)

In September maak Maitland 'n nuwe oproep as volg: „It is necessary that all levies of Burghers are called out..... should be effectively and speedily mustered, and move without delay to the Eastern Frontier, there to render good service on His Majesty's behalf in the common cause..."(5)

Die burgers word allerweë geloof vir hulle wakker

---

(1) GR. 9/68. Enslin - van Ryneveld, 23.5.46.
(2) Gr. 9/68. Enslin - van Ryneveld op 6.5.46 en 24.4.46.
(3) Gr. 16/56. Sirkulêre aan Vk. van Gr. op 2.4.46.
(4) Gr. 9/68. aan van Ryneveld. 25.4.46.
(5) Gr. 9/68. Proklemasie van 27.9.46.

optree. „In less than one month, they turned the open exposed positions into one of the strongest on the frontier by regular works, without the assistance of engineers, sapper or miner; though strictly disciplined, they were cordial, like a family, and of course were ready for service and danger."(1) Dieselfde skrywer gaan voort om te vertel dat die burgers die goedkoopste en mees doeltreffendste verdediging uitgemaak het en dat die kommandostelsel teen die Kaffers so nodig was dat „in a proclamation of Sir Henry Pottinger,-dated June, 1847 - for a purpose of raising the native levies, it has again virtually been put in force."(2)

Daar was feitlik twee klasse van „Levies" naamlik die wat gestaan het onder burgeroffisiere en die wat deur militêre aangevoer word. Verskeie van die Levies het bekwame oudsoldate as aanvoerders gehad en andere weer word gelei deur die offisiere van twee resimente wat toe juis in Suid-Afrika geland het. Pottinger het alle Levies as ongeoutoriseerd beskou en kon geen militêre uitgawes aangaan sonder sy uitdruklike verlof nie. As die eintlike opperbevelhebber van al die Levies het Pottinger hulle gewaarsku dat hulle nie moet probeer om die dorpe hulle lyf wegsteek nie maar in die veld hulle plig gaan doen; niemand sal rantsoene en voer ontvang indien hulle optree tot hulle huise en dorpe beperk word nie.(3)

Met sy proklamasie van 24.12.47 het die nuut aangestelde goewerneur, Sir Harry Smith, dieselfde fout begaan as sy voorganger wat in 1835 van die koloniste gereelde troepe wou maak. Hy maak 'n beroep op alle weerbare manne om hulle as 'n militia op die model van die Engelse Yeomanry te laat inskryf. Elke jaar moes hulle vir vier dae gewapend en tepard op parade verskyn en ontvang betaling vir hierdie tydperk;

---

(1) Napier: op. cit. II, p. 205.
(2) Ibidem p. 381; Ibidem, I, p. 198.
(3) Gr. 8/8. Luit.-Goew. - CC. van Gr. 25.4.48.

deur hierdie plan kon Smith dan hulle sterkte tewete kom, hulle wapens inspekteer en hulle uiteindelik inspan vir tuisverdediging terwyl die troepe in kafferland vertoef. Die veldkornette het die name gekry maar dit was ook al, daar die meeste burgers, net soos in 1835, niks met die hele spulletjie te doen wou hê nie. Hulle weier beslis om hulle te laat inspekteer of dril soos soldate en verwerp die sogenaamde „Militia Law" in sy geheel.(1)

3. Sir George Cathcart Probeer die Kommandostelsel weer op die been bring. (1852 - 1854).

Hoe die Britse regering ook al die saak van verdediging van die Oosgrens wil bewimpel hulle bly vassteek en vasdraai in hulle eie naturellebeleid. Toe Sir Harry Smith goewerneur word, wou hy maak en breek en somar hals-oor-kop 'n end maak aan die verwarring wat daar heers. Elke goewerneur kom uiteindelik tot die konklusie dat die militêremagte nie in staat is om die Kaffers in bedwang te hou en dat per slot van rekening daar steeds weer op die burgers terug geval moet word; die kommando's word soms genoem „patrollies" en dan weer „Levies" maar die kommandostelsel in een of ander vorm bly maar die middel waarop peil getrek moet word om die barbare respek vir die witman in te boesem.

Op 31 Desember 1851 vaardig Smith 'n proklamasie uit waarin hy die burgers en masse tot die stryd oproep, maar hulle was die slag nie soos in 1835 geneë om grootskaals gehoor te gee nie; veral was die gebrek aan berede troepe baie groot toe die burgers nie opdaag nie. Smith bekla hom oor die afwesigheid van die burgers in die volgende woorde: „A few spirited farmers have performed good service, but where are the men who so gallantly fought with me in 1835 - Van Wyks, Greylings, Nels, Rademeyers, Rynevelds etc.? once more my advice to the frontier inhabitants is to rush to the front."(2)

---

(1) Cory: op. cit. Vol. V, p. 126.
(2) Auto-biography of Sir H. Smith. II, pp. 263 and 268.

Smith het egter vergeet watter skandelike behandeling hierdie selfde dapper koloniste in 1835 van sy regering moes verduur; sy voorneme, om hulle as soldate te laat oplei om voor die imperiale kar gespan te word, was vir hierdie mense een te veel gewees.

Die jare 1851 - 1852 was baie ongelukkige jare vir die Britse bewind in Suid-Afrika; dit was nie net die Kafferstamme op die Oosgrens wat in rep en roer was nie, maar ook die Basoetoes het die Engelse begin skiet met dieselfde wapens wat hulle so mildelik self aan hulle uitgedeel het. Twee keer moes die Engelse in hierdie dae teen Moeses se impi's die onderspit delf.

Cathcart, die laaste van 'n lang reeks militêre goewerneurs, het in sy radeloosheid alle vrees vir die kritiek van die Britse regering en die kaffervriende laat vaar, die bul by die horings gegryp en die kommandostelsel in al sy glorie probeer herstel. Hy wou aan sy regering toon dat hy die lojale ondersteuning geniet van troue onderdane. Verder wou hy Kreli en die ander kapteins laat verstaan dat hy met die burgers op goeie terme verkeer en dat hy hulle teen hom in die veld gaan stoor. „I consider it most essential to convince our neighbours that we have other powerful resources besides and in addition to Her Majesty's regular troops, sufficient to hold them in subjection; and now for that reason, since an expedition beyond the Kei has become imperative, I still intend to put forward the burgher force as the principal and active agents of merited castigation."(1)

As beloning vir hulle dienste word almal, wat vrywilliglik die kommando steun, die belofte gemaak dat al die veebuit onder die lede van gemelde kommando verdeel sou word „for their own use and benefit, according to such equitable division as may be determined on by their own Commandants."(2)

---

(1) Cathcart's Correspondence.. p. 82.
(2) Ibidem p. 229.

Cathcart het hoë verwagtings gekoester van hierdie kommando wat hom gaan vergesel teen die vyand. Tog was die resultaat van sy dringende oproep maar baie power. Nie meer as 500 dapper manne het hulle dienste aangebied nie en uitstekende werk verrig. Hierdie manne onder bevel van Kruger en van Aardt was meesal afkomstig uit die distrikte Albanie, Port Elizabeth, Victoria en Fort Beaufort... „a very efficient and public-spirited body of volunteers, armed, mounted, and equipped, by voluntary subscriptions raised by the wealthy part of the community, to whom it was not convenient to render personal service, ..."(1) Cathcart se oproep het tot 10 distrikte uitgegaan „to take the field, upon the old Commando System of the Colony..." In werklikheid was daar weinig spore van die ou kommandostelsel hier te bespeur.

Die goewerneur kon nie help om sy bittere teleurstelling te lug oor die traagheid van die burgers nie maar spreek die hoop uit dat die wat tuis sit so gaaf sal wees om volop hulp te verleen met die gee van voorrade, perde, ammunisie ens. vir diegene wat wel optrek. Cathcart sê verder dat hy tot sy leedwese opmerk dat daar 'n neiging by die koloniste is om te veel te wil steun op die hulp van die militêre sonder om self die hande uit die mou te steek en vir hulle eie beskerming op te tree; hierdeur dwing hulle nie die respek van Kreli af nie want Cathcart wou tog so graag die Kaffers die skrik op die lyf ja deur met burgers teen hom op te trek. As dit so moet voortgaan, meen Cathcart, sal die troepe uit Kafferland moet teruggeroep word, daar laasgenoemdes nie net as polisiediens doen nie maar selfs as veewagters moet optree. Die Britse regering het mos self die kommandostelsel dood gemaak en dit pas Haar Majesteit se verteenwoordiger gladnie om nou te kla oor die traagheid van die mense nie.

Die burgers het volop redes gehad vir hulle koele

---

(1) Ibidem p. 198.

ontvangs van Cathcart se noodroep. Die land was so pas herstel van 'n geweldige droogte wat baie skade onder die veestapel aangerig het; die Fingoes en andere lojale kafferstamme sal die voordeel uit die veldtog trek terwyl die blankes vir hulle in die bres moet tree; die burgers was moeg en sat van die strooptogte en weifelende grensbeleid en hulle meegevoel het meer uitgegaan tot hulle landgenote in die noorde wat besig was om daar hulle eie heil uit te spook; in die leiding van offisiere van die staandemag het hulle nie die minste vertroue gehad nie en dit was juis hierdie lui wat die toon moes aangee in die huidige veldtogte.

In elk geval het die burgers, bygestaan deur drie bataljons soldate met vier kanonne en 'n afdeling van die Cape Corps, uitstekende werk verrig. Binne een week het hulle 15,000 vee van die Kaffers gevat, Kreli verslaan en vrede bewerkstellig.

Om die vrede te bestendig het Cathcart nou 'n stelsel van nouere neersetting gestig met Queenstown as middelpunt. Omtrent 'n vier honderd plasies word benoorde die Amatolas uitgegee aan Setlaars van beide rasse op voorwaarde dat hulle 'n eie organisasie op die been bring om hulleself en sodoende die Kolonie te verdedig. Hier word die kommandostelsel toegelaat sonder inmenging van soldate. 'n Landkommissie word benoem om aansoeke te oorweeg; die wat hulle plig in die pasafgelope oorlog gedoen het, en daarby jonk is, en darem iets besit, het die voorkeur gekry. Hierdie setlaars moes persoonlik op hulle plasies woon, self vir wapens sôre en 'n gewapende man daarop nahou vir elke 1,000 akkers wat hulle meer het as die oorspronlike 1,000 akker-plaas. Fingoes word ook in die omtrek van die Amatolas gevestig en berede polisie ingestel om kafferland te patrolleer.

Ook Cathcart se poging om die burgerkommando's te doen herleef het op 'n totale mislukking uitgedraai. Die jare 1852 - 1876 was jare van betreklike stilte en vrede op die

grense en daarom was daar nie juis sprake van om na verdedigingsmiddels te soek nie.

4. Die laaste Botsing met die Kaffers op die Oosgrens lei tot 'n hewige stryd tussen die Militêre en Siviele-owerhede.

Die laaste fase van die stryd op die Oosgrens neem 'n aanvang toe op 25 September, 1877 'n mag van 5,000 Gcalekas oor die grense trek en die Fingoes en Polisie te Gwadana aanval. Die Fingoes slaan op die vlug en die Polisie moes swig voor die groot oormag. 'n Paar dae later word die polisiestasie by Ibeka deur die vyand bestorm maar ly hy 'n groot neerlaag. Die goewerneur benoem Sir Arthur Cunynghame tot bevelhebber van die Britse troepe wat in alle yl na die front vervoer word. Ook word vrywilligers en 'n kommando burgers onder bevel van Kommandant Griffiths van die Grens Berede Polisie in die veld gestoot. Weens die droogte en gedurige diefstalle deur die Kaffers was die koloniste werklik in 'n haglike toestand gedompel; dit word toe besluit om 'n vertroude persoon deur die grens-distrikte te stuur om die onmisbare burgers tot diens op te roep. Die gevaar neem 'n nuwe wending toe ook Sandile, die hoof van die Gaikastam, sy lot inwerp met Kreli en sy Gcalekas. Die burgers was net vir 'n kort termyn onder die wapens en het na hulle huise teruggekeer na afloop van hulle kontrak. Die oorlog was nie verby in Desember 1877 nie en plenne moes beraam word om weer kommando's op die been te bring.

Die burgers het nie vergeet hoe swak hulle in die vorige oorlog behandel was nie; die burger „Levies" van daardie dae het soms meer as 1,000 myl ver vandaan gekom om dikwels op die grense te kom honger ly. Die beloftes deur die owerheid aan hulle gemaak is nie nagekom nie en hierdie mense het met bitterheid in hulle harte huiswaarts gekeer. Dit moet in die oog gehou word dat die burgers almal manne was wat in die sweet van hulle aanskyn hulle brood moes verdien en dus nie tyd op kommando kon gaan mors indien dit nie

absoluut noodsaaklik was nie. Toe die Negende Kafferoorlog uitbreek, was die burgers gladnie gretig om die regering uit sy moeilikhede te help nie; ook benoorde die Oranjerivier het dieselfde regering 'n politiek gevolg wat die Afrikaans-sprekende bevolking dwars in die krop gesteek het. Alles wys daarop dat dit hierdie slag nie so maklik sal gaan om die burgers te beweeg om vir hulle onder leiding van 'n man soos Generaal Cunynghame te laat gebruik om Engeland se oorlog te help voer nie.

Hierdie Britse „Commander of the Forces" het wel 'n baie hoë dunk van die burgers gekoester maar dan moet hulle noodwendig direk onder militêre offisiere, en nie onder hulle eie kommandante, diens doen nie. En hier was dit waar die moeilikhede hulle oorsprong sou hê. Die Boere het nou eenmaal te veel met die onbekwame en onsimpatieke Britse bevelvoerders in hulle geskiedenis te doen gehad dat hulle vir hulle weer ook hierdie slag sou laat vang. Cunynghame pleit vir 'n mag soos die „Frontier Armed and Mounted Police" van Cathcart se tyd want sê hy, die burgers „were too irregular to be really useful."(1) Verder het hy ook beswaar gemaak teen die termyn van diens van hierdie elemente in die volgende woorde: „the term of their engagement allows all service to be perfectly optional..... They could attend parades or omit them at their pleasure."(2) Om meer rekrute te kry het Cununghame voorgestel dat indien die burgers hulle eie perde bring hy hulle sou wapen, kleed en voed; die mense het egter geweier om onder Haar Majesteit se offisiêre geplaas te word en ook was die ministerie nie vir hierdie voorstel te vind nie.

Die goewerneur, Sir B. Frere, het as Hoë Kommissaris en opperbevelhebber van „H.M. Forces" in Suid-Afrika, gemeen dat hy in die eerste plek die verantwoordelikheid vir die

---

(1) Cunynghame: My Command in South Africa, p. 49.
(2) Ibid. Ibid p. 308.

oorlogvoering moet dra. Ook hy het met die hoogste lof gepraat van die burgervrywilligers maar daar by gevoeg dat „all they required was order and regularity in calling them out, that they should be intelligently directed and their wants attended to in the field..."(1) Daar word voorgestel deur publieke vergaderings te Kingwilliamstown en Grahamstown dat die regering met die nodige mag beklee word om burgerdiens verpligtend te maak; dit was merendeels die Britse inwoners van hierdie streke wat met hierdie voorstel voor die dag gekom het en sien ons weer hoe dat die wind waai.

Sir B. Frere en generaal Cunynghame het daarop gestaan dat al die magte, ook die burgers, direk onder imperiale offisiere geplaas sal word en dat geen minister vir hom met die interne oorlogvoering moet bemoei nie. Alles sou nog gegaan het indien generaal Cunynghame besondere bekwaamheid as opperbevelhebber aan die dag gelê het; inteendeel het die oorlog weens sy swakheid onnodig lank gesloer tot groot ergernis van manne van durf, soos Mnr. J.X. Merriman, die Kommissaris van Kroonlande. Die Kaap het so pas die status van 'n selfregerende kolonie erlang en die voormanne was nie net trots op hulle nuwe status nie, maar jaloers op almal wat hulle status in die wiele wou ry. Tee die oorlog, na die mening van die Kaapse ministerie, nie na wens verloop nie, het die eerste minister, Sir John Molteno, vir Merriman na Kingwilliamstown gestuur om die burgermagte te organiseer en die oorlog tot 'n suksesvolle einde help voer. Op 1 Januarie 1878 word Krygswet afgekondig en verskyn ook Molteno persoonlik op die grense „and insisted that the colonial forces should be wholly independent".(2) Mnr. Merriman was nou feitlik militêre diktator en maak militêre aanstellings sonder verwysing na Gen. Cunynghame. Hy roep die „Special Constables"

---

(1) Cunynghame: My Command in South Africa, p. 308.
(2) Wilmot: The History of our own times, I, pp. 238 - 239.

in die lewe wat onafhanklik van die opperbevelhebber Cunynghame kon optree; hulle was in werklikheid 'n burgermag wat gerekruteer was uit die ooslike dele van die land. Merriman gaan op eie houtjie te werk en kry 7,000 man op die wyse op die been en stel kommandant Griffiths aan as Kommandant-generaal van al die burgermagte; hierdie tittel was gans onbekend by die Britse leër.(1)

Toe alles gereed was het Merriman en Molteno teen die Tamboekies laat optrek. Die koloniale magte was oorals die oorwinnaars en het vir die soveelste maal bewys dat gaan vyand kon stand hou teen 'n sterk burgermag wat deur bekwame burger-offisiere self aangevoer word nie. Later is te Quintana 200 Kaffers in die geveg gedood en die vyand op die vlug gedryf. Toe die tydperk van diens van die burgers verstryk was, moes die stryd vir 'n rukkie gestaak word totdat andere hulle plekke kon inneem. In Junie word die oorlog beëindig met die dood van Sandilli en die vlug van Kreli. Die mag van die Kaffers was nou vir goed gebreek en die hele kafferland tot aan die Natalgrens word Britse gebied en aan die Kaap Kolonie toegevoeg.

Hierdie kafferoorlog het weer duidelik getoon hoe diep die kloof tussen die militêre en die burgers in Suid-Afrika geword het en met watter weersin alle reggeaarde Afrikaners alles, wat imperialisties en militêr van kleur was, bejaen het. Ook het hierdie stryd 'n kabinetskrisis veroorsaak deurdat die Suid-Afrikaanse staatsmanne nie oog om oog met die imperialistiese regering in Engeland en sy verteenwoordigers hier te lande kon sien nie. Die een haakplek na die ander het hom voorgedoen; die imperiale kommissariat departement, deur generaal Cunynghame voorgestel, word deur die Kaapse ministerie verwerp. Die Moltenokabinet het die oorlog beskou as 'n saak wat heeltemal binne die perke van die parlement

(1) Cunynghame: op. cit. pp. 361 en 362.

en sy ministerie geval het; hulle bestry daarom die politiek van Frere wat imperiale troepe in die plek van kolonialemagte wou stel en wat 'n imperiale bevelvoerder selfs in beheer van die regering se koloniale elemente wou plaas. Hierdie prosedure het van die selfstandige verantwoordelike bestuur van die land 'n klug gemaak. Sir Michael Hicks Beach, die koloniale sekretaris, het Frere se sienswyse, dat in tyd van oorlog militêre beheer uitgeoefen kon word sonder raadpleging van die ministerie, heelhartig gesteun.

Merriman het in die parlement die knoop deurgehak met die volgende belangrike voorstel: Die beheer van die koloniale troepe berus uitsluitlik in die hande van die goewerneur wat egter moet handel op advies van sy verantwoordelike ministers. Dis ook nie binne die perke van die konstitusionele mag van die goewerneur om aan te dring dat koloniale troepe onder die leiding van imperiale offisiere geplaas word nie behalwe met verlof van die ministerie. Die beleid van die goewerneur in Hierdie opsig was nie in belang van die Kolonie nie en het net die oorlog onnodig verleng.(1) Die ministers het meer vertroue gestel in die burgers as in die troepe en hulle offisiere en het daarom geweier om eersgenoemdes onder beheer van generaal Cunynghame te laat. Die goewerneur was dus genoodsaak om sy eie eer te red deur die ministerie af te dank en Sir Gordon Sprigg te versoek 'n nuwe kabinet saam te stel.

Die Britse regering het met sy politiek in Suid-Afrika gewoonlik die een oog op die uitgawes gehou en die ander op die publieke mening in Engeland, wat dikwels vertolk word deur die filantrope. Die werklike belange van die bevolking in Suid-Afrika was aan hierdie twee faktore ondergeskik gemaak; die land met sy bevolking was daarom Britanje se handels- en militêre beleid tenvolle te steun. Op hierdie

---

(1) Wilmot: op. cit. I, p. 257.

tydstip het die koloniale sekretaris vir hom die volgende verklaring laat ontval: „and therefore I think we shall only be doing our duty in withdrawing our troops from the frontier of that colony and employing them for the original purpose for which they were sent there - namely, in taking care of Simonsbay and the neighbouring coast."(1)

Verder was die koloniste in die oog van hierdie politikus niks minder as 'n middel tot 'n doel en dit was om op eie koste en met eie kragte die naturelleoorloë in belang van Britanje te voer en sodoende Britse imperialisme in hierdie land te bestendig. Van hierdie soort staatsmanne was daar in Britanje baie en hulle het 'n hoë dunk van die burgers gehad maar net solank hulle gewillig was om onder Britse offisiere sonder teëpraat diens te doen.

Die kommandostelsel het in die Kaap Kolonie 'n lang lewe gehad. Dit het in 1835 - 1836 nog in sy fleur gestaan om daarna van al hoe minder betekenis te word: In 1846 - 1847 was daar 'n sterk opflikkering toe die gevaerde Boereaanvoerder, kommandant-generaal Stockenström, weer die teuels in hande kreem. Sir George Cathcart daarenteen was 'n vreemdeling vir die burgers wat hulle saam met die gekleurde en ander elemente „Levies" noem in plek van kommando's; hoe hard hierdie goewerneur ook al probeer het, kon hy met die burgers dus geen hond haar af maak nie. Sir B. Frere het ook die burgers se dienste baie nodig gehad maar ook weer word hulle eers 'n nuttige instrument nadat hulle onder bevel van hulle eie geliefde kommandante geplaas word. Van so iets as 'n kommandostelsel kon daar egter nie meer sprake wees nie.

Die nageslag kan trots wees op die belangrike en eervolle rol wat die burgers deurgaans, gedurende 'n periode van meer as 200 jaar, gespeel het in die bestryding van die inboorlinge gevaar van hulle land.

---

(1) Cunynghame: My command in South Africa. p. 371.